


**DIE RYNSE SENDINGGENOOTSAP EN GRONDKWESSIES
IN DIE KAREEBERGRENSEGBIED IN DIE
NEËNTIENDE EEU - MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE
AMANDELBOOMSENDING**

deur

ROBERT OTTO HERBST

**Proefskrif ingelewer vir die graad Doktor in die
Wysbegeerte (Gesiedenis) aan die Universiteit van
Stellenbosch**



**Promotor: Dr. C Venter
Mede-promotor: Dr. H F Heese**

April 2004

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie proefskrif vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

OPSOMMING

In hierdie proefskrif word die fokus geplaas op die Kareebergbasters as 'n uitgeworpe splintergroep van die blanke samelewing aan die Kaapkolonie se noordgrens. Teen 1845, met die vestiging van die Rynse sendingstasie by Amandelboom, het die Kareebergbasters nog 'n semi-onafhanklike nomadiese bestaan in die Kareeberge gevoer. Die doelstelling van die Rynse Sendinggenootskap met die uitbreiding van hulle sendinginisiatiewe na die Kareebergstreek, was om hierdie verdronge groep, en later ook die Schietfontein-Xhosa, in gevestigde, Christelike gemeenskappe te verander.

Wat aanvanklik as 'n maklike sendingveld gesien is, het egter spoedig na die vestiging van die eerste sendelinge op Amandelboom, onverwags in 'n ernstige probleem vir die genootskap ontaard. Weens talle faktore het die aanvanklike doelstellings van die Rynse Sendinggenootskap vir die Kareebergbasters nooit werklik gerealiseer nie. Die mees voor-die-hand-liggende rede vir die aanvanklike probleme waarmee die sendelinge te kampe gehad het, was die sterk Eurosentriese idees van die sendelinge wat so 'n algemene kenmerk was van feitlik alle buitelandse sendinginisiatiewe in Suid-Afrika gedurende die 19de eeu. Hierdie aspek wat vanuit die staanspoor sake op Amandelboom ernstig bemoeilik het, word in hierdie proefskrif diep-liggend ondersoek. Daar word aangevoer dat die rede waarom die Amandelboomsending misluk het in die eerste plek teruggevoer kan word tot die wêreld-en lewensbeskouing van die Rynse Sendinggenootskap self. In hierdie verband word indringend gekyk na die impak van streeksfaktore in Duitsland op die ontstaan en ontwikkeling van die Rynse Sendinggenootskap as moontlike verklaring waarom die ter plaatse sendelinge op Amandelboom dikwels so uit voeling was met die realiteite van die Kareebergstreek en sy inwoners. Die impak hiervan op die Bastergemeenskap, asook die implikasies daarvan vir die Kareebergsending in sy geheel, word indringend ondersoek.

Nog 'n aspek van die Kareebergsending wat tot die aard van die Rynse Sendinggenootskap self teruggevoer kan word, was dat die sendelinge hulle taak in die Kareeberge bloot tot die geestelike bearbeiding van die Basters beperk het. In die algemeen het die ietwat "wêreldvreemde" Rynse Sendinggenootskap en hulle sendelinge in die sendingveld weinig begrip vir die besondere sosio-ekonomiese en veral politieke posisie van die Bastergemeenskap in die breë Kaapse samelewing getoon. In teenstelling met die Londense Sendinggenootskap wat dikwels as kampvegters vir die regte van hulle volgelingen opgetree het, het die Rynse Sendinggenootskap in hierdie stadium nog uitsluitlik op die geestelike welstand van hulle volgelingen gefokus. Buite hierdie breë raamwerk is in die algemeen streng afsydig gestaan teenoor elke ander aspek van die gemeenskappe waaronder hulle gewerk het. Die aardse lotgevalle van hulle volgelingen was Godgegewe en moes so aanvaar word. Volgens die streng Piëtistiese interpretasie van die Rynse Sendinggenootskap moes die opregte Christen hom weerhou van ongewenste politieke bemoeienis.

Die ambivalente posisie van die Basters in die koloniale gemeenskap; hulle lang, ingewikkelde voorgeskiedenis en komplekse verweefdheid met talle eksterne faktore, het egter 'n meer drastiese benadering geverg as waarvoor die Rynse sendelinge opgelei was, of waarop hulle ten opsigte van die Kareebergbasters voorbereid was. Teen hierdie agtergrond was die verdringingsprobleem van die Kareebergbasters as 'n vasgekeerde gemeenskap in 'n ekologiese randgebied en die gepaardgaande grondkwessies op Amandelboom, meer ingewikkeld as wat die sendelinge en veral die voorskriftelike direksie van die genootskap in Duitsland ooit besef het. Die oorskakeling van vleis- na wolproduksie in die aanliggende blanke distrikte, die impak daarvan op toegang tot grond en hoe grondhervormings in hierdie distrikte uitgekling het na die onafhanklike Bastergemeenskap buite die grense van die kolonie, vorm 'n geïntegreerde deel van die proefskrif. Teen hierdie agtergrond word gepoog om die Kareebergsending en die Rynse betrokkenheid

by die Bastergemeenskap op Amandelboom, in sy besondere historiese perspektief te plaas.

ABSTRACT

In this thesis the focus is on the history of the Kareeberg Bastards who lived in the Kareeberg region at the time of the establishment of the Amandelboom mission station by the Rhenish Mission Society in 1845. Marginalised by their more powerful white neighbours, the Kareeberg Bastards existed as semi-independent nomadic pastoralists in the Kareeberg mountains on the northern borders of the Cape Colony. The objective of the Rhenish Mission Society in extending their missionary activities to the Kareeberg region was to first convert the Kareeberg Bastards and later the Schietfontein Xhosa into settled Christian communities.

What was first viewed as a simple missionary endeavour by the Rhenish Mission Society unexpectedly developed into a serious problem for the Society. Due to several factors the initial objectives of the Rhenish Mission Society for these people were never fully realized. The most obvious reason for the initial problems experienced by the missionaries was their strong Eurocentric ideas - something which characterized virtually all foreign missionaries to South Africa during the 19th century. This aspect which complicated matters at Amandelboom from the outset, is thoroughly examined in this thesis. It is argued that the main reason for the failure of the Rhenish Mission at Amandelboom can primarily be found in its world view. In this regard particular attention is paid to the regional factors operating in Germany which impacted upon the origin and development of the Rhenish Mission Society. The influence of these factors on the development of the Rhenish Mission Society could possibly explain why the Amandelboom missionaries were so out of touch with the realities of the Kareeberg area and its peoples. The impact of these factors on the Bastard community specifically and the Amandelboom mission in general, is thoroughly investigated.

Another aspect of the missionary's involvement at the Amandelboom mission which can be attributed to the specific characteristics of the Rhenish Mission Society itself, was that the society confined itself almost exclusively to the spiritual needs of the Bastard people. In general the emphasis on spirituality to the exclusion of everything else in the training programme of the Rhenish Mission Society resulted in somewhat naive missionaries who, when in the field, found themselves out of their depth in the special circumstances that prevailed in the societies they tried to minister. In particular the position of the Bastards in the broader sphere of the Cape colonial politics and their socio-economic position in that society, were crucial aspects of the Kareeberg Bastard community which the missionaries either ignored, or failed to grasp. In contrast to the London Mission Society and its workers who often fought on behalf of their congregations for their rights and liberties, the Amandelboom missionaries assumed that the worldly condition of their congregants had to be accepted as the will of God. According to the strong Pietistic principles of the Rhenish Mission Society they held the view that true Christians should refrain from indulging in undesirable political activity.

However, the complicated history of the Kareeberg Bastards prior to the arrival of the missionaries and several external factors which applied to this community, resulted in an intricate and uncertain relationship between the Bastards and the rest of the people of the Cape Colony. The threat which resulted from this to the existence of the Bastards as a group required a more drastic approach from the missionaries than that which they were trained for, or prepared to perform. The missionaries were consequently ill-prepared for their task in the Kareeberg. Against this background, coupled to the fact that the Bastards were isolated in an ecologically marginal farming area, the associated land questions and threats of displacement of the community made for insurmountable problems at the Amandelboom mission. These socio-political questions were more complicated than anything that could be handled by means of instructions from Germany. The change in farming practices in the districts adjacent to Amandelboom from meat to wool

production, the impact thereof on the acquisition of land and how land reforms in these districts eventually impacted upon the Amandelboom Bastaard communities, form an integral part of this thesis. Against this background an attempt is made to put the Kareeberg mission and the involvement of the Rhenish Mission Society at Amandelboom, in its proper historical perspective.

VOORWOORD

Die geskiedenis van die Kareebergstreek is meer kompleks as wat dit in sommige bestaande werke rakende die streek voorgelê word. Ten opsigte van die betrokkenheid van die Rynse Sendinggenootskap in die Kareeberge word dit in die algemene werke van L von Rhoden, **Geschichte der Rheinischen Missions Gesellschaft**, JC Wallman se **Leiden und Freuden Rheinischer Missionare** en G Menzel se **Die Rheinische Mission, Aus 150 Jahren Missionsgeschichte** byvoorbeeld eensydig en dikwels selfs oppervlakkig gedoen. Die rede hiervoor is in die eerste plek dat al hierdie werke uit die binnekring van die genootskap self geskryf is en dat die skrywers uiteraard minder krities teenoor die genootskap was as wat waarskynlik die geval met 'n buitestaander sou gewees het. Daarbenewens val die klem in hierdie werke deurgaans op die suksesverhale van die genootskap self en heelwat minder op die agtergrond en lotgevalle van die inwoners van die verskillende sendingstasies. Belangriker nog is dat nie één van hierdie skrywers in besonderhede ingegaan het op die agtergrond van die inwoners op die sendingstasies nie. Nog minder is aandag gegee aan die talle plaaslike faktore wat nie altyd so ooglopend was nie, maar nogtans die verloop van sake op hierdie sendingstasies dikwels ingrypend beïnvloed het.

Afgesien van enkele tekortkominge is die algemene werke van Wallman, Von Rhoden en Menzel nietemin gesaghebbende bronne omdat al die inligting op primêre bronne uit die argief van die Rynse Sendinggenootskap berus. Weens die beleid van die Rynse Sendinggenootskap, die feit dat die argief van die genootskap in Duitsland gehuisves word en die handgeskrewe Gotiese skrif, bekend as Sütterlin, was die argief van die organisasie tot onlangs nog grootliks ontoeganklik vir Suid-Afrikaanse historici. Hierdie faktore, asook die feit dat Von Rhoden en Wallman uitgebreid uit die argief van die Rynse Sendinggenootskap aangehaal het, het gemaak dat alle plaaslike historici wat in die verlede navorsing gedoen het oor van die Rynse sendingstasies in Suid-Afrika, deur die bank hierdie bronne as baie gesaghebbend beskou het. Dit was waarskynlik die rede waarom Strassberger in **The Rhenish Mission Society in South Africa, 1830-1950** baie intensief van hierdie bronne gebruik gemaak het. Nie een van hierdie werke laat egter werklik reg geskied aan die geskiedenis van die Amandelboomsending of die Rynse betrokkenheid in die hele Kareebergstreek nie.

Hoe gekompliseerd die geskiedenis van hierdie streek gedurende die 19de eeu werklik was, het vir die eerste keer aan die lig gekom met die belangrike navorsing van Elizabeth Anderson oor die Schietfontein-Xhosa. In haar twee werke, **A History of the Xhosa of the Northern Cape, 1795-1879** en **The Zak River and Kareeborgen: A Frontier zone on the northern borders of the Cape Colony, 1798-1830** word baie aandag aan die betrokkenheid van die Rynse sending op Schietfontein gegee. Die waarde van haar navorsing lê egter daarin dat die lotgevalle van hierdie gemeenskap en die Rynse sendinginisiatief daar vir die eerste keer met omgewings-determinante en belangrike politieke verwickelinge in die aanliggende blanke distrikte in verband gebring is. Op sigself het dit 'n belangrike nuwe dimensie aan die geskiedenis van die Schietfontein sendingstasie gegee - iets wat nie ten volle deur geskiedskrywers van die Rynse Sendinggenootskap of Strassberger vermag is nie. Met die verskyning van Nigel Penn se **The Northern Cape frontier zone** is verdere momentum aan hierdie tendens verleen. Hierdie gesaghebbende navorsing het met talle nuwe insigte omtrent die Noordgrens voor die dag gekom en nuwe braakland oopgebreek. Sy klem op die invloed van die fisiese omgewing op die trekgewoontes van 19de-eeuse nomadiese veeherders aan die Noordgrens was maar een faktor wat vir hierdie proefskrif van groot waarde was. Daarbenewens is dit uit sy navorsing ook duidelik dat die

persepsies wat oor sekere groepe in regeringskringe en in die meer dominante blanke gemeenskap gedurende die 19de eeu geheers het, dikwels oor jare heen deur 'n verskeidenheid faktore geslyp is. Baie hiervan het dikwels weens talle redes ongemerk by die sendelinge verbygegaan, of is nie in hulle geskrifte die nodige prominensie gegee wat dit verdien het nie.

Tydens die loodsondersoek vir hierdie verhandeling was die navorsing van Anderson en Penn belangrike rigtingwysers. 'n Belangrike "leemte" in die werk van Anderson was byvoorbeeld dat sy haar navorsing uitsluitlik op die Schietfontein-Xhosa gerig het, maar talle van haar bevindinge op die hele Kareebergstreek, dit wil sê by implikasie ook op die Amandelboomsending, van toepassing gemaak het. Dit het in die eerste plek die ruimte gelaat om haar bevindinge op die lotgevalle van die Bastergemeenskap op Amandelboom toe te pas. Aangesien toegang tot die oorspronklike dagboeke van die Amandelboomsendinge in Duitsland verkry is, kon die geldigheid van haar argumente daaraan getoets word. Hierdie benaderingswyse was belangrik omdat die Amandelboomsending in die eerste plek vóór die naburige Schietfontein sendingstasie gestig is en ook vóór die Schietfonteinsending ten gronde gegaan het. Daarbenewens het Anderson nie die argief van die Rynse Sendinggenootskap, en dus die oorspronklike dagboeke van die sendelinge self, geraadpleeg nie.

Toe hierdie benaderingswyse gevolg is, was dit egter spoedig duidelik dat geeneen van die faktore wat Anderson in haar navorsing as van kardinale belang vir die geskiedenis van die hele Kareebergstreek, beskou het, aan die hand van ten minste die dagboeke van die Amandelboomsendinge bewys kon word nie. Ten spyte daarvan dat die Amandelboom- en Schietfontein sendingstasies baie naby mekaar geleë was en beide volgens Anderson aan min of meer dieselfde sosio-ekonomiese en politieke faktore onderwerp is, is talle insidente wat Anderson as uiters belangrik beskou vir die Rynse sendinginisiatief in die hele streek byvoorbeeld nooit deur die Amandelboomsendinge in hulle dagboeke gemeld nie. Wanneer dit by hoë uitsondering wel gedoen is, is dit bloot oppervlakkig of terloops in die verbygaan genoem. Die gevaar hierin was dat Anderson moontlik die belangrikheid van sekere faktore kon oorskakel het en daarmee 'n skewe beeld van die geskiedenis van die streek weergegee het. Aan die ander kant was daar moontlik 'n alternatiewe verklaring vir die "stiltes" in die dagboeke van die sendelinge. By die lees van Penn se navorsing oor die Noordgrens en Ross se biografie oor dr. John Philip, was dit duidelik dat die verklaring vir die afwesigheid van politieke kommentaar in die dagboeke van die Amandelboomsendinge in die spesifieke aard van die Rynse Sendinggenootskap self, en meer spesifiek in die wêreld-en lewensbeskouing van hulle sendelinge in die veld, gelê het.

Volgens Penn het daar gedurende die 19de eeu - en selfs tot vandag nog - soveel onkunde oor onder andere die dinamiek van nomadiese veeboerdery en die impak van omgewingsinvloede op die uiters kwesbare veeboer-ekonomie bestaan, dat baie insidente uit hierdie tydperk 'n nuwe betekenis kry as dit in sy korrekte perspektief ontleed word. Om hierdie rede het hy in sy navorsing oor die Noordgrens groot klem gelê op die "miskende" aspekte van die geskiedenis van hierdie streek. Een hiervan is sy klem op die noodsaaklikheid van seisoenale migrasiepatrone vir die 19de-eeuse veeboere en veral onderlinge konflik in die verkryging van beheer oor sekere noodsaaklike seisoenale weidingsgebiede. Hoewel belangrike kritiek teen sy indeling van seisoenale migrasiesones ingebring is, het hy nietemin daarin geslaag om nuwe betekenis aan talle bekende insidente te gee. Sy argument dat die geskiedenis van die Noordgrens in die algemeen meer wydlopend geïnterpreteer moet word, raak des te meer sinvol as die Kareebegsendinge se opvatting oor die noodsaaklikheid van die nomadiese karakter van hulle gemeentede byvoorbeeld ontleed word.

Uit die dagboeke van die sendelinge is dit duidelik dat hulle nie die noodsaaklikheid van seisoenale migrasies begryp het nie. Feitlik deurgaans het die Amandelboomsendinge en veral die direksie in Duitsland, die oënskynlik voortdurende mobiliteit van die Kareebergbasters as 'n sinnelose rondtrekkery beskou wat aan bande gelê moes word. In 'n sekere sin was hierdie interpretasie van die sendelinge nie uitsonderlik of uniek aan die Rynse Sendinggenootskap nie. Feitlik alle 19de-eeuse sendinginisiatiewe het dieselfde negatiewe opvattinge omtrent hul rondtrekkende gemeentes gehad. Die belangrike onderskeid is egter of die sendelinge se idees in eiebelang of uit onkunde gedoen is. Dikwels was die belangrikste oorweging waarom sendelinge in die algemeen die mobiliteit van hulle volgelinge probeer beperk het doodgewoon omdat dit baie moeiliker was om so 'n gemeenskap suksesvol te kon bearbei.

Namate die dagboeke van die Kareeborgsendelinge meer in diepte ondersoek is, het dit egter geblyk dat die Rynse sendelinge in die algemeen en die Amandelboomsendinge in besonder, in die eerste plek minder geneig was om in eiebelang op te tree. As die geskrifte van die sendelinge in sy geheel beoordeel word, is daar voorts 'n definitiewe tendens wat daarop dui dat die Rynse sendelinge wat hulle in die Kareeborgstreek gevestig het, in baie ander opsigte ook heeltemal uit pas was met die realiteite van die streek. Sommige hiervan was so voor-die-handliggend dat dit net aan onkunde toegeskryf kan word. Erger nog was dat baie van hierdie persepsies omtrent die inwoners van die streek, hul lewenswyse en hoe die probleme wat vir die sending daaruit voortgespruit het hanteer moes word, vanuit Duitsland deur 'n uiters outokratiese en Eurosentriese direksie voorgeskryf is. Die feit dat die ter plaatse sendelinge weinig eie inisiatief toegelaat is en alles volgens voorskrif uit Duitsland moes hanteer, het sodoende die kollig op die agtergrond van die sendelinge, hul opleiding en veral die algemene karakter van die genootskap self geplaas. Dit is 'n benaderingswyse wat Ross in sy biografie oor dr. John Philip baie suksesvol gedoen het en wat baie daartoe bygedra het om dr. Phillip se dikwels omstrede denkwysen en optrede aan die Kaap, in beter perspektief te plaas.

Teen hierdie agtergrond is die verhandeling breedweg op 'n drieledige "konfliksituasie" geskoei, te wete: die botsing tussen die aard van die Rynse Sendinggenootskap, die geskiedenis en sosio-ekonomiese posisie van die inwoners op Amandelboom en die impak van omgewingsinvloede en sosio-ekonomiese faktore vanuit die aanliggende blanke distrikte op die sendinginisiatief en inwoners van die Kareeberge. Ten opsigte van die eersgenoemde word daar in hoofstuk een gepoog om by wyse van 'n kort vergelyking met die Londense Sendinggenootskap aan te toon dat die Rynse Sendinggenootskap 'n eie ontwikkelingsgang gehad het. Die fokus word geplaas op die impak van belangrike streeksinvloede uit die oorwegend industriële Wupperstreek op die ontwikkeling van die wêreld- en lewensbeskouing van die Rynse Sendinggenootskap en hulle werkers in die sendingveld. Daar word aangevoer dat die sterk a-politiese en outokratiese karakter van die Rynse Sendinggenootskap 'n direkte uitloper was van hierdie streeksinvloede. Dit het op sy beurt 'n wêreldingesteldheid tot gevolg gehad wat sterk ooreenkomste getoon het met die heersende sosiale orde van die Wupperstreek. Die belangrikste aspek was dat hierdie ingesteldheid en werkswyse neerslag gevind het in die instruksies aan die sendelinge en direk in botsing sou kom met feitlik elke realiteit van die Kareeborgstreek en sy inwoners.

Hoe sterk die Rynse Sendinggenootskap in konflik was met die lewenstyl van die Kareeborgbasters en watter impak die dikwels misplaaste sendinginvloed op hulle lewens gehad het, word in hoofstuk twee verder onder die loep geneem. Die Kommissie van Ondersoek wat in 1843 deur die Rynse Sendinggenootskap uitgestuur is om die Kareeborgstreek as moontlike sendingveld te ondersoek, het byvoorbeeld sekere wanpersepsies by die direksie in Duitsland omtrent die streek en sy inwoners gevestig. Vir etlike jare sou hierdie opvattinge negatief inwerk op die Amandel-

boomsending. Die misplaaste idees van die Kommissie van Onderzoek het ook daartoe aanleiding gegee dat die direksie in Duitsland weinig begrip getoon het vir ander belangrike aspekte, soos onder andere die impak van die spesifieke klimaatsgesteldheid op die lewenswyse van die inwoners van Amandelboom en die aanpassings wat hulle oor dekades heen moes maak om hulle daarby aan te pas. Teen hierdie agtergrond is gepoog om die opdraande stryd wat die sendelinge op Amandelboom gevoer het om hulle sendingideale in die streek te vestig en die destabiliserende invloed wat dit dikwels in die Bastergemeenskap tot gevolg gehad het, in sy korrekte perspektief te plaas.

Afgesien van die Eurosentriese benadering was 'n verdere ernstige tekortkoming waaraan feitlik alle 19de-eeuse sendelinge in Suid-Afrika tot mindere of meerdere mate aan mank gegaan het, dat hulle selde die sosio-ekonomiese en veral politieke status van hulle volgelinge in die breë Kaapse samelewing begryp het, of hulle sendingeise daarvolgens kon skik. Ten opsigte van die Amandelboomsending het die Rynse Sendinggenootskap in hierdie opsig ook ernstig te kort geskiet. Die oordrewe fokus op die geestelike sy van sendingwerk, die sterk a-politiese karakter van die Rynse genootskap en die uiters streng, outokratiese direksie het byvoorbeeld daartoe aanleiding gegee dat die meesal onbuigsame Väter (letterlik Vaders) in Duitsland die rol van die Amandelboomsendinge uitsluitlik tot geestelike hoeders van 'n onafhanklike Bastergemeenskap beperk het. Hierdie benadering het op Amandelboom baie probleme veroorsaak.

In die eerste plek is dit belangrik om in gedagte te hou dat die sosiale en politieke status van Basters in die Kaapse samelewing gedurende die 19de eeu op sy beste as verwarrend en veranderlik beskryf kan word. 'n Hele rits faktore, wat meesal vir die sendelinge verstoke gebly het of wat hulle nie altyd verstaan het nie, het byvoorbeeld dikwels aanvaarding of verwerping van die Basters, hetsy binne of buite die koloniale samelewing, bevorder, of gestriem. Weens hulle agtergrond en opleiding het die Amandelboomsendinge weinig begrip vir hierdie belangrike faktore getoon. Die onbegrip van die sendelinge vir die ontwikkeling van die sosiale en politieke status van die Kareebergbasters, het verder tot gevolg gehad dat hulle ook 'n oordrewe beeld van die "onafhanklikheid" van hulle volgelinge gehad het. Hoewel die Amandelboombasters ten tye van die vestiging van die sendelinge in 1845 buite die grense van die kolonie woonagtig was, was hulle alles behalwe onafhanklik. Die lotgevalle van hierdie gemeenskap is inderwaarheid deur faktore in die aanliggende blanke distrikte bepaal. Die rede vir hierdie toedrag van sake het in die eerste plek in die lang, ingewikkelde voorgeskiiedenis van die Bastergemeenskap gelê. Daarbenewens het sekere ekonomiese en politieke verwickelinge wat teen die middel van die 19de eeu in die blanke distrikte voorgekom het en stelselmatig na Amandelboom uitgekring het, verdere momentum daaraan verleen.

Om die impak van hierdie verwickelinge op die Kareebargsending in perspektief te plaas, word in hoofstukke drie en vier meer in diepte ingegaan op die "politieke" faktore wat die kollektiewe status van die Bastergemeenskap in die koloniale samelewing afwisselend as bondgenoot of vyand van die blanke grensgemeenskappe bepaal het. In besonder word gefokus op die redes waarom die Basters in die eerste plek uit die koloniale gemeenskap verdring is en die onortodokse wyse waarop hulle uiteindelik as buffergemeenskap in die Kareeberge gevestig is. Van besondere belang in die ontwikkeling van die Amandelboombasters as grensgemeenskap is die verband tussen omgewingsfaktore soos droogtesiklusse, die intensiteit van Boesmanweerstand vanuit die Kareeberge en die ekonomiese kwesbaarheid van die nomadiese veeboersektor. As al hierdie faktore in ag geneem word, is dit duidelik dat die Kareebargsendinge, sonder dat hulle dit so besef het, by 'n grensgemeenskap betrokke geraak het wie se probleme 'n politieke oplossing geverg het eerder as die bloot geestelike dimensie waarop die sendelinge voorbereid was.

Teen hierdie agtergrond was die grondkwessie en verdringingsprobleem van die Basters op Amandelboom dus baie meer genuanseerd as wat die sendelinge besef het. Dit wat die sendelinge as 'n oppervlakkige rassekonflik beskou het, wat maklik opgelos kon word as daarin geslaag kon word om 'n ware Christelike etos in die hele gebied te vestig, en indien die regering meer beslissend ten gunste van die Bastergemeenskap sou optree, was opportunisties en onhaalbaar. Eers toe die Noordgrens van die Kaapkolonie in 1847 tot aan die Oranje verskuif is en faktore soos grondhervormings, wat op aandrang van die invloedryke wolboere van Beaufort-Wes gedoen is, toenemend ernstige gevare vir die Amandelboomsending begin inhou het, het hulle besef dat die Kareebergssending uiteindelik tot mislukking gedoem was. In die laaste twee hoofstukke word die impak van hierdie faktore, die ontwikkeling van grondgeskille op Amandelboom en die uiteindelige mislukking van die Amandelboomsending bespreek.

Die interafhanklikheid en verweefdheid van die Amandelboomsending se geskiedenis met 'n wye reeks ander faktore het besonder hoë eise gestel aan die daarstelling van 'n werkbare indeling van die navorsingsmateriaal. 'n Tematiese benadering in die eerste helfte van die verhandeling, met 'n meer chronologiese afloop aan die einde, was die mees logiese wyse waarop die navorsing aangebied kon word. Een van die gevolge van hierdie aanslag was egter dat daar ten opsigte van sekere aspekte dikwels onvermydelike oorvleueling plaasvind. In hierdie verband is die impak van omgewingsfaktore soos droogtesiklusse 'n voorbeeld. Belangrike gebeurtenisse in die geskiedenis van die Amandelboomsending is deur droogtes voorafgegaan of op die spits gedryf. Feitlik elke droogte het sekere sosio-ekonomiese of politieke gevolge gehad wat die lewens van die inwoners van die Kareebergstreek en dié van die sendelinge dikwels ingrypend beïnvloed het. Om reg hieraan te laat geskied en die invloed van omgewingsfaktore op die geskiedenis van die Kareebergstreek regmatig te beklemtoon, is die impak van elke droogte intensief bespreek. Op die oog af mag dit as onnodige herhaling oorkom. Nog 'n ernstige probleem wat deur die indeling van die stof veroorsaak is, was om 'n geskikte plek te vind om die kerk-en skoolaktiwiteite van die sendelinge te bespreek met behoud van onderlinge verband. Uiteindelik is daarteen besluit om hierdie aspekte van die Amandelboomsending indringend te bespreek omdat dit afbreuk sou doen aan die logiese ontwikkeling van die verhaal.

Naas 'n beperkte aantal sekondêre bronne was die vernaamste primêre bronne die dokumente in die argief van die Rynse Sendinggenootskap in Barmen, Duitsland. Hierdie argiefgroep het talle probleme opgelewer. Weens die streng argiefbeleid van die Rynse Sendinggenootskap kon die dokumentasie in die eerste plek slegs in Duitsland geraadpleeg word. Feitlik al die inligting wat op die Amandelboomsending betrekking gehad het, is voorts in Sütterlin wat dit bykans onmoontlik gemaak het om te kon lees. Daarbenewens handhaaf die genootskap 'n streng beleid om fotokopiëring slegs op 'n beperkte skaal toe te laat. Ek is groot dank verskuldig aan die kuratriese van die argief, me. Faulenbach, wat die reëls sodanig gebuig het dat dit ten minste die kopiëring van die grootste gedeelte van die sendelingsdagboeke uiteindelik moontlik gemaak het. Hierdie bronne was só belangrik vir hierdie proefskrif dat dit letterlik jare geduur het om dit te transkribeer. Ten opsigte van die dagboeke self het daar ook talle probleme opgeduik. Die dagboeke van die sendelinge is in die eerste plek nie altyd dagboeke in die volle sin van die woord nie. Soms het die sendelinge hulle inskrywings in dagboekformaat gedoen, maar dikwels het weke of selfs maande verloop waartydens die sendelinge aaneenlopend, sonder opskrifte of datums, inskrywings gedoen het. Daarom was dit dikwels moeilik om spesifiek in die voetnootverwysings te wees. Deurgaans is die beleid gevolg om voetnootverwysings so volledig moontlik weer te gee.

Navorsing is ook in die Kaapse Argiefbewaarplek gedoen. Ten opsigte van die geskiedenis van

die Rynse Sendinggenootskap self kon feitlik geen dokumentasie gevind word nie. Weens die ontoeganklikheid van Sütterlin vir die meerderheid Suid-Afrikaanse navorsers is alle korrespondensie van die Rynse Sendinggenootskap in 1972 na die argief van die genootskap in Barmen, Duitsland, oorgeplaas. Hierdie dokumente is dáár geraadpleeg en word in die bronnelys onder die argief van die Rynse Sendinggenootskap gelys. Ten opsigte van die geskiedenis van die Amandelboombasters is aanvanklik gepoog om die argiefgroepe van al die distrikte aangrensend tot Amandelboom, te wete Clanwilliam, Worcester en Beaufort-Wes, te raadpleeg. Weens 'n aantal redes is die navorsing uiteindelik tot die argiefgroepe vir die Beaufort-Wes distrik en die Koloniale Kantoor (Colonial Office) beperk.

Ten slotte wil ek graag my dank betuig teenoor verskeie persone en instansies wat direk of indirek meegewerk het om hierdie proefskrif moontlik te kon maak. Eerstens wil ek prof. D.J. van Zyl, wat aanvanklik as my promotor opgetree het, bedank vir sy hulp, leiding en inspirasie, nie alleen vir hierdie navorsing nie, maar ook vir sy volgehoue ondersteuning tydens my hele studieloopbaan op Stellenbosch. Aan sy opvolger, dr. C. Venter, ook spesiale dank vir sy bereidwilligheid om die studieleiding oor te neem en vir die besondere wyse waarop hy my veral gedurende die afgelope jaar ondersteun het. Graag bedank ek ook dr. H. Heese as mede-promotor vir sy ondersteuning en sy bydrae om hierdie proefskrif suksesvol te kon deurvoer. Die vriendelike hulp van die personeel van alle argiefbewaarplekke en biblioteke waar ek navorsing gedoen het, verdien ook vermelding. 'n Besondere woord van dank aan die personeel van die Sendingargief in Barmen vir hulle bereidwilligheid om hulle beperkte kantoorruimte vir vier maande met ons te deel en vir die talle toegewings wat gemaak moes word om by die eise van hierdie navorsing aan te pas.

“The financial assistance of the National Research Foundation towards this research is hereby acknowledged. Opinions expressed in this thesis and conclusions arrived at, are those of the author and are not necessarily to be attributed to the National Research Foundation.”

Erkenning word ook verleen aan die Universiteit van Stellenbosch en die Universiteit Vista vir finansiële steun wat van hierdie instellings ontvang is.

Ek verleen ook met dankbaarheid erkenning aan Francky Herbst-Coenders vir die enorme taak om die dagboeke van die sendelinge te transkribeer, dr. Anel Otto wat die taalkundige versorging behartig het en Amanda Esterhuysen wat vir die tegniese versorging van die manuskrip verantwoordelik was.

Laastens baie dankie aan die gemeenskap van Williston vir hulle gasvryheid, ondersteuning en aanmoediging tydens ons gereelde besoeke daar. In besonder wil ek graag Laurens en Hanna van der Colff uitsonder vir hulle onbaatsugtige ondersteuning aan my. In dankbare erkenning dra ek graag dié vrug op my studieloopbaan aan julle op.

Aubrey Herbst
Port Elizabeth
November 2003

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
VOORWOORD	i-vi
ILLUSTRASIES	ix
1. DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE WÊRELD- EN LEWENSBEKOUING VAN DIE KAREEBERGSSENDINGE IN PERSPEKTIEF	
1.1 Godsdienstige herlewing en die ontstaan van 'n sendingywer in Europa	2
1.2 Die rol van streeksinvloede op die ontstaan en ontwikkeling van die wêreld- en lewensbeskouing van die Rynse sendinggenootskap	9
1.3 Kritiek op die invloed van streeksinvloede en die sosiale elite op die Rynse sendinggenootskap	17
1.4 Rynse opvattinge oor die verhouding tussen kerk en sekulêre gesag	27
2. DIE KAREEBERGSSENDINGVELD: PROBLEMATIEK RONDOM DIE KOMMISSIE VAN ONDERSOEK IN 1843	
2.1 Die Rynse Sendingkommissie van Onderzoek na die Kareeberge in 1843	39
2.2 Wanpersepsies van die Kommissie van Onderzoek omtrent die klimaatsgesteldheid van die Kareebergstreek en die gevolge daarvan vir die Amandelboomsending	44
2.3 Die onvermoë van die Kommissie van Onderzoek om aanpassings van die Kareeberggemeenskappe by hulle omgewing te begryp	57
2.4 Die Kommissie van Onderzoek negeer die impak van handelsaktiwiteite op die Kareeberggemeenskappe	61
2.5 Onvermoë van die Kommissie van Onderzoek om die negatiewe impak van sendingvereistes op die nomadiese karakter van die Kareeberggemeenskap te bepaal	67
2.6 Toegewings van die Kareebergbasters aan die Kommissie van Onderzoek om by sendingvereistes aan te pas	71

3.	DIE KAREEBERGBASTERS: PROSESSE IN DIE ONTSTAAN VAN 'N GRENSGEMEENSKAP	
3.1	Eerste kennismaking van die Amandelboomsendinge met die politieke faktore in die Kareebergstreek	87
3.2	Die invloed van omgewingsfaktore en die voorgeskiedenis van die Kareebergstreek as determinant in die sosio-ekonomiese en politieke status van die Kareebergbasters	92
3.3	Regeringsoptrede in die verslegtende veiligheidsituasie in die noord-westelike grensdistrikte	107
3.4	'n Dekade van stryd en onsekerheid in die Bastergemeenskap, 1820-1830	114
4.	DIE ONTSTAAN VAN DIE KAREEBERGBASTERS AS BUFFER-GEMEENSKAP	
4.1	Voorvereistes vir die Bastergemeenskap om onafhanklik in die Kareeberge te vestig	121
4.2	Faktore wat die onafhanklike vestiging van die Bastergemeenskap in die Kareeberge verwesenlik het	123
4.3	Die ontstaan van gekleurde en swart buffergemeenskappe in die Kareeberge as veiligheidsmaatreël vir die Clanwilliam en Beaufort-Wes distrikte	143
5.	DIE AMANDELBOOMGRONDKWESSIE: ONTWIKKELING VAN GRONDGESKILLE OP AMANDELBOOM NA DIE VESTIGING VAN DIE SENDELINGE	
5.1	Blanke trekboermigrasies bedreig die Amandelboombasters en die sending	161
5.2	Sendelinge se opvattinge oor die oplossing van die Amandelboom-grondkwessie	163
5.3	Kwesbaarheid van die Bastergemeenskap teenoor drukgroepe in die aanliggende blanke distrikte	165
5.4	Eerste poging van die sendelinge om die grondkwessie aan te spreek	169
5.5	Grensoorskrydings van die Beaufort-Wes distrik en die invloed daarvan op die Amandelboombasters	172

5.6	Uitbreiding van die Kaapse noordgrens en die gevolge daarvan vir die Amandelboomsending	176
5.7	Die geskiedenis van grondhervormings in die Beaufort-Wes distrik en die impak daarvan op die Amandelboomsending	178
5.8	Die invloed van die opkomende wolbedryf in die Beaufort-Wes distrik op die Amandelboomsending	184
5.9	Stelsel van grondbesit in die Clanwilliam distrik en die impak daarvan op die Amandelboomsending	189
6.	DIE AMANDELBOOMGRONDKWESSIE: GRENSWOELINGE EN DIE ONDERGANG VAN DIE AMANDELBOOMSENDING	
6.1	Eerwaarde Alheit en die Kareeberg grondgeskil	199
6.2	Toename in blanke verdringing en intensifikasie van grondgeskille	214
6.3	Regeringsoptrede in die Amandelboomgrondgeskil	218
6.4	Die Auret-kommissie van ondersoek, 1856	226
6.5	Agteruitgang en verval op Amandelboom	235
6.6	Volkshuisiging van die Amandelboombasters	242
	Slot	247
	Bibliografie	253
	Lys van Illustrasies	
	Die Amandelboomsending - 1845	Teenoor p. 39

HOOFSTUK 1

DIE RYNSE SENDINGGENOOTSKAP: DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE WÊRELD- EN LEWENSBEKOUING VAN DIE KAREEBERGSSENDINGE IN PERSPEKTIEF

Die nuwe godsdienstige strominge in die Protestantisme wat gedurende die 18de eeu eers in Engeland en daarna op die Europese vasteland en Amerika posgevat het, het nie alleen bestaande 18de-eeuse kerkopvattinge in Europa drasties beïnvloed nie, maar teen die einde van die eeu ook 'n hernieude sendingywer tot gevolg gehad. Feitlik alle Christelike sendinggenootskappe wat tydens die goue eeu van sendingwerk aan die Kaap werksaam was, het uit hierdie herlewing van Christelike waardes ontstaan.

Van al hierdie instansies is die Londense Sendinggenootskap waarskynlik die bekendste. Afhangende vanuit watter perspektief die genootskap beoordeel word, kan dit ook selfs as die berugste sendingmissie beskou word. Die werksaamhede van die Londense Sendinggenootskap en sommige 19de-eeuse sendelinge soos Livingstone, Moffat, Dr. John Philip, ens. is in die Suid-Afrikaanse verledebeeld byvoorbeeld legendaries. Biografiese gegewens oor sommige van hierdie sendelinge grens dikwels selfs gevaarlik na aan hagiografie. Die geskiedenis van genootskaplike sendingwerk in Suid-Afrika as sodanig word in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing nog dikwels oorheers deur 'n oordrewe klem op die werksaamhede van die Londense Sendinggenootskap. Die parogiale aanslag wat dikwels hierdie klem karakteriseer, die oordrewe klem op individue en veral die omstredenheid rondom die organisasie is algemene swakhede wat dikwels teen hierdie navorsing ingebring word. Weens hierdie eensydige klem op hoofsaaklik Britse sendinginisiatiewe het die geskiedenis van ander sendinggenootskappe tot onlangs nog 'n grootliks ondergeskikte rol gespeel. In die verlede was die gevolg hiervan dikwels dat die geskiedenis van genootskaplike sendingwerk in Suid-Afrika enersyds maklik in esoteriese debatte verval het oor die meriete al dan nie van individuele sendelinge. Daarteenoor is die meer moderne en veel ernstiger neiging om sendingwerk as sodanig van geen ander belang te beskou as die kulturele en godsdienstige arm van veral Britse koloniale verowering. Volgens Saunders was al hierdie faktore van die belangrikste redes waarom sendingstudies onder Suid-Afrikaanse historici tot redelik onlangs nog 'n ongewilde studieterrein was.¹

Of die Londense Sendinggenootskap die etiket van omstredenheid verdien al dan nie en watter plek die sending as sodanig in ons geskiedenis behoort in te neem, is kwessies waaroor in die jongste tyd meer klarigheid verkry is. Terselfdertyd het meer resente navorsing ook nuwe terreine verken, met nuwe insigte na vore gekom of standpunte gevoer waaroor ook nog lank gedebatteer sal word.² Dit is nie die bedoeling om in hierdie verhandeling op enige van hierdie kwessies in diepte in te gaan nie. Hier sal slegs daardie aspekte van ander sendinggenootskappe uitgelig word wat die geskiedenis van die Rynse Sendinggenootskap beïnvloed het, of dit beter in perspektief kan plaas. In hierdie verband bly dit byvoorbeeld onomstootlik staan en is dit ook daarom vir hierdie studie van spesifieke belang, dat feitlik geen ander sendinggenootskap aan die Kaap

¹ C. Saunders, James Read: Towards a reassessment, p. 19, in *The societies of Southern Africa in the 19th and 20th centuries*, Collected Seminar Papers no 21, vol 7. Vir meer oor die stand van sendinghistoriografie en kritiek sien o.a: J. du Bruyn and N. Southey, *The treatment of Christianity and Protestant Missionaries in South African Historiography*, in H. Bredekamp and R. Ross (eds.), *Missions and Christianity in South African History*, pp. 27-42; E. Elbourne, *Concerning Missionaries: the case of Van der Kemp*, in *Journal of Southern African Studies*, Review Article, Vol. 17, No. 1, March 1991, pp. 153-155.

² Die belangrikste bydrae tot die debat oor sendingaktiwiteite in Suid-Afrika in die jongste tyd is ongetwyfeld die vernuwende idees van Jean en John Comaroff. Sien: *Of Revelation and Revolution: Christianity, Colonialism, and Consciousness in South Africa*.

tydens die pionierstydperk van hulle werksaamhede buite die dampkring van die Londense Sendinggenootskap bestudeer kan word nie. By die lees van sommige werke oor individuele genootskappe en sendingaktiwiteite in Suid-Afrika word die indruk nog te dikwels gewek dat die verskillende sendinggenootskappe aan die Kaap in totale isolasie tot mekaar gefunksioneer het. Net so is dit nie korrek om voor te gee dat die verskillende genootskappe mekaar nooit direk of indirek diepliggend beïnvloed het nie.

In hierdie hoofstuk word daar in die eerste plek gepoog om die stigting en ontwikkeling van die besondere karakteristiek van die Rynse Sendinggenootskap te ontleed. Die Rynse sendinggenootskap was vanaf sy stigting nie die spieëlbeeld van enige ander genootskap nie. Nog minder het die organisasie in sy pionierstydperk in diens van enige koloniale moonheid gestaan. Weens die wydlopende negatiewe persepsies omtrent genootskaplike sendingwerk is hierdie aanames om verskeie redes aanvegbaar. Die Londense Sendinggenootskap wat dikwels as koloniale agent voorgelou word, het immers sentraal gestaan in die hele Rynse sendinginisiatief. Net so is daar talle voorbeelde van hoe die Rynse Sendinggenootskap in die praktyk dikwels op onbegryplikerwysse die wense van die Kaapse regering na die kroon gespan het. Dit is soveel te meer verstommend as in aanmerking geneem word dat die Rynse Sendinggenootskap aanvanklik aan die Kaap onder die voogdskap van dr. John Philip gestaan het. Om hierdie aspekte in perspektief te plaas, sal daar dus kortliks gelet word op die aanvanklike hegte verhouding tussen die Londense en Rynse Sendinggenootskappe. Van belang is hoe die aanvanklike ooreenkomste mettertyd vervaag het tot opvallende verskille in die arbeidsveld. Die uiteenlopende ontwikkelingsgang van die twee genootskappe in Engeland en Duitsland word daarom onder die loep geneem om aan te toon dat die Rynse Sendinggenootskap nie dieselfde radikale gees geadem het as wat dikwels omtrent die Londense genootskap voorgelou word nie. Veel eerder is die wêreld- en lewensbeskouing van die Rynse Sendinggenootskap gevorm en geslyp deur uiters belangrike konserwatiewe streeksinvloede in die Wupperstreek in Duitsland. Dit het dié genootskap byvoorbeeld 'n konserwatiewe en dikwels selfs ietwat wêreldvreemde karakter gegee wat moeilik versoenbaar is met die meer radikale aanslag van die Londense Sendinggenootskap, veral soos verteenwoordig deur dr. John Philip. Hoe sterk hierdie konserwatiewe aanslag binne Rynse geleedere was, word ten slotte geïllustreer aan die hand van enkele voorbeelde uit die geskrifte van die Kareebergsendelinge.

1.1 Godsdienstige herlewing en die ontstaan van 'n sendingywer in Europa

Beide wat oorsprong en aanvanklike doelstellings betref, was daar 'n baie noue band tussen die Londense en Rynse Sendinggenootskappe. Direk na die stigting van die Londense sendinggenootskap het hulle deur sogenaamde "opwekkingsbriewe" na die Europese kontinent 'n kettingreaksie in verskeie lande, maar veral in Duitsland en Nederland, tot gevolg gehad. Bestaande sendinginisiatiewe in hierdie lande, soos die sendinginstituut van pastoor Jänicke in Berlyn en verskeie gebedsgroepe in die Wupperstede het byvoorbeeld groot inspirasie geput uit die bedrywighede en doelstellinge van die pas gestigte Londense Sendinggenootskap.³ Aspirant Duitse sendelinge, soos die bekende Wimmer, Schmelen en andere, het byvoorbeeld by die Londense Sendinggenootskap aangesluit en onder hulle vaandel belangrike werk aan die Kaap gedoen.⁴ Beide genootskappe was dus breedweg gesien die produk van die Evangelical Revival wat eers in Engeland ontstaan het en daarna na verskeie lande, waaronder die Wupperstreek in

³ G. Menzel, *Die Rheinische Mission*, pp. 11-12; R. Lovett, *The History of the London Missionary Society, 1795-1895*, Vol 1, p. 484.

⁴ VEM, 1.372, Mappe 1, J. H. Schmelen, ein Bahnbrecher der Missionsarbeit in S.W. Afrika; Ibid., "Die Sendinggemeente Kommagas", Übertragung aus A/W 101,11, in Afrikaans.

Duitsland, oorgewaaï het.⁵ So kan die vroegste geskiedenis van die ontstaan van die Rynse Sendinggenootskap teruggevoer word na die stigting van 'n gebedsgroep in Elberfeld in 1799 wat op 'n besondere wyse deur die entoesiasme vanuit Engeland beetgepak is.⁶

Die twee genootskappe het nie alleen vanuit oorsprong dieselfde begeestering gedeel nie, maar vir 'n groot gedeelte van sy pionierstyd aan die Kaap was die Rynse Sendinggenootskap selfs onlosmaaklik verbonde aan die werksaamhede van die Londense Sendinggenootskap, en meer spesifiek aan die persoon van dr. John Philip. Dit was immers dr. Philip wat in 1829 tydens sy toer in Europa om sy opspraakwekkende boek, **Researches in South Africa**, bekend te stel, persoonlik deur die pas gestigte Rynse Sendinggenootskap gewerf is om hulle behulpsaam te wees om hul werksaamhede aan die Kaap te begin. Hy was selfs teenwoordig by die ordening van die eerste Rynse sendelinge in Barmen. By hierdie geleentheid het die Rynse direksie sekere toesighoudende en raadgevende funksies oor hul eerste sendelinge aan hom toevertrou. Uiteindelik het die eerste Rynse sendelinge, tesame met twee Franse sendelinge wat deur dr. Philip gewerf is, onder die vaandel van die Londense Sendinggenootskap en die beskermende vlerk van dr. Philip na Suid-Afrika uitgevaar.⁷ Oppervlakkig gesien, was daar dus baie raakvlakke tussen die twee genootskappe en daar sou dus verwag kon word dat 'n groter mate van ooreenstemming in werksaamhede tussen die twee organisasies sou bestaan.

Tog was daar terselfdertyd ook 'n bykans onoorbrugbare kloof tussen die twee genootskappe. Veral wat hul verhouding tot die staat en hul werkswyse in die sendingveld betref, was die verskille opvallend. Reeds kort nadat die eerste Rynse sendelinge onder leiding van dr. Philip na Engeland vertrek het, het eerwaarde Leipoldt al byvoorbeeld vertroulik in sy dagboek vermeld dat hy nie juis saamgestem het met die werkswyse van dr. Philip nie.⁸ Hierdie opmerking was die eerste aanduiding dat daar dieperliggende verskille tussen die twee genootskappe bestaan het. Alle aanduidings was dat dit in die toekoms moontlik tot 'n verwydering tussen die twee genootskappe aanleiding kon gee. Hierdie verskille word nêrens beter toegelig as in die talryke, hoewel meesal negatiewe werke oor die Londense Sendinggenootskap en biografieë oor omstrede sendelinge van die organisasie, wat tot dusvêr die lig gesien het nie. Waar kontemporêre regeringsamptenare, reisigers en historici dit in die verlede nodig geag het om die Londense Sendinggenootskap in 'n negatiewe lig te stel, is die Duitse sendinginisiatiewe, veral die Morawiese Genootskap, nog altyd bygehaal en as antitese ten hemele aangeprys. Sendingstasies van die Londense Sendinggenootskap was vir talle waarnemers niks anders as waardelose toevlugsoorde vir leeglêers en andere uitvaagsels van die samelewing nie. Van die heilsame doelstellings van godsdienste het volgens hierdie waarnemers in sommige van hierdie instellings weinig tereggekome. Duitse sendingstasies, daarenteen, was goeie voorbeelde van ordelikheid en deugsamheid, wat die kolonie en sy inwoners net ten goede sou kom.⁹

⁵ Vir meer oor die Wesley-broers en "The Evangelical Revival" sien oa: G. J. Pillay and J.W. Hofmeyer (eds.), **Perspectives on Church History**, pp. 206-209.

⁶ E. Ilnet, **Bürgerliche Organisierung in Elberfeld 1775-1850**, pp. 54-56; VEM, *Neue Allgemeine Missionszeitschrift* 1928, **Hundert Jahre Rheinische Mission**, pp. 289-291; E. Strassberger, **The Rhenish Mission Society in South Africa, 1830-1950**, pp. 13-14.

⁷ G. Menzel, **Die Rheinische Mission**, pp.94-95. Vir 'n volledige lys instruksies omtrent die verhouding tussen dr. Philip en die eerste Rynse sendelinge sien VEM, Bd1 C/c 8 a, Präsesakten Korrespondenz, 1829 -1851,"An unsere Missionarissen in Südlichen Afrika, 27-10 -1829."

⁸ E. Strassberger, **The Rhenish Mission Society in South Africa, 1830-1950**, p. 11.

⁹ VEM, C/E 1C 2.483, Zur Geschichte der Kapmission, Die Tätigkeit der Rheinische Mission in der Kapkolonie; Die Deutsche Mission in Südafrika; R. Lovett, **The history of the London Missionary Society, 1795-1895**, Vol 1, pp. 498-506; J. du Plessis, **A History of Christian Missions in South Africa**, p. 149.

Hierdie teenstrydigheid is vir die doel van hierdie studie van besondere belang. Dit laat byvoorbeeld talle vrae ontstaan oor die verhouding tussen die twee genootskappe en die praktiese implikasie daarvan. Oor hierdie kwessies is daar nog bykans geen navorsing gedoen nie en laat steeds talle vrae onbeantwoord. Die aanvanklike noue verbintenis tussen die Londense- en Rynse Sendinggenootskappe is byvoorbeeld 'n bekende feit wat in alle standaardwerke oor die geskiedenis van die Rynse Sendinggenootskap bloot oppervlakkig genoem word.¹⁰ Nêrens word daar egter werklik besin oor die oorsprong of dieperliggende implikasies daarvan vir dié genootskap nie. Hoe sou die werksaamhede van die Rynse sendelinge aan die Kaap byvoorbeeld beïnvloed word, gegewe die feit dat dr. Philip en sendingwerk aan die Kaap in die algemeen, sy toppunt van omstredenheid bereik het juis op die tydstip toe die eerste Rynse sendelinge onder sy toesig geplaas is? Insgelyks word die verskille tussen die sendinggenootskappe en hoe dit ontstaan het ook nêrens sinvol ondersoek nie. Die mees voor-die-hand-liggende rede vir hierdie leemte lê miskien daarin dat feitlik alle gesaghebbende geskiedskrywing oor die Rynse Sendinggenootskap uit die binnekring van die organisasie geproduseer is. Dit kon miskien onwillekeurig daartoe aanleiding gegee het dat 'n oordrewe fokus op die eie geplaas word. Die argief van die Rynse Sendinggenootskap is trouens eers redelik onlangs, na 'n lang interne debat oor die wenslikheid daarvan, vir die publiek oopgestel.¹¹ Belangriker nog, is dat daar in bestaande werke bykans 'n doelbewuste poging aangewend word om buite die omstredenheid van die Londense Sendinggenootskap en veral dr. Philip te beweeg. In 'n bedekte toespeeling op die Londense Sendinggenootskap en dr. Philip verklaar Von Rohden byvoorbeeld dat dit 'n bestiering van God was dat die eerste Rynse sendelinge uitdruklik verbied is om by 'n ander genootskap aan te sluit.¹² Dit is nie die bedoeling om hier 'n gedetailleerde vergelykende studie tussen die twee genootskappe te doen nie. Dit is egter noodsaaklik om die vormingsinvloede in die ontstaan van die twee genootskappe te ondersoek en daardie ooreenkomste en verskille uit te sonder wat die werksaamhede van die Rynse Sendinggenootskap aan die Kaap in beter perspektief kan plaas.

Soos reeds vermeld, het beide die Londense en Rynse Sendinggenootskappe, breedweg gesien, hul ontstaan te danke gehad aan godsdienstige herlewings wat in Engeland en die Europese vasteland ontstaan het. Godsdiensterlewings het op hierdie stadium ontstaan as teenreaksie op die 17de en 18de-eeuse godsdienstige strominge van die Verligting. Vir die grootste gedeelte van die 18de eeu het die Deïsme en die oordrewe klem op die mens en sy individuele, lotsbepalende denke van die rasionalisme, die kerk in Europa uiteindelik in 'n ernstige godsdienstige geloofskrisis gedompel. Teen die middel van die 18de eeu het daar op bykans alle vlakke van die samelewing 'n toenemende weerstand hierteen begin oplaai. Op godsdienstige gebied het die Duitse filosoof, Imanuel Kant, byvoorbeeld aangetoon dat die wetenskap nie allesbepalend in die lotsbestemming van die mens is nie. Morele en godsdienstige waardes soos die bestaan van God kan nie deur die wetenskap bewys word nie. Die mens kan egter die bestaan van 'n Opperwese intuïtief aanvoel. Hierdie intuïsie is alleenlik moontlik omdat die mens 'n rasonele wese is. So het godsdienstige rasionalisme 'n algemene verdieping van die Christelike geloof en 'n herlewing van godsdienstige emosie en emosionele gevoelens tot gevolg gehad. Hierdie gevoelens het in Engeland neerslag gevind in evangelisme wat tydens die sogenaamde "Evangelical Revival"

¹⁰ G. Menzel, *Die Rheinische Mission*, pp. 94-95; L. von Rohden, *Geschichte der Rheinischen Missions Gesellschaft*, pp. 18-21.

¹¹ Inligting verskaf deur kuratrisse van die VEM, me Faulenbach.

¹² L. von Rohden, *Geschichte der Rheinischen Missions Gesellschaft*, p. 20.

onder leiding van die Wesley-broers sy beslag gekry het en uiteindelik tot die stigting van die Metodiste kerk gelei het. In Duitsland het Philip J. Spener na die voorbeeld van die Metodiste in Engeland die Lutherse Piëtisme gelei en uit hierdie beweging is die sendingywer van die Morawiese Kerk gebore; terwyl die Baptiste en Kwakers in Amerika, breedweg gesien, hulle ontstaan aan die invloed van die Evangelical Revival te danke gehad het.¹³

Al hierdie nuwe godsdienstige herlewingsbewegings het die formele doodsheid in gevestigde 18de- eeuse kerklike kringe veroordeel. Gedurende hierdie ontwikkeling is die klem verplaas na godsdiens van die hart eerder as die rede. 'n Meer innige, gevoelsmatige en individuele godsdienservaring, asook die praktiese uitlewing van geloof deur Bybelstudie, sang en 'n sigbaar vroom lewenswyse, het meer sentraal begin staan.¹⁴ Al hierdie godsdienstige strominge het, oppervlakkig gesien, dus baie in gemeen gehad. Dit is egter baie belangrik om daarop te let dat die herlewing van Christelike waardes in elk van die verskillende lande waar dit posgevat het, onderhewig was aan verskillende vormingsinvloede. Dit het op sy beurt uiteindelik daartoe aanleiding gegee dat elk 'n eiesoortige karakter ontwikkel het. Spesifieke sosio-ekonomiese, politieke en teologiese faktore in die onderskeie lande het uiteindelik daartoe aanleiding gegee dat die aanvanklike godsdienstige ooreenkomste geleidelik vervaag het tot dogmatiese verskille. Tussen die Evangeliste in Engeland en die Piëtiste in Duitsland was daar dus belangrike raakvlakke, maar terselfdertyd het die twee strominge in baie opsigte onafhanklik van mekaar ontwikkel en verskil.¹⁵ Dit is juis hierin dat die eerste belangrike onderskeid tussen die Londense en Rynse Sendinggenootskappe opgesluit lê. In wese verklaar dit waarom die Rynse sending aan die Kaap so wesenlik verskil het van hul oorwegend Britse eweknie. Hoewel hierdie verskille dikwels as dogma afgemaak word, is dit belangrik om die **agtergrond** waarteen die twee strominge ontwikkel het in meer diepte te ondersoek.

In Engeland het die opkoms van die industriële samelewing met al die gepaardgaande sosio-ekonomiese faktore 'n rigtinggewende invloed op die ontwikkeling van Evangelisme gehad. Die opkoms van 'n meer welvarende middelklas waar politieke faktore 'n meer prominente rol begin speel het, het teen die einde van die 18de eeu saamgeval met die invloed van die Franse Rewolusie. Hierdie mylpaal in die Westerse beskawing het tot gevolg gehad dat toenemend groter klem geplaas is op begrippe soos menseregte, demokrasie en godsdiensvryheid. Op godsdienstige gebied het baie van hierdie idees in Evangelisme tot uiting gekom. Strominge binne die beweging het selfs uitgesproke politieke kragte binne kerklike kringe geraak en aktief vir kerklike en ander hervorming geagiteer. As buitekerklike beweging het die stryd om Evangelisme gevestig te kry dikwels die karakter van 'n kruistog aangeneem. Terselfdertyd het dit die beweging onwillekeurig nader aan die politieke arena geneem. Dit was juis as gevolg van hierdie "politieke" neiging dat konserwatiewes in die kerk die meer radikale lede van die Evangeliese beweging ten regte of ten onregte as Jakobyne gebrandmerk het. Oppervlakkig gesien, het Evangelisme nietemin 'n baie definitiewe politieke karakter ontwikkel en die latere opkoms van die sendingideaal in Engeland het hierdie noue verbintenis tussen kerk en politiek weerspieël. Daarom was dit vir Evangeliste in die algemeen belangrik om uitgesproke te wees ten opsigte van sosiale en politieke ewwels van die samelewing. Aan die ander kant was dit nie 'n fundamentele beginsel in die beweging nie. Sommige Evangeliste het byvoorbeeld afsydig gestaan teenoor enige politieke aktiwiteit, terwyl

¹³ G. J. Pillay and J. W. Hofmeyer(eds), *Perspectives on Church History*, pp. 203-205, 206-210.

¹⁴ E. Illner, *Bürgerliche Organisation in Elberfeld, 1775-1850*, p. 17.

¹⁵ A. Ross, *John Philip (1775-1851) Missions, Race and Politics in South Africa*, pp. 33-35.

andere politieke en sosiale hervorming as 'n integrale deel van hulle Christelike verantwoordelikheid gesien het.¹⁶

Twee baie bekendes onder laasgenoemde groep is ongetwyfeld William Wilberforce, alombekende leier van die anti-slavery beweging en die hier te lande dikwels omstrede dr. John Philip. Daar kan as't ware beweer word dat beide meer om hulle politieke impak as hulle godsdienstige aktiwiteite bekend is. Dr. Philip is selfs by geleentheid neerhalend beskou as die belangrikste politikus van die Kaap gedurende die eerste dekades van die 19de eeu.¹⁷ Onder diegene wat binne die Londense Sendinggenootskap verhewe probeer bly het bo die politieke arena is William Moffat waarskynlik die bekendste. Die sogenaamde politieke aktiwiteite van dr. Philip het hy grondig verafsku. Dikwels het sy openlike kritiek daaroor tot groot onmin tussen die twee aanleiding gegee. Hierdie grondige meningsverskil binne die geleedere van die Londense Sendinggenootskap is soos Ross aantoon 'n netelige kwessie, omdat daar nouliks enige definitiewe of duidelike skeidslyn getrek kan word tussen geoorloofde godsdienstige, geestelike of sendingaktiwiteite en dit wat as ongewenste politieke dwalings afgemaak kan word. Dat hierdie onderskeid inderdaad nie altyd so voor-die-hand-liggend is nie, blyk daaruit dat geestelikes wat in die verlede die sosiale en politieke status quo vanuit 'n Christelike oogpunt bevraagteken of aktief bedreig het, deur die eeue heen en veral in die onlangse verlede, dikwels van politiekery beskuldig is. Soos Ross aantoon, was dr. Philip egter volgens sy eie kriteria nooit werklik by politieke aktiwiteite betrokke nie. Vir hom het die begrip politiek slegs een betekenis, naamlik partypolitiek gehad. Om dié rede het hy hom dus nooit veel gesteur aan die partypolitiese verdagmakery om die outokratiese Lord Charles Somerset in Engeland te diskrediteer nie. Nog minder het hy daarin belanggestel om aktief by enige veldtog teen die goewerneur betrokke te raak, selfs al sou hy meer as genoeg rede gehad het om reikhalsend na die politieke ondergang van Somerset uit te sien.

Wat dr. Philip, volgens Ross, meer as enigiets anders wou bereik, was om aan te toon dat sekere leemtes in regeringsbeleid selfs doodgewone, en onder normale omstandighede wetsgehoorsame burgers, kon korrupteer. Dit het op sy beurt weer daartoe aanleiding gegee dat sommiges hulle uiteindelik aan ernstige vergrype van menseregte skuldig gemaak het. In teenstelling met Read en Van der Kemp wat op individuele misdrywe gefokus het, was dr. Philip daarvan oortuig dat die oorsaak van alle probleme aan die Kaap nie uit die inherente boosheid van 'n sekere gedeelte van die bevolking gespruit het nie. Volgens hom was 'n onaanvaarbare en oneffektiewe regeringstelsel die grondliggende rede vir al die probleme aan die Kaap. Slegs grondige regeringshervorming, het Philip aangevoer, kon hierdie probleme verhoed. Om hiervoor te agiteer, het hy as sy Christelike plig beskou. Daarom het hy ook nie daarvan weggeskram nie. As daar enige hoop gekoester is dat die kerk en veral die sending aan die Kaap tot sy volle potensiaal en glorie moes gedy, dan was dit onafwendbaar en selfs gebiedend noodsaaklik dat die regeringstelsel aan die Kaap ingrypend verander moes word.¹⁸

Soos reeds aangetoon, is hierdie opvatting van dr. Philip en sy werkswyse selfs binne die geleedere van die Londense Sendinggenootskap nie deur almal ewe geesdriftig ontvang nie. Insgelyks het eerwaarde Leipoldt vanuit die staanspoor ook aangedui dat individuele Rynse

¹⁶ Ibid., pp. 34-35.

¹⁷ E. Strassberger, *The Rhenish Mission Society in South Africa, 1830-1950*, p. 3.

¹⁸ Ibid., pp. 77-80.

sendelinge asook die Rynse genootskap in sy geheel, nie aanklank gevind het by dit wat hulle as “politieke bemoeienis” beskou het nie. Dié verskil van mening binne sendinggeledere dui alreeds daarop dat, soos Ross aanbeveel, daar veel dieper op die wêreld- en lewensbeskouing van individuele sendelinge en die genootskappe wat hulle verteenwoordig, ingegaan moet word alvorens sekere veralgemenings moontlik is. Hierdie nuwe benadering word in die jongste tyd deur die meeste sendinghistorici onderskryf. Dit het dan ook daartoe aanleiding gegee dat daar alreeds ‘n groter mate van begrip vir sekere sendinginisiatiewe ontstaan het.¹⁹

In sy biografie oor dr. Philip verklaar Ross sy radikale opvattinge oor die verhouding tussen politiek en godsdiens teen sy Skotse agtergrond. In hierdie navorsing word daar ‘n oortuigende saak uitgemaak wat die meer radikale wêreld- en lewensbeskouing van dr. Philip in beter perspektief plaas en die waarde van die nuwe benaderingswyse ten beste illustreer. Ross argumenteer dat die oorgang van ‘n pre-industriële na vroeg-industriële samelewing in Skotland met al die negatiewe gevolge daarvan, die invloed van ‘n baie spesifieke Skotse verledebeeld en sy eie ervaring van sosiale vraagstukke in Skotland wat grootliks deur ‘n toegewyde en sobere lewensingesteldheid te bowe gekom kon word, alles faktore was wat ‘n baie definitiewe vormingsinvloed gehad het op die denke van dr. Philip. Teen hierdie agtergrond het dit hom veel nader gebring aan die politiek en meer ontvanklik daarvoor gemaak as sommige van sy geesgenote. Baie van hierdie faktore het ‘n besondere aanklank by Evangelisme gehad. Binne die evangeliese beweging is die ideologiese fundering vir die bevrydingsideale van die sogenaamde radikale sektor van die Londense Sendinggenootskap verder gevorm. Dat nie alle sendelinge van die Londense Sendinggenootskap in dieselfde mate hierdie oortuiging gedeel het nie, kan dus moontlik aan die agtergrond van verskillende sendelinge toegeskryf word - soveel te meer as in aanmerking geneem word dat die Londense Sendinggenootskap ‘n interdenominale organisasie was wat sy sendelinge uit ‘n wye verskeidenheid nasionaliteite gewerf het.²⁰

Word dieselfde benadering op die Rynse Sendinggenootskap en hul sendelinge van toepassing gemaak, dan blyk dit dat die Protestantse sendingbeweging in Duitsland, as uitloper van die ortodoks-piëtistiese interpretasie van Evangelisme, ‘n heel ander ontwikkelingsgang gehad het. In teenstelling met Engeland, wat teen die einde van die 18de eeu alreeds tot ‘n dominante wêreldmoondheid gereken is, was Duitsland in die ooreenstemmende tydperk en selfs vir die grootste gedeelte van die 19de eeu polities verdeeld. As die wêreldmoondheidstatus en snelle industriële ontwikkeling in Engeland ‘n rigtinggewende invloed uitgeoefen het op die ontwikkeling van Evangelisme en Britse sendinginisiatiewe, dan was soortgelyke invloede in die ooreenstemmende tydperk in Duitsland totaal afwesig.

Teen 1800 is die Duitse gebied in die eerste plek nog gekenmerk deur ‘n aantal kleiner state en prinsdomme. Almal was oorblyfsels uit die vervloë tyd van die Heilige Romeinse Ryk. Die Napoleontiese oorloë het weliswaar ‘n einde gebring aan die Heilige Romeinse Ryk en nuwe grense getrek. Aan die einde van die oorlog, met die Vredesverdrag van Wenen, is die etlike kwasi-onafhanklike gebiede in ‘n losse konfederasie, die Duitse Bond, van 41 soewereine state saamgesnoer. Hierdie toedrag van sake het vir die grootste gedeelte van die 19de eeu voortgeduur.

¹⁹ Kritiek op Ross se navorsing is dat hy grootliks ter verdediging van dr. Philip oorkom. Nogtans kom hy met waardevolle insigte voor die dag wat inderdaad meegewerk het om die talle negatiewe persepsies rondom dr. Philip, asook die Londense Sendinggenootskap in beter perspektief te plaas. Sien J. du Bruyn and N. Southey, *The treatment of Christianity and Protestant Missionaries in South African Historiography*, in H. Bredekamp and R. Ross (eds), *Missions and Christianity in South African history*, p. 37.

²⁰ A. Ross, *John Philip (1775-1851)*, pp. 52-56, 63-67.

Hoewel die ontstaan van die Duitse Bond soms as die begin van Duitse nasionalisme gereken word, was die nuwe konstellasië van state in die praktyk egter niks meer van 'n nasionale staat as wat die ou ryk verteenwoordig het nie. In wese het dit ook nie noemenswaardig bygedra tot die bevordering van 'n verenigde Duitsland nie. Nog minder het dit die ontwikkeling van 'n enkel Duitse nasionale karakter, kultuur of identiteit aktief aangewakker. In hierdie stadium was taal en 'n vae Duitse kultuurbewustheid, wat so opvallend is in die geskryfte van die Rynse sendelinge, die enigste samebindende faktore.²¹ Die kortstondige nasionale eenheid wat tydens die Napoleontiese oorloë meer in die vorm van 'n anti-Franse gevoel gemanifesteer het, het teen die einde van die oorlog met die vertrekkende Franse magte verdwyn. In die naweë van 'n uitputtende oorlog was die meeste Duitsers tevrede met die konfederasie en die herstel van sommige bekende tradisies van die ou orde. Bevry van die liberale filosofie van 'n rewolusie wat op Duitse bodem op niks minder as tirannie en bloedvergieting uitgeloop het nie, is daar reikhalsend uitgesien na 'n terugkeer van vrede en orde.²² Dié konserwatiewe ommekeer het gehoorsaamheid aan die staat en respek vir die wettige regeerders herbevestig en dit tesame met die Christelike godsdiens voorgelê as die basis vir 'n gesonde en duursame sosiale orde.

Politieke verdeeldheid en 'n herlewing van konserwatiewe waardes het sodoende die opkoms van 'n politieke bewussyn onder alle lae van die Duitse bevolking aktief teengewerk. Die enigste gevolg op staatkundige terrein na die oorlog en wat as teenreaksie op Franse oorheersing toegeskryf kan word, was 'n herlewing van die Duitse prinsdomme - 'n ontwikkeling wat die breë massa hul laat welgeval het. Politieke onbetrokkenheid onder die volksmassa is verder aangehelp deur die oorwegend patriargale en relatief onderontwikkelde landelike karakter wat die pre-industriële tydperk gekenmerk het. Onmiddellik na die Napoleontiese oorloë was nie minder nie as 75 % van die Duitse bevolking steeds op die platteland woonagtig. In die hele Duitsland was daar net 'n skamele 14 stede of dorpe wat met 'n inwonertal van 100 000 of meer kon spog. Landbouproduksie en vroeë industrialisasie was nog maar aan die beginstadium om ten opsigte van die moderne kapitalistiese mark te oriënteer. Arbeidsverhoudinge was uiters paternalisties veral op die platteland en agrariese streke. In hierdie gebiede was die uitstaande kenmerk van arbeidsverhoudinge dat dit nog sterk beïnvloed is deur pre-industriële konsepte van gesag en ekonomiese rasionalisme. In stedelike sentra is die sosiale en ekonomiese lewe van vakmanne, uit wie se geledere die Rynse Sendinggenootskap aanvanklik sy sendelinge gewerf het, nog gekenmerk deur die tradisies van die ou handwerkersgildes eerder as kapitalistiese produksie.²³

So onbetrokke was die deursnit Duitser by die politiek dat daar in die jongste tyd ietwat aanvegbaar aangevoer word dat die 1848-onrus in Duitsland meer te make gehad het met verset teen modernisasie eerder as liberale eise vir konstitusionele hervorming en nasionale eenheid.²⁴ Teen hierdie agtergrond is dit dus niks buitengewoons nie dat die Piëtisme as godsdienstige uitloper in die algemeen dieselfde a-politieke karakter weerspieël het, wat so tipies was van die Duitse samelewing in sy geheel in daardie stadium. Heeltemal in teenstelling met die Britse Evangeliste vir wie dit in die algemeen belangrik, selfs noodsaaklik, was om politieke en sosiale kwessies in die samelewing aan te spreek, was die Duitse Piëtiste van mening dat 'n toegewyde Christen hom nie met sosiale kwessies en sekerlik nie politieke veranderinge moes bemoei nie. Selfs waar verontregting en verdrukking groot leed veroorsaak het, was dit in Piëtistiese kringe

²¹ VEM, C/E 1C 2.483, Zur Geschichte der Kapmission, Die Deutsche Mission in Südafrika.

²² M. Fullbrook, *German History since 1800*, pp. 38-44.

²³ W. Carr, *A History of Germany, 1815-1945*, pp. 1-6.

²⁴ M. Fullbrook, *German History since 1800*, p. 5.

nog nie geoorloof om aktief daarteen te agitêr nie. Ross verklaar byvoorbeeld: “Just as hurricanes and famines produce suffering among people which the good Christian must try to ameliorate as best as he or she can, so with the results of political and social injustice. However, to be concerned over bringing about the amelioration of social and political conditions was to stray from the path of Christian dedication, and was, in any case, pointless because of the fallen state of this world.”²⁵

Dat die verbrokkelde politieke staat van Duitsland hierdie a-politiese karakter van die Piëtisme ten grondslag gelê het, word nou algemeen aanvaar. ‘n Verdere aspek in hierdie verband, wat die ontwikkelingsgang van Piëtisme onderskei van Evangelisme, is dat die herlewing van godsdienstige waardes in Duitsland ‘n minder opdraande stryd gevoer het vir aanvaarding as hul Britse eweknie. Hoewel die eerste vlaag geestelike herlewing vroeg in die 18de eeu, waaruit die Morawiese Kerk ontwikkel het, aan ‘n mate van godsdienstige vervolging blootgestel was, het ‘n tweede herlewingsfase teen die einde van die 18de eeu ontstaan. In die naweë van die Franse Rewolusie en veral tydens die Napoleontiese oorheersing, is dit aangevuur deur ‘n baie sterk anti-Franse sentiment. Juis vanweë die feit dat hierdie verwikkeling so uitgesproke anti-Frans was en die Rynse Sendinggenootskap uit hierdie fase sy beslag gekry het, is buitekerklike godsdienststrominge meer geredelik deur die Duitse prinsdomme aanvaar. Die politieke aspirasies van sommige prinsdomme was trouens baie nou vervleg met hierdie verwikkelinge.²⁶

Nog ‘n belangrike feit om altyd in ag te neem, is dat Piëtisme, net soos Evangelisme, waarbinne daar verskillende strominge bemark is, ook nie ‘n homogene groep was nie. Hierdie diversiteit is volgens die jongste navorsing daaraan te danke dat daar binne die verbrokkelde Duitse staatsbestel ‘n wye verskeidenheid sosio-ekonomiese, politieke en kulturele faktore werksaam was. Dit het groot streeksvariasie, nie alleen tussen verskillende state nie, maar selfs tussen verskillende provinsies binne dieselfde staat bewerkstellig. So het die inwoners van een Pruisiese provinsie byvoorbeeld weinig of geen kontak gehad met inwoners van ‘n ander provinsie nie; tussen platteland en stad was ‘n wêreldse verskil en sosio-ekonomiese faktore in dieselfde staat kon byvoorbeeld binne enkele kilometer drasties van mekaar verskil. In hulle soeke na die oorsprong van Duitse nasionalisme fokus Duitse historici gevolglik in die jongste tyd steeds meer op streeksgeskiedenis. Hierdie tendens is vir die doel van hierdie studie van wesenlike belang omdat ‘n hele aantal gesaghebbende studies oor die oorwegend industriële karakter van die Wupperstede aan die Benede Ryn, waar die Rynse Sendinggenootskap sy beslag gekry het, die lewenswêreld van hierdie genootskap in beter perspektief plaas. Om die besondere wêreld- en lewensbeskouing van die Rynse sendelinge werklik te kan begryp, is dit dus noodsaaklik om daardie faktore wat in die Wupperstreek ‘n spesifieke uitwerking op die fundering van die Rynse Sendinggenootskap gehad het, in meer besonderhede uit te lig.

1.2 Die rol van streeksinvloede op die ontstaan en ontwikkeling van die wêreld- en lewensbeskouing van die Rynse Sendinggenootskap

Tot onlangs was die neiging om die karakter van ‘n sendinggenootskap grootliks aan die hand van die sosiale status en agtergrond van die meerderheid van sy sendelinge te verklaar nog voldoende. Die feit dat die meerderheid sendelinge in die Londense Sendinggenootskap van Skotse herkoms was, maak dit byvoorbeeld onvermydelik om sekere algemene karaktertrekke van die genootskap met die Skotse verledebeeld in verband te bring. As dieselfde benaderingswyse ten opsigte van die Rynse Sendinggenootskap gedoen word, is dit redelik maklik om sekere veralgemenings omtrent dié genootskap te maak. Oor die sosiale status en herkoms van die Rynse sendelinge is

²⁵ A. Ross, *John Philip (1775-1851)*, p. 34.

²⁶ W. Carr, *A History of Germany 1815-1945*, p. 3.

baie bekend. So is dit byvoorbeeld redelik algemeen bekend dat die meeste sendelinge van die Rynse Sendinggenootskap vir ten minste die eerste helfte van die 19de eeu uit die laer sektore van die Duitse samelewing gewerf is. Eers in die 1850's is hierdie beleid op aandrang van inspekteur Fabri drasties hersien. Op hierdie tydstip het die Rynse Sendinggenootskap voorkeur begin gee aan sendelingskandidate uit die hoër sosiale stand.²⁷ Gegewe die politieke karakter van Duitsland in die tydperk voor inspekteur Fabri, kan dus met redelike sekerheid afgelei word dat sekere algemene karaktertrekke van Rynse sendelinge, soos hul oordrewe en onderdanige gehoorsaamheidsin, as't ware 'n logiese uitvloeisel was van hulle onbevryde sosiale status in die breë Duitse samelewing. In hierdie kringe sou dit byvoorbeeld in dié tyd ongehoord wees om die wetlike gesagstelsel te bevraagteken. Verder bevestig die outobiografiese geskrifte van sendelinge en hul gades ("Lebensläufe"), wat alle sendelinge verplig was om by toetrede tot die sending in te dien, nie alleen hulle onderworpe sosiale status in die breë Duitse samelewing nie, maar hierdie uiters waardevolle dokumente maak dit selfs moontlik vir navorsers om allerlei meer wydlopende vrae te stel.²⁸ Vir sommige waarnemers mag dit byvoorbeeld belangrik wees om vas te stel of die herkoms van die meeste sendelinge uit 'n bepaalde streek, sê byvoorbeeld Pruise, van belang was vir die ideologiese fundering van die genootskap in sy geheel. Dat 'n fokus op die agtergrond van die sendelinge baie belangrik is wanneer enige sendinggenootskap bestudeer word, is nie weg te redeneer nie. Dit word meer as voldoende bewys deur die navorsing van Ross oor dr. John Philip. Die gevaar bestaan egter dat die indruk gelaat kan word dat die breë karakter van sendinggenootskappe as sodanig van onder af gedryf is, terwyl dit by nadere ondersoek in die geval van die Rynse Sendinggenootskap heel duidelik van bo af gedetermineer is.

In hierdie verband is dit minder bekend, maar uiters belangrik om daarop te let dat die Rynse Sendinggenootskap uit wans uit verstrik was in die sosiale elite van die Wupperstreek. Op die keper beskou, was invloede vanuit hierdie oord in der waarheid die belangrikste vormingsinvloed vir die breë karakter van die genootskap. Vanaf sy vroegste ontstaan is die Rynse Sendinggenootskap byvoorbeeld aangevoer deur welvarende kooplui. Al die stigtersvaders van die genootskap was sonder uitsondering ook leidende figure in die industriële ontwikkeling (tekstielindustrie) van die Bergiese Land.²⁹ Dit is opvallend dat die herlewing van godsdienstige waardes wat vanaf Engeland na die Duitse gebiede oorgewaai het, so geredelik ingang gevind het onder die welvarende sektor van die pre-kapitalistiese industriële wêreld. Op sendinggebied het invloede vanuit Engeland en ander Duitse sendinginisiatiewe, soos die relatiewe sukses van die sendinginstituut van pastor Jänicke, 'n sendingywer gewek wat soos 'n veldbrand onder hierdie mense in die Benede-Ryn versprei het. Hierdie twee faktore word steeds as die aanleidende oorsaak beskou wat tot die opkoms van 'n sendingideaal onder gesaghebbende industrialiste en koopmanne van die Wupperstede aanleiding gegee het. So het die inspirasie vir die stigting van die Elberveld-gebedsgroep in 1799, waaruit die Rynse Sendinggenootskap uiteindelik sy beslag gekry het en onder wie se stigterslede die koopmansgees sterk teenwoordig was, juis gekom uit die voorbeeld van Jänicke se sendinginstituut en inspirasie vanuit die Londense Sendinggenootskap. In 1818 is dit opgevolg deur die Barmen Sendinggenootskap wie se stigterslede eweens almal vooraanstaande industrialiste was. Daarna het die sendingideaal vinnig verder versprei

²⁷ VEM, *Neue Allgemeine Missionszeitschrift*, 1928, *Hundert Jahre Rheinische Mission*, p. 296.

²⁸ Vir die "Lebensläufe" (lewensbeskrywings) van die belangrikste rolspelers in die Kareeberge sien: VEM, A/f, *Lebensläufe*: Beinecke A/f 5; Lutz A/f 4; Zahn A/f 1; Alheit A/f 5; A/h 74a, *Lebensläufe der von der Rheinische Mission in den Jahren 1828-1881 ausgesandten Missionare* (Kopien), Beinecke p.88, Henriette Beinecke (nee Kannegiesser) pp. 136-138; Caroline Lutz (nee Seringhaus) pp. 101-102; Babette Lutz (nee Kühn) pp. 246-248.

²⁹ Vir meer oor die industriële ontstaan en ontwikkeling van die Wupperstede sien; W. Girardet, *Sechs Jahrzehnte Zeitgeschehen im Spiegel der Heimatzeitung: Wuppertal in der Blüte seiner entwicklung*; H.F. Becker und B. Dietz, *Verstädterung, Gross-stadtfeindschaft und Kommunale Neugliederung: Die gründung der Industriegross-stadt Wuppertal*, in Becker und Dietz, *Neues Bergisches Jahrbuch*, Band 2, Jahrgang 1985-86.

in die Rynland en Wesfale met die stigting van sendinggenootskappe in Wesel en Keulen in 1822. Toe hierdie genootskappe op 12 Mei 1828 verenig is om die Vereinigte Rheinische Gesellschaft te vorm, is in die eerste plek 'n lang gekoesterde verenigde sendingideaal uiteindelik verwesenlik. Belangriker nog is dat die baie sterk koopmanskarakter wat die individuele kleiner genootskappe gekenmerk het, deur 'n stelsel van proporsionele verteenwoordiging ook so sy verdere beslag in die direksie van die Rynse Sendinggenootskap verkry het.³⁰

Dat hierdie invloed in geen geringe mate die pionierstyd van die Rynse Sendinggenootskap oorheers het nie, blyk daaruit dat Johannes Keetman, na wie Keetmanshoop in Namibië vernoem is, vir nie minder as 36 jaar direkteur van die Rynse Sendinggenootskap was nie. Sy betrokkenheid by dié genootskap was nie alleen langdurig nie, maar weens 'n sameloop van omstandighede ook terselfdertyd uiters invloedryk. Na sy opleiding as koopman in Frankfurt en Barmen, het hy in 1820 by die Wickelhaus-bank in Elberfeld in diens getree, waar hy spoedig 'n romanse met sy invloedryke werkgewer se dogter aangeknoop het. Kort na sy troue met Emilie Wickelhaus in 1823 het hy dan ook voorspelbaar tot vennoot in die bank gevorder. So het Keetman uiteindelik toegang en beheer verkry oor van die belangrikste kapitaalkragte in die streek. So invloedryk was Keetman, dat met reg beweer kan word dat die direksie van die Rynse Sendinggenootskap vanaf sy stigting en vir etlike dekades daarna, deur sy persoon oorheers is. Talle skenkings aan die genootskap deur Keetman het dit ook moontlik gemaak om die uitbreiding van die sendingideaal te verwesenlik. Uit sy milde hand het die genootskap as geskenk onder andere grond in Unter Barmen ontvang vir die oprigting van 'n kweekskool. Die latere huis vir sendelingkinders in Barmen was ook 'n geskenk van Keetman aan die genootskap. Die besluit om die Rynse sending aan die Kaap na die Kareeberge uit te brei, is ewe-eens geesdriftig deur hom ondersteun en uiteindelik ook persoonlik gefinansier. Dit is nie heeltemal onvanpas om te beweer dat die Rynse Sendinggenootskap waarskynlik aanvanklik nie so vlot sou kon funksioneer as dit nie was vir die leidende rol wat vooraanstaande industrialiste soos Keetman, met hul bykans onbepaalde finansiële vermoëns en ruimhartige skenkings, gespeel het nie.³¹

Die ware betekenis van handelskapitaal in die vormingsjare van die Rynse Sendinggenootskap lê egter veel dieper as die voor-die-hand-liggende materiële gewin wat die genootskap ter bevordering van 'n gemeenskaplike doel geniet het. Uit die binnekring van die genootskap is daar tot dusvêr nog net met groot dankbaarheid klem gelê op die vele skenkings wat Keetman aan die genootskap gedoen het sonder om 'n veel belangriker implikasie daarvan vir die Rynse sendinggenootskap as sodanig te erken. Met die leidende industrialiste van die Bergiese Land aan die voerpunt van die sendingbeweging en uiteindelik in beheer van die Rynse Sendinggenootskap as sodanig, ontstaan die vraag in watter mate die heersende sosiale karakter van die tekstiel-industrie in die gebied sy beslag in die genootskap gekry het. Selfs 'n bloot oorsigtelike studie van sosiale verhoudinge in die oorwegend industriële Wupperstede bevestig hierdie uiters belangrike streeksinvloed op die fundering van die Rynse Sendinggenootskap. Juis daarom is dit noodsaaklik om in meer besonderhede na die ontwikkeling van sosiale verhoudinge in die Wupperstreek te kyk.

Toe die Rynse Sendinggenootskap in 1828 gestig is, was daar ten spyte van ongunstige sosiale en maatskaplike toestande in die Wupperstede, nog nouliks sprake van 'n sosiale kwessie. In hierdie stadium het die streek weliswaar 'n ongekende en onbeheerste verstedelingsproses ondergaan. Al die negatiewe sosio-ekonomiese en maatskaplike euwels wat dikwels met verstedeliking gepaardgaan, het ook in die Wupperstede geheers. Só vinnig het verstedeliking

³⁰ G. Menzel, *Die Reinische Mission*, pp. 18-23.

³¹ *Ibid.*, pp. 39, 41-42.

plaasgevind dat die Wupperstreek gedurende die eerste dekades van die 19de eeu die digste bevolkte area in die Ryng gebied uitgemaak het. Die 8 158 mense per vierkante myl in Düsseldorf het byvoorbeeld sleg afgesteek by die 15 719 mense per vierkante myl in Elberfeld alleen. Die ontwikkelende tekstielindustrie kon onmoontlik nie tred hou met die ongekende toestroming van mense na die gebied nie. Gevolglik het grootskaalse werkloosheid en armoede in die gebied geheers. Teen die 1840's was werkloosheid en reddelose armoede alreeds 'n chroniese probleem in Wuppertal.³²

Selfs vir diegene wat nog 'n werk in die tekstielindustrie gekry het, was toestande in die fabriek en selfs vir die tuiswewer meesal haglik. In 1843 het 'n anonieme tuiswewer in die plaaslike koerant op Wuppertal byvoorbeeld gekla dat 'n mens maar net na die wonings van die wewers moes kyk om te sien hoe ontsettend sleg dit met die mense gegaan het. Die meesal eenvertrek-huise was in armsalige, gevaarlike en stinkende krotbuurte geleë. Die inwoners moes hulle weg deur smal stegies, wat met vullis en riool bedek was, baan. In die wonings het alles in die teken van hopelose armoede en ellende gestaan. Alles was afgeleef, armoedig en vieslik. Die vertrek was voortdurend in so 'n rookwolk en walglike liggaamsreuke gehul dat 'n mens nouliks daarbinne kon asemhaal. In hierdie ruimtes het die hele familie die hele dag agter die weeframe geswoeg. Tussendeur het die huisvrou ook nog gesukkel om die skreeuende, chronies sieklike baba te versorg en kos op die tafel te kry. Die skrywer het gekla dat 'n mens van hierdie mense in hierdie haglike omstandighede niks goeds kon verwag nie. Die meeste vrouens was volgens hom voortdurend aan die kospotte, die weefraam of die versorging van die kinders gekluister. Sarkasties het hy bygevoeg dat die man se ontspanning in brandewyn was, sy inspirasie in 'n altyd kywende wyf omdat sy haar altyd oor kos sorg gemaak het, en sy trots in 'n klomp kinders wat voortdurend oor kos gekerm het en oor verslonste klere baklei het. 'n Ander waarnemer het by geleentheid lakonies opgemerk dat as 'n mens ellende wou leer ken, daar meer as genoeg geleentheid daartoe in die "geseënde" Wuppertal bestaan het.³³

Ondanks ernstige arbeidswaardtoestande en haglike maatskaplike kwessies onder die vroeg-industriële en handwerkersektor van die tekstielindustrie in die Wuppertal-omgewing, het 'n uitgesproke politieke bewustheid onder die breë massa nog nouliks bestaan. Die drang van die arbeider na reg en geregtigheid; die ontevredenheid en opstandigheid van die breë volksmassa en die stryd tussen werkgewer en werknemer was nog grootliks onbekend. Die era van sogenaamde sosiale vrede is nog gekenmerk deur 'n geestesingesteldheid van die 18de eeu ingevolge waarvan die opvatting dat die onderskeid tussen ryk en arm, net soos tussen meester en onderdaan, deur God of die natuur bepaal is. Hoe onbegryplik hierdie opvatting ook al vir die moderne mens mag wees, bly dit doorgewoen 'n gegewe dat maatskaplike verhoudinge, orde en vrede in die Westerse beskawing deur die eeue heen tot met die uitbreek van die Franse Rewolusie deur 'n sekere mate van regsongelykheid gehandhaaf is. In 'n ordelike samelewing van die tyd moes daar eenvoudig meesters en knegte wees. Elkeen moes sy plek in daardie samelewing ken en aanvaar, anders was dit geen ordelike samelewing nie. Dat die Franse Rewolusie met die beginsel van gelykberegting en vryheid hierdie eeue-lange ontwikkelingsgang van 'n beskawing so ingrypend en onherroeplik omvergegooi het, maak juis dat hierdie gebeurtenis so 'n mylpaal in die Westerse beskawing is.³⁴

³² E. Illner, *Bürgerliche Organisation in Elberfeld, 1775-1850*, p. 29.

³³ B. Dietz und F. Becker, Zur sozialen Lage der heimgewerbetreibenden Textilarbeiter im "gesegneten Wuppertal" - ein Bericht aus der Barmer Zeitung (1844-45), in B. Dietz und F. Becker, *Neues Bergisches Jahrbuch*, Band 2, Jahrgang 1985/86, pp. 272-291; M. Regenbrecht, Lösungsversuche der Arbeiterwohnungsfrage im Wuppertal des 19. Jahrhunderts, in Karl-Hermann Beeck, *Gründerzeit, Versuch einer Grenzbestimmung im Wuppertal*, pp. 185-194.

³⁴ H. Hoefnagels, *Een eeuw sociale problematiek*, pp. 4-5.

Hierdie nuwe idees het 'n fundamentele verandering in die wêreld- en lewensbeskouing van die laat 18de- en 19de-eeuse denke veronderstel. Dit het egter nie altyd oornag plaasgevind nie en daarbenewens nie altyd oral ewe geredelik ingang gevind nie. In die Wupperstede het die progressiewe idees van die Franse Rewolusie byvoorbeeld gestuit op die Franse oorheersing van die Napoleontiese oorloë. Soos reeds aangetoon is, was die gevolg daarvan dat daar na die oorlog 'n definitiewe konserwatiewe terugswaai na 18de-eeuse waardes ontstaan het. Eers teen die middel van die 19de eeu het hierdie idees moeisam en met horte en stote werklik ingang begin vind. Selfs kort voor die arbeidsonrus van die 1840's was politieke betrokkenheid en kennis van die politiek by die gewone man maar nog dun gesaai. Tot sy groot ontsteltenis het Friedrich Engels byvoorbeeld aan Karl Marx berig dat die enigste mense in die Wupperstede wat enige belangstelling in die politiek getoon het hom nie juis beïndruk het nie. Volgens hom was die meeste mense wat na politieke vergaderings gestroom het van die domste, luiste en die mees kultuurlose mense wat jy jou maar kon indink.³⁵ Die redes vir hierdie politieke onbetrokkenheid onder die inwoners van die Wupperstreek is baie kompleks en val buite die bestek van hierdie ondersoek. Enkeles het indirek 'n impak op die Rynse Sendinggenootskap gehad en verdien daarom om kortliks uitgesonder te word.

Die heersende sosiale orde, wat soos reeds aangetoon is, nie noodwendig ideaal of aanvaarbaar was nie, is in die Wupperstede nouliks bevraagteken. Die voor-die-hand-liggende verklaring daarvoor was enersyds omdat dit, hoe ondenkbaar ook al, deur die meeste arbeiders as redelik aanvaar is. Andersyds is 'n meer aanvaarbare verklaring dat die meeste arbeiders hulle haglike omstandighede, weens die gebrek aan 'n alternatiewe verwysingsraamwerk, as 'n gegewe beskou het. Dieselfde briëfskrywer in die plaaslike koerant in Wuppertal wat vroeër aangehaal is, het byvoorbeeld opgemerk dat die mense van die streek weens armoede al so afgestomp was dat hulle die haglike lewenswyse met 'n verstommende gelatenheid aanvaar het. "Hierdie jammerlike mense," het hy aangevoer, "is so verstand in 'n vreugdelose en moedlose lewe dat hulle 'n verbetering in hulle situasie, of selfs die hoop op 'n verbetering, moeilik as moontlik kan bedink."³⁶ In dieselfde trant het Friedrich Engels ook die politieke onbetrokkenheid van die mense in die Wupperstede probeer verklaar. In sy korrespondensie met Karl Marx het hy verontwaardig geskryf dat die mense van die streek 'n afgryslike lewe gelei het wat hulle met 'n verstommende vergenoegdheid aanvaar het. Al wat oënskynlik vir hierdie mense belangrik was, was hoeveel geld hulle kon bymekaarskraap. Kleinerend het Engels opgemerk dat hulle daagliks met so 'n oorgawe en belangstelling die pennies gesit en tel het dat 'n mens dit nouliks kon glo. Al wat verder van belang was, was om saans in die kroë te gaan sit en kaartspeel, argumenteer en rook. Klokslag om nege-uur saans het die meeste weer huis toe gegaan. Hierdie saai bestaan het hom volgens Engels dag na dag herhaal.³⁷

Afgesien daarvan dat intense armoede 'n afgestomptheid veroorsaak het wat 'n politieke bewussyn teengewerk het, was daar ook 'n ander belangrike rede hiervoor. Die twee hoofstrominge in die tekstielindustrie, naamlik spin en weef, het tot diep in die 19de eeu verskillend van mekaar ontwikkel. Werkers van die onderskeie industrieë is ook aan verskillende arbeidstoestande onderwerp. Dit het weer op sy beurt die sosiale orde van die streek grootliks beïnvloed. As die belangrikste werkverskaffer in die Wupperstreek, was die meeste tekstielwerkers van die

³⁵ E. Illner, *Bürgerliche Organisation in Elberfeld, 1775-1850*, p. 29. Vir meer oor die ontstaan en ontwikkeling van arbeidsonrus in die Wupperstede sien Jürgen Wernecke, *Die Entstehung der Arbeiterbewegung im Wuppertal*, in Karl-Hermann Beeck, *Gründerzeit, Versuch einer Grenzbestimmung im Wuppertal*, pp. 420-438.

³⁶ B. Dietz und F. Becker, *Zur sozialen Lage der heimgewerbetreibenden Textilarbeiter im "gesegneten Wuppertal"* - ein Bericht aus der Barmer Zeitung (1844-45), in B. Dietz und F. Becker, *Neues Bergisches Jahrbuch*, Band 2, Jahrgang 1985/86, pp. 272-291.

³⁷ Andreas de Kleine (red.), *Gemeindeleben in Unterbarmen*, p. 49.

gebied byvoorbeeld werksaam as handwewers. Hulle relatief onafhanklike tuisindustrie het drasties verskil van die meer fabriek-georiënteerde spinindustrie. Teen die einde van die 18de eeu en vir die eerste dekades van die 19de eeu het handwewers nie alleen die grootse sektor in die tekstielindustrie uitgemaak nie, maar na gelang van wisselende ekonomiese omstandighede, dikwels selfs relatiewe welvaart beleef. Selfs tydens tye van intense armoede was die lot van handwewers, vergeleke met die fabriek van die spinindustrie, baie beter daaraan toe. In die spinindustrie is werkers in die reël aan haglike werksomstandighede onderwerp. Daarbewens was hulle uitgelewer aan die dwang van maksimum en konstante produksie. Die handwewers was gevolglik minder geneig om hul daaglikse lot te bevraagteken.

Waarskynlik die belangrikste aspek van die tuisindustrie wat dit van die onaanvaarbare fabriekslewe onderskei het, is die feit dat arbeid volgens gesins- en familieverband tuis gereël is. 'n Belangrike aspek in hierdie verband was dat die wewer en sy afhanklikes self die ritme van hul arbeid bepaal het. So kon die tuiswerker na gelang van omstandighede en volgens eie oordeel byvoorbeeld sy eie werksure bepaal. In 'n sekere sin kon die handwerker selfs sy eie welvaart bepaal deur harder of effektiewer te werk.³⁸ Juis om dié rede is die hele gesin, wat normaalweg baie groot was, by die produksieproses betrek. Om 'n redelike menswaardige bestaan te kon voer, is die algemene huishouding selfs vanaf 'n baie vroeë ouderdom grootliks aan die jonger kinders toevertrou sodat die ouers en groter kinders voltyds hul aandag aan die wewery kon bestee. Gevolglik was gesinne bestaande uit een en twee kinders in die reël onbekend met vyf of ses die gemiddeld, terwyl agt tot tien nie uitsonderlik was nie. Sterk gevestigde beginsels wat nog uit die 18de eeu voortgeleef het, het die produksieproses in gesinsverband gekenmerk. As hoof van die huishouding het die man ingevolge sterk patriargale beginsels van die tyd, dikwels met sware hand en dwingelandy, die verdeling van arbeid en die tempo van produksie bepaal. Die voortgesette welsyn van die gesinseenheid was immers primêr onderhewig aan die ywer waarmee elke lid van die gesin onder die wakende oog van die patriarg, hom of haar onvoorwaardelik aan die stelsel onderwerp het. Van huis uit is die onderste trap van die sosiale orde van die weefindustrie dus gekenmerk deur 'n sterk outokratiese karakter. Min inisiatief is die individuele werkers toegelaat en geen weerstand is geduld nie. Gevolglik het die tuisindustrie 'n geslag werkers opgelewer wat hulle onbevryde sosiale status gelate aanvaar het, of nooit werklik in die posisie geplaas is om dit te bevraagteken nie.

Die karakter van die tuiswerkers is nie alleen bepaal deur die onbetwiste gesag van die patriarg nie, maar ook in 'n sekere sin deur intense armoede wat meesal in die industrie geheers het. Vir die meeste tuiswerkers en hul afhanklikes was dit 'n daaglikse stryd om oorlewing. Op sy beste is hulle bestaan gekenmerk deur 'n van-die-hand-in-die-tand-leefwyse. Armoede en maatskaplike probleme was volop onder handwewers, maar nog lank nie so erg soos onder fabriekswerkers nie, waar ernstige maatskaplike euwels en pouverisme die reël eerder as die uitsondering was. In handwewergesinne was kinders nietemin van jongs af so verstrik in die ekonomiese oorlewing van die gesin dat baie min ooit enige formele skoolopleiding ontvang het. Met min alternatiewe ekonomiese vooruitsigte buite die handwerkersgildes het die meeste kinders, na die voorbeeld van hul ouers, binne die weefindustrie gebly. Hier het enkeles ten minste die kans gestaan om deur toegewyde en harde werk tot meesterwerker te kon vorder. Vir diegene wat dit nie in die weefindustrie kon maak nie, was vooruitsigte in die algemeen redelik troosteloos. Op sy beste kon enkeles 'n onafhanklike maar ewe onseker bestaan as bakker, timmerman of as messelaar voer. Vir die oorgrote meerderheid was loonarbeid, meesal in fabriek, en 'n gewisse sukkelbestaan, egter hul voorland.

³⁸ A. Ross, *John Philip (1775-1851)*, pp. 53, 55-56.

Juis vanweë hierdie onsekere en beperkte ekonomiese vooruitsigte, asook die feit dat ‘n sendeling met ‘n mate van aansien bekleed is, was die moontlikheid om sendeling te word vir baie bekeerde handwerkers en ambagsmanne ‘n aantreklike alternatief. Groot getalle sendelinge is aanvanklik uit hierdie sektor van die samelewing gewerf. Dit sou natuurlik onredelik wees om te beweer dat die meeste sendelinge van die Rynse Sendinggenootskap om hierdie rede alleen sendeling wou word. Die ellelange lys van meesal onsuksesvolle aansoekers in die rekords van die Rynse Sendinggenootskap om tot die sending toegelaat te word, getuig egter ook daarvan dat die genootskap dikwels sterk moes walgooi teen kandidate wat sendeling wou word, waarskynlik om aan hul onbenydenswaardige ekonomiese posisie te ontsnap.³⁹ Daarom is onbedekte en selfs streng maatreëls in die sendingkweekskool getref om tussen ware sendingkandidate en “ekonomiese asielsoekers” te onderskei. So moes alle voornemende kweekskoolkandidate byvoorbeeld vir die eerste jaar van hul opleiding self vir hul onderhoud en verblyf in die kweekskool betaal. Om dit te kon vermag, het die direksie hulle toegelaat om vir die eerste jaar voort te gaan om hul ambagte te beoefen. Eers teen die einde van hul eerste jaar aan die seminarie is sendingkandidate, na ‘n uiters streng keuring, tot die kweekskool toegelaat. Net so is alle sendingkandidate verbied om tydens hul opleiding en selfs daarna in die sendingveld, sonder die uitdruklike goedkeuring en medewerking van die genootskap, te trou. Hierdie reël is ingevoer om onder andere moontlike “troulustige” jongmense, wat dit andersins nie sou kon bekostig om met ‘n gesin te begin nie, uit die sending te weer. So is die beperkte sendingfondse van die genootskap van onnodige uitgawes gespaar.⁴⁰

Vir so lank as wat handwerkers in die Wupperstede buite die fabriek ‘n bestaan kon maak, het die tuisnywerhede met sy sterk patriargale karakter dus bly voortleef. Terselfdertyd het dit ‘n geestesingesteldheid geskep en gehandhaaf wat belangrike voorvereistes vir goeie sendelinge daargestel het - eerlike, hardwerkende, gesagsgehoorsame manne wat nie voor die aanslae van die lewe teruggedeins het nie. Eers teen die middel van die 19de eeu het hierdie stelsel in die Wupperstede sterk onder druk van modernisasie begin kom. Die tuisnywerhede met sy eiesoortige karakter was egter een van die belangrikste vormingsfaktore in die geskiedenis van die Rynse Sendinggenootskap. Baie van die tipiese karaktertrekke van die organisasie kan nouliks ten volle begryp word as dit buite rekening gelaat word.

Die tuisnywerhede het nie alleen die eeue-oue sterk patriargale arbeidsverhoudinge in gesinsverband gehandhaaf nie. Dieselfde sosiale orde was ook tipies van die volgende vlak van die produksieproses, naamlik die verhouding tussen die koopman of fabrikant en die tuiswerker. Bykans sonder uitsondering was koopmanne en fabrikante uiters welgestelde families wat in die reël nie alleen die ekonomiese rat van die streek laat draai het nie, maar ook in die meer alledaagse lewe ‘n rigtinggewende rol gespeel het. Die gesinseenheid kon nie in isolasie tot die koopman ‘n onafhanklike bestaan voer nie. Uit hierdie oord was die handwerker immers afhanklik vir sy roustowwe en vir die afset van sy voltooide produkte. Heeltemal in teenstelling met fabriekswerkers vir wie die fabrikant ‘n gesiglose onbekende was, is die sosiale verhouding tussen die handwerker en koopman gekenmerk deur meer gereelde en persoonlike kontak. In die reël was hierdie verhoudings gebaseer op wedersydse respek en selfs ‘n groot mate van intimiteit eerder as saaklike afsydigheid. Vir die meeste handwerkers was die koopman geen gewetenlose maghebber wat hom ten koste van sy arbeiders verryk het nie. Veel eerder was dit ‘n weldoener aan wie hy nie alleen sy ekonomiese funksie tot diens gestel het nie, maar vir wie hy ook in sy verdere sosiale verkeer as sy meerdere erken en respekteer het. In hierdie stadium is die

³⁹ VEM, A/a 3, Protokollbuch der Rheinische Missions Gesellschaft, Rotulus, p. 429, “Kandidaten angemeldet aber nicht aufgenommen.”

⁴⁰ G. Menzel, *Die Rheinische Mission*, pp. 98-99.

ondernemer nog gesien as 'n vriendelike en selfs hardwerkende filantroop wat werk aan die armes verskaf het. Dit was iemand wat dit in alle opregtheid en beskeidenheid goed bedoel het met die minder gegoedes in die samelewing. Les bes was dit terselfdertyd ook iemand op wie eerbare, hardwerkende families in tye van werklike nood kon staatmaak. Die meeste handwewers het hulle gevolglik persoonlik verbonde gevoel aan hul firma. Die meeste het in eerbiedwaardige onderdanigheid buitengewone lojaliteit teenoor die sakebelange van kooplui gehandhaaf. Individuele koopmanne is dikwels selfs as 'n tipe vaderfiguur beskou wat groot agting afgedwing het, omdat hulle die armer sektor van die samelewing deur werkverskaffing wou ophef eerder as om hulle met aalmoese te verneder.⁴¹

Dat baie ondernemers in dié tyd inderdaad 'n uitgesproke filantropiese inslag gehad het, word deur talle voorbeelde bevestig. Meganisasie in die bedryf is byvoorbeeld in die eerste instansie lank teengestaan omdat dit die tuisindustrie 'n nekslag sou toedien. Indien dit sou gebeur, is gevrees dat dit die reeds onaanvaarbare vlakke van werkloosheid en armoede nog verder die hoogte in sou laat skiet. In Nederland is daar selfs in 'n stadium aangevoer dat fabrikante wie se bedryfsleiding op filantropiese motiewe gefundeer was, vir spesiale tariewe en belastingkortings in aanmerking moes kom. In die Wupperstede was daar baie ondernemers wat hierdie standpunte gehandhaaf het. Afgesien van die bekende Keetman, was die ewe invloedryke Van der Heydt-familie ook 'n goeie voorbeeld. Hierdie vooraanstaande familie van Unterbarmen, by wie koning Friedrich Wilhelm IV van Pruise gereeld besoek afgelê het, het dit as't ware as die plig van die rykes beskou om werk aan die armes te verskaf.⁴²

Uit hierdie verhoudings volg dit as vanselfsprekend dat die arbeider nie alleen sy afhanklikheid teenoor sy weldoener sou erken nie, maar dat dit ook sy plig was om hom in dankbare onderdanigheid aan sy werkgewer te onderwerp. In Nederland is hierdie denkwyse "die harmonie van sosiale opvattinge" genoem. In die praktyk het dit daarop neergekom dat die arbeider bly moes wees as hy kon werk, selfs al was lone hoe karig. Net soos in Nederland was die opvatting in die Wupperstede ook dat "een bedelaar geen praatjies hebben." Persoonlike ondergeskiktheid en om uitgelewer te wees aan die persoon van jou weldoener, is in hierdie verhoudinge toe nog nie as 'n onreg beskou nie. Veel eerder het die uitgesproke filantropie van nyweraars en die gepaardgaande neiging om armes as hulpelose onmondiges te beskou, daartoe aanleiding gegee dat die armes self mettertyd dieselfde gedagtegang gehandhaaf het.⁴³ Dit was veral die geval teen die einde van die 18de eeu nadat herhaalde pogings van owerheidskant om armoede in die Wupperstede te besweer, gefaal het. In hierdie tydperk is daar teruggeval op die idee dat armoede 'n Godgegewe lot en 'n onoplosbare probleem was wat ten beste deur die kerk beredder kon word. Hierdie kentering in owerheidsdenke het verreikende gevolge gehad in kerklike kringe, soveel te meer toe die oorsaaklike verband tussen armoede en sonde vooropgestel is. Indirek het die veldtogte teen armoede in die Wupperstede die sendingideaal nog verder gestimuleer.

In hierdie verband is dit opvallend dat die kerk, naas die oprigting van algemene armesorginstellings soos voedingskemas en ander liefdadigheidsinstellings, getrou volgens die piëtistiese wêreld- en lewensbeskouing van die tyd die konserwatiewe aanvaardingsbeginsel en idee van predestinasie vooropgestel en gepredik het. Om jou godgegewe daaglikse lot sonder teenstand te aanvaar, was die eerste en belangrikste stap in jou persoonlike saligmaking. Om soos die sendelinge jou wêreldse teenspoed te bowe te kom, was 'n persoonlike triomf en 'n

⁴¹ H. Hoefnagels, *Een eeuw sociale problematiek*, pp. 6-9.

⁴² B. Lube, *Mythos und Wirklichkeit des Elberfelder Systems*, in Karl-Herman Beeck, *Gründerzeit- Versuch einer Grenzbestimmung im Wuppertal*, pp. 176-179.

⁴³ H. Hoefnagels, *Een eeuw sociale problematiek*, p.9.

navolgenswaardige voorbeeld aan andere. Hierdie idee wat in Engelse sendingkringe as “getting on” beskryf word, was ‘n beginsel wat onder 19de-eeuse sendelinge gereeld aan hul volgelinge voorgehou is. In die Wupperstede het hierdie beginsel geredelik ingang gevind onder baie handwewers en ambagsgesinne wie se dikwels onbenydenswaardige ekonomiese situasie deur middel van godsdienste met ‘n mate van waardigheid en aanvaarding beklee is. Sendelinge wat uit hierdie sektor van die samelewing tot die sending gewerf is, het dus die tyd en gees van ‘n bepaalde streek geadem. Teen hierdie agtergrond kan daar nouliks verwag word dat hulle die rol wat leidende industrialiste in die kerk en sending gespeel het, sou bevraagteken. Dat die fundering van die Rynse Sendinggenootskap vanuit die staanspoor op die voorskrifte en norme van die sosiale elite van die Wupperstede gebaseer was, is gewis. Dit onderstreep nogmaals die argument dat daar ‘n belangrike streeksinvloed op die genootskap ingewerk het wat by die beoordeling van die organisasie altyd in berekening gebring moet word.

1.3. Kritiek op die invloed van streeksinvloede en die sosiale elite op die Rynse Sendinggenootskap

Daar bestaan twee maniere om die geldigheid van hierdie argument te toets. In die eerste plek kan die menings van tydgenootlike waarnemers en veral hul kritiek op die kerk en die sosiale orde van die Wupperstreek belangrike aanwysers wees. Tweedens kan die instruksies aan uitgaande sendelinge ‘n goeie barometer wees van hoe sterk die Rynse Sendinggenootskap deur die sosiale struktuur van die Wupperstreek beïnvloed is.

Ten opsigte van die eerste bewys die dikwels ongebreidelde kritiek van tydgenootlike waarnemers onomstootlik hoe sterk die Rynse Sendinggenootskap in die sosiale elite van die Wupperstreek verstriek was. Een hiervan was Friedrich Engels wat as kind van ‘n vooraanstaande industrialis op Unterbarmen grootgeword het. Die wyse waarop welgestelde koopmanne, volgens sy interpretasie, die sosiale orde deur middel van godsdienste tot hul voordeel in stand gehou het, het hy in geen onduidelike terme verafsku. Hoewel Engels afkomstig was uit ‘n uiters welgestelde koopmansfamilie wat diep spore getrap het in die kerklike lewe van Unterbarmen, het dit hom nie daarvan weerhou om die filantropiese inslag van die burgerklasse teenoor die armes in die Wupperstede as huigelary en misplaas te skilder nie. Watter konflikte hierdie uitsprake in die Engels-huishouding moes veroorsaak het, waar twee geslagte baanbrekerswerk in die kerklike lewe van Unterbarmen verrig het, kan ‘n mens jou nouliks indink.⁴⁴

In sy “Briefe aus Wupperthal” en latere korrespondensie met Karl Marx veroordeel hy in die eerste plek die arbeidersklasse, omdat hulle toegelaat het dat hulle só deur die vrome “geldaristokrasie” aan die neus rondgelei is. Sy mees bitsige kritiek het hy egter gerig teen die kerk in die algemeen wat in die Wupperstede so gruwelik deur ryk fabrikante en piëtistiese koopmanne tot eie voordeel uitgebuit is. In hierdie verband het hy die vrome kooplui wat so ‘n rigtinggewende rol gespeel het in die ontstaan van die sendingideaal, van ‘n “piëtistiese Bekeringswut” en geestelike hoogmoed beskuldig. Vooraanstaande industrialiste wat vóór in die sending gestaan het, is uitgekryt as mense wat met hul misplaaste filantropie en dweepsugtige godsdienste, doelbewus ‘n onaanvaarbare sosiale orde in stand gehou het. “Hulle roem hulle daarop om die ware leer in pag te hê”, skryf hy by geleentheid, “en verdoem iedereen wat ietwat aan die Bybel twyfel.” Wie nie onder die invloed van wat hy die “mystysiste” noem, gekom het nie, het volgens hom in ‘n beklagenswaardige maatskaplike toestand verval waar dronkenskap en ander euwels hoogty gevier het. “‘n Mens hoor hier elke aand die vrolike arbeiders al singende deur die strate trek. Maar dit is die vieslikste lieder wat al ooit oor brandewynlippe gekom het. Nooit hoor ‘n mens eens een van die volksliedere wat andersins in die hele Duitsland al bekend

⁴⁴ A. de Kleine (red.), *Gemeindeleben in Unterbarmen*, pp. 45-50.

is nie. Alle kroei is veral Saterdagoggende en Sondae propvol. As die kroei saans om elfuur sluit, stroom die dronkes by die kroegdeure uit en slaap hulle meesal hulle roes net daar op die sypaadjie af.”⁴⁵

Al hierdie toestande het Engels daaraan toegeskryf dat die meeste arbeiders, selfs vanaf so vroeg as hul sesde lewensjaar, in haglike werkkruimtes gestop is. Toestande in die werkplek was so haglik dat arbeiders volgens hom daar meer steenkooldampe en stof as suurstof ingesam het. Onder sulke omstandighede is hulle gevolglik vanaf ‘n jong ouderdom alle krag en lewenslus ontnem. Dit het hulle op sy beurt in “entnervde” en geeslose mense met bitter min weerstand verander. Byna weekliks is hierdie mense onder die aanslag van hul “weldoeners” tot betrande bekerings gedwing. Selfs die tuiswewer wat in verwyderde afhanklikheid tot die koopmanne gestaan het en daarom ietwat beter daaraan toe was, het volgens Engels “van die môre tot die aand met die rug gebukkend voor sy weefraam en warm stoof gesit en so sy rugmurg gesit en uitdroog.”⁴⁶

Sy felste kritiek het hy egter gerig op die vrome, voorbeeldige Christelike werkgewers, veral in Wuppertal, wat kinderarbeid so skaamteloos uitgebuit het. Van 2 500 skoolpligtige kinders in Elberfeld alleen, het 1 200 as loonarbeiders sonder enige skoolopleiding in die fabriek grootgeword. So erg was toestande waaronder kinders in die fabriek moes werk, dat die gemiddelde lewensverwachting teen 1820 nog op ‘n skamele 18 jaar gestaan het. Namate Engels steeds meer van die kerk vervreem geraak en godsdiens as sodanig toenemend meer in twyfel begin trek het, het hy al hierdie ellende vierkantig voor die deur van Christelike industrialiste gelê wat so met die godsdiens te koop geloop het. “Die ryk fabrikante het ‘n breë gewete en om een of meer kind te laat ondergaan, bring geen Piëtistiese siel in die hel nie - veral nie as hulle elke Sondag twee keer per dag kerk toe gaan nie. Dit is dan ook ‘n uitgemaakte saak dat onder die fabrikante die Piëtiste hulle arbeiders die slegste behandel.”⁴⁷

Vir die meeste kerk-en sendinghistorici van die Wupperstede was Friedrich Engels se ongetempeerde kritiek teen die kerkvaders van die streek nog altyd ‘n netelige kwessie. Die meeste mense teenoor wie hy so uitgevaar het, was immers gerespekteerde individue wat oor jare heen ‘n byna onaantasbare beeld in kerk- en sendingkringe opgebou het. Gegewe Engels se berugte ideologiese denkrigtings, sy verwerplike pogings om werkers in die Wupperstreek teen die 1840's op te sweep en veral sy verbintenis met Karl Marx, wie se idees nog nooit in kerklike kringe gewaardeer is nie, was dit egter nog altyd redelik maklik om sy argumente as die “verdrängte Sohn” van Unterbarmen gerieflikheidshalwe te ignoreer. In die jongste tyd word daar egter meer aandag aan sy kritiek bestee en terselfdertyd ook meer onbevange na sy idees gekyk. In sy **140 Jahre Geschichte der Vereinigt-Evangelischen Gemeinde Unterbarmen 1822-1962** kon Pastoor Herkenrath selfs daarin slaag om Engels, weliswaar met enige voorbehoud, ten opsigte van enkele aspekte van sy argumente gelyk te gee. Aan die einde van sy hoofstuk oor die Engels-familie, waarin hy ook Friedrich Engels se kritiek op die kerk puntsgewys analiseer, verklaar hy dat in dié tyd tog nie alles pluis was met die kerk nie. Volgens hom moes meer mense soos Johannes die Doper uitgeroep het: “Dit is nie reg nie!”⁴⁸

Terwyl Engels se kritiek teen die kerk in die Wupperstreek om verstaanbare redes in sommige kringe steeds nie aanvaarbaar mag wees nie, is dit die neiging onder baie moderne Duitse kerk-

⁴⁵ P Herkenrath, *140 Jahre Geschichte der Vereinigt-Evangelischen Gemeinde Unterbarmen 1822-1962*, p.47.

⁴⁶ *Ibid.*, p 48.

⁴⁷ *Ibid.*, p. 48.

⁴⁸ *Ibid.*, p. 51.

historici om meer onbevange na die kerklike verlede van die streek te kyk. In **Mythos und Wirklichkeit des Elberfelder Systems** neem Barbara Lube die ontwikkeling van armesorg in Elberfeld onder die loep. In haar navorsing kom sy met verbasende gevolgtrekkings voor die dag wat illustreer hoe sterk die kerk- en sendinginisiatiewe in die Wupperstede deur streeksfaktore beïnvloed is. Die primêre doel van haar navorsing was om aan te toon hoe kwessies rondom armoede in Elberfeld en omstreke aanvanklik as ‘n oplosbare owerheidsprobleem beskou is. Sy ondersoek die redes waarom pogings van owerheidskant om armoede in sy geheel te besweer, misluk het en hoe daar uiteindelik tot die algemene gevolgtrekking gekom is dat dit ‘n onoplosbare en godgegewe verskynsel was wat veel eerder onder die beskermende vlerk van die kerk tuisgehoort het. Sy kom tot die gevolgtrekking dat hierdie wending in baie opsigte niks nuuts was nie, maar bloot ‘n herlewing van 18de-eeuse denke was. Wat Lube se navorsing so belangrik maak, is haar bevinding dat toe die klem op armesorg aan die begin van die 19 de eeu vanaf die staat na die kerk verskuif is, dit deur die sosiale elite van die streek, wat in die wandel toe alreeds bykans alle sosiale verhoudinge bepaal en beheer het, aangegryp is om hul aansien in die samelewing te verhoog. Sy gaan selfs so ver om te beweer dat baie die geleentheid aangegryp het in ‘n poging om doelbewus hul finansiële belange te beskerm. In wat sy die “Mythos von die Väter” noem, staaf sy hierdie argument deur indringend na die reputasie van twee bekende stadsvaders van Elberfeld, Daniel van der Heydt en Dawid Peters, te kyk.

Vir etlike dekades al geniet beide ‘n onbevleete reputasie van “goedige patriarge, suksesvolle koopmanne en energieke ondernemers“, wat hulself altyd heel onselfsugtig vir die belange van hul naaste beywer het. Op die oog af het hulle onbaatsugtige liefdadigheid verrig sonder om ooit iets in ruil daarvoor te verwag of ontvang het. Lube toon egter aan dat beide, net soos Keetman na hul koopmans- en bankiersopleiding, met vooraanstaande vroue van die sosiale elite in Elberfeld getroud is. So het hulle ‘n belangrike vastrapplek in die grootburgerklasse van die stad verkry. Onder hierdie groep was alombekende en steeds gerespekteerde families in Elberfeld soos Siebel, Schniewind, Frowein, Bemberg, Meckel asook die uiters invloedryke Wickelhaus bankiersfamilie, met wie Keetman, soos reeds aangetoon is, baie noue bande gehad het. Deur ‘n kritiese bronne-analise te doen van die vernaamste geskrifte wat oor Van der Heydt verskyn het, toon Lube aan dat die reputasie wat Van der Heydt byvoorbeeld nog altyd geniet het, deur sy invloedryke familie en koninklike konneksies geskep en in stand gehou is. Sy kom tot die gevolgtrekking dat die filantropiese betrokkenheid van leidende industrialiste by die kerk en sendingbeweging in die algemeen, altyd meer met sosiale prestige en ekonomiese eiebelang as enigiets anders te make gehad het.⁴⁹

Die navorsing van Lube bewys onteenseglik dat Friedrich Engels se kritiek nie heeltemal ongegrond was nie. Daar was inderdaad ‘n belangrike, hoewel nie noodwendig wenslike, streeksinvloed op die ontwikkeling van die Rynse sendinggees. Belangriker nog is dat baie van hierdie invloede met die alreeds konserwatiewe Duitse interpretasie van Piëtisme versmelt het en sodoende die uiters streng, konserwatiewe en selfs iewat wêreldvreemde beeld van die Rynse Sendinggenootskap vergestalt het. ‘n Mens hoef maar net te kyk na die instruksies aan uitgaande sendelinge wat met die stigting van die genootskap in 1828 geformuleer is en waarin Keetman ongetwyfeld ‘n groot aandeel gehad het, om te besef hoe sterk die Rynse Sendinggenootskap die gees en karakter van die Wupperstreek geadem het.

Die sterk patriargale verhoudinge en oordrewe gehoorsaamheidsin, wat so kenmerkend was van die industriële sosiale verhoudinge van die streek, is die eerste wat in die instruksies opval. Soos

⁴⁹ B. Lube, *Mythos und Wirklichkeit des Elberfelder Systems - Der Mythos von den Vätern* in Karl-Hermann Beek, *Gründerzeit - Versuch einer Grenzbestimmung im Wuppertal*, pp. 176-184.

Menzel heel tereg opmerk, is dit inderdaad asof die ontvanger van die instruksies terselfdertyd in 'n orde opgeneem is waarin die ou gelofte van armoede, kuisheid en gehoorsaamheid streng sou geld. Die instruksies betreffende gehoorsaamheid en die verskeie maatreëls wat die direksie getref het om dit af te dwing, herinner ook opvallend baie aan die verhouding tussen werkgewer en onderdaan in die Wupperstede. Daar is werkers ook niks beter geag as skoliere nie. Afgesien van gehoorsaamheid aan God, is alle sendelinge uitdruklik gemaan dat hulle in hulle sending-werksaamhede altyd die direkteure van die sendinggenootskap moet erken as die opperste leidende en besluitnemende gesag. "Die hele aard van ons verbinding sal vir julle voldoende sekerheid gee sodat hierdie toesig nie 'n drukkende juk sal wees nie, maar 'n vaderlike leiding."⁵⁰

Die "vaderlike leiding" waarvan hier sprake is, was wel meesal vanuit die perspektief van die sendelinge self, dié van 'n regverdige vader. Vir die buitestaander lyk dit egter veel meer na dié van 'n uiters streng patriarg, waar pligte op pligte gestapel is. 'n Mens wonder onwillekeurig of sommige sendelinge nie dikwels stilweg die gevoel moes gekry het dat baie van die instruksies inderdaad 'n drukkende las was nie. Vir so 'n gebeurlikheid het die streng patriargale en outokratiese direksie van die Rynse Sendinggenootskap egter deeglik voorsiening gemaak. Gehoorsaamheidsweiering is daarom van die begin af gelykgestel met godsdienstige dwaling. Dit was die ergste vorm van insubordinasie en die direksie het nie geskroom om die ergste strafmaatreël, naamlik skorsing, toe te pas nie. So is die sendeling Von Wurmb byvoorbeeld in 1833 sonder aarsel geskors toe hy op aandrang van die Kaapse regering, maar sonder toestemming van die direksie en sonder om eers met sy medebroeders oorleg te pleeg, 17 000 ha grond in naam van die genootskap aangekoop het om Eben Ezer te stig.⁵¹ Insgelyks is eerwaarde Lutz met skorsing gedreig toe hy aanvanklik, soos agterna sou blyk met goeie rede, onwillig was om na Amandelboom te gaan.⁵² En om doodseker te maak dat gehoorsaamheidsweiering nie 'n gereelde verskynsel sou word nie is daar bepaal dat, indien sendelinge binne die eerste vyf jaar van hul diens bedank of weens ernstige misdrywe geskors sou word, sodanige persoon aanspreeklik gehou sou word vir alle gelde wat tot op datum aan hom bestee is.⁵³

Dit is ook opvallend dat al die verdere instruksies aan sendelinge onderhewig gestel is aan die uiters streng gehoorsaamheidsklousule, al was sommige hiervan ook hoe onprakties, bykans onredelik streng en meesal duidelik nie gerig op Suid-Afrikaanse toestande nie. Soos later sal blyk, was die vooropgestelde idees van die direksie van selfonderhoudende Christelike gemeentes aan die Kaap, na die voorbeeld van Europese Middeleeuse dorpieë, hier nie altyd moontlik nie. Afgesien van Wuppertal in die Sederberge, waar die konsep grootliks geslaagd was, het verskeie faktore in ander streke hierdie idee onprakties en onuitvoerbaar gemaak. Die geografie van die Kareebergstreek, om maar net een belangrike faktor te noem, het die meeste veebesitters van die gebied tot 'n nomadiese bestaan genoop. Op bepaalde plekke was permanente vestiging doodgewoon nie moontlik nie. Tog het die Kareebegsendelinge, op aandrang van die direksie, maar teen die wette van die natuur in die streek vir ten minste die eerste aantal jare van hul verblyf daadweklik gepoog om hul swerwende gemeente tot permanente vestiging te oorreed.

⁵⁰ G. Menzel, *Die Rheinische Mission*, p. 98. Vir die spesifieke instruksies aan Lutz en Beinecke sien: VEM, A/h 70, *Reise abfertigungen und Reise-instruktionen der ersten ausreisenden Missionare, 1829-1844*, *Reise-instruction für Brüder Lutz, Hahn und Knudsen*, No 73; *Reise - instructionen.....Rath, Scheppmann, Kolbe und Beinecke*, No 93.

⁵¹ *Ibid.*, p. 98.

⁵² VEM, B/C I 19, Lutz, *Tagebuch No 8 von J.H. Lutz, Alheit-Lutz, Tulbagh, 17-1-1845*.

⁵³ G. Menzel, *Die Rheinische Mission*, p. 99.

Die meeste Rynse sendelinge het aan die Kaap ook in afgeleë gebiede onder arm gemeenskappe gewerk waar die uiters streng armoede-en kuisheidsklousules vir die meeste mettertyd 'n beproewing moes gewees het. In die instruksies word dit baie duidelik gestel dat die sending grootliks selfonderhoudend moes wees en dat die sendelinge grootliks van vrywillige gawes moes leef: "Maar julle, geliefde broers, sal nie vergeet waar hierdie potskerf vandaan kom nie. Ons neem aan dat julle immers ook graag, ter wille van die Here, julle tot die allernoodsaaklikste sal wil beperk. In julle begeertes sal julle, selfs nie eens een keer, die miskien meer gemaklike situasie van sendelinge van ander genootskappe as maatstaf neem nie. Ons verwys julle na die voorbeeld in die woorde van die apostels en ons verwys julle ook na die algemene ervaring van sendelinge in die heidenveld, dat welvarendheid gewoonlik vir 'n sendeling net so skadelik is as wat dit 'n slegte indruk op die heidene maak."⁵⁴ In dieselfde trant het die direksie aan die Kaapse regering geskryf toe hulle aansoek gedoen het om die Kareebergse sending goed te keur. Die direksie het dit benadruk dat hulle en die aangewese sendelinge wat daar sou vestig, terdeë bewus was onder watter omstandighede hulle sou moes werk. Dit was bekend dat die Kareebergstreek 'n ongenaakbare woestyn was wat baie eise aan sy inwoners gestel het. Hulle het egter dadelik bygevoeg dat dit geen belasting vir die Kaapse regering sou wees nie, want "neither the society nor our missionaries, go in search of worldly riches or pleasures - they would not be detained by this circumstance from fulfilling the desire of those people to have the holy gospel preached to them."⁵⁵

Hoewel die meeste Rynse sendelinge, gegewe hul agtergrond en godsdienstige opvattinge, geen luukse leefwyse nagestreef het nie, was dit dikwels doodgewoon moeilik en by tye selfs onmoontlik om altyd liggaam en siel met vrywillige gawes aanmekaar te hou. Op Amandelboom dui die lysie van vrywillige bydraes wat aanvanklik noukeurig deur Lutz aangeteken is, dat die sendelinge vir maande 'n bra saai dieet bestaande uit vleis, eiers en melk gevolg het. Gedurende ernstige droogtes, wanneer die meeste gemeentede self in hongersnood verval het, het die vrywillige bydraes dan ook meesal heeltemal opgedroog.⁵⁶ Selfs wanneer dit soms beroerd gegaan het, het dit egter nog nie beteken dat die direksie outomaties met geldelike hulp gereedgestaan het nie. Daarvoor was die sendingfondse in Duitsland, volgens die suinige Väter, net te skraps. Die argument was dat die genootskap nie geld wou spandeer aan gemeentes waar "die Christendom alreeds aan die werk" was nie, want dit sou dan ten koste van ander gebiede wees waar dit nog glad nie bestaan het nie. Sendinggemeentes moes so gou moontlik heeltemal selfonderhoudend word. Saam met hierdie opdrag het meesal ook 'n vermaning gekom. Eerwaarde Lutz is byvoorbeeld gewaarsku dat wanneer die Bastergemeenskap geld aan die sending bewillig het, hy dan ook doodseker moes maak dat hy wel die gelde ingekry het. As die gemeente hulle woord sou verbreek, het hulle gewaarsku, kon hy nie eenvoudig aanvaar dat die genootskap outomaties die tekort sou aanvul nie.⁵⁷

Behalwe dat die direksie dikwels bra snoep was met befondsing, was hulle boonop heeltemal behep met die idee dat armoede vir 'n mens se sieletoestand meer goed as kwaad ingehou het. Telkens wanneer eerwaarde Lutz byvoorbeeld teenoor die direksie gekla het dat hulle met saamgeflante en tydelike geboue op Amandelboom moes klaarkom, het die direksie gewoonlik gereedgestaan met die opdrag dat hy nie onnodig geld aan geboue moes verkwis voordat die

⁵⁴ Ibid., p. 97.

⁵⁵ VEM, A/c 8, Lit C, Copier Buch, 1843-1847, Deputation-Maitland, Elberfeld/Barmen, 16-8-1844.

⁵⁶ VEM, B/C I 19, Lutz, Beilage zu Tagebuch No 9, "Einname von den Bastards für die Mission, von anfang Januar bis ende Juni 1846."

⁵⁷ VEM, A/c 9, Lit D, Copier Buch, 1848-1856, Deputation-Lutz, Elberfeld/Barmen, 15-12-1847.

permanensie van die stasie nie verseker was nie. Meesal het 'n lang sedepreek oor die heilsaamheid van armoede egter gevolg.⁵⁸ By geleentheid het die direksie selfs vermoed dat die Kareebergsendelinge nie die armoedsklousule in hulle opdragte heeltemal ter harte geneem het nie. In 1854 het hulle byvoorbeeld aan die finansiële kommissie van die genootskap in Stellenbosch opdrag gegee om die inkomste en uitgawes van die Amandelboomsdelinge onder oë te neem. Dit was opvallend, het hulle aangevoer, dat die Basters in dié jaar 115 pond sterling tot die onderhoud van die sendelinge bygedra het, maar dat eerwaardes Lutz en Beinecke desondanks nog steeds hulle volle salaris getrek het. Erger nog was dat die sendelinge ook nêrens verslag gedoen het oor hoe dié inkomste bestee is nie.⁵⁹

Selfs wanneer geldelike skenkings vir 'n bepaalde doel aan die genootskap gemaak is, het die Väter eers deeglik besin of dit heilsaam vir die bepaalde stasie of sendeling sou wees. Na aanleiding van eerwaarde Lutz se berigte oor hulle onsekere situasie op Amandelboom en die publisiteit wat daaraan in die *Missions Blatt* gegee is, het 'n anonieme skenker byvoorbeeld geld bewillig om 'n stuk grond vir die Basters aan te koop. Helaas het die Amandelboomsdelinge dié skenking nooit gesien nie. Die direksie het bloot aan Lutz en Beinecke geskryf dat dit 'n voorbeeld was van hoe die Here "gewillige harte" in Duitsland gebruik het om hulle werk te seën.⁶⁰ In 'n moedswillige moment kan 'n mens jou net indink dat die Amandelboomsdelinge, wat op daardie stadium nog steeds in armoedige, ondigte kamertjies aan die elemente blootgestel was, dié brief met knersende tande moes geles het. Selfs toe die sendelinge later hande in die hare gesit het oor die onsekere toekoms in die Kareeberge en 'n desperate poging wou aanwend om Amandelboom vir die Basters aan te koop, het die direksie die plan afgekeur. Hoewel hulle in beginsel saamgestem het met die idee om grondgebied vir die Basters aan te koop, het hulle beslis dat dit vir die Basters meer skadelik as goed sou wees as die genootskap so 'n plan sou befonds: "As 'n mens sommer net vir die Basters die middele gee wat hulle benodig, dan bly hulle doodgewoon in hulle veeherdersmentaliteit versonke. Eers as hulle self alle kragte aanwend om die stuk grond te bekom, hard werk daarvoor om dit bymekaar te baklei en te beskerm, kan hulle dit met die seën van die Here as hulle regmatige eiendom beskou."⁶¹

Die armoedsklousule moes vir baie sendelinge inderdaad 'n groot beproewing gewees het. Ironies genoeg was die meeste sendelinge opgeleide vakmanne en onderwysers wie se dienste aan die Kaap nie alleen groot in aanvraag was nie, maar wat selfs 'n lonende inkomste kon bied ter ondersteuning van die sending. Waar individuele sendelinge dit egter gewaag het om sonder vooraf goedkeuring van die genootskap geld vir hul dienste te vorder, het dit hulle in ernstige moeilikheid by die Väter laat beland. Selfs in gevalle waar die fondse uitsluitlik ter ondersteuning van die sending aangewend is, het die direksie nie sonder meer hul goedkeuring daaraan verleen nie. So moes die Kareebergsendelinge byvoorbeeld bontstaan met verduidelikings toe dit op die lappe gekom het dat eerwaarde Beinecke geld gevorder het vir sy mediese dienste onder die naburige blanke inwoners. As gevolg van die gebrek aan dokters in die streek, was die direksie aanvanklik beïndruk toe hulle verneem het dat eerwaarde Beinecke met sy homeopatiese middels dikwels vir die mense van die streek tot diens kon wees. Toe een na die ander verslag van Amandelboom amper net oor Beinecke se "praktyk" begin handel het, en dit boonop uitgelek het

⁵⁸ VEM, C/c 11b, Protokollbuch der Stellenbosch Spezial und Generalkonferenz, 1834-1849, Protokoll von aussergewöhnlichen Konferenz gehalten zu Stellenbosch, 9-9-1846; VEM, A/c 9, Lit D, Copier Buch, 1848-1856, Deputation-Stellenbosch Spezial Konferenz, Elberfeld/Barmen, 13-6-1848.

⁵⁹ VEM, A/c 10, Lit E, Copier Buch, 1857-1868, Deputation-Kassa Commission Stellenbosch, Elberfeld/Barmen, 14-8-1854.

⁶⁰ VEM, A/c 9, Lit D, Copier Buch, 1848-1856, Deputation-Lutz/Beinecke, Elberfeld/Barmen, 20-12-1849.

⁶¹ *Ibid.*, Deputation-Lutz, Elberfeld/Barmen, 8-3-1853.

dat hy dit nog teen betaling ook gedoen het, het die Väter onraad begin vermoed. Bloot die vermoede dat Beinecke se aanvullende inkomste selfverrykend en ten koste van sy pos as onderwyser kon wees, het hulle behoorlik laat ontplof. “Waar die hart van vol is, loop die mond van oor en daar skryf die hand oor,” het hulle hom toegesnou in ‘n lang brief waarin hy behoorlik die kop gewas is. Volgens hulle het dit wat eintlik bysaak moes wees, oënskynlik hoofsaak vir hom geword. Dit was streng teen die reëls om ‘n tweede beroep naas die sending te beoefen. Die direksie het eerwaarde Beinecke daarvan beskuldig dat hy hierdie reël oortree het en besig was om van die weg af te dwaal. ”In elk geval,” het hulle snedig voortgegaan, “as jy arts wil wees moet jy goed opgelei wees. Dit is wel moontlik dat ‘n mens uit ondervinding die meer algemene siektes mag herken en die nodige middels daarvoor kan gee, maar dit maak nog geen dokter van jou nie. ‘n Dokter moet ‘n deeglike kennis van die liggaam hê - dit het jy nie en kan dit ook nie kry nie.”⁶² So oortuig was die direksie dat Beinecke homself kon verryk het, dat dit elletlange korrespondensie van eerwaarde Lutz en Zahn oor die heilsaamheid van eerwaarde Beinecke se mediese dienste vir die sending gekos het, voordat die direksie met groot voorbehoud, sy ”praktyk” teësinig goedgekeur het.⁶³

Die afgesonderde sendingstasies waar meesal ongetroude sendelinge werksaam was, het ook geen moontlikheid gebied om ‘n geskikte lewensmaat te vind nie. Die streng kuisheidsklousules in die instruksies het trouens bykans abnormale eise aan die sendelinge gestel. Soos dit dikwels op ander sendingstasies ook die geval was, is die ongetroude Amandelboomsendinge ongetwyfeld ook dikwels aan allerlei vleeslike versoekings blootgestel. Uit die dagboeke van die Kareeberg-sendinge is dit byvoorbeeld duidelik dat hulle op die afgesonderde sendingstasie dikwels vereensaam het. Elke keer as daar onverwagte besoekers op Amandelboom opgedaag het, was veral eerwaarde Lutz oorstelp van vreugde.⁶⁴ Vir die buitestander kon die vroom lewenswyse van die sendelinge ook vereensaming in die hand gewerk het en die behoefte aan ‘n lewensmaat aangewakker het. Soos reeds vroeër opgemerk is, was dit aanvanklik die doel dat sendelinge glad nie mog trou nie. Weens talle voor-die-hand-liggende redes, sekerlik nie met vroue uit hul gemeentes nie. Hierdie reëling is later aangepas toe bepaal is dat sendelinge eers na vyf jaar diens daaraan kon dink om te trou. Selfs dan kon dit ook slegs met die uitdruklike goedkeuring en medewerking van die direksie geskied.⁶⁵

Groot was die skok en woede van die direksie dus toe hulle kort na eerwaarde Beinecke se aankoms aan die Kaap uitgevind het dat hy voor sy vertrek uit Duitsland, oënskynlik stillettjies, aan Henriette Kannegiesser verloof geraak het. Dit was ‘n oortreding van een van die mees basiese reëls van die genootskap. So ‘n oortreding sou die streng Väter nie sommer so gelate aanvaar nie. In ‘n lang skeldbrief het hulle, sonder om doekies om te draai, hul teleurstelling en woede aan hom bekend gemaak: ”Jy mag nie trou nie. Jou verlowing was die domste ding wat jy aan die vooraand van jou roeping as sendeling kon doen,” het hulle hom toegesnou. ”Jy is nou soos ‘n man wat met ‘n groot blok aan die been op ‘n lang reis wil gaan. Jou verlowing moes jy so ver as moontlik uitgestel het en dit aan die Here (lees Direksie) oorgelaat het om oor die bestemde tyd vir jou troue te besluit. As jy vinnig wil trou, moet jy nie ‘n sendingonderwyser

⁶² VEM, A/c 9, Lit D, Copier Buch, 1848-1856, Deputation- Beinecke, Elberfeld/Barmen, 21-2-1853.

⁶³ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 17 von J.H. Lutz vom 20-3-1851 bis 22-2-1851, Lutz - Inspector Wallman, Amandelboom, 30-6-1852; Lutz-Deputation, Amandelboom, 27-9-1852; VEM, Berichte No 3, 1854, pp.36-41; VEM, B/C I 23, Beinecke-Väter, Amandelboom, 13-5-1850; Beinecke-Herr Inspector, Amandelboom, 19-3-1852; VEM, A/a 5 Lit E, Protokollbuch der Rheinische Missions Gesellschaft, 1850-1855, Sitzung der Deputation, 10-1-1853; Februar 1853; April 1853; VEM, C/c 8b, B2, Präsesakten Korrespondenz, 1852-1857, Deputation - Wallman, 30-11-1854, Reise von Bruder Zahn nach den Cederbergen, Kareebbergen und Prieska am Oranje fluss in Mai und Juni 1853.

⁶⁴ Ibid., Tagebuch No 8 von J.H. Lutz vom 20-11-1845 - 16-4-1846.

⁶⁵ G. Menzel, *Die Rheinische Mission*, p. 98.

word nie, maar eerder 'n pos as 'n regeringsonderwyser aan die Kaap sien te kry. In sodanige geval herinner ons jou daaraan dat jy 'n verpligting teenoor ons en die kassier het. Jy sal dan die aansienlike bedrag wat tot dusver aan jou bestee is, alles moet terugbetaal." Behalwe hierdie dreigement, het die agterdochtige Väter 'n nog veel ernstiger oortreding vermoed. "As jou verlowingsaangeleentheid 'n set van jou kant was om vroeër te trou, dan het dit misluk." Weliswaar het hulle bygevoeg dat hulle tog gehoop het dat hulle ten opsigte van hierdie vermoede verkeerd was.⁶⁶

Eerwaarde Beinecke se ondeurdagte en ongeoorloofde verlowing was in die oë van die direksie 'n ernstige klad op sy naam. Uiteindelik het dit hom indirek ook duur te staan gekom. Hoewel dit nooit so direk genoem is nie, is dit duidelik dat die direksie die ordening van Beinecke langer uitgestel het as wat hulle dit waarskynlik andersins sou gedoen het. Na sy vestiging op Amandelboom het dit nog lang, rooskleurige getuigskrifte van eerwaarde Lutz gekos voordat hy georden is.⁶⁷ In die tydperk voor sy ordening het eerwaarde Beinecke, behalwe kos en verblyf, geen salaris van die genootskap gekry nie.⁶⁸ In watter mate dit 'n strafmaatreeël van die genootskap was om Beinecke so aan die armoede te kluister, is moeilik te bepaal. Andersyds kan dit ook nie heeltemal uitgesluit word nie. Selfs toe hy in die skeldbrief opdrag gegee is om saam met Lutz na die Kareeberge te gaan, het die direksie dit duidelik gemaak dat hy steeds geen salaris van hulle moes verwag nie. Hulle was slegs bereid om hom met sy reiskoste uit te help. Die idee was dat hy in die Kareeberge vir kos en verblyf by "ou Sixteen," die boer wat die Kommissie van Ondersoek ontmoet het, as plaasonderwyser moes gaan werk. Om naas sy mislukte trouplanne enige moontlike ander verwagtinge by Beinecke daar en dan die nek in te slaan, het hulle bygevoeg: "Sodra jy jouself kan onderhou, beteken dit nog nie dat jy daarom outomaties aanspraak kan maak op toelating as 'n betaalde sendeling nie. Jou toelating sal van jou gedrag afhang. Wees verseker dat dit ons wens is om dit wel in die toekoms te doen, maar jy moet eers die Here vra om jou die nodige wysheid en trou, veral opregte trou, te gee."⁶⁹ Eerwaarde Beinecke sou later nog 'n keer van "trouustigheid" beskuldig word voordat hy uiteindelik georden, getroud en in die goeie boeke van die direksie sou beland.⁷⁰

Gegewe die streng kuisheidsklousules en die direksie se ferm opvatting dat die Here oor jou troudatum moes beslis, is dit opvallend in die dagboeke van die sendelinge hoe versigtig-optimisties, met groot omhaal van woorde en lang verduidelikings daar dikwels te werk gegaan is om die direksie aan die verstand te probeer bring dat hulle 'n behoefte aan 'n vrou gehad het. So skryf eerwaarde Lutz dat as iemand hom voor sy koms na Afrika in Duitsland voor die keuse sou gestel het om sy lewe lank van water en brood te moes leef, of, as getroude jare lank bandiete arbeid sou moes verrig, hy sonder veel moeite eersgenoemde sou gekies het. Na 'n paar maande in die afgesonderheid van die Kareeberge, skryf hy, dat hy tog grondig van mening verander het!⁷¹ Wanneer die direksie, meesal teen alle verwagtinge in, hulle goedkeuring aan die troubehoefte van 'n sendeling gegee het en die persoon nie self 'n geskikte kandidaat in Duitsland kon uitwys

⁶⁶ VEM, A/c 8, Lit C, Copier Buch, 1843-1847, Deputation - Lutz, Elberfeld, 28-6-1844; 1-8-1844; 8-2-1847; Deputation - Beinecke, Barmen, 18-6-1845; Ibid, Lit D, Copier Buch, 1848-1856, Deputation - Beinecke, 21-2-1853.

⁶⁷ Vem, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 9 von J. H. Lutz vom 7-4-1846 - 21-7-1846; VEM, A/c 8, Lit C, Copier Buch, 1843-1847, Deputation - Beinecke, Elberfeld, 13-2-1847.

⁶⁸ VEM, C/c 11b, Protokollbuch der Stellenbosch Spezial und Generalkonferenz, 1834-1849, Protokoll von Stellenbosch Spezial Konferenz gehalten in Stellenbosch, 14-19 Januar 1846.

⁶⁹ VEM, A/c 8, Lit C, Copier Buch, 1843-1847, Deputation-Beinecke, Barmen, 18-6-1845. Vir meer oor Beinecke se opdrag om by ou Sixteen te vestig en sy rol in die onderwysbehoefte van die streek sien: Ibid., Deputation-Maitland, Elberfeld/Barmen, 9-8-1844.

⁷⁰ VEM, B/C I 23, Beinecke-Herr Inspektor, Amandelboom, 26-7-1846; 23-10-1851; VEM, A/c 8, Lit D, Copier Buch, 1843-1847, Deputation-Beinecke, Elberfeld, 13-2-1847.

⁷¹ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 9 von J. H. Lutz vom 7-4-1846 bis 21-7-1846, Lutz-Herr Inspektor, Kaapstad, 17-9-1846.

nie, was hy uitgelewer aan die oordeel van die direksie om 'n geskikte bruid uit te kies. Vir die ontvanger van so 'n toegestuurde bruid was daar natuurlik altyd die gevaar, in meer aardse oomblikke, dat die keuse van die direksie nie heeltemal in die smaak van die voornemende bruidegom kon val nie, soos inderdaad met eerwaarde Lutz gebeur het.

Toe Lutz in 1846 toestemming verleen is om te trou en hy meegedeel is dat hy sy uitgekose bruid, Carolina Seringhaus, ses maande later in Kaapstad moes ontmoet, het hy in byna kinderlike afwagting vir hom 'n beeltenis van sy voorgenome lewensmaat opgebou. Met hul eerste kennismaking in Kaapstad het hierdie vooropgestelde idees egter nie heeltemal met die werklikheid gestrook nie. Presies wat hom so aan Carolina gepla het, is nie bekend nie. In 'n openhartige brief aan die direksie waarin hy sy vertwyfelde hart uitstort, meld eerwaarde Lutz wel dat hy by die eerste aanblik van sy voorgenome huweliksmaat ernstig aan hul oordeelsvermoë getwyfel het. Die oordeel van die Väter in hierdie uiters persoonlike saak, net soos in alle ander besluitnemings, was egter geen wêrelds-geïnspireerde besluit nie. Dit was veel eerder 'n weldeurdagte proses wat deur gebed en sielewroeging voorafgegaan is. In werklikheid het dit as't ware die vorm van 'n goddelike verordening aangeneem. Daarom kon dit nie sonder meer geïgnoreer word nie. Vir 'n onwillige bruidegom was weiering in hierdie saak dus redelik ernstig. Dit sou verseker 'n ernstige klad op sy beroep as godsman wees as hy dit sou durf waag om die oordeel van die direksie so openlik te bevraagteken. Na lang wik en weeg, wel wetende watter gevaar hy by die direksie geloop het, het eerwaarde Lutz ruitelik en manmoedig teenoor die direksie gebieg dat sy aanvanklike vooropgestelde idees en vertwyfeling oor Carolina as't ware 'n sondige swakheid in hom openbaar het. Selfvoldaan het hy egter verklaar dat hy dit wel raakgesien het en dat sy eie sondigheid vir hom 'n belangrike lewensles ingehou het. "As 'n mens om A bid, dan moet jy ook met B tevrede kan wees." "En as dit dan moet," het hy verder bygevoeg, "moet 'n mens ook tot by Z kan gaan." Om sy eie sedepreek af te sluit, het hy tot die gevolgtrekking gekom dat as die Here hom oor elke haar op ons hoof ontferm, Hy ook 'n aandeel gehad het in die keuse van Carolina as sy bruid. Dan sou dit verkeerd, selfs sondig, van hom wees om haar nie te aanvaar nie. Eers toe, het hy verder gebieg, kon hy hom so ver bring om haar teen die bors te druk en 'n soen te gee!⁷²

Selfs in 'n verwyderde situasie is daar min inisiatief aan individuele sendelinge oorgelaat. Daar is selde indien ooit na 'n mening gevra en alles is min of meer voorskriftelik vanuit Duitsland beheer. Afgesien van enkele uitsonderings het die meeste sendelinge hulle, soos getroue onderdane, die sware hand van die Väter laat welgeval. Soos uit hul dagboeke duidelik blyk, het die Rynse sendelinge nie alleen 'n heilige ontsag vir die direksie gehad nie, maar hulle selfs ietwat gevrees. Soos oordrewe, ondergeskikte onderdane is die meeste versoeke aan die direksie amper kinderlik in stroperige trant afdesmeek. Wanneer die direksie soms teen alle verwagtinge in aan 'n bepaalde versoek voldoen het, het 'n kwistige lofrede van dankbaarheid normaalweg gevolg. Nadat eerwaarde Lutz oor die aanvanklike teleurstelling van sy voorgenome lewensmaat gekom het, het hy byvoorbeeld aan die direksie geskryf: "Onder stille trane van vreugde en dankbaarheid het ek weer in my klein, eensame kamertjie gehuil en uitgereik na u gees, liewe vaders - dienend, God prysend vir Sy genadige heerskappy; en oor die getroue vaderlike sorg wat Hy vir my in u hart gelê het. God beloon u ryklik vir hierdie liefde wat aan my bewys word, in hierdie en in die toekomstige lewe - dit is my hartewens aan God, vir u, dierbare vaders. Ek het u so lief. Ag ja, u het immers 'n vaderhart, u kan verskoon wat andere nie kan nie, u kan voorberei, erbarm oor en deur die genade van God wat in u woon, nog soveel meer goeds doen."⁷³

⁷² Ibid., Lutz-Herr Inspector, Kaapstad, 20-12-1848.

⁷³ Ibid., Lutz-Herr Inspector, Kaapstad, 17-9-1846; Lutz-Väter, Kaapstad, 27-10-1846.

Dit is opvallend dat namate die Rynse sendelinge aan Suid-Afrikaanse gewoontes en toestande gewoon begin raak het en sekere onbenullige leemtes in hul opleiding gemerk het, hoe versigtig daar te werk gegaan is om hul idees oor te dra sonder om die gevreesde aanstoot te gee, of in hul voortvarende inisiatief verkeerd vertolk te word. Selfs alledaagse praktiese voorstelle is alleen met die grootste omhaal van woorde en verontskuldigings gewaag. Toe eerwaarde Lückhoff by 'n paar geleenthede sleg van 'n perd geval het, het hy byvoorbeeld versigtig laat blyk dat die direksie, naas teologiese onderrig, ook gerus daaraan kon dink om voornemende sendingkandidate ordentlik te leer perdry. Om sy voorstel te staaf, het hy voorbeelde van ander sendelinge aangehaal wat dieselfde pynlike ervaring gehad het.⁷⁴ Net so het Lutz ook ewe verontskuldigend laat weet dat dit noodsaaklik was vir sendelinge aan die Kaap om een of ander musiekinstrument, veral die viool, te kon bespeel. Op sigself was dit nie 'n dramatiese voorstel nie. 'n Mens moet egter in ag neem dat die viool in sendinggeledere aan die Kaap grootliks met 'n sondige gefuif en danse geassosieer is. Sommige sendelinge het selfs by elke geleentheid wat hom in die gemeente voorgedoen het om hulle hande op die sondige "duiwelsinstrument" te lê, nie geaarsel om dit teen die eerste, beste klip stukkend te slaan nie.⁷⁵ Die meeste van hierdie verhale is in Duitsland aangehaal as voorbeelde van hoe nougeset die sendelinge hulle beywer het om 'n vroom lewenswyse in hulle gemeentes te kweek en die sonde ten alle koste af te weer. Gegewe al die negatiewe verhale wat die preutse Väter gereeld moes aanhoor oor die sendelinge se stryd teen 'n gedans onder vioolbegeleiding, het eerwaarde Lutz dus gevaar geloop dat sy onskuldige voorstel die wenkbroue in Duitsland kon laat lig. "Hier in Afrika sing 'n mens jou die graf in," het hy egter verduidelik, "veral as jy nie 'n sterk stem of begeleiding het nie."⁷⁶

Dat die direksie van die Rynse Sendinggenootskap wel deeglik in die sosiale elite van die Wupperstreek verstrik was en die genootskap 'n uiters outokratiese en konserwatiewe aanslag gehad het, kan nouliks meer ontken word. Om die wêreld- en lewensbeskouing van die Rynse sending dus werklik te kan begryp, moet daar dus na veel wyer as net die sosio-ekonomiese agtergrond van die sendelinge self gekyk word. Watter kriteria die sendingdireksie by die keuse van sendelinge toegepas het, watter motiewe hierdie inisiatiewe geïnspireer het en waarom dit volgehou is lank nadat die sosiale orde in die Wupperstreek ingrypend en dramaties verander het, is kwessies waarvoor uiteenlopende standpunte gehuldig sal word, maar wat nogtans nie uit die oog verloor mag word nie.

Tog moet daar omsigtig te werk gegaan word om nie die invloed van die sosiale elite op die ontwikkeling van die genootskap te oordryf nie. Sekerlik moet daarteen gewaak word om nie onnodige en onregverdige bymotiewe aan die genootskap toe te dig waar dit nie bestaan nie. Net soos dit onregverdig sou wees om te beweer dat alle Rynse sendelinge weens hul onbevryde sosiale en ekonomiese agtergrond uit pure radeloosheid die sending hul beroepskeuse gemaak het, sou dit ewe-eens onregverdig wees teenoor die Rynse Sendinggenootskap as sodanig, om te beweer dat die karakter van die organisasie grootliks deur sinistere bymotiewe van sy direksie gevorm is. In hierdie verband word daar te veel en te maklik motiewe en verwyte aan sendinggenootskappe toegeskryf wat uiteindelik so oorweldigend en selfs oortuigend mag wees, dat die geestelike dimensie van sendingwerk heeltemal uit die oog verloor word. Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die Rynse Sendinggenootskap verskillend ontwikkel het van sy Londense eweknie en dat die twee nouliks met mekaar vergelyk kan word.

⁷⁴ VEM, A/W 10.6, 1.372, Uit die dagboek van Eerwaarde P.D. Lückhoff, 1829-1858, 11-2-1836.

⁷⁵ VEM, B/C 171, 1844-1907, Süd-Afrika, Johan Frederik Hein en die sendinggemeente Richtersveld, Hein-Deputation, Richtersveld, 17-1-1853; Hein-Weich, Richtersveld, 20-3-1853.

⁷⁶ VEM, B/C 119, Lutz, Tagebuch No 8 von J.H. Lutz vom Okt/Nov 1845 bis Sept 1847, Sonntag 2-11-1845.

1.4. Rynse opvattinge oor die verhouding tussen kerk en sekulêre gesag

Dit is juis teen hierdie neiging dat Gunter Pakendorf waarsku. Hy voer tereg aan dat die Duitse sendinginisiatiewe nie altyd so gemaklik in die bestaande Suid-Afrikaanse sendingparadigmas inpas nie. Een van die talle negatiewe gevolge wat spruit uit die oordrewe klem op Britse sendingaktiwiteite in die Suid-Afrikaanse sendinghistoriografie is volgens hom byvoorbeeld die onaanvaarbare gevolg dat dit onder historici as vanselfsprekend aanvaar word dat sekere gevolgtrekkings omtrent Britse sendinginisiatiewe onveranderd op nie-Britse genootskappe van toepassing gemaak kan word. Een hiervan is die alombekende aanklag dat sendingwerk in Suid-Afrika in sy geheel gesien, meesal in diens van Britse kolonialisme gestaan het.⁷⁷ Opvallend is dat die meeste argumente wat aangevoer word om hierdie stelling te ondersteun, meesal uit die geskiedenis van Britse sendinggenootskappe kom.

Die belangrikste argument ter staving hiervan is byvoorbeeld dat die opkoms van die sendingideaal in Engeland nie vanuit die staanspoor saamgeval het met die herlewing van godsdiens as sodanig nie, maar eers werklik op dreef gekom het na die beroemde ontdekkingsreise van Kaptein Cook en veral met die opkoms van Brittanje as 'n dominante koloniale moondheid gedurende die tweede helfte van die 19de eeu. So is die Londense Sendinggenootskap eers in 1795 gestig toe blootstelling aan nuut-ontdekte wêrelddele 'n begeerte aangewakker het om die evangelie na hierdie heidense gebiede uit te brei. Namate Brittanje as dominante wêreldmoondheid gevestig is, het hierdie sentimente versterk en hoe langer hoe meer in intensiteit toegeneem.⁷⁸ Uiteindelik was daar selfs sprake van 'n mate van aggressiewe geestelike imperialisme.

Dat die ontstaan van sendingwerk in Engeland saamgeval het met die ekonomiese en politieke opkoms van Brittanje as wêreldmoondheid, is 'n ongemaklike feit wat dit vir sommige historici bykans onvermydelik maak om nie 'n direkte verband tussen die twee te sien nie. As deel van 'n koloniale moondheid is die implikasie hiervan in sommige kringe dat die Londense Sendinggenootskap moeilik kan loskom van die idee dat hul werksaamhede nie die voorloper van ideologiese uitbreiding was nie. Hierdie interpretasie is dan ook veral sedert die verskyning van Majeke se **Missionaries in conquest** as 'n algemeen aanvaarde feit voorgehou. Soms is hierdie interpretasie ook sonder meer op alle sendinggenootskappe aan die Kaap van toepassing gemaak.⁷⁹ Penn beweer dat dit juis een van die aanleidende oorsake is waarom daar 'n bykans oordrewe fokus op die Londense Sendinggenootskap is. In hierdie verband kritiseer hy byvoorbeeld Legassick se navorsing oor die Noordgrens wat uitsluitlik net op die argief van die Londense Sendinggenootskap gebaseer is. In hierdie gesaghebbende werk word die sendelinge hoofsaaklik gesien as die belangrikste katalisator van koloniale dominansie onder die gemeenskappe aan die Noordgrens.⁸⁰ Meer onlangs het Elizabeth Elbourne egter aangetoon dat hierdie opvatting nie noodwendig strook met die vroeë tydperk van die Londense Sendinggenootskap se geskiedenis nie.⁸¹ In lyn hiermee gaan Pakendorf selfs verder en betoog dat as die agtergrond van

⁷⁷ G. Pakendorf, Africa Seminar, The intellectual origins of German missions in South Africa, in *Centre for African Studies*, 20 April 1994, p. 1.

⁷⁸ G. Menzel, *Die Rheinische Mission*, p. 11.

⁷⁹ J. du Bruyn and N. Southey, The treatment of Christianity and Protestant missionaries in South African historiography, in H. Bredekamp and R. Ross (eds.), *Missions and Christianity in South African history*, p. 28.

⁸⁰ N. Penn, *The Northern Cape frontier zone, 1799-1815*, pp. 16-17.

⁸¹ E. Elbourne, Concerning missionaries: the case of Van der Kemp, in *Journal of Southern African Studies*, Vol 17, No 1, March 1991, p. 155.

die Duitse sending in sy geheel bestudeer word, en hul posisie in Afrika in oënskou geneem word, die beeld van die Duitse sendeling as koloniale agent in sy geheel hersien moet word.⁸²

In dié verband is daar alreeds daarop gewys dat Duitsland vir die grootste gedeelte van die 19de eeu 'n onderontwikkelde en verdeelde streek was. Eers veel later het dit in 'n belangrike koloniale maatskappij ontwikkel. Soos vroeër aangevoer is, het 'n verskeidenheid faktore, beide nasionaal en veral sekere streeksinvloede in die Wupperstede self, in sy geheel meegewerk om selfs die mees basiese politieke bewustheid onder aspirant Rynse sendelinge teen te werk - om van imperiale idees nie eens te praat nie. Die meeste Rynse sendelinge was trouens in die reël pynlik bewus van hul status as gaste van 'n vreemde maatskappij met alle negatiewe gevolge wat dit moontlik vir hulle kon inhou. In teenstelling met die Londense Sendinggenootskap, wie se uitgesproke en radikale kritiek teen die regering onder leiding van dr. Philip, selfs gedurende die outokratiese bewind van Somerset, hoogstens 'n irritasiewaarde gehad het, kon vreemde sendinggenootskappe maklik hul arbeidsveld verloor as hulle met die regering van die dag onnodig oorhoops sou raak. Hierdie moontlikheid het verreikende komplikasies vir die Rynse Sendinggenootskap gehad. Soos uit die geskrifte van die sendelinge blyk, was hulle vanuit die staanspoor bewus van hierdie moontlikheid en daarom het dit 'n bewuste aanpassingstrategie geveerg. Dit was waarskynlik die vrees dat hul werksaamhede aan bande gelê sou word, meer as enigiets anders, wat die Rynse verhouding met die Londense Sendinggenootskap - en spesifiek dié met dr. Philip - vanuit die staanspoor onder die vergrootglas geplaas het.⁸³

Afgesien van bedenkinge oor dr. Philip en sommige van sy sienswyses wat in die privaathand van dagboeke uitgespreek is, kon die negatiewe klimaat rondom die Londense Sendinggenootskap en sy werksaamhede in daardie stadium byvoorbeeld moontlik striemend inwerk op die doelstellings van die Rynse Sendinggenootskap. Die eerste Rynse sendelinge het immers hul werksaamhede aan die Kaap begin in die hitte van die emansipasiestryd vir die Khoikhoi en aan die vooraand van die afskaffing van slaweny. Omstredenheid rondom hierdie kwessies het wydgehoop aan die Kaap. In die wandel is al die onsmaklikheid rondom hierdie kwessies ook grootliks gewyt aan die invloed van die Londense Sendinggenootskap. Dr. Philip is na die publikasie van sy opspraakwekkende boek, **Researches in South Africa**, wyd en sydig gekasty. Selfs die vroeë "immoraliteit" van sommige sendelinge van die Londense genootskap, waaronder 'n paar Duitsers soos Wimmer en Schmelen getel het, is in sommige kringe weer opnuut bygehaal.⁸⁴ Dit alles het die openbare beeld van sendingwerk as sodanig op hierdie tydperk tot 'n absolute laagtepunt laat tuimel.

Dat selfs die direksie van die Rynse genootskap terdeë bewus was daarvan dat die reputasie van die Londense Sendinggenootskap moontlik 'n stralekrans-effek op die werksaamhede van die genootskap kon hê, blyk duidelik uit die lang lys instruksies aan hul eerste sendelinge voor hul vertrek. Om soortgelyke probleme as waarmee die Londense Sendinggenootskap aanvanklik te make gehad het uit te skakel, is alle Rynse sendelinge aan uiters streng kuisheid en gehoorsaamheidsmaatreëls onderwerp. En hoewel hulle onder die toesig van dr. Philip geplaas is, is hulle waarskynlik - in 'n bedekte toespeling op die Londense Sendinggenootskap - uitdruklik gemaan

⁸² G. Pakendorf, Africa seminar - The intellectual origins of German missions in South Africa, in *Centre for African Studies*, 20 April 1994, pp. 1-3.

⁸³ VEM, A/W 10.6, 1.372, Uit die dagboek van Eerwaarde P. D. Lückhoff, 1829-1859, 27-10-1834.

⁸⁴ *Ibid.*, 31-1-1831. Vir meer oor die "onsedelike" van Wimmer en Schmelen sien: D. Stuart, The "wicked Christians and the children of the mist": Missionary and Khoi interactions at the Cape in the early nineteenth century, in *The societies of Southern Africa in the 19th and 20th centuries*, Vol 18, Collected seminar papers, No 44.

dat hulle onder geen omstandighede by 'n vreemde genootskap mog aansluit nie.⁸⁵ Hoewel die Rynse Sendinggenootskap nooit in direkte konfrontasie of openlike verwydering met sy Britse eweknie of dr. Philip gekom het nie, het die eerste Rynse sendelinge aan die Kaap ook geen geheim daarvan gemaak dat hulle begerig was om direkte regeringskontakte te bekom nie, selfs al sou dit ten koste van hul verhouding met dr. Philip wees.⁸⁶ Uit korrespondensie met dr. Philip blyk dit dat die enigste raad wat die Rynse Sendinggenootskap uit dié oord werklik ter harte geneem het, die aandrang van dr. Philip was om, weens praktiese redes, hul arbeidsveld tot 'n bepaalde streek te beperk en nie soos die Londense Sendinggenootskap, oor die hele land te versprei nie. Om dié rede het die Rynse genootskap hulle nooit aan die Oosgrens gevestig nie, maar grootliks hul werksaamhede tot gevestigde gemeentes in en om Kaapstad, asook die Noordgrens, beperk.⁸⁷

Teen die tyd dat die Rynse Sendinggenootskap egter hul voete gevind het en gereed was om van gevestigde gemeentes te beweeg na die oprigting van onafhanklike sendingstasies soos Wuppertal, Eben Ezer en later Amandelboom, was die verhouding met die Londense Sendinggenootskap alreeds afgewater tot wedersydse respek en hofflikheid. Bitter min van die oorspronklike toesighoudende hoedanigheid van die Londense genootskap oor die Rynse sendelinge het nog behoue gebly. Op hierdie stadium was die verhouding met die Kaapse regering al sodanig gevestig dat dit vir die oppervlakkige waarnemer mag voorkom asof die Rynse Sendinggenootskap, in teenstelling met sy Britse eweknie, veel minder moeite gehad het met sekere omstrede beleidsrigtings aan die Kaap. Op die oog af wil dit selfs voorkom asof die Britse regering in die Duitse sending plooibare en dienswillige geesgenote gevind het wat uiteindelik aktief sou meewerk om Britse gesag in sekere gebiede te vestig.

Dat sommige Rynse sendelinge moontlik die Kaapse regering ter wille was, blyk daaruit dat die sienswyse van sommige Rynse sendelinge wel deeglik met regeringsbeleid gestrook het, of indirek regeringsbelange bevorder het. Dit is alombekend dat twee van die belangrikste kwessies waarmee die Britse regering aan die Kaap gedurende die eerste helfte van die 19de eeu geworstel het met die handhawing van wet en orde en die voorsiening van arbeid te make gehad het. Dit is ewe-eens bekend dat die regering aanvanklik sendingbedrywighede as 'n middel tot 'n doel gesien het. Hierdie strategie het egter jammerlik gefaal toe die Londense Sendinggenootskap in sy geheel nie aan hierdie vereistes voldoen het nie.⁸⁸ Die Morawiese Sendinggenootskap, daarenteen, het vanuit die staanspoor op Baviaanskloof 'n beleid gevolg wat lynreg met die wense van die Kaapse regering gestrook het. Genadendal is gekenmerk deur baie streng, selfs outokratiese, toepassing van gesag deur die sendelinge. In teenstelling met Bethelsdorp, waar klagtes van wetteloosheid volop was, het die Morawiese sendelinge geen inwoners geduld wat nie wou konformeer met die streng gedragskode van die instituut nie. Daarbenewens was Genadendal ook 'n stabiele bron van

⁸⁵ VEM, A/h 71, *Instructionen der ausreisenden Missionaren (1828-1870)*, *Instruction für unser geliebte Brüder Theobald von Wurmb, Johann Leopold, Gustaf Zahn, Daniel Lückhoff ihrer abreise zu ihrer Missions-laufbahn; Allgemeine Instruction für die Missionare der Rheinischen Missions Gesellschaft*, pp. 1-10; E. Strassberger, *The Rhenish Mission Society in South Africa, 1830-1950*, pp. 10-11.

⁸⁶ Die eerste Rynse sendelinge het spoedig na hul vestiging aan die Kaap aktief na 'n amptenaar in die regering gesoek wat hulle belange kon bevorder. Parlements lid Watermeyer was begeesterd met die Rynse ideaal en het hom vir etlike jare onvermoeid beywer om hul belange aktief in die binnekring van die regering te bevorder. Hierdie belangrike regeringskontak het ten koste van dr. Philip geskied. In hul keuse van 'n sendingveld is Watermeyer en selfs hul Morawiese kollegas se raad byvoorbeeld bó dié van dr. Philip gestel. Dr. Philip was by geleentheid hewig ontsteld toe die eerste Rynse sendelinge geweier het om by die Londense Sendinggenootskap aan te sluit en eensydig besluit het waar hulle hul gaan vestig. Sien uittreksels uit die dagboek van eerwaarde Leipoldt soos aangehaal in E. Strassberger, *The Rhenish Mission Society in South Africa, 1830-1950*, pp. 11-14; VEM, A/c 8, Lit C, Copier Buch, 1843-1847, *Deputation - Watermeyer, Barmen, 6-6-1843; A/c 9, Lit D, Copier Buch, 1848-1856, Deputation - Stellenbosch Spezial Konferenz, Elberfeld/Barmen, 10-7-1848.*

⁸⁷ VEM, C/f, 2.485, *Korrespondenz mit dem Colonial Office, 1839-1905, Philip - Missionary headquarters, Cape Town, 22-8-1842.; C/e 1 2.403, Zur Geschichte der Mission in Süd-Afrika: Frühe Briefe Kartenskizzen, Deputation - Philip, Barmen, 29-4-1830.*

⁸⁸ R. Elphick and H. Giliomee (eds.), *The shaping of South African society, 1652-1840*, pp. 37-38; 340-342; 384.

goedkoop arbeid aan die omringende graanboere, waar arbeidstekorte op seisoenale basis dikwels voorgekom het. Dit word trouens soms betwyfel of Genadendal so goed sou kon funksioneer, as dit nie was dat die inwoners vir sekere tye van die jaar op naburige plase kon gaan werk nie. Om dié rede is Genadendal dikwels deur regeringsamptenare as 'n modelsendingstasie voorgehou. In watter mate die Morawiese genootskap volgens innerlike oortuiging hierdie beleid gevolg het, is debatteerbaar. Dit is immers allerweë bekend dat die regering die genootskap op die smalle weg gehou het deur die permanensie van die stasie se grondgebied in gedrang te bring elke keer as daar verwickelinge was wat die gesag van die regering moontlik sou kon ondermyn.⁸⁹

Die Rynse Sendinggenootskap het nietemin na die voorbeeld van hul Morawiese broeders daarna gestreef om hul bedrywighede op dieselfde beginsels te skoei. Uit die dagboeke van Rynse sendelinge is dit duidelik dat daar groot bewondering vir die Morawiese instelling was. Daar is dikwels die mening uitgespreek dat groter samewerking met die Morawiese genootskap gekoester moes word.⁹⁰ Net soos hul Morawiese eweknie moes die Rynse sendelinge ook dikwels regeringsoogmerke ter wille wees. Hoe seer die Rynse sendelinge dikwels in die hand van die regering gespeel het, blyk uit talle voorbeelde wat 'n konserwatiewe en selfs outokratiese element in die Kaapse regering na die kroon sou span. Aan die ander kant sou van hierdie optredes terselfdertyd die meeste sendelinge van die Londense Sendinggenootskap gedurende dié tyd, en sekerlik iemand soos dr. Philip, heeltmal die harnas in gejaag het. So is Eben Ezer tog duidelik op aandrang van die Kaapse regering gestig. Von Wurmb se noue bande met die regering laat inderdaad ook die vermoede ontstaan dat daar moontlike bymotiewe vir die stigting van die besondere stasie kon gewees het. Selfs die stigting van die alombekende Wuppertal in die Sederberge het met die geesdriftige ondersteuning van die goewerneur, Sir Lowry Cole, geskied. Daar was egter 'n belangrike voorwaarde gekoppel aan die goewerneur se goedkeuring - wat die ware motiewe van die regering verklap. Tydens 'n besoek van Von Wurmb aan die goewerneur is hy sonder omhaal van woorde meegedeel dat regeringsgoedkeuring vir hul sendinginisiatiewe onderhewig was daaraan dat hulle dieselfde werkswyse as die Morawiese genootskap moes volg. Die goewerneur het dit duidelik gemaak dat as hulle dieselfde paadjie as die Londense Sendinggenootskap sou volg, regeringsondersteuning vir hul bedrywighede onmiddellik sou verval. By hierdie geleentheid het die goewerneur ook geen goeie woord vir die Engelse sending in die algemeen gehad nie. Volgens hom het die Londense Sendinggenootskap bloot mense gedoop sonder om hulle enigsins iets bruikbaar te leer. Daarteenoor het die Morawiese genootskap nie alleen hul volgelingen behoorlik in die Christendom onderrig nie, maar hulle ook burgerlike vlyt aangeleer.⁹¹

Die mees voor-die-hand-liggende rede vir die regering se geesdriftige ondersteuning van die Rynse sending hou waarskynlik verband met die begeerte in regeringskringe om owerheidsgesag in bepaalde streke gevestig te kry. Nigel Penn se navorsing onderstreep hierdie vermoede as hy aantoon dat wanneer sekere kerngebiede beset is, daar ook spoedig daarna 'n behoefte aan orde in sodanige streek ontstaan het. Gegewe die konserwatiewe agtergrond van die Rynse sendelinge, vergeleke met dié van die Londense Sendinggenootskap, was hulle vanuit regeringsperspektief ook waarskynlik die mees geskikte kandidate om hierdie oogmerk te bereik. Hul uiters konserwatiewe agtergrond en die feit dat die genootskap kennelik dieselfde beleidsrigtings as hul Morawiese eweknie sou inslaan, het ongetwyfeld daartoe meegewerk dat die Rynse genootskap

⁸⁹ British Parliamentary Papers, Brief sketch of the origin, progress and present state of the missions of the United Brethren in the Colony of the Cape of Good Hope, by Mr. H. P. Hallbeck, p. 319; R. Elphick and H. Giliomee (eds.), *The shaping.....*, p. 341; J. du Plessis, *A History of Christian Missions in South Africa*, pp. 79-90.

⁹⁰ E. Strassberger, *The Rhenish Mission Society in South Africa, 1830-1950*, p. 11.

⁹¹ *Ibid.*, p. 13.

in Kaapse regeringskringe so aanvaarbaar was.⁹² Net so beweer Anderson dat die primêre dryfveer agter die Kareebergse sending daarin geleë was dat die gebied 'n lang geskiedenis van wanorde gehad het. Volgens haar was daar definitief in regeringskringe die hoop dat 'n sending-teenwoordigheid in die gebied moontlik 'n stabiliserende uitwerking sou kon hê. Juis om hierdie rede is die Kareebergse sending so geesdriftig deur die Kaapse regering ondersteun.⁹³

In ooreenstemming hiermee het die opportunistiese Lutz na hul vestiging op Amandelboom ook nooit die kans laat glip om 'n positiewe beeld van die Amandelboomgemeente by die regering te handhaaf nie. Elke keer is daar gehoop dat as daar, weliswaar meesal ietwat teësinig, min of meer na die pype van die regering gedans sou word, dit terselfdertyd 'n meer positiewe beeld van die Basters aan die regering sou voorhou. Dit kon op sy beurt dalk weer positiewe gevolge ten opsigte van hul grondeise inhou. Toe feitlik geen gekleurdes van die Hantam, Roggeveld en die Nuweveld weens die "leuenagtige verdraaiinge en verdagmakery van die boere teen die regering," byvoorbeeld nie in 1850 op 'n algemene kommando wou gaan nie, het eerwaarde Lutz hard probeer om ten minste die "deugniete" van Amandelboom, van wie hy in elk geval graag ontslae wou raak, te oorreed om aan te meld vir kommandodiens. Nadat daar met moeite daarin geslaag is om 'n handjievul Basters vir kommandodiens te oorreed, het eerwaarde Lutz tevrede aan die direksie geskryf: "Dit skyn of die sendingstasie dié keer by die regering ten ere sal staan."⁹⁴

Dit bly egter uiters moeilik om vas te stel tot watter mate die Rynse genootskap sekere regeringsoogmerke doelbewus ondersteun en bevorder het. Afgesien van Eben Ezer wat heel duidelik op aandrang van die Kaapse regering gestig is, en eerwaarde Lutz se deursigtige pogings om by die regering witvoetjie te soek, kon geen ander dokumentêre bewyse in die geskrifte van die Rynse genootskap gevind word wat die idee ondersteun dat die genootskap in die keuse van hul arbeidsveld uitermate die wense van die Kaapse regering in aanmerking geneem het nie. Dat sekere aspekte van hierdie argumente moontlik korrek mag wees, kan egter ook nie sonder meer betwis word nie. Soos later sal blyk, het die Kareebergstreek inderdaad 'n lang geskiedenis van sosiale wanorde gehad wat by meer as een geleentheid en op verskillende maniere van owerheidskant onsuksesvol probeer beredder is. Dit sou dus moontlik kon wees dat 'n dienswillige sendingteenwoordigheid in die gebied net nog 'n poging van die regering was om die gebied onder bedwang te probeer bring. Nogtans kon daar in die argief van die Rynse Sendinggenootskap geen dokumentêre bewyse gevind word dat die genootskap in enige mate die wense van die Kaapse regering by die keuse van die Kareeberge as sendingveld of enige ander moontlike sendinggebied, doelbewus in aanmerking geneem het nie. As daar enige owerheidsdruk op die Rynse genootskap was om in die Kareeberge te vestig, dan is dit redelik waarskynlik dat dit in die verslag van eerwaarde Zahn, wat in 1843 uitgestuur is om die gebied as moontlike sendingveld te ondersoek, sou uitkom. In sy reisverslag van die gebied word niks in dié verband vermeld nie. In teënstelling hiermee versoek hy in sy amptelike aanbeveling aan die Rynse sending selfs die direksie om die Kareeberge as potensieële sendingveld na ander genootskappe deur te gee, indien die Rynse genootskap nie die gebied self sou betree nie.⁹⁵ So moet ook in gedagte gehou word dat selfs die stigting van Eben Ezer, wat so opvallend in opdrag van die Britse regering geskied het, meer 'n persoonlike inisiatief van Von Wurmb was. Dit het sonder

⁹² *Ibid.*, pp. 11-14.

⁹³ E. Anderson, *A History of the Xhosa of the Northern Cape, 1795-1879*, pp. 67-68.

⁹⁴ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 16 von J. H. Lutz vom Septr 1850 bis 5 März 1851.

⁹⁵ VEM, Monats Berichte der Rheinischen Missionsgesellschaft enthaltend Auszüge aus den Briefen und Tagebüchern ihrer Sendboten, No 4, April 1844 - No 5, Mei 1844, "Bericht von der Untersuchungsreise der Missionare J. Leipoldt und G. Zahn zu den Kaffern und Bastards an den Kareeborgen vom 22 März bis 26 April 1843", pp. 31-48. Hierna VEM, Monats Berichte....No....Untersuchungsreise.....

die medewete of goedkeuring van die direksie geskied en dit was juis dié rede wat uiteindelik tot sy ontslag gelei het.

Die probleem met die voorafgaande argumente is nie juis die gevolgtrekkings waartoe gekom word nie, maar vanuit watter perspektief dit gedoen word. Nog belangriker is veral hoe suiwer politieke oogmerke uiteindelik onregmatig aan die sending toegedig word. Sonder uitsondering word die politieke oogmerke van die regering vir die stigting van 'n bepaalde sendingstasie in al hierdie argumente verhewe gestel bo die geestelike motivering wat die sendinggenootskap in die beoordeling van hul werk gehad het. Sodoende word daar 'n beeld aan die Rynse sending opgedwing as meelopers of pionne in die hande van die Britse regering wat na willekeur meegedoen het of gemanipuleer is om 'n bepaalde politieke doelwit te bereik. Hierdie benadering is 'n direkte gevolg van die bykans oordrewe obsessie met politiek onder Suid-Afrikaanse historici. In sendingstudies behoort die klem in die eerste plek te val op die geestelike rasionaal van sendinggenootskappe vir die oprigting van sendingstasies.

Heeltemal in teenstelling met sommige sendingstasies van die Londense Sendinggenootskap soos Bethelsdorp, wat in 'n sekere sin as basis gedien het van waar sekere ongeregthede verander moes word, was 'n uitgesproke godsdienstige motivering, sonder uitsondering, die dryfveer agter die stigting van Rynse sendingstasies. Vir die Rynse sendelinge was die sendingstasie in die eerste plek 'n veilige hawe waar dit moontlik sou wees om aan die sondige wêreld te ontsnap. Hier kon gelowiges die geleentheid hê om ongestoord 'n Christelike en godvrugtige lewe te lei. Verkieslik in verafgeleë plekke, buite bereik van verderflike beskawingsinvloede en onder streng kerkdissipline, kon die woord van God en kennis van Jesus Christus gedy. Dit was die belangrikste voorvereiste vir die ontwikkeling van 'n godvresende en vroom lewenstyl onder gemeentelede. Daarbenewens was die fokus by uitstek op die individu, sy verhouding tot God en op welke wyse hy ten spyte van sy godgegewe lot op aarde, sielsverryking kon ervaar. Vir die Rynse sending was die klem dus in die eerste plek nie op hoe regeringswense ondersteun sou word nie, maar hoe die vooropgestelde beeld van die ideale Christelike gemeenskap gerealiseer kon word.

Die utopie van selfonderhoudende Christelike gemeenskappe kon alleenlik realiseer met harde werk en toegewydheid aan God. Juis daarom is die Duitse sending in sy geheel nog altyd gekenmerk deur die ou monastiese opvatting van *ora et labora*. Die meeste sendelinge was egter ook realiste en nie sodanig wêreldvreemd dat hulle nie ten volle daarvan bewus was dat hul idees alleenlik binne 'n stabiele samelewing kon realiseer nie. Laasgenoemde was 'n noodsaaklike voorvereiste, wat volgens die interpretasie van die sendelinge deur God se genade aan 'n regering toevertrou is. Dit is in hierdie gees dat die Duitse sending in die gebiede waar hulle werksaam was gehoorsaamheid aan die regering van die dag en die wette van die land gepredik het. Voorop in hierdie prediking is die ou tradisie van stille aanvaarding, eerder as konfrontasie en verandering, gestel. Hierdie benadering ten opsigte van die verhouding met die staat, wat drasties verskil van die meer radikale en uitgesproke element binne die Londense Sendinggenootskap, kan alleenlik begryp word teen die agtergrond van klassieke Lutherse invloede in die wêreld- en lewensbeskouing van die Rynse sendelinge.

Protestantse sendinginisiatiewe in Duitsland word deur die bank gekenmerk deur sterk Lutherse invloede en veral die klassieke Lutherse leerstellinge van die twee koninkryke gebaseer op Luther se interpretasie van Romeine 13. Volgens hierdie interpretasie het regerings 'n goddelike oorsprong, wat deur die goeie Christen gerespekteer moet word en waaraan hy hom moet onderwerp. Of hierdie aardse gesag goed of sleg is, is van sekondêre belang, want die heil van die Christen lê in geestelike vervulling eerder as in sekulêre wette. In dié opsig geld die Lutherse beginsel van dualisme wat tot uiting kom in die onderskeid tussen geestelike en wêreldse sake, die skeiding tussen liggaam en siel of die interne en eksterne wêreld. Hierdie ietwat verwarrende

konsep beteken in wese dat 'n mens geestelik volkome vry kan wees, maar terselfdertyd aan aardse wette verbonde bly. Volkome vryheid is dus gesetel in die innerlike self en in volkome harmonie met God, terwyl die eksterne wêreld die gebondenheid en sonde verteenwoordig. Volgens Pakendorf het hierdie idee van dualisme 'n besondere rol te speel gehad in die Duitse geskiedenis van idees in die 18de eeu. Toe die eksterne wêreld nie aan die aspirasies van die middelklas kon voldoen nie, het die innerlike sentraal begin staan in die stryd van die bourgeoisie teen die absolutisme van die feodale staat.⁹⁶

Die klem op die innerlike en die strewe na volkome vryheid in God was nog altyd die hele Rynse sendingbeweging ten grondslag. Die geskrifte van die sendelinge in sy geheel weerspieël dit dan ook in bykans oordrewe vorm. In eentonige reëlmaat word die leser van die Kareebergsendelinge se dagboeke onderwerp aan die een prediking na die ander. Vir die navorser, begerig na meer gebalanseerde en wydlopende waarnemings, is die oordrewe klem op die geestelike sy in die dagboeke ten koste van die alledaagse, 'n belangrike leemte en dikwels selfs frustrerend. In 'n moedswillige moment mag 'n mens selfs die indruk kry dat die gedagte-wêreld en gemoedstoestand van die sendeling, soos Karel Schoeman dit stel, voortdurend oorheers is deur 'n "beheptheid met God, sonde, skuld, straf en dood en vol bewustheid, in meer aardse oomblikke, van die lokvalle wat orals verberg is."⁹⁷

Dat Rynse sendelinge byna sonder uitsondering swak waarnemers was van die meer wêreldse gebeure rondom hulle, selfs wanneer dit hul lewens en veral dié van hul gemeentes so ingrypend beïnvloed het, is gewis. Dit word ook ten beste geïllustreer deur die geskrifte van die Kareebergsendelinge. Eerwaarde Lutz se dagboek weerspieël meer sy diep godsdienstige inslag as enigiets anders. Dikwels word belangrike gebeurtenisse, wat die alledaagse gang van sake op Amandelboom ingrypend beïnvloed het, só saaklik kort weergegee of in allerlei Bybelse gedaantes gehul, dat 'n mens genoodsaak is om tussen die reëls te lees in 'n desperate poging om by die volle verhaal uit te kan kom. Dat dit 'n verskoonbare leemte in sy dagboek is, blyk wanneer sy afkeer van die wêreldse in ag geneem word. Verlaas daar ook rekening gehou word met sy besondere lewensbeskouing wat ten beste beskryf kan word as een van in die wêreld, maar nie van die wêreld nie.

As bostaande argumente korrek is, dan volg dit ook as vanselfsprekend dat dit die verantwoordelikheid van die navorser is om die sendeling en al sy handelinge teen sy eie agtergrond te meet en te beoordeel. Hoe belangrik hierdie benaderingswyse is, blyk uit 'n belangrike, selfs ietwat bizarre, voorbeeld uit die dagboek van eerwaarde Lutz toe hy indirek betrokke geraak het by die vang van Boesmankinders.

In 1847 het 'n terugkerende kommandogeselskap uit die omliggende Kareeberge twee gevange Boesmankinders as krygsgevangenes na Amandelboom teruggebring. Die kinders, 'n meisie en 'n seuntjie van onderskeidelik nege en een en 'n half jaar, was slegs twee van talle gevangenes wat tydens 'n algemene kommando teen die Boesmans vanuit die Roggeveld, Hantam en Amandelboom, gebuit is. Ten spyte van die vroeëre slagtings onder die Boesmans van die gebied was daar selfs in hierdie laat stadium steeds talle bendegroepe in die Kareeberge, wat vanuit die veiligheid van die bergagtige omgewing op die aansienlike veetroppe van die Basters en ander veeboere in die omgewing jag gemaak het. Weens 'n onderonsie tussen die Basters van Amandelboom en die oorwegend blanke kommando uit die Roggeveld en Hantam, waaroor geen besonderhede bekend is nie, het die Basters van die kommando weggebreek en op eie houtjie

⁹⁶ G. Pakendorf, Africa Seminar - The intellectual origins of German Missions in South Africa, in *Centre for African Studies*, 20 April 1994, pp. 7-9.

⁹⁷ K. Schoeman, *Die wêreld van die digter*, p. 116.

geopereer. Ten spyte van die onmin in die geledere van die kommando was dit nietemin 'n uiters geslaagde operasie. Die Basters kon by hul terugkeer triomfantlik aan die sendelinge verklaar dat hulle, benewens 'n groot aantal springbokke, ook 48 Boesmans geskiet het en 'n verdere 15 gevange geneem het. Die Roggeveld-Hantam-kommando was ewe-eens geslaagd met 30 Boesmans gedood en slegs 3 manskappe lig gewond. Onder die gewondes was onder andere die alombekende veldkornet Joachim Nel van die Roggeveld.

Verstommend is dat toe die sendelinge met die twee kinders en berigte van bloedige skermutselings gekonfronteer is, hulle nie soos 'n mens sou verwag, die voorafgaande menseslagting en wrede kinderroof in geen onduidelike terme veroordeel het nie. Veel eerder het eerwaarde Lutz die "mak Boesmans" wat die kommando vergesel het en hulle so uitstekend van hul taak gekwyd het, met 'n rol tabak beloon. Verder is die res van die kommando gekapittel oor die "onchristelike" wyse waarop die gevange kinders onder lede van die geselskap verdeel is! Volgens kommandogebruik kon diegene wat die kinders tydens 'n aanval fisies vang, ook blykbaar aanspraak maak op eienaarskap van sodanige kinders. Vir Lutz was dit totaal onaanvaarbaar. Hy het 'n stelsel voorgestel waarvolgens die lot van die kinders deur die trek van lootjies bepaal is. Met die loting gedaan, was dit nog nie die einde van die verhaal rondom die kinders nie, want beide beland uiteindelik by die sendelinge aan huis. Die "skattige" jongste, met sy pienk wangetjies wat net-net deur die vullis nog deurgeskemer het en almal se harte so gesteel het, was nog te jonk om as arbeider van enige waarde te wees. Gevolglik is hy aan die enkellopende Beinecke oorhandig, terwyl die oudste as diensmeisie by die Lutze beland het. Eerwaarde Lutz gee selfs 'n lang beskrywing van wat alles gedoen is by ontvangs van die meisie. Daarmee gee hy terselfdertyd 'n unieke kyk op die menslike drama waarmee die vang van Boesmankinders gepaard gegaan het en wat in ander dokumente so saaklik afsydig as statistiek vermeld word. Na 'n drie uur lange proses wat vir die Boesmankind niks minder as 'n marteling moes gewees het nie, is sy onder andere behoorlik gekrop, al haar hare afgeskeer en alle velklere en ander tooisels verbrand. Uiteindelik kon Lutz konstateer dat Johanna, soos sy voortaan sou heet, as die nuutste "formele en regmatige toevoeging tot die eiendom van die Rynse Sendinggenootskap", in haar nuut-saamgeflanse rok daar "heel skoon en Christelik" uitgesien het.⁹⁸

Die betrokkenheid van die sendelinge by hierdie insident is onbegryplik en oënskynlik onverklaarbaar. Tog weerspieël dit die wêreld- en lewensbeskouing van die Rynse sendelinge in sy mees ekstreme vorm. Die voorgestelde stelsel waarvolgens die eienaarskap van die kinders bepaal is, was volgens Lutz nie alleen 'n regverdiger selsel nie, maar hier is dit baie belangrik om daarop te let dat volgens sy lewensbeskouing, dit ook by implikasie ruimte gelaat het vir 'n goddelike ingryp om die geestelike heilsbestemming van die kinders te bepaal. Hoe onbegryplik dit ook al vir die buitestander mag wees, was hierdie werkswyse geen vreemde verskynsel in die Rynse sendingwêreld nie. Waar belangrike besluite geneem moes word, veral waarvoor meningsverskille bestaan het, is finaliteit dikwels bereik deur lootjies te trek. Die uitslag het gemoedsrus en eensgesindheid onder die betrokkenes gebring, want dit is as goddelike ingryping beskou. Dat die kinders die ongelukkige slagoffers van 'n onmenslike en wrede kinderroof was, was volgens hierdie interpretasie van die sendeling dus van sekondêre belang. Beide kon hulself as't ware gelukkig ag dat hulle 'n onchristelike lewe van verdoemenis vrygespring het. In 'n Christelike huishouding het beide immers die allerbeste kans gestaan om salig te word, eerder as om soos hul volksgenote onkundig en sonder redding doelloos in die veld rond te swerf. Sonder twyfel is Johanna in die loop van haar verblyf by die Lutze dikwels daarop gewys watter heilsame uitwerking dié goddelike ingreep in haar lewe gehad het. Dat sy as huisbediende waarskynlik haar

⁹⁸ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 12 von J. H. Lutz vom 17-7-1847 bis 11-11-1847, "Auszug unsere Mannschaft gegen die Buschmänner," "Glücklicher Ausgang der Kleinen Feldzug's gegen die Buschmänner," "Resultat des Hantammer Commandos."

lewe lank in hierdie huishouding vasgestrik was, was ewe-eens van mindere belang. Hierdie aardse latsbepaling moes in sy regte perspektief teen haar salige heilsbestemming opgeweeg en beoordeel word. Daarbenewens het die sendelinge in elk geval waarskynlik vir geen oomblik die stelsel van kinderarbeid bevraagteken nie, juis omdat soos vroeër aangedui is, dit 'n algemeen aanvaarde praktyk in die Wupperstede was.

Selfs al word bostaande argument aanvaar, bly dit steeds onverklaarbaar waarom die sendelinge die kommando teen die Boesmans as sodanig nie ongekwalifiseerd veroordeel het nie. Die grootsprakige vertellinge van hul kudde, asook die feit dat Beinecke van die ander gewonde kinders moes verpleeg, kon hulle onmoontlik onbewus gelaat het van die menslike drama wat hom in die Kareeberge afgespeel het. Soveel te meer as in aanmerking geneem word dat Lutz in sy dagboek terloops vermeld dat die meerderheid slagoffers van die Basterkommando vroue was. As al die inskrywings in die dagboeke van die Kareebergsendelinge wat na die Boesmans verwys in sy geheel in oënskoue geneem word, dan blyk dit dat die sendelinge in die algemeen nie juis 'n baie hoë dunk van die Boesmans gehad het nie. Sommige van hul uitsprake grens selfs gevaarlik naby aan die blatante rassitiese uitsprake wat die Basters gereeld omtrent die Boesmans gemaak het. So skryf eerwaarde Lutz byvoorbeeld dat daar in die Kareeberge net twee peste was - springbokke en Boesmans.⁹⁹ In ander inskrywings word daar in uiters onvleiende terme en selfs met groot minagting na die Boesmans verwys.

Volgens Lutz was dié jagtersvolk niks minder nie as roofsgtige en slinkse barbare wat voortdurend lewe en behoud van almal in die streek bedreig het. Elke jaar in Junie, wanneer probleme met die Boesmans altyd 'n hoogtepunt bereik het en die jaarlikse migrasie van trekbokke hul opwagting begin maak het, skryf eerwaarde Lutz, het die Basters al by voorbaat hul gewere in gereedheid begin bring. Dan is kruid en lood op groot skaal by mekaar gebedel en gekoop. Normaalweg was dit ook nouliks klaar of die eerste "geschrei" van rooftogte het begin instroom. Dan was eindelose kommando's teen die rowers noodsaaklik om hulle onder bedwang te kry.¹⁰⁰ Vir die sendelinge was nie alleen die legendariese roofsgug van die Boesmans weersinwekkend nie, maar die hele jag- en versamelkultuur het hulle op sy beste afstootlik gevind: "In hulle vreetgewoontes (ek durf hier nie eetgewoontes sê nie) kan hulle vergelyk word met ruspes en sprinkane", skryf eerwaarde Lutz byvoorbeeld by geleentheid.¹⁰¹ Slegs een keer het eerwaarde Lutz laat deurskemer dat sy houding teenoor hierdie ongelukkige nasie in die Kareeberge nie heeltemal na wense was nie. Tydens 'n besoek aan Beaufort-Wes, waar hy by geleentheid dienste van ds. Fraser bygewoon het, het die eindelose geduld en empatie waarmee Fraser met 'n groep "stumpfsinnige" Koranas in sy gemeente omgegaan het, hom geweldig beïndruk. Voortaan sou hy ten minste probeer om dieselfde houding teenoor die Boesmans op Amandelboom te openbaar.¹⁰²

Afgesien daarvan dat die sendelinge geen volmaakte wesens was nie en hulle hulself ook dikwels skuldig gemaak het aan meer aardse swakhede soos blatante rassisme en ondeurdagte of verkeerde optredes, kan die rede vir die Kareebergsendelinge se houding teenoor die Boesmans ook vanuit 'n ander perspektief vertolk word. Terselfdertyd verklap dit baie omtrent die politieke dilemma waarin die Kareebergsendelinge hulle bevind het en waarvoor hulle van huis uit nie op

⁹⁹ Ibid., Tagebuch No 12 von J. H. Lutz vom 17-7-1847 - 11-11-1847.

¹⁰⁰ Ibid., Tagebuch No 8 von J. H. Lutz vom 20-11-1845 bis 16-4-1846, "Die Buschmänner".

¹⁰¹ Ibid., Tagebuch No 9 von J.H. Lutz vom 7-4-1846 bis 21-7-1846, "Die Buschmänner".

¹⁰² Ibid., Tagebuch No 8 von J.H. Lutz von 20-11-1845 bis 16-4-1846, "Reise nach Beaufort".

voorbereid was nie.

Die Rynse sendelinge het, soos reeds opgemerk, in al die gebiede waar hulle werksaam was deurgaans die gesag van 'n wettige regering erken en hulle aan die heersende wette onderwerp. Die eerste twee jaar van hul verblyf op Amandelboom was egter problematies. Voordat die Kaapse noordgrens in 1847 na die Oranjerivier verskuif is, het die gebied buite die jurisdiksie van die Kaapse regering geval. By gebrek aan 'n amptelike gesagstruktuur onder die inwoners van die Kareeberge self, het die sendelinge hulle dus in 'n vakuum bevind waar geen wetlike gesag bestaan het nie. In dié gebied het die wette van die oerwoud meesal gegeld. In een opsig was dit tot hul voordeel. In die heersende konflikte in die gebied kon die sendelinge onbeskaamd kant kies en so hul aansien onder hul volgelingen aansienlik versterk. By meer as een geleentheid het die sendelinge dus hul mantel na die wind gedraai en afwisselend, soos dit hulle gepas het, hulle óf op Britse beskerming, óf op hul onafhanklikheid beroep.

Wanneer weiding in die Kareeberge die twispunt tussen Basters en blanke veeboere was, het eerwaarde Lutz hom byvoorbeeld altyd op Britse beskerming beroep. Dan het hy nooit nagelaat om aan te toon dat die Basters nog altyd in die verlede wetsgehoorsame burgers was nie.¹⁰³ Aan die ander kant het eerwaarde Lutz in 1847, toe alle Basters van Amandelboom (insluitende die sendelinge) teen hul sin deur die bra astrante en ongeskikte veldkornet van die Hantam vir kommandodiens in die Sewende Grensoorlog opgekommandeer is, voor die stomverbaasde man gaan staan en hom vinger-onder-die-neus die leviëte voorgelees dat die inwoners van Amandelboom geen Britse onderdane was nie. Hy het dit baie duidelik gemaak dat niemand van Amandelboom dus aan sy gesag onderworpe was nie.¹⁰⁴ Vir die Basters wat die hele petalje gadeslaan het, en in die verlede dikwels aan die ontvangkant was van druk uit die oorwegend blanke geleedere waarteen hulle meermale weerloos gestaan het, was die onderonsie met die veldkornet 'n belangrike oorwinning. Uiteraard het dit goeie gevolge gehad vir die aansien van die sendelinge.

Aan die ander kant het die gebrek aan owerheidsbeheer in dié gebied die sendelinge terselfdertyd uiters kwesbaar gelaat. In hul stryd om aanvaarding was daar die wesentliche gevaar dat daar te maklik en te veel met die belange van hul gekoesterde gemeente geïdentifiseer kon word. Die feit dat hulle weinig of geen finansiële ondersteuning van die genootskap ontvang het nie, en streng volgens instruksies van vrywillige gawes moes oorleef, het sake ook nie juis vergemaklik nie. Veel eerder het dit die afhanklikheid van die sendelinge nog meer gekompliseer. As die Kareebergsendelinge dus enige kans op sukses wou hê en die volgehoue voortbestaan van die stasie wou verseker, dan was dit ook noodsaaklik dat die sendelinge hulle ten minste in één belangrike opsig onvoorwaardelik met die belange van die inwoners van die streek moes identifiseer. In hierdie verband was die eksterne faktore wat die veeboerbestaan van die inwoners van die streek byna daagliks bedreig het seker die belangrikste. Jammer genoeg het dit hulle onwillekeurigingesleep in die onsekere moeras van politieke opvattinge in die streek.

Afgesien van periodieke droogtes wat dit op sigself al moeilik gemaak het om in die Kareebestreek te oorleef, het blanke kompetisie vir weiding vanuit die omliggende distrikte en die ewigdurende rooftogte van die Boesmans die daaglikse bestaan van die Basters beproef. Teenoor beide hierdie faktore het die inwoners van Amandelboom magteloos gestaan. Om teen die Boesmans te kon oorleef, was hulle afhanklik van die wapens, ammunisie en tot 'n mindere

¹⁰³ Ibid., Tagebuch No 9 von J.H. Lutz vom 17-7-1847 bis 11-11-1847, "Memorandum für seine Excellence dem Gouverneur", Kaapstad, 26-10-1846.

¹⁰⁴ Ibid., Tagebuch No 8 von J.H. Lutz vom 20-11-1845 bis 16-4-1846, "Kafferkrieg und Folgen".


mate mannekrag van die omliggende blanke boere. In baie opsigte was dit 'n simbiotiese verhouding waar die Amandelboombasters die voorste linie in die verdediging van die omliggende distrikte uitgemaak het. Aan die ander kant was dit juis vanuit dieselfde oord waar hulle andersins in die kompetisie om weiding so bedreig is. Verhoudinge met die omliggende blanke boere was dus uiters gekompliseerd. Dit het die grootste mate van diplomasië geveerg. Vir die sendelinge was dit dikwels 'n bykans onmoontlike saak om in dié ingewikkelde situasie in die beste belang van almal op te tree. Les bes was dit vir die diep godsdienstige sendelinge feitlik onmoontlik om hulle nie vas te draai in die politiek van die streek nie. By geleentheid het eerwaarde Lutz moedeloos in sy dagboek geskryf: "In hierdie tye voel ons behoorlik hoe moeilik dit is vir 'n sendeling om op neutrale grond te werk waar elke inboorling of intrekker doen net soos hy goeddink."¹⁰⁵

Belangriker nog is dat die sendelinge in 'n sekere opsig soms noodgedwonge die algemene norme van die streek moes onderskryf. Dit was nie altyd so maklik nie, want soos reeds aangetoon, het die meeste hiervan meer uit die wetteloosheid van die grenssituasie ontstaan, eerder as volgens die voorskrifte van 'n regering. Die belangrikste in hierdie verband was die verhouding met die Boesmans en veral die heersende idees oor hoe die kwessie van hulle voortdurende rooftogte opgelos moes word. As daar een saak was waaroor die andersins twisgierige veeboerbevolking van die streek, ongeag van watter klas of ras, saamgestem het, dan was dit dat die Boesmans geen bestaansreg gehad het nie. Die hele Boesmanbevolking kon in die oë van die veebesitters voor die voet uitgeroei word. Reeds sedert die algemene kommando van die 1770's, waartydens daar met owerheidsgoedkeuring gepoog is om die Boesmans van die streek uit te roei, het hierdie persepsie teenoor hulle bly voortbestaan. Ten spyte van verskeie pogings deur die owerheid en andere in die daaropvolgende dekades om hierdie opvatting om te keer, het verskeie faktore in die praktyk daartoe meegewerk dat die Boesmans steeds by elke moontlike geleentheid afgemaai is. Selfs in die gevestigde buitedistrikte, waar veeboere tog in 'n mate aan die wakende oog van die regering blootgestel was, het die gebrekkige wetstoepassing en die talle skuiwergate in die bestaande wetgewing dit steeds moontlik gemaak om die Boesmans amper na willekeur te vervolg. Selde is daar 'n uitermatige groot risiko geloop dat die regering ooit daarvan te hore sou kom, soveel te meer in gebiede soos Amandelboom wat buite die koloniale grense geleë was. Hierdie gebied was immers nie aan koloniale wetgewing of die morele verantwoordelikheid van die owerheid onderhewig nie. Op eie stoom, maar meesal in onwettige bondgenootskap met omliggende boere, het die Basters vir dekades lank hul eie "wette" ten opsigte van die Boesmans gemaak en voltrek. Toe die sendelinge hulle in 1845 op Amandelboom gevestig het, was die Boesmans in die oë van alle veeboere van die streek nog minder werd as 'n springbok. Onder dié omstandighede sou dit dus ook 'n besonder dapper sendeling geveerg het om hierdie persepsies teen te gaan. Wie dit sou waag om teenoor die veeboere van die streek 'n genadepreek oor die Boesmans af te steek, het verseker geen kans gestaan om enige respek onder die inwoners van die Kareebergstreek in te boesem nie.

Teen hierdie agtergrond maak die onvermoë van die sendelinge om die gedrag van hul kudde teenoor die Boesmans af te keur, ietwat meer sin. 'n Mens kan selfs argumenteer dat die sendelinge tot 'n groot mate nie immuun was teen druk vanuit die gemeenskap waaronder hulle gewerk het nie en dat hierdie 'n voorbeeld is van hoe die sendelinge deur hul arbeidsveld verander is, eerder as andersom. Die sendelinge was dus nie bloot godsdienstige rewolusionêres wat verandering net in een rigting bewerkstellig het nie. In die algemeen was hulle doodgewone, feilbare mense wat dikwels ook geswig het onder volgehoue druk vanuit hul arbeidsveld, wat op sy beurt weer veranderinge in hulself veroorsaak het. Dat die Kareebegsendelinge daarin gefaal het om 'n onreg onder hul oë te verhoed, en selfs direk daaraan meegedoen het, is 'n feit wat altyd

¹⁰⁵ Ibid., "13 Mai 1847".

as 'n klad op hul andersins goeie werk bly staan. Tog verklaar die wyse waarop die Rynse sendelinge met hierdie kwessies omgegaan het baie omtrent hul wêreld- en lewensbeskouing, wat soos uit die voorafgaande aangetoon is, deur 'n warboel van faktore en invloede gevorm is. Juis daarom is dit noodsaaklik dat die rol wat die Rynse sendelinge in die Kareeberge gespeel het, hoe gering dit ook al mog wees, altyd teen hul agtergrond en volgens die faktore wat vir die Rynse Sendinggenootskap in sy geheel belangrik was, beoordeel word.



HOOFTUK 2

DIE KAREEBERGSENDINGVELD: PROBLEMATIEK RONDOM DIE KOMMISSIE VAN ONDERSOEK IN 1843

In die beste tradisie van Duitse Piëtisme dat Gods woord “moet skyn oor dié wat in duisternis en doodskaduwee sit”, het die direksie in die 1840's aan eerwaarde Zahn, direkteur van die Rynse Sendinggenootskap aan die Kaap, opdrag gegee om die moontlikheid vir die uitbreiding van hul Kaapse sending na die Kareebergstreek te ondersoek. Die Kommissie van Onderzoek, wat in 1843 uit hierdie opdrag voortgespruit het, was in menige opsig allesbepalend vir die latere sendinginisiatief in die Kareeberge. Getrou aan die wêreld- en lewensbeskouing van die Rynse Sendinggenootskap, het die Kommissie van Onderzoek die Kareebergstreek bloot vanuit 'n eng en uifers konserwatiewe sendingperspektief beoordeel. Dit het tot gevolg gehad dat die kommissie sekere wanvoorstellings aangaande die streek gevestig het en selfs belangrike aspekte omtrent die inwoners self; hul uifers komplekse sosio-ekonomiese en politieke verhoudinge, asook die lang voorgeskiedenis van die streek, verkeerd begryp het, of glad nie in berekening gebring het nie.

Die gevolg hiervan was dat die Rynse sendelinge wat hulle in 1845 in die Kareeberge op Amandelboom gevestig het vir etlike jare in 'n sekere sin in konflik was met feitlik elke realiteit van die Kareebergstreek as sendingveld. Hierdie konflikte en die implikasies daarvan vir beide die sendelinge en die Kareeberggemeenskappe vorm die kern van ondersoek in hierdie hoofstuk. Meer spesifiek sal daarop gelet word hoe die eensydige klem wat die Rynse sendelinge op die geestelike geplaas het in direkte botsing gekom het met die geestelike gesag van die sendelinge enersyds, en die meer aardse of wêreldse realiteite van 'n uifers komplekse sendingveld. Die roeping van die Kareebegsendelinge het veel wyer gestrek as die “goddelike taak” waarop hulle voorbereid was. Daarom het dit 'n uifers komplekse proses van aanpassing en verandering na beide kante bewerkstellig. Hierdie veranderinge was nie altyd versoenbaar met die aard van die Rynse Sendinggenootskap, of die behoeftes van die Kareeberggemeenskap nie.

2.1 Die Rynse Sendingkommissie van Onderzoek na die Kareeberge in 1843

In 1843 het die Rynse Sendinggenootskap eerwaarde Zahn en Leipoldt, van Tulbagh en Wuppertal onderskeidelik, gelas om die moontlikheid van 'n sendingstasie in die Kareeberge te ondersoek. Wat werklik aanleiding gegee het tot die belangstelling in die Kareebergstreek as potensiële sendingveld, is nie heeltemal bekend nie. Dit wil egter voorkom asof die oorwegend Bastergemeenskappe aan die Sakrivier noue bande gehad het met sommige inwoners van Wuppertal en dat daar gereeld versoeke vanuit dié oord gekom het om 'n sendingstasie in die Kareeberge te vestig. Afgesien van die Bastergemeenskappe aan die Sakrivier, was die sendelinge op Wuppertal ook bewus van 'n groot aantal Xhosa wat na berigte 'n nomadiese veeboerbestaan in die Kareeberge gevoer het en aan wie die regering by geleentheid grond in die omgewing van Schietfontein (tans Carnarvon), toegeken het.¹

Inligting uit die geleedere van die Kareebegbasters het deurgaans daarop gewys dat die plaas Grootfontein, in 'n meer westelike rigting tot Schietfontein, die mees geskikte plek in die Kareeberge was om 'n sendingstasie op te rig. Na berigte was dit 'n waterryke omgewing met die

¹ VEM, A/c 8, Lit C, Copier Buch, 1843-1847, Deputation-Maitland, Elberfeld/ Barmen, 16-8-1844; Deputation-Lutz, Elberfeld/Barmen, 1-8-1844; 6-12-1844; VEM, Jahresberichte der Rheinische Missionsgesellschaft, Fünftehnter Jahresbericht der Rheinische Missionsgesellschaft, 1-9-1842-1844, pp. 19-21. Hierna Jahresberichte..... Vir die herkoms van die Schietfontein-Xhosa en hul geskiedenis sien: E. Anderson, *The Zak River and Kareebegs: A Frontier zone on the northern borders of the Cape Colony, 1798-1830*; E. Anderson, *A History of the Xhosa of the Northern Cape, 1795-1879*.

beste weiding in die hele streek.² Ten spyte daarvan dat die Bastergemeenskap van die Kareeberge die mees uitgesproke was om 'n sendeling in hul geledere te bekom, blyk dit uit die reisbeskrywing van die kommissie dat die Rynse Sendinggenootskap egter uit wans uit eintlik voorkeur verleen het aan die Xhosa-gemeenskap op Schietfontein, as afspringplek vir 'n moontlike sendingveld. Die feit dat hierdie gemeenskap, net soos die Basters, buite die amptelike koloniale grens woonagtig was, maar in teenstelling tot die Basters alreeds 'n mate van sekerheid oor hul grondbesetting verkry het, was waarskynlik die deurslaggewende faktor. Aan die ander kant blyk dit uit die navorsing van Anderson oor die geskiedenis van die Schietfontein-Xhosa, dat hierdie grondtoekenning meer geskied het op inisiatief van die omliggende blanke boere en dat die permanensie daarvan bra twyfelagtig was.³ Nadat eerwaarde Lutz in 1847 'n hoflikheidsbesoek aan die Xhosa op Schietfontein gebring het, was selfs hy van mening dat die dokument wat hul grondbesit in hierdie gebied bevestig het, niks meer werd was as die papier waarop dit geskryf was nie. Die hele Xhosa-gemeenskap in die noordwestelike grensdistrikte was inderwaarheid uitgelewer aan die grille van die blanke inwoners en die amptenary in die aanliggende Beaufort-Wes distrik.⁴ Die voorkeur wat die Rynse Sendinggenootskap aan die Xhosa verleen het, versterk tot 'n mate ook die vermoede van Anderson dat die versoek om 'n sendingstasie in die Kareeberge te begin, moontlik van die Kaapse regering kon gekom het. Die vermoede bestaan selfs dat daar moontlike bymotiewe in regeringskringe kon gewees het, spesifiek vir die vestiging van Rynse sendelinge onder die Xhosa van die streek.⁵

Wat ook al die ware rede was vir die belangstelling in die gebied, het die Kommissie van Ondersoek nietemin in hul rondreise en kontak met die inwoners van die streek sterk onder die indruk gekom dat die Kareeberge, ingevolge die gebruikelike kriteria wat die Rynse Sendinggenootskap by die keuse van hul arbeidsveld toegepas het, uitermate geskik was vir die oprigting van 'n nuwe stasie. Die belangrikste oorweging in hierdie verband was dat die sending so min moontlik weerstand uit die gemeenskap moes kry. Afgesien van 'n paar knorrige en selfs onbeskofte blanke veeboere, wat hulle onderweg teengekom het en wat die sendingteenwoordigheid in die gebied met openlike argwaan en agterdog bejeën het, was die Xhosa- en Bastergemeenskappe in sy geheel ontvanklik vir die idee dat die Rynse Sendinggenootskap hul bedrywighede na die gebied moes uitbrei. In beide gemeenskappe is die kommissie uiters vriendelik ontvang. Beide groepe het ook aangetoon dat hulle begerig was na Gods woord. Daarmee was die eerste en waarskynlik belangrikste struikelblok uit die weg geruim. Die kommissie kon ten minste sonder skroom aan die direksie in Duitsland rapporteer dat daar in hierdie belangrike opsig geen vestigingsprobleme in die Kareeberge verwag kon word nie.

'n Tweede belangrike oorweging vir die Kommissie van Ondersoek was dat die voorgenome sendingstasie so ver moontlik en so spoedig moontlik finansiëel onafhanklik moes kon funksioneer. Die beperkte sendingfondse in Duitsland het alreeds in hierdie vroeë stadium onder druk begin kom. Daarom was dit belangrik dat die gemeenskap onder wie die sendelinge hulle sou vestig, in staat en bereidwillig moes wees om die sendingstasie ook finansiëel te ondersteun.

² VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 8, 9, 10 von J. H. Lutz vom Sept 1845 bis Sept 1847. Tagebuch No 8 von J.H. Lutz vom 20-11-1846 bis 16-4-1846, "Reise nach Grootfontein."

³ E. Anderson, *A History of....*, pp. 34-39.

⁴ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 12 von J. H. Lutz vom 17-7-1847 bis 11-11-1847, Lutz-Deputation, Amandelboom, 1-8-1847, "Besuch beim Kafferkapitän an den Kareebergen"; VEM, A/c 9, Lit D, Copier Buch, 1848-1856.

⁵ E. Anderson, *A History of....*, pp. 67-68.

As redelik welvarende veeboere was dit, na die oordeel van die kommissie, binne die vermoë van die inwoners van die streek om die sendinginisiatief uiteindelik onafhanklik te kon onderhou. Gegewe die sigbare welvaart van die inwoners van die Kareeberge, was die kans dus gering dat die voorgenome stasie lank 'n buitengewone groot las op die sendingfondse in Duitsland sou wees.

Ten opsigte van die onafhanklike onderhoud van die sending, het die Schietfontein-Xhosa egter minder vrygewig voorgekom. Dit het uiteindelik die aanvanklike voorkeur aan hierdie groep ten gunste van die Bastergemeenskap op Grootfontein in die Kareeberge laat swaai. Uit gesprekke met Jan Kaffer, die regeringsaangestelde opperhoof van die Schietfontein-Xhosa, was dit byvoorbeeld spoedig tot groot ontsteltenis van die kommissie duidelik dat hy 'n ander idee omtrent sendingwerk gehad het as waarvoor die Rynse sending gestaan het. Na vermoede het sy broer, wat kort tevore van die Oosgrens na Schietfontein verskuif het, verwagtinge oor die nut van sendelinge by hom gekweek waarmee die Rynse Sendinggenootskap nie kon identifiseer nie. Dit was veral sy navrae oor hoeveel geskenke hy by die aankoms van die sendelinge kon verwag, en sy onvermoë of onwilligheid om enige waarborge te verskaf dat die gemeenskap die sending finansiëel sou ondersteun, wat uiteindelik daartoe meegewerk het dat die kommissie teësinnig besluit het om, tot tyd en wyl die Xhosa hul gesindheid verander het, eerder op die Basters by Grootfontein te fokus.

Op Grootfontein het die groot aantal Basters wat daar 'n nomadiese veeboerbestaan gevoer het, 'n groot indruk op die kommissie gemaak, al het die mense self aanvanklik ietwat hoogmoedig voorgekom. In hierdie omgewing was daar voldoende weiding vir die groot veetroppe van die inwoners. Daar was ook volop water wat selfs landbou, weliswaar op beperkte skaal, moontlik sou kon maak. Op die oog af het die Basters buite die amptelike grense van die kolonie 'n informele en oënskynlik sorgvrye bestaan gevoer. Dit het gelyk asof min dinge die rustige ritme van hul daaglikse bestaan versteur het. In die geheel gesien, was die Kareeberggemeenskappe met wie die kommissie kontak gemaak het, alreeds in 'n mate die toonbeeld van selfonderhoudende gemeenskappe waarna die Rynse Sendingbeweging so gestreef het. Al wat nog kort gekom het was om die positiewe ingesteldheid van die inwoners van die streek in 'n meer Christelike rigting te kanaliseer.⁶

Afgesien van die meer voor-die-hand-liggende redes, wat 'n sendinginisiatief in die gebied bevorder en selfs vergemaklik het, was daar terselfdertyd ook 'n hele aantal faktore wat so 'n onderneming nie alleen wenslik gemaak het nie, maar selfs dringend noodsaaklik. In hierdie verband was een van die mees knellende probleme van die streek die totale gebrek aan onderwys. Die skadelike invloed van die gebrek aan onderwys was feitlik oral waarneembaar. Aan die buitewyke van die kolonie was dit selfs vir diegene in die oorwegende blanke distrikte, wat hulle nog oor die opvoeding van hul kinders bekommer het, bykans onmoontlik om geskikte onderwysers te bekom. Hoe knellend hierdie probleem werklik was, blyk uit gesprekke wat eerwaarde Lutz en Beinecke met veldkornet Van Zyl in die Hantam gehad het toe hulle onderweg na Amandelboom in 1845 vir 'n wyle by hom vertoef het. "Hulle bekommer hulle oor hulle kinders," het eerwaarde Beinecke geskryf, "dat hulle so sonder onderrig moes grootword, net soos die kinders van die Hottentotte op sy plaas en dié in die omgewing. Hy het egter al alle moontlike

⁶ VEM, Monats Berichte der Rheinischen Missionsgesellschaft enthalten Auszüge aus den Briefen und Tagebüchern ihrer Sendboten, No 4, April 1844 - No 5, Mei 1844, "Bericht von der Untersuchungsreise der Missionare J. Leipoldt und G. Zahn zu den Kaffern und Bastards an den Kareebbergen vom 22 März bis 26 April 1843", pp. 31-48. Hierna VEM, Monats Berichte....No... Untersuchungsreise.....; VEM, A/c 8, Lit C, Copier Buch, 1843-1847, Deputation-Lutz, Elberfeld/Barmen, 1-8-1844; 15-6-1845.

moeite gedoen om ‘n onderwyser te bekom en selfs al onder die Basters na een gesoek, maar tevergeefs.”⁷

Wie nog so gelukkig was om ‘n onderwyser in hierdie geweste raak te loop, het dikwels tot hul skade agtergekom dat die meeste mense wat hulle in die gebied as leermeesters uitgegee het, meesal self byna ongeletterd was. Die gebrek aan opgeleide onderwysers en die intense begeerte na behoorlike opvoeding onder die inwoners van die Noordgrens, is dikwels selfs deur oorlamse bedrieërs aangegryp om die eenvoudige en goedgelowige boere ‘n rat voor die oë te draai. So was eerwaarde Leipoldt byvoorbeeld stomgeslaan toe hy verneem het dat ‘n Duitser, wat voorheen ‘n plaaskneg was by ‘n boer in die omgewing van Wuppertal en vir wie hy by geleentheid ontmoet het, as gesogte onderwyser in die Roggeveld diens gedoen het. Afgesien daarvan dat die man se opvoedkundige vermoëns twyfelagtig was en hy volgens Leipoldt nooit verder as plaaskneg moes gevorder het nie, het hy ook onder die niks vermoedende boere ‘n buitensporige hoë salaris per jaar verdien.⁸

‘n Tweede probleem wat in die gebied baie sterk opgeval het, was dit wat die kommissie as voorbeelde van “verderflike beskawingsinvloede” beskou het. Dit het in die vorm van brandewynsmouse die hele gebied deurkruis.⁹ Onderweg na Schietfontein het die kommissie juis so ‘n smous teengekom. Aan die buitewyke van Schietfontein was die Kommissie van Ondersoek sigbaar ontstig toe ‘n paar oorgretige swartes, wat duidelik in die waan verkeer het dat die sendelinge die besoekende smous was, op hulle waens afgestorm het. Toe Jan Kaffer, uitgedos in sy spoggerige rooi Britse uniform met ‘n bont broek, breërandhoed en velskoene die kommissie buite Schietfontein tegemoet gery het, het die verwelkomingsgebaar die kommissielede aanvanklik baie beïndruk. Spoedig moes die naïewe sendelinge egter tot hul teleurstelling uitvind dat ook hy eintlik op pad was na die brandewynsmous. Eers die volgende oggend, nadat hy na wat hulle vermoed het die nagevolge van sy besoek aan die smous eers afgeslaap het, kon hy sy besoekers te woord staan.¹⁰

Hoe vrylik beskikbaar en winsgewend die brandewynhandel in die Kareeberge was, sou die Rynse Sendinggenootskap eers na die vestiging van eerwaarde Lutz en Beinecke op Amandelboom werklik ervaar. Vanuit die omliggende distrikte het handelaars, boere en Basters gereeld met wavrage van die “Höllennwasser” in die Kareeberge gesmous. So gesog was brandewyn in die streek, dat die meeste handelaars buitensporig hoë pryse gevra het. Desondanks het die aanvraag altyd die aanbod oorskry. Vir ‘n halwe aam brandewyn kon ‘n handelaar 30 skape ter waarde van ongeveer 120 Rds van sy eie keuse uitsoek. ‘n Vrag brandewyn het normaalweg uit 6 tot 9 halwe aam bestaan wat die handelaar ‘n aansienlike trop skape kon besorg, soveel te meer nog wanneer besopenes dikwels ook ingedoen kon word.¹¹ By geleentheid het veldkornet Burger van die Hantam met ‘n perdewa vol brandewyn oor Amandelboom in die

⁷ VEM, B/C I 23, Beinecke, Beinecke-Deputation, 14-8-1848 bis 30-9-1848.

⁸ VEM, Monats Berichte....No 5, Mai 1844, “Untersuchungsreise.....”, p. 34.

⁹ VEM, Neunzehnter Jahresbericht der Rheinische Missions Gesellschaft, Sept 1847 bis dahin 1848, p. 38

¹⁰ VEM, Monats Berichte....., No 5, Mai 1844, “Untersuchungsreise.....”, pp. 40-41.

¹¹ VEM, B/C I 23, Beinecke, Tagebuch No II von Beinecke vom 10-8-1846 bis 28-2-1847. 1Aam = 35 gelling = 168 liter.

rigting van Schietfontein getrek. By sy terugkeer, ‘n paar dae later, het hy nie minder nie as 700 skape ter waarde van Rds 2400 by hom gehad.¹²

Afgesien daarvan dat die drankhandel die inwoners van die Kareebergstreek stelselmatig verarm het, was dit veral die dronkpartye en gepaardgaande huismoleste wat die sendelinge later eindelose kopseer besorg het. Nadat die sendelinge in 1845 op Amandelboom gevestig het, sou hierdie dronkpartye die uiters streng Rynse sendelinge nog erg dwars in die krop steek.¹³ Juis daarom het veral eerwaarde Lutz na die stigting van Amandelboom dit sy lewenstaak gemaak om die gebied van hierdie euwel te verlos. Tien jaar nadat eerwaarde Zahn as lid van die Kommissie van Onderzoek die gebied verken het, het hy dit weer in 1854 op ‘n inspeksiereis besoek. Na sy inspeksie van Amandelboom het hy met genoegdoening aan die direksie gerapporteer dat die sendinginvloed en veral die onvermoeide pogings van eerwaarde Lutz, ten minste wat die drankhandel betref het, alreeds positiewe resultate gelewer het. Sy opmerkings by hierdie geleentheid verklap ook hoe ernstig die drankewel tydens die besoek van die Kommissie van Onderzoek in die Kareeberge werklik was: “Vroeër is géén God in die wêreld meer gedien as brandewyn nie. ‘n Ossewa vol van die gif wat oor die Sakrivier getrek het, het nooit met ‘n druppel weer teruggekeer nie. Hierdie gifdrank het al die troppe skape “opgevrete” en veroorsaak dat al die wette van die natuur verbreek is. So lank as wat daar brandewyn was, het ‘n mens nou eenmaal net dronkes gesien - die eerste daglik het hulle dan nie nugter gesien nie en saans ook nie nugter gaan slaap nie.”¹⁴

Die gebrek aan onderwys en die gretige oë vir die drankwa, wat onder feitlik al die inwoners van die Kareebergstreek so opmerklik was, was nie die enigste faktore wat die beskermende hand van ‘n sendeling geveg het nie. Poligamiese huwelike, veral onder die Xhosa, maar ook onder die Basters en selfs blankes in wie se geleedere hierdie tipe verhoudinge nie eintlik verwag is nie, was ‘n verdere bewys dat die streek kon baat vind by die werksaamhede van ‘n toegewyde sendeling. Later sou eerwaarde Alheit ‘n opdraande stryd voer op Schietfontein om “heidnische Gräuël”, soos veelwywery en die lobôla-stelsel onder die Xhosa, aan bande te probeer lê.¹⁵ Net so het eerwaarde Lutz hom dit ten doel gestel om, benewens die drankhandel, die “wilde Ehe” en “Haurengräuël,” waaraan die Basters hulle op Amandelboom so skuldig gemaak het, te beveg.¹⁶ Vir die Kommissie van Onderzoek was “Ou Sieteen”, ‘n Engelsman wat op verdagte wyse en om twyfelagtige redes met sy twee Khoikhoi-vroue en spannetjie half-verwilderde kinders in die omgewing van Grootfontein beland het, ‘n sprekende voorbeeld van hoe die andersins goeie mense van die streek in hul afgesonderdheid in beskawingsagteruitgang verval het. In sy geheel gesien, was die hele streek in morele en sedelike verval, waar selfs ernstige misdrywe soos bloedskande nog dikwels voorgekom het.¹⁷ Later het eerwaarde Zahn onomwonde verklaar dat

¹² VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 15 von J.H. Lutz vom 21-4-1850 bis 3-9-1850, “August”, “Der Brantwein Götze in den Kareeborgen”; Tagebuch No 8 von J.H. Lutz vom 20-11-1845 bis 16-4-1846, “Trauriger Vorfall.”

¹³ VEM, B/C I 23, Beinecke, “Beinecke’s Reisebericht vom 10-9-1848 bis 30-3-1849”; Ibid., Tagebuch No II von F.W. Beinecke vom 10-8-1846 bis 28-2-1847, “Den 10 Octobre...”.

¹⁴ VEM, Berichte No 3, 1854, “Inspektionsreise nach Wupperthal, Amandelboom und Schietfontein von Superintendent Zahn”, pp. 36-41.

¹⁵ VEM, Berichte, ZB I / 2, No 4, 26-1-1849, pp. 49-63; Ibid, ZB I / 2, 1852, pp. 249-255. Vir meer oor poligamiese verhoudings en die probleme wat dit vir die sendelinge veroorsaak het sien: VEM, B/C I 19, 1Pakket Lutz, 1859-1867.

¹⁶ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 8 von J.H. Lutz vom 20-11-1845 bis 16-4-1846, “Reise nach Grootfontein.”

¹⁷ VEM, Berichte, No 3, 1854, pp. 371-382.

die hele streek “in einem schleuslichen Heidentum versunken war.”¹⁸ Die jammerlike situasie van die inwoners van die streek het kerklike ingryping genoodsaak, soveel te meer omdat die naaste kerk en skool in die Clanwilliam-distrik geleë was. Selfs vir die inwoners van die Hantam was dit per ossewa ten minste 6 dagreise ver. Gevolglik het selfs die omliggende blanke boere hoogstens een of twee keer per jaar die kerk besoek. Volgens eerwaarde Lutz het die meeste in jare geen voet in die kerk gesit nie. In die reël het hulle kinders ook geen skoolopleiding ontvang nie.¹⁹ Om al hierdie redes het die kommissie dan ook aanbeveel dat die Rynse Sendinggenootskap so spoedig moontlik ‘n stasie in die gebied moes stig, of dit andersins aan ‘n ander genootskap aanbeveel.²⁰

2.2 Wanpersepsies van die Kommissie van Onderzoek omtrent die klimaatgesteldheid van die Kareebergstreek en die gevolge daarvan vir die Amandelboomsending

Die verslag van die Kommissie van Onderzoek is 'n uiters belangrike dokument, omdat die hele Kareeberg sendinginisiatief in Duitsland uiteindelik net daarop geskoei is. In sy aanbeveling aan die direksie oor die wenslikheid van ‘n sendingstasie in die Kareeberge, het Keetman sy inligting uitsluitlik op die bevindinge van die kommissie gebaseer. Op grond van die aanbevelings van eerwaarde Leipoldt en Zahn is selfs so 'n oortuigende saak vir die Kareebegsending uitgemaak, dat Keetman sy uiters invloedryke kontakte in Wuppertal kon oorhaal om die hele onderneming te finansier.²¹

As die reisverslag van eerwaarde Leipoldt en Zahn en hul aanbeveling aan die genootskap egter in sy geheel bestudeer word, dan blyk dit dat die Kommissie van Onderzoek uit onkunde in 'n hele aantal opsigte die ware toedrag van sake in die Kareebergstreek verkeerd geskat het. Op sy beste is sekere aspekte uiters simplisties voorgestel, of is ander faktore in hul waardebeplanning van die streek glad nie in berekening gebring nie. Hierdie toedrag van sake het twee uiters belangrike gevolge gehad. Beide sou die betrokkenheid van die Rynse Sendinggenootskap in die Kareeberge indirek vir etlike jare baie sterk beïnvloed.

Eerstens het die aanbevelings van die kommissie sekere onpraktiese en onuitvoerbare wanopvattinge omtrent die beoogde Kareebegsending onder lede van die Rynse direksie in Duitsland gevestig. Weens die gebrek aan 'n alternatiewe verwysingsraamwerk, asook die sterk outokratiese karakter van die Rynse Sendinggenootskap, het die direksie in die daaropvolgende jare verbete vasgeklou aan die idees van die Kommissie van Onderzoek. In 'n sekere sin het die kommissie se verslag grootliks daartoe meegewerk dat die reeds bestaande Eurosentriese opvattinge oor hoe die sending in Afrika daar moes uitsien, versterk is. Hierdie opvattinge was nie altyd so realisties of haalbaar nie. Belangriker nog is dat hierdie opvattinge uiteindelik weer neerslag gevind het in die instruksies aan die sendelinge. Gegewe die feit dat die sendelinge meesal streng volgens instruksies van die direkteure in Duitsland moes handel, is die taak en verwagtinge wat aan hulle gestel is sodoende onnodig gekompliseer.

¹⁸ Ibid., “Inspektionsreise nach Wupperthal, Amandelboom und Schietfontein von Superintendent Zahn”, pp. 36-41.

¹⁹ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 10 von J. H. Lutz vom 1-7-1846 bis 20-1-1847.

²⁰ VEM, Monats Berichte..., No 5, Mai 1844, “Untersuchungsreise.....”, p. 48.

²¹ VEM, 2.403, Zur Geschichte der Mission in Süd Afrika: Frühe Briefe, Kartenskizzen. Vortrag von H. Keetman über projekt Mission in den Kareebbergen, 1843; VEM, A/a 3, Protokollbuch der Rheinische Missions Gesellschaft 1838 bis 1845, Ausserordentliche sitzung von 30-1-1844, 26-3-1844; VEM, A/c 8, Lit C, Copier Buch, 1843-1847, Deputation-Lutz, Elberfeld, 1-8-1844.

Objektief gesien, was sommige interpretasies van die Kommissie oor die geskiktheid van die Kareebergstreek as sendingveld, wat agterna as foute beskou kon word, eintlik te verwagte en dus verskoonbaar. Die geskiktheid van die streek as potensiele sendingveld is immers in die eerste plek vanuit die eng perspektief van die sendelinge beoordeel. Gegewe die karakter en agtergrond van die Rynse sendelinge is daar uiteraard meer klem gelê op die aantal siele wat gekersten kon word, eerder as ander belangrike praktiese oorwegings. Soos in die voorafgaande hoofstuk uiteengesit is, was die mees uitstaande kenmerk van die Rynse Sendinggenootskap dat hulle bedrywigheede feitlik uitsluitlik deur 'n oordrewe fokus op die geestelike bepaal is. Daarbenewens was hulle in sommige opsigte uitgelewer aan inligting wat deur die gemeenskappe self verstrekkend is. Die gevaar hierin was dat die moontlikheid bestaan het dat hierdie inligting dalk doelbewus so geplooi is dat dit in lyn was met die behoeftes en selfs bedekte redes van die gemeenskap oor waarom hulle 'n sending in hul midde wou hê. Die Kommissie van Onderzoek se verslag was egter so belangrik en rigtinggewend vir die Kareebersendinginisiatief, dat dit belangrik is om in meer besonderhede te kyk na waar daar gefouteer is en in watter mate dit die lewe van alle betrokkenes beïnvloed het.

Eerstens het die kommissie nie ten volle besef dat die oënskynlik welvarende veeboergemeenskappe, wat om verskeie fonteine en ander waterpunte in die Kareeberge saamgetrek was, 'n uiters kwesbare produk was van 'n ingewikkelde interaksie van verskeie mens-omgewing-verhoudinge. Hoe ingewikkeld en veranderlik hierdie verhoudinge was en hoe sterk omgewingsinvloede in die streek werksaam was, sou die sendelinge eers na hul vestiging in die gebied uitvind. Daarbenewens het baie van hierdie invloede nie alleen die ekonomiese lewe van die streek beïnvloed en veral beperk nie, maar ook ingewikkelde politieke implikasies gehad. Hierop was die Rynse sendelinge, met hul ietwat wêreldvreemde ingesteldheid, nie heeltemal voorbereid nie.

Daar moet altyd in gedagte gehou word dat Suid-Afrika, in sy geheel gesien, eintlik 'n droë land is. Relatief klein gedeeltes kry jaarliks soveel reënval dat dit aan die minimumvereistes vir landbouproduksie voldoen. Die hele Kareebergstreek is geleë in van die droogste gedeeltes van die land waar selfs die karige gemiddelde jaarlikse reënvalsyfers, uiters misleidend kan wees. Donderstorms wat in die somermaande oor die gebied uitsak, reën byvoorbeeld dikwels oneweredig en die water loop relatief vinnig af. Die hoë somertemperature laat dikwels ook 'n groot gedeelte van die neerslag verdamp nog voordat dit enige noemenswaardige, heilsame uitwerking op die plantegroei kan hê.²² Weens sommige klimatologiese realiteite van die streek, is dit dus niks buitengewoon dat in sommige areas redelik baie reën mag uitsak, terwyl dit enkele kilometer verder jammerlik droog mag wees nie. Afgesien van die groot streeksvariasie in reënvalpatrone, is dit daarby ook doodgewoon 'n natuurwet dat, hoe laer die neerslag in 'n bepaalde gebied is, hoe meer wisselvallig is dit en hoe groter is die kans op droogte.²³ Al hierdie faktore in ag genome, is dit niks buitengewoon nie dat die gebied in die wandel meer bekend is om sy droë onherbergsaamheid en gereelde droogtes. Selfs in moderne tye bly dit een van die uitstaande kenmerke van die streek wat besonder hoë eise stel aan sy inwoners om daar te oorleef.

Dit verbaas daarom nie dat die Kareebersendingelinge elllange beskrywings in hul dagboeke aan die droë onherbergsaamheid van die streek afgestaan het nie. Soms het eerwaarde Lutz moeite

²² VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 14 von J. H. Lutz vom 5-12-1849 bis 22-4-1850, Lutz reënverslae.

²³ N. Penn, *Pastoralists and Pastoralism in the Northern Cape Frontier Zone in the Eighteenth Century*, in M. Hall en A. Smith (eds.), *Pastoralism in Southern Africa, The South African Archaeological Society Goodwin Series*, No 5, July 1986.

gehad om die teenstelling tussen die hoë reënval in die Wupperstreek, waaraan die direksie gewoon was en die onerbarmlike omgewing waarin hulle beland het, aan die Europese gemoed tuis te bring: “Reëndag- onder hierdie uitdrukking verstaan ek uitdruklik nie ‘n daglange aanhoudende reën nie, maar inderdaad ‘n dag waarop dit by ons gereën het. Sulke dae is in ons omgewing maar dun gesaai onder die 365 dae van die jaar. Daarom is dit by ons ongetwyfeld noemenswaardig.”²⁴ Selfs toe eerwaarde Lutz in 1858 al dertien jaar in die Kareeberge gewoon het, het hy dit nog dikwels nodig gevind om die waarde van reën aan die direksie te verduidelik: “Dit sal skaars nodig wees om u daaraan te herinner dat hoe gering reëndae ook al in Duitsland dikwels aangeslaan word, soortgelyke dae, daarenteen, hier van groot betekenis is, ja, selfs ‘n groot seën vir die gebied. Gedurende die afgelope nege maande was daar slegs ses dae waarop dit gereën het. Hieruit kan ‘n mens sien waarom dit in hierdie streek geringe moeite is om die reëndae van die jaar aan te teken.”²⁵

Net so was verskeie 18de- en 19de-eeuse reisigers wat die gebied besoek het, byna obsessief oor die lae reënval. Die meeste was ten aanskoue van die oënskynlik lewelose wildernis feitlik deur die bank met weersin vervul. So het John Campbell, om slegs een te noem, in 1813 onderweg na die Bastergemeenskappe ten noorde van die Oranje, die Kareebergstreek as ‘n wildernis afgeskryf wat, tensy een of ander wonderwerk sou gebeur, tot in alle ewigheid so sou voortduur.²⁶ Soos Anderson tereg opmerk, het Campbell se “wonderwerk”, in die vorm van windpompe, eers in die 20ste eeu gekom.²⁷ Hierdie tegnologie wat grondwater kan benut en, les bes, in moderne tye kan aanlê na waar dit benodig word, was seker een van die belangrikste en terselfdertyd mees miskende faktore, wat die Kareebergstreek vir permanente vestiging ontsluit het.

In die afwesigheid van hierdie eenvoudige tegnologie wat die meeste veeboere vandag as so vanselfsprekend aanvaar, was die 18de- en 19de-eeuse veeboer veel meer uitgelewer aan die harde natuurwerklikhede van die Karoo. Van al hierdie faktore was reënval en toegang tot oppervlaktewater seker die belangrikste. Reënval bepaal immers die kwaliteit van weiding. Daarom is dit ook die mees bepalende faktor vir die hoeveelheid en welke soort vee in 'n bepaalde gebied aangehou kan word. Aangesien vee gereeld moet drink, was oppervlaktewater in die vorm van fonteine of waterpanne ook ‘n daaglikse behoefte. Waar toegang tot hierdie twee basiese behoeftes, om watter rede ook al, afgesny is, het uiterste ellende gevolg. Uit die dagboeke van die sendelinge is dit opvallend hoe welvarende veeboere, by gebrek aan water en weiding tydens droogtes, feitlik oornag in brandarm en besitlose bedelaars verander het.

Die ontsluiting van die Kaapse noordgrens wat met horte en stote min of meer oor twee eeue heen geskied het, word gekenmerk deur hierdie uiters komplekse interaksie en wisselwerking van verskeie omgewingsfaktore. In dié verhaal van die voortstuwende veeboeruitbreidings in die binneland bly toegang tot water en weiding altyd sentraal. Sonder uitsondering is die daaglikse bestaan van die voortstuwende veeboeruitbreiding voortdurend gekenmerk deur ‘n daaglikse stryd om oorlewing wat feitlik uitsluitlik deur omgewingsfaktore bepaal is.²⁸ Vanuit die Kaap het die

²⁴ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 14 von J. H. Lutz vom 5-12-1849 bis 22-4- 1850, “Regentag”.

²⁵ Ibid., Tagebuch No 28 von J. H. Lutz vom 1-1-1858 bis 12-8-1858, “Regentagen”.

²⁶ J. Campbell, *Travels in South Africa*, pp.193-194. Vir meer oor reisbeskrywings van vroeë reisigers in die Kareebergstreek sien oa: W.J. Burchell, *Travels*, p. 206; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa*, Vol II, pp. 259-260.

²⁷ E. Anderson, *The Zak River and Kareebergen: A Frontier zone.....*, p. 9.

²⁸ N.G. Penn, *The Northern Cape Frontier Zone*, p. 35.

veeboerbeweging gedurende die 18de en 19de eeu noordwaarts beweeg, die mees geskikte areas vir veeboerdery eerste beset en daardie areas wat hul voortbestaan bedreig het, omseil. Terwyl historici nog onder mekaar redekawel oor die redes waarom mense hulle in veeboerdery begeef het²⁹, is dit 'n redelik uitgemaakte saak dat ten minste die rigting wat die veeboeruitbreiding vanuit die Kaap gevolg het, deur bestaanswerklikhede gedetermineer is. Dit alles was uiteraard op sy beurt weer ten nouste met omgewingsfaktore verstrengel.³⁰

Hierdie eenvoudige gegewe word deurgaans deur alle gesaghebbende navorsing wat oor die noordwaartse uitbreiding van die veeboer gedoen is, ondersteun. P. J. van der Merwe was immers die eerste Suid-Afrikaanse historikus wat aangevoer het dat die trekboerbeweging nie ten volle begryp kan word sonder om ook die sosio-ekonomiese sy van die beweging te bestudeer nie. Van nog groter belang is dat hy aangevoer het dat die hele trekboerbeweging alleenlik sin maak as dit teen die agtergrond van omgewingsfaktore bestudeer word. Hy was voorts vas oortuig daarvan dat die hele trekboerbeweging nie ten volle begryp kon word, sonder om 'n grondige studie van die Kaapse binneland te maak nie.³¹ As hierdie benadering gevolg word en die grensvasstellings wat in navolging van die veeboeruitbreiding deur opeenvolgende regerings gedoen is as maatstaf geneem word om aan te toon watter areas deur die veeboersektor bo andere verkies is, dan is dit opvallend watter invloed die natuur op die vestigingspatrone aan die Noordgrens gehad het. Sonder uitsondering het die grensvasstellings van 1798, 1803 en 1824, as aanduiding van hoe die bewoonde distrikte stelselmatig uitgebrei het, die onherbergsame en droogtegeteisterde gebiede omseil. Dit was juis een van die belangrikste redes waarom die Kareeberge teen 1845, toe die eerste Rynse sendelinge hulle in die gebied gevestig het, steeds buite die amptelike grense van die kolonie was.

Die demografie van die Noordgrens en veral dié van die Kareebergstreek illustreer in baie opsigte die kwesbare aard van veeboerdery in die tyd. Belangriker nog is dat dit terselfdertyd ook beklemtoon watter aanpassings deur veeboere gemaak moes word om by die natuurwerklikhede van die streek aan te pas. Die belangrikste aanpassing in hierdie verband was om in bepaalde gebiede te vestig waar, deur seisoenale migrasies, aan die beperkings van die natuur ontkom kon word. Volgens die jongste navorsing in hierdie verband was die nomadiese migrasiepatrone van die veeboeruitbreiding aan die Noordgrens, net soos die nomadiese lewe van jagters en versamelaars, dus geen sinlose rondtrekkery wat primêr uiting gegee het aan 'n irrasionele trekklus nie. Al die gemeenskappe wat in die streek 'n nomadiese leefwyse gevoer het, is in die eerste plek deur die omgewingsfaktore van die streek daartoe gedwing. Daarom weerspieël dit eerder 'n poging om deur seisoensmigrasie die beperkte bestaansmoontlikhede van 'n bepaalde gebied optimaal te benut. Net soos jag-en versamelgemeenskappe genoodsaak was om die trekbewegings van wild te volg, was veeboergemeenskappe ook genoodsaak om sekere streke te beset waarbinne seisoensmigrasies optimale oorlewingsmoontlikhede dwarsdeur die jaar gebied het.

²⁹ Vir meer oor hierdie debat sien oa: S.D. Neumark, *Economic influence on the South African Frontier 1652-1836*, California, 1857; L. Guelke, *The White Settlers, 1652-1780*, in R. Elphick and H. Giliomee (eds), *The shaping of South African Society, 1652-1820*; R. Ross, *Capitalism, Expansion and Incorporation on the South African Frontier*, in H. Lamar and L. Thompson (eds), *The Frontier in History: North America and Southern Africa compared*; N.G. Penn, *The Northern Cape Frontier Zone*, p. 20.

³⁰ N.G. Penn, *Pastoralists and Pastoralism in the Northern Cape Frontier Zone during the Eighteenth Century*, p. 15.

³¹ Die klem wat P. J. van der Merwe onder andere op die omgewingsfaktore plaas om die trekboerbeweging as sodanig in perspektief te plaas, loop soos 'n goue draad deur sy werke en onderskei hom van sy tydgenootlike historici. Sien sy trilogie: *Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie; Die noordwaartse beweging van die boere voor die Groot Trek en Trek (Studies oor die mobiliteit van die pioniersbevolking aan die Kaap)*. Sien ook K. Smith, *The Changing Past: Trends in South African Historical Writing*, pp. 76-80 soos in N.G. Penn, *The Northern Cape Frontier Zone, 1700-1815*, pp. 6-8.

Seisoenale trekboermigrasies, as uiting van 'n goed beplande oorlewingstrategie, het in die jongste tyd heelwat aandag onder sommige historici geniet. Hierdie navorsing word deur die bank gekenmerk deur die klem wat geplaas word op aanpassings wat alle inwoners in reaksie op hulle omgewing genoodsaak was om te maak. Ewe belangrik is ook om daarop te let hoe eksterne bedreigings sekere veranderinge in bepaalde gemeenskappe bewerkstellig het. Hierdie nuwe benadering het suksesvol daartoe meegewerk dat selfs die geskiedenis van die Boesmans aan die Noordgrens drasties hersien en in meer aanvaarbare perspektief geplaas is.³²

In hierdie verband is Nigel Penn se onlangse klem op seisoenale migrasie en die identifikasie van kerngebiede vir seisoensmigrasies waarbuite veeboere nouliks 'n bestaan kon maak, vir 'n studie van die Kareebergstreek van besondere belang. Deur middel van 'n grondige studie van die aanpassingstrategie binne veeherdergemeenskappe aan die Noordgrens, onderskei Penn byvoorbeeld ses verskillende sones aan die Kaapse Noordgrens. Almal is op die een of ander stadium gedurende die 18de en 19de eeu as kerngebiede vir seisoensmigrasies van die noordwaartse beweging van die veeboere beskou. Die volgorde waarin die gebiede beset is, was die Suidwes Kaap, die Weskus die Bokkeveld, die rand van die binnelandse plato (Hantam, Roggeveld en Nieuweveld), Namakwaland en laastens, die Oranjerivier. Dat die besetting van elk van die gebiede dikwels tot bloedige stryd aanleiding gegee het, is vir hom bewys daarvan dat seisoensmigrasies binne bepaalde streke die enigste manier was om in daardie spesifieke gebied te kon oorleef.

Namate die verskillende sones byvoorbeeld deur veeboere beset is, is die migrasiepatrone van ander inheemse groepe afgesny. Sodoende is hul kanse op oorlewing ernstig aan bande gelê. Gevolglik was hulle genoodsaak om uit die gebiede weg te trek, of is hulle meesal deur hul sterker mededingers, dikwels met brute geweld, uit sekere areas verdryf. Mettertyd is hulle, hoe langer hoe meer in onherbergsame streke ingedwing, waar die opsie van seisoensmigrasies vir hierdie gemeenskappe al minder geword het.³³ Die belangrikste aspek van Penn se navorsing vir die studie van die Kareebersending, is sy bevinding dat feitlik alle gebiede buite die geïdentifiseerde kerngebiede as ekologiese randgebiede beskou kan word waar permanente vestiging, hetsy as jagters en versamelaars of as veeboere, uiters riskant was.

Dit is teen hierdie agtergrond dat die Kareeberge as vestigingsgebied vir die Bastergemeenskap en die sendelinge bestudeer en beoordeel moet word. Die feit dat die streek teen die middel van die 19de eeu steeds nie op 'n permanente basis deur die oorwegend blanke veeboersektor van die Kaapse samelewing beset is nie, verklap baie omtrent die waarde van die streek as permanente vestigingsgebied. Terselfdertyd illustreer dit ook baie omtrent die status van die gekleurde gemeenskappe, vir wie die opsie tot seisoensmigrasies mettertyd gesluit is en wat deur die beperkte en wisselvallige oorlewingsbronne van die Kareeberge op 'n permanente basis as't ware vasgekeer was. Gedurende die 18de eeu en vir die grootste gedeelte van die 19de eeu, was die gebied ook om 'n ander belangrike rede vir veeboere ontoeganklik. Weens die konstante Boesmanaanvalle vanuit die Kareeberge op die omliggende veeboergemeenskappe, asook die feit dat die bergagtige omgewing nie altyd toeganklik was vir perdekommando's nie, was die hele Kareebergstreek aanvanklik doodgewoon te gevaarlik vir permanente veeboervestiging. Die

³² N. G. Penn, "Fated to perish": "The Destruction of the Cape San", in Pippa Skotnes (ed.), *Miscast, Negotiating the Presence of the Bushmen*.

³³ N. G. Penn, *The Northern Cape Frontier Zone, 1700-1815*, pp. 35-43 ; N.G.Penn., Land, labour and livestock in the Western Cape during the eighteenth century South-Western Cape, in W. G. James and M. Simons (eds.), *The angry divide- Social and economic history of the Western Cape*, pp. 2-19.

relatief klein veeboergemeenskap, wat in die omliggende Hantam- en Roggeveld-distrikte aan die voerpunt van die veeboeruitbreiding gestaan het, was dikwels heeltemal weerloos teenoor die verbete Khoisan-weerstand vanuit die Kareeberge. Hierdie gemeenskappe het trouens gedurende die 18de tot selfs laat in die 19de eeu kort-kort gevaar geloop om heeltemal deur die Boesmans uitgewis te word. Gevolglik word daar dikwels aangevoer dat die veeboergemeenskap eers heelwat later daarin kon slaag om die gebied te verower. Aan die ander kant het die gebied, soos Penn aangetoon het, buite die kerngebied vir seisoensmigrasie geval wat permanente vestiging daar, om 'n ander rede as die Boesmangevaar riskant, indien nie onmoontlik, gemaak het nie.

Danksy die gevestigde opvatting dat die veeboere nie vroeër in staat was om die weerstand van die Kareebergboesmans te verbreek nie, asook meer resente navorsing waar groot klem gelê word op die effektiwiteit van Khoisan-weerstand, word daar nog steeds allerweë aanvaar dat die belangrikste rede waarom veeboeruitbreiding vanuit die Roggeveld in hierdie rigting vir etlike dekades effektief stopgesit is, eintlik aan die Boesmangevaar toegeskryf kan word.³⁴ Sonder om hierdie belangrike faktor enigszins te kleiner, was dit ook ewe waar dat daar vir die 18de- en 19de-eeuse veeboer weinig bestaansmoontlikhede in die Kareeberge was, doodeenvoudig omdat dit geen kerngebied vir seisoensmigrasies gevorm het nie. Gevolglik was daar ook weinig rede om die gebied teen wil en dank te verower. As die streek, vanuit die perspektief van die veeboer nie so marginaal was nie, sou die Boesmans waarskynlik al vroeër met groter doelgerigtheid uit die gebied verdryf gewees het.

Hierdie argument word ondersteun deur die feit dat waar weerstand van inheemse groepe toegang tot gesogte areas belemmer het, sodanige weerstand deur middel van die kommandostelsel met doelgerigtheid relatief gou verbreek is. Voorts het die Kareebergstreek selfs nadat die ergste weerstand van die Boesmans gedurende die eerste dekades van die 19de eeu grootliks verbreek is, geen noemenswaardige toestroming vanuit die omliggende oorwegend blanke distrikte gehad wat hulle dit ten doel gestel het om **permanent** daar te vestig nie. Hoofsaaklik weens omgewingsfaktore, was groot gedeeltes ten noorde van die Kareeberge en Boesmanland selfs teen die einde van die 19de eeu steeds onbewoon.³⁵ Vir so lank as wat veeboerdery in die Kareebergstreek afhanklik was van die wisselvallige reënval en nie-standhoudende oppervlaktewater, was permanente vestiging in die gebied op sy beste riskant. Vir die doel van hierdie studie is dit dus belangrik om altyd daarop te let dat die Kareeberge vir die grootste gedeelte van die tyd wat die Rynse sendelinge daar werksaam sou wees, 'n gedwonge toevlugsoord was vir verswakte en verdronge gemeenskappe. Die oorlewing van hierdie groepe in 'n ekologiese randgebied, was slegs tydens hoë reënvalsiklusse gewaarborg.

As hierdie argument aan die dagboeke van die Karebergsendelinge getoets word en die oorheersende beeld van die Karoo as geknelde land en droë wildernis waar mens en dier moeilik 'n bestaan kan maak 'n wyle buite rekening gelaat word, dan blyk dit dat die gebied tydens volgehoue hoë reënvalsiklusse 'n redelik welvarende heenkome aan beide tydelike intrekkers, asook meer permanente inwoners kon bied. Die Kareeberge, met sy eindelose verskeidenheid plantsoorte en redelik standhoudende fonteine wat wydverspreid oor die gebied voorkom, het toe die ergste weerstand van die Boesmans vroeg in die 19de eeu gebreek is, 'n welkome heenkome aan letterlik honderde veeboere gebied. Vanuit die omliggende distrikte het baie blanke veeboere gedurende die somermaande tydelik in die gebied rondgetrek, hoofsaaklik om hul eie plase as

³⁴ Sien: S. Marks, Khoisan Resistance to the Dutch in the Seventeenth and Eighteenth Centuries, *Journal of African History*, xiii, 1972; S. Newton-King, *The Enemy Within: The struggle for Ascendancy on the Cape Eastern Frontier 1760-1799*.

³⁵ M. Broodryk, *Die Kaapse Noordgrensoorloë 1868-1879*, p. 17.

winterweiding te spaar. Hierdie migrasies was egter meesal uit noodsaak om droogtetoestande in die naburige distrikte te ontsnap. Andere, soos die groot Baster- en Xhosa-gemeenskappe, asook verarmde blankes wat weens die sterk kompetisie om grond in die gevestigde distrikte nie die mas kon opkom nie, was genoodsaak om hulle op 'n meer permanente basis in die gebied te vestig.³⁶

Die geheim van die Kareebergstreek as skaapwêreld by uitstek lê daarin dat die plantegroei nie alleen die toonbeeld is van aanpassing by die klimaatsgesteldheid van die streek nie, maar dat daar ook 'n wye verskeidenheid beweiare plantegroei voorkom. Belangriker nog is veral die feit dat die plantegroei van die streek sy voedingswaarde vir lang tye behou. In tye van volgehoue reënval was die drakrag van die gebied sodanig dat dit selfs vir moderne begrippe verstommend is om te sien hoeveel vee in die gebied aangehou is. Kort na die vestiging van die sendelinge op Amandelboom het eerwaarde Lutz byvoorbeeld, ter voorbereiding van 'n versoekskrif aan die regering om permanente besitreg vir die Bastergemeenskap op die gebied te probeer bekom, 'n opname gemaak van die aantal inwoners van die gebied, asook die aantal vee wat hulle besit het. Hieruit blyk dat die Bastergemeenskap, wat onder die Amandelboomgemeente geressorteer het, oor nie minder nie as 60 000 stuks kleinvee, 2 000 beeste en 600 perde beskik het. Die Schietfontein-Xhosa in die oostelike gedeelte van die Kareeberge het ook min of meer oor soortgelyke hoeveelhede beskik.³⁷ Daarby moet die veetroppe van seisoenale besoekers uit die omliggende Hantam, Roggeveld en Nuweveld nog gereken word, asook die groot troppe trekbokke wat sporadies op die gebied toegesak het. Onder die blanke veeboere wat die gebied tydens die somermaande besoek het, was veetroppe bestaande uit 6 000 beeste en etlike duisende stuks kleinvee, volgens die sendelinge, geen ongewone gesig nie. Net so berig die sendelinge dat groot troppe trekbokke van etlike duisende dikwels die drakrag van die gebied verder geteister het.³⁸

Selfs as die statistieke omtrent die veebesit van die Basters en veral dié van hul blanke mededingers met 'n knippie sout geneem word, omdat die Basters moontlik daarop uit kon wees om 'n positiewe indruk op die regering te probeer maak deur hul veebesit en dié van hul blanke mededingers ietwat te oordryf, bly dit steeds 'n voldonge feit dat die Kareeberge tydens hoë reënvalsiklusse, wat soms etlike jare kon voortduur, groot veestapels kon onderhou. Omdat veeboerdery relatief lae kapitaalinsette geveer het en vee relatief vinnig aangeteel het, was dit daarom selfs vir die verswakte en oorwegend gekleurde gemeenskappe dus moontlik om tydens goeie jare min of meer permanent in die streek te vestig, al was dit soos Penn aangedui het, geen kerngebied vir seisoensmigrasies nie. Vir sommiges was dit selfs moontlik om 'n redelik welvarende bestaan te voer. Daarbenewens blyk dit dat die veld meesal, selfs na ernstige droogtes, redelik gou herstel het. Dikwels kon die sendelinge nie uitgepraat raak oor hoe gou sekere produkte, selfs na ernstige

³⁶ *Ibid.*, pp. 10-24; N.G. Penn, *The Northern Cape Frontier Zone 1700-1815*, p. 27.

³⁷ VEM, *Berichte*...., No 3, 1854, pp 36-41. Toe planne gedurende die 1850's beraam is om die Schietfontein - en Pramberg Xhosa te verskuif, het eerwaarde Alheit die veebesit van hierdie groepe op 50 000 skape en bokke en 5 000 beeste beraam. Sien: KAB, CO 2883, *Memorial of C. Alheit, Schietfontein, 19-10-1852*; VEM, B/C I 19, Lutz, *Tagebuch* No 13 von J. H. Lutz vom 15-11-1847 bis 3-12-1849.

³⁸ VEM, B/C I 19, Lutz, *Tagebuch* No 12 von J. H. Lutz, vom 17-7-1847 bis 11-11-1847, "Unserer Lebensweise", "Springbockjagd". Tydens 'n opname van die aantal blanke trekboere in 1850 wat jaarliks seisoenaal na die Kareeberge getrek het, het uit die wyk Rhenosterrivier alleen 31 families met 32 000 skape en bokke en 700 perde en beeste jaarliks na die gebied getrek. Sien: KAB, 1/BFW 9/52, *Letters received from Field Cornets and Justices of the Peace, 1847-1860*, Veldkornet W.J.A. Bergh - Siviele kommissaris Beaufort-Wes, Rhenosterrivier, 22-5-1850.

droogtes, binne enkele maande weer in oorvloed beskikbaar was nie.³⁹ By geleentheid het 'n jaggeselskap van Amandelboom slegs vier maande na 'n ernstige droogte met nie minder nie as 300 volstruiseiers uit die veld teruggekeer.⁴⁰ Net so het eerwaarde Zahn in sy inspeksieverslag van die Kareebergstreek in 1853 berig dat die veebesit van die Basters binne slegs twee jaar na een van die knellendste droogtes, waartydens meer as die helfte van die Basters se veetroppe gevrek het, weer op die oorspronklike getal gestaan het.⁴¹

Dit is opvallend is dat die Kommissie van Ondersoek die streek besoek het juis op 'n tydstip toe daar volop weiding was. Al die sterk vloeiende fonteine het die wanindruk gelaat dat die gebied selfs groter moontlikhede gebied het as wat hulle waargeneem het. Gevolglik het die kommissie op die heersende ekonomiese aktiwiteite van die inwoners neergekyk en glad nie besef dat die gebied as ekologiese randgebied die heersende druk nie op die lange duur sou kon weerstaan nie. As die moderne formule vir die drakrag per ha van 1 tot 5 ha vir kleinvee en 1 tot 30 ha vir grootvee op die veebesit van die Baster- en Xhosa-gemeenskappe alleen van toepassing gemaak word, dan verg dit nie veel om te besef dat die gebied tydens hoë reënvalsiklusse hopeloos oorbeweis is nie. Selfs al word in ag geneem dat veldtoestande gedurende die 19de eeu veel beter was as vandag, bly dit steeds 'n voldonge feit dat groot druk in hierdie stadium op die Kareeberg-omgewing geplaas is. Voorts is dit ook redelik voor-die-hand-liggend dat mense met soveel veebesit, hulle onmoontlik onbepaald in hierdie geweste op een plek permanent kon vestig. Die onvermoë van die Kommissie van Ondersoek om hierdie eenvoudige realiteite van die streek raak te sien, het tot gevolg gehad dat hulle met idees en voorstelle in hul verslag voor die dag gekom het wat nie gerealiseer kon word nie.

Afgesien van hul idee van 'n gevestigde gemeenskap op Schietfontein, was die fontein volgens hulle, ook byvoorbeeld sterk genoeg om 'n meul te trek. Die kommissielede het in hul voortvarende, maar misplaaste sendinginisiatief, onrealistiese visioene gehad van hoe 'n gevestigde gemeenskap onder leiding van die sendelinge daar baanbrekerswerk kon verrig. Na hulle oordeel kon 30 tot 40 morges tuingrond, waar allerlei gewasse verbou kon word, maklik uit die fontein natgelei word. Daarbenewens was daar in die omgewing ook talle ander fonteine waar, met relatief min inspanning, ook groot tuine volgens die sendelinge aangelê kon word. Dat dit in daardie stadium nog nie gebeur het nie, het hulle enersyds aan onkunde toegeskryf. Andersyds was die opvatting onder die sendelinge dat die Xhosa bloot tot groter inspanning gebring moes word. Volgens die kommissie was die rede waarom die bestaande tuintjies so verwaarloos daar uitgesien het te wyte aan die feit dat daar te veel klem gelê is op veeboerdery ten koste van ander opsies soos tuinbou. 'n Verdere rede vir die gebrekkige tuinmaakinisiatief onder die Xhosa was volgens die sendelinge ook dat dit die gebruik onder die Xhosa was om die bewerking van grond uitsluitlik aan die "in slawerny gehoue vrouesektor" van die samelewing oor te laat.⁴² Die Kommissie van Ondersoek het die Schietfontein-Xhosa dus grootliks as aartsluiaards geskilder wat alleenlik met groot moeite tot arbeidsaamheid aangespoor sou kon word. Vir geen oomblik is dit in oorweging gebring dat die gebrekkige arbeidsaamheid van die inwoners ten dele deur die beperkings van die natuur te weeg gebring is nie.

³⁹ Ibid., Tagebuch No 12 von J. H. Lutz, vom 17-7-1847 bis 11-11-1847; VEM, Berichte..., No 25, 13-12-1852, "Geistlicher stand der Gemeinde", pp. 385-393.

⁴⁰ VEM, Berichte ..., No 25, 13-12-1852, pp. 385-393.

⁴¹ VEM, C/c 8b, B2, Präsesakten Korrespondenz, 1852-1857, Deputation-Wallman, Reise von Bruder Zahn nach den Cederbergen, Kareebergen und Prieska am Oranje fluss in Mai und Juni 1853. VEM, Berichte....., No 3, 1854, pp. 36-41.

⁴² VEM, Monats Berichte....., No 5, Mai 1844, "Untersuchungsreise...", pp. 41-42.

Etlike jare later, na die stigting van Schietfontein in 1847, het eerwaarde Alheit steeds herhaaldelik oor die luiheid van die Xhosa en hul traagheid om met die tuinmakery te help, teenoor die direksie gekla. Nadat die Xhosa mettertyd die waarde van onderwys vir hul kinders besef en waardeer het, het Alheit dit meermale selfs uitgebuit om die Xhosa soms tot groter arbeidsaamheid aan te por: "Werk steek 'n kaffer erg dwars in die krop. As hulle hande nou ten ene male te slap raak, dan sluit ek die skool vir 'n dag - met die bedoeling dat as hulle my nie wil help met my werk nie, ek hulle kinders nie kon onderrig nie, want dan moet ek al die werk self doen."⁴³

Die Kommissie van Onderzoek was kennelik verblind deur 'n verterende begeerte om gevestigde, onafhanklike kerkgemeenskappe in die Kareeberge op die been te bring. Nadat Schietfontein as afspringplek vir die Rynse sendinginisiatief gefaal het, was die Kommissie van Onderzoek genoodsaak om 'n nuwe tuiste onder die Basters in die omgewing van Grootfontein te probeer vind. In hul waardebeplanning van hierdie gebied as nuwe vestigingsmoontlikheid, was hulle steeds behep met maniere om die oorwegend nomadiese Bastergemeenskap, net soos hul voorneme omtrent die Schietfontein-Xhosa, permanent te vestig. Ten opsigte van intensiewe boerdery, het hulle egter op Grootfontein ten minste 'n meer realistiese opvatting gehad.

Na raming het omtrent 700 siele, heelwat meer as in Wuppertal en Eben Ezer tesame, in die onmiddellike omgewing van Grootfontein 'n nomadiese bestaan gevoer. Die rede waarom hier so 'n groot konsentrasie mense saamgetrek was, was omdat die reënval volgens die inwoners in hierdie gebied, heelwat hoër was in ander dele van die Kareeberge. Daarbenewens het dit die middelpunt gevorm van verskeie ander fonteine in die onmiddellike omgewing. Dit het die behoefte aan water en weiding meer eweredig onder die gemeenskap versprei. Vanaf Grootfontein in 'n oostelike rigting was Groot- en Klein Meestersklip byvoorbeeld 1 tot 1/2 uur te perd, met Tygerfontein en Jongemeidsfontein 6 uur te perd in dieselfde rigting. Suidwaarts, was Bangsfontein en Zyferwater 'n halfuur te perd en Elandsfontein en Löwenkrantz 6 uur vanaf Grootfontein. Weswaarts, was Moordenaarsgat, Zwartfontein en Paulsfontein 'n halfuur tot een uur van Grootfontein, met Ongeluksfontein en Tuinskloof 2 uur verder. In 'n noordwestelike rigting was Quagga, Van Reenensplaas en Uust 2 uur te perd vanaf Grootfontein, met Van Zylsplaas 5 uur. Noord-oostelik was Kareeboomfontein 5 uur met Klein- en Groot Paardekloof 6 uur te perd van Grootfontein.⁴⁴

Op Grootfontein self was die moontlikheid vir intensiewe boerdery egter swakker as op Schietfontein. Die enigste werklik bewerkbare grond wat die Kommissie kon uittree was weliswaar baie vrugbaar, maar het hoogstens 1700 tree by 150 tot 200 tree beslaan. Vir die Kommissie van Onderzoek, wat 'n gedrewe obsessie met 'n permanente gevestigde gemeenskap gehad het en dit ten alle koste net in die aanlê van tuine kon realiseer, was dit 'n groot teleurstelling dat die plek in hierdie opsig so ernstig tekort geskiet het. Die begeesterde Basterbevolking, wat aan die ander kant ten alle koste 'n sendeling in die gebied wou hê, het egter spoedig met 'n praktiese voorstel voor die dag gekom. Elke huishouding in die omgewing kon volgens hulle voorstel 'n permanente huis op Grootfontein oprig, elk met 'n toegewese tuinerf. Hier kon die vroue en kinders permanent woon om heeltyds by kerk en skool te kon wees. Daarteenoor sou die mans steeds met die vee in die omgewing kon rondtrek en hoofsaaklik vir kerkbyeenkomste na Grootfontein trek. Hierdie voorstel het die kommissie se vertwyfeling oor

⁴³ VEM, 19 Jahresbericht von Sept 1847 bis dahin 1848, p. 38.

⁴⁴ VEM, B/C 1 19, Lutz, Tagebuch No 8 von J. H. Lutz vom 20-11-1845 bis 16-4-1846, "Reise nach Grootfontein"; Tagebuch No 9 von J.H. Lutz vom 7-4-1846 bis 21-7-1846.

Grootfontein as alternatief tot Schietfontein enigsins besweer. Die besluit oor waar die eerste Rynse sending in die gebied moes vestig, is sodoende finaal in die guns van Grootfontein beklank.⁴⁵

Die belangrikheid van omgewingsfaktore in die geskiedenis van die Kareeberge en omgewing lê egter nie soseer in die ekonomiese en ander moontlikhede wat dit tydens hoë reënvalsiklusse en voorspoed gebied het nie. Veel eerder was die beperkinge en ellende waaraan dit die inwoners van die streek tydens droogtesiklusse onderwerp het van belang. Wanneer droogtes in die Kareeberge toegeslaan het, het van die hartverskeurendste verhale van veevrektes en hongersnood hom in die gebied afgespeel. Die latere sendelinge se dagboeke is deurspek met hartseer-verhale van die nood waarin die inwoners van die streek tydens volgehoue droogtes gedompel is. Tydens die droogte van die 1850's het byvoorbeeld letterlik duisende stuks vee van die Basters op Amandelboom gevrek. Die meeste inwoners was genoodsaak om uit die gebied weg te trek. Van dié wat agtergebly het, het die meeste feitlik al hul vee verloor. Selfs van die meer welvarende Basters, wat voorheen oor duisende stuks vee beskik het, het sommiges aan die einde van die droogte nog net oor 'n skamele 30 tot 40 beskik.⁴⁶

So erg was veevrektes tydens hierdie spesifieke droogte ten noorde van die Kareeberge, dat die stank van dooie diere, na berigte, 'n halwe dagreis ver vanaf die Oranje geruik kon word.⁴⁷ Baie Basters en Xhosa het heeltemal uitgeboer. Van die bietjie vee wat nog die droogte oorleef het, is groot hoeveelhede deur die Boesmans geroof. Groot getalle Boesmans het na berigte ook van die honger omgekom. By geleentheid het eerwaarde Beinecke geskok verneem dat die hongersnood onder hierdie groep so erg was, dat hulle genoodsaak was om hul eie dooies te eet om aan die lewe te probeer bly.⁴⁸ Weens die droogte het waens gereeld in die veld bly staan waar die brandmaer trekdier in die tuig neergeslaan het. Soms moes verhongerde perde, wat onder die gewig van hul ruiters inmekaar gesak het, noodgedwonge in die veld aan hul onsekere lot oorgelaat word.⁴⁹

Selfs in sendelingeledere is die effek van droogtes dikwels aan die lyf gevoel. Wanneer dit so beroerd met die Bastergemeenskap gegaan het, kon daar nouliks verwag word dat die gemeente onder die heersende omstandighede met die onderhoud van die sendingbehoefte kon volhou.⁵⁰ Toe eerwaarde Lutz se derde kind tydens die droogte van 1850 gebore is en sy vrou probleme met melk ondervind het, kon hulle byvoorbeeld uit 'n trop van 10 melkbokke nie eens een koppie melk bymekaar kry om die kind te voed nie.⁵¹ Tydens droogtes moes die aandgodsdienste dikwels

⁴⁵ VEM, Monats Berichte..., No 5, Mai 1844, "Untersuchungsreise...", pp. 45-48.

⁴⁶ VEM, Berichte, No 5, 8-3-1852, pp. 67-68; No 25, 13-12-1852, pp. 385-393; VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 15 von J.H. Lutz vom 21-4-1850 bis 3-9-1850, Lutz-Deputation, Amandelboom, Januarie, 1851; Tagebuch No 16 von J.H. Lutz vom 1-9-1850 bis 5-3-1851, "Unser Aufenthalt auf Schietfontein", Lutz-Herr Inspector Wallmann, Amandelboom, Julie 1851.

⁴⁷ VEM, B/C I 23, Beinecke Tagebuch, Beinecke-Herr Inspektor Wallmann, Amandelboom, 14-8-1851.

⁴⁸ Ibid., Beinecke - Herr R Gemeiner, Amandelboom, 17-9-1851.

⁴⁹ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 16 von J. H. Lutz vom 1-9-1850 bis 5-3-1851, Lutz- Inspector Wallmann, Amandelboom, Julie 1851; "Reise nach Schietfontein", 12-12-1850.

⁵⁰ VEM, Berichte der RMG, No 25, 13-12-1852, "Dürre und Hunger; Geistlicher stand der Gemeinde."

⁵¹ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 17 von J.H. Lutz vom 20-3-1851 bis 22-2-1852, "Beinecke ein Söhnlein und Lutz ein Töchterchen geboren, letztere stirbt bald."; VEM, Berichte der RMG, No 25, 13-12-1852, "Hunger und theure zeit auf Amandelboom," pp. 385-393. Wilhelmine Emma Lutz is vier weke na haar geboorte oorlede. Vir eerwaarde Lutz was die dood van sy kind 'n gevoelige slag, omdat dit in sy woorde die eerste direkte bloedverwant was wat op Amandelboom gesterf het. Die dood van Emma is voorafgegaan deur 'n interessante

afgestel word, omdat daar geen vet was om kerse te maak nie, of omdat die verhongerde kinders die kerse gesteel en opgeëet het.⁵² Ter bemoediging van hul eie benarde situasie het die Amandelboomsendinge dikwels voorbeelde aangehaal van droogteverhale in ander streke waar dit nog veel erger was.⁵³ By geleentheid het eerwaarde Lutz byvoorbeeld van Friedrich Hein uit die Richtersveld verneem dat die droogte daar so erg was dat die inwoners ou, droë velle en selfs skoensole geëet het om aan die lewe te probeer bly.⁵⁴ Hoewel eerwaarde Lutz ten aanhore van hierdie verhale altyd bygevoeg het dat hulle op Amandelboom baie gehad het om voor dankbaar te wees, het mismoedigheid tydens droogtes dikwels in sy dagboek deurgeslaan. "As 'n mens onder die heersende toestande die veld so bekyk", skryf hy in 1852, "dan kan 'n mens dit onmoontlik anders as 'n woestyn beskryf."⁵⁵

Twee jaar nadat die Kommissie van Ondersoek hul planne vir 'n sendingstasie op Grootfontein so netjies gemaak het en eerwaarde Lutz en Beinecke in 1845 onderweg was om dit alles ten uitvoer te bring, was die Kareebergstreek en aanliggende distrikte in so 'n knellende droogte vasgevang. Weens berigte van droogte moes die sendelinge se vertrek uit Eben Ezer alreeds met vier maande uitgestel word.⁵⁶ By hul aankoms in die Hantam was dit duidelik dat ten spyte van enkele reënbuie wat in die gebied uitgesak het, die droogte nog lank nie gebreek was nie. Alles het daarop gedui dat toestande nader aan hul bestemming waarskynlik nie sou verbeter nie. "Die hele Hantam," het eerwaarde Beinecke mismoedig geskryf, "bestaan uit niks anders as brakbosse, brakwater en klippe!"⁵⁷ Tóé reeds het die mengsel van modderwater en koeimis waaraan die sendelinge noodgedwonge hul dors moes les, vir Beinecke wat kort tevore in Afrika aangeland het, beelde van 'n "kräftige Wirkung" op sy maag na vore geroep. Stomverbaas het hy toegekyk hoe eerwaarde Lutz smaaklik van die mengsel kon drink. Getrou aan sy roeping het hy egter terselfdertyd die eerste les van die Karoo ter harte geneem: "Nood leer baie. Ja, selfs al kry 'n mens die slegste, moet jy dit met dank ontvang."⁵⁸

poging om die kind aan die lewe te hou wat terselfdertyd die eng opvattinge van die sendelinge in dié tyd illustreer. Aangesien Carolina Lutz by geboorte weens ernstige bloeding vir etlike dae bedenklik siek was en geen melk vir die pasgebore baba gehad het nie, is inderhaas 'n soogvrou uit die gemeente verkry. Die vrou sou in natura vir haar dienste vergoed word. Die vrou was egter nog 'n heiden, maar haar man was 'n gelowige. Dit het die besluit vir die sendeling om sy kind aan 'n ongelowige te borsvoed ietwat vergemaklik. Die toestand van die baba het egter gestadig agteruitgegaan. Na vier weke het die sendeling die ontstellende ontdekking gemaak dat die soogvrou se oudste dogter deur 'n getroude man tot "hurerei" verlei is en dat die soogvrou "passiewe skuld" tot hierdie verwikkeling gehad het. Dié ontstellende nuus het gemaak dat die sendingegpaar onmiddellik die dienste van die soogvrou gestaak het ten spyte daarvan dat dit die lewe van hul kind kon kos. 'n Groot krisis het in die Lutz-huishouding geheers, want weens die knellende droogte kon nêrens melk vir die sterwende Emma gevind word nie. Voor slapenstyd op die dag van hul gewigtige besluit het die Lutz-egpaar indringend gebid dat 'n wonderwerk moes gebeur. Groot was die vreugde die volgende oggend toe Carolina ewe skielik oorvloedig melk gehad het. Eerwaarde Lutz skryf dat hierdie voorval vir hulle 'n waardevolle les was oor hoe kleingelowig hulle was. Stomverbaas skryf hy dat dit al vier weke gelede by hulle moes opgekom het om vir melk te bid.

⁵² VEM, Berichte, No 25, 13 Dec 1852, pp. 385-393.

⁵³ VEM, B/C I 19, Lutz, 1 Pakket Lutz 1859-1867, Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 25-6-1859; VEM, Berichte der RMG, No 25, 13-12-1852, "Dürre und Hunger - Geistlicher stand der Gemeinde", pp. 385-393

⁵⁴ VEM, B/C I 71, (1844-1907), Süd-Afrika, Dagverhaal Friederich Hein, Johan Friederich Hein en die Sendinggemeente Richtersveld, Verskeie inskrywings. Sien oa: "Dagverhaal van het jaar 1864, Richtersveld-Mond van Groot Rivier."

⁵⁵ VEM, Berichte, No 5, 8 März 1852, pp. 67-68.

⁵⁶ VEM, B/C I 19, Lutz 18c, 1845, Tagebuch von Lutz, vom 30-5-1844 bis 1-12-1844; VEM, B/C I 23, Beinecke-Herr Inspector, 15-2-1845; Beinecke-Deputation (Ongedateerd); VEM, C/c/ 3 2.389, Missionars Konferenzen im Kapland (General und Spezialkonferenzen) Protokollen 1834-1846, Protokoll von Stellenbocher Spezial Konferenz gehalten zu Stellenbosch von 14-19 Januar 1846.

⁵⁷ VEM, B/C I 23, Beinecke, Band I 1845-1853, "Mittwoch den 5 November...."

⁵⁸ Ibid.

Van die eens groen weivelde en volop water in die Kareeberge, waaraan die lede van die Kommissie van Ondersoek hulle so verlustig het en wat hul verbeelding so op loop laat sit het, was by die aankoms van die Kareebergsendelinge op Amandelboom geen teken meer nie. Afgesien van Grootfontein self, het die meeste ander fonteine in die omgewing feitlik opgedroog. Van die honderde mense wat tydens die kommissie se besoek oënskynlik so sorgvry en vreedsaam in die omstreke rondgetrek het, het net 'n handjievool om die oorblywende water sit en stry. Verder het hulle hulpeloos toegekyk hoe hul vee daaglik van die honger vrek. Eerwaarde Lutz en Beinecke het met hul voetseer en verhongerde trekosse ook nouliks Amandelboom, aan die oewer van die Sakrivier, gehaal. Die situasie onder die handjievool inwoners wat daar saamgetrek was, was redelik benard.⁵⁹ Selfs 'n deurreisende boer van Namakwaland, ene Gert Beukes, wat weens die droogte na sy broer in die Nuweveld onderweg was in die hoop om daar beter weiding te bekom, kon weens die verswakte toestand van sy trekvee niks verder as Amandelboom vorder nie. By die aankoms van die sendelinge op Amandelboom was hy alreeds vir langer as 'n jaar daar vasgekeer. Op daardie stadium het hy alreeds 870 beeste en al sy perde verloor - 'n verlies wat meer as die helfte van sy totale besit uitgemaak het.⁶⁰

By hul aankoms op Amandelboom is eerwaarde Lutz en Beinecke dus deur uiterste ellende begroet. Volgens die inwoners aldaar was daar ook geen sin daarin om na Grootfontein te trek soos die direksie voorgeskryf het nie. Na berigte, en tot ongeloof van die sendelinge, was toestand verder noord skynbaar nog meer benard. Daarbenewens het die Boesmans in die feitlik ontruimde Kareeberge in dubbele maat op die oorblywende veeboere toegeslaan. Die sendelinge het selfs 'n groot kans gestaan om hul vermaerde trekvee en selfs hul lewens in skermutselings met die Boesmans te verloor as hulle dit verder noord sou waag. Selfs in die onmiddellike omgewing van Amandelboom was 'n mens jou lewe in die veld nie meer seker nie. Rowerbendes het tot in die omliggende distrikte begin toeslaan. Reeds in die Bokkeveld en Hantam is die sendelinge al gewaarsku teen die moordlus van die Kareebergboesmans. Al die gruwelverhale in hierdie verband het gemaak dat hul wadrywer, ene Kasper, hoe nader hulle aan die Kareeberge gevorder het, snags uit pure vrees geen oog meer kon toemaak nie.⁶¹ Teen die aanslae van die Boesmans was die hele veeboersektor magteloos, want 'n verwoestende perdesiektepidemie tesame met die droogte, het letterlik honderde perde laat vrek. Dit het die beweeglike boerekommando's, as enigste effektiewe verdedigingstelsel, feitlik totaal lamgelê.⁶² Eers heelwat later toe die droogte gebreek is, kon die veeboersektor hulle op die Boesmans wreek. By hierdie geleentheid het die kommando's, waarvan in die voorafgaande hoofstuk vermeld is, die Boesmans in die Kareeberge by die dosyne uitgemoor.⁶³

Onder sulke omstandighede was die aankoms op Amandelboom selfs vir die diep gelowige Lutz 'n uiterste beproewing. Dit was amper asof die natuur in sy volle mag teen hulle goeie bedoelings ingewerk het en die stasie vanuit die staanspoor profeties gedoem was. Voordat 'n reën bui

⁵⁹ Ibid., Beinecke-Deputation, Kleinfontein, 5-12-1845. VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 8, 9, 10, von J. H. Lutz vom 1-11-1845 bis 1-9-1847.

⁶⁰ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 8, 9, 10 von J. H. Lutz vom 1-11-1845 bis 1-9-1847, "Lage und Beschaffenheit von Amandelboom"

⁶¹ Ibid., "Unser kommen in den Karebergen."

⁶² Ibid., Tagebuch No 8 von J. H. Lutz vom 20-11-1845 bis 16-4-1846, "Reise nach Grootfontein"; Tagebuch No 9 von J. H. Lutz vom 7-4-1846 bis 21-7-1846.

⁶³ Ibid., Tagebuch No 12 von J. H. Lutz vom 17-7-1847 bis 11-11-1847, "Auszug unsere Mannschaft gegen die Bushmänner"; "Glücklicher ausgang der kleinen feldzug's gegen die Buschmänner"; "Theilung der Beute"; "Resultat des Hantammer Commando's."

welkome, maar tydelike verligting gebring het, is hulle vir dae aaneen deur stofstorms uit die Sakrivier en warrelwinde geteister. In hul flapperende tent wat tot groot ongerief van die sendelinge terselfdertyd as kerk en woning diens gedoen het en kort-kort gedreig het om om te waai, was die versengende hitte en stof ondraaglik. Die aanhoudende stofstorms het dikwels die tent so met stof gevul dat die sendelinge dit “ordentlich auf der Brust merkten.” Vir dae aaneen het almal al vrywende met rooi oë rondgeloop. Niks kon skoongehou word nie en die op die grond slapy was ongerieflik. Daarby het skerpioene wat gereeld in die tent doodgemaak is, die gevare van die streek spreekwoordelik tot selfs binne-in die kooigoed lewend gehou. Tot ongeloof van die sendelinge het stof en sand tot in die kiste ingedring. Meesal het óf die hitte, óf stofstorms die sendelinge se werk ontwig en hulle uit die tent laat vlug in ‘n boomlose wildernis waar niks behoorlike beskerming teen die verwoede aanslag van die elemente kon bied nie.⁶⁴

Boonop was daar die hele tyd die wroeging dat hulle strydig met hul instruksies nie tot op Grootfontein gevorder het nie. Onsekerheid oor hoe die direksie teenoor die verandering in planne sou reageer, of hulle die redes daarvoor werklik sou begryp en goedkeur, was alles faktore wat die hele tyd aan die gemoed gevreet het. Juis om al hierdie redes en veral omdat die sendelinge ook ietwat getwyfel het aan die betroubaarheid van hul informante, het eerwaarde Lutz min of meer twee weke na hul aankoms op Amandelboom besluit om, teen alle waarskuwings in, vergesel van Jan Rooi na Grootfontein te reis en eerstehands kennis oor die gebied in te win.

By hul aankoms was dit al gou duidelik dat hul inligting oor die gebied korrek was. Toestande was daar inderdaad nog meer haglik as op Amandelboom. By die erg “verwaarloosde” fontein was slegs drie families, bestaande uit twee Bastergesinne en een blanke gesin, saamgetrek. En net asof die droogtegeteisterde gebied nie al erg genoeg was nie, het die lewenswyse van ten minste die blanke boer, ene Van Wyk met sy aantal vroue en menigte tienerjarige kinders wat heeltemal nakend rondgeloop het, Lutz nog verder triestig gestem. Onder die heersende omstandighede was daar inderdaad vir die sendelinge geen sin om hulle daar te vestig, soos aanvanklik beplan is nie.⁶⁵ Op Amandelboom en omgewing was op daardie stadium heelwat meer mense wat makliker die kerklike aktiwiteite sou kon bywoon. Heelwat later het die sendelinge dit egter weer ernstig oorweeg om die sendingstasie van Amandelboom na Grootfontein te verskuif. By tye is daar ook oorweeg om ‘n tweede stasie op Grootfontein te stig. Aangesien hulle later meer gevestig was op Amandelboom, asook die feit dat daar toe ook meer politieke komplikasies in so ‘n skuif was, is uiteindelik finaal daarteen besluit.⁶⁶ By sy terugkeer na die teleurstellende besoek aan Grootfontein, het eerwaarde Lutz in sy verduideliking aan die direksie aangetoon dat die enigste troos wat hy uit die andersins mistroostige situasie kon put, die feit was dat hy ten minste saam met Beinecke in die “boom- en waterlose woestyn” beland het. As goeie vriende en geesgenote kon hulle mekaar immers troos en ondersteun. Tussen die “wild durch

⁶⁴ Ibid., Tagebuch No 8, 9, 10 von J. H. Lutz vom 1-11-1845 bis 1-9-1847, “Unser kommen in den Kareebbergen”, “Lage und Beschaffenheit von Amandelboom”; Lutz-Herr Keetman, Amandelboom, 19-12-1845.

⁶⁵ Ibid., Tagebuch No 8 von J. H. Lutz vom 20-11-1845 bis 16-4-1846, “Reise nach Grootfontein.”

⁶⁶ VEM, B/C I 23, Beinecke, Tagebuch No II vom 10-8-1846 bis 28-2-1847, Beinecke-Väter, Amandelboom, 11-9-1847; VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 10 von J. H. Lutz vom 1-7-1846 bis 20-1-1847, Lutz - Herr Inspector, Amandelboom, 29-6-1847; Tagebuch No 12 von J. H. Lutz vom 17-7-1847 bis 1-11-1847; Lutz-Deputation, Amandelboom, 1-8-1847; VEM, Sechzehnter Jahresbericht der Rheinischen Missions Gesellschaft vom 1-9-1844 bis dahin 1845, p. 55; Neunzehnter Jahresbericht der, vom Sept 1847 bis dahin 1848, p. 38; Zwanzigster Jahresbericht der vom Sept 1848 bis dahin 1849, p. 5.; VEM, C/c 8 a Bd 1, 1829-1851, Spezial Konferenz in Stellenbosch, 23-7-1849.

einander geworfen steinen” van Amandelboom het hy die versugting uitgespreek: “Steinreich sind wir, dass ist wahr, Gott gebe: dass wir so gnaden-goldreich werden.”⁶⁷

Die droogte van 1845, wat die sendelinge se vestigingsplanne so deurmekaar gekrap het, is maar een voorbeeld van hoe omgewingsfaktore nog altyd die lewe van mense in die Kareeberge beïnvloed het. Op die oog af mag dit onbelangrik voorkom, maar uit die sendingstasie het per slot van rekening ‘n dorp ontstaan. Belangriker nog is dat die sendelinge, ironies genoeg met die intrapslag, deur hul spesifieke omgewing gedwing is om sekere aanpassings te maak - 'n proses wat die Kommissie van Onderzoek en selfs die sendelinge wat hulle daar gevestig het, nie altyd in die breër Bastergemeenskap self so waardeer of raakgesien het nie.

2.3. Die onvermoë van die Kommissie van Onderzoek om aanpassings van die Kareeberg-gemeenskappe by hul omgewing te begryp

Die vraag ontstaan onwillekeurig watter ander aanpassings die inwoners van die streek in 'n lang voorgeskiedenis gemaak het wat ongemerk by die Kommissie van Onderzoek verbygegaan het en dus indirek daartoe meegewerk het om sekere wanvoorstelling oor die gebied te vestig. Die belangrikste in hierdie verband is die opvatting wat die Kommissie van Onderzoek gehuldig het dat die sigbare welvaart van die gemeenskap wat hulle tydens hul besoek waargeneem het, slegs uit veeboerdery verkry is.

Een van die mees uitstaande kenmerke van die Kommissie van Onderzoek se verslag is hoe beïndruk hulle was met die groot veebesit van die gekleurde inwoners van die Kareeberge. In een opsig was dit vir hulle belangrik, want dit het ten minste daarop gedui dat die mense die sending-inisiatief finansiëel sou kon ondersteun. Dit was ‘n oorweging wat, soos reeds aangetoon is, weens besuinigingsmaatreëls belangrik was vir die direkteure van die Rynse Sendinggenootskap. Aan die ander kant was dit ook vanuit die sendingperspektief tasbare bewys dat die inwoners, net soos hul blanke eweknieë, suksesvol kon boer. Juis daarom het die Kommissie van Onderzoek, net soos talle ander besoekers aan die Kareebersending in later jare, bykans 'n obsessie gehad om die gekleurde inwoners en hul ekonomiese welstand met dié van hul blanke eweknieë in die omliggende distrikte te vergelyk en hulle volgens hierdie standaard te meet.⁶⁸

Hierdie waarnemings moet egter om twee redes omsigtig hanteer word. In die eerste plek was al die vergelykings bloot gebaseer op veebesit, sonder in ag neming van sekere belangrike voorvereistes vir veeboerdery in die tyd. As die argumente van Penn oor die belangrikheid van seisoensmigrasie binne bepaalde kerngebiede aanvaar word, dan is dit duidelik dat dit vir die gekleurde gemeenskappe, vasgekeer in ‘n geografiese randgebied buite die kerngebiede vir seisoensmigrasies, moeilik, indien nie onmoontlik nie, moes gewees het om ewe suksesvol te kon boer as die inwoners van die aanliggende distrikte. Hierdie beperkings, wat swaar gedruk het op die Bastergemeenskap, het immers nie in dieselfde mate vir die blanke inwoners van die aanliggende distrikte bestaan nie. Afgesien van hierdie vergissing, wat direk daartoe meegewerk het dat die meeste waarnemers nie dieper ingegaan het op moontlike ander redes vir die welvaart

⁶⁷ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 8, 9, 10 von J. H. Lutz vom 1-11-1845 bis 1-9-1847, “Lage und Beschaffenheit von Amandelboom.” Eerwaarde Lutz sinspeel op die feit dat op Amandelboom alles vertrap was en oral slegs klippe was. Hy gebruik dus die Duitse uitdrukking “steinreich” wat letterlik vertaal, “so ryk soos klippe” beteken. Die enigste Afrikaanse vertaling vir hierdie uitdrukking is skatryk, of “geld soos bossies.” Direk vertaal beteken dit: So ryk soos klippe is ons wel, mag God gee dat ons deur Sy genade ook (op geestelike gebied) skatryk sal word. Aangesien ‘n Afrikaanse vertaling afbreuk sal doen aan die Duitse uitdrukking soos deur die sendeling gebruik, word die oorspronklike aanhaling in Duits behou.

⁶⁸ VEM, Berichte No 22, 5-11-1849, “Eine Reise in Süd-Afrika”, pp. 347-349. VEM, Zwanzigster Jahresbericht der Rheinische Missions Gesellschaft von Sept 1848 bis dahin 1849, pp. 25-28.

van die gemeenskappe nie, het die meeste daarvan ook gekom van mense wat met die sending gesimpatiseer het. Daarom moet daar voorsiening gemaak word vir 'n mate van subjektiwiteit en kan die negatiewe persepsies van die gekleurde gemeenskappe onder hul blanke bure nie sonder meer geïgnoreer word nie.

Vir al hierdie waarnemers was dit nietemin opvallend dat wanneer die verskillende groeperinge binne die veeboersektor met mekaar vergelyk is, daar in sigbare welvaart bykans geen verskil was tussen die gekleurde inwoners van die Kareeberge en hul oorwegend blanke eweknieë in die aangrensende distrikte nie. Ongetwyfeld is baie van hierdie waarnemings dikwels subtiel deur ietwat partydige sendingwaarnemers aangewend om aan te toon dat gekleurdies buite die grense van die kolonie net sulke suksesvolle boere was as hul blanke bure en daarom net soveel reg op aanspraak van die grondgebied moes hê as wat hul blanke mededingers hulself toenemend aangematig het. Soveel te meer nog omdat die meeste van hierdie uitlatings gemaak is op 'n tydstip toe kompetisie oor grond tussen die verskillende groepe akuit was en daar selfs al sprake was dat 'n ernstige grondkwestie in die Kareeberge aan die ontwikkel was. Weens sy noue assosiasie met die Bastergemeenskap op Amandelboom, het eerwaarde Lutz, soos te verwagte, byvoorbeeld kort na hul vestiging onomwonde verklaar dat die Bastergemeenskap in sommige opsigte nie vir hul blanke bure veel agteruit hoef te gestaan het nie.⁶⁹ Selfs in sy eerste versoeke aan die regering om die grondbesetting van die Basters te probeer wettig, het hy indirek die owerhede hierdie opvatting aan die verstand probeer bring deur uitgebreide statistieke oor die veebesit van die Basters aan te haal.⁷⁰

Net so het eerwaarde Zahn, superintendent van die Rynse Sendinggenootskap aan die Kaap, tydens sy inspeksiereis van die Kareeberge bevind dat die algehele welvaart van die inwoners, waaronder talle uiters suksesvolle boere en ambagsmanne soos skrynwerkers, bouers, smede en kuipers getel het, nouliks vergelyk kon word met die bewoners van sendingstasies binne die kolonie. Volgens hom het die meeste inwoners van sendingstasies binne die kolonie grootliks uit armlastige dagloners bestaan.⁷¹ Die Kareeberggemeenskappe het kennelik in 'n heeltemal ander klas geval. Volgens eerwaarde Alheit het die Xhosa op Schietfontein byvoorbeeld oor soveel besteebare inkomste beskik dat hulle beide hulle blanke bure en selfs die gemeentes in Duitsland, vanuit 'n sendingperspektief, in ten minste een belangrike opsig die loef afgesteek het. Slegs een jaar na die stigting van Schietfontein het die bydraes vir die sending byvoorbeeld op nie minder nie as 2 300 Rds gestaan. "Gewisse bedrae wat menige ryk Christen in Duitsland sou beskaam", het hy selfvoldaan geskryf, "veral as ons in gedagte hou dat dit van Kaffers kom wat nog nie vir 'n volle jaar Gods Woord onder hulle gehad het nie."⁷² Volgens al hierdie getuienis was die gemeenskappe in die Kareeberge, in sy geheel gesien, dus baie meer welvarend as die beeld wat tot dusvêr van hulle voorgehou is.

⁶⁹ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 8 von J. H. Lutz vom 20-11-1845 bis 16-4-1846.

⁷⁰ KAB, CO 550, Memorandum for His Excellency the Governor, 1846; Ibid., A.113-'61, Correspondence on the subject of the Trekvelde....., Memorial of J. H. Lutz and F.W. Beinecke, missionaries of the Rhenish Missionary Society, stationed at Amandelboom, near Zak River, on behalf of the Bastards; VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 9 von J. H. Lutz vom 17-7-1847 bis 11-11-1847, "Memorandum für seine Excellence dem Gouverneur, " Kaapstad, 26-10-1846.

⁷¹ VEM, C/c 8b B2, Präsesakten Korrespondenz, 1852-1857, Deputation-Wallman, 30-11-1854, Reise von Bruder Zahn nach den Cederbergen, Kareebbergen und Prieska am Oranje fluss in Mai und Juni 1853; VEM, Berichte....., No 3, 1854, pp. 36-41.

⁷² VEM, Berichte der RMG, 1852, pp. 249-255; VEM, A/c 8, Lit D, Copier Buch, 1848-1856, Deputation-Die Gemeinde Schietfontein, Elberfeld/Barmen, 18-6-1855.

As die veebesit alleen van die Kareeberggemeenskappe in oënskou geneem word, is dit duidelik dat hierdie groepe nie immuun gestaan het teenoor die markgerigte ekonomie wat teen die middel van die 19de eeu tot aan die uithoeke van die kolonie gestrek het nie. Selfs die karige inligting uit sendinggeskrifte oor die ekonomiese aktiwiteite van hul kudde, onderstreep die meer moderne opvatting dat die veeboersektor aan die Noordgrens nie, soos dikwels beweer word, grootliks uit nie-markgerigte, agterlikes en armes bestaan het nie. Terwyl hierdie opvatting ten opsigte van die blanke sektor van veeboerdery al voldoende die nek in geslaan is, het dit ten opsigte van die nie-blanke sektor nog grootliks onveranderd bly voortbestaan.⁷³ Hierdie grootliks blanksentriese benadering is nog 'n interpretasie van regeringsamptenare aan die Kaap en veral dié van blanke boere, wie se negatiewe beeld van hierdie gemeenskappe in die dokumentasie van die 19de eeu neerslag gevind het. Die neiging om na hierdie gemeenskappe as verarm, onbetroubaar en selfs moontlike vyande te verwys wat potensiële landbougrond onderbenut het, verskaf 'n skewe beeld van die mense. Dit reflekteer veel eerder die toenemende wrywing en rassesspanning wat so tipies was van die sogenaamde geslote grenssituasie.⁷⁴

Die ekonomiese welvaart van die Kareebergbasters was heeltal onderhewig aan gunstige omgewingsfaktore. Vir hierdie “vasgekeerde” gemeenskappe van die Kareeberge, vir wie die moontlikheid van seisoensmigrasies grootliks uitgekanselleer was, was volgehoue reënvalsiklusse uiters noodsaaklik om suksesvol te kon boer. Al die eensydige waarnemings van die sendelinge oor die ekonomiese welvaart van die Basters bly egter steeds belangrik, omdat dit enersyds 'n vroeë argument bevestig dat gemeenskappe in die Kareeberge tydens volgehoue hoë reënvalperiodes 'n redelike bestaan kon voer, sonder om aan die ander kant, die vermoëns van die mense as onafhanklike kleinboere te bevraagteken. Daar moet egter daarteen gewaak word om nie dieselfde denkfout as die sendelinge te begaan nie. Die sukses van die Kareeberggemeenskappe as kleinboere moet nie, soos die sendelinge geneig was om te doen, bepaal word in tye van volgehoue hoë reënvalsiklusse nie, maar veel eerder moet gekyk word na hoe suksesvol hierdie gemeenskappe tydens droogtesiklusse gevaar het. Meer spesifiek is die tempo waarteen die gemeenskappe na ernstige droogtes kon herstel en hul verliese weer kon agterhaal, waarskynlik die beste maatstaf om te bepaal watter rol suiwer veeboerdery in hul ekonomiese lewens gespeel het.

Aangesien die sendelinge meer breedvoerig uitgewei het oor droogtes en die effek wat dit op die gemeenskap gehad het, is dit redelik maklik om uit hul dagboeke sekere gevolgtrekkings in hierdie verband te maak. As hierdie benadering gevolg word en al die faktore wat veeboerdery binne hierdie gemeenskappe ietwat aan bande gelê het in berekening gebring word, dan blyk dit dat die gekleurdes in die Kareeberge na swaar droogtesiklusse baie vinniger daarin kon slaag om van hul verliese te herstel as wat 'n mens aan natuurlike aanwas kan toeskryf. Die belangrikste getuigenis in hierdie verband het gekom van eerwaarde Zahn toe hy twee jaar na een van die mees verwoestende droogtes in 1854 'n inspeksiereis van die Kareeborgsending onderneem het. Zahn was uitermate beïndruk met die feit dat ten minste die Basters van Amandelboom na die 1850-droogte, waartydens letterlik duisende stuks vee van hierdie gemeenskap uitgewis is, binne so 'n kort bestek daarin kon slaag om hulle veekuddes weer tot sy oorspronklike getal te herstel.⁷⁵

⁷³ Twee voorbeelde van waar die potensiaal van gekleurde boere tot sy reg gekom het is te sien in , C. van Onselen, *The seed is mine*, en J. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel in die distrik Soutpansberg, 1886-1899*, *Argiefjaarboek vir SA Geskiedenis*, 60, Staatsdrukker, Pretoria, 1997.

⁷⁴ Sien kritiek van Penn op Van der Merwe: N.G. Penn, *The northern Cape frontier zone*, p. 8.

⁷⁵ VEM, *Berichte*, No 3, 1854, pp. 36-41.

Gegewe al die voorafgaande argumente oor omgewingsfaktore en die status van die gemeenskap in die breë veeboer-ekonomie, was die aanname van eerwaarde Zahn doodgewoon nie moontlik nie. Dit verklap trouens meer oor die naïwiteit van die sendeling as enigiets anders. Alles dui daarop dat eerwaarde Zahn, net soos die Kommissie van Onderzoek vroeër, hulle slegs teen hul eie onkundige interpretasie van die veeboer-ekonomie blindgestaar het. Hulle het kennelik nie besef dat daar ook ander kragte in die gebied werksaam was waarmee die sendingideaal later nie noodwendig sou kon identifiseer nie. Die Kommissie van Onderzoek het heel duidelik nie die invloed van handel, beide die wettige, maar veral ook die onwettige sluikhandel, in hul waardebeplanning van die streek in berekening gebring nie. Juis daarom is dit belangrik om die ekonomie van die gekleurde inwoners van die Kareebergstreek in meer besonderhede te ondersoek.

Die gereelde aanklagte teen die Kareebergbastergemeenskap vanuit die omliggende blanke distrikte, dat die Basters bloot 'n bestaanseconomie in die gebied bedryf het, was volgens inligting uit die dagboeke van die sendelinge soms geregverdig. Aan die ander kant is dit ook ewe waar dat hul blanke eweknie geneig was om redelik oordrewe voorstellings van die Bastergemeenskap teenoor die owerheid te maak. Nietemin was daar binne die Bastergemeenskappe, net soos in dié van hul blanke bure, groot klasseverskille. Die klasse-onderskeid onder die Basters, soos waargeneem deur die sendelinge, was grootliks gebaseer op materiële besit. Dit het oor die hele spektrum van die Bastergemeenskap gestrek - van uiters vermoënd tot besitlose arbeiders. So was die Brils en Jansens byvoorbeeld gesiene Basterfamilies in die Kareeberge. Uit hoofde van hul rykdom, het hulle groot aansien onder die res van die inwoners geniet. Onder hierdie groep het die Van Wyks ook getel, terwyl die veelseggende bynaam, Hendrik Rykheer, waarskynlik geen illusies laat oor die ontstaan van dié naam nie.⁷⁶ In die afwesigheid van enige formele regerings- of ander gesagstrukture, het hierdie families op informele wyse die leiding in die gemeenskap geneem. Dit verbaas dan ook nie dat die sendelinge vanuit die staanspoor gepoog het om hulle ten nouste met hierdie families te assosieer nie.⁷⁷

As die dagboeke van die sendelinge op Amandelboom egter in sy geheel bestudeer word en al die voorafgaande omgewingsfaktore, wat 'n striemende invloed op suiwer veeboerdery uitgeoefen het in ag geneem word, dan is dit opvallend dat die oorwegend Bastergemeenskap, in sy geheel gesien, baie meer kapitaalkragtig was as wat 'n mens sou verwag van 'n gemeenskap wat 'n suiwer veeherdersbestaan in daardie spesifieke gebied gevoer het. Die blote feit dat Amandelboom binne twee jaar na sy ontstaan voortaan uitsluitlik deur bydraes van die gemeente self onderhou is, is seker die belangrikste bewys daarvan dat die gemeente baie meer vermoënd was as wat selfs die sendelinge vermoed het. Soveel te meer nog as in aanmerking geneem word dat geen een van die ander dertien Rynse sendinggemeentes aan die Kaap ooit werklik hierdie prestasie kon ewenaar nie.⁷⁸ Net so het die Amandelboomgemeente in 1847, toe planne tydens 'n erediens bespreek is om die stasie na Grootfontein te verskuif en daar op die ingewing van die oomblik besluit is om 'n onbeplande kollekte te hou ten einde die skuif te finansier, nie minder nie as Rds 1716 bymekaar gekry. Hoewel die meer gesiene sektor van die samelewing by hierdie geleentheid mildelik bygedra het, was dit voorwaar geen onbenullige bedrag vir 'n onbeplande

⁷⁶ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 8 von J. H. Lutz vom 20-11-1845 bis 16-4-1846, "17 März"; Tagebuch No 9 von J. H. Lutz vom 7-4-1846 bis 21-7-1846.

⁷⁷ Ibid., Tagebuch No 12 von J. H. Lutz vom 7-7-1847 bis 11-11-1847, "Unserer Lebensweise".

⁷⁸ VEM, Berichte, No 10, 31-5-1853, pp. 157-158; Zwanzigster Jahresbericht der Rheinischen Missions Gesellschaft vom Sept 1848 bis dahin 1849, "Unter den Farbigen, Hottentotten und Bastards der Cap Colonie", p.5; VEM, A/C 9, Lit D, Copier Buch, 1848-1856, Deputation-Lutz, Elberfeld/Barmen, 8-3-1853.

kollekte en komende van 'n gemeenskap wat dikwels uit ander oorde as arme sukkelaars voorgehou is nie.⁷⁹

2.4. Die Kommissie van Onderzoek negeer die impak van handelsaktiwiteite op die Kareebergemeenskappe

Die vraag ontstaan egter hoe hierdie gemeenskap en veral sommige families aan hul rykdom gekom het. Soveel te meer as in aanmerking geneem word dat hierdie mense teen die middel van die 19de eeu as't ware in 'n geografiese randgebied vasgekeer was, waar omgewingsfaktore op sy beste ekonomiese opsies beperk het. Op die keper beskou, was hul immers veel slegter daaraan toe as hul blanke eweknieë in die Roggeveld, Hantam en Nuweveld waar die moontlikheid van seisoensmigrasies groter moontlikhede tot welvaart gebied het. Met die aankoms van die sendelinge in die Kareeberge het die effek van beperkte migrasiemoontlikhede weens blanke kompetisie ook alreeds vir etlike jare swaar op hierdie gemeenskappe geweeg. Dit mag selfs wees dat die meerderheid inwoners van die Kareebergstreek ten tye van die Kommissie van Onderzoek se besoek hul onmag teen die steeds toenemende grondhonger van die omliggende blankes besef het en daarom van mening kon wees dat die sending die enigste en laaste uitweg was om die situasie te beredder - 'n argument wat Anderson ten opsigte van die Xhosa op Schietfontein voer.⁸⁰

Daar sou selfs geargumenteer kan word dat die winsgewendheid van 'n suiwer veeboerbestaan vir die vasgekeerde Baster- en swart gemeenskappe van die Kareeberge teen die middel van die 19de eeu sodanig onder druk gekom het, dat, soos soveel kere van tevore, nogmaals sekere aanpassings gemaak moes word ten einde in die gebied te kon oorleef. Soos later sal blyk, was hierdie groepe letterlik omsingel deur veeboeruitbreidings vanuit die omliggende blanke distrikte. Terselfdertyd is daar vanuit hierdie oord begerige oë gewerp op die weivelde van die Kareebergstreek. Daarbenewens was die grens vir die gekleurde gemeenskappe van die Kareeberge vir alle praktiese doeleindes gesluit. Dit het 'n hele aantal negatiewe gevolge vir hulle ingehou. Die seisoenale toestroming van al hoe meer blanke veeboere vanuit die omliggende distrikte het dus kompetisie vir die beperkte bronne van die Kareebergstreek verhoog. Gevolglik het die oorlewingsstryd van die nie-blanke sektor onder die steeds toenemende druk dikwels krisisafmetings aangeneem.

Die geheim van die welvaart van die nie-blanke groepe in die Kareeberge lê miskien daarin dat die mense 'n minder geslote ekonomie bedryf het as wat algemeen aanvaar word, of wat sommige waarnemers soos die Kommissie van Onderzoek, raakgesien het, of hulle krediet voor wou gee. Rykdom kon in die eerste plek tydens hoë reënvalsiklusse uit suiwer veeboerdery genereer word, maar dit was heel duidelik beperk tot die oop grenssituasie waar die opsies van seisoenale migrasies nog nie afgesny was nie. Toe dit wel aan die vooraand van die sendelinge se koms na die gebied gebeur het, het sekere Basters hulle op handel en selfs veerowery toegespits. Afgesien daarvan dat veeboerdery op die oog af die dominante ekonomiese aktiwiteit van die streek was, was daar dus ook ander ekonomiese opsies wat vir baie inwoners 'n welkome alternatief gebied het. Baie van hierdie aktiwiteite was egter nie so ooglopend nie en daarbenewens dikwels ook onwettig. Gevolglik was baie daarvan uiteraard in 'n waas van geheimhouding gehul. Oor dekades heen het betrokkenes in die winsgewende sluikhandel byvoorbeeld die kuns aangeleer om hul bedrywighede geheim te hou. 'n Mens kan nouliks verwag dat hulle dit aan die besoekende sendelinge van die Kommissie van Onderzoek sou verklap. Gevolglik het die kommissie hulle blindgestaar teen die sigbare welvaart van die gemeenskappe wat oënskynlik uit

⁷⁹ VEM, B/C 119, Lutz, Tagebuch No 12 von J. H. Lutz vom 7-7-1847 bis 11-11-1847; Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, Februar 1853, "Reichtum der Basters."

⁸⁰ E. Anderson, *A History of.....*, pp. 69-78.

veeboerdery alleen verkry is. Verder het hulle salig onbewus daarvan gebly dat daar agter die skerms ook ander aktiwiteite was wat uiteindelik hul betrokkenheid by die gemeenskappe ernstig sou beïnvloed. Aangesien hierdie gemeenskappe buite die amptelike grense van die kolonie gewoon het, het baie min van hierdie aktiwiteite in amptelike dokumente neerslag gevind. Dit maak dit uiters moeilik om die ware omvang daarvan vas te stel en dit te kwantifiseer.

Watter rol die handel werklik in die lewens van die Kareeberggemeenskappe gespeel het, asook hoe geldig die argument is dat dit toenemend bedryf is in reaksie op die dalende winste van suiwer veeboerdery, kan hoogstens by wyse van afleidings uit die dagboeke van die Amandelboomsendinge gemaak word. Heeltemal in teenstelling tot eerwaarde Alheit, wat meer breedvoerig oor die handelsaktiwiteite van die Xhosa op Schietfontein berig het, was eerwaarde Lutz en Beinecke geneig om soortgelyke aktiwiteite van die Basters grootliks te verswyg. Die feit dat die Amandelboomsendinge nie uitgebreid oor die handelsbetrokkenheid van die Basters berig nie, beteken egter nie dat dit nie plaasgevind het nie. Die stiltes in die dagboeke oor hierdie aktiwiteite kan in die eerste plek verklaar word teen die agtergrond van die spesifieke vroomheid van die sendelinge, veral as die dagboek van eerwaarde Lutz in oënskou geneem word en sy spesifieke wêreld- en lewensbeskouing in aanmerking geneem word.

Eerwaarde Lutz was byvoorbeeld uitgesproke gekant teen enige handelskontakte. Hy het dit by uitstek as ‘n noodsaaklike euwel beskryf, wat alleenlik in gevalle van uiterste ellende toelaatbaar was. Materiële verryking en veral die nastreef van ‘n winsmotief wat in alle handelstransaksies so opvallend is, was volgens hom doodgewoon nadelig. In die meeste gevalle het dit bloot gewone mense gekorrupteer en die fokus van sielsverryking na ‘n sondige gejaag na aardse voorspoed verplaas. Die Bastergemeenskap het kennelik nie die sentimente van die sendeling gedeel, of dit sonder meer aanvaar nie. Die hele gemeenskap was betrokke by ‘n ingewikkelde en winsgewende handelsnetwerk waarvan die sendelinge in hul dagboeke bloot in die verbygaan oppervlakkige waarnemings oor maak. Kort na hul aankoms op Amandelboom was eerwaarde Lutz byvoorbeeld geskok om te verneem hoe duur goedere in die streek was vergeleke met Eben Ezer. Met hierdie opmerking verklap hy nie alleen dat daar alreeds ‘n handelsnetwerk in die streek was nie, maar in ‘n onbewaakte moment trap hy byna self in die gierige neiging wat hy so verafsku het deur op te merk dat hulle niks van die gesogte handelsware saamgebring het nie. In die daaropvolgende paragraaf korrigeer hy homself egter en in ‘n lang relaas verduidelik hy waarom dit onbetaamlik was vir ‘n sendeling om hom in die handel te begeef.⁸¹

Die grondige afkeer wat eerwaarde Lutz in handelsaktiwiteite gehad het, verklaar dus enersyds waarom hy in sy dagboek so weinig aandag daaraan spandeer. Terloopse verwysings in die dagboek dui egter daarop dat die Basters op ‘n gereelde grondslag deur besoekende smouse vanuit die Kaap besoek is. By wyse van afleiding is dit ook duidelik dat die gemeenskap sterk handelsbande met die meer gevestigde blanke distrikte gehandhaaf het. Afgesien van lewende hawe wat die meer voor-die-hand- liggende handelsartikels uitgemaak het, het sommige inwoners van Amandelboom heelwat verdien uit die southandel wat vanaf die naburige Verneukpan verkry is.⁸² Tydens feesdae op Amandelboom het baie blanke boere ook uit die aanliggende distrikte dikwels daarheen getrek om van hul produkte soos meel, botter, gedroogde vrugte, ens onder die feesgangers te verkwansel, of te ruil.⁸³ Rondreisende handelaars het skynbaar ook

⁸¹ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 8 von J. H. Lutz vom 1-11-1845 bis 1-9-1847, “Kostenverhältnisse oder Preise verschiedener Güter in den Kareebbergen”; Tagebuch No 10, vom 10-1-1846 bis 1-1-1847; 24-10 bis 20-11, “Preise von verschiedene Sachen in den Kareebbergen.”

⁸² VEM, Berichte No 25, 13-12-1852, pp. 385-393.

⁸³ VEM, B/C I 23, Beinecke, Tagebuch No II vom 10-8-1846 bis 28-2-1847.

redelik dikwels op Amandelboom aangedoen, hoewel verwysings na hierdie mense meesal om ander redes die geskrifte van die sendelinge haal. So was ene mev. Brink uit Hottentots Holland en 'n Engelsman, Daniel Kelcher, klaarblyklik bekende handelaars wat gereeld in die gebied handel gedryf het. Hulle was egter ook die enigste wat by name in die sendingdagboeke vermeld word. Mev. Brink is in die sendinggeskrifte verewig omdat sy by geleentheid uit die Hantam per boodskapper laat weet het dat sy weens die droogte nie tot op Amandelboom sou kon vorder nie en dat sy die speenvark, wat sy by die vorige besoek op Amandelboom aan die sendelinge beloof het en waarna hulle so uitgesien het, noodgedwonge self opgeëet het!⁸⁴ Net so vermeld die sendelinge geen sinvolle waarnemings oor die ekonomiese aktiwiteite van Daniel Kelcher waaruit sekere belangrike gevolgtrekkings moontlik is nie. Al wat oor hom bekend is, is dat sy gesmous met drank, die alewige dronkpartye onder die Basters wanneer hy in die omgewing was en veral sy amoreuse bedrywighede onder die vrouens op Amandelboom, hom geen gewilde karakter in sendinggeledere gemaak het nie.⁸⁵

Dit is nietemin duidelik dat rondreisende handelaars 'n groot rol gespeel het in die daaglikse bestaan van die gemeenskappe in die Kareeberge. Selfs die skenkings wat die gemeente aan die sending gedoen het, verklap in 'n sekere sin hierdie kontakte. Die skenkings as sodanig dui byvoorbeeld dikwels daarop dat die skenkers van mening was dat 'n groot gedeelte daarvan weer tot voordeel van die sending aan rondgaande handelaars verhandel kon word. Wat anders sou die sendelinge met etlike bosse volstruisvere maak, anders as om dit tot voordeel van die stasie weer te verkoop?⁸⁶ Net so het eerwaarde Alheit berig dat toe hy uiteindelik sy bekeerlinge verbied het om tradisionele klere te dra, die rondreisende smouse die groot aanvraag na Westerse kleding besonder waardeur het. Vir 'n tyd lank het hulle goeie sake in die omgewing van Schietfontein gedoen.⁸⁷ Van die meer welgestelde lede van die gemeente op Amandelboom wat oor waens en spanne trekosse beskik het, het ook dikwels togte na Kaapstad onderneem waartydens hulle soms terselfdertyd goedere vir die sendeling na of van Wuppertal vervoer het.⁸⁸ Afgesien van vee waarvoor daar altyd 'n groot afset op die Kaapse markte was, was daar ook 'n groot aanvraag vir produkte van die jag. Velle, biltong, horings, volstruiseiers en vere het groot aftrek op die koloniale markte gekry. Vir diegene wat oor 'n wa en osse beskik het, was dit ook baie meer voordelig om self die lang en moeisame tog na die Kaapse markte aan te pak, eerder as om hul produkte aan besoekende smouse te verkoop. Hierdie handelstogte was veral winsgewend as

⁸⁴ Ibid., Beinecke-Herr Inspector, Amandelboom, 23-10-1851.

⁸⁵ Ibid., "Beinecke's Reisebericht vom 10-11-1848 bis 30-3-1849", "Geschichte von Daniel Kelcher." Kelcher het by geleentheid groot moles op Amandelboom veroorsaak toe hy self te veel van sy handelsware gedrink het. Al vloekende het Kelcher groot klippe deur die matjieshuise van die inwoners gegooi en almal binne sig uitgevloek. Om enige moontlike ongevallen te verhoed het die sendelinge ten einde raad die besope handelaar aan sy wawiel vasgebind tot tyd en wyl sy roes afgeslaap was. Eerwaarde Beinecke skryf dat as daar nog iemand op Amandelboom was wat na dese nog nie die name van die sendelinge geken het nie, hulle dit na dié voorval beslis geweet het. Die erg ontstoke Kelcher het die hele nag lank tot groot wrewel van die sendelinge geskreeu: "Friedrich Wilhelm Beinecke en Hendrik Lutz kom maak my los!!"

⁸⁶ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 9 von J.H. Lutz vom 7-3-1846 bis 21-7-1846 mit Beilage I,II, Beilage zu Tagebuch No 9, "Einname von den Bastards für die Mission, vom anfang bis ende Juni 1846."

⁸⁷ VEM, Neunzehnter Jahresbericht der Rheinische Missions Gesellschaft vom Sept 1847 bis dahin 1848, p. 38; VEM, Berichte der, 1852, pp. 249-255.

⁸⁸ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 15 von J. H. Lutz vom 21-4-1850 bis 3-9-1850, "Drei Wagen nach Wuppertal"; No 16 vom Sept 1850 bis 5-3-1851, "Sonntag der 9 Febr"; No 17 vom 20-3-1851 bis 22-2-1852, Lutz- Herr Inspector Wallman, Amandelboom, 30-6-1852; No 19 vom Sept 1853 bis April 1854, "9 Sept- Gebetserhörung"; VEM, Berichte der RMG vom Sept 1853 bis April 1854, "Von Lutz", pp. 371-382.

daarin geslaag kon word om 'n paar vate brandewyn te bekom wat tuis weer teen 'n baie gunstige koers vir skape verruil is.⁸⁹

Afgesien van slagtersknegte en ander rondreisende handelaars vanuit die Kaap en omstreke wat tot voordeel van die Kaapse markte in die gebied handel gedryf het, was daar egter ook 'n florerende sluikhandel in die buitelandse distrikte van die kolonie, soveel te meer onder veral daardie gemeenskappe wat buite die amptelike grense gewoon het. Die Xhosa op Schietfontein het byvoorbeeld 'n lang betrokkenheid by handelsaktiwiteite gehad waarvan die meeste onwettige transaksies was.⁹⁰ Terwyl navorsers dikwels geneig is om die markinvloede vanuit die Kaap as die enigste werklik belangrike handelsaktiwiteite vir die binnelandse gemeenskappe te beskou, is dit uit die navorsing van Anderson duidelik dat die Xhosa op Schietfontein 'n belangrike skakel in 'n ingewikkelde handelsnetwerk verder noord was. Dit blyk dat daar 'n byna onversadigbare mark vir vee en veral vuurwapens en ammunisie onder sommige groepe aan die Oranje en nog verder noord was. Die meeste handelaars wat met hierdie gemeenskappe handel gedryf het, het oor Schietfontein getrek. Die inwoners van die Kareeberge was dus in 'n uitstekende posisie om 'n rol in hierdie netwerk te speel. Hierdie situasie het ongemerk by die Kommissie van Onderzoek verbygegaan. Eers nadat eerwaarde Alheit in 1847 onder die Xhosa van Schietfontein begin werk het, het hy tot sy ontsteltenis ontdek dat sy kudde by allerlei onwettige transaksies betrokke was wat hy moeilik kon keer of stopsit. Gesteelde vee wat hul weg noordwaarts gevind het en wapensmokkelary, het dikwels onder die neus van die sendeling plaasgevind. Sy pogings om dit stop te sit, was juis een van die belangrikste redes waarom die gemeente kort na sy aankoms in allerlei vyandige faksies uitmekaargespat het.⁹¹

Net soos hul Xhosa-bure, was die Bastergemeenskap op Amandelboom ook ongetwyfeld ten nouste betrokke by handelsaktiwiteite. Die winsgewendste hiervan was ongetwyfeld die sluikhandel in gesteelde vee en vuurwapens. Reeds lank voor die koms van die sendelinge na die gebied was mense uit die streek byvoorbeeld al betrokke by wapensmokkelary. Hierdie onwettige handel is gedurende die eerste dekades van die 19de eeu gestimuleer deur die toenemende wrywing onder botsende gemeenskappe aan die Oranjerivier. By geleentheid is 'n aantal Basters vanuit die omstreke van die Kareeberge byvoorbeeld onderweg na die Oranjerivier in hegtenis geneem toe hulle in besit betrap is van verskeie sakke kruit wat hulle onder die voorwendsel dat dit uiesaad was, uit die kolonie probeer smokkel het. Die feit dat die kruit op Grahamstad bekom is, dui daarop dat die sluikhandel tot diep in die kolonie gestrek het.⁹² Male sonder tal is veldkornette in die buitelandse distrikte van owerheidskant aangesê om toe te sien dat vuurwapens en ammunisie nie in die hande van ongewenste elemente geval het nie.⁹³ Meesal het hierdie versoeke op dowe ore geval, want die handel in hierdie produkte was so winsgewend dat selfs van die veldkornette in sommige van die transaksies geïmpliseer is. Juis as gevolg van al hierdie bedrywighede en veral omdat die onwettige wapenhandel gedurende die eerste dekades van die 19de eeu gedreig het om die reeds onstabiele situasie aan die Benede-Oranje nog verder te

⁸⁹ Ibid., Tagebuch No 17 von J.H. Lutz vom 20-3-1851 bis 22-2-1852, Lutz-Inspector Wallman, Amandelboom, Februar 1853; No 15 vom 21-4-1850 bis 3-9-1850, "Der Brandtwein Götze in den Kareebergen"; 1 Pakket Lutz 1859-1867, Lutz-Väter, Amandelboom, 22-3-1867, "Bemerkungen"; VEM, B/C 123, Beinecke, Oktober 1857 bis Februar 1858, "Straussenjäger"; Beinecke-Herr Inspector, Amandelboom (ongedateerd).

⁹⁰ E. Anderson, *A History of the Xhosa of the northern Cape, 1795-1879*, pp. 74-77.

⁹¹ Ibid., pp. 70, 76.

⁹² KAB, CO 2715, Letters from Graaff-Reinet, Van Ryneveld-Bell, 6-5-1829; BPP, No 9, Evidence of Mr. Moffatt, a Missionary resident with the Bechuana Tribes at Latakoo, p. 128;

⁹³ KAB, CO 2715, Letters from Graaff-Reinet, Van Ryneveld-Bell, 9-4-1829; 16-4-1829; Van Ryneveld-veldkornette, 20-2-1829; 3-4-1829.

destabiliseer, het die regering in 1818 besluit om die dorp Beaufort-Wes aan te lê. Hiermee is gepoog om owerheidsbeheer nader aan die Noordgrens te skuif en sodoende die onwettige bedrywighede van die inwoners van die streek aan bande te probeer lê.⁹⁴ In ooreenstemming met hierdie beleid het die regering ook probeer om die handel tussen die gevestigde distrikte en gemeenskappe buite die grense te reguleer. Vir 'n wyle is oorweging geskenk aan die stigting van amptelike handelsposte aan die Noordgrens. Al hierdie inisiatiewe was egter vrugteloos, want alles dui daarop dat die onwettige sluikhandel, selfs na die stigting van 'n aantal regerings-beheerde handelsposte, onverpoos voortgeduur het.⁹⁵

Ten spyte daarvan dat eerwaarde Lutz en Beinecke feitlik geen melding maak van die onwettige bedrywighede van hul kudde nie, kan daar met redelike sekerheid beweer word dat die Bastergemeenskap op Amandelboom en omstreke ook belangrike handelskontakte gehad het met gemeenskappe aan die Oranje. Dit mag selfs moontlik wees dat hulle 'n belangrike skakel was in 'n ingewikkelde handelsnetwerk verder noord. Wat die presiese aard en omvang van hierdie handel was, kan nie uit die dagboeke van die sendelinge bepaal word nie omdat daar selde indien ooit in meer besonderhede na hierdie aktiwiteite verwys word. Nogmaals by wyse van afleiding blyk dit egter dat sommige lede van die Amandelboomgemeente om die een of ander rede gereelde besoekers aan die Oranjerivier was. Die sendelinge meld redelik dikwels inligting wat van terugkerende groepe van die Oranje verkry is. Meesal handel hierdie inligting oor toestande daar en die bewegings van vyandige groepe ten noorde van die Kareeberge wat 'n moontlike bedreiging vir die sendingstasie kon inhou.⁹⁶ Slegs by een geleentheid vermeld eerwaarde Lutz dat die invloedryke Jan Jansen goed vertrouwd was met die Waterboers en dat hy dikwels togte oorkant die Oranje "tot in die berge" (vermoedelik die Maluti) onderneem het.⁹⁷ Voorts het die sendelinge feitlik alle hout wat vir die bou van huise en veral met die oprigting van die kerk benodig is, vanaf die Oranjerivier bekom. Baie van hierdie benodigdhede, wat in die boomlose Kareebergomgewing nie beskikbaar was nie, is vanaf die Oranjerivier deur togryers gebring. Soms is van hierdie uiters waardevolle produkte tot groot waardering van die sendelinge selfs aan die sending geskenk.⁹⁸

Uit ander bronne wil dit ook voorkom of sommige Basters van die Kareeberge goed bekend was met gebiede ver benoorde die Oranje, waar uitgebreide handelsnetwerke met die inwoners daar alreeds vir etlike dekades bestaan het. Aan die begin van die 19de eeu, toe die ivoorhandel noord van die Oranje nog moontlik was, was baie Schietfontein- Xhosa en Basters buite die koloniale grense ten nouste daarby betrokke. Danksy hierdie handelsaktiwiteite het hulle met die binneland vertrouwd geraak en dikwels as gidse gedien vir reisigers wat die gebied ten noorde van die Oranje wou besoek.⁹⁹

Sonder om die integriteit van die Bastergemeenskappe onredelik in twyfel te trek, bestaan daar afdoende bewyse dat die handel noordwaarts meesal in onwettige artikels soos gewere, ammu-

⁹⁴ Vir meer oor die redes vir die ontstaan van die dorp Beaufort-Wes sien o.a.: W.G.H. en S. Viviers, **Hooyvlakte, Die verhaal van Beaufort-Wes 1818-1968**.

⁹⁵ Vir korrespondensie oor die ontstaan van Slingerfontein as amptelike handelspos in die Clanwilliam-distrik (Hantam) sien oa: KAB, CO 2643, Letters from Tulbagh, Walter Synnod-Bird, Clanwilliam, 5-9-1822; Memorie, inwoners van die Hantam-adjunk-landdros Synnod, Hantam, 20-9-1822; Landdrost Trappes-Bird, Tulbagh, 28-10-1822; Synnod-Trappes, Clanwilliam, 18-10-1822.

⁹⁶ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 25 von J. H. Lutz vom 27-9-1856 bis 30-11-1856, "Ehrenwerthiger Besuch."

⁹⁷ Ibid., Tagebuch No 8 von J. H. Lutz vom 20-11-1845 bis 16-4-1846.

⁹⁸ Ibid., Tagebuch No 26 von J. H. Lutz vom 30-11-1856 bis 1-9-1857, "Arbeiten an der neuen Kirche".

⁹⁹ E. Anderson, **A History of.....**, p. 70.

nisie en gesteelde vee geskied het. Daar is meer as afdoende bewys dat die Basters van die Kareeberge nie onwillig gestaan het teenoor hierdie onwettige aktiwiteite nie. Dat hierdie handelsnetwerk besonder winsgewend was, blyk daaruit dat gemeentede, wat deur die sendelinge met hierdie netwerk verbind is, ook deurgaans onder die meer welgestelde en vermoënde sektor van die samelewing getel het.¹⁰⁰ Of eerwaarde Lutz siende blind was vir die aktiwiteite van hierdie deel van sy kudde, veral as in aanmerking geneem word dat die sendelinge vanuit die staanspoor met die meer welgestelde sektor van die samelewing geassosieer het en of hy werklik bewys was van die ware toedrag van sake, is 'n ope vraag. Na alle waarskynlikheid is dit laasgenoemde, want vanuit die perspektief van die sendelinge was een van die belangrikste nadele van die nomadiese bestaan van die gemeenskappe in die Kareeberge juis dat die sendelinge buite die onmiddellike omgewing van die stasie self, geen beheer oor die doen en late van die gemeente gehad het nie. Baie van die onwettige aktiwiteite van die Basters kon dus heel maklik vir die sendelinge verstoek gebly het.

Soms was die moontlikheid om onder die wakende en bestraffende oë van die sendelinge uit te trek selfs 'n welkome uitkoms vir diegene wat onder die streng kerklike invloed ingeperk moes gevoel het. Uit die dagboek van Friederich Hein wat in die Rigtersveld werksaam was, is dit byvoorbeeld duidelik dat nomadiese veeboere dikwels onder die voorwendsel dat hulle na beter weiding moes trek, doelbewus weggetrek het om aan die beperkende invloed van die sendelinge te ontsnap. Hein se rustelose kudde van twyfelagtige moraliteit het byvoorbeeld dikwels, tot groot ontsteltenis van die sendeling, oor die Oranjerivier getrek. In die woorde van die sendeling kon hulle dan daar weer vir 'n tyd lank hulself oorgegee aan die wellus van die sondige vlees en allerlei onwettige praktyke. Na 'n paar weke van roekelose losbandigheid het die meeste weer teruggetrek na die sendingstasie en ewe vroom in die kerk kom sit.¹⁰¹ Dit is nie heeltemal onmoontlik nie dat die Basters op Amandelboom op soortgelyke wyse die redelik naïewe sendelinge 'n rat voor die oë kon draai nie en dat hulle dus werklik onbewus was van sommige aktiwiteite van hul gemeente. Nadat eerwaarde Lutz byvoorbeeld na 'n lang gesukkel daarin geslaag het om die brandewynsmouse uit die omgewing te verban, het dit hom lank geneem om uit te vind dat sommige gemeentede, wat dikwels so hoog opgegee het oor die godsdienst, die verbode middel onder sy neus as eau de cologne gesmokkel het.¹⁰² As die Basters so sonder skroom en onder die wakende oog van die sendelinge met brandewyn kon smokkel, is dit seker nie onmoontlik dat hulle, net soos hul Xhosa-bure, by die groter sluikhandel verstrik was nie.

Die belangrike punt is eger nie om aan te toon dat die inwoners van die Kareeberge 'n geneigdheid gehad het tot onwettige bedrywighede nie. Dit sal geen ander doel dien as om die bestaande negatiewe persepsies van dié gemeenskappe te herbevestig nie. Wat wel van belang is, is dat selfs die toenemende betrokkenheid by onwettige sluikhandel veel eerder 'n voorbeeld is van hoe die mense van dié streek, deels onder druk van daardie spesifieke omgewing en hul status as buitegrens-gemeenskappe, genoodsaak was om bepaalde veranderinge of aanpassings in hul oorlewingstryd te maak. Onder druk van die omgewing en die realiteite van die geslote grenssituasie het die handel, hetsy wettig of andersins, in baie opsigte 'n lonende byverdienste, indien nie 'n noodsaaklikheid nie, geword. Tog het die situasie van die Kareeberggemeenskappe

¹⁰⁰ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 8 von J. H. Lutz vom 20-11-1845 bis 16-4-1846, "1-1-1846."

¹⁰¹ VEM, B/C I 71, (1844-1907) (Süd-Afrika), Johan Friederich Hein en die Sendinggemeente Richtersveld, "Verhaal over de werkzaamheid aan Groot Rivier," Hein-Weich, Rigtersveld, 20-3-1853,

¹⁰² VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 15 von J. H. Lutz vom 21-4-1850 bis 3-9-1850, "Der Brandweins Götze in den Kareebbergen."

nooit werklik so verswak dat hulle die status van parasitiese gemeenskappe ontwikkel het wat so kenmerkend was van sommige groepe aan die Oranje nie.¹⁰³

Vanuit 'n sendingperspektief is dit egter van kardinale belang om in gedagte te hou dat die welvaart van die Amandelboomgemeente, wat die sendinginisiatief vir etlike jare onafhanklik van fondse uit Duitsland onderhou het, ten dele gemaak is uit aktiwiteite waarvan die sendelinge nie altyd bewus was nie of, soos in die geval van eerwaarde Alheit, nie by magte was om stop te sit nie. Hierdie feit onderstreep nie alleen die eensydige waarneming van die Kommissie van Onderzoek nie, maar staaf terselfdertyd die argument dat handelsaktiwiteite in die algemeen, en veral die betrokkenheid in die onwettige sluikhandel, in meer as een opsig 'n aanpassingstrategie van 'n dikwels desperate gemeenskap was. Soveel te meer in 'n area waar omgewings- en ander faktore soveel druk op suiwer veeboerdery geplaas het, dat dit op die lange duur nie meer moontlik was om uit veeboerdery alleen 'n bestaan te voer nie. Dit verklaar enersyds waarom daar soveel spanning in Xhosa-geledere ontstaan het toe Alheit die handelsaktiwiteite van die gemeenskap aan bande probeer lê het. Die sluikhandel was 'n uiters winsgewende opsie wat min risiko vir gemeenskappe buite die koloniale grense ingehou het. Die alternatief wat die sendelinge meesal tot hierdie lewenswyse gebied het, was doodgewoon nie winsgewend nie. Daarbenewens was dit strydig met die natuurkragte van die omgewing en les bes ook nog harde werk. Vir etlike jare het die sendelinge dus met wisselende mate van sukses halsstarrig volgehou met pogings om die nomadiese neigings van hul onwillige kuddes te temper en hulle tot die misplaaste tuinmaakidees van die sending te bekeer.

2.5 Onvermoë van die Kommissie van Onderzoek om die negatiewe impak van sendingvereistes op die nomadiese karakter van die Kareeberggemeenskappe te bepaal

Die Kommissie van Onderzoek en die daaropvolgende sendinginisiatief in die Kareeberge het nie alleen daarin gefaal om die breë dinamiek van die grens-ekonomie teen die agtergrond van uiters belangrike omgewingsfaktore ten volle te begryp nie, maar insgelyks ook daarin gefaal om die fynere nuanses en veral die kwesbaarheid van daardie lewenswyse te verstaan. Uit die verslag van die kommissie is dit duidelik dat die meeste oorwegings ten opsigte van die Kareeberge as sendingveld, alleen vanuit 'n hovaardige sendingperspektief gedoen is. Daar is weinig, indien enige, oorweging geskenk aan watter impak sekere noodsaaklike voorvereistes vir suksesvolle sendingaktiwiteite op die gemeenskap in sy geheel sou hê. Nog minder het die kommissie in enige stadium eens die moontlikheid oorweeg dat hul idees nie altyd haalbaar sou wees nie, of dat hulle sekere aanpassings sou moes maak om hulle meer ooreenkomstig die behoeftes van die gemeenskap en die realiteite van die streek te skik nie.

Vanuit die perspektief van die Kommissie van Onderzoek was die nomadiese bestaan van die Basters nie 'n noodsaaklike lewenswyse nie, maar veel eerder 'n belangrike struikelblok in hul kersteningsideale. Daarom was dit iets wat so ver moontlik verander of aan bande gelê moes word. Al wat die Kommissie van Onderzoek in hierdie verband kon raaksien, was dat dit immers baie moeilik, indien nie onmoontlik sou wees, om 'n gemeenskap wat voortdurend op trek was suksesvol te bearbei en na die begeerte van die genootskap in Christelike gemeentes te omvorm. Alles in ag genome, was die fokus van die kommissie dus uit wans uit uitsluitlik gerig op die wyse waarop die gemeenskap na die behoeftes van die sending moes skik, eerder as andersom.

Die mees voor-die-hand-liggende manier om dit te doen, was 'n tipies Europees geïnspireerde strategie wat uitsluitlik daarop gemik was om intensiewe boerdery as alternatief tot die bestaande ekstensiewe veeboerdery te probeer ontwikkel. In hierdie strewende het die kommissie alreeds die

¹⁰³ Sien N. G. Penn, *The Northern Cape frontier zone, 1700-1815*, p. 17 oor Legassick, grensakkulturasië en die ontstaan van parasitiese gemeenskappe.

suksesverhale van Genadendal en Wuppertal as voorbeeld gehad. Daar is by implikasie geredeneer dat daar geen rede was waarom dit nie in die Kareeberge herhaal kon word nie. Hierdie argument was natuurlik foutief, want daar was geen vergelyking te tref tussen die oorwegend verbrokkelde Khoi Khoi-gemeenskappe van byvoorbeeld Genadendal en Wuppertal en die relatief ekonomies onafhanklike groepe van die Kareeberge nie. Gedurende die 18de eeu is eersgenoemde alreeds deur die voortstuwende blanke uitbreiding sodanig ontmagtig dat daar vir hulle geen ander heenkome was as dit wat die sendingstasies gebied het nie. Juis daarom was dit vir die gemeenskappe in die omgewing van Wuppertal relatief maklik om hulle na die behoeftes van die sending te skik. Dit verklaar ook deels waarom hierdie sendinginisiatiewe so suksesvol was.¹⁰⁴

In die Kareeberge, daarenteen, het omgewingsfaktore soos reeds voorheen aangetoon is, nie alleenlik die idee van gevestigde gemeenskappe grootliks in die wiele gery nie, maar die onafhanklike bestaan van hierdie gemeenskappe, wat weliswaar by tye uiters moeilik was, het nog nie 'n sendingstasie as permanente toevlugsoord of as alternatief tot hul bestaande lewenswyse geregverdig nie. Ondanks die feit dat die geslote grenssituasie teen die 1840's swaar op die Kareeberggemeenskappe begin druk het, was dit steeds moontlik om tydens hoë reënvalsiklusse nog 'n redelike bestaan te kon voer. Daarbenewens was ander ekonomiese opsies soos handel en selfs roof, soos voorheen aangetoon, ook belangrike alternatiewe wat baie tydens moeilike tye aan die gang gehou het. Dat die Kommissie van Onderzoek dit egter in die vooruitsig gestel het om die lewenswyse van die Kareeberggemeenskappe ingrypend te verander, blyk duidelik uit die vrae wat aan Jan Kaffer gestel is tydens hul besoek aan Schietfontein.

Nadat tentatief vasgestel is dat die Xhosa sendelinge in hul midde sou verwelkom en daar gemoedsrus oor hierdie belangrike saak verkry is, is Jan Kaffer byvoorbeeld voorts gepeper met vrae of die Xhosa-gemeenskap, wat op daardie stadium oor 'n wye gebied tot aan die Pramberge woonagtig was, bereid sou wees om as een gemeenskap op Schietfontein te hervestig. Te oordeel aan die volgehoue pogings van eerwaarde Alheit na die stigting van die Schietfontein-sendingstasie in 1847 om die wydverspreide Xhosa-gemeenskap te konsolideer, het die antwoorde wat die Kommissie verkry het baie duidelik hul vooropgestelde idees omtrent hierdie gemeenskap en uiteindelik ook dié van die direksie, versterk. Die Kommissie van Onderzoek het gewis die indruk gewek dat hul misplaaste idee ten minste haalbaar sou wees.¹⁰⁵

Eerwaarde Alheit se pogings om hierdie ideale te verwesenlik, is trouens een van die belangrikste voorbeelde van hoe die sendelinge gepoog het om die Kareebergsendingveld na hul vereistes te probeer skik.¹⁰⁶ Toe dit kort na sy aankoms op Schietfontein in 1847 egter geblyk het dat toestande vir intensiewe boerdery nie heeltemal so rooskleurig was as wat die Kommissie van Onderzoek dit in 1843 voorgehou het nie, het eerwaarde Alheit selfs planne beraam om die hele gemeenskap tot aan die walle van die Oranje te verskuif. Na 'n ondersoek ter plaatse was Alheit vas daarvan oortuig dat 'n ambisieuse kanaalstelsel die idees van die sending ten opsigte van 'n gevestigde Xhosa-gemeenskap makliker sou kon laat realiseer.¹⁰⁷ Eerwaarde Alheit se hervestigingsplanne vir die Schietfontein-gemeenskap het groot opgewondenheid in sendinggeledere veroorsaak. So oortuigend was sy motivering vir hierdie stap, dat hy selfs ook regeringsondersteuning daarvoor verkry het. Vanuit die perspektief van die regering sou hierdie planne gewis kon meewerk om die toenemende rassesspanning tussen die Xhosa en die oorwegend blanke

¹⁰⁴ VEM, Berichte No 3, 1854, pp. 36-41.

¹⁰⁵ VEM, Monats Berichte No 4, April 1844 - No 5, Mei 1844, "Untersuchungsreise...", pp. 31-48.

¹⁰⁶ VEM, Neunzehnter Jahresbericht der Rheinische Missions Gesellschaft vom Sept 1847 bis dahin 1848, p. 38.

¹⁰⁷ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 14 von J. H. Lutz vom 5-12-1849 bis 22-4-1850, "Resultat der Reise Br Alheits nach Oranjefluss"; VEM, Berichte No 3, 1854, pp. 136-140.

Beaufort-Wes-distrik op te klaar. Ongetwyfeld het die blanke veeboere in die omgewing van die Pramberge, met wie die Xhosa op hierdie stadium voortdurend in geskille oor grond en vee-diefstalle oorhoops was, ook reikhalsend uitgesien daarna dat hul Xhosa-bure moes vertrek.¹⁰⁸

Op dieselfde wyse het eerwaarde Lutz en Beinecke, kort na hul aankoms op Amandelboom, planne in werking gestel wat daarop gemik was om 'n groter en meer permanente gemeenskap op die stasie te konsentreer. Ten spyte daarvan dat Amandelboom ten opsigte van landbou-potensiaal veel swakker was as Grootfontein of Schietfontein, het die sendelinge uit die staan-spoor die verwesenliking van hierdie ideaal nietemin ook hier op hul tuinmaakidees geskoei en dit op die proef gestel. Eerwaarde Lutz se opdrag van die direksie, dat hy die Kareebergbasters onder sy herderstaf moes versamel en die evangelie aan hulle moes verkondig, was iets wat hy letterlik opgeneem het.¹⁰⁹ Afgesien van 'n uitgebreide tuinery in die omgewing van die fontein,¹¹⁰ is daar ook 'n leidamstelsel aan die oewer van die Sakrivier ontwikkel.¹¹¹ Wanneer die Sakrivier periodiek sy walle oorstroom het, het dit met die leidamstelsel groot moontlikhede vir saai-boerdery geskep. Gemeenskapsbetrokkenheid by gesaaides, so is gehoop, sou 'n meer gevestigde gemeenskap in die hand werk. Hopelik sou die Basters uiteindelik minder geneig wees om voortdurend agter hul veetroppe rond te trek. Herhaaldelik het eerwaarde Lutz egter teenoor die direksie gekla dat die Basters se trekgewoontes en die feit dat hulle nie vaste verblyfreg in die Kareeberge gehad het nie, die doelsellings van 'n gevestigde gemeenskap ernstig in die wiele gery het. Ten opsigte van die onsekerheid oor die grondbesit van die Basters het die direksie eerwaarde Lutz gelyk gegee dat dit moeilik was om onder sulke omstandighede ten volle suksesvol te kon wees. Dit was egter 'n saak waarvoor niemand van hulle kon beslis nie. Daarom is hy aanbeveel om die situasie so te aanvaar en verder op die Here te vertrou. Selfs al moes hy die Kareeberge weens die grondkwessie verlaat, is hy daarop gewys dat sy werk daar ongetwyfeld geseënd sou wees.¹¹²

Ten opsigte van die Basters se nomadiese lewenswyse was die direksie egter van mening dat die sendelinge daar beheer oor gehad het en dit kon verander. Ten spyte van eerwaarde Lutz se herhaalde klagtes dat dit meesal noodsaaklik was vir sy gemeente om agter water en weiding aan te trek, het die direksie tot so laat as 1853 nog volgehou dat dit nie noodsaaklik was nie en dat hy iets aan die saak moes doen. In 'n lang brief aan eerwaarde Lutz oor hierdie aangeleentheid het hulle die instruksies duidelik gemaak: "Akkerbou sal en moet steeds meer die nomadiese veeherderbestaan oorneem. In plaas van vleis, moet brood die stapelvoedsel onder die Basters word. Na ons mening het jou gemeente slegs twee opsies. Eerstens kan hulle, soos die Voor-trekkers gedoen het, steeds dieper in die wildernis van Afrika indring en die swart inboorlinge voor hulle uitdryf, wat uiteraard onaanvaarbaar is. Andersyds kan hulle hul kuddes kleiner maak en ander bestaansmoontlikhede soek. In so 'n geval is akkerbou die gewenste alternatief. Dit is tog nie onmoontlik nie, want in goeie jare word immers goeie resultate gelewer."¹¹³

Op beide Schietfontein en Amandelboom het die pogings van die sendelinge, wat op aandrang van die direksie gedoen is om die trekgewoontes van hulle gemeentes te verander, óf klaaglik

¹⁰⁸ E. Anderson, *A History of.....*, pp. 78-87.

¹⁰⁹ VEM, A/c 8, Lit C, Copier Buch, 1843-1847, Deputation-Lutz, Elberfeld, 1-8-1844.

¹¹⁰ VEM, Berichte der Rheinische Missions Gesellschaft, No 22, 5-11-1849, "Eine Reise in Süd-Afrika", pp. 347-349.

¹¹¹ VEM, B/C I 23, Beinecke, Tagebuch No II vom 10-8-1846 bis 28-2-1847.

¹¹² VEM, A/c 8, Lit C, Copier Buch, 1843-1847, Deputation-Lutz, Elberfeld, 1-8-1844; 27-7-1846.

¹¹³ *Ibid.*, Deputation-Lutz, Elberfeld/ Barmen, 8-3-1853.

misluk, óf slegs beperkte suksesse gehad. Eerwaarde Alheit se hervestigingsplanne vir die Xhosa het, ten spyte van groot opgewondenheid en gesdrif, nooit van die grond af gekom nie. Die plan moes uiteindelik na jare se onderhandeling en onsekerheid laat vaar word.¹¹⁴ Net so het die tuinmaak-idees op Amandelboom ook grootliks misluk. Aan die ander kant moet toegegee word dat sommige van hierdie inisiatiewe nie heeltemal sonder meriete was nie. Die leidamstelsel was inderdaad 'n belangrike vooruitgang in die lewe van die Amandelboomgemeenskap. Periodiek is selfs groot hoeveelhede koring op die landerye langs die Sakrivier verbou.¹¹⁵ Veral wanneer koringoeste elders misluk het, was eie produksie van groot belang, omdat dit telkens die prys van koring die hoogte in laat skiet het. In 1846 was die prys van koring op Amandelboom byvoorbeeld 20 tot 25 Rds per mud.¹¹⁶ Toe die koringoes in die Hantam en Roggeveld in 1852 grootliks misluk het, kon die inwoners van Amandelboom darem daarin slaag om nie minder nie as 300 mud koring aan die oewers van die Sakrivier te oes. Selfvoldaan het eerwaarde Lutz aan die direksie berig dat die gemeente ten minste vir 'n tyd lank in hul eie koringbehoefte sou kon voorsien. Die leidamstelsel aan die Sakrivier het die Amandelboomgemeente voortaan ietwat minder afhanklik gemaak van die aanliggende distrikte. Tot op daardie stadium het die aangrensende blanke distrikte nog elke jaar as die "Brothäuser" van Amandelboom gedien.¹¹⁷ Daar is voortdurend verbeterings aan die stelsel aangebring, wat die koringoes bykans iedere jaar verder opgestoot het. In 1854 is tot groot vreugde van almal 417 mud koring gewen en in 1867 is die rekord van 900 mud behaal.¹¹⁸

Vir die sendelinge was hierdie verwickelinge 'n tasbare voorbeeld van hoe hul volgehoue pogings vrugte afgewerp het. Terselfdertyd was dit 'n positiewe stimulus om met volharding daarop voort te bou, al was dit nie aldag so maklik nie. Die tuinery en veral die saailande aan die oewer van die Sakrivier het byvoorbeeld dikwels tot groot onmin en twis onder die gemeente aanleiding gegee. Soms het die sendelinge hande in die hare gesit oor hoe om geskille oor saailande of waterbeurte onder die twisgierige inwoners van Amandelboom op te los.¹¹⁹ Op die lange duur het dit egter nie die primêre doelstelling van 'n meer gevestigde akkerbougemeenskap laat realiseer nie. Daarvoor was daar net te veel negatiewe omgewingsfaktore wat 'n permanente akkerboubestaan in die streek uiters riskant gemaak het. Die direksie se oortuiging, dat groot oeste in goeie jare behaal kon word was, met enkele voorbehoude, weliswaar korrek. Wat die verafgeleë, streng Väter nooit werklik kon snap nie, was dat in die Kareeberge maklik vir jare aaneen meer slegte as goeie tye voorgekom het.

Afgesien daarvan dat omgewingsfaktore waarskynlik die belangrikste rede was waarom die planne van die sendelinge skipbreuk gelei het, het hul planne ook direk gebots met die halsstarrige weiering van sommige om van 'n ou beproefde lewenswyse af te sien. Oor geslagte heen het die groot veestapels van nomadiese veeboere in feitlik al hul daaglikse behoeftes voorsien. Vir baie was die idees van die sendelinge op sy beste vreemd. So verknog was die

¹¹⁴ VEM, Berichte No 3, 1854, pp. 36-41; 136-140; VEM, B/C I 23, Beinecke-Deputation (Wallmann), Amandelboom, 1-5-1851.

¹¹⁵ VEM, Berichte No 25, 13 Dec 1852, pp. 385-393; VEM, 26 Jahresbericht vom Sept 1854 bis dahin 1855, "Bilder aus Amandelboom", "Wie aus Nomaden Bauern werden", pp. 29-31; VEM, B/C I 23, Beinecke, Tagebuch No II vom 10-8-1846 bis 28-2-1847, Beinecke-Väter, Amandelboom, 11-9-1847;

¹¹⁶ VEM, B/C I 23, Beinecke, Tagebuch No II von F. W. Beinecke vom 10-8-1846 bis 28-2-1847, "Den 10 Octobr".

¹¹⁷ VEM B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 17 von J. H. Lutz vom 20-3-1851 bis 22-2-1852, Lutz-Inspector Wallmann, Februar 1853.

¹¹⁸ VEM, Berichte No 17, Sept 1854 bis dahin 1855, "Wie aus Nomaden Bauern werden", pp. 29-31; VEM, B/C I 19, Lutz, 1 Paket Lutz, 1859-1867, Lutz-Väter, Amandelboom, 22-3-1867.

¹¹⁹ VEM, Sechs und Zwanzigster Jahresbericht der RMG vom Sept 1854 bis dahin 1855, "Wie aus Nomaden Bauern werden", pp. 29-31.

oorgrote meerderheid veeboere in dié streek aan hul vleisskape, dat selfs uitgebreide regeringspogings aan die begin van die 19de eeu om die inwoners van vleisproduksie na die meer winsgewende wolteelt te laat oorslaan, vir etlike dekades nie werklik posgevat het nie. Eers teen die 1840's het die idee van wolteelt moeisaam ingang begin vind.¹²⁰

2.6. Toegewings van die Kareebergbasters aan die Kommissie van Onderzoek om by sendingvereistes aan te pas

Die Kareeborgsendelinge kon dus vanuit die staanspoor nie daarin slaag om die lewens van die Bastergemeenskap op dieselfde wyse te omvorm as wat dit die geval op Wuppertal was nie, of wat die Rynse Sendinggenootskap in daardie stadium alreeds op enige van sy ander stasies vermag het nie. Op Amandelboom en Schietfontein was die nomadiese karakter van die gemeenskappe vir etlike jare 'n belangrike struikelblok vir die sendelinge. Dit was iets wat groot aanpassings geverg het. Terwyl die Kareeborgsendelinge egter met hul akkerbou-ideale eksperimenteer het en tot tyd en wyl dit uiteindelik as onprakties en onuitvoerbaar afgeskryf is, is die sendingideaal, ten minste wat Amandelboom betref, geskoei op riglyne wat vanuit die gemeenskap self gekom het. Ironies genoeg was dit juis die voorstelle van die Bastergemeenskap self, oor hoe die sendingstasie ten beste geakkommodeer kon word sonder om van hul nomadiese veeherdersbestaan afstand te doen en veral die streng toepassing van hierdie voorstelle deur die sendelinge, wat die gemeenskap uiteindelik dramaties sou beïnvloed. Om die werklike impak hiervan te begryp, is dit noodsaaklik om hierdie aspek in meer diepte te ondersoek.

Toe die Kommissie van Onderzoek in 1843 afstand gedoen het van Schietfontein as afspringplek vir die sendinginisiatiewe in die Kareeberge en daar ten gunste van Grootfontein besluit is, was die enigste haakplek in dié besluit dat Grootfontein heel duidelik beperkte akkerboumoontlikhede gebied het. Soos reeds vermeld, het die Bastergemeenskap egter self 'n oplossing vir dié probleem gebied. Na beraadslaging het die Basters voorgestel dat vroue en kinders heeltyds op die sendingstasie kon woon om naby kerk en skool te wees, terwyl die mans steeds in die nabyheid met hul veetroppe kon rondtrek en periodiek die sendingstasie sou besoek.¹²¹ As die kommissie die praktiese implikasies van hierdie voorstel beide vir hulself en die gemeenskap in sy geheel gesnap het, dan het dit nie neerslag gevind in hul verslag nie. Veel eerder het hulle die voorstel suiwer vanuit 'n sendingperspektief beoordeel en dit bloot gesien as 'n voorbeeld van hoe gretig die Bastergemeenskap was, in teenstelling met hul Xhosa-bure, om die sending te ondersteun. Daar sou selfs aangevoer kon word dat die Basters self ook nie die volle implikasies van hul voorstel werklik begryp het nie. Eers heelwat later sou hulle die negatiewe gevolge daarvan aan die lyf voel toe die sendelinge dit tot die letter afgedwing het.

In die eerste plek het die voorstel van die Basters 'n verbrokkeling van die gesinseenheid veronderstel. Dit het op sy eenvoudigste tot allerlei maatskaplike probleme op Amandelboom aanleiding gegee. Met hierdie probleme is die sendelinge voortdurend opgesaal. Dikwels het dit die lewe van ten minste eerwaarde Lutz erg versuur. Belangriker nog is dat dit ook die verbrokkeling van die gesin as produksie-eenheid in die hand gewerk het. Die nadelige invloed hiervan was dat dit op sy beurt die hele sosiale struktuur van die nomadiese gemeenskap negatief beïnvloed het.

In tipiese 19de-eeuse nomadiese veeboergemeenskappe, wat dikwels nog grootliks op die vlak van 'n bestaanseconomie gefunksioneer het, het die gesin, bestaande uit 'n man, sy vrou, ongetroude kinders en diensknegte, die belangrikste produksie-eenheid gevorm. Arbeid is in

¹²⁰ Sien hoofstuk 5 vir die ontwikkeling van die wolbedryf in die Noordwestelike grensdistrikte.

¹²¹ VEM, Monats Berichte No 4, April 1844 - No 5, Mei 1844, "Untersuchungsreise...", pp. 31-48.

gesinsverband gereël waar elke lid van die gesin 'n onontbeerlike ekonomiese rol vervul het. Selfs kinders is vanaf 'n vroeë ouderdom by die produksieproses betrek. Kleiner take soos skape oppas en 'n hele rits ander minder noodsaaklike funksies is deurgaans aan kinders toevertrou. Hoewel 'n mens maklik die rol van kinderarbeid in die veeboereconomie kan geringskat, is dit 'n voldonge feit dat hul aandeel ten minste ander lede van die gesin in staat gestel het om belangriker take te vervul en sodoende ekonomies meer produktief te wees. Daar word trouens nou algemeen aanvaar dat in 19de-eeuse nomadiese veeboergemeenskappe daar 'n direkte verband was tussen die beskikbaarheid van arbeid, dit wil sê die grootte van die gesin, en die hoeveelheid vee wat 'n spesifieke veeboer kon aanhou.¹²² As al die ander negatiewe faktore soos droogtes en veesiektes, wat 'n striemende invloed op die veeboereconomie uitgeoefen het buite rekening gelaat word, bevestig die dagboeke van die sendelinge dit ook dat daar 'n direkte verband bestaan het tussen die grootte van sommige Bastergesinne en die sukses waarmee hulle geboer het. Uit die dagboek van eerwaarde Lutz is dit duidelik dat die meer gesiene sektor van die samelewing ook deurgaans uit groot gesinne bestaan het en heelwat gehuurde arbeid in diens gehad het.¹²³

Op die keper beskou, was 'n nomadiese veeboerbestaan in 'n sekere sin geweldig arbeidsintensief. In 'n area waar rowers en roofdiere nog volop was, is baie hande nodig om die kosbare veetroppe dag en nag op te pas, voortdurend na geskikte weiveld en water te trek, selektiewe teling toe te pas, asook om 'n magdom ander kleiner werkies in en om die huis te verrig. 'n Mens hoef maar net te kyk na die groot aantal klipkrale in die Williston-distrik, waarvan baie nog uit die 19de eeu dateer, om te beseft hoeveel werk in die oprigting van hierdie strukture moes gegaan het. Al hierdie werk, wat deur die oningeligte nie altyd waardeur word nie en vir wie dit selfs onbenullig mag voorkom, is alles volgens streng patriargale beginsels van die tyd binne gesinsverband gereël. Al die betrokkenes in die arbeidsproses binne gesinsverband het dus gesamentlik bepaal hoe suksesvol individuele gesinne en uiteindelik die hele gemeenskap in die gebied kon oorleef.

Deels as gevolg van hierdie realiteite, was een van die mees uitstaande kenmerke van die veeboersektor van die tyd, dat almal feitlik gedurig oor die gebrek aan arbeid gekla het. Dit mag selfs in 'n sekere sin ook verklaar waarom veeboergesinne aan die Noordgrens so uitermate groot was. Terselfdertyd was dit ook moontlik die rede waarom 19de-eeuse veeboere dikwels, na die oordeel van buitestaanders, so buitensporig baie arbeiders in diens gehad het. Ongetwyfeld was dit ook een van die redes waarom daar soveel vergrype voorgekom het in die verkryging van arbeid onder alle betrokkenes van die veeboereconomie in die grensdistrikte. Die bekende kommandostelsel was immers, naas 'n uiters belangrike verdedigingsmeganisme, terselfdertyd ook 'n middel om gedwonge arbeid in die vorm van krygsgevangenes te bekom. Afgesien van hierdie alombekende manier om in die arbeidsbehoefte van die veeboersektor te voorsien, was arbeidstekorte in die oorwegend blanke buitelandse distrikte veral tydens die geslote grenssituasie dikwels so akute, dat van die inwoners soms selfs met allerlei ander geslepe planne vorendag gekom het om van die gekleurdes buite die grense in die blanke arbeidsmark in te dwing. Een hiervan was 'n ou bekende truuk wat veral tydens die 18de eeu baie suksesvol aangewend is. Dikwels is allerlei gerugte betreffende "nuwe" regeringsbesluite oor die status van gekleurdes as arbeiders met opset onder die ongeletterde arbeidersektor versprei. Meesal het hierdie "regerings-ordonnansies" gelui dat alle gekleurdes voortaan by blanke boere in diens moes tree. Dikwels het geslepe veldkornette en andere die "egtheid" van die ontstellende tyding onder die meesal ongeletterde gekleurdes bevestig deur onder die mense rond te trek en plegstatig uit 'n lang

¹²² N.G.Penn, Pastoralists and Pastoralism in the Northern Cape Frontier Zone during the eighteenth century, in M.Hall and A. B. Smith (eds.), *Prehistoric Pastoralism in Southern Africa: The S. A. Archaeological Society Goodwin Series*, Vol.5, June 1986.

¹²³ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 16 von J.H. Lutz vom Sept bis 5-3-1851.

“regeringsdokument” voor te lees.¹²⁴ Dit blyk dat die oningeligte inwoners van die Kareeberge voor die koms van die sendelinge gereeld op hierdie wyse om die bos gelei is. In 1846 is dit vir die laaste keer nogmaals op die proef gestel toe ene Thiron (Theron) met die medewete en goedkeuring van veldkornet Kregl (Krugel), in die buiteveld van Amandelboom met ‘n “regeringsordonnansie” rondgetrek het. Met groot deklamasie is uit die “ordonnansie” voorgelees, ingevolge waarvan alle Basters wat oor minder as 100 stuks vee beskik het, voortaan verplig was om by blanke boere in diens te tree. Diegene wat geweier het, is na berigte aangerand en met geweld gedwing. Eerwaarde Lutz het al sy moeite gehad om die paniek onder sy liggelowige kudde te temper. Dit het lank geduur om hulle daarvan te oortuig dat dit ‘n deursigtige metode was om hulle vir die soveelste keer om die bos te lei.¹²⁵ Hierdie insident illustreer nietemin hoe belangrik arbeid vir die veeboersektor was en tot watter uiterstes sommige gegaan het om dit te bekom.

Voldoende arbeid was egter nie net belangrik om meer effektief te kon boer nie. Die groot aantal arbeiders was terselfdertyd ook afhanklikes wat vir hul daaglikse voortbestaan afhanklik was van die grootte en suksesvolle reproduksie van die veestapel. In wese het dit daarop neergekom dat ‘n fyn balans gehandhaaf moes word tussen die aantal arbeiders enersyds en die ekonomiese eise wat hulle aan die ander kant aan die onderneming gestel het. Om aan beide die bestaansbehoefes van die produksie-eenheid te voldoen en daarby ook ‘n surplus vir die mark te produseer, was in die Kareeberge dikwels uiters moeilik, soveel te meer nog in 'n gemeenskap wie se stapelvoedsel byna uitsluitlik uit vleis bestaan het.

Reisigers wat die veeboerdistrikte besoek het, het byvoorbeeld telkens stomverbaas gestaan ten aanskoue van watter enorme hoeveelhede vleis daaglik deur so 'n veeboergesin verbruik is. Onder die Basters was dit ook nie anders nie. Brood en groente was skaars omdat onomheinde tuine net in die omgewing van fonteine aangelê kon word waar dit meermale deur die veetroppe wat daaglik ook daar moes drink verwoes is.¹²⁶ Gevolglik het baie inwoners van Amandelboom eerder tydens oestye in die Roggeveld by blanke boere gaan werk waar hulle die uiters gesogte broodkoring in ruil vir hul dienste bekom het.¹²⁷ In sendinggeledere is daar dikwels met smaak, maar terselfdertyd ook met groot suinigheid aan die uiters skaars brood en beskuit gesmul, selfs al was die beskuit soms so hard dat dit met ‘n hamer uitmekaar geslaan moes word. “ ‘n Hamer vorm nou al ‘n noodsaaklike deel van ons eetgerei,” het eerwaarde Lutz by geleentheid berig.¹²⁸ In die reël is daar in die meeste huishoudings feitlik daaglik geslag om in die behoeftes van die groot gesinne en arbeiders te voorsien. Tydens die somermaande moes vleisvoorrade nog vinnig verbruik word omdat dit bykans onmoontlik was om ongesoute vleis in die versengende hitte vir langer as ‘n dag goed te hou. Sout was skaars en duur (12 tot 18 Rds per mud), omdat die naaste

¹²⁴ N. G. Penn, Estienne Barbier: An Eighteenth Century Cape Social Bandit?, in *Social Dynamics*, Vol.14, 1, June 1988.

¹²⁵ VEM, B/C I 23, Beinecke, Tagebuch No II vom 10-8-1846 bis 1-2-1847. Kort na die instelling van verteenwoordigende regering aan die Kaap in 1853 het allerlei wilde gerugte oor die toekomstige status van voormalige slawe en ander gekleurdes weer kortstondig in die Kareebergstreek opgevlam. Volgens gerugte wat in die Hantam versprei is, kon voormalige slawe-eienaars ingevolge die nuwe grondwet weer alle vrygelate slawe vang. Die enigste rede wat verhoed het dat groot getalle voormalige slawe, wat onder die Amandelboombasters gewoon het, nie paniekbevange op die vlug geslaan het nie, was dat dieselfde gerug gelui het dat voormalige slawe-eienaars eers weer die kompensasie wat by die vrystelling aan hulle uitbetaal is, aan koningin Victoria moes terugbetaal alvorens hulle weer op hul toenmalige eiendom beslag kon lê. Sien: VEM, Berichte der RMG, No 3, 1854, “Inspectionreise nach Wupperthal, Amandelboom und Schietfontein von Superintendent Zahn”, pp. 36-41.

¹²⁶ VEM, B/C I 23, Beinecke, Tagebuch No II vom 10-8-1846 bis 1-2-1847.

¹²⁷ *Ibid.*, Tagebuch No III vom 14-8-1848 bis 30-11-1848; *Ibid.*, Beinecke-Herr Inspektor Wallmann, Amandelboom, 21-9-1853; *Ibid.*, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 8,9,10, von J.H. Lutz vom Nov 1845 bis Sept 1847, “Kostenverhältnisse oder Preise verschiedener Güter in den Kareebbergen.”

¹²⁸ VEM B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 8,9,10, von J. H. Lutz vom Nov 1845 bis Sept 1847.

soutpanne twee dagreise ver te perd in die uiters gevaarlike Boesmanland geleë was.¹²⁹ So gevestig was 'n vleisdieet onder die Basters dat eerwaarde Beinecke selfs van 'n man vermeld wie se dieet feitlik net uit vleis bestaan het en wat volstrek geweier het om sy mond aan brood te sit, omdat dit vir hom net soos klei gesmaak het.¹³⁰ Slegs tydens die jagseisoen, wanneer groot troppe trekbokke die gebied besoek het, is die sogenaamde “lewende proviand” van die Basters ietwat gespaar.¹³¹ Fluktuasies in die grootte van 'n individuele boer se veestapel en veral die grootte van sy gesin as arbeidsbron was dus in 'n sekere sin van kardinale belang vir die oorlewing en reproduksie van beide. Sonder dat die Basters dit beseft het, het hulle voorstelle aan die sendelinge juis dit geïmpliseer.

Die onttrekking van 'n groot gedeelte van die tradisionele arbeidsmag in die vorm van vroue en kinders na die sendingstasie ingevolge die voorstelle van die Basters aan die Kommissie van Onderzoek, het 'n kettingreaksie van meesal negatiewe gevolge gehad. In die eerste plek het die permanente vestiging van 'n groot aantal vroue, maar veral kinders op die sendingstasie, 'n ernstige arbeidstekort in die buitewêreld veroorsaak. Dit het op sy beurt 'n ingrypende versteuring in die ekonomiese oorlewing van die nomadiese Bastergemeenskap tot gevolg gehad. Hoewel die negatiewe invloed hiervan nooit werklik so direk in die dagboeke van die sendelinge verwoord is nie en dit selfs ernstig te betwyfel is of hulle hoegenaamd bewus was daarvan, is daar talle voorbeelde in hul geskrifte wat indirek daarop dui dat die ontwinging van die gesin as ekonomiese eenheid tot groot spanning in die Bastergemeenskap as geheel aanleiding gegee het. Hierdie spanning is veral opmerklik, en baie meer intens, in gevalle waar een lid van 'n gesin as bekeerling ten nouste by die sending betrokke geraak het en die res van die gesin nie.¹³²

Een so 'n geval wat selfs in die “Missions Blatt” in Duitsland aangehaal is, is dié van Karolus Opperman. Karolus se bekering kort na die aankoms van die sendelinge en sy daaropvolgende noue betrokkenheid by sendingaktiwiteite het sy vrou, Silla, wat deur eerwaarde Lutz as ietwat van 'n helleveeg beskryf is, glad nie aangestaan nie. Die sendelinge moes dikwels bontstaan om geskille tussen Karolus en sy vrou te besleg. Die meeste onmin in hierdie huishouding het 'n direkte verband gehad met Karolus se noue betrokkenheid by die kerk. “Met Silla is dikwels nie huis te hou nie,” het eerwaarde Lutz geskryf. “Haar man het al vir jare lank sy “lieuwe nood” met haar - of liever gesê sedert hy self 'n nuwe hart gekry het.” Dikwels het nie alleen die sagmoedige Karolus onder die bouse tong van Silla deurgeloopte nie, maar ook selfs die sendelinge.

Terwyl eerwaarde Lutz die ongelukkige situasie in die Opperman-huishouding uitsluitlik toegeskryf het aan die feit dat die wederstrewige Silla haar hart teenoor God verhard het, is dit in dieselfde mate ook waar dat die groot onmin wat in hierdie familie ontstaan het, veroorsaak is deur die ontwinging wat die sendingteenwoordigheid in die lewe van die gesin tot gevolg gehad het. Na sy bekering het Karolus immers voortaan onder sekere verpligtinge teenoor die sendelinge gestaan. Hiervan was gereelde en verpligte kerkbywoning, die vrywillige bydraes tot die onderhoud van die sending en die skoolverpligtinge van hul kinders sekerlik die belangrikste. Al hierdie sendingeise het ingrypende aanpassings in die lewe van die gesin geverg. Baie hiervan moes vir Silla besonder ondraaglik gewees het omdat sy as onbekeerde onder geen verpligting teenoor die kerk gestaan het nie. Die verpligte kerkbywoning het byvoorbeeld geïmpliseer dat die familie gereeld huis en haard in die buitewêreld moes agterlaat om kerkgeleenthede op Amandel-

¹²⁹ Ibid., “Sonntag 16 Nov 1845.”; Tagebuch No 13 von J.H. Lutz vom 15-11-1847 bis 3-12-1849, “Februar”.

¹³⁰ VEM B/C I 23, Beinecke, Tagebuch No II vom 10-8-1846 bis Febr 1847.

¹³¹ Ibid., Tagebuch No 14, Beinecke-Deputation, Amandelboom, ende 1858.

¹³² VEM B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 14 von J. H. Lutz vom 5-12-1849 bis 22-4-1850, Lutz-Herr Insp, Amandelboom, 23-4-1850.

boom by te woon. Dikwels was dit doodgewoon gevaarlik om besittings in die twyfelagtige vertrou van bediendes agter te laat. Die vrees dat die Boesmans op die swak verdedigde plase kon toeslaan sodra daar na Amandelboom getrek is om die kerk by te woon, het altyd onder die Basters geheers. Wat Silla egter die meeste gegrief het, was dat Karolus gereeld, tot nadeel en ongerief van die gesin, hul wa en trekosse gratis ter beskikking van die sendelinge gestel het. Elke keer wat dit gebeur het, het sy in geen onduidelike taal haar misnoë teenoor eerwaarde Lutz laat blyk. Haar reputasie in sendinggeledere as 'n wederstrewige skelkous was enersyds daaraan te wyte dat sy selfs nie teenoor die sendelinge 'n wag voor haar mond geplaas het nie. Aan die ander kant is haar negatiewe beeld ook daaraan te wyte dat die sendelinge heel duidelik nie die ware rede vir haar misnoë begryp het nie. Tot tyd en wyl Silla later, teen alle verwagting in bekeer is, en eerwaarde Lutz met genoegdoening aan die direksie kon rapporteer dat “die leeu aan die lam se voete kom lê het,” het sy nietemin elke ingryp van die sendelinge in hul daaglikse bestaan met alle mag teengestaan.¹³³

Die belangrikste voorbeelde van hoe ontwrigtend die onttrekking van vroue, maar veral kinderarbeid, vir die nomadiese veeboer was, kom in die skoolverslae van eerwaarde Beinecke voor. Male sonder tal het hy in sy dagboek teenoor die direksie gekla dat ouers in die algemeen nie die waarde van die onderwys na behore waardeer het nie.¹³⁴ Volgens hom is skoolkinders vir elke bakatel, selfs vir maande lank, uit die skool onttrek om “doelloos” en “ledig” agter die vee in die veld rond te swerf.¹³⁵ Veral tydens droogtes en gedurende sekere seisoene van die jaar, soos lamtyd, het skoolbywoning tot groot ontsteltenis van die sendelinge dikwels tot met soveel as die helfte afgeneem.¹³⁶ Gedurende die droogte van 1852 het die getal skoolkinders byvoorbeeld tot ‘n kwart van die normale gedaal.¹³⁷ Selfs die katkisasie moes afgestel word, omdat die meeste katkisante weens die droogte etlike dagreise ver weggetrek het. Die enigste katkisante wat nog op Amandelboom oorgebly het, was “afgeleefde ou vrouens met buitengewoon weinig verstand.”¹³⁸

Baie kinders wat volgens Beinecke die skoollewe bo dié in die veld verkies het, is meesal onder dwang van die ouers en dikwels in trane uit die skool gehaal.¹³⁹ Telkens het Beinecke tussenbeide getree om, in sy woorde, die ouers van hul bose weë te laat afsien: “Daar sit nog ‘n vrot kol onder ons mense. Dit ontbreek nog aan die regte insig onder die ouers om te besef dat hulle nog nie veel opoffer vir die welsyn van hulle kinders nie. Aan die ander kant, hang hulle met so ‘n verkeerde liefde aan hulle kinders dat hulle nie van hulle geskei kan word nie en die kinders orals saamgesleep word waarheen hulle ook al trek. Dit is eintlik die rede waarom nie een van ons jongmense oorgehaal kan word om ‘n eerbare vakmanskap by ‘n ordentlike meester te leer nie. Ek versuim dan ook nie om die ouers herhaaldelik daarvan bewus te maak watter verant-

¹³³ Ibid., Tagebuch No 15 von J.H. Lutz vom 21 April bis 3-9-1850, 24 April- “Der Löwe wird zum Lam.”

¹³⁴ VEM, Sechs und Zwanzigster Jahresbericht der Rheinische Missionsgesellschaft vom Sept 1854 bis dahin 1855, pp. 29-31.

¹³⁵ VEM B/C I 23, Beinecke, Beinecke-Herr Insp Wallmann, Amandelboom, 8-6-1855.

¹³⁶ Ibid., Beinecke-Väter, Amandelboom, 11-9-1847; Beinecke-Väter, Amandelboom, 1-5-1851; Beinecke-Deputation, Amandelboom, 12-9-1856, “Schulberichte”; VEM B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 10 von J.H. Lutz vom July 1846 bis 20-1-1847.

¹³⁷ VEM, Berichte, No 5, 8-3-1852; VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 16 von J.H. Lutz vom Sept 1850 bis März 1851, Lutz-Insp Wallmann, Amandelboom, Julie 1851.

¹³⁸ VEM, Berichte, No 25, Dec 1852, pp. 385-393.

¹³⁹ VEM, B/C I 23, Beinecke, Beinecke-Herr Inspector Wallmann, Amandelboom, 21-9-1853.

woordelikheid hulle op hulself neem wanneer hulle die kinders sonder noodsaak uit die skool onttrek - of wat die onderskeid tussen oerplig en liefde is nie.”¹⁴⁰

Hierdie pogings, wat deur die meeste ouers as ongevraagde inmenging beskou is, het dikwels tot groot wrywing en selfs tot ernstige onderonsies tussen die ouers en eerwaarde Beinecke aanleiding gegee. Meesal was sy pogings om kinders in die skool te hou egter vrugtelos. Die standaardantwoord wat hy telkens op sy talle vrae ontvang het, maar nooit wou aanvaar nie, was dat daar tydens sekere tye van die jaar te min arbeid in die buiteveld was en dat die kinders dus onontbeerlik was op die plaas. Moedeloos en gekwets het hy by geleentheid geskryf: “Ek kan nie in woorde uitdruk hoe seer dit my maak om te moet sien hoe ‘n menigte kinders wat Sondae saam met hul ouers kerk toe kom, weer saam met hulle wegtrek nie.”¹⁴¹

Beinecke se onvermoë om die ware rede vir sy skoolontwrigting te snap, was natuurlik daaraan te wyte dat hy nie die dinamiek van ‘n veeboerbestaan verstaan het nie. Slegs by een geleentheid het hy blyke van enige begrip getoon, toe hy die onaanvaarbare handel in Boesmankinders onder die Basters, wat veral tydens droogtetye redelik algemeen plaasgevind het, direk met die arbeids-tekorte in die buiteveld verbind het. Die gesamentlike effek van die hongersnood waarin die Boesmans tydens droogtes verval het en die groot eise ten opsigte van arbeid waaraan veeboere veral tydens hierdie tye onderwerp is, het volgens hom daartoe aanleiding gegee dat baie verhongerde Boesmanouers hul kinders vir een of twee slagskape aan die Basters verkwansel het. “Der Hunger ist ein ernster Mann”, het hy afkeurenswaardig geskryf. Nie alleenlik het hy die gruwelike praktyk veroordeel nie, maar veral sy skok en afgryse uitgespreek oor die feit dat kinders wat op hierdie wyse bekom is, soos skape gemerk is vir latere uitkenning deur die ouers.¹⁴²

Sonder dat eerwaarde Beinecke dit waarskynlik besef het, het die grootskaalse aanwending van Boesmankinders as veewagters onder die Basters ten minste in één belangrike opsig sy skoolaktiwiteite indirek positief beïnvloed. Die groot aantal Boesmankinders wat, hetsy deur menseroof of deur middel van handel bekom is, het indirek meegewerk om die onttrekking van Basterkinders aan die skool teen te werk. Dat hierdie argument moontlik korrek mag wees, blyk daaruit dat feitlik alle veeboere in die Kareeberge deur die bank groot getalle Boesmankinders in diens gehad het, maar dat bloedweinig van hierdie kinders ooit vir skool op Amandelboom aangemeld het. Vir die hele tydperk wat Beinecke as onderwyser op Amandelboom diens gedoen het, word slegs vyf Boesmankinders in sy verslae as leerlinge gelys.¹⁴³ Daarvan was ten minste twee dié wat die sendelinge as sogenaamde krygsgevangenes aangeneem het en wat in hul huishoudings grootgeword het. Selfs toe eerwaarde Beinecke later na Eben Ezer verplaas is, is sy “grootmaak” Boesmankind, Christiaan, van wie hy by sy vertrek met moeite afskeid geneem het, aan ‘n “godvresende” gesin afgegee. Hoewel hierdie familie ongetwyfeld onderneem het om goed te sorg vir die kind, is dit terselfdertyd feitlik ‘n uitgemaakte saak dat Christiaan, na die vertrek van Beinecke, waarskynlik nooit weer die binnekant van ‘n skool gesien het nie.¹⁴⁴

¹⁴⁰ Ibid.

¹⁴¹ Ibid., Tagebuch 14 Augs bis 30 -11-1848.

¹⁴² Ibid., Beinecke-Herr Inspector, Amandelboom, 18-1-1856.

¹⁴³ Ibid.

¹⁴⁴ Ibid., Beinecke-Deputation, Amandelboom, 20-8-1852; Beinecke-Deputation, Amandelboom, “Ende 1858- Abschied von Amandelboom.”

Afgesien van spanning in die gemeenskap, wat gespruit het uit die verbroekeling van die gesin as produksie-eenheid, was 'n tweede belangrike gevolg hiervan dat die sendelinge, weliswaar meesal onwetend, aktief meegewerk het om die ontwrigting van die gemeenskap en die gepaardgaande spanning nog verder aan te wakker. Getrou aan hul roeping het die sendelinge die gemeenskap streng gehou by die beloftes wat hulle teenoor die Kommissie van Onderzoek gemaak het. Daar is selfs maatreëls ingevoer om dit tot 'n mate af te dwing. Vir geen oomblik het hulle enige oorweging daaraan geskenk dat hierdie maatreëls gedeeltelik indirek verantwoordelik kon wees vir baie van die negatiewe insidente in hul eie daaglikse bestaan wat hulle so geredelik aan die sondige natuur van hul kudde toegeskryf het nie. Nog minder het hulle besef dat die beloftes wat die Basters so op die ingewing van die oomblik aan die Kommissie van Onderzoek gemaak het, in baie gevalle die reeds moeilike oorlewingstryd van die gemeenskap dikwels redelik ondraaglik gemaak het. Gevolglik het hulle in alle goeie bedoelinge toenemend eise aan die gemeenskap gestel. Dit het op sy beurt spanning en konflik onderling, asook met die sending as sodanig, verhoog. Dikwels is gevoelens tot breekpunt gedryf.

Eerwaarde Beinecke se onvermoë om die ware redes vir sy gereelde skoolontwrigting te begryp, kan alleenlik teen hierdie agtergrond verstaan word. Insgelyks verklaar dit ook sy optredes wat in die geheel gekenmerk is deur 'n intense frustrasie en wat hoe langer, hoe meer in onverdraagsaamheid ontaard het. Hoe meer die ouers hul nood probeer verduidelik het en elletlange verskonings aangebied het oor waarom hulle kinders uit die skool wou haal, hoe minder bereid was hy om dit te aanvaar en hoe meer druk het hy op hulle geplaas. Soms het sy onbegrip nie by 'n doodgewone vermaning geëindig nie. Dikwels het hy in sy drif selfs heeltemal oorboord gegaan. Wie nie gehoor wou gee aan sy vermanings nie, moes gewoonlik op sy beste deur 'n lang sedepreek sit. Afhangende van sy gemoedstoestand is menige, veral onbekeerdes, met allerlei bestraffing van God gedreig. Toe die onbekeerde Saul Izak se kind byvoorbeeld, na so 'n onderonsie en dreigement van Beinecke, so byna in die buiteveld deur weerlig raakgeslaan is en die kind nog boonop daarna onverklaarbaar siek geword het, het die verdwaasde Saul hom tot groot genoegdoening van die sendelinge gehaas om die kind weer in die skool terug te besorg!¹⁴⁵

So obsessief het die sendelinge geraak met die streng toepassing van die beloftes wat die Basters teenoor die Kommissie van Onderzoek gemaak het, dat maatreëls ingestel is om dit af te dwing wat dikwels aan dwang en selfs in 'n sekere sin aan aggressie gegrens het. Aggressiewe kersteningsmetodes was egter niks vreemd in 19de-eeuse sendinggeleedere nie. Afhangende van die wêreld- en lewensbeskouing van individuele sendelinge en die algemene karakter van die spesifieke genootskap waarvoor hulle gewerk het, was dit 'n redelik algemene aanklag waaraan alle sendelinge op die een of ander stadium, in mindere of meerdere mate, skuldig was. Die uiters streng gedragskodes en sterk outokratiese karakter van die Morawiese, Rynse en Berlynse Sendinggenootskappe het hierdie moontlikhede in die hand gewerk. In Rynse sendinggemeentes was dit byvoorbeeld geen vreemde verskynsel nie dat sommige gemeentelede tydens die eredienste so onder die indruk van Gods toorn gekom het, dat hulle uit pure vrees flou geval het. Sommige het onder die lewendige vermaning van die sendelinge so paniekbevange geraak, dat hulle aan die einde van die diens dikwels eers met allerlei preparate tot verhaal gebring moes word voordat hulle bewend van vrees die kerkgebou kon verlaat. Op Schietfontein het dit gereeld gebeur dat die eredienste ontwig is deur die gesnik en selfs luide geweeklag van sommige kerkgangers.¹⁴⁶ Een spesifieke weduwee het feitlik elke diens wat sy bygewoon het met

¹⁴⁵ Ibid., Tagebuch No II vom 10-8-1846 bis 28-2-1847.

¹⁴⁶ VEM B/C I 19, Lutz, Teil A Bundle 3, Tagebuch No 13 von J.H. Lutz vom 15-11-1847 bis 3-12-1849, "Sonntag auf Schietfontein"; VEM, Berichte, No 3, 1854, pp. 36-41.

haar angsaanvalle ontwrig. Die koster het dikwels al sy dae gehad om haar al gillende tydens die erediens uit die kerk te kry.¹⁴⁷

Die belangrike punt om hier in gedagte te hou, is dat hierdie werkswyse in gemeentes soos dié in die Kareeberge, waar sendingeise reeds op 'n subtile manier ontwrigtend ingewerk het, die gepaardgaande spanning in die gemeenskap net verder aangevuur het. In hierdie streek was dit 'n doodgewone feit dat baie gemeentede vasing was tussen die realiteite van hul daaglikse bestaan en die eise van die kerk. Hierdie twee teenpole was egter nie altyd onderling versoenbaar nie. Wie een van die twee totaal geïgnoreer het, het die gevaar geloop om in 'n sekere sin finansiële geruïneer te word, of om die wraak van 'n "onverbiddelike" God uit te lok.

Dit was veral tydens gevalle van teenspoed soos droogtes of wanneer kompetisie oor weiding met die aanliggende blanke boere gedreig het om die voortbestaan van die Bastergemeenskappe te vernietig, dat die sendelinge dikwels nie die versoeking kon weerstaan om die nood van die gemeenskap uit te buit nie. Dan het hulle dikwels hul invloed op 'n meer aggressiewe wyse laat geld. Sodoende is die onbenydenswaardige lot van die gemeenskap net vererger, eerder as versag. In krisistye was "nood leer bid" 'n gesegde wat die sendelinge, meesal tot eie voordeel, op hul moedelose kudde afgedwing het. Tydens droogtes het eerwaarde Lutz byvoorbeeld afwisselend die ellende waarin sy gemeentede verval het, aangegryp om hulle tot geestelike verdieping aan te por ("wanneer die nood die hoogste is, is God die naaste"); of nog meer die spreekwoordelike "hel se kole op hul koppe uitgekrap" deur hulle daarvan te beskuldig dat hul aardse lotgevalle eintlik 'n bestraffing van God was vir hul sondige natuur. Meesal is sedelike losbandigheid en die drankewel, waarteen hy voortdurend 'n opdraande stryd gevoer het, breedvoerig aangehaal om die punt te staaf.¹⁴⁸ Tydens die droogte van 1852, toe na raming 200 000 skape en bokke alleen in die streek gevrek het en die Amandelboomgemeente in die diepste mismoedigheid verval het, het eerwaarde Lutz byvoorbeeld geskryf: "Die liewe God het dit goed gedink om die Basters se broodmandjie ietwat hoër te hang en ons begryp maar te goed waarom."¹⁴⁹

Hoewel eerwaarde Lutz hom minder geredelik skuldig gemaak het aan aggressiewe kerstening en apokaliptiese dreigemente, is die geskifte van eerwaarde Beinecke deurtrek met voorbeelde van hierdie werkswyse. In sy dagboek is daar talle voorbeelde van hoe hy kinderskulde en die algemene liggelowigheid van die Bastergemeenskap in sy geheel, tot voordeel van die sending uitgebuit het. Die reaksie van Saul Isak op die bliksemstraal bevestig immers dat Beinecke deur 'n blatante bangmaaktegniek baie effektief daarin geslaag het om groot twyfel oor die redes vir 'n doodgewone natuurverskynsel in die gemoed van die man te saai. Nog 'n voorbeeld hiervan was die reaksie van Beinecke toe een van sy leerlinge deur 'n slang gepik is. Die slangbyt het opvallend kort gebeur nadat die dogter haar griffie by die skool verloor het en sy, volgens Beinecke in 'n onbewaakte moment, 'n godslanderlike uitroep geuit het. In haar vrugtelose soektog na die griffie en gedagtig daaraan dat sy as straf vir haar nalatigheid waarskynlik 'n drag slae van Beinecke op die lyf sou loop, het die kind moedeloos uitgeroep dat God haar op enige manier kon straf as sy tog maar net die griffie weer kon vind. Toe sy kort na hierdie uitspraak deur die slang gepik is, het eerwaarde Beinecke die geleentheid aangegryp om, ten aanhoor van die hele skool, aan te toon dat God haar inderdaad gehelp het om die griffie weer te vind, maar haar ook terselfdertyd met 'n slangbyt gestraf het vir die godslanderlike en ondeurdagte uitspraak.

¹⁴⁷ VEM, Neunzehnter Jahresbericht der RMG vom Sept 1847 bis dahin 1848, p.38; Zwanziger Jahresbericht der RMG, No 4, 26-1-1849, pp. 49-63.

¹⁴⁸ VEM, Berichte No 5, 8-3-1852, pp. 67-68; No 17, Sept 1854 bis dahin 1855, "Bilder aus Amandelboom", pp. 29-31

¹⁴⁹ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 16 von J.H. Lutz vom Sept 1850 bis 5-3-1851, Lutz-Inspector Wallmann, Amandelboom, Julie 1851.

Die onmiddellikheid en veral die intensiteit van Goddelike bestraffing wat eerwaarde Beinecke met hierdie insident so sigbaar onder die skoolkinders tuisgebring het, het waarskynlik 'n groot, indien nie vreesaanjaende, indruk gemaak op die ontvanklike en liggelowige gemoedere van sy toehoorders. Ongetwyfeld het dit ook daartoe meegewerk dat 'n redelike aantal van hulle vermoedelik weer vir 'n tydjie op die smalle weg gehou het, soveel te meer nog omdat die ongelukkige leerling se lewe vir etlike dae aan 'n draadjie gehang het. Later het Beinecke uit pure radeloosheid selfs die hulp van die sogenaamde "gifdokter" ingeroep om haar lewe te probeer red.¹⁵⁰

So gebelg was eerwaarde Beinecke oor die voortdurende ontwrigting van sy skoolaktiwiteite en die flou verskonings wat hy altyd daarvoor moes aanhoor, dat 'n belangrike verandering in die doopformulier waarskynlik op sy aandrang aangebring is om sodoende 'n groter houvas op die ouers van sy leerlinge te verkry. Normaalweg het volwasse dopelinge byvoorbeeld tydens die doopplegtigheid in die teenwoordigheid van die gemeente bloot beloof om hul plig teenoor die kerk getrou en nougeset na te kom en 'n vroom en voorbeeldige lewe te lei. Later is daar egter 'n toevoeging tot die doopformulier gemaak wat ouers ook daartoe verbind het om hul kinders ongehinderd skool toe te stuur. Voortaan het Beinecke nie geskroom om gedoopte ouers wat hul kinders uit die skool wou haal aan hierdie belofte teenoor die kerk te hou nie. By een so 'n geleentheid, wat op 'n ernstige onderonsie met die ouers uitgeloop het, is die geredekawel verbatim in die dagboek van Beinecke aangehaal. Uit hierdie relaas blyk dit dat die pa van die kind, ongeag die teenspraak van Beinecke, in elk geval van plan was om sy kind uit die skool te haal. Toe hierdie besef uiteindelik tot eerwaarde Beinecke deurgedring het, het hy blind van woede voor die man gaan staan en hom toegesnou: "Onthou jy nie wat jy vrywillig in die teenwoordigheid van jou vrou voor die alwetende God en teenoor beide jou leraars beloof het nie: dat jy nie sonder uiterste noodsaak jou kinders uit die skool sou neem nie? Nou breek jy jou belofte. Reken jy dat God daarvoor sal swyg?!"¹⁵¹

Die feit dat God volgens Beinecke nooit nagelaat het om so 'n sondaar op die een of ander tasbare manier aan te spreek nie, het 'n grondige vrees ingeboesem onder diegene wat aan die verkeerde kant van die sendelinge beland het. Vir die man teenoor wie Beinecke so uitgevaar het, is hierdie vrese dan ook uiteindelik bewaarheid toe hy binne een maand na die onderonsie feitlik al sy vee verloor het. Byna leedvermakerig het Beinecke aan die direksie berig dat die hardkop-pige man duur betaal het vir sy wederstrewigheid. "Die positiewe sy aan die ongelukkige voorval," skryf hy, "was dat die verhaal van hierdie man hopelik tot 'n heilsame afskrikmiddel onder baie van ons stasiebewoners sal strek."¹⁵²

Vir diegene wat gelukkig genoeg was om so 'n direkte goddelike ingreep vry te spring, was daar egter ewe-eens die wesenlike gevaar om deur die sendelinge self van afvalligheid aangekla te

¹⁵⁰ VEM, B/C 123, Beinecke, Tagebuch No II von 10-8-1846 bis 28-2-1847. Onder die Basters was dit die geloof dat die enigste werklike teengif vir slangbyt, of wanneer iemand deur 'n skerpioen gestek is, sogenaamde "hottentotsweet" was. 'n Alombekende Khoikhoi in die gemeenskap was bekend as die gifdokter. Daar is vas geglo dat sy sweet en urine in gevalle van vergiftiging, wonderbaarlike genesende krag gehad het. Na berigte het die gifdokter oor jare heen gereeld slange gevang en hul gifsakkies gedrink. Dit het hom glo uiteindelik heeltemal immuun gemaak teen die gif. Hy het ook voortdurend 'n groot voorraad gifsakkies, waarvan die geelslang die giftigste was, gedroog en met gereelde tussenposes van die gif ingeneem om sy immuniteit op te bou. Sodra berig ontvang is dat iemand in die gemeenskap deur 'n slang gepik is of deur 'n skerpioen gestek is, het die gifdokter dadelik 'n hele aantal gifsakkies gedrink wat hom in 'n sweet laat uitslaan het. Die sweet is dan met lepels van die vel geskraap en die pasiënt is sorgvuldig daarmee ingesmeer, veral onder die arms en aan die byt- of steekplek self. Voorts moes die ongelukkige slagoffer van die gifdokter se urine drink, wat volgens eerwaarde Beinecke, eintlik die "sekerste en beste" genesmiddel was. Ten slotte is al die klere van die gifdokter, insluitende sy velskoene, uitgekook. Die afteksel wat so verkry is moes ongetwyfeld 'n onsmaklike genesmiddel gewees het, want die gifdokter was daarvoor bekend dat hy nooit gewas het nie en dat sy klere altyd "swart en smerig" daar uitgesien het. 'n Paar slukke van hierdie afteksel het die pasiënt egter normaalweg binne dae weer op die been gekry. Opvallend is dat die andersins streng sendeling in hierdie geval hom tot 'n redelike "heidense" praktyk gewend het.

¹⁵¹ Ibid., Beinecke-Herr Inspector Wallmann, Amandelboom, 8-6-1855.

¹⁵² Ibid.

word en sodoende aan die uiters streng strafmaatreëls van die kerk onderwerp te word. Hiervan was “uitsluiting” die sagste en mees algemene vorm van sensuur. Die Rynse Sendinggenootskap was egter ook daarvoor bekend dat hulle nie geskroom het om afvalliges aan ander uiters streng tugmaatreëls te onderwerp nie, hoewel dit volgens die dagboeke van die Kareebergsendelinge blyk dat uitsluiting op Amandelboom die mees algemene vorm van straf was.¹⁵³ In sommige ander sendinggemeentes soos Wuppertal, is egter strafmaatreëls toegepas wat selfs ‘n sterk Middel-euse kleur gehad het. Vir ‘n tyd lank na die stigting van Wuppertal was die skandpaal ‘n afskrikmiddel wat menige gemeentelid twee keer laat dink het oor hul sondes. Later is hierdie beginsel, weliswaar ietwat afgewater, tot selfs binne die kerk gevoer. In die geval van meer ernstige oortredings moes die skuldige tydens die eredienste, met sy gesig na die gemeente gekeer, staande voor in die kerk sy plek inneem. Hierdie onmenslike maatreël is later versag toe afvalliges tot die minder opvallende, maar ewe vernederende, “sondebank” in die kerk verban is. Wie aan so ‘n straf onderwerp is, is eers van hierdie vernedering verlos wanneer hy na die oordeel van die sendelinge, opregte berou getoon het vir sy sonde en nogmaals in die teenwoordigheid van die gemeente, sy doopbelofte herbevestig het.¹⁵⁴

Afvalligheid was in die oë van die sendelinge ten opsigte van hul gemeente net so ‘n ernstige saak as wat dit in die oë van die direksie ten opsigte van hul sendelinge was. En net soos die direkteure van die Rynse Sendinggenootskap nooit geaarsel het om hul sendelinge by die geringste misdryf swaar te straf nie, het die sendelinge op hulle beurt ook hierdie beginsel na hul gemeentes deurgevoer. Afgesien van die ernstige aard van die strawwe het gedoopte lidmate dus voortdurend gevaar geloop dat afvalligheid, volgens die eng interpretasie van die sendelinge, sinoniem kon wees met so ‘n eenvoudige misstap as om jou kinders teen hul voorskrifte tydelik uit die skool te onttrek.¹⁵⁵ Hieruit volg dat die meeste gemeentelid nie willens en wetens die argwaan van sendelinge uitgelok het nie en dat die onttrekking van kinders aan die skool slegs by hoë uitsondering en uit noodsaak gedoen is. Vir diegene wat die gesag van die sendelinge openlik bevestig het was die moontlike gevolge net te ernstig. Kerklike tugmaatreëls was immers so ontwerp dat dit die bedoeling was om die oortreder ten aanskoue van die hele gemeente te verneder met slegte gevolge vir die aansien van so ‘n persoon in die gemeenskap as geheel. Wanneer ‘n gemeentelid hom skuldig gemaak het aan die een of ander oortreding wat “uitsluiting” regverdig het, het eerwaarde Lutz dan ook nooit geaarsel om die besluit en die redes daarvoor, aan die groot klok te hang nie. Toe ses gemeentelid byvoorbeeld tydens die bou van die kerk in 1856 uitgesluit is omdat hulle teenoor die sendelinge gelaster het en hulle hulle nog boonop aan hoereerdery skuldig gemaak het, het eerwaarde Lutz in geen onsekere taal tydens ‘n erediens dit duidelik gemaak dat ses “onbruikbare stene” uit die kerkgebou gekap moes word. Terselfdertyd het hy die versugting teenoor die res van die gemeente uitgespreek dat hulle deur God se genade hopelik goeie stene sou bly. Kerklike tugmaatreëls was dus ‘n openbare aangeleentheid wat as afskrikmidde meesal die gewenste gesag ingeboesem het.¹⁵⁶

Dit was selfs moontlik dat, in gevalle waar ‘n afvallige in die oë van die hele gemeenskap suksesvol gediskrediteer is, die negatiewe gevolge daarvan veel wyer as net die kerk kon uitkring. Toegang tot water en weiding in die buiteveld is per slot van rekening grootliks beheer deur die

¹⁵³ VEM, Berichte, No 3, 1854, pp. 371-372.; VEM B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 15 von J.H. Lutz vom 21 Apr bis 3-9-1850, Lutz-Deputation, Amandelboom, 1851; Ibid., Tagebuch No 26 von J.H. Lutz vom Sept 1850 bis 5-3-1851, "October 1850."

¹⁵⁴ VEM, C/e1b - C/e Fnr 07/69 Kat.2.404, Zur Geschichte der Mission in Süd-Afrika, Tabellen, Referate, Broschuren, "(c) Wuppertal feiert sein 125 Jähriges Jubiläum", p. 4; VEM, Berichte, 20-9-1852, p. 20.

¹⁵⁵ Vir ‘n lys van oortredings wat uitsluiting tot gevolg gehad het sien: VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 16 von J.H. Lutz vom Sept 1850 bis 5-3-1851, "Gemeindeglieder, von diesem müssten ausgeschlossen werden."

¹⁵⁶ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 26 von J.H. Lutz vom 30-11-1856 bis 30-9-1857, "Ausschliessung von 6 Gemeindeglieder."

gesamentlike mag van die gesiene sektor van die samelewing wat stewig in die greep van die sendelinge was. Wie om watter rede ook al in algemene onguns verval het, het altyd die gevaar geloop om homself die wraak van gemeenskapsverwerping op die hals te haal. In die praktyk het dit beteken dat sodanige persoon maklik van toegang tot belangrike oorlewingsmiddele weerhou kon word.

Die streng kerklike tugmaatreëls raak ook des te meer ernstig en selfs wreed as gelet word op hoe nougeset die sendelinge dit toegepas het. Erger nog as veral in gedagte gehou word watter sektor van die samelewing die grootste kans gestaan het om aan hierdie maatreëls onderwerp te word. Breedweg gesien, het die toegewings wat die gemeenskap moes maak om by die sending aan te pas uiteraard daarop neergekom dat vroue en kinders in die algemeen meer blootgestel was aan die streng invloed van die sendelinge as mans. Gevolglik het die sendelinge aanvanklik daarin geslaag om heelwat meer vroue en kinders as mans te bekeer.¹⁵⁷ Hierdie eenvoudige feit het in die Amandelboomgemeente ernstige implikasies gehad.

Gegewe die sterk patriargale karakter van die Bastergemeenskap, waarin vroue en sekerlik kinders nie gereken is nie, asook die streng kerkdisipline en strafmaatreëls waaraan gedoopte lidmate aan die ander kant onderwerp is, volg dit as vanselfsprekend dat vroue en kinders as't ware genoodsaak was om sendingeise na die manlike sektor van die gemeenskap uit te dra. Baie van hierdie kerkinvloede het egter lynreg gebots het met die heersende patriargale beginsels van die tyd.¹⁵⁸ Eerwaarde Lutz het selfs by geleentheid in die verbygaan opgemerk dat sommige mans tog wel moeite gehad het met die veranderinge wat hulle in die gedrag van hul vrouens bemark het.¹⁵⁹ Vir baie mans moes dit inderdaad 'n vreemde ervaring gewees het om ewe skielik deur hul eens gediensige eggenotes met allerlei vreemde eise gekonfronteer te word. Net so onaanvaarbaar moes dit vir baie mans gewees het, wat normaalweg in die wandel deur niks of niemand voorgeskryf kon word nie, om deur 'n onmondige kind oor sy sieletoestand aangespreek te word.¹⁶⁰ Soveel te meer nog wanneer teenspoed soos siekte, droogtes of veevrektes deur 'n niksnuits kind verklaar is aan die hand van die talle bangmaakstories waarmee eerwaarde Beinecke soms sy leerlinge huis toe gestuur het.

As die dagboeke van die sendelinge in sy geheel bestudeer word, is dit duidelik dat die sendelinge mettertyd byna uitsluitlik hul kersteningsideale op vroue, en veral kinders, gefokus het. Soveel sukses is op hierdie gebied behaal dat eerwaarde Lutz selfs sendingegpare en gedooptes in die gemeente aangemoedig het om groot gesinne te hê: "Dit verbly my wanneer "heilige mense" baie kinders kry. Hulle "kindersug" dien almal tot voorbeeld. In Afrika is dit in hierdie opsig nie sleg daaraan toe nie."¹⁶¹

Veral eerwaarde Beinecke was uitgesproke van mening dat dit die aangewese strategie was om uiteindelik na die breër gemeenskap deur te breek. By twee geleenthede het hy selfs hierdie argument baie subtiel aangewend om die direksie indirek ietwat aan te por om sy troubegeerte

¹⁵⁷ VEM, Berichte No 3, 1854, pp. 371-382; VEM B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 8 von J.H. Lutz vom 20-11-1845 bis 16-4-1846, "27 März 1846."

¹⁵⁸ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 19 von J.H. Lutz vom Sept 1853 bis April 1854, "Das gesegnete Krankenbett."

¹⁵⁹ Ibid., Tagebuch No 8 von J.H. Lutz vom 20-11-1845 bis 16-4-1846, "10 März."

¹⁶⁰ VEM, Berichte No 17, 1855, pp. 29-31, "Bilder aus Amandelboom."

¹⁶¹ VEM, B/C I 19, Lutz -Herr Inspektor, Capstadt, 20-12-1848.

vroeër te laat realiseer.¹⁶² In Duitsland, het hy aan die Väter geskryf, is nie maklik ‘n getroude onderwyser aangeneem nie, al was die vrou ook hoe bekwaam om met handwerkklasse behulpsaam te wees. Die rede was natuurlik dat daar soveel ander moontlikhede was om hierdie ideaal te verwesenlik. In Afrika was dit egter heeltemal anders, omdat hier minder of geen geleentheid was om in huisvlyt onderrig te word nie. Juis daarom, het hy subtiel laat val, kon ‘n vroom en hardwerkende sendelingeggenote met handwerkklasse beide die huisvlyt onder die vroue bevorder en terselfdertyd ‘n belangrike rol speel om die sendingboodskap ook te help uitdra.¹⁶³

Beinecke se argument, wat op die oog af heel logies voorkom, is egter nie sonder meer deur die direksie aanvaar nie. Sy aanhoudende gehamer daarop oor hoe belangrik vroue in die samelewing was en veral die feit dat dit feitlik net vroue was wat van sy mediese dienste gebruik gemaak het, het duidelik die wenkbroue onder die preutse direksielede in Duitsland laat lig. Te oordeel aan die reaksie van die direksie, blyk dit dat sy ware motiewe openlik bevraagteken is en dat hy selfs heimlik as ietwat van ‘n rokjagter beskou is. Tot sy skok en verbasing is sy edele motiewe by geleentheid openlik in twyfel getrek toe hy prontuit van “troulustigheid” beskuldig is. Terselfdertyd is sy mediese bedrywighede later as ‘n onaanvaarbare geldmakery afgekeur. Gekwets het Beinecke laat weet dat as hy so hoognodig wou trou, hy tog sekerlik in Duitsland sou gebly het. Daar was die geleentheid om ‘n vrou te kry immers veel beter. In elk geval het hy alreeds voor sy vertrek uit Duitsland hom aan Henriette Kannegiesser verloof. Voorts het hy bygevoeg dat die rede waarom so min mans van sy mediese dienste gebruik gemaak het doodeenvoudig daaraan toegeskryf kon word dat mans nie so gereeld siek geword het nie. Daarbenewens het sy homeopatiese medisyne in elk geval nie geakkordeer het met die algemene pruimgewoonte onder mans nie.¹⁶⁴

Uiteindelik blyk dit dat al eerwaarde Beinecke se argumente tog vrugte afgewerp het. Afgesien daarvan dat sy bruid na hom gestuur sou word, was die direksie ook uiteindelik daarvan oortuig dat sy mediese bedrywighede tog ‘n heilsame uitwerking op die Amandelboomgemeente gehad het. Daarvan het die talle suksesverhale van “wonderbaarlike” genesing en gepaardgaande bekerings getuig. Eerwaarde Lutz se verslae aan die direksie, waarin hy dikwels met geesdrif vertel het van die heilsame uitwerking wat Beinecke se trommels medisyne op geestelike gebied gehad het, het ongetwyfeld ook meegewerk om die direksie meer toegeneë tot eerwaarde Beinecke te stem.¹⁶⁵ Die deurslag in hierdie verband het waarskynlik gekom toe Beinecke suksesvol aangevoer het dat selfs die aanliggende blanke boere, wat die sending nog altyd redelik vyandiggesind was en hulle sekerlik nie van die sendelinge laat voorsê het nie, ook gereeld by sy deur om hulp aangeklop het. Dit het volgens hom die ideale geleentheid geskep om die negatiewe gesindheid onder hul blanke bure meer positief te beïnvloed - ‘n argument wat eerwaarde Zahn na sy inspeksie van die Kareeberge beaam het.¹⁶⁶ Die “wonderwerke” wat hy gereeld onder reddelose siek blanke vroue vermag het, het byvoorbeeld nie alleen sy pasiënte twee keer laat nadink oor hulle sieletoestand nie, maar op sy beurt ook positief ingewerk op hul andersins wederstrewige eggenotes. By geleentheid het so ‘n blanke boer, wat sy siek vrou na Beinecke

¹⁶² VEM, B/C 123, Beinecke, Tagebuch vom 14 Aug bis 30 Nov 1848.

¹⁶³ Ibid., Beinecke-Herr Inspector, Amandelboom, 26-7-1846.

¹⁶⁴ Ibid., Beinecke-Herr Inspector, Amandelboom, 26-7-1846; 23-10-1851.

¹⁶⁵ VEM, B/C 119, Lutz, Tagebuch No 17 von J.H. Lutz vom 20-3-1851 bis 22-2-1852, Lutz-Inspector Wallman, Amandelboom, 30-6-1852; Lutz-Deputation, Amandelboom, 27-9-1852.

¹⁶⁶ VEM, Berichte No 3, 1854, pp. 36-41; VEM, B/C 123, Beinecke-Väter, Amandelboom, 13-5-1850; Beinecke- Herr Inspector, Amandelboom, 19-3-1852.

vergesel het, op uitnodiging van die sendelinge om die erediens by te woon die uitnodiging ongeërg van die hand gewys. Die uitgesproke man het prontuit gesê dat hy nie sy voet in 'n Hottentotkerk sou sit nie. Beinecke se vraag wat hy tog sou doen as hy eendag 'n klompie Hottentotte in die hemel sou teëkom, het die eerste saadjie van positiewe vertwyfeling in die gemoed van die man gesaai. Toe sy vrou na die besoek by Beinecke, teen alle verwagting in wonderbaarlik en volkome herstel het, het die gesin tot "inkeer" gekom en daarna selfs gereelde kerkgangers op Amandelboom geword.¹⁶⁷

Die fokus wat die Kareebergsendelinge op vroue en kinders geplaas het as 'n middel tot 'n doel was 'n werkswyse wat nie uniek was aan die Rynse Sendinggenootskap nie. Inteendeel, dit was trouens 'n algemene kenmerk van feitlik alle 19de-eeuse sendelinge. Juis daarom beweer diegene wat dikwels krities staan teenoor sendingwerk as sodanig, dat sendinginvloed in baie gemeenskappe nooit veel wyer gestrek het as die vroue van die samelewing nie. Andere gaan selfs verder en voer aan dat sendinginvloed in die reël so gering was dat dit meesal net van toepassing was op die uitgeworpenes en verstoteling van die samelewing, wat in elk geval geen ander heenkome gehad het nie.

Die belangrike aspek om egter hier in gedagte te hou, is dat die voorafgaande argumente van sendingkritici moontlik in die geval van ander sendinginisiatiewe toepaslik mag wees. Dit was egter beslis nie die geval in die Kareeberge nie. Die oordrewe fokus van die Kareebergsendelinge op vroue en kinders was nie alleen 'n uitstaande kenmerk van hul bedrywigheide in die streek wat direk voortgevloei het uit die voorstelle van die Kommissie van Ondersoek nie, maar in teenstelling met ander streke, het dit in die Kareeberge 'n uiters belangrike impak op die sosiale orde van die hele gemeenskap gehad. Uit die geskrifte van die sendelinge is daar tientalle bewyse dat hierdie werkswyse swaar geweeg het op die minder invloedryke sektor van 'n sterk patriargale gemeenskap. Voorts is dit ook duidelik dat dit, direk of indirek, daartoe bygedra het om spanning in die gemeenskap aan te wakker.¹⁶⁸ Vanuit die perspektief van die sendelinge was hierdie strategie egter uiters effektief. Die oorwegend manlike sektor in die buiteveld, wat nie altyd so direk onder die oë van die sendelinge gestaan het nie, is op hierdie wyse uiteindelik ook grootliks suksesvol onder die invloed van die kerk gebring. In welke mate hierdie werkswyse 'n deursigtige en doelbewuste poging van die sendelinge was om die patriargale karakter van die streek te deurbreek, is egter debatbaar. Dit is bykans onmoontlik om hierdie moontlike aanklag teen die sendelinge bo alle redelike twyfel aan die hand van afleidings uit hul dagboeke te bewys.

Wat egter onomstootlik bly staan, is dat sendinginvloede in die Kareeberge soms noodwendige en onafwendbare negatiewe gevolge vir die gemeenskap as geheel gehad het. Hierdie aanklag is 'n belangrike klad teen die andersins goeie bedoelinge van die sendelinge. Dit is egter iets wat in sy korrekte perspektief gesien moet word. Baie van die voorafgaande beskuldigings kan ten dele verklaar en toegeskryf word aan die algemene karakter van 19de-eeuse sendingopvattinge as sodanig. As geestelike revolusionêres, wat in die meeste gevalle nog aan 'n ernstige graad van tonnelvisie gelei het, was feitlik alle sendelinge van die tyd per definisie teokraties ingestel op voorskriftelike verandering in die lewe van die individu. Hierdie denkrigting het volgens die beskouing van die sendelinge ook altyd 'n noodwendige verbetering beteken. Slegs by hoë uitsondering is daar stilgestaan by watter ander moontlike gevolge 'n bekeerling in hierdie proses ook aan onderwerp kon word.

¹⁶⁷ VEM, B/C I 23, Beinecke-Herr Inspektor, Amandelboom, 23-10-1851; 20-8-1852. Vir 'n ietwat ander vertolking van hierdie insident sien: VEM, Berichte, No 3, 1854, "Inspektionsreise nach Wupperthal, Amandelboom und Schiefontein von Superintendent Zahn", pp. 36-41.

¹⁶⁸ VEM, B/C I 23, Beinecke-Deputation, Amandelboom Schulberichte, 12 Sept 1856; VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 16 von J. H. Lutz vom Sept 1850 bis 5-3-1851.

Selfs toe die Amandelboomsendinge bewus geraak het van die negatiewe gevolge wat die sending op byvoorbeeld vroue en kinders van die gemeente gehad het, het hulle nie sonder meer van die werkswyse afgestap nie. In reaksie hierop is bloot sekere aanpassings gemaak om die gebruiklike verskonings te omseil en waarby die gemeente noodgedwonge moes inval. Baie inwoners het byvoorbeeld gekla dat hulle nie sonder beide hulle vrouens en kinders in die buiteveld kon klaarkom nie, of dat hulle nie kort-kort na Amandelboom kon trek om kos af te lewer nie. Ten opsigte van die eerste het die sendinge later 'n tipe kosskool vir kinders ontwikkel. Aan die een kant het dit 'n groot aantal vroue minder permanent aan die stasie gebind. Terselfdertyd sou dit voortaan nog moeiliker wees om 'n aanvaarbare rede vir die onttrekking van kinders aan die skool te vind. Vir die onderhoud van die kinders op kosskool is 'n gemeenskaplike kraal ontwikkel waar elke ouers gereeld slagvee kon lewer. Hieruit het die welbekende dorpskraal ontwikkel wat tot diep in die 20ste eeu steeds op Williston in gebruik was.¹⁶⁹

Selfs die oënskynlike beheptheid onder die Kareebergse sendinge met statistieke omtrent skool- en kerkbywoning, asook die aantal mense wat suksesvol gekersten en uiteindelik gedoop is, moet omsigtig hanteer word. So gerig was die sendinge op sigbare welslae, dat 'n mens soms die indruk kry dat die eintlike doel van al die skool- en doopstatistieke daarop gemik was om die direkteure in Duitsland te beïndruk. Dat selfs die direkteure hierdie moontlikheid voorsien het, blyk daaruit dat hulle by herhaling die sendinge gemaak het om nie te oorhaastig en te kwistig met die doop om te gaan nie.¹⁷⁰ By geleentheid is eerwaarde Lutz byvoorbeeld direk oor sy "drang om te doop" aangespreek.¹⁷¹ Aan die ander kant was dit egter ook die enigste maatstaf waaraan individuele sendinge hul eie sukses kon meet. Terselfdertyd was dit ook 'n belangrike bron van inspirasie waaruit hulle kon put vir hul andersins moeilike lewenstaak. Terselfdertyd was dit, op die keper beskou, ook die enigste werklike maatstaf waarvolgens die Amandelboomsendinge in Duitsland deur die veeleisende en streng Väter van die genootskap beoordeel kon word. Die goeie guns van die direksie, die aansien van individuele sendinge en les bes die befondsing van die stasie, het immers tot 'n groot mate afgehang van die suksesverhale wat in Duitsland gerapporteer kon word. Teen hierdie agtergrond is dit dus niks buitengewoon dat individuele sendinge, soos byvoorbeeld eerwaarde Beinecke, soms so obsessief geraak het met hul doelstellings dat baie van hul kersteningsmetodes dikwels aan 'n sekere mate van domastrantheid en selfs aggressie gegrens het nie. Belangriker nog is dat die beloftes wat die Basters teenoor die Kommissie van Ondersoek gemaak het, inderwaarheid die hele proses in die hand gewerk het en die klimaat geskep het waarbinne dit kon gedy.

Hoe prysenswaardig die werk van die Rynse sendinge in die Kareeberge ook al mag gewees het, is dit 'n doodgewone feit dat hulle in die lewens van 'n grensgemeenskap, wie se probleme baie meer ingewikkelde oplossings geveer het as dit wat die sendinge kon bied, betrokke geraak het. Van beroep uit, en dikwels uit onkunde, het die sendinge grotendeels op 'n vlak geopereer wat nie heeltemal sonder meriete was nie, maar wat die werklike probleme van die oorgrote meerderheid van die inwoners van die Kareebestreek bloot met 'n mate van godsdienstige waardigheid en aanvaarding kon beklee. Die realiteite van die Kareeberge het veel dieper gelê as wat die Kommissie van Ondersoek en selfs die latere sendinge self besef het, of waaraan hulle

¹⁶⁹ VEM, B/C 119, Lutz, Tagebuch No 15 von J. H. Lutz vom 21 April bis 3-9-1850; VEM, Berichte No 17 von Sept 1854 bis dahin 1855, "Bilder aus Amandelboom: Das Kraalgesetz", pp. 29-31.

¹⁷⁰ Ibid., Tagebuch No 12 von J.H. Lutz vom 17-7-1847 bis 11-11-1847, Lutz-Deputation, Amandelboom, 11-10-1847, "Warnung vor zu raschen Taufen beherzigt"; VEM, A/c 8, Lit C, Copier Buch, 1843-1847, Deputation-Lutz, Elberfeld/Barmen, 8-2-1847.

¹⁷¹ VEM, A/c 9, Lit D, Copier Buch, 1848-1856, Deputation-Lutz, Elberfeld/Barmen, 15-12-1847.

op die keper beskou, enige noemenswaardige verskil kon maak. Vanuit die perspektief van die sendelinge was die meeste nypende probleme van die streek Godgegewe. Dit kon deur middel van 'n meer geestelike aanslag oorkom word of andersins, ten minste meer draaglik gemaak word. Wat die Rynse Sendinggenootskap om verstaanbare redes nie begryp het nie, was dat hulle in die Kareeberge betrokke geraak het by 'n gemeenskap wie se lotgevalle grootliks deur 'n spesifieke omgewing en grenssituasie geskep en in stand gehou is. As die Kommissie van Onderzoek nie so onkundig was omtrent die aard van die streek en sy lang, ingewikkelde voorgeskiedenis nie en soos hul Britse eweknie meer op 'n "politieke vlak" opereer het, sou die betrokkenheid van die Rynse Sendinggenootskap in die Kareeberge waarskynlik met groter sukses bekroon gewees het. Die misplaaste idees van die genootskap oor hoe 'n tipiese sendingstasie in die Kareeberge daar moes uitsien, tesame met 'n uiters naïewe opvatting dat die Britse regering hulle ten alle koste sou ondersteun, het die Kareebergsending vanuit die staanspoor gedoem. Die sukses van die Kareeberg-sendinginisiatief het immers gestaan en uiteindelik geval, nie by die onvermoë van die sendelinge om hul boodskap oor te dra nie, of die onverskilligheid van die Bastergemeenskap teenoor die kerk nie, maar by dit wat by geleentheid so treffend as die politiek van die watergat beskryf is.

HOOFSTUK 3

DIE KAREEBERGBASTERS: PROSESSE IN DIE ONTSTAAN VAN 'N GRENSGEMEENSKAP.

As eerwaarde Lutz en Beinecke met hul aankoms op Amandelboom gedink het dat hul moeilikste taak die vestiging van die evangelie in die Kareeberge sou wees, dan het daar 'n aangename verrassing op hulle gewag. Afgesien van die Schietfontein-Xhosa, onder wie sendingwerk eers in 1847 begin is en vir wie die volksvreemde Christelike leerstelling dikwels minder aanvaarbaar was, het die Rynse sendinginisiatiewe onder die Bastergemeenskap op Amandelboom vanuit die staanspoor geredelik ingang gevind. Van meet af aan het die sendinginvloed soos 'n veldbrand versprei en vir ten minste die eerste aantal jare gedy.

Die aanvanklike geestelike suksesse het egter belangrike realiteite omtrent die Kareeberge as sendingveld, en veral die sosio-ekonomiese en politieke situasie van die Bastergemeenskap in die algemeen, as't ware gemaskeer. Die Kareeberg-sendinginisiatief is byvoorbeeld vanuit die staanspoor gekortwiek deur faktore wat grootliks weens onkunde van die sendelinge, hul konserwatiewe agtergrond en eensydige opleiding, aanvanklik as onbenullige praktiese probleme afgeskryf is. Vir die Kareebargsendelinge, met hul oordrewe fokus op die geestelike, was die meeste probleme wat hulle aanvanklik ondervind het dus bloot tydelike en aardse struikelblokke. Met die regte geestesingesteldheid kon dit grootliks te bowe gekom word. Dit wat buite die direkte verwysingsraamwerk van die sending geval het, was onbelangrik. Andersyds was dit dinge waarmee die opregte Christen hom nie mee bemoei het nie.

In werklikheid het ten minste een van hierdie probleme 'n wesenlike gevaar vir die hele sendinginisiatief in die Kareeberge ingehou. Die toenemende konflik oor grond tussen die Kareebargsbasters en hulle blanke bure in die aanliggende distrikte, was 'n politieke probleem met 'n lang historiese aanloop. Enersyds het die politiek, soos in hoofstuk een uiteengesit is, buite die verwysingsraamwerk van die Rynse sendelinge geval. Aan die ander kant het die ingewikkelde grondkwessie van die streek egter die kiem in hom gedra om die hele sendingbetrokkenheid in die streek uiteindelik tot 'n val te bring. Daarom was dit spoedig na hul vestiging op Amandelboom selfs vir die wêreldvreemde Kareebargsendelinge onmoontlik om die dringende grondkwessies in die Kareeberge te ignoreer. Feit bly dat die Kareebargsendelinge swak voorbereid was op politieke probleme. Afgesien daarvan dat hulle nie graag daarby betrokke wou raak nie, was hulle van huis uit ook nie onderleg in die vaardighede om dit te hanteer nie.

Erger nog was dat die Kareebargsendelinge geen benul gehad het van hoe die sosiale en politieke status wat hul kudde ten tye van hul vestiging op Amandelboom in die aangrensende blanke gemeenskap geniet het, ontwikkel het nie. Dit was 'n baie meer komplekse proses as wat die sendelinge ooit sou kon dink. Oor die jare heen het die Basters se status in blanke geleedere kort-kort gefluktueer van bondgenote in die stryd teen die Boesmans tot geswore vyande en weer terug. Daarbenewens het die lotgevalle van die Basters, wat tot die eerste dekades van die 19de eeu teruggevoer kon word, ook steeds hul daaglikse lewe as verstote gemeenskap buite die grens op 'n wyse beïnvloed wat die sendelinge moeilik kon snap. In hierdie hoofstuk word aangevoer dat omgewingsfaktore en die uiters ingewikkelde voorgeskiedenis van die Kareebargsreek die belangrikste determinante was in die bepaling van die sosio-ekonomiese en politieke status van die Kareebargsbasters. Ten opsigte van die laaste sal kortliks gelet word op die ambivalente posisie van die Basters in die koloniale gemeenskap. In besonder sal die redes ondersoek word waarom hulle beurtelings as bondgenote of vyande van die blanke gemeenskap beskou is en waarom hulle

uiteindelik oor die grense van die kolonie gedruk is. Hierdie skeidingsproses tussen die Basters en hul blanke bure was 'n belangrike ontwikkelingsgang in die geskiedenis van die Kareebergbasters. In hierdie hoofstuk sal voorts aangevoer word dat die lotgevalle van die Bastergemeenskap ook nou verwant was aan omgewingsfaktore. In hierdie verband word daar spesifiek stilgestaan by faktore soos droogtes en die impak daarvan op Boesmanweerstand en plaasverdringing in blanke geleedere - beide faktore wat 'n enorme impak op die Kareebergbasters gehad het.

3.1 Eerste kennismaking van die Amandelboomsendinge met die politieke faktore in die Kareebergstreek

In die waardebeplanning van die Kareeborgsending is dit belangrik om 'n onderskeid te tref tussen dit waaroor die sendinge enersyds beheer gehad het en die wyse waarop hulle dit hanteer het, en andersyds, dit waaroor hulle geen beheer gehad het nie. Die mees opvallende probleem ten opsigte van eersgenoemde waarmee die sendinge van meet af aan geworstel het, was byvoorbeeld die nomadiese karakter van die Kareeborggemeenskappe. Soos in die voorafgaande hoofstuk uiteengesit is, was hierdie aspek vanuit 'n sendingperspektief 'n baie belangrike faktor. In die eerste plek het die voortdurende rondtrekkery van die Basters die mees basiese doelstelling van die sendinge bemoeilik. Andersyds was dit van nog groter belang omdat die sendinge ter plaatse, net soos die direksie in Duitsland, heel duidelik geen begrip gehad het van die noodsaaklikheid en dinamiek van dié bepaalde lewenswyse in daardie spesifieke omgewing nie. Gevolglik het hulle eie onkunde dikwels hul andersins moeilike taak steeds meer gekompliseer. Op die keper beskou, was hierdie aspek egter nie so allesoorheersend dat dit die werksaamhede van die Rynse Sendinggenootskap as sodanig kon verongeluk nie. Al wat moes gebeur, was dat die sendinge by die lewenswyse van hul kudde moes aanpas - 'n proses wat ten dele mettertyd wel gebeur het veral toe pogings om die nomadiese neigings van die Kareeborgmense aan bande te lê, grootliks misluk het.¹

In teenstelling met die nomadiese leefwyse, waaroor die sendinge beheer gehad het in die sin dat hulle daarby kon aanpas, was die grondkwessie met hul aankoms op Amandelboom egter 'n uiters belangrike faktor in die streek wat om verskeie redes buite die beheer van die sendinge geval het. Die toenemende grondkwessie, wat kort na die aankoms van die sendinge op Amandelboom sterk op die voorgrond getree het, was sekerlik die enkel belangrikste faktor waarvan die sukses van die Kareeborgsending uiteindelik sou afhang. In teenstelling met ander kwessies rakende die Kareeborgstreek waarvan die sendinge nie altyd bewus was nie, of nie die volle omvang daarvan begryp het nie, was die Rynse Sendinggenootskap vanuit die staanspoor bewus daarvan dat daar 'n ingewikkelde verhouding tussen die gekleurde inwoners van die Kareeborge en hul blanke bure bestaan het. Dit blyk egter dat die Kommissie van Onderzoek die indruk geskep het dat dit net 'n kwessie van tyd was voordat die Britse regering hul onderdane sou verhoed om die gekleurde gemeenskappe buite die grense verder lastig te val. Hierdie aanname van die sendinge was nie heeltemal onredelik nie. Die Rynse Sendinggenootskap het immers groot ondersteuning van die Britse owerheid vir hul sendinginisiatiewe verkry. Dit was dus geen onredelike verwagting dat die owerhede alles in hul vermoë sou doen om die Kareeborggemeente teen hul oorwegend blanke onderdane in die digbevolkte aangrensende distrikte te beskerm nie.²

¹ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 15 von J.H. Lutz vom 12-4-1850 bis 3-9-1850.

² VEM, B/C I 23, Beinecke, Band 1, 1845-1853, Beinecke-Herr Inspector, 15-2-1845; VEM, A/c 8, Lit C, Copier Buch, 1843-1847, Deputation-Maitland, Elberfeld/Barmen, 16-8-1844; Deputation-Stellenbosch und Wupperthal Spezial Konferenz, Barmen, 21-6-1847; Deputation-Lutz, Elberfeld/Barmen, 1-8-1844; 15-6-1845.

Nie almal was egter daarvan oortuig dat die Britse regering hulle outomaties oor die belange van die Basters sou bekommer nie. Toe eerwaarde Lutz kort na die besoek van die Kommissie van Onderzoek aan die Kareeberge in 1843 aangesê is om saam met Beinecke die Rynse sending-inisiatief in die streek van die grond af te kry, het die status van sy voorgename kudde, as 'n buite-grensgemeenskap met geen vaste waarborg oor hul grondbesetting, allerlei bedenkinge by hom oor die wenslikheid van die hele onderneming laat posvat.³ Dit blyk dat hy van mening was dat die Rynse Sendinggenootskap eers grond vir die oprigting van die stasie moes bekom voordat enige onkoste met die oprigting van die geboue self aangegaan moes word. Alternatiewelik was hy van mening dat ten minste eers definitiewe waarborge in dié verband van die Britse regering verkry moes word. As hierdie belangrike voorvereiste nie bereik kon word nie, was daar volgens hom die wesenlike gevaar dat die Basters in die toekoms, soos soveel kere in die verlede, nogmaals weens blanke verdringing vanuit die naburige distrikte uit die gebied verdryf kon word. Dit sou uiteraard op sy beurt die sendingstasie vernietig en sodoende al die harde werk en onkoste aan die onderneming ongedaan maak. Daarom was dit volgens hom veel beter om, weliswaar teen die aanbevelings van die Kommissie van Onderzoek in, eerder onder die Xhosa op Schietfontein te vestig. Ten opsigte van hulle grondgebied was hulle meer bestendig, want alreeds in 1830 het Sir Lowry Cole grond aan hierdie groep toegeken.⁴

Afgesien daarvan dat eerwaarde Lutz se kritiek op die voorgename Kareebergensing tot allerlei misverstande met sy kollegas aanleiding gegee het, is sy idees oor die werkbaarheid van die onderneming sonder dat enige sekerheid oor grondbesetting vooraf verkry is, nie juis in Duitsland deur die direksie van die Rynse Sendinggenootskap gewaardeer nie. So behop was die uiters streng Väter met die aanbevelings van die Kommissie van Onderzoek, dat hulle sy goedbedoelde kritiek ten onregte as gehoorsaamheidsweiering vertolk het. Gevolglik het hulle hom met ontslag gedreig indien hy verder sou weier om hul instruksies ten uitvoer te bring.⁵ Agterna gesien, was eerwaarde Lutz egter die enigste wat versienende genoeg was om te besef dat die onsekere grondokkupasie van die Bastergemeenskap en tot 'n mindere mate ook dié van die Xhosagemeenskappe in die Kareeberge, die belangrikste faktor in die ondergang van die sendingideaal in die streek kon wees. Sy kort ondervinding van sendingkwessies aan die Kaap het waarskynlik alreeds 'n geregverdigde twyfel oor die betroubaarheid van die Britse regering en hul grondbeleid by hom laat posvat. Op feitlik al die sendingstasies aan die buitewyke van die kolonie was grondkwessies immers op een of ander stadium 'n belangrike twispunt tussen die sending en hul oorwegend blanke bure. Vir die meeste blanke boere was 'n sendingstasie in die algemeen bloot 'n toevlugsoord vir potensiële arbeid. Vir baie boere was die negatiewe invloed van sendingstasies die eintlike rede waarom hulle voortdurend gesukkel het om voldoende arbeid te bekom. Net so het die grond wat die inwoners van sendingstasies beset het vir die meeste blanke boere ook op niks minder neergekom as 'n onderbenutting van potensiële landbougrond nie. Dikwels is daar vanuit blanke geleedere oor hierdie aspekte groot gewag gemaak by die regering. Dat die regering meesal 'n simpatieke oor gehad het vir hierdie klagtes is gewis, want dikwels moes die

³ VEM, A/c 8, Lit C, Copier Buch, 1843-1847, Deputation-Zahn, Elberfeld/Barmen, 16-8-1844.

⁴ VEM, A/a 3, Protokollbuch der Rheinische Missions Gesellschaft, 1838 bis 1845, Monatliche sitzung der Rheinische Missions Gesellschaft, 13-5-1844, p. 349; 14-4-1845, p. 413; A/a 4, Lit D, Protokollbuch der Rheinische Missions Gesellschaft, 1845-1850, "Brief von Lutz, Juni 1845"; E. Anderson, *A History of the Xhosa of the northern Cape*, 1795-1879, pp. 37-39; VEM, B/C 1 19, Lutz, Tagebuch No 12 von J.H. Lutz vom 17-7-1847 bis 11-11-1847, Lutz-Deputation, Amandelboom, 1-8-1847, "Besuch beim Kafferkapitän in den Kareebbergen."

⁵ Talle briewe oor Lutz se besware en die reaksie van die direksie daarop. Sien oa.: VEM B/C 1 19, Lutz, Tagebuch No 8 von J.H. Lutz vom 30-5-1844 bis 31-12-1844, Beilagen No 1-10; VEM, A/a 4, Lit D, Protokollbuch der Rheinische Missions Gesellschaft, 1845-1850, Ausserordentliche sitzung der Deputation, 16-6-1845, "Brief von Lutz wegen beginnen des Missionswerks unter den Bastaards in den Kareebbergen mit Beinecke"; VEM, C/c 3 2.389, Missionars Konferenzen im Kapland (General und Spezialkonferenzen) Protokollen 1834-1864, Ausserordentliche Konferenz zu Tulbagh, 10-1-1845.

sendelinge bontstaan om regeringsnavrae in dié verband te hanteer.⁶

Breedweg gesien het ondervinding in sendinggeleedere geleer dat waar grond vir die stasie nie wettiglik bekom is nie en soos in die geval van Wuppertal in die naam van die betrokke genootskap geregistreer is nie, probleme oor grondbesetting eindeloos kon voortsleep. Meesal is hierdie grondkwessies uiteindelik tot nadeel van die sending beredder. Dit was waarskynlik die belangrikste rede waarom eerwaarde Lutz so besorg was oor die toekoms van die Kareeberg-sending.

Die blinde vertroue van die Rynse direksie in die Britse regering het hulle nie ontvanklik gemaak vir eerwaarde Lutz se idees nie.⁷ In 'n brief aan hom het hulle hom weliswaar teësinig op sommige van sy argumente gelyk gegee. Vir die grootste gedeelte het hulle hom egter gekapittel omdat hy onwillig was om na die Kareeberge te gaan. Ten opsigte van eerwaarde Lutz se negatiewe opmerkings oor die Basters het die direksie hom daaraan herinner dat alle menslike gevoel onstabiel en veranderlik was. Hy is aangesê om eers meer kennis omtrent die mense in te win voordat hy kon oordeel. Op sy verdere beswaar dat dit moeilik sou wees om 'n sending suksesvol van die grond af te kry sonder 'n vaste woonplek, het hulle hom gelyk gegee. Tog was dit nie voldoende rede om die beoogde sending te staak nie. Ietwat uit die hoogte het hulle eerwaarde Lutz daaraan herinner dat die gees van God magtig genoeg was om onder die ongunstigste en selfs uiterste omstandighede alles te kon oorwin. Daarbenewens het hulle hom gerusgestel dat die regering uiteindelik tog die Kareebergstreek aan die Basters sou toeken. Dit was immers alombekend dat die Britse regering baie gedoen het om die regte van die inboorlinge te beskerm. Waarskynlik in 'n poging om die beswaarde Lutz te vertroos, het hulle geskryf: "en as jy, liewe broeder, wat nou na die Basters moet trek, jou gebonde voel met ons roeping en daarby die vreugde ook nog mag ontbreek, so vertrou ons dat die Here, wat met Paulus was en hom sterkte gegee het om te dra wat God hom opgelê het, ook met jou sal wees; en dat Hy die werk sal seën wat jy in Sy naam sal begin." In meer tipiese trant het die streng Väter hul brief afgesluit met die opdrag: "Dus lieve broer - in die naam van die Here aan die werk!"⁸ Die blinde vertroue van die direksie in die Britse regering was egter 'n belangrike oordeelsfout wat hulle later duur te staan sou kom.

Ten einde die gramskap van die direksie vry te spring, was die andersins dienswillige Lutz uiteindelik genoodsaak om van sy geliefde Eben Ezer te vertrek waar hy vir 'n aantal jare baie gelukkig gewerk het. In die Kareeberge moes hy noodgedwonge 'n taak aanpak waaraan hy aanvanklik sterk getwyfel het, maar nietemin feitlik sy hele lewe lank aan sou wy. Teen alle verwagtinge in, het eerwaarde Lutz en Beinecke onderweg na Amandelboom onder die blanke boere, by wie hulle dikwels oorgestaan het, min teenstand of vyandigheid ten opsigte van die voorgenome sending in die Kareeberge ondervind. Die sendelinge is trouens deurgaans met die grootste vriendelikheid en hulpvaardigheid ontvang. In die heersende droogtetoestande was die sendelinge van veeboere afhanklik vir vars osse, weiding en water wanneer hulle oorgestaan het. Dikwels was hulle ook van die boere afhanklik om hul swaargepakte waens oor die berge te help kry. Meesal is hierdie hulp sonder enige moeite verkry, al moes hulle soms duur daarvoor betaal.

⁶ VEM, C/f 12.1, 2.485, Korrespondenz mit dem Colonial Office, 1839-1905, John Bell-Superintendent Missionary, Colonial Office, 12-3-1839.

⁷ Vem, A/A 4, Lit D, Protokollbuch der Rheinische Missions Gesellschaft, 1845-1850, Ausserordentliche sitzung der Deputation, 16-6-1845.

⁸ VEM, A/c 8, Lit C, Copier Buch, 1843-1847, Deputation-Lutz, Elberfeld/Barmen, 15-6-1845.

Die enigste aspek van die veeboerbevolking wat die sendelinge volgens hul eie hoë standaard minder aanvaarbaar gevind het, was dat die kinders van veeboere in die algemeen dringend onderwys nodig gehad het. Vir die sendelinge was dit duidelik dat die veeboere se swerwersbestaan in die veld ook nie juis bevorderlik was vir hul geestelike welstand nie.⁹ Die uitgesproke vroomheid van die veeboerbevolking was in die algemeen, soos gemeet aan die streng standaard van die sendelinge, ook nie altyd so opreg of ingelig nie. Toe eerwaarde Lutz byvoorbeeld tydens die huisgodsdien by ene Jan Basson gevra het of hulle die lied “Hoe lieflijk hou veel Heilgenot” kon sing, was die antwoord dadelik ja. Tot hul verleentheid, skryf Beinecke, het die sendelinge egter spoedig agtergekom dat niemand die lied kon sing nie. Gevolglik het hy en Lutz die “voorreg gehad om ‘n duet voor die uitgelese gehoor te laat hoor.”¹⁰ Selfs vir eerwaarde Lutz wat sekerlik in hierdie stadium nog heimlik in vertwyfeling was oor die wenslikheid van die Kareebergssending, moes die hartlike ontvangs wat hulle dikwels onderweg ondervind het, meegewerk het om sy aanvanklike besware teen die onderneming te bowe te kom.¹¹

Kort na die aankoms van die sendelinge op Amandelboom was dit egter ‘n heeltemal ander storie. Vir die meeste blanke boere van die Hantam, Roggeveld en Nuweveld, vir wie die niemandsland oorkant die Sakrivier tydens die somermaande ‘n belangrike uitkoms was vir hul groot veetroppe, was die sendelinge en veral dit wat hulle tot voordeel van die gekleurde inwoners van die streek kon bemagtig, ewe skielik ‘n wesenlike gevaar. Vir die meeste was die ergste scenario dat hulle toegang tot die gebied deur die toedoen van die sendelinge óf heeltemal afgesny kon word, óf dat hulle bewegings oor die grens andersyds weer, soos tydens die eerste twee dekades van die 19 de eeu, aan streng owerheidsbeheer onderwerp kon word. Beide moontlikhede was ewe erg en iets wat hulle met mening sou beveg. Spoedig het gesindhede in blanke geleedere teenoor die sending verhard. Eerwaarde Lutz het dikwels tot sy ontsteltenis die venynige kant van die blanke veeboersektor ondervind.¹²

Allerlei wilde gerugte oor die motiewe van die sending, asook die sendelinge self, het byvoorbeeld die rondte begin doen. Dit was alles ‘n redelik deursigtige strategie om die sending as sodanig te diskrediteer en die lewe vir die sendelinge self so moeilik as moontlik te maak. Op sigself was dit egter geen vreemde verskynsel wat uniek was aan die Kareebergssending nie. Gerugte was ‘n uitstaande kenmerk van die noordgrenssituasie. Dikwels is dit selfs redelik blatant aangewend om ‘n bepaalde doelwit te bereik.¹³ Net so was allerlei gerugte oor die sending tydens die vestigingstydperk van sekere ander stasies, waarvan sommige aan die absurde gegrens het, ‘n algemene strategie onder teenstanders van die sending om die sendinginisiatief self verdag te probeer maak. Kort na die stigting van Wuppertal het gerugte byvoorbeeld die rondte gedoen dat die sendelinge eintlik voëlvry verklaarde misdadigers was wat in die onherbergsame Sederberge

⁹ VEM, B/C I 23, Beinecke, Beinecke-Deputation (ongedateerd).

¹⁰ Ibid.

¹¹ Vir die reis na Amandelboom sien: VEM, B/C I 23, Beinecke, Tagebuch von Beinecke, Amandelboom vom 14 Augs bis 30 Nov 1848; Beinecke-Deputation, “Reise nach den Karreebergen mit Lutz und ankunft derselben”; VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 9 von J.H. Lutz vom 24-10-1845 bis 20-11-1845.

¹² KAB, CPP, A113-1861, Correspondence on the subject of the Trekvelde near the Zak River, Veldkornet J.E.O. Nel-Siviele kommissaris J. van Ryneveld, Bloemfontein, 6-6-1848; Veldkornet W.P. Burger-Siviele kommissaris J. van Ryneveld, Hantam, 20-6-1848.

¹³ Oor die effek en doelstellings van gerugte aan die Noordgrens sien oa: KAB, 1/BFW 9/29, Letters Received- Landdrost Graaff Reinets, 1818-1819, A. Stockenström-J. Baird, Graaff- Reinets, 14-4-1819; N.G. Penn, *The Northern Cape Frontier Zone, 1700-1815*, p. 367.

aan die lang arm van die gereg probeer ontsnap het!¹⁴ Insgelyks is die streng Calvinistiese, blanke boeregemeenskap van die Roggeveld en Nuweveld nog voor die stigting van die Amandelboomgemeente behoorlik die harnas in gejaag toe die gerug versprei is dat eerwaardes Lutz en Beinecke, wat hulle binnekort in die gebied sou vestig, eintlik Katolieke sendelinge was. Eers toe eerwaarde Lutz heelwat later agter die oorsprong van hierdie gerug gekom het, het dit vir hom verklaar waarom hy dikwels tydens sy reise na Beaufort-Wes so sleg deur sommige blanke boere van die omgewing ontvang is. “As ek maar net geweet het van die vergissing”, het hy naïef aan die direksie geskryf, “dan kon ek hulle ten minste al vroeër uit hulle ellende verlos het.”¹⁵ Nog ‘n gerug wat ook groot ontsteltenis onder die Amandelboombasters veroorsaak het, was dat die sendelinge eintlik “spioene” van die regering was wat, nadat hulle alle Basters versamel het, hulle sou vasbind en aan die regering sou uitlewer.¹⁶

Na die stigting van Amandelboom in 1845 het onderlinge spanning tussen die Basters en nomadiese blanke boere in die buiteveld en kompetisie vir die skaars bronne van die streek, vinnig toegeneem. By tye het dit hoe langer, hoe meer begin handuitruk. Soms wil dit selfs voorkom of wilde vuisgevegte gereeld onder die strydende partye uitbreek het. Veral by die beperkte aantal waterbronne, waar vriend en vyand genoodsaak was om mekaar feitlik daaglik raak te loop, het gemoedere dikwels hoog geloop. Beide partye het van onsmaaklike onderonsies en selfs van meer ernstige aanrandings gekla. Die Basters het ook dikwels teenoor die sendelinge gekla dat die indringende blanke veeboere se groot troppe vee hul gesaaides en tuinrye by die fonteine vertrap of opgevreet het.¹⁷ Die koms van die sendelinge het in ‘n sekere sin hierdie konflikte aangewakker. Enersyds het dit die Basters met hul nuut gevonde beskermheer in hul midde meer brutaal gemaak teenoor blanke indringing. Daarteenoor het die blanke boere, soos reeds vermeld, in die koms van die sendelinge ‘n definitiewe gevaar gesien. Juis daarom het hulle waarskynlik met groter doelgerigtheid daarteen vasgeskop om nie hulle self-toegeënde weidingsregte in die gebied te verloor nie. Binne enkele maande na die stigting van Amandelboom het die situasie nietemin sodanig versleg dat eerwaarde Lutz moedeloos aan die direksie berig het dat “die boere nou so kwaad is vir ons dat hulle hul broeke sal uittrek om Amandelboom te kan bekom.”¹⁸

Opvallend is dat toe geskille oor water en weiding tussen die indringende blanke veeboere en die Basters op die spits gedryf is, eerwaarde Lutz nie die direksie van die Rynse genootskap daaraan herinner het dat hy alreeds voor sy koms na die gebied soortgelyke probleme voorsien het nie. Die direksie het hom weliswaar later gelyk gegee, hom bedank vir sy harde werk op Amandelboom en hom geprys dat hy uiteindelik tog bereid was om na die Kareeberge te gaan, al was dit ook nie met vreugde nie.¹⁹ Getrou aan sy roeping het eerwaarde Lutz sy bevale uit Duitsland tot die letter gehoorsaam. In die praktyk het dit daarop neergekom dat hy hom by die geestelike bearbeiding van die Kareebergemeenskap moes bepaal. Verder moes alle hoop op die Britse regering geplaas

¹⁴ VEM, C/e 1b - C/e 6 FN 07/69, Kat 2.404, Zur Geschichte der Mission in Süd-Afrika: Tabellen, Referate, Broschuren, (a) Aus der Geschichte der ersten Rheinischen Missionsgemeinde.

¹⁵ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 8,9,10 von J.H. Lutz vom November 1845 bis September 1847, Tagebuch No 9, “Sonderbar Gerücht”.

¹⁶ Ibid., Tagebuch No 7 von J.H. Lutz vom 24-10-1845 bis 20-11-1845.

¹⁷ Ibid., Lutz -Väter, 19-12-1845.

¹⁸ Ibid., Tagebuch No 14 von J.H. Lutz vom 5-12-1849 bis 22-4-1850, “22 Januar-Feindschaft der Benachbarten Bauern.”

¹⁹ VEM, A/c 8, Lit C, Copier Buch, 1843-1847, Deputation-Lutz, Elberfeld, 27-7-1846.

word om daardie probleme buite sy beheer te bereedder. Gevolglik het hy in sy korrespondensie met die regering oor die grondprobleme van sy gemeente opvallend geen poging aangewend om enige daadwerklike druk op die owerheid uit te oefen nie. Soos die direksie aan hom voorgeskryf het, het eerwaarde Lutz telkens gehoop dat 'n regering wat hom voortdurend op sy Christelike karakter beroep het, tog sekerlik ten gunste van die sending en sy gemeente sou besluit.

Die Britse regering het hom voorspelbaar min gesteur aan die Christelike sentimente van eerwaarde Lutz. In antwoord op sy eerste twee versoeke, dat die Kareebergstreek vir die eksklusiewe gebruik van die Bastergemeenskap gereserveer moes word, het die regering laat weet dat die gebied buite die amptelike grense van die kolonie was. Dit het dus buite die jurisdiksie van die regering geval. Daarbenewens is eerwaarde Lutz daarop gewys dat die aanliggende blanke distrikte gedurende droogtetye vir addisionele weiding van die streek afhanklik was. Die inwoners van hierdie distrikte het ten sterkste beswaar gemaak daarteen dat die gebied aan die Basters toegeken moes word.²⁰ Daarmee was die saak afgehandel. Die gebied sou voortaan steeds as 'n gemeenskaplike trekveld beskou word, waarop geeneen van die twee partye enige permanente verblyfreg kon verkry nie. Vergete was egter die presedent wat in 1830 geskep is toe die regering amptelik grond aan die Xhosa op Schietfontein toegeken het. Op daardie stadium het Schietfontein, net soos Amandelboom, ver buite die amptelike Noordgrens van die kolonie geval.²¹ Eerwaarde Lutz het ook geen verdere poging aangewend om hierdie argument onder die aandag van die owerheid te bring nie. Weliswaar morrend, het hy hom onderdanig aan die regeringsbesluit onderwerp.

3.2. Die invloed van omgewingsfaktore en die voorgeskiedenis van die Kareebergstreek as determinant in die sosio-ekonomiese en politieke status van die Kareebergbasters

Die reaksie van die regering verklap nie alleen die noodsaaklikheid van seisoenale migrasiepatrone van veeboere aan die Noordgrens waaraan alreeds vroeër aandag gegee is nie, maar onderstreep terselfdertyd die feit dat sekere kragte in die aangrensende distrikte werksaam was wat inderwaarheid die lotgevalle van die gemeenskappe buite die grens grootliks bepaal het. Ten opsigte van grondtoekenning kan met reg kan beweer word dat die grondbeleid van die Britse regering gedurende die eerste aantal dekades van die 19 de eeu bra chaoties was. Meesal is dit op 'n uiters lukrake wyse gedoen. Erkenning moet egter verleen word aan die feit dat 'n warboel faktore in die Kareebergstreek op mekaar ingespeel het. Dit het die oplossing van die grondkwessie meer ingewikkeld gemaak as wat die sendelinge en selfs hul volgelinge besef het.

Vir eerwaarde Lutz was dit byvoorbeeld redelik voor-die-hand- liggend dat die logiese oplossing vir die onmin tussen die Basters en hul blanke bure in Britse regeringsoptrede gelê het. Volgens hom moes die gebiede in die Kareeberge wat deur die Basters en Xhosa beset is, doodgewoon in permanente besitreg aan die betrokke gemeenskappe toegeken word. Voorts moes daar eenvoudig afdwingbare maatreëls ingestel word wat blanke indringing vanuit die omliggende distrikte sou verhoed. Hierdie simplistiese voorstelling het egter lynreg gebots met die realiteite van die spesifieke klimaatgesteldheid van die streek. Wanneer droogtes in 'n bepaalde gebied toegeslaan het en belangrike oorlewingsbronne soos water en weiding uitgeput was, was dit vir alle veeboere absoluut noodsaaklik om na beter weivelde te kon trek. Dan het geen grensskeiding die bewegings van hierdie boere aan bande gelê nie, sekerlik nie die swak gedefinieerde grensskeidings nie, wat so 'n uitstaande kenmerk was van grensvastellings in die tyd en waaroor

²⁰ KAB, CPP, A 113-1861, Correspondence on the subject of the Trekvelde near the Zakrivier....

²¹ E. Anderson, *A History of the Xhosa of the northern Cape, 1795 - 1879*, pp. 37-39.

dikwels groot onsekerheid onder die swak ingeligte veeboersektor geheers het.

Van groter belang was dat opvattinge oor weidingsregte en die status van sekere gemeenskappe, selfs buite die grense, iets was wat oor etlike dekades heen ontwikkel het. Dit het ontstaan uit die lang en ingewikkelde voorgeskiedenis van die streek. Hoe simpatiek die Britse regering ookal teenoor die oorwegend gekleurde gemeenskappe buite die grens was, is ekonomiese eiebelang in die eerste plek altyd voorop gestel. Daarbenewens kon bestaande persepsies wat oor dekades heen ontwikkel het nie sonder meer deur die regering geïgnoreer word nie. Ten opsigte van die eerste het die uiters invloedryke vleisprodusente van die Hantam oor 'n lang tydperk al afdoende bewys dat hulle 'n belangrike faktor op die Kaapse markte was. Veral wanneer hul produksie om die een of ander rede aan bande gelê is, is die tekorte op die Kaapse markte gevoel. Indien blanke veeboere, ingevolge die siening van die sendelinge sonder meer toegang tot die Kareebergstreek verbied sou word, kon dit byvoorbeeld gedurende droogtes ernstige reperkussies hê waarvan die nadelige gevolge tot op die Kaapse markte kon uitkring.

Of dit in elk geval 'n prakties uitvoerbare voorstel was om die migrasiepatrone van hierdie boere te probeer beperk, is te betwyfel. Soos later aangetoon sal word, het die hele veeboersektor hulle nie juis gesteur aan die gesag van die sendelinge of die regering wanneer hulle oorlewingsmoontlikhede in gedrang was nie. Die onbenydenswaardige posisie van al die betrokkenes teen 1845, insluitende die regering, kan dus nie ten volle begryp word as omgewingsfaktore en die geskiedenis van die streek geïgnoreer word nie. Juis daarom is dit noodsaaklik dat daar in meer besonderhede gekyk word na die herkoms en vestigingsgeskiedenis van al die betrokke partye in die Kareebergstreek. Ten opsigte van die geskiedenis van die Kareebergbasters is dit veral van belang om te bepaal hoe die lang stryd teen die Boesmans onderlinge verhoudinge gedurende die sogenaamde oop en geslote grenssituasie binne blanke geleedere beïnvloed het. Voorts is dit ook van belang om aan te toon hoe dit uiteindelik aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van 'n onafhanklike Bastergrensgemeenskap in die Kareeberge.

Dit is onbekend presies wanneer die eerste Basters, as 'n afsonderlike groep wat hulself onafhanklik en onderskeibaar van hul blanke eweknie beskou het, hulle op Amandelboom en in die omliggende Kareebergstreek gevestig het. Waaroor wel geen onsekerheid bestaan nie, is dat hierdie groep ontstaan het uit verbastering tussen blank en gekleurd wat vanaf die begin van die blanke nedersetting aan die Kaap vrywel algemeen voorgekom het. Kinders wat uit hierdie verhoudinge gebore is, het mettertyd kollektief as Basters bekend gestaan. 'n Groot aantal van hierdie Basters, hetsy aanvaarde en ten volle geïntegreerde lede van die blanke gemeenskap, of as onafhanklike, maar verworpe groepe, het gedurende die 17de en 18de eeu aan die voerpunt van die blanke veeboeruitbreiding in die binneland gestaan. Hieruit volg dat die eerste Kareebergbasters hulle min of meer gelyktydig en grootliks as 'n integrale deel van die blanke veeboerbeweging teen die tweede helfte van die 18de eeu in die Roggeveld en Nuweveld gevestig het. Namate hierdie distrikte egter teen die einde van die 18de eeu digter bevolk geraak het en grond vir 'n onafhanklike bestaan skaarser geraak het, is die armer sektor van die blanke distrikte, tesame met groot getalle Basters teenoor wie toenemend aan die begin van die 19de eeu gediskrimineer is, oor die noordelike grens van die kolonie verdryf.²²

Hierdie kort weergawe van die geskiedenis van die Bastergemeenskappe van die Noordgrens en meer spesifiek dié van die Kareeberge, is egter 'n oorvereenvoudigde weergawe. Dit laat nie reg geskied aan die kompleksiteit van die hele proses nie. Nog minder illustreer dit die probleme

²² J. S. Marais, *The Cape coloured people*, pp. 10-12; M. Broodryk, *Die Kaapse Noordgrensoorloë*, pp. 4-7.

waarmee navorsers te make kry wanneer gepoog word om die geskiedenis van hierdie groep te rekonstrueer.

In die eerste plek is die begrip *Baster* in die 18de- en 19de-eeuse dokumentasie uiters lukraak gebruik. Daarom is dit nie altyd moontlik vir die navorser om met enige mate van sekerheid tussen individue of selfs sommige groepe te onderskei nie. Die rede vir hierdie verwarring lê eerstens daarin dat die blanke veeboersektor, wie se idees en persepsies grootliks in die amptelike dokumentasie van die tyd weerspieël word, na willekeur name aan groepe of individue toegedig het wat nie noodwendig met die werklikheid gestrook het nie. Boonop het dit na gelang van omstandighede, of in sekere streke, dikwels verander. Soos Heese dit beskryf het, was dit inderdaad ‘n gemeenskap sonder grense. Volgens hom het mense van gemengde afkoms, wat nie onvoorwaardelik in die blanke gemeenskap opgeneem is nie, hulself in ‘n “grys wêreld” bevind. Juis daarom is dit dikwels uiters moeilik om die vroeë geskiedenis van hierdie groepe vas te pen.²³

Om die negatiewe impak van hierdie lukrake rasseverhoudinge in die 18de- en 19de-eeuse trekboergemeenskappe werklik te kan verstaan, hoef ‘n mens maar net te kyk na die verwarring wat dikwels heers wanneer die geskiedenis van die Boesman beskryf word. Tussen ‘n “mak” en “wilde” Boesman, wat ‘n algemene onderskeidende beskrywing was in die veeboergemeenskappe wanneer daar na die Boesmans verwys is, was ‘n twyfelagtige vertrouwe byvoorbeeld die enigste onderskeid. ‘n “Mak” Boesman was in hierdie gemeenskappe sonder uitsondering soos ‘n makgemaakte dier wat as gebonde arbeider sonder regte met sekere take belas kon word, maar terselfdertyd nooit ten volle vertrou kon word nie. Die gevaar het immers altyd bestaan dat hulle met hul “wilde” geesgenote gemene saak kon maak. Dit was ‘n grondige en geregverdigde vrees in veeboergeledere, want dit was geen buitengewone verskynsel dat ‘n “mak” Boesman by die geringste kans tot skade van die boer hom weer by sy “wilde” geesgenote geskaar het nie. Na aanleiding hiervan word die argument dikwels geopper dat die Khoisan-groep in sy geheel of enige ander groep sonder vee, vir veeboere van alle “rasse” presies dieselfde potensiele bedreiging as die sogenaamde “wilde” Boesmans kon inhou. Ingevolge die uiters vae en subjektiewe kriteria van die tyd kon enige individu of groepe dus in die oë van alle veebesitters maklik die status van Boesmans aangeneem het. Op hierdie wyse reflekteer die dokumente dus dikwels die persepsies van ‘n bepaalde groep, eerder as die ware feite.

Dat hierdie persepsies dus nie altyd noodwendig met die realiteite gestrook het nie, is ‘n uiters belangrike aspek om in gedagte te hou, sekerlik omdat dit nie altyd so herkenbaar in die dokumentasie van die tyd weerspieël word nie. So kan dit byvoorbeeld openlik bevraagteken word of baie rooftogte wat deur blanke veeboere aan die Boesmans toegeskryf is, in werklikheid gepleeg is deur “wilde” groepe wat in moderne tye as suiwer jagters en versamelaars beskou word. Gedurende die 19de eeu was daar aan die Noordgrens immers ‘n groot verskeidenheid bendegroepe wat nie ten volle aan die tradisionele jag en versamel lewenswyse van die Boesman voldoen het nie. Baie hiervan was eerder sogenaamde “oorlamse” parasitiese bendegroepe wat uitsluitlik van roof ‘n bestaan gemaak het. Dikwels het hierdie bendes die kommandoaanvalle ten prooi geval. Feitlik al hierdie insidente word egter in die grootliks blanksentriese dokumentasie van die tyd deurgaans as “Boesmanaanvalle” beskou.

As die verwarring met die identifikasie van die Boesmans al gekompliseerd is, raak dit veel erger met dié van die Basters. Vir die grootste gedeelte van hul bestaan was hulle immers ‘n integrale

²³ H. F. Heese, *Groep sonder grense*, p. 38.

deel van die “blanke” veeboeruitbreiding. In hierdie samelewing kan hul status op sy beste as wisselvallig en ambivalent beskryf word. In die breër “blanke” samelewing was alle mense van gemengde afkoms byvoorbeeld tegnies Basters. Nie alle Basters het egter binne die Kaapse samelewing dieselfde status geniet nie. Die kriteria vir die uitkenning en aanvaarding van Basters binne blanke geleedere was voorts nie altyd duidelik nie. Groot streeksvariasies het voorgekom en die aanvaarbaarheid van Basters in blanke geleedere het weens talle faktore, telkens groot klemverskuiwings ondergaan. Die enigste maatstaf wat gedurende die 17 de eeu en vroeg 18 de eeu ten opsigte van die Basters in blanke geleedere nog min of meer konsekwent toegepas is en gereeld deur historici aangehaal word, was dat kinders wat binne ‘n formele gemengde huwelik gebore is, normaalweg in die blanke sektor opgeneem is indien vaders blank en moeders gekleur was.²⁴ Dit was egter nie noodwendig die algemeen aanvaarde reël nie, want talle uitsonderings kom voor. Daarteenoor word ook dikwels aangevoer dat dit die algemene tendens was dat buite-egtelike kinders van gemengde afkoms nie aanvaar is deur ‘n gemeenskap wat in die reël buite-egtelikheid afgekeur het nie. Ook hierdie opvatting is nie waterdig nie, want talle Basters gebore uit buite-egtelike verhoudings het byvoorbeeld die vanne van hul vaders aangeneem wat op ‘n mate van aanvaarding dui.²⁵

Aan die Noordgrens, waar verbastering meer algemeen voorgekom het as in die meer gevestigde distrikte nader aan Kaapstad, is bogenoemde maatstaf vir aanvaarding minder konsekwent toegepas. Soos later sal blyk, het aanvaarding van Basters binne die breë blanke gemeenskap van die noord-westelike grensdistrikte veel meer van die intensiteit van Boesmanweerstand vanuit die Kareeberge afgehang. Hoe groter die Boesmangevaar vir die hele veeboersektor was, hoe groter was die gevoel van samehörigheid en hoe meer is rasseverskille op die agtergrond geskuif. Die groter tempo waarteen verbastering aan die Noordgrens plaasgevind het, het ook daarop neergekom dat die fisiese onderskeid tussen blank en Baster, selfs binne die breë blanke samelewing, mettertyd bykans onherkenbaar vervaag het. So oorweldigend was hierdie aspek in die Kareebergstreek, dat toe kleurbewustheid gedurende die eerste dekades van die 19 de eeu al hoe meer ‘n faktor geword het, selfs tydgenootlike waarnemers nie altyd die onderskeid kon tref nie. Hoe gekompliseerd hierdie aspek werklik is, blyk daaruit dat dit in die geskrifte van die sendelinge duidelik is dat hulle dikwels groot moeite gehad het om die Bastergemeenskap op fisiese voorkoms van hulle “suiwer” blanke bure te onderskei. Die probleem vir die sendelinge raak des te meer insiggewend as in aanmerking geneem word dat die sendelinge hulle onder ‘n groep gevestig het wat hulself kollektief en onderskeibaar as Basters beskou het. Die verwarring vir eerwaarde Lutz word byvoorbeeld onderstreep deur die feit dat hy by ‘n aantal geleenthede die begrippe “boer” en “burger” so verwarrend gebruik, dat dit nie moontlik is om sonder meer vas te stel of hy na die Basters (burgers), of die blankes (boere) verwys nie. By geleentheid het hy selfs heeltemal verstrik geraak in ‘n “rasseklasifikasie” van sy eie gemeente. Dit blyk dat eerwaarde Lutz dikwels groot moeite gehad het om tussen die effe gekleurde blankes, “suiwer” Baster, Baster-khoi en “suiwer” Khoi te onderskei. Die enigste groep waarmee hy oënskynlik geen probleem gehad het om van andere te onderskei nie, was die groep wat in die wandel onder die Basters as “mak” of “wilde” Boesmans getipeer is.²⁶

In teenstelling tot die Noordgrensdistrikte, waar die onderskeid tussen blank en Baster nie altyd in die dokumentasie van die tyd duidelik uitgespel word nie, word die onderskeid soms tog in die

²⁴ Ibid.

²⁵ N. Penn, *The Northern Cape Frontier Zone, 1700-1815*, p. 289.

²⁶ KAB, I BFW 9/57, Lyst van familiehoofden in de Achterveld zich ophouden als tot Amandelboom behoorende, 20-1-1854.

trou-en doopregisters van die distrikte nader aan Kaapstad gemaak. Hierdie inligting het ten minste twee historici aangespoor om die persentasie “nie-blanke bloed” in die blanke gemeenskap te probeer bepaal. In 1902 het H.T. Colenbrander byvoorbeeld die persentasie nie-blanke bloed in die rasbewuste blanke samelewing op 1% geskat. Die meer invloedryke navorsing van J.A. Heese het hierdie skatting na 6,9 % opgeskuif. Weens die gebrek aan vasgestelde norme ten opsigte van die aanvaarding van die Bastergemeenskap in blanke kringe, berus baie van hierdie navorsing op aannames. Heese baseer byvoorbeeld sy argument op die aanname dat die oorgrote meerderheid kinders wat uit buite-egtelike verhoudings tussen blank en nie-blank gebore is in die gekleurde eerder as blanke gemeenskap opgeneem is. ‘n Geldige argument van Heese is dat Basters in die algemeen nie geredelik in blanke geleedere opgeneem is nie en dat die breë blanke samelewing, veral in die distrikte nader aan Kaapstad, ‘n redelik geslote gemeenskap was. Volgens hom was die integrasieproses eerder omgekeerd. Alle aanduidings bestaan dat groter getalle blankes ná die 18de eeu in die Bastergemeenskap opgeneem is, eerder as andersom.²⁷ Talle voorbeelde om hierdie argument te ondersteun, word in die geskrifte van die Kareeberg-sendinge gevind.

Feit bly dat geen waterdige reëls vir die opname van Basters in blanke geleedere bestaan het nie. Bloedvermenging oor die kleurskeidslyn het nietemin redelik algemeen voorgekom. Veral aan die buitewyke van die gevestigde blanke gemeenskap was die voorkoms daarvan baie groter as wat dikwels voorgegee word. Gevolglik was daar in die Kareebestreek gedurende die eerste aantal dekades van die 19de eeu ‘n baie groot groep wat hulle in ‘n gryswêreld bevind het. Talle hiervan is weens die vloeibare opvattinge omtrent Basters suksesvol in die blanke gemeenskappe van die Hantam, Roggeveld en die Nuweveld opgeneem. Afgesien daarvan dat bloedvermenging die sigbare fisiese grense tussen mense laat vervaag het, maak die vroeë dokumente wat betrekking het op die Noordgrensdistrikte, egter nie altyd ‘n onderskeid tussen “aanvaarde” Basters binne blanke geleedere en “gewone” blanke burgers nie. Die rede hiervoor lê daarin dat die voorkoms van verbastering aan die Noordgrens veel hoër en sosiaal meer aanvaarbaar was as in die distrikte nader aan Kaapstad. So wydverspreid het verbastering aan die Noordgrens voorgekom, dat daar in dié tyd minder van ‘n bohaai daarvoor gemaak is as wat moderne waarnemers soms voorgee. Basters wat “aanvaarbaar” was binne blanke geleedere is aan die Noordgrens meer geredelik in daardie gemeenskap opgeneem. In die breër blanke samelewing het hulle oënskynlik ongehinderd vir alle regte van daardie gemeenskap gekwalifiseer. Van hierdie regte was grondbesit en toegang tot vuurwapens sekerlik die belangrikste. Dit was iets waarvoor ander gekleurdes normaalweg nie gekwalifiseer het nie. Net soos die res van die blanke veeboersektor is talle van hierdie Basters, meesal sonder onderskeid, in trou- en doopregisters opgeneem en in kommandolyste en opgaafrolle gelys. Sodoende het baie van hulle dus in die breë stroom van “blanke” geskiedenis verdwyn.²⁸

Dit bly uiters moeilik, indien nie onmoontlik, om te bepaal watter persentasie Basters in die blanke gemeenskap van die noordwestelike grensdistrikte opgeneem is. Ewe moeilik is dit om te bepaal in watter mate die breë blanke samelewing hulle gekleurde nasate as familie beskou het. Soos reeds vermeld is, het kinders van blanke vaders by Khoikhoi-vroue soms die vanne van hul vaders aangeneem, wat daarop dui dat hulle tot ‘n mate deur die vaders erken is. Erkenning het egter nie noodwendig aanvaarding binne die bepaalde gesin, of in die breër blanke gemeenskap, beteken nie. Daar word nou algemeen aanvaar dat die Kaapse samelewing redelik geslote was vir

²⁷ H. F. Heese, *Groep sonder grense*, pp. 37-39; R. Elphick and H. Giliomee(eds), *The shaping of South African society*, p. 202.

²⁸ N. Penn, *The Northern Cape Frontier Zone, 1700-1815*, pp. 289-290.

mense van gemengde afkoms. Slegs ‘n relatief klein persentasie Basters in die distrikte nader aan Kaapstad is suksesvol in blanke geleedere opgeneem. In die reël het verbastering in die meer gevestigde blanke distrikte direk gestuit teen die algemene afkeer in verhoudings oor die kleurskeidslyn.²⁹ Of dieselfde argument in dieselfde mate vir die buitelandse distrikte gegeld het, bly ‘n ope vraag.

Hoe geldig die argument is dat verbastering in die breë blanke gemeenskap nie gewens was nie, blyk as ‘n mens die sendelinge se opvatting oor verbastering in oënskou neem. Opvallend is dat die Rynse sendelinge op die oog af ‘n groot afkeer gehad het van die grootskaalse bloedvermenging aan die Noordgrens. As die uitsprake van die sendelinge as barometer geneem word van hoe die blanke gemeenskap in die algemeen oor verbastering gevoel het, dan blyk dit dat hulle dikwels ‘n groter afkeer van verbastering gehad het as wat selfs onder trekboergemeenskappe te bespeur is. Uit die geskrifte van eerwaarde Lutz en Beinecke blyk dit byvoorbeeld duidelik dat hulle, ten minste aanvanklik, nie juis enige agting vir die herkoms van die Basters gehad het nie. Dikwels is daar in die geskrifte van die Kareebergse sendelinge sekere vergelykings tussen die verskillende “rasse” getref. Die rede vir hierdie vergelykings was duidelik omdat die sendelinge soms sekere “blanke” deugde in hul Bastervolgelinge gesoek het. Daar is byvoorbeeld heimlik gehoop dat die blanke bloed in hul are noodwendig tot gevolg sou hê dat hulle outomaties hoër op die beskawingsleer sou styg. Helaas is hulle meesal, gemeet aan hul eie kriteria, teleurgestel. Gevolglik het die sendelinge telkens met die beskuldigende vinger daarop gewys dat verbastering nie noodwendig positiewe resultate gehad het nie. By geleentheid het eerwaarde Beinecke selfs afkeurenswaardig vergelykings getref in die verstandelike vermoëns van kinders uit die verskillende rasse-groepe. In hierdie vergelykings het die “basterkinders” in die algemeen sleg daarvan afgekom.³⁰

So dikwels is daar in die dagboeke van die sendelinge op die gemengde herkoms van die Kareebergbasters neergekyk, dat dit selfs wil voorkom asof eerwaarde Lutz en Beinecke, weliswaar subtiel, dieselfde diskriminerende houding teenoor die Bastergemeenskap openbaar het as wat op daardie stadium redelik algemeen in die blanke Kaapse samelewing voorgekom het. Selfs voor sy vertrek na die Kareeberge is eerwaarde Lutz deur die direksie oor sy negatiewe opmerkings omtrent die Basters aangepraat.³¹ Dat hierdie aanname korrek is, blyk daaruit dat sommige ander Rynse sendelinge dikwels blatant dieselfde rassevoordeel openbaar het. Hoewel eerwaarde Schmelen ‘n uiters gerespekteerde sendeling in Rynse geleedere was, is daar tog openlik onder sy kollegas oor sy gemengde huwelik gefrons. Veral die redelik onortodokse wyse waarop hierdie huwelik voltrek is,³² het kennelik nie algemene goedkeuring in Rynse sendingeleedere weggedra nie. Met verwysing na eerwaarde Schmelen en sy Nama-vrou het eerwaarde Luckhoff byvoorbeeld in sy dagboek afkeurenswaardig opgemerk: “Dit is nouliks te glo dat ‘n Duitser met ‘n Namakwa kan trou. Dit is ook nie raadsaam nie, omdat die sendeling daardeur baie van sy invloed by die Namakwa en ook by die blankes verloor.”³³ Twee aspekte omtrent eerwaarde Schmelen se Nama-vrou het haar egter in Rynse sendingeleedere andersins

²⁹ R. Elphick and H. Giliomee (eds), *The shaping of South African society*, p. 100.

³⁰ VEM, B/C 123, Beinecke, Band I, 1845-1853, Beinecke-Herr Inspector, 15-2-1853.

³¹ VEM, A/c 8, Lit C, Copier Buch, 1843-1847, Deputation-Lutz, Elberfeld/ Barmen, 15-6-1845.

³² D. Stuart, The “Wicked Christians” and the “Children of the mist”....., in *The Societies of Southern Africa in the 19th and 20th centuries*, Vol 18, Collected Seminar Papers No 44, pp. 5-6.

³³ VEM, 1.372, A/W10.6, Uit die dagboek van Eerwaarde P. D. Lückhoff, 1829-1859, p. 8.

aanvaarbaar en selfs gewild gemaak. Eerstens was sy ten nouste betrokke by die vertaling van die Vier Evangelies in die Namataal - iets waarvoor Schmelen in die wandel egter groter krediet gekry het as sy vrou. Tweedens was sy volgens oorlewering 'n uitsonderlik vlytige huisvrou, wat selfs as belangrike gaste op besoek was, ongestoord met haar huiswerk aangegaan het. Haar hardwerkendheid het 'n groot indruk op die Duitse sendelinge gemaak. In Rynse geleedere was arbeidsaamheid immers 'n belangrike Christelike deug. Na berigte het Schmelen se Nama-vrou gereeld gesê dat as die liewe Heer op 'n dag onverwags sou kom, Hy haar ten minste nie ledig sou aantref nie.³⁴ Net soos eerwaarde Luckhoff by talle geleenthede in sy dagboek negatief uitgesproke was oor verbastering, het selfs eerwaarde Heidman, wat as die stigtersvader van die Rehoboth basters beskou word, by geleentheid ook ietwat hovaardig op die herkoms van die Bastergemeenskappe neergekyk. So het hy byvoorbeeld van sy Bastervolgelinge op Pella geskryf dat hulle die "sondige produk" van 'n oortreding van die Sesde Gebod was van wie hier op aarde niks goeds verwag kon word nie.³⁵

Die uitsprake van die sendelinge was 'n bewys daarvan dat hulle verbastering nie goedgekeur het nie en dikwels redelik in die war was oor die sosiale posisie van hul volgelinge. By geleentheid het selfs die direksie van die Rynse Sendinggenootskap ietwat ongemaklik die status van die Bastergemeenskap in die blanke samelewing probeer peil: "Afstammelingen van die blankes en Afrikaners; verstoot en verag deur die eerste en hulself hoër agtend as laasgenoemde, het hulle as rondswerwende veeboere op die grense van die kolonie rondgetrek. Hulle kon egter geen heidene wees nie, want die Europese bloed in hul are het dit nie toegelaat nie. En tog is hulle dit, want die boere van die kolonie laat hulle nie in hulle gemeentes toe nie, ten spyte daarvan dat die Basters hulle godsdienst by die blankes geleer het."³⁶ Die direksie se idee dat die Europese bloed soms heilsaam vir die Basters was, maar dat verbastering as sodanig nie noodwendig aan te beveel was nie, is by 'n latere geleentheid weer te berde gebring. Toe eerwaarde Lutz by herhaling gekla het dat die Basters se karakter dikwels 'n eienaardige mengsel van goeie eienskappe enersyds en andersyds baie slegte uiterstes openbaar het, het die direksie met 'n verklaring gereed gestaan. Die goeie aspek van hulle karakter het hulle nogmaals aan die Europese bloed toegeskryf. Die traagheid en laat-maar-gaan-houding van die Basters was volgens hulle egter as gevolg van 'n "teelfout" wat deur blanke trekboere begaan is wat kinders by Khoikhoi-vrouens verwek het! Dit was immers goed bekend, het hulle aangevoer, dat die "geel" volke van Afrika deur die bank aartsluiaards was. Die direksie het eerwaarde Lutz aangeraai dat hy nie die Basters in hierdie swakheid moes versterk nie, want anders sou hy hulle net verder in die verderf in help.³⁷

Al die voorafgaande is bewys dat die integrasieproses vir die Bastergemeenskap na die meer dominante blanke kultuur in die breër blanke gemeenskap nie juis aktief aangemoedig is nie. Die drang na integrasie met die blanke gemeenskap het kennelik baie sterker vanuit die Bastergemeenskap self gekom. 'n Hele aantal faktore het hierdie proses aangehelp. Eerstens het die meeste Basters, ten spyte van dikwels blatante rassevooroordeel teenoor hulle vanuit blanke geleedere, baie sterk met hul blanke herkoms geassosieer. Op sigself was dit al 'n belangrike faktor wat veral aan die Noordgrens tot gevolg gehad het dat ten minste sommige Basters meer geredelik

³⁴ Ibid.

³⁵ VEM, B/C II 2 B, Friedrich Heidman, Uittreksels-Transkripsies deur R. Vollmer, p. 89.

³⁶ VEM, Zwanzigster Jahresbericht der RMG vom September 1848 bis dahin 1849, pp. 25-28, "Amandelboom."

³⁷ VEM, A/c 9, Lit D, Copier Buch, 1848-1856, Deputation-Lutz, Elberfeld/Barmen, 8-3-1853.

deur die blanke gemeenskap aanvaar is. Voorts het die Bastergemeenskap dieselfde taal, kultuur en godsdiens met hul blanke eweknieë gedeel. Dit het tot 'n mate skanse afgebreek.³⁸

In die wandel het die Basters nooit die geleentheid laat glip om hul doelbewus aanvaarbaar in blanke geleedere te probeer maak nie. Aanvaarding in blanke geleedere het immers sekere voorregte ingehou wat vir die Bastergemeenskap noodsaaklik was. Juis daarom het hulle daadwerklik gepoog om hul "bevoorregte" posisie binne blanke geleedere te handhaaf, selfs al het dit in die praktyk daarop neergekom dat hulle genoodsaak was om 'n ondergeskikte rol in daardie geleedere te speel. Die meeste Basters het hulself dan ook as volwaardige burgers beskou. Talle sogenaamde Baster-khoi en slawe het selfs dikwels daadwerklik gepoog om hulself as Basters binne blanke geleedere te laat deurgaan.³⁹

Die belangrikste faktor wat Baster-integrasie in die blanke gemeenskap aan die Noordgrens aangehelp het, was egter die talle eksterne faktore aan die Noordgrens wat 'n veeherdersbestaan bedreig het. Hiervan was Khoisan-weerstand teen veeboere waarskynlik die belangrikste. Die Boesmangevaar, wat vir etlike dekades in die oorlewingstryd vir alle veeboere aan die Noordgrens bykans allesoorheersend was, het 'n groot interafhanklikheid tussen groepe van verskillende rasse en klasse veroorsaak. Dikwels was die Boesmangevaar so akuut dat dit 'n samehorigheid veroorsaak het wat so samebindend was dat dit grootliks oor die vae of grys kleurskeidslyn heen gestrek het. Terwyl grond nog relatief vrylik beskikbaar was en die aanslae van die Boesmans nog 'n wesenlike gevaar ingehou het vir die voortbestaan van alle veeboere, het hierdie situasie voortgeduur. Hoewel die status van Basters in blanke geleedere in die algemeen dus hoër was as dié van die Khoikhoi, het hul status in daardie gemeenskap afgehang van 'n hele aantal veranderlikes. Aan die einde van die 18de eeu en veral gedurende die eerste dekades van die 19de eeu, het 'n aantal faktore meegewerk wat tot gevolg gehad het dat die sosiale aansien van Basters in blanke geleedere drasties begin daal het.⁴⁰

Feit bly dat in die algemeen 'n groot gedeelte van die geskiedenis van die Kareebergbasters in die "stilte" van amptelike "blanke" dokumentasie opgeneem is. Vir die moderne navorser kry hulle soms gestalte wanneer die "normaliteit" van die situasie toevallig versteur word. As Johanna Steyn en Anna Bruwer byvoorbeeld nie so oorhoops geraak het oor 'n koppie geleende vet dat die onderonsie op 'n vuisgeveg en uiteindelik in die hof gedraai het nie, sou moderne navorsers waarskynlik nooit geweet het hoe "normaal" sommige groepe gefunksioneer het wat in die reël nog dikwels in die dokumentasie van die tyd as suiwer blank oorkom, maar in werklikheid uit verskillende "rasse" bestaan het nie. Die grootste gedeelte van die verbatim getuienis wat deur die veldkornet oor die insident afgeneem is, wek byvoorbeeld by die eerste lees daarvan die indruk dat hier te make is met 'n bra onbenullige voorval wat onder 'n groep blanke trekboere van die armer sektor van die samelewing voorgekom het. Die voorval het uiteindelik ietwat hand uitgeruk toe die strydende partye mekaar met die vuiste toegetakel het. Uit die hofstukke kan daar voorts ook afgelei word dat hierdie gesinne voor die ongelukkige voorval vir etlike jare al saamgewoon het. Hulle het gereeld saam na nuwe weiveld getrek en sonder enige onderskeid op grond van ras of klas mekaar se lief en leed onderling gedeel.

Aan die ander kant verklap die dokumente ook terselfdertyd dat kleurvooroordele aan die begin

³⁸ H. F. Heese, *Groep sonder grense*, p. 38.

³⁹ R. Ephick and H. Giliomee (eds), *The shaping of South African society*, p. 370.

⁴⁰ N. Penn, *The Northern Cape Frontier Zone, 1700-1815*, pp. 288-289.

van die 19 de eeu selfs onder die armer sektor van die blanke samelewing begin posvat het, hoewel dit nog nie vooropgestaan het nie. 'n Analise van die diskoers in die verbatim getuienis dui byvoorbeeld daarop dat die onderonsie tussen die strydende partye 'n bepaalde patroon aanneem. Aanvanklik het die twee vroue eers bloot daarop gekonsentreer om mekaar se karakter te skend deur beskuldigings van sedelike losbandigheid oor en weer te slinger. Eers nadat die mans ook by die brassery betrokke geraak het en karakterskending meer gebaseer is op ras, eerder as sedelike moraliteit, word dit duidelik dat die eens gelukkige groep "trekboere" nie "suiwer blank" was nie, maar ook 'n aansienlike groep Basters ingesluit het.⁴¹ Hoewel die uiteinde van hierdie saak nie bekend is nie, kan daar met redelike sekerheid afgelei word dat die strydende groep trekboere na die voorval ingevolge die uitgesproke rassevooroordeel uitmekaar gespat het. Van hierdie twee groepe het die Bastergroep waarskynlik die grootste kans gestaan op verwerping deur die res van die oorwegend blanke gemeenskap. Belangriker nog is dat hierdie insident toon hoe moeilik dit is om te bepaal hoeveel Basters in die blanke samelewing opgeneem is, of hoeveel andersyds die nukleus van 'n aparte Bastergemeenskap gevorm het.

Die kleurbewustheid onder die blanke sektor van die veeboeruitbreiding, wat tydens die eerste dekades van die 19 de eeu sterk op die voorgrond getree het, is aan die Noordgrens ongetwyfeld gestimuleer en op die voorgrond gestoot deur die skaarste aan grond in die gevestigde distrikte, asook die gelyktydige afname van Boesmanweerstand buite die grense. Soos later sal blyk, het onderlinge blanke plaasverdringing in die Nuweveld gedurende die eerste twee dekades van die 19de eeu ernstige afmetings begin aanneem. Terselfdertyd het die Boesmanweerstand gedurende die ooreenstemmende tydperk gestadig voor die aanslae van die uiters effektiewe kommando-stelsel begin swig. Die skaarste aan grond en die stelselmatige afname van die Boesmangevaar het 'n nuwe kleurbewustheid onder blankes teenoor die Bastergemeenskappe tot gevolg gehad. In die argiewe van die Beaufort-Wes-distrik is dit byvoorbeeld opvallend dat kleurbewustheid in die Nuweveld, gedurende die eerste twee dekades van die 19 de eeu, telkens ter sprake was wanneer grondkwessies soos plaasverdringing in gedrang gebring is en 'n stilstand in Boesmanaanvalle terselfdertyd 'n versnelde "uitwaartse" veeboeruitbreiding moontlik gemaak het.

Hierdie argument word deur die gesaghebbende navorsing van Penn en Elizabeth Anderson bevestig. Toe die voorste punt van die noordoostelike veeboerbeweging aan die Sneeuberge weens Boesmanweerstand gestuit is, het dit volgens Penn byvoorbeeld dieselfde kettingreaksie na agter veroorsaak as wanneer 'n trein skielik tot stilstand gedwing sou word. In die distrikte Nuweveld, Roggeveld en die Hantam het sodoende 'n skaarste aan grond ontstaan. Dit het uitbreiding moeilik gemaak en konflik binne die veeboersektor oor toegang tot water en weiding verhoog. Namate hierdie distrikte digter bevolk geraak het, het hierdie konflikte binne die blanke gemeenskap en oor die kleurgrens verskerp. Dit het op sy beurt weer toenemend die aandag van die owerheid op die probleem gevestig. Sodoende het die aanvanklik geïsoleerde gevalle van onmin oor toegang tot water en weiding 'n politieke probleem geword. Geleidelik was die regering genoodsaak om groter beheer oor hierdie konflikte uit te oefen. Dit kon alleenlik vermag word deur groter owerheidsbeslag in die gebiede te probeer vestig. Vir die veeboere was die nadelige uitwerking hiervan dat beter owerheidsbeheer die groter mate van bewegingsvryheid en eiegeregtigheid van die oop grenssituasie stopgesit het, wat die grens vir alle praktiese doeleindes gesluit het.

Onder hierdie omstandighede het armer lede van die blanke samelewing, asook groepe soos

⁴¹ KAB, 1/ BFW 9/45, Letters Received Field Cornets, 1819-1820, Rapport wegens de twist die er voorgevallen is tuschen die hysvrou van Petrus Harmse met name Johanna Steyn en de dogter van Willem Bruwer met name Anna Bruwer, 17-9-1819, No. 252.

Basters, wie se aanvaarding binne daardie gemeenskap meer gebaseer was op 'n veranderlike interafhanklikheid en daarom tentatief was, onder druk begin kom. Dit het in die praktyk daarop neergekom dat die status van hierdie individue en groepe binne die breë blanke gemeenskap, drasties gedaal het. Vir die verstoteling uit blanke geleedere was daar geen ander opsie as om steeds nader aan die noordelike grense van die grensdistrikte - en selfs oor die grense van die kolonie - uit te wyk nie. Dit was die enigste manier om enigsins aan die kompetisie vir grond en die gepaardgaande konflikte te probeer ontsnap.⁴²

Ten opsigte van die Basters van die Kareeberge het hierdie proses gedurende die eerste drie dekades van die 19de eeu 'n hoogtepunt bereik. Op daardie tyd is groot groepe Basters uit die gevestigde distrikte verdryf en was die meeste genoodsaak om hulle aan die buitewyke van die blanke gemeenskap te vestig. Hierdie verdringing maak dit enersyds makliker om die verdere geskiedenis van die Kareebergbasters na die 1830's te rekonstrueer. Die groot aantal Basters wat toenemend uit blanke geleedere verdryf is, het immers sodoende terselfdertyd in die oorwegend blanke dokumentasie 'n groter mate van eie identiteit begin ontwikkel. Aan die ander kant bemoeilik dit sake nog steeds. Die rede hiervoor is dat die lotgevalle van "gekleurde" gemeenskappe buite die grense in die oorwegend blanke dokumentasie minder prominensie geniet, of bloot volgens die blanksentriese vooroordele van die tyd getipeer word. Hierdie skeidingsproses tussen die dominante blanke gemeenskap en die Basters onderstreep nietemin 'n belangrike ontwikkelingsfase in die geskiedenis van die Kareebergbasters. Veral ten opsigte van die Kareebersending gee dit in wese historiese perspektief aan die probleme waarmee die sendelinge ten opsigte van die grondkwestie geworstel het. Eers wanneer die skeidingsproses tussen blank en Baster begryp word, kan enige begrip ontwikkel word van hoe ingewikkeld die Kareeberggrondgeskille in werklikheid was. As dit verder terselfdertyd aan die konserwatiewe wêreld- en lewensbeskouing van die Rynse sendelinge gekoppel word, illustreer dit hoe erg die sendelinge uit voeling was met die politieke realiteite van die Kareebersreek. Daarom verdien dit om meer indringend ondersoek te word.

Die eerste kwessie het te make met die ambivalente status van Basters binne blanke geleedere. Soos aangetoon, was hul status onderhewig aan die mate waarin hierdie mense die breë blanke samelewing gedurende tye van onsekerheid en gevaar van nut kon wees. Hoewel die status van Basters binne blanke geleedere gedurende die laaste dekades van die 18de eeu in die wandel gefluktueer het tussen volkome aanvaarding en verwerping, blyk dit dat die mees uitstaande kriterium vir aanvaarding geleë was in die militêre rol wat die Bastergemeenskap gespeel het in die oorlewingsstryd van die veeboeruitbreiding teen die byna daaglikse aanslae van die Boesmans.⁴³ Toe die eerste blanke veeboere in die Hantam, Roggeveld en Nuweveld ingetrek het, was hulle getalle doodgewoon te min om die verwoede aanslae van die Boesmans effektief op eie houtjie teen te staan. So effektief was die Boesmanweerstand in die Kareebersreek dat die hele veeboersektor, insluitende hul Khoi-arbeiders, dikwels gevaar geloop het om heeltemal uitgewis te word. Om die voortbestaan van alle veebesitters te waarborg, is daar gevolglik toenemend in blanke geleedere informeel klem geplaas op sogenaamde "mak Hottentotte" en Basters. Om die getaloorwig van die Boesmans teen te werk, moes daar dus noodwendig vennootskappe aangegaan word met diegene wat dieselfde gevare in die gesig gestaar het. Vanuit 'n suiwer blanke perspektief het hierdie bondgenootskappe ook gefokus op diegene wat ten nouste met die oorwegend blanke trekboerbeweging geïdentifiseer het (Basters), of andersyds

⁴² N. Penn, *Pastoralists and Pastoralism in the Northern Cape frontier zone during the 18th century*, in M. Hall and A. Smith(eds), *Pastoralism in South Africa, The South African Archaeological Society Goodwin Series*, No 5, July 1986.

⁴³ N. Penn, *The Northern Cape Frontier Zone, 1700-1815*, pp. 253-255.

geen eie keuse meer kon uitoefen nie (Khoisan-arbeiders).

Ten opsigte van laasgenoemde groep het militêre bondgenootskappe egter altyd die inherente gevaar ingehou dat die enigste voorsprong wat die boeregemeenskap op hul vyande geniet het, naamlik toegang tot vuurwapens, op die lange duur in die verkeerde hande kon beland. Hierdie moontlikheid is vir die beleërde veeboersektor male sonder tal bewaarheid wanneer twyfelagtige Khoikhoi-vertrouelinge bewapen is en hulle die geleentheid gesien het om eerder met die vyand gemene saak te maak. Afgesien daarvan dat gewapende “mak Hottentotte” of Khoikhoi-arbeiders uiters gevaarlike vyande uitgemaak het wanneer hulle met wapens gedros en die geleedere van die vyand versterk het, het hulle ook dikwels belangrike regeringsinformante vir ongemagtigde kommando-optredes geword. Teen die einde van die 18de eeu het al hoe meer gevalle van “Khoisan-verraad” in die grensdistrikte voorgekom. Hiervan was die Khoikhoi-rebellie tydens die Derde Oosgrensoorlog en die ontstaan van talle oorlamse bendegroepe aan die Noordgrens die mees uitstaande.⁴⁴ So is die inherente gevaar van hierdie bondgenootskappe vir die veeboersektor dus altyd lewend gehou.

In die sterk gestratifiseerde boeregemeenskap waarbinne Khoisan-arbeiders die laagste trap op die sosiale leer bekleed het, was die kans dus baie groter as Khoisan-arbeiders, eerder as Basters, met die vyand kon identifiseer. Daarom is toenemend groter voorkeur aan Basters bo ander groepe gegee om die kommandogeleedere te versterk. Die feit dat die Bastergemeenskap as veeboere dieselfde gevare getrotseer het as hul blanke eweknieë, maar veral die neiging wat algemeen onder hierdie groep bestaan het om baie sterk met hul blanke herkoms te assosieer en voortdurend na volkome aanvaarding in daardie gemeenskap te hunker, het hulle vanuit die perspektief van die blanke veeboere uiteraard meer ideale bondgenote in die stryd teen die Boesmans gemaak. Daar bestaan afdoende bewyse dat die Bastergemeenskap, in ‘n futiele poging op aanvaarding binne blanke geleedere en met die goedkeuring en ondersteuning van die breë blanke gemeenskap, aan veel ernstiger vergrype ten opsigte van die Boesmans skuldig was as wat die talle blanke kommando’s ooit kon wens om te wees.⁴⁵ Juis daarom het die Bastergemeenskap in sy geheel gesien, ‘n veel sterker vertrouensposisie in blanke geleedere bekleed wat mettertyd in ‘n ondergeskikte, suiwer militêre rol ontwikkel het.

Die ontstaan en ontwikkeling van die militêre rol van Basters binne blanke geleedere in die noordwestelike grensdistrikte word ten beste geïllustreer as ‘n meer diepgaande analise van die rol van Basters in die dekades lange stryd teen die Boesmans van die Kareebergstreek gedoen word. Die betrokkenheid van die Bastergemeenskap by kommandodiens het in die 1770's ‘n aanvang geneem. Op daardie stadium het die veiligheidsituasie vir die veeboergemeenskap sodanig versleg dat selfs die regering toegestem het dat die oplossing van die Boesmanprobleem in die totale uitwissing van hierdie groep gelê het. Hierdie besluit was ten dele gebaseer op druk vanuit die blanke veeboersektor, wie se uitbreiding in ‘n noordoostelike rigting weens verbete Boesmanweerstand in die Sneeuberge gestuit is. Soos reeds aangetoon, het dit ‘n ernstige gebrek aan bewegingsruimte vir die groot veeboergesinne in die distrikte Nuweveld, Roggeveld en die Hantam veroorsaak. Terselfdertyd is sake in hierdie distrikte verder bemoeilik deur groot getalle vyandiggesinde Boesmans in die Kareeberge wat vanuit hul veilige skuilplaatse in die bergagtige

⁴⁴ Oor die rol van Khoikhoi tydens die Derde Grensoorlog, 1799-1803 sien: S. Newton-King en V.C. Malherbe, **The Khoikhoi Rebellion in the Eastern Cape**.

⁴⁵ Vir meer besonderhede oor die rol van die Basters in die uitwissing van die Boesmans sien die verslae van die resident-magistraat van Namakwaland, Louis Anthing, aan die prokureur-generaal in KAB, CO 4414, Arrear correspondence, Civil Commissioners, Resident Magistrates, Aborigines, Diamond Fields, 1862-1869 soos aangehaal in M. Broodryk, **Die Kaapse Noordgrensoorloë**, pp. 19-20.

omgewing enige veeboeruitbreiding oorkant die Sakrivier onmoontlik gemaak het. Weens die getaloorwig van die Boesmans en die onbegaanbare terrein is die tegnologiese voorsprong van die veeboergemeenskap uitgekanselleer. So is 'n tipe militêre ewewig gevestig wat veeboeruitbreiding oor die lengte en breedte van die grensdistrikte effektief gestop het.

Vir die veeboersektor van die noordwestelike distrikte was die enigste verdere hoop op uitbreiding in 'n noordwaartse rigting dus gebaseer op die mate waarin die weerstand van die Boesmans in die Kareebergstreek suksesvol verbreek kon word. Vir die armer sektor van die gemeenskap, veral vir diegene soos Basters en die enkele oorblywende Khoikhoi-veebesitters wat nog altyd aan die buitewyke van blanke aanvaarding 'n bestaan moes maak, was hierdie realiteite van nog groter belang. As verloorders in die toenemende grondgeskille binne die gevestigde distrikte en met geen hoop op verdere uitbreiding buite die amptelike grense nie, was die enigste uitweg gerig op grond aan die buitewyke wat deur die Boesmans beset is. Vir hierdie groepe was daar dus geen ander uitweg nie as om aktief aan die berugte algemene kommando's van die 1770's mee te doen.

Volgens die jongste navorsing het die algemene kommando van 1774 egter met veel meer as bloot die uitwissing van die Boesmans te make gehad. In 'n sekere sin het dit die status van die sogenaamde "mak Khoikhoi" en Basters in blanke geledere vasgelê. Volgens Penn het die begrippe "Bastaard" en "Bastaard-hottentotte" dan ook op hierdie tydstip sy beslag gekry. Die algemene kommando van 1774 verteenwoordig dus vir hom 'n belangrike keerpunt in die sosiale ordening van die koloniale samelewing aan die Noordgrens. Vir die bedreigde veeboergemeenskap was dit aan die vooraand van die baie belangrike algemene kommando van uiterste belang om die presiese status van alle gekleurde groepe in die grensgebied te bepaal, soveel te meer vir diegene wat deur die blankes bewapen is en van wie hulle grootliks afhanklik was om militêre slaankrag tydens die kommando te verhoog. Die algemene denkwysie in blanke geledere was dat diegene wat hulself nie onvoorwaardelik aan die kant van die veeboersektor geskaar het nie maklik deel van die vyand kon wees. Sodra die kommando's uitgetrek het en groot gedeeltes van die bewoonde distrikte kwesbaar agtergelaat het, was dit dus uiters noodsaaklik om duidelik tussen vriend en vyand te kon onderskei.

Hoewel die klem aanvanklik geplaas is op die aantal "Hottentotte" in die onderskeie veldkornet-skappe wat 'n wapen kon hanteer en as betroubaar bestempel kon word, het die kommandolyste wat in opdrag van die krygsraad deur die veldkornette opgestel is uiteindelik die belangrike onderskeid tussen die getal "burgers"(100) en "Baster-hottentotte"(150) gemaak. Hierdie klemverskuiwing van "Hottentotte" na "Bastaard-Hottentotte" (ook "Bastaards" en ander "Hottentotte"), asook die feit dat die Baster-Hottentotte in die meerderheid was, is vir Penn van groot belang: "The shift in terminology is not a trivial point, for it indicates that there was a growing realisation that there was a new social category to be accounted for at the Cape. In fact it would not be an exaggeration to state that it was the exigencies of military defence that prompted the official mind to attempt to conceptualise or categorise the phenomena of "Bastaards" or "Bastaard-Hottentots." The words are rarely found in the records before 1774, but are frequently used thereafter. It was important for the authorities to decide what military duties should be expected from - and what civic rights should be given to - people of mixed descent or illegitimate birth (either Khoikhoi-European or Khoikhoi-slave), or both, who could shoot, ride, speak Dutch and profess Christianity. In view of the military crisis the authorities were quick to decide that "Bastaard-Hottentots" and "Bastaards" were eligible for commando service, but less

quick to grant them equality with the Europeans.”⁴⁶

Die groot aantal Basters en ander “gekleurdes” wat in die kommandolyste apart van gewone burgers gelys is, asook die agterdog waarmee hierdie meelopers in kommandogeleedere bejeën is, illustreer baie duidelik die tendens dat die oorgrote meerderheid Basters alreeds in hierdie vroeë stadium die stryd om aanvaarding en gelykberegtiging binne blanke geleedere grootliks begin verloor het. Hoewel hul status binne daardie gemeenskap toenemend begin daal het tot dié van gewone Khoikhoi-arbeiders of “mak Hottentotte”, moet daar egter nie uit die oog verloor word nie dat groot getalle Basters in hierdie stadium steeds ‘n onafhanklike veeboerbestaan binne die blanke distrikte gevoer het. Vanuit hulle perspektief was kommandodeelname dus enersyds daarop gebaseer dat hulle dieselfde gevare as blanke veeboere gedeel het. Aan die ander kant het militêre deelname ook die moontlikheid, hoe gering ook al, tot sosiale aanvaarding binne blanke geleedere ingehou.⁴⁷

Die strewe na volkome sosiale aanvaarding binne blanke geleedere het vir die Bastergemeenskap in die daaropvolgende jare na die algemene kommando’s egter nie gematerialiseer nie. Vir die blanke kommandolede was die Basters in hul midde doodgewoon meer betroubare bondgenote as hul Khoisan-werkers.⁴⁸ Dat hierdie gevolgtrekking korrek is, blyk daaruit dat die Amandelboombasters later ‘n emosionele pleidooi aan die owerheid gelewer het dat hulle oor etlike dekades heen as die “skoonmakers” aan die voorpunt van die blanke veeboeruitbreiding gestaan het, die hele streek ten opsigte van die “Boesmangevaar” “makgemaak” het en daarom beloning in die vorm van grond verdien het. Toe hierdie argument in 1856 geopper is tydens ‘n vergadering op Amandelboom wat deur Auret in opdrag van die regering belê is om die grondkwestie tussen die Basters en blankes te bespreek, het ‘n groot aantal blankes uit die aanliggende blanke distrikte wat die vergadering bygewoon het die sentimente van die Basters beaam. Slegs die kleinseun van die welbekende veldkornet, J.A. Nel van die Hantam, het sterk eksepsie geneem teen die “gesnoef” van die Basters. Hy het beweer dat die eer vir die “skoonmaakproses” van die Kareebergstreek sy grootvader moes toekom.⁴⁹ Eerwaarde Lutz het ook telkemale dieselfde sentimente van die Bastergemeenskap teenoor die regering verwoord. By ‘n paar geleenthede het hy teenoor die owerhede aangevoer dat die Basters van Amandelboom oor jare heen lojale “burgers” was. Volgens hom het hulle nooit gekroom om gehoor te gee aan owerheidsinstruksies vir kommandodiens teen die Boesmans, of tydens die grensoorloë aan die oosgrens nie - iets wat ‘n mens nie van hul blanke bure kon sê nie. Volgens die sendeling het die Bastergemeenskap telkens dienswillig gehoor gegee aan hulle oproepinstruksies terwyl die oorgrote meerderheid blankes elke keer en op elke denkbare manier hul verpligtinge in hierdie verband probeer ontduik het.⁵⁰

Die algemene kommando’s van 1774 het talle uiters belangrike gevolge vir alle veebesitters van die Kareebergstreek en omgewing gehad. In die eerste plek het die primêre doelstelling van die offensief teen die Boesmans, naamlik die totale uitwissing van die groep, jammerlik misluk. Ten

⁴⁶ N. Penn, *The Northern Cape Frontier Zone, 1700-1815*, p. 254.

⁴⁷ *Ibid.*, p. 257.

⁴⁸ *Ibid.*, pp. 254-255.

⁴⁹ VEM, B/C I 19, Lutz, *Tagebuch* No 25 von J.H. Lutz vom 27-9-1856 bis 30-11-1856. “Verslag van de byeenkomst gehouden op Amandelboom, den 10 November 1856.”

⁵⁰ *Ibid.*, *Tagebuch* No 16 von J.H. Lutz vom September 1850 bis 5-3-1851, “8-2-1851.”

spyte daarvan dat groot getalle Boesmans tydens hierdie operasie uitgewis is, is nie daarin geslaag om hulle weerstand as sodanig finaal te verbreek nie. Intendeel, in die daaropvolgende jare het Boesmanrooftogte in die Hantam, Roggeveld en Nuweveld eerder toegeneem. Die reeds onveilige situasie in die streek het aansienlik toegeneem en daarmee saam die militêre rol van die Bastergemeenskap in blanke geledere bevestig. Die toename in geweld ná die 1774 algemene kommando het meer as ooit tevore die betrokkenheid van Basters in die stryd teen die Boesmans benodig. Onmiddellik na die algemene kommando het die hele veeboersektor byvoorbeeld die teiken van verbete Boesmanwraakaanvalle geword. So verbete was die aanslag dat dit feitlik voltydse kommando's teen die rowers genoodsaak het.

Namate geweld tydens die laaste drie dekades van die 18 de eeu aan die Noordgrens toegeneem het en kommando's genoodsaak was om feitlik op 'n daaglikse basis teen die Boesmans uit te trek, het die toenemende militêre rol van die Bastergemeenskap in blanke geledere dienooreenkomstig verstewig. Terselfdertyd is hulle steeds meer in blanke geledere bloot as handige kommandomeelopers gesien, wie se sosiale status andersins nie veel van dié van die Khoikhoi verskil het nie.⁵¹ Die toename in geweld na die mislukte algemene kommando het die militêre probleem in die gevestigde distrikte van die noordweste beklemtoon en daarmee saam die eensydige militêre posisie van die Basters binne daardie gemeenskap versterk. Terselfdertyd het dit ook die gebrek aan grond en gepaardgaande omgewingsprobleme, soos oorbeweiding en oorbenuiting van waterbronne, sterk op die voorgrond geplaas. In hierdie stadium het die verbete aanvalle van die Boesmans immers nie alleen enige verdere gebiedsuitbreiding totaal onmoontlik gemaak nie, maar selfs daartoe meegewerk dat die veeboersektor meer grond verloor het. Talle gebiede wat voorheen beset was, moes weens die onveilige situasie noodgedwonge weer verlaat word. Sodoende is die kompetisie vir grond verhoog. Onder die heersende omstandighede het die enkele Basters wat nog toegang tot grond gehad het 'n steeds groter wordende kans gestaan om dit te verloor. Dit het uiteraard die onsekere posisie van die Basters binne daardie gemeenskap verder op die spits gedryf.

In die verhoogde kompetisie om grond het die meer welgestelde sektor van die blanke veeboere terselfdertyd hul greep op die toekenning van grond versterk. Die armer veeboer en die Bastergemeenskap het al hoe minder toegang tot hierdie belangrike produksiemiddele verkry. Die gesiene blanke sektor het selfs sy aansienlike ekonomiese invloed op ander gebiede laat geld. Gedurende die eerste dekades van die 19 de eeu is die las van verdediging byvoorbeeld toenemend op die armer trekboere, Khoikhoi en Basters afgeskuif, soveel te meer toe die owerheid later oogluikend toegelaat het dat boere hulle arbeiders in hul plek op kommando kon stuur, of 'n afkoopboete vir hul afwesigheid kon betaal.⁵² In die Hantam het die uiters invloedryke Van Breda- en Van Reenen-families hulle byvoorbeeld min aan hul kommandoverpligtinge gesteur. So invloedryk was hierdie families dat hulle selfs geweier het om hul aansienlike aantal arbeiders op kommando te stuur. Dit het groot ontevredenheid onder die armer sektor van die Hantam-distrik veroorsaak.⁵³ Op hierdie wyse was die minder invloedryke sektor van die samelewing in 'n knyptangsituasie vasgevang. Vir die Bastergemeenskap het dit in die praktyk daarop neergekom dat hulle status binne die breër blanke samelewing aan die een kant tot dié van gewone arbeiders gedaal het. Andersyds het die toenemende probleme met die Boesmans feitlik

⁵¹ N. Penn, *The Northern Cape Frontier Zone, 1700-1815*, pp. 258-258.

⁵² KAB, CO 2620, Letters from Tulbagh, Fischer-veldkornet Nel, 3-5-1819; CO 2715, Letters from Graaff- Reinet, Landdros-Goewerneur, November 1829.

⁵³ N. Penn, *The Northern Cape Frontier Zone, 1700-1815*, pp. 309-310.

alle moontlikhede om byvoorbeeld weg te trek en so aan die situasie te ontsnap, onmoontlik maak.

Vir sommige Basters wat gelukkig genoeg was om 'n veilige deurgang na die Oranjerivier te kon maak, het dit 'n welkome verligting gebied. Daarom het baie gepoog om na hierdie gebied te verhuis. Aan die ander kant het die Oranjeriviergebied 'n ewe onsekere bestaan gebied. In twee belangrike opsigte was die Benede-Oranje in hierdie stadium nie noodwendig die gewenste gebied om heen uit te wyk nie. Eerstens was oorlewing in die omgewing van die Oranje net so onveilig as elders, omdat die gebied teen die einde van die 18 de eeu alreeds deur 'n aansienlike aantal parasitiese rowerbendes bewoon is. Hierdie groepe het dikwels groot verwoesting onder ander gemeenskappe daar gesaai. Belangriker nog was dat die voortdurende aanvalle van die Boesmans op die blanke sektor hulle woede teenoor enige moontlike vyande van hul veeboerbestaan tot onredelike hoogtes aangeblaas het. So intens was die gevoel van totale bedreiging onder die trekboergemeenskap, dat enigeen buite hierdie gemeenskap ten regte of ten onregte die wesenlike gevaar geloop het om as vyande gebrandmerk te word. Dit het op sy beurt die verdere gevaar ingehou dat diegene wat tot vyand van die oorwegend blanke trekboergemeenskap verklaar is, die verbete en dikwels ongenadige kommando-aanvalle ten prooi kon val. Onder hierdie omstandighede was die gevaar soveel te meer vir sogenaamde "mak Hottentotte" en Basters wat dit sou waag om hul vertrouensposisie binne daardie gemeenskap te skend deur te vlug.⁵⁴ Vir die meeste Basters van die noordweste was die onsekere realiteite buite blanke geleedere dus in die algemeen nog groter as hul ondergeskikte posisie binne daardie samelewing. Binne blanke geleedere was hul veiligheid ten minste meer gewaarborg as daarbuite. Terselfdertyd het hulle as militêre bondgenote van die blanke sektor ook meer geredelik toegang tot vuurwapens en ammunisie gehad - 'n uiters belangrike voordeel vir hierdie groepe aan die Noordgrens. Juis daarom het die oorgrote meerderheid Basters teen die einde van die 18 de eeu steeds grootliks binne blanke geleedere gebly.

Weens die aanslae van die Boesmans en die onvermoë van die owerheid om hierdie gevaar te elimineer, is die noordwestelike grens van die Kaapkolonie gedurende die laaste dekades van die 18de eeu gekenmerk deur onrus en selfs grootskaalse anargie onder sy inwoners. Gebrekkige owerheidsbeheer en die voortdurende agteruitgang in die veiligheidsituasie van die Roggeveld en Hantam gedurende die 1790's, het talle nuwe implikasies vir die inwoners van die streek ingehou. In 'n atmosfeer van magtelose bedreiging en gebrekkige of onsimpatieke beskerming van die owerheid, het dit die ideale klimaat vir algehele wetteloosheid en eiegeregtigheid geskep. Dit het op sy beurt tot gevolg gehad dat gesindhede verhard het. Teen hierdie agtergrond het dit selfs die moontlikheid geskep vir kriminele elemente binne alle groepe om die situasie tot hulle eie voordeel te probeer uitbuit.

Die onwettige handelsekspedisie van veldwagtmeester Adriaan van Zijl van die Hantam in 1786 na groot Namakwaland, wat op niks minder as 'n bloedige rooftog neergekom het nie en waartydens 'n groot aantal Khoikhoi wreed vermoor is, was maar een sodanige voorbeeld van hoe die onsekere situasie aan die Noordgrens deur gewetenlose skelms met die luukse van wapens aan hul kant uitgebuit is. Wat die Van Zijl-ekspedisie so belangrik maak, is dat dit 'n voorbeeld is van hoe iemand as veldwagtmeester sy vertrouensposisie uitgebuit het om onder valse voorwendsels die nodige wapens en ammunisie te bekom om sogenaamd die Boesmangevaar die hoof te bied. In werklikheid het hy dit bloot tot eie voordeel en tot algemene nadeel van die veiligheidsituasie in die hele streek aangewend. Ironies genoeg sou hierdie rooftog, insluitende inligting oor die

⁵⁴ Ibid., pp. 255-256.

bloedbad wat daarmee gepaardgegaan het, waarskynlik nooit op die lappe gekom het as dit nie was vir die Khoikhoi wat die ekspedisie vergesel het en by hul terugkeer nie ooreenkomstig hulle verwagtinge vir hul aandeel deur Van Zijl vergoed is nie. Toe Van Zijl byvoorbeeld gekonfronteer is met die groot aantal Khoikhoi wat tydens die aanval gesneuwel het, het hy na bewering ongeërg geantwoord: “Het is voor my even so goed als of ik een blad van een boom trek en die Heeren vraagen niet eens na een Hottentot.” As hierdie opmerking van Van Zijl enigsins verteenwoordigend was van die algemene gevoel onder die blanke inwoners van die noordweste ten opsigte van hul gekleurde bondgenote in die stryd teen die Boesmans, dan onderstreep dit die argument dat die status van hierdie mense in blanke geleedere niks verder gestrek het as dié van handige meelopers nie.”⁵⁵

‘n Belangrike gevolg van die dalende status van Khoisan en Basters as bondgenote in blanke geleedere was dat dit ontevredenheid onder hierdie groepe aangewakker het. Terselfdertyd is die gevare ten opsigte van die bewapening van ondergeskiktes, veral die Khoisan, in ‘n nuwe gedaante vir die blanke samelewing beklemtoon. Vir die Khoikhoi wat Van Zijl se kriminele daad op die lappe gebring het en hom by die owerhede in ellende gedompel het, was dit immers ‘n soete wraak wat direk voortgespruit het uit dit wat hulle as verraad beskou het. Van nog groter belang is die feit dat die Oranjerivier-omgewing, ten spyte van al die gevare daar, teen die einde van die 18de eeu vir al hoe meer onvergenoegde ondergeskiktes binne blanke geleedere ‘n meer aanvaarbare alternatief begin word het. Groot getalle Basters, maar veral Khoisan, het na die walle van die Oranje uitgewyk. Daar het hulle as sogenaamde “oorlamse” die geleedere van reeds bestaande parasitiese bendegroepe versterk. Spoedig het hierdie groepe die nuwe verskrikking van die Noordgrens geword.⁵⁶

3.3. Regeringsoptrede in die toenemende verslegtende veiligheidsituasie van die noordwestelike grensdistrikte

Hierdie proses is verder in die hand gewerk toe wetteloosheid aan die Noordgrens toenemend die aandag van die owerhede na die gebied gedwing het. In die praktyk het dit daarop neergekom dat groter owerheidsbetrokkenheid maatreëls ingestel het wat ten opsigte van die algemene veiligheidsituasie nie noodwendig meer doelgerig of effektief was nie, maar nietemin die grens ten opsigte van die blanke veeboersektor effektief laat sluit het. Die grootliks onbeheerde kommando’s en gevoel van eiegeregtigheid in blanke geleedere oor hoe die probleem opgelos moes word, het ‘n ernsige knou gekry toe die owerheid deur middel van strengere wetgewing stelselmatig groter beheer oor die gebied probeer verkry het. Hierdie stap het hand aan hand gegaan met ‘n string negatiewe gevolge vir ondergeskiktes binne daardie gemeenskap.

Vir die inwoners van die Hantam, Roggeveld en Nuweveld het die sluiting van die grens teen 1810 geen verbetering ten opsigte van die veiligheidsituasie gebring nie. Veel eerder het dit hulle situasie in ten minste twee belangrike opsigte eerder verswak as verbeter. In die eerste plek het die ontstaan van bendegroepe in die omgewing van die Oranje en die skrikbewind wat hulle onder leiding van deurtrapte skelms soos Bloem, Pienaar en andere tot diep in die gevestigde distrikte gevoer het, veral onder regeringsamptenare die oortuiging laat ontstaan dat die uitwissingsbeleid teenoor die Boesmans jammerlik gefaal het. Die uitwissingsbeleid was nie alleen ‘n volslae mislukking nie, maar dit het ook ernstige nuwe-effekte gehad. ‘n Ontstellende realiteit was dat die ontstaan van hierdie nuwe vyandige groeperinge inderwaarheid ‘n direkte uitloper was van

⁵⁵ Ibid., p. 316.

⁵⁶ Ibid., pp. 288-295.

die mislukte uitwissingsbeleid teenoor die Boesmans. Erger nog was dat hierdie bendegroepe in baie opsigte 'n meer gedugte vyand as die Boesmans was.

Hierdie persepsies binne regeringskringe, dat geweld steeds meer geweld veroorsaak het, het verdere stukrag verkry deur die opkoms van filantropiese denkrigtings. Meer spesifiek het die idees van die alombekende reisiger, John Barrow, 'n uiters belangrike invloed op owerheidsdenke gehad. Kollektief het hierdie filantropiese invloede die blaam vir die onaanvaarbare situasie aan die Noordgrens vierkantig voor die deur van die koloniste gelê. In die besonder is daar in filantropiese kringe groot klem gelê op die ernstige vergrype van die gewilde kommandostelsel. Baie van hierdie aanklagte was so oortuigend dat die regering dit nie langer kon ignoreer nie. Vir Barrow was die grondoorsaak vir die voortdurende rooftogte byvoorbeeld dat die veeboersektor op die jaggebiede van die Boesmans oortree het, hul bestaansmoontlikhede ontwig het en deur middel van voortdurende kommando's hierdie gemeenskappe probeer uitwis het. Barrow het die wreedhede wat dikwels met die kommandostelsel gepaardgegaan het, grondig verafsku. In geen onduidelike taal het hy teenoor die owerheid verklaar dat die koloniste onder bedwang gebring moes word en dat die kommandostelsel afgeskaf moes word. Slegs as hierdie stappe gedoen sou word, kon enige positiewe verandering in die veiligheid van die noordwestelike grensdistrikte verwag word.⁵⁷

Die betekenis van Barrow se voorstelle het nie soseer gelê in die onvleiende terme waarin hy die koloniste geskilder het nie, of die herrie wat dit op sigself aan die Kaap in veeboergeledere veroorsaak het nie, maar veel eerder in die feit dat hy koloniale beleid vir 'n lang tyd beïnvloed het. Soveel te meer op 'n regering wat in hierdie stadium alreeds oortuig daarvan was dat die voormalige beleid teenoor die Boesmans gefaal het en dat dit die eintlike rede was vir die ontstaan van 'n baie meer gedugte vyand. Die filantropiese denke het dus op vrugbare grond geval. Hierdie invloed sou nie alleen die veeboersektor diepliggend beïnvloed nie, maar sou uiteindelik ook uitkring na die Bastergemeenskappe binne blanke geleedere. 'n Direkte gevolg van Barrow se aanbevelings was dat die Britse administrasie wat die VOC-bewind in 1795 opgevolg het, bykans 'n obsessie ontwikkel het met grensvasstellings en die beskerming van inheemse groepe binne afgebakende gebiede. Belangriker nog is dat die owerheid ook in navolging van Barrow se idees daadwerklik, hoewel nie altyd suksesvol nie, gepoog het om die kommandostelsel aan bande te lê.⁵⁸

Vir die gewelddeteisterde Hantam, Roggeveld en Nuweveld het hierdie verwickelinge ernstige implikasies gehad. In die eerste plek was die opgesweepte inwoners van hierdie distrikte nie so oortuig daarvan dat die uitwissingsbeleid ten opsigte van die Boesmans gefaal het nie. Die jarelange stryd teen die Boesmans wat die meeste veeboere van die streek in die vorm van roof, moord en eindelose kommandodienste feitlik daagliks aan die lyf gevoel het, het meer as ooit tevore gesindhede teenoor eersgenoemde opgesweepte. Soveel te meer nog op 'n tydperk toe die uiters gevaarlike groepe in die Kareeberge toenemend in besit van wapens begin kom het en die tegnologiese voorsprong wat die boere nog altyd oor hul vyande geniet het, al hoe meer in die niet begin verdwyn het. Die heersende gevoel onder die oorgrote meerderheid veeboere was dat die vyand slegs met groter doelgerigtheid vervolgd en uitgewis moes word.⁵⁹ Barrow se onvleiende

⁵⁷ J. Barrow, *Travels.....*, Vol 1, pp. 290-293, N. Penn, *The Northern Cape Frontier Zone, 1700-1815*, pp. 387-391.

⁵⁸ Vir die invloed van Barrow op die Eerste Britse Besetting sien: Boucher en Penn, *Britain at the Cape*, pp. 91-170 en M. Streak, *The Afrikaner as Viewed by the English, 1795-1854*, pp. 1-22.

⁵⁹ N. Penn, *The Northern Cape Frontier Zone, 1700-1815*, pp. 389,392-393.

opmerkings oor die veeboersektor van die samelewing en die feit dat die nuwe Britse bewind genoeg waarde aan sommige van sy idees geheg het om dit te implementeer, het gesindhede teenoor die nuwe bewindhebbers ook negatief beïnvloed. Hoewel daar ter verdediging van die veeboere aangevoer kan word dat baie van Barrow se idees meer gerig was op toestande aan die Oosgrens en hy, net soos goewerneur Mcartney, nie altyd die invloed van geografiese faktore op die grensgemeenskappe ten volle begryp het nie, was daar aan die ander kant inderdaad ook geen bewyse dat die bese kringloop van geweld in die voorafgaande jare enige positiewe resultate opgelewer het nie.

Die versoeningsbeleid wat tydens die tussentydse regerings vanaf 1795, maar veral na die tweede Britse besetting van die Kaap in 1806 teenoor alle inheemse groepe in die grensdistrikte in volle swang gekom het, is in die Kareebergstreek op 'n skeptiese en onwillige veeboerbevolking afgedwing. Soos reeds aangetoon, het die uitwissing van die Boesmans die enigste moontlikheid op uitbreiding in die Kareeberge vir die veeboere gebied. Dit was iets wat met die nuwe denkrigtings toe nie alleen onmoontlik was nie, maar ook hoogs onwettig. Die hele Kareebergstreek is immers tot 'n reservaat vir die Boesmans verklaar. Hoewel Barrow dikwels vir hierdie kentering in regeringsbeleid ten opsigte van die Boesmans gekrediteer word, was daar alreeds in die 1870's - toe 'n volskaalse uitwissingsbeleid teenoor die Boesmans gevolg is - by tye in regeringskringe 'n mate van kommer oor die grootskaalse bloedvergiëting.⁶⁰ Die vrees dat geweld alleen maar meer geweld gebaar het, is byvoorbeeld gedurende die 1790's weer eens opgehaal toe geweld, ten spyte van groot kommandobedrywigheide, hand oor hand toegeneem het. Na Barrow se waarnemings het besorgdheid binne regeringskringe steeds meer toegeneem; sekerlik toe die direkte verband tussen die ontstaan van meer gedugte bendes en gesanksioneerde geweld bo alle twyfel gelê is. Soos reeds aangetoon, het daar in hierdie stadium egter geen simpatieke boere vir die uitvoering van 'n meer humanitêre beleid bestaan nie. Dit was bykans ondenkbaar dat daar in veeboergeledere, ongeag ras of klas, selfs één gevind sou word wat hierdie beleidsrigting goedgesind sou wees. Daarbenewens was dit ook twyfelagtig of enige versoeningsbeleid teenoor die Boesmans in daardie stadium by dié groep enige indruk sou maak het. Juis vanweë hierdie twee faktore was die regering as't ware magteloos en is die ou VOC-grensreëlings tydens die tussentydse regerings aan die Kaap steeds toegepas.

Teen die einde van die 18 de eeu en veral gedurende die eerste dekade van die 19 de eeu het toestande aan die Noordgrens egter 'n wending geneem wat die voorafgaande struikelblokke vanuit regeringsperspektief uitgekanselleer het. Meer gunstige verwickelinge het 'n groter mate van indirekte owerheidsbeheer toe meer realisties maak. Die eerste belangrike faktor was die impak wat die lang stryd teen die Boesmans op hierdie gemeenskap in sy geheel gehad het. 'n Belangrike "positiewe" gevolg van die jarelange verbete stryd teen die Boesmans en die ontstaan van gewapende bendegroepe aan die Benede-Oranje was vanuit die perspektief van alle veebesitters dat die jagtersgemeenskap van die Kareebergstreek, insluitende Boesmanland, heeltemal omsingel was met vyandige veeboergroepe. Vanuit alle windrigtings is die omsingelde Boesmangemeenskap, hetsy met owerheidsgoedkeuring al dan nie, by elke moontlike geleentheid vervolgd en op groot skaal uitgewis. Terselfdertyd het grootskaalse strooptogte op die oorblywende wild van die streek vanuit die omliggende gebiede groter druk op die omgewing geplaas. Dit het op sy beurt die oorlewingsmoontlikhede van die Boesmans verder ernstig aan bande gelê. Al hierdie faktore het waarskynlik vir die eerste keer die ideale klimaat geskep wat die omsingelde Boesmangroepe baie meer geneë tot vredesvoorstelle sou maak. Die tyd was dus ryp om die voorstelle van Barrow as alternatief tot die onaanvaarbare siklus van geweld op die proef te stel.

⁶⁰ P. J. van der Merwe, *Die noordwaartse beweging van die boere voor die Groot Trek*, p.36.

‘n Tweede belangrike ontwikkeling was dat die owerheid in die persoon van Floris Visser van die Roggeveld ten minste een persoon in die andersins wraaksugtige boeregemeenskap gevind het wat hom nie alleen bereid verklaar het om ‘n versoeningsbeleid teenoor die Boesmans ten uitvoer te bring nie, maar ook indrukwekkende voorstelle gedoen het van hoe dit gedoen moes word.⁶¹ Visser se voorstelle, dat geskenke in die vorm van lewende hawe aan die Boesmans uitgedeel moes word om hul guns te wen, dat ‘n afgebakende gebied opsy gesit moes word vir die eksklusiewe gebruik van die Boesmans en dat wedersyds aanvaarbare kapteins aangestel moes word met wie onderhandel kon word, was in dié tyd, komende van die trekboeregemeenskap, rewolusionêr en heeltemal onverwags. Dit was bykans ondenkbaar dat sodanige voorstelle vanuit die boeregemeenskap moontlik was. Dit verbaas dan ook nie dat Visser ‘n groot indruk op die Britse owerhede gemaak het nie en dat hy in die daaropvolgende jare die rol van vredemaker in die Kareebergstreek begin aanneem het nie. Uiteindelik was hy as’t ware die hoof uitvoerende beampte van die regering se versoeningsbeleid in die streek. In watter mate Visser se rol as vredemaker uit innerlike oortuiging gekom het, of bloot ‘n opportunistiese skuif was wat gebaseer was op ‘n korrekte analise van die rigting waarin regeringsbeleid sou swaai, is debatteerbaar. Objektief gesien, was Visser se idees heeltemal uit pas met die algemene gevoel binne die res van die boeregemeenskap. Daarbenewens bestaan daar onbewese vermoedens dat sy rol as vredemaker en die goeie guns van die owerhede vir hom meer as net persoonlike aansien ingehou het.

Visser se voorstelle aan die regering is nietemin om verskeie redes met groot opgewondenheid en entoesiasme deur die goewerneur aanvaar. Dit het nie alleen in breë trekke ooreengestem met die aanbevelings van Barrow nie, al was sommige nie heeltemal uniek nie, maar die feit dat hy alreeds aspekte daarvan op eie stoom suksesvol op sommige Boesmangroepe in sy omgewing toegepas het, was vir die goewerneur tasbare bewys dat die noordweste gereed was vir die implementering van die beleid van versoening ten opsigte van die Boesmans. Die vooruitsigte op sukses was beter as ooit tevore - al het algemene samewerking vir die nuwe inisiatiewe in veeboergeledere nog glad nie bestaan nie. Op 24 Julie 1798 het goewerneur Macartney ‘n proklamasie uitgevaardig ingevolge waarvan uitvoering gegee is aan die nuwe beleidsrigting.

Dit blyk egter uit die navorsing van Penn dat die owerhede ‘n heeltemal ander doelstelling met die nuwe wetgewing gehad het as wat selfs Visser in gedagte gehad het. Terwyl die erkenning van die soewereine onafhanklikheid van die Boesmangroepe in die Kareeberge oorkant die Sakrivier en die uitdeel van skape as geskenke vir Visser ten doel gehad het om die Boesmans bloot tot vreedsame naasbestaan te beweeg, het die regering in hierdie maatreëls een stap verder gegaan. Vir die goewerneur was die uiteindelijke doelstelling van die nuwe denkrigting heel duidelik om die Boesmans tot “beskaafde en beskermde onderdane” van die Britse regering te ontwikkel, wat die beskermende gesag van die Britse owerheid sou erken en waardeer. Hierdie verhewe doelstelling was vanuit die staanspoor tot mislukking gedoem.

In die eerste plek het geen owerheid tot op daardie stadium daarin geslaag om die idee van gesag en onderdanigheid selfs onder die blanke sektor van die wanordelike grensdistrikte tuis te bring nie. Oor dekades heen het die inwoners van die grensdistrikte hulle nog altyd bra weinig aan regeringsordonnansies gesteur. Met hierdie wederstrewigheid het die Britse regeerders immers met die intrapslag in die Kaap in 1795 kennis gemaak. Die Britse oorname aan die Kaap het

⁶¹ Vir die mees resente en gesaghebbende navorsing oor die rol van Floris Visser in die noord-westelike grensdistrikte sien: N. Penn, *The Northern Cape Frontier Zone, 1700-1815*, pp. 399-410.

saamgeval met rebellies in die Graaff-Reinet- en Swellendam-distrikte.⁶² Vir jare sou die Britse regering met wisselende mate van sukses poog om hul opstandige blanke onderdane in die grensdistrikte aan enige vorm van owerheidsgesag te onderwerp. As die Britse administrasie so 'n opdraande stryd gevoer het om hul eie onderdane in bedwang te hou, was die kansse dus uiters skraal dat die nuwe beleidsrigting op sigself die Boesmans tot dienswillige Britse onderdane sou verander. Die enigste wyse waarop hierdie iewat misplaaste doelstelling enigsins bereik sou kon word, was om soos in die geval van die Khoikhoi, eers die hele tradisionele struktuur van daardie gemeenskap te vernietig en hulle as ondergeskikte arbeiders in die blanke samelewing op te neem. Ironies genoeg was laasgenoemde 'n moontlikheid as dit die bedoeling van owerheidskant was dat die lewende hawe wat aan die Boesmans geskenk moes word, hulle uiteindelik van hul jag- en versamelkultuur ten gunste van veeboerdery moes laat afsien. Alle aanduidings was dat selfs al sou hierdie ideaal bereik word, die Kareebergboesmans in die droogtegeteisterde streek in elk geval nie die mas as onafhanklike veeboere sou opkom nie. Hierdie gemeenskap sou ongetwyfeld, net soos in die geval van die Khoikhoi en tot 'n mindere mate ook die Basters, uiteindelik nie opgewasse wees teen die sterk kompetisie vir grond nie. Dit is in elk geval te betwyfel of die Boesmangemeenskap self die skape wat hulle as geskenke ontvang het as die eerste belangrike stap in die rigting van veeboerdery gesien het. Alle aanduidings was dat die geskenke redelik vinnig verorber is en dat die hele beginsel deur hierdie gemeenskap ten beste bloot gesien is as 'n vorm van welwillendheid. Andersyds was die veel ernstiger keersy daarvan dat dit ook 'n aanduiding van swakheid kon wees.⁶³

Die veeboersektor wat nooit oortuig was van die meriete van die nuwe stelsel nie en grootliks onder dwang genoodsaak was om daaraan mee te doen, het in elk geval die nouer kontak met die Boesmans nooit vertrou nie. Hierdie groepe het ook nooit geaarsel om die gevare verbonde aan die nuwe beleidsrigting voortdurend teenoor die owerheid uit te wys nie. Daar is byvoorbeeld dikwels gekla dat die Boesmans meesal as vriende hul geskenke kom opeis het om later as meer ingeligte rowers met groter sukses op dieselfde veeboerhuishouding toe te slaan.⁶⁴ Die welwillendheid waarop die hele beginsel van versoening geskoei was, het dus nie onder alle betrokkenes bestaan nie. Hoe hard die owerheid ook al probeer het om dit deur middel van wetgewing op die veeboersektor af te dwing, het dit nooit werklik posgevat nie.

Die enigste werklike positiewe gevolge wat gedurende die eerste twee dekades van die 19 de eeu ten opsigte van die veiligheidsituasie in die noordweste voorgekom het, en wat op die oog af aan die versoeningsbeleid teenoor die Boesmans en aan 'n groter mate van owerheidsbeheer oor die koloniste tydens die geslote grens toegeskryf kan word, was dat die Boesmanaanvalle in intensiteit afgeneem het. Sporadiese rooftogte het steeds voorgekom, maar nie teen dieselfde tempo as wat die geval was tydens die laaste twee dekades van die 18 de eeu nie.⁶⁵ Die Kareeberge was egter steeds in die oë van die veeboere 'n toevlugsoord vir allerlei vyande en die "samerotting" van meer vreedsame Boesmangroepe is in hierdie geleedere altyd gewantou.

Terwyl die relatiewe afname in geweld in die Hantam, Roggeveld en Nuweveld op hierdie

⁶² Vir meer oor die administrasie van die Kaap tydens die eerste Britse besetting sien: H. Giliomee, **Die Kaap tydens die Eerste Britse Bewind** en R. Elphick and H. Giliomee, (eds.), **The Shaping of South African Society, 1652-1840**, Hoofstuk 7.

⁶³ KAB, CO 2559, Letters from Graaff-Reinet, Landdros van Tulbagh-Goewerneur, Tulbagh, 25-4-1807.

⁶⁴ Ibid.

⁶⁵ Vir 'n lys van Boesmanrooftogte in die Hantam, Roggeveld, Nuweveld en Zakrivier sien: KAB, CO 2559, Letters From Graaff-Reinet, Landdros van Tulbagh-Goewerneur, Tulbagh, 25-4-1807.

tydstip ook toegeskryf kan word aan die feit dat die omsingelde Boesmangemeenskappe steeds onverpoosd deur veebesitters vanaf die Benede-Oranje vervolg is en al hul defensiewe aandag waarskynlik in dié rigting gefokus was, het Floris Visser nietemin ook daarin geslaag om met 'n groot aantal Boesmans oorkant die Sakrivier en in die Kareeberge vrede te sluit. Met gereelde tussenposes het hy berigte van suksesvolle vredesonderhandelinge met Boesmankapteins aan die Sakrivier en in die Kareeberge na die owerheid deurgegee - almal voormalige geswore vyande van die veeboersektor. Onder leiding van nuutaangestelde kapteins soos Orlam, Ruijter, Goedhard, Platjie en Vigiland het verskeie Boesmangroepe aan die Sakrivier en in die Kareeberge dankbaar hul geskenke in ontvangs geneem en plegtig beloof om hul voortaan aan die afgesproke vredesluiting te hou.

Die relatiewe afname in geweld in die noordwestelike grensdistrikte na die vredes pogings van Floris Visser en terwyl die sendinginisiatiewe van Kicherer onder die Boesmans ook nog aan die gang was, het nietemin 'n belangrike blaaskans aan die beleërde veeboergemeenskap gegee. Op die kort termyn was daar definitiewe voordele vir die veeboersektor, hoewel bloedweinig dit aan die vredesinisiatiewe sou toeskryf. Die afname in ernstige rooftogte, vergeleke met die laaste twee dekades van die 18 de eeu, het op die kort termyn byvoorbeeld onmiddellike verligting ten opsigte van die las van voortdurende kommandodiens gebring. Daarbenewens het die verbetering in die veiligheidsituasie baie boere weer na hul ontruimde plase laat terugkeer. Dit het terselfdertyd die druk op grondbesetting ook ietwat verlig. Gedurende die laaste twee dekades van die 18 de eeu het die groot konsentrasie vlugteling in die reeds oorbevolke veeboerdistrikte weens die groter druk op die omgewing onderlinge spanning binne veeboergeledere dikwels tot breekpunt gedryf. Vir 'n aantal jare was dit selfs weer moontlik om nader aan die Sakrivier te vestig. Gedurende droë tye het sommiges, waaronder 'n hele aantal ongure karakters getel het, selfs hul veetroppe oorkant die Sakrivier laat wei. Die meeste van hierdie gevalle het egter sonder die goedkeuring of medewete van die owerhede geskied. Baie van hierdie boere het egter steeds op 'n gereelde grondslag rowers vanuit die Kareeberge ten prooi geval wat die bedreiging vanuit hierdie oord voortdurend lewend gehou het.⁶⁶

Die positiewe verwickelinge ten opsigte van die veiligheidsituasie is egter deur die talle negatiewe gevolge van die sluiting van die grens en die gepaardgaande groter owerheidsbeheer uitgekanselleer. Hierdie verwickelinge het die Bastergemeenskap in besonder uiters nadelig getref. Nadat die era van tussentydse regerings in 1806 tot 'n einde gekom het, het die Britse regering met reëlmaat wetgewing uitgevaardig wat die grens vir die veeboersektor effektief gesluit het. Beter owerheidsbeheer het tot uiting gekom in groter beheer oor arbeidsverhoudinge, grondtoekenning en veral in pogings om die kommandostelsel aan bande te lê. Vir die Bastergemeenskap het die aanvanklike afname in geweld gedurende die eerste twee dekades van die 19 de eeu ook enersyds verligting gebring in die sin dat aktiewe kommandodiens afgeneem het. Net soos in die geval van die blanke veeboersektor, het die geslote grenssituasie egter ook spoedig baie swaar op hierdie groep geweeg. Die inperking op slawerny wat in 1807 'n aanvang geneem het met die afskaffing van die handel in slawe, die Khoikhoi-proklamasie van 1809, opgevolg deur die Cradock-proklamasie in 1812, asook die neiging om Basters toenemend in die Khoikhoi-korps in te trek, was alles wetgewing wat direk of indirek die ondergeskikte posisie van alle Khoisan en Basters binne blanke geleedere bekragtig en bevestig het. Beperkende wetgewing ten opsigte van slawerny het byvoorbeeld 'n groter klem geplaas op die Khoisan en Basters as arbeidsbron. Dit het hulle onderhewig gestel aan die uiters streng beperkings van Khoikhoi-wetgewing. Hiervan was die inboekstelsel en paswette waarskynlik die belangrikste. In die

⁶⁶ KAB, 1/ BFW 9/45, No 252, Letters Received Field Cornets, 1819-1820, D.S. Fourie-J. Baird, Nieuwveld, 18-9-1819.

praktik het dit nie alleen die bewegingsvryheid van gekleurde ondergeskiktes aan bande gelê nie, maar veral ten opsigte van die Basters dit voortaan feitlik onmoontlik gemaak om 'n onafhanklike veeboerbestaan binne die gevestigde distrikte voort te sit. Hierdie tendens is vererger toe die owerhede in 1813 met die oorskakeling van die leningplaasstelsel na ewigdurende erfpag grondhervormingsplanne aangekondig het wat 'n ernstige tekort aan grond tot gevolg gehad het. Met hierdie maatreëls het grond in die gevestigde distrikte uiters skaars en duur geword. Dit het die aspirasies van die Bastergemeenskap, as gelykwaardige en onafhanklike veeboere binne blanke geleedere, 'n finale nekslag toegedien.⁶⁷

Die geslote grenssituasie het vir die Basters geen hoop op verbetering van hul situasie binne blanke geleedere gebied nie. Kleurvooroordele, aangehelp deur diskriminerende Khoikhoi-wetgewing, het onder die heersende omstandighede al hoe sterker op die voorgrond getree. Arbeidsverhoudinge het dramaties verswak en al hoe meer Basters het in die oorvol grensdistrikte toenemend toegang tot grond begin verloor.⁶⁸ Die enigste voordeel vir die Bastergemeenskap in die andersins onbenydenswaardige situasie was dat die relatiewe stilte in Boesmanweerstand vergeleke met vroeër, 'n semi-onafhanklike bestaan aan die buitewyke van die blanke neder-setting moontlik gemaak het. Gevolglik het 'n groot aantal Basters hulle aan die Sakrivier en nader aan die immer gevaarlike Kareeberge gevestig waar hulle buite blanke geleedere spoedig 'n baie belangrike rol sou speel.

Verskeie Basters het vanaf 1812 ingevolge die rekwestelsel aansoek gedoen vir talle bekende plase in die omgewing van Amandelboom. Die Baster Gert Neels het hom byvoorbeeld vanaf Maart 1812 tot Januarie 1826 op die plaas De Kruis aan die oewer van die Sakrivier gevestig. In die loop van 1826 het hy vermoedelik weer weggetrek en alle regte op die plaas aan die Baster Gert de Vries, ook bekend as Gert Blok, afgestaan. In dieselfde jaar het Gert Neels ook sy aanspraak op Blyde Vooruitzigt bevestig, terwyl die plase Windhoek, De Beerskraal, Blaauw Krantz, Rijgerskuil, Korfsplaats, Vigelands Kraal, Langekuil, Keerom en Kapgat ook op hierdie tydstip amptelik deur Basters beset is. In Oktober 1816 het die alombekende Hermanus Maasdorp aansoek gedoen om die plase Hartebeesfontein in die Onder-Roggeveld, asook Rietvallei aan die Klein Sakrivier. Soveel Basters het op hierdie tydstip in die omgewing van die Sakrivier gevestig, dat landdros Fischer van Tulbagh dit nodig geag het om die Baster Gert Willems as "superintendent" oor die "Sakrivierbasters" aan te stel. Terselfdertyd is Hermanus Maasdorp as "korporaal" aangestel met die doel om die veldkornet van die Hantam tot diens te wees.⁶⁹ Dit blyk dat Maasdorp se aansoek om Rietvallei, twee en 'n half uur te perd vanaf Amandelboom, suksesvol was. Ten tye van die sendelinge se vestiging op Amandelboom was die bejaarde Maasdorp steeds daar woonagtig. Die sendelinge het die familie dikwels besoek waartydens die godvrugtige Maasdorp telkens 'n groot indruk op hulle gemaak het.⁷⁰

Ander Basterfamilies was egter nie so gelukkig om blanke indringing op hul rekweste vry te spring nie. In 1826 het Willems byvoorbeeld teenoor die landdros van Worcester gekla dat die plaas wat deur Fischer aan hom toegeken is in ruil vir sy dienste, nie meer vir hom geskik was

⁶⁷ R. Elphick and H. Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840*, pp. 40-41; 502-503.

⁶⁸ KAB, 1/ BFW 9/45, No 252, Letters Received Field Cornets 1819-1820, Verskeie inskrywings. Sien oa: J. Burgers-J. Baird, Nuweveld, 25-1-1820; D. S. Fourie-J. Baird, Nuweveld, 7-3-1820.

⁶⁹ KAB, CO 2679, Letters from Worcester, Copy of the journal held by the Landdrost of Worcester during his journey to the Eastern boundary and fieldcornetries, Jan 1826.

⁷⁰ VEM, B/C I 23, Beinecke, "Beineckes Reisebericht vom 10-11-1848 bis 3-3-1849."

nie. In die eerste plek was die fontein op die plaas swak. Gedurende droogtes het die water kort-kort opgedroog wat hom genoodsaak het om 'n ander heenkome te soek. Daarbenewens het blanke indringing hom ook gereeld van sy plaas verdryf. So gereeld is hy deur die indringers verdryf dat hy in sy eie woorde 'n "swerwer" geword het wat van geen hulp meer vir die veldkornet kon wees nie. Willems het die landdros versoek om die plase Slange Fontein en Windheuvel nader aan die Sakrivier aan hom toe te ken. Voorts het hy 'n dringende versoek tot die regering gerig dat indien sy versoek sou slaag, die veldkornet opdrag gegee moes word om toe te sien dat hy nie weer op hierdie plase deur indringende blanke burgers lastig geval sou word nie.⁷¹

Ander Basters het egter verkies om eerder heeltemal weg te trek en hulle by die geleedere van die reeds bestaande Bastergemeenskappe aan die Oranje te voeg. Ná 1810 het 'n grootskaalse uittog van Basters uit die gevestigde distrikte plaasgevind. Weens die beperkings op die bewegingsvryheid van gekleurdes, is die meeste van hierdie migrasies volgens die bekommerde veldkornette onder "valse voorwendsels" gedoen.⁷² Selfs diegene wat hulle net aan die buitewyke van die distrikte gevestig het, is aanvanklik gewantou. Die moontlikheid het immers voortdurend bestaan dat hulle dalk met die talle vyande verder noord gemene saak kon maak. Die owerheid is letterlik oorval met klagtes van bekommerde veldkornette uit die grensdistrikte dat die grootskaalse uittog van Basters 'n nuwe veiligheidsrisiko ingehou het. Na die stigting van die Beaufort-Wes-distrik in 1819 het talle klagtes van veldkornette aan die buitewyke van die Nuweveld oor die uittog van Basters uit die distrik - en die moontlike gevolge daarvan - by die landdros op Beaufort-Wes ingestroom.⁷³

3.4. 'n Dekade van stryd en onsekerheid in die Bastergemeenskap 1820-1830

Teen die 1820's is die erns van die Bastermigrasies uit die gevestigde distrikte op die spits gedryf toe die veiligheidsituasie in al die noordwestelike grensdistrikte weens die Oosgrenskonflikte 'n onrusbarende wending geneem het. Aan die Oosgrens het die Vierde Grensoorlog die sluiting van die grens in hierdie geweste ingelui met slegte gevolge vir die algemene veiligheidsituasie van die oostelike distrikte. Die negatiewe invloed hiervan het 'n kettingreäsie tot in die Kareebergstreek gehad. Die aanloop tot die uitbreek van die Vyfde Grensoorlog in 1819 is onder die blanke inwoners in al die grensdistrikte, maar veral in die Nuweveld, gekenmerk deur toenemende agterdog teenoor enige moontlike "swart" bedreiging in hul onmiddellike omgewing. Terselfdertyd is die gevoel van bedreiging in blanke geleedere vererger deur 'n hernieude toename in Boesmanrooftogte. Toestande aan die Oosgrens was nietemin die belangrikste nuwe bedreiging waarvan die skadelike invloed in twee belangrike opsigte na die noordwestelike grensdistrikte uitgekring het.

Eerstens het die ernstige situasie aan die Oosgrens, soos telkens in die verlede, feitlik alle aandag van die regering uitsluitlik op hierdie streek gevestig. Klagtes oor die veiligheidsituasie in die noordwestelike distrikte was vir baie regeringsamptenare soos Stockenström, onder wie se jurisdiksie die Nuweveld in daardie stadium nog geval het, doodgewone flou verskonings om hul kommandoverpligtinge ten opsigte van die Oosgrens te probeer vryspring. Nie een van die klagtes

⁷¹ KAB, CO 2679, Letters from Worcester, Copy of the journal held by the Landdrost of Worcester during his journey to the Eastern boundary and fieldcornetries, Jan 1826.

⁷² KAB, 1/BFW 9/45, No 253, Letters Received Fieldcornets-1823, J. Burgers-Baird, 10-4-1823.

⁷³ *Ibid.*, Verskeie briewe, sien oa: G.P. Marais-Baird, 18-4-1823; J. Burgers-Baird, 28-9-1823; J. Burgers-Baird, 15-10-1823; 1/BFW 9/45, No 253, Letters Received Field Cornets, 1819- 1820, J. Burgers-J. Baird, 9-2-1820; 1/BFW 9/46, Part 11, Letters Received Field Cornets, 1821-1822, J. Burgers-J. Baird, Nieuwveld, 25-12-1822.

oor die veiligheidsituasie in die noordwestelike grensdistrikte is in daardie stadium ooit deur die owerheid ernstig opgeneem nie. Die rede hiervoor was dat die ernstige konflik aan die Oosgrens die kleiner skermutselings aan die Noordgrens heeltemal in omvang en erns oorskadu het. Gevolglik het die inwoners van die Kareebergstreek van owerheidskant min simpatie vir hul eie benarde situasie ontvang.

In reaksie op die talle klagtes uit die Nuweveld, dat die toenemende stroom Basters wat die kolonie verlaat het gemene saak kon maak met Xhosa-splintergroepe onder leiding van Danster oorkant die grens en 'n aanval kon loods sodra die meeste mans op kommando aan die Oosgrens was, het die onsimpatieke Stockenström vanuit Graaff-Reinet eenvoudig opdrag gegee dat diegene wat "een swerwent leeven" gelei het "binnewaarts" moes trek. Stockenström se volgehoue weiering om die noordwestelike grensdistrikte van kommandodiens vry te stel en weerlose vroue en kinders bloot in defensiewe groepe te laat saamtrek, het groot ontevredenheid in die Nuweveld veroorsaak. Die meeste boere het gekla dat die saambondeling van groot groepe mense op een plek in hierdie geweste groot druk op die omgewing geplaas het. Dit het die meeste inwoners van die streek groot "armoed" laat ly, is daar gekla.

Stockenström se onsimpatieke reaksie op die verdedigingsbehoefte van die noordwestelike grensdistrikte was doodgewoon 'n voorbeeld van sy vooroordele teenoor die probleme van die Noordgrens. Vir etlike dekades was die fokus op die Oosgrens so oordrewe dat selfs toe eerwaarde Lutz in 1847 gepoog het om die Amandelboomgrondkwessie by die regering te berde te bring, hy aangeraai is om nie die regering lastig te val terwyl die Sewende Grensoorlog nog aan die gang was nie.⁷⁴ Die uitbreek van die Vyfde Grensoorlog het nietemin alle weerbare mans in die noordwestelike distrikte tot kommandodiens in die oorlog verplig. Vir die inwoners van hierdie streek het hierdie verpligtinge seker op die mees ongeleë tydstip gekom. Afgesien van die negatiewe gevolge van die Oosgrenssituasie en die toename in Boesmanrooftogte, het 'n aantal ander faktore op hierdie stadium in sekere streke in die noordweste gekombineer. Dit het 'n nuwe vlaag geweld ingelui wat vir etlike jare sou voortduur. Terselfdertyd het dit 'n belangrike impak op die Bastergemeenskap gehad.

Teen 1820 het 'n verwoestende droogte aan die noordwestelike grens uitgebreek wat vir etlike jare byna onverpoosd voortgeduur het. Vir alle inwoners van die Kareebergstreek het dit 'n kettingreaksie van negatiewe gevolge gehad. Die een na die ander brief het by die owerhede aangekom waarin van die mees hartverskeurende verhale oor veevrektes voorgekom het. Weens die gebrek aan water en weiding het veevrektes in hul duisende voorgekom.⁷⁵ Teen 1822 het die droogte in die Nuweveld krisisaftmetings aangeneem. Gedurende die drie maande van April tot Junie 1822 het veevrektes byvoorbeeld op so 'n skaal voorgekom dat veldkornet Burgers berig het dat in sy wyk feitlik geen trekos meer oor was nie. Vir die ooreenstemmende tydperk het daar in die wyk van veldkornet Fourie, benewens 88 perde en beeste, nie minder nie as 872 skape gevrek.⁷⁶ Weens die droogte was baie boere kort-kort genoodsaak om na beter weivelde te soek.

⁷⁴ KAB, 1/BFW 9/45, No 252, Letters Received Field Cornets, 1819-1820, Charl Marais-J. Baird, 20-7-1819, D.S. Fourie-J. Baird, Nieuwveld, 3-8-1819.; VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 10 von J.H. Lutz vom Julie 1846 bis 20 Januarie 1847, "Monat September, October, November."

⁷⁵ Vir talle briewe oor droogte van 1820's sien oa: KAB, 1/BFW 9/46, Deel 1, Letters Received Field Cornets, J. Burgers-J. Baird, Nieuwveld, 8-1-1821; 23-6-1821; J. van der Westhuysen-J. Baird, 13-11-1821; 1/BFW 9/46, Part 11, Letters Received Field Cornets, 1821-1822, J. Burgers-J. Baird, Nieuwveld, 25-3-1822; 25-6-1822.

⁷⁶ KAB 1/BFW 9/46, Part 11, Letters Received Field Cornets, 1821-1822, J. Burgers-J. Baird, Nieuwveld, 25-6-1822; D.S. Fourie-J. Baird, Nieuwveld, 30-6-1822.

Die alreeds digbevolkte distrikte het egter bewegingsvryheid gestrem. Briefwisseling tussen die veldkornette van die Nuweveld en die landdros op Beaufort-Wes gedurende die 1820's vertel 'n droewige verhaal van onderlinge konflik in blanke geleedere oor toegang tot water en weiding.⁷⁷ Dikwels is die landdros oorval met klagtes van veldkornette oor die talle rondswerwende boere wat dikwels so "brutaal" was dat hulle selfs op die grond van veldkornette kom plak het.

'n Verdere ontstellende verwikkeling was dat van die indringers waterbronne naby aan mekaar beset het en ander toegang tot hierdie bronne ontsê het. Op hierdie wyse is sommige inwoners nie alleen toegang tot water ontnem nie, maar terselfdertyd ook alle weiding tussen die twee bronne.⁷⁸ Erger nog was dat die indringers hulle min gesteur het aan enige vorm van gesag. Ergerlik het van die veldkornette gekla dat die veetroppe van die indringerboere, vergeleke met dié van die wetsgehoorsame burgers, die vetste in die hele streek was.⁷⁹ Veldkornet Fourie van die Nuweveld het byvoorbeeld male sonder tal gekla dat hy weens die indringing van swerwerboere op sy grond, in geen jare meer daarin kon slaag om 'n hamel vet genoeg te kry vir die slagtersknegte nie. In 1823 het hy 'n roerende pleidooi aan landdros Baird gerig om hom van sy pos as veldkornet te onthef sodat hy kon wegtrek. Weens die droogte en verdringing deur wettelose vreemdelinge het die las van sy "zware huishouding" net te veel geword - soveel te meer, het hy bygevoeg, aangesien "Ue Heer bewust bent dat ik arm getrouwt ben en nu nog arm ben"⁸⁰ Skynbaar het die landdros geen oplossing in die saak gebied nie, want in 1827 het Fourie weer eens gekla dat hy genoodsaak was om na "deze zyde" van die grens te versit. Die "verdrukking dat dagelyks geschied heeft van andere boeren" het volgens hom ten ene male onuithoudbaar geword. Gedurende die afgelope vier maande, het hy gekla, het daar nie minder nie as twaalf tot veertien duisend "vreemdeling schaapen" op sy plaas gewei.⁸¹

Die mees opsigtelike nadelige gevolge van die knellende droogtes van die 1820's was dus dat dit kompetisie om grond en die gepaardgaande plaasverdringing in blanke geleedere tot breekpunt gedryf is. Die situasie is vererger deur die feit dat nie een veldkornet ooit geweet het presies waar die grense tussen die verskillende distrikte geloop het, of waar hulle met die gereg ten opsigte van indringers uit ander distrikte gestaan het nie. Talle veeboere uit die Worcester- en Tulbagh-distrikte het byvoorbeeld voortdurend en in 'n steeds groter wordende stroom, die Nuweveld ingestroom. Hier het hulle sonder skroom en tot groot ontsteltenis van talle veldkornette op die gronde van die Beaufort-Wes-distrik geplak. Sommige van hierdie intrekkers het uit noodsaak aan hul eie droogte-geteisterde gebiede probeer ontsnap. Dikwels het van die beswaarde veldkornette egter vermoed dat die eintlike rede vir die toestroming meer te make gehad het met pogings om hul eie plase elders te spaar. Wanneer veldkornette van die Nuweveld soos Fourie die nuweling probeer verdryf het, het hulle hulself altyd op die gesag van 'n ander veldkornet uit hul eie distrikte beroep. Moedeloos het talle veldkornette van die Beaufort-Wes-distrik voortdurend gekla dat die nuwe intrekkers nie hul gesag erken het nie, dat hulle nie geweet het

⁷⁷ Vir talle briewe oor plaasverdringing en geskille oor grond en water sien oa: KAB, 1/BFW 9/46, Part 1, Letters Received Field Cornets, D.S. Fourie-J. Baird, Nieuweveld, 10-5-1821; 1/ BFW 9/46, Part 11, Letters Received Field Cornets, 1821-1822, Carel van der Westhuysen-J. Baird, Nieuweveld, 7-4-1822; P.D. Jacobs-J. Baird, Slangfontein, 26-4-1822.

⁷⁸ KAB, 1/BFW 9/46, Part 11, Letters Received Field Cornets, 1821-1822, D.S. Fourie-J. Baird, Nieuweveld, 20-5-1822.

⁷⁹ KAB, 1/BFW 9/45, Letters Received Fieldcornets - 1823, D.S. Fourie-Baird, Nieuweveld, 10-5-1823; 9-10-1823; 6-11-1823; 20-1-1827; A. du Toit-Baird, Nieuweveld, 11-8-1825; 27-11-1825; P. Jacobs-Baird, Slangfontein, 2-10-1826, J. Burgers- J. Baird, Nieuweveld, 1-4-1820.

⁸⁰ Ibid., D.S. Fourie-Baird, 13-2-1823.

⁸¹ Ibid., D.S. Fourie-Baird, Nieuweveld, 16-8-1827.

wat die bepalings van die wet was nie, of hoe hulle te werk moes gaan om hul gesag af te dwing nie. Wanneer oortreding op 'n leningplaas geskied het, het hulle byvoorbeeld die magte gehad om die oortreders se vee te skut. Dit was egter nie duidelik of dieselfde reëling ten opsigte van rekwesplase gegeld het nie. Of dit in elk geval enigsins iets aan die situasie sou verander, was ook te betwyfel, want die meeste indringers was van “wederstrewige natuur” wat nie juis hul vee sonder slag of stoot laat skut het nie.⁸²

Die magteloosheid teenoor blanke indringerboere, wat selfs 'n gerespekteerde veldkornet soos Fourie van sy grond verdring het, was natuurlik veel erger in die geval van minder invloedryke burgers, om van die Bastergemeenskap nie te praat nie. Die dalende status van Basters binne blanke geleedere het hul verdringing nog makliker gemaak as selfs diegene uit die armste sektor van die blanke samelewing. Daarbenewens het dit ook met veel erger “brutaliteit” gepaardgegaan as waarvan die ongelukkige veldkornet Fourie, selfs met 'n mate van gesag aan sy kant, ooit sou kon getuig. Soveel te meer nog nadat die Griekwa-rebellie aan die Oranje in 1814 en veral die strooptogte van die Hartenaars en Bergenaars wat daaruit voortgevloeit het, groot agterdog jeens die Basters in hul midde onder blankes van veral die Nuweveld tot gevolg gehad het. Veldkornet Fourie het byvoorbeeld teenoor landdros Baird gekla dat talle Basters oorkant die grens gemene saak gemaak het met 'n potensiële vyand soos Danster. Daar is selfs aangevoer dat hierdie onheilige alliansie op georganiseerde wyse Khoisan rowers die kolonie ingestuur het om die boere se vee te steel.⁸³ Agterdog teen die Basters het onder die heersende omstandighede in die wandel bykans daaglik toegeneem.

Toe 'n aantal Basters van die Oranje in 1819 met 200 osse in die Hantam en Roggeveld rondgetrek het wat hulle na berigte vir waens wou verruil, was landdros Fischer van Tulbagh weens al die verdagmakery teen die Basters, byvoorbeeld dadelik agterdogtig oor die ware motief vir hul besoek. Sy eerste reaksie was dat hulle eintlik agter vuurwapens en ammunisie was. Hy het die veldkornette opdrag gegee dat al die vee van hierdie groep dadelik na die drosdy gebring moes word. Daarna kon dit op die publieke mark te koop aangebied word, sodat alle “fraudes” wat uit hierdie besoek kon voortspruit betyds verhoed kon word.⁸⁴ So erg was die agterdog teen die Bastergemeenskap in sy geheel dat Stockenström in 1819 streng regulasies met betrekking tot handelstransaksies met die Basters uitgevaardig het. Terselfdertyd het hy ook gelas dat die grense van die Nuweveld gepatroleer moes word om 'n oog oor die aktiwiteite van die Basters oorkant die grens te hou.⁸⁵

Met die uitbreek van die Vyfde Grensoorlog en direk daarna het die agterdog teen die Basters oorkant die grens, maar veral teen die talle Xhosa-splintergroepe van die Kareebergstreek, 'n hoogtepunt bereik. Al hoe meer klagtes van onwettige wapenhandel tussen die Basters en die Xhosa-volgelingen van Danster en Hermanus Pieterse het die rondte gedoen. Paniek het dikwels in die Nuweveld uitbreek waar die kommandoverpligtinge van die burgers tydens die Vyfde Grensoorlog die distrik in die oë van die inwoners weerloos gelaat het.

⁸² Ibid., J. van der Westhuisen-Harding, Nieuweveld, 29-1-1827, D.S. Fourie-landdros, Nieuweveld, 20-1-1827, 31-3-1827, 13-5-1827, 10-6-1827; 1/BFW 9/45, No 253, Letters Received Field Cornets, J. Burgers-J. Baird, Nieuweveld, 1-4-1820.

⁸³ KAB, 1/BFW 9/45, No 252, Letters Received from Field Cornets, 1819-1820, D.S. Fourie-J. Baird, Slakfontein, 26-6-1819.

⁸⁴ KAB, CO 2620, Letters from Tulbagh, Fischer-Goewerneur, 21-4-1819.

⁸⁵ KAB, 1/BFW 9/29, Letters Received Landdrost Graaff-Reinet, A. Stockenström- veldkornette, 10-9-1819; KAB, 1/BFW 9/45, No 252, Letters Received Field Cornets, D.S. Fourie-J. Baird, Nieuweveld, 18-7-1819, 3-8-1819, Charl Marais-J. Baird, 20-7-1819.

Toe die Basters van die Sakrivier-omgewing, wat ook vir kommandodiens opgekommandeer is, aan die vooraand van die vertrek van die kommando's die gerug versprei het dat "de Caffres die over de grenzen van de Zakrivier leggen" gereed gestaan het om 'n aanval te loods sodra die kommando's sou vertrek, het algehele pandemonium in die omliggende distrikte losgebars. Tot tyd en wyl dit later geblyk het dat dit 'n ongegronde gerug was wat doelbewus deur die Basters versprei is in 'n poging om hul kommandoverpligtinge te probeer ontduik, het dit die voorbereidings vir die kommando's na die Oosgrens ernstig ontwig. Om die ontstelde inwoners ietwat te paai, het Fischer aan die oorblywende veldkornette, wat nie vir kommandodiens opgekommandeer was nie, opdrag gegee om hom dadelik in kennis te stel as daar enige sprake was van enige "buitensporigheden van Basters, hottentotten en cafres welke op de grenzen verblijven."⁸⁶ In 1821 het veldkornet Fourie dit selfs nodig geag om 'n aantal onderdane van Hermanus Pieterse wat niksvermoedend in sy wyk ingetrek het, gevange te neem. Al die manlike gevangenes is na Beaufort-Wes gestuur. Die vroue en die vee van die gevangenes, bestaande uit 141 beeste en 808 skape en bokke, het Fourie op sy plaas aangehou tot tyd en wyl die landdros uitsluitel oor hul lot kon gee.⁸⁷ Die Boesmankinders wat in hul besit gevind is, het Fourie onder die inwoners van sy wyk uitgedeel. Een het hy vir landdros Baird "uitgehou" en onderneem om die kind persoonlik op Beaufort-Wes te kom oorhandig.⁸⁸

Die uitwaartse beweging van blanke boere weens die droogte of plaasverdringing het dus sonder enige moeite groot getalle Basters voor hulle uit in die rigting van die Sakrivier en die Kareeberge verdryf. Teen Februarie 1820 het dit sulke afmetings aangeneem dat veldkornet Burgers aan Baird berig het dat nie minder nie as sewentig waens met Basters in die omgewing van Kicherer se sendingstasie oor die Sakrivier getrek het. In die Kareeberge het hulle volgens hom met Danster se Xhosa en enkele Boesmangroepe saamgesmelt en verder noordwaarts getrek. Dieselfde uittog van Basters het homself ook op hierdie tydstip in die Hantam en Roggeveld afgespeel. Groot getalle Basters is hoofsaaklik weens die tekort aan grond, hul dalende status binne blanke geleedere en ongetwyfeld weens die neiging om groot getalle vir kommandodiens tydens die Vyfde Grensoorlog op te kommandeer, genoop om uit hierdie distrikte pad te gee en hulle in die Kareebergstreek of aan die Oranje te gaan vestig.⁸⁹ In April 1820 is byvoorbeeld uit die Hantam berigte ontvang van nog 'n groot groep Basters wat oor die Sakrivier getrek het en na berigte na die Oranje onderweg was. Volgens landdros Fischer was dit vermoedelik dieselfde groep wat aan die vooraand van die Vyfde Grensoorlog die gerug versprei het van moontlike vyandige invalle wat die voorbereidings vir die kommando so ontwig het. Indien sy vermoede korrek was, is dit feitlik 'n uitgemaakte saak dat die oorheersende rede vir die uittog van hierdie groep in hul kommandoverpligtinge gelê het. Landdros Fischer het Anderson, die sendeling wat onder die Griekwas werksaam was, versoek om die groep dadelik terug te stuur as hulle daarin sou slaag om hulle by die Griekwas aan te sluit. As dit nie gedoen sou word nie, het hy later teenoor die goewerneur aangevoer, sou dit die oorblywende Basters in die kolonie net aanhits om ook te trek "which could not fail to bring on mischief."⁹⁰ Fischer se voorstel is 'n verdere aanduiding dat

⁸⁶ KAB, CO 2620, Letters from Tulbagh, Fischer-Goewerneur, 21-4-1819.

⁸⁷ KAB, 1/BFW 9/46, Part 1, Letters Received Field Cornets, D.S. Fourie-J. Baird, Nieuwveld, 7-5-1821. Vir meer oor die gevangenes sien: D.S. Fourie-J. Baird, Nieuwveld, 17-5-1821, 29-6-1821, 29-8-1821, 30-9-1821, 13-10-1821, 18-10-1821; KAB, 1/BFW 9/30, Letters Received Landdrost Graaff-Reinet, 1821, A. Stockenström-J. Baird, Graaff-Reinet, 1-8-1821, 4-10-1821.

⁸⁸ Ibid., D.S. Fourie-J. Baird, Nieuwveld, 10-5-1821.

⁸⁹ KAB, 1/BFW 9/45, No 252, Letters Received Field Cornets, J. Burgers-J. Baird, Nieuwveld, 9-2-1820, Beaufort, 25-2-1820.

⁹⁰ KAB, CO 2627, Letters from Tulbagh, Landdrost Fischer- goewerneur, 1-4-1820.

die status van Basters in hierdie stadium gedaal het tot dié van Khoikhoi-arbeiders en dat diegene wat die noordwestelike distrikte verlaat het, toenemend as gevaarlike drosters beskou is.

Vir die beleërde veeboergemeenskap was die uittog van Basters uit die gevestigde distrikte 'n uiters ontstellende ontwikkeling. Die mees voor-die-hand-liggende negatiewe gevolg daarvan was dat dit die verdedigingstelsel aansienlik verswak het. Al hoe meer gerugte het egter ook die rondte begin doen dat die Basters met die vyand dieper in die Kareeberge begin saamsmelt het en dat hulle “na alle blykens niets goets van mening zyn.” Toe berigte in Desember 1821 ontvang is dat die Basters met die Boesmans in die Kareeberge “eene samerotting hebben gecomplodeert”, het veldkornet Jacobus Nel met 40 tot 50 manskappe tot die aanval oorgegaan. Volgens berigte het die kommando tot diep in die Kareeberge toegeslaan. Toe veldkornet Burgers enkele dae later die gebied gepatroleer het, het hy aan landdros Baird berig dat dit duidelik was dat die kommando uiters geslaagd was. Te oordeel aan die aantal spore wat hy daar gevind het, het die kommando volgens hom nie minder nie as 2 000 skape en 25 beeste in beslag geneem. Daarbenewens was al die omliggende Boesmankrale na die aanval heeltemal verlate. Hoewel Burgers geen aanduiding kon gee van die aantal gesneuweldes nie, het daar volgens hom alleen te oordeel aan die aantal “verskansings”, ‘n groot veldslag plaasgevind.⁹¹

Die informele uitwaartse uitbreiding van die blanke grensdistrikte weens droogtes en verhoogde kompetisie vir grond het in die Kareebergstreek ‘n aantal uiters belangrike gevolge gehad. Die meeste boere en Basters wat aan die voorpunt van hierdie uitbreiding gestaan het, was soos reeds genoem, afkomstig vanuit die armer sektor van die samelewing, of andersyds verstoteling uit die oorwegend blanke geleedere. In ‘n sekere sin was hulle in ‘n felle oorlewingskrisis gedompel wat selfs tot ‘n mate van desperaatheid onder hierdie groep aanleiding gegee het. So ‘n groot konsentrasie van hierdie mense, waaronder ‘n hele aantal getel het wat hulle nie juis aan enige vorm van owerheidsgezag gesteur het nie, of ooit enige voorliefde vir ‘n Boesman gekoester het nie, het niks goeds ingehou vir die Boesmangroepe in die Kareeberge nie, nog minder vir die regering se beleid van beskerming en versoening. Die verbod op enige veeboeruitbreiding in die Kareeberge, wat tot in daardie stadium nog ingevolge die versoeningsbeleid as ‘n reservaat vir die Boesmans gereken is, is gevolglik met roekelose minagting oortree. Talle veeboere, veral van die Bastergemeenskap, het op ‘n gereelde grondslag hul vee oor die Sakrivier gedryf en in die Kareeberge laat wei. Al hoe meer Basters het hul ondergeskikte posisie in die blanke distrikte probeer ontsnap deur selfs min of meer permanent met hul vee in die gevaarlike Kareebergstreek rond te swerf. Terselfdertyd het grootskaalse jagpartye verwoesting gesaai onder die enigste oorblywende wild van die streek. Spoedig het hierdie aksies groot druk op die oorlewingsbronne van die Boesmans geplaas met voorspelbare gevolge. Die hernieude vlaag Boesmanaanvalle wat dit gedurende die 1820's ontlok het, het ‘n nuwe dimensie aan onderlinge verhoudinge binne die veeboersektor gegee.

Vir die Bastergemeenskap het al hierdie realiteite daarop neergekom dat hul fluktuerende status binne en buite blanke geleedere gedurende die daaropvolgende jare telkens belangrike klemverskuiwings ondergaan het. Die mees voor-die-hand-liggende gevolg van die grootskaalse verhuising van Basters uit die blanke distrikte was byvoorbeeld dat hulle in die onsekerhede van ‘n grenssituasie aanvanklik deur die beleërde blanke gemeenskap met agterdog bejeën is. Talle faktore in die blanke Noordgrensdistrikte het dit egter vir die Basters noodsaaklik gemaak om ‘n nuwe, onafhanklike tuiste te probeer vind. Hiervan was die toenemende skaarste aan grond waarskynlik die belangrikste. Daarmee saam het die voortdurende kommandoverpligtinge en

⁹¹KAB, 1/ BFW 9/46, Part1, Letters Received Field Cornets, J. Burgers-J. Baird, Nieuwveld, 11-12-1821.

diskriminasie teenoor die groep in sy geheel ook talle oor die grense van die kolonie verdryf.

Aan die ander kant was daar ook talle redes wat so 'n verhuising vanuit die perspektief van die Basters uiters aantreklik en selfs moontlik gemaak het. Die belangrikste in hierdie verband was dat 'n floreerende en uiters winsgewende sluikehandel in vuurwapens en ammunisie buite die grense 'n nuwe bestaanmoontlikheid aan talle gebiede het. Die negatiewe gevolg hiervan vir die Bastergemeenskap was dat dit die ou vrees in blanke gelede - dat wapens in die verkeerde hande kon beland - aangewakker het. Dit het op sy beurt tot gevolg gehad dat die Kareebergbastergemeenskap onder blanke veeboere vir etlike jare kollektief tot die gelede van die vyand gereken is en ook so behandel is. Die positiewe hierin vir die Bastergemeenskap was dat hulle as 'n gemeenskap buite die koloniale grense die lang arm van owerheidsbesig effektief kon ontsnap. Die feit dat die Britse regering in hierdie stadium huiwerig was om hom met die sake van onafhanklike inboorlinge buite die grense te bemoei, anders as om die Boesmans teen hul eie blanke onderdane te probeer beskerm, het 'n nuwe moontlikheid aan talle koloniale Basters gebiede om onafhanklik en buite owerheidsbeheer vir hulle 'n nuwe tuiste in die Kareeberge te vestig. Die grensaanpassings van 1824 wat steeds die gesogte Kareeberge uitgesluit het, het terselfdertyd die vermoede versterk dat die regering nie spoedig blanke uitbreiding in hierdie rigting sou goedkeur nie. Negatiewe sentimente in regeringskringe ten opsigte van blanke uitbreiding in die Kareeberge het sodoende aan die Bastergemeenskap die moontlikheid gebiede om vir die afsienbare toekoms in die gebiede te kon woon sonder enige wesenlike gevaar dat hulle weer eens deur die blankes uit die gebiede verdring sou word. Gevolglik is talle koloniale Basters na daardie gebiede gelok waar 'n afname in Boesmanweerstand meer permanente vestiging enigsins moontlik gemaak het.

Met die vestiging van groot getalle Basters by die fontein van die Kareebergstreek na omstreeks 1820, was die skeidingsproses tussen die Bastergemeenskap en hul blanke bure voltooi. Soos soveel keer in die verlede sou die Kareebergbasters egter, selfs as 'n onafhanklike gemeenskap buite die amptelike grense, nie die meesal negatiewe impak van sekere faktore in die Kareeberge self, asook sekere verwickelinge in die aanliggende blanke distrikte, vryspring nie. Die vestiging van die Kareebergbasters en hul status in blanke gelede as verdronge gemeenskap was trouens so vervleg met omgewingsfaktore in die Kareeberge en die dikwels eiegeregtigheid en toenemende wetteloosheid van hul blanke bure, dat die hele Bastergemeenskap nooit werklik die gekombineerde negatiewe impak van al hierdie invloede kon ontsnap nie. Die faktore wat die omgeswaai in sosiale aansien van die Kareebergbasters in die blanke distrikte teen 1830 van vyande tot dodelike militêre meelopers of buffergemeenskappe bewerkstellig het, het byvoorbeeld op 'n redelik onortodokse wyse ontstaan en ontwikkel. Vir etlike jare voor die koms van die Rynse sendelinge na die streek, het die gekombineerde effek van talle faktore 'n ingewikkelde ontwikkelingsgang op die geskiedenis van die Kareeberggemeenskappe gehad.

Die Rynse sendelinge wat hulle in 1845 op Amandelboom gevestig het, het nooit werklik die implikasies van hierdie lang voorgeskiedenis op die Kareebergbasters ten volle gesnap of waardeer nie. Min het die Rynse sendelinge ook by hul aankoms op Amandelboom besef dat faktore wat tot die vroeë 1820's teruggevoer kon word, oor die jare heen die lot van die Kareebergbasters, en uiteindelik selfs dié van die sending self, sou bepaal.

HOOFSTUK 4

DIE ONTSTAAN VAN DIE KAREEBERGBASTERS AS BUFFERGEMEENSKAP.

Die periode 1820-1830 was vir alle inwoners van die noordwestelike grensdistrikte, maar veral vir die groot Bastergemeenskap wat uit die aanliggende blanke distrikte verdring is, van kritieke belang. Gedurende hierdie tydperk is die onmag van die hele veeboersektor teen die talle vyandige bendegroepe in die Kareeberge vir diegene wat dit binne trefafstand van die Sakrivier gewaag het in die eerste plek voortdurend lewend gehou. So erg was die Boesmanweerstand teen die indringing van veeboere in die Kareeberge gedurende hierdie periode, dat dit 'n era van geweld ontketen het wat tereg as die krisistyd in die geskiedenis van die Kareeberge beskou kan word.

Vanuit die perspektief van die blankes was die belangrikste rede hiervoor ongetwyfeld die "onsimpatieke" houding van "filantropiese" regeringsamptenare wat die effektiwiteit van die kommando's aan bande gelê het. Dit het direk daartoe aanleiding gegee dat die onveilige situasie nie alleen voortgeduur het nie, maar ook dat hul uitbreiding in die rigting van die Kareeberge effektief stopgesit is. Die noordgrensaanpassing wat in 1824 aangekondig is, en steeds die gesogte Kareebergstreek uitgesluit het, was vir talle uit hierdie gemeenskappe die laaste strooi. Vir baie blankes was dit tasbare bewys dat die regering onverskillig gestaan het teenoor hul behoeftes. Met hierdie grensaanpassing was dit immers duidelik dat blanke veeboeruitbreiding in hierdie rigting nie in die afsienbare toekoms sou realiseer nie. Daarteenoor het die ontstaan van al hoe meer uiters gevaarlike parasitiese bendegroepe in die Kareeberge gedurende die ooreenstemmende tydperk die gebreke in die verdediging van die streek vir die blankes van die grensdistrikte verder op die spits gedryf, soveel te meer toe groot groepe Basters, wat oor etlike dekades heen so 'n belangrike rol in die kommando's van die blanke veeboerdistrikte gespeel het, op hierdie tydstip ook oor die grense begin uitwyk het. Toe talle van hierdie voormalige troue Basterbondgenote toenemend met die vyand gemene saak begin maak het, het 'n gevoel van magteloosheid, vrees en agterdog binne blanke geleedere hoogty begin vier. Uit hierdie vrees en woede het mettertyd 'n wetteloosheid in die noordwestelike grensdistrikte ontwikkel wat dikwels aan anargie gegrens het. In baie opsigte was dit bepalend vir die Kareebergbasters.

Vir die Bastergemeenskap wat uit die blanke distrikte na die buitewyke en selfs oor die grens gedruk is, het hierdie verwickelinge beide gevaar en nuwe vooruitsigte gebied. Die gevaar vir die Basters was dat hulle stelselmatig in die tradisionele gebiede van die Boesmans ingedryf is. Sodoende het hulle baie meer in die spervuur van Boesmanaanvalle gestaan as wat die geval met hul blanke bure was. Ten spyte van hierdie wesenlike gevaar vir die Bastergemeenskap was daar, met sekere voorbehoud, egter andersyds die moontlikheid vir hierdie gemeenskap om hul probleem van blanke verdringing buite die grense van die kolonie op te los. As die Kareebergbasters byvoorbeeld daarin kon slaag om op die een of ander wyse die Boesmans finaal te verslaan en daarbenewens in die oë van die Britse regering hul ambivalente burgerstatus binne blanke geleedere ten gunste van onafhanklike inboorlingstatus kon verruil, het dit die moontlikheid gebied om beide die beperkende regeringsinmenging in hul strewe tot 'n onafhanklike bestaan, asook probleme met blanke verdringing, te omseil. Vir die eerste en waarskynlik die laaste keer het die ambivalente status van die Bastergemeenskap binne blanke geleedere, wat oor dekades heen sonder uitsondering tot hul nadeel gestrek het, dié keer vir hulle positiewe gevolge gehad.

In hierdie hoofstuk word die argument gevoer dat die finale ondergang van die Kareebergboesmans - en daarmee saam die verwesenliking van 'n onafhanklike bestaan vir die Basterge-

meenskap onmiddellik buite die grens - gelê het in die dubbelsinnige en wyfelende Britse beleid teenoor die Noordgrens in die algemeen en die Basters as koloniale burgers in die besonder. Dit is verder aangehelp deur die oneffektiewe administrasie van die Noordgrens wat soveel skuiwergate in wetgewing gelaat het dat dit 'n mate van wetteloosheid en selfs anargie onder die inwoners van die noordwestelike distrikte in die hand gewerk het. Toe die blanke veeboere eers daarin geslaag het om leemtes in owerheidsbeheer oor byvoorbeeld die kommandostelsel tot eie voordeel suksesvol uit te buit en die regering boonop onweerlegbaar aangetoon het dat Basters buite die grens die lang arm van koloniale beheer en beskerming suksesvol kon ontsnap, het dit 'n rebelseheid teen die regering in die blanke distrikte in die hand gewerk. Dit het op sy beurt ruimte geskep vir die ontstaan van 'n onwettige en dodelike bondgenootskap tussen die Kareebergbasters en die omliggende blanke boere. Strydig met die beskermingsbeleid van die regering ten opsigte van die Boesmans het 'n uiters effektiewe simbiotiese verhouding tussen die twee groepe vanuit die veeboergemeenskap ontstaan. Uiteindelik sou hierdie onwettige bondgenootskap die hele Kareebergstreek van die Boesmangevaar "skoonmaak." Ironies genoeg het hierdie verwickeling die sosiale aansien van die Kareebergbasters, wat 'n ernstige knou gekry het toe hulle die gevestigde distrikte begin verlaat het, weer omgekeer tot hul toenmalige status van handige militêre meelopers.

Soos telkens van tevore het omgewingsfaktore in hierdie verwickeling weer sentraal gestaan. Daarom word dit in hierdie hoofstuk weer onder die loep geneem. Terwyl 'n hele aantal faktore die uitwaartse beweging van Basters uit die blanke samelewing genoodsaak of andersyds aantreklik gemaak het, was dit juis twee besonder strawwe droogtesiklusse, naamlik dié in 1819-1822 en 1827-1830, wat die status van Basters direk buite die koloniale grense van potensiële vyande tot effektiewe bondgenote laat swaai het. Teen hierdie agtergrond sal vervolgens gelet word op hoe 'n aantal faktore onder droogtetoestande gekombineer het en uiteindelik daartoe aanleiding gegee het dat die Bastergemeenskappe, waaronder die Rynse sendelinge in 1845 sou gaan werk, as buffergemeenskap vir die blanke distrikte net buite die grense van die noordelike grensdistrikte gevestig is.

4.1 Voorvereistes vir die Bastergemeenskap om hulle onafhanklik in die Kareeberge te vestig

Vir die Bastergemeenskap het al hierdie realiteite daarop neergekom dat hul fluktuerende status binne en buite blanke geleedere gedurende hierdie tydperk telkens belangrike klemverskuiwings ondergaan het. Die mees voor-die-hand-liggende gevolg van die grootskaalse verhuising van Basters uit die blanke distrikte was byvoorbeeld dat hulle in die onsekerhede van 'n grenssituasie onmiddellik deur die beleërde blanke gemeenskap met agterdog bejeën is. Soos uit die voorafgaande hoofstuk duidelik is, was die verhuising van Basters te wyte aan talle redes. Hiervan was die toenemende skaarste aan grond waarskynlik die belangrikste. Terselfdertyd het die voortdurende kommandoverpligtinge en diskriminasie teenoor die groep in sy geheel ook talle oor die grense van die kolonie gedryf.

Vanuit die perspektief van die Basters was daar aan die ander kant ook talle redes wat so 'n verhuising uiters aantreklik gemaak het. Die belangrikste in hierdie verband was dat 'n florerende en uiters winsgewinde sluikhandel in wapens en ammunisie buite die grense 'n nuwe bestaansmoontlikheid aan talle gebied het. Hoewel talle blanke boere ook in sodanige handel geïmpliseer is, was die oorgrote meerderheid blankes egter baie bekommerd oor hierdie handelsaktiwiteite. Die ou vrees dat wapens in die verkeerde hande kon beland en hul kwesbare veiligheidsituasie nog verder kon laat versleg, was meer as ooit tevore van toepassing. Vir die Bastergemeenskap was die negatiewe gevolg van hierdie kommer in blanke geleedere dat diegene wat

oor die grense uitgewyk het, vir etlike jare kollektief onder blanke veeboere grootliks tot die geleedere van die vyand gereken is en ook so behandel is. Aan die ander kant het die winsgewendheid van die sluikhandel in wapens en ammunisie die agterdog oorskadu waarmee die Basters in sommige blanke kringe bejeën is.

‘n Verdere aspek wat vestiging buite die amptelike grense van die kolonie vir die Basters aantreklik gemaak het, was die Britse regering se houding teenoor inheemse groepe wat buite die grense woonagtig was. In hierdie stadium was die regering huiwerig om hom met die sake van onafhanklike inboorlinge buite die grense te bemoei, anders as om die Boesmans teen veeboere te probeer beskerm. In die oë van beide die blankes en die Bastergemeenskap is hierdie beleidsrigting as’t ware met die voortdurende inkorting op kommando’s en die grensaanpassings van 1824 bevestig. Hoewel hierdie beleid volgens die blanke veeboere vir hulle net negatiewe gevolge ingehou het, het dit terselfdertyd ‘n nuwe moontlikheid aan talle koloniale Basters gebied. Negatiewe sentimente in regeringskringe ten opsigte van blanke uitbreiding in die Kareeberge het immers aan talle Basters, as “onafhanklike inboorlinge” buite die grens, die moontlikheid gebied om vir die afsienbare toekoms in die gebied te kon woon sonder enige wesenlike gevaar dat hulle weer eens deur blanke verdringing uit die gebied verdryf sou word. Gevolglik is talle koloniale Basters na daardie gebiede buite die grens gelok waar ‘n afname in Boesmanweerstand meer permanente vestiging enigsins moontlik gemaak het.

Die vooruitsigte van ‘n onafhanklike bestaan buite die koloniale grense was egter onderhewig aan twee belangrike voorvereistes. As veebesitters was die Boesmangevaar en die opkoms van al hoe meer gedugte vyandige rowerbendes in die Kareebergstreek uiteraard vir die Bastergemeenskap die eerste belangrike struikelblok. Dit was iets wat eers finaal uit die weg geruim moes word alvorens enige permanente vestiging in die gebied enigsins moontlik kon wees. Om dit op eie houtjie te vermag was ‘n onmoontlike taak. Oor dekades heen en by tye selfs met aktiewe regeringsondersteuning was die stryd teen die Boesmans teen die 1820's steeds grootliks onsuksesvol. Soveel te meer toe die filantropies-gesinde Britse administrasie toenemend en meer daadwerklik gepoog het om die Boesmans te beskerm deur onder andere die enigste effektiewe verdedigingsstelsel, naamlik die kommando’s, ernstig aan bande te lê. Terselfdertyd is van regeringskant ‘n groter mate van owerheidsbeheer oor die grensdistrikte afgedwing. Daarbenewens het die negatiewe persepsies oor die verhuising van die Basters in blanke geleedere, asook die feit dat hulle as onbetroubare drosters beskou is en voortdurend van onwettige wapenhandel beskuldig is, die voormalige relatief maklike toegang tot wapens en ammunisie via kommandodiens vir die Bastergemeenskap grootliks uitgekanselleer. Wapens en ammunisie wat deur middel van die onwettige sluikhandel bekom is, was op hierdie tydstip heel duidelik nie genoeg om die getaloorwig van die Boesmans effektief teen te staan nie, soveel te meer toe die regering op aandrang van die blankes al hoe meer effektief begin toeslaan het op die onwettige verspreiding van wapens en ammunisie.

Ten opsigte van die stryd teen die Boesmans van die Kareeberge het die uittog van die Basters uit die blanke distrikte dus nie hul verhouding met die kolonie verbreek nie. In ‘n sekere sin is dit eerder verder verstewig. Om as ‘n “onafhanklike” gemeenskap buite die grense teen die aanslae van die Boesmans te kon oorleef, was die Bastergemeenskap, meer as ooit tevore, afhanklik van die militêre ondersteuning vanuit die aanliggende distrikte. Weens die strenger owerheidsbeheer oor kommando’s en die uitgesproke beskermingsbeleid van die Britse regering teenoor die Boesmangemeenskappe, tesame met die agterdog teenoor die Basters as militêre bondgenote, was die kans op owerheidsteun en dus 'n onafhanklike bestaan buite die grense vir die Bastergemeenskap dus uiters skraal.

4.2 Faktore wat die onafhanklike vestiging van die Bastergemeenskap in die Kareeberge verwesenlik het

Die grootskaalse uittoeg van die Bastergemeenskap uit die Hantam, Roggeveld en die Nuweveld teen 1820, waarvan in die vorige hoofstuk melding gemaak is, het met twee verdere belangrike gebeurtenisse saamgeval. Vir al die inwoners van die streek het hierdie verwickelinge verreikende gevolge ingehou. Die toenemende Bastermigrasies het in die eerste plek met die uitbreek van die Vyfde Grensoorlog in 1819 saamgeval toe vrees en agterdog in die noordwestelike grensdistrikte teenoor elke moontlike vyand hoogty gevier het. Belangriker nog was dat 'n verwoestende droogte terselfdertyd uitbreek het wat die dood veel nader gebring het as die gevreesde, maar relatief verwyderde, Oosgrenssituasie. Te midde van die droogte, en ongetwyfeld aangevuur deur die indringing van talle veeboere in hul gebied, het 'n nuwe vlaag Boesmangeweld vanuit die Kareeberge ook op die inwoners van die omliggende distrikte losgebars.¹ Vandie grootste belang was dat dié onsekere tye aanleiding gegee het tot 'n rebelsheid onder die inwoners van die grensdistrikte wat op sy beurt weer indirek die onafhanklike vestiging van die Bastergemeenskap in die Kareeberge sou beïnvloed.

Reeds in 1819, toe die inwoners van die Hantam, Roggeveld en Nuweveld opgeroep is vir kommandodiens tydens die Vyfde Grensoorlog, het die steeds toenemende Boesmanrooftogte dit moeilik gemaak vir inwoners van hierdie distrikte om aan hul kommandoverpligtinge te voldoen. Met die verslegtende veiligheidsituasie wou niemand op kommando gaan om hul plase weerloos teen die rowers te laat nie. 'n Vloed van protes het gevolglik by die owerheid ingestroom toe burgers uit die noordwestelike grensdistrikte vir diens aan die Oosgrens opgekommandeer is op 'n tydstop toe hul eie veiligheidsituasie drasties begin versleg het. Deurgaans is daar gekla dat die afwesigheid van groot getalle weerbare manne in die noordwestelike grensdistrikte die ideale geleentheid sou skep vir die rowerbendes van die Kareeberge om die omliggende distrikte kaal te plunder. Wanhopig het die veeboere ter stawing van hul vrese 'n stortvloed van klagtes oor roof en moord by die owerhede aangemeld. Soos reeds genoem, het Stockenström egter voet by stuk gehou dat die burgers van die Nuweveld nie van kommandodiens vrygestel sou word nie. Volgens hom is krygswet in die oostelike distrikte afgekondig wat die sub-drosdye van hierdie distrikte ingesluit het. Daarom was alle weerbare manne van hierdie distrikte, insluitende alle Basters wat in daardie stadium nog binne die koloniale grense gewoon het, genoodsaak om op kommando te gaan.² Gemoedere is in hierdie distrikte so aangeblaas dat talle burgers geweier het om vir kommandodiens aan te meld. Sommiges het selfs die veldkornette met die dood gedreig as hulle gedwing sou word om op kommando te gaan en hul vroue en kinders iets sou oorkom tydens hul afwesigheid. Na so 'n dreigement het veldkornet Fourie byvoorbeeld teenoor landdros Baird gekla dat hy onder dié omstandighede sy instruksies ten opsigte van die kommando nie kon uitvoer nie. Hy het prontuit gekla dat hy “haast bevrees word om zulke onwilligen te kommandeeren door dien ik myn leven dan niet zeker ben.”³

¹ Vir talle briewe oor Boesmanaanvalle gedurende 1821-1822, sien oa: KAB, 1 BFW 9/46, Part 11, Letters Received Field Cornets, 1821-1822, Petrus Jacobs-P.D. Jacobs, Wolwefontyn, 9-4-1822; P.D. Jacobs-J. Baird, Nieuwveld, 16-4-1822; D.S. Fourie-J. Baird, Nieuwveld, 5-7-1822; CO 2635, Letters from Tulbagh, Fischer-goewerneur, 12-12-1821, Nel-Fischer, 15-11-1821; 4-12-1821.

² KAB, 1/BFW 9/29, Letters Received Landdrost Graaff-Reinet, 1818-1819, A. Stockenström-J. Baird, 3-4-1819. Sien res van lêer vir meer oor pogings tot kommando-ontduiking van boere en Basters in noordwestelike distrikte.

³ KAB, 1 BFW 9/45, No 252, Letters Received Field Cornets, 1819-1820, D. S. Fourie-J. Baird, Slakfontein, 26-6-1819. Vir meer oor probleme rakende kommandosamestelling en weiering van burgers sien ook CO 2620, Fischer-goewerneur, 3-5-1819; 7-7-1819; Fischer-veldkornet Nel, 3-5-1819.

Uit die Tulbagh-distrik is soveel klagtes oor kommandodiens en gerugte van openlike verset ontvang, dat landdros Fischer dit nodig geag het om die Roggeveld persoonlik te besoek en hom eerstehands van die situasie te vergewis. By sy aankoms is hy oorval met versoeke dat die burgers, weens die toenemend verslegtende veiligheidsituasie, van kommandodiens vrygestel moes word. As manskappe uit hierdie distrikte vir die Oosgrensoffensief voorsien moes word, het veldkornet Jacobus Nel die landdros versoek, dan sou dit, gegewe die toenemende Boesmanaanvalle, beter wees om geen “Christene” vir diens op te roep nie, maar eerder 'n aantal Basters in hul plek op te kommandeer. Die Basters was volgens hom in elk geval beter geskik as sy medeburgers, want die meeste van hulle was al weens die gereelde skermutselings met die Boesmans “gewoond” aan gereelde kommandodiens. Boonop was hulle nog goeie skuts ook, het hy aangevoer.

In 'n brief aan die goewerneur blyk dit dat Fischer redelik simpatiek gestaan het teenoor die situasie aan die Noordgrens en die verstoë van die inwoners van die Roggeveld. Daar moes volgens hom inderdaad ernstig gedink word aan die veiligheid van die mense in die uitgebreide noordwestelike distrikte. Afgesien van die immer teenwoordige Boesmanvyande in hul onmiddellike omgewing, het die vrees ook onder die inwoners bestaan dat die Xhosa, waarvan 'n aantal splintergroepe alreeds vir etlike jare in die Kareebergstreek rondgetrek het, op 'n swak verdedigde gebied sou toeslaan. Dit was immers al goed bekend, het Fischer aangevoer, dat toe die Xhosakapteins Gola en Danster enkele jare tevore van die Oosgrens verdryf is, hulle die wyk geneem het na die Oranje en selfs tot aan die Sakrivier gekom het.⁴ Van hierdie groep het 'n paar gesinne in 1822 selfs in die Clanwilliam-distrik aangekom, waar hulle tot groot ontsteltenis van die landdros verlot gevra het om in die distrik te bly woon in ruil daarvoor dat hulle die Boesmans in die omgewing sou uitroei.⁵ Insgelyks het die agterdog teenoor Danster in die Nuweveld ook toegeneem. Volgens veldkornet Fourie het talle burgers en veral baie Basters gereeld met Danster en ander inwoners van sy kraal “converzasi” gehou. Dit het volgens hom niks goeds ingehou vir die veiligheid van die distrik nie.⁶

Waarskynlik weens die simpatieke houding van Fischer en die toenemende rebelsheid onder die inwoners van die streek, het nie een van die opgekommandeerde burgers van die Roggeveld op Grahamstad vir kommandodiens opgedaag nie. 'n Groot aantal burgers van Tulbagh het ook onderweg gedros. Van die opgekommandeerde Basters het net enkeles heeltemal te laat opgedaag, terwyl 'n hele aantal ook gedros het. Op aandrang van die regering dat daar 'n voorbeeld van die rebelse drosters gemaak moes word en veral aangesien die rol van veldkornet Nel in hierdie verwickelinge bra agterdogtig was, was landdros Fischer genoodsaak om Nel oneervol uit sy pos te ontslaan.⁷

In teenstelling met Fischer wat nog 'n mate van simpatie met die inwoners van die Hantam en Roggeveld gehad het, het die klagtes van die Nuweveld-distrik oor die onveilige situasie in hul

⁴ KAB, CO 2620, Letters from Tulbagh, Fischer-goewerneur, 7-7-1819.

⁵ KAB, CO 2643, Letters from Tulbagh, Adjunk-landdros Walter Synnod-goewerneur, 2-3-1822.

⁶ KAB, 1BFW 9/45, No 252, Letters Received Field Cornets, 1819-1820, D. S. Fourie-J. Baird, Nieuwveld, 6-7-1819.

⁷ *Ibid.*, Willshire-Fischer, 23-10-1819; Fischer-goewerneur, 16-12-1819; Goewerneur-Fischer, 29-12-1819; KAB, 1 BFW 9/45, No 253, Letters Received Field Cornets, 1819-1820, D. S. Fourie-J. Baird, Nieuwveld, 18-2-1820, Hendrik Grobler-J. Baird, 22-2-1820; 1/BFW 9/29, Letters Received Landdrost Graaff-Reinet, 1818-1819, J. Meintjies-J. Baird, Graaff-Reinet, 9-6-1819.

streek by Stokenström op Graaff-Reinet heeltemal op dowe ore geval. Trouens, hy het hom gruwelik vererig vir die stortvloed van versoeke om kwytstelling van kommandodiens weens die toenemende onveiligheid in die noordwestelike distrikte. Al die klagtes oor die moord en roofslag van die Boesmans het hy bloot as 'n verdigsel gesien. Volgens hom was dit 'n deursigtige poging van 'n desperate grensgemeenskap om hul kommandoverpligtinge te ontduik. In 'n sterk bewoorde brief aan die veldkornette van die Nuweveld het hy sonder skroom verklaar dat hy siek en sat was vir al die gemor en besware oor kommandodiens aan die Oosgrens. Stockenström het grimmig bygevoeg dat as die Noordgrens werklik so onveilig was as wat die inwoners dit uitgemaak het, hulle alleen hulself daarvoor te blameer gehad het. As hulle nie so gereeld op die gebiede van die Boesmans oortree het nie en met grootskaalse jagpartye die oorlewingsbronne van hierdie gemeenskap so gestroop het nie, dan sou hulle volgens hom nie in die penarie gesit het nie.⁸ Stokenström se reaksie op klagtes vanaf die noordwestelike grensgebied oor die veiligheidssituasie daar verklap enersyds die agterdog in regeringsgeledere dat die inwoners van die streek dikwels die situasie oordryf het. Aan die ander kant weerspieël dit terselfdertyd die oordrewe en eensydige klem wat daar nog altyd op die Oosgrens ten koste van die Noordgrens geplaas is.

Ten spyte van Stockenström se agterdog, wat dikwels in 'n mate geregtig was, blyk dit inderdaad dat die droogte en die vestiging van al hoe meer Basters aan die Sakrivier en in die Kareeberge 'n nuwe vlag geweld ontketen het. Gedurende 1821-22 het die aantal Boesmanaanvalle vanuit die Kareeberge dramaties toegeneem. Op hierdie tydstip was dit bykans asof die hele streek inderdaad in 'n volskaalse oorlog gedompel was.⁹ Dit blyk dat die grootste gevaar gekom het van kaptein Floris Bossiman wie se kraal oorkant die Sakrivier in die Kareeberge geleë was. Saam met die groep van kaptein Moses, wat in dieselfde omgewing gewoon het, is hulle getalle op tussen drie- en vyfhonderd man geskat.¹⁰ Een dagreis noord van Blyde Vooruitsigt, waar Kicherer sy sending onder die Boesmans gehad het, het kaptein Plaatjie se groep 'n verdere honderd weerbare man getel. Hierdie groep het in 1821 getoon dat hulle 'n uiters gevaarlike vyand uitgemaak het toe hulle met ene Moses 'n uiters suksesvolle rooftog op veeboere oorkant die Sakrivier geloods het.¹¹

In Januarie 1822 het Nicolaas Prinsloo teenoor die afgesette Nel gekla dat die Boesmans, onder aanvoering van Floris Bossiman, al sy beeste en perde geroof het. By hierdie geleentheid het 'n hele aantal burgers in die omgewing van Winthoek, "deeskant van Zakrivier" ook groot verliese geleë.¹² Hierdie aanval het tot in die Nuweveld groot paniek tot gevolg gehad.¹³ Dit blyk dat Bossiman in hierdie stadium nie alleenlik op die Basters en ander veeboere in die omgewing van

⁸ KAB, 1BFW 9/45, No 252, Letters Received Field Cornets, 1810-1820, Kopie van omsend van A. Stockenström-veldkornet, Graaff-Reinet, 11-3-1819.

⁹ KAB, CO 2643, Letters from Tulbagh, Nicolaas Prinsloo-Jacobus Nel, 2-1-1822; Provisionele veldkorporaal J. Gous-veldkornet C. A. van der Merwe; J. Nel-Trappes, 17-4-1822. CO 2635, Letters from Tulbagh, Nel-Fischer, 15-11-1821; KAB, 1/BFW 9/46, Part 11, Letters Received Field Cornets, 1821-1822, D. S. Fourie-J. Baird, Nieuwveld, 10-2-1822.

¹⁰ KAB, CO 2643, Letters from Tulbagh, Field-Commandant Nel-Deputy Landdrost Fischer, January 1822, B.P.P., No 50 of 1835, pp. 78-79, 82.

¹¹ BPP, No 50 of 1835, pp. 78-79.

¹² KAB, CO 2643, Letters from Tulbagh, Nikolaas Prinsloo-Jacobus Nel, 2-1-1822; Jacobus Nel-veldkornette van Nuweveld, 6-1-1822, BPP, No 5, Proclamations and orders relative to commandos and institutions, from 1796 to 1824, p. 373.

¹³ KAB, 1 BFW 9/46, Part 11, Letters Received Field Cornets, 1821-1822, J. Burgers-J. Baird, Nieuwveld, 2-1-1822.

die Sakrivier toegeslaan het nie, maar sy rooftogte ook noordwaarts tot aan die Oranje uitgebrei het.

Nadat berigte van die Basters aan die Sakrivier ontvang is dat Bossiman beeste aan die “grootrivier” gesteel het en dit in die Kareeberge versteek het, het Nel dit goed geag om met ‘n kommando Basters uit te trek en die gesteelde vee te herower.¹⁴ Die feit dat ‘n groot aantal gesteelde beeste in Bossiman se besit gevind is, het Nel tot groot kommer gestem. Vir hom was dit ‘n definitiewe bewys dat baie gerugte oor die Boesmans wat so gereeld deur die Basters aan die Sakrivier by hom aangemeld is, inderdaad waar was. So ontsteld was Nel oor die verslegtende veiligheidsituasie, dat hy die uitslag van sy kommando teen Bossiman, wat in daardie stadium weens sy ontslag streng gesproke onwettig was, aan landdros Fischer van Tulbagh bekend gemaak het. Daarmee het hy ‘n groot risiko geloop om vervolgt te word. Nel was immers in daardie stadium steeds in onguns by die owerhede en sy ongemagtigde optrede kon hom in ernstige moeilikheid laat beland het. In ‘n lang relaas het Nel egter daarin geslaag om die simpatieke landdros Fischer daarvan te oortuig dat ‘n sterk kommando teen Floris Bossiman noodsaaklik was om te verhoed dat die rowery verder handuit ruk.¹⁵ Veldkornet Jacobus Louw van die Onder-Roggeveld het Nel se waarskuwings beaam en daarop aangedring dat die veldkornette van die Hantam en Roggeveld met voldoende ammunisie voorsien word. Voorts moes die nodige owerheidstoestemming gegee word om op ‘n algemene kommando teen die Boesmans oorkant die Sakrivier te gaan. Louw het gewaarsku dat as geen “tegenstand” teen die rowery van die Boesmans gedoen sou word nie, die hele grens deur hulle ingeneem sou word.¹⁶

Voordat Fischer toestemming vir ‘n algemene kommando kon gee, is hy egter deur die filantropiesgesinde landdros Trappes opgevolg. Waarskynlik onder druk van die heersende filantropiese invloede in regeringskringe, het landdros Trappes die versoek tot ‘n algemene kommando, asook die groot hoeveelheid ammunisie waarvoor Nel en Louw aansoek gedoen het, sonder meer afgekeur. Dit is duidelik dat vrees in regeringskringe bestaan het dat die veeboersektor daarop uit was om die toenmalige uitwissingsbeleid teenoor die Boesmans te hervat as hulle die geringste kans daartoe sou kry. Dit was inderdaad ‘n wesenlike gevaar, want dit is duidelik dat Nel en sy Baster-meelopers kort-kort groot verwoesting onder die Boesmans gesaai het, vandaar waarskynlik sy opmerking dat die Basters gewoon was aan kommandodiens en sulke goeie skuts was.

‘n Positiewe ontwikkeling wat tot ‘n mate toon dat landdros Trappes nie heeltemal gevoelloos gestaan het teenoor die beleërde veeboergemeenskap nie, of dat hy deur sy simpatieke voorganger ten minste ten opsigte van Jacobus Nel positief beïnvloed is, was dat Nel nie vervolgt is vir sy onwettige kommando teen Floris Bossiman nie. Inteendeel, Trappes het by die regering aanbeveel dat hy in sy posisie heraangestel word. Die nuwe landdros het Nel sy misstap tydens die Vyfde Grensoorlog vergewe. Hy het by die regering aangedring dat hy danksy sy “goeie karakter,” sy kennis van die gewoontes van die Boesmans en veral weens die feit dat hy alreeds

¹⁴ Ibid., Letter received from Jacobus Nel, 7-1-1822.

¹⁵ KAB,CO 2643, Letters from Tulbagh, Jacobus Nel- Fischer, 6-1-1822.

¹⁶ Ibid., Veldkornet Jacobus Louw-Trappes, 20-2-1822.

vir etlike jare die inboorlinge van die Kareeberge “in behoorlike bedwang” gehou het, heraan-gestel word.¹⁷

Die heraanstelling van die wyd gerespekteerde Nel was vir die veeboergemeenskap van die Roggeveld en Hantam ‘n welkome verligting. In die beleërde gemeenskap was hy daarvoor bekend dat hy die veiligheidsituasie van die streek op die hart gedra het. Gedurende 1821 het Nel nog met Fischer aan sy kant en groot getalle Basters as kommandoede, die Boesmans immers kort-kort op hulle plek gesit. Die heraanstelling van Nel was waarskynlik ook daarop gemik om die rebelse inwoners van die Hantam en Roggeveld ietwat te paai en hulle hopelik meer ontvanklik teenoor owerheidsgesag te probeer stem. Te oordeel aan die groot aantal kommando’s wat op hierdie tydstip uit die Roggeveld, meesal onder leiding van Nel, op Floris Bossiman en sy volgelinge toegesak het, is dit duidelik dat regeringsvoorskrifte ten opsigte van kommando’s teen die Boesmans onmoontlik streng nagekom is. Dit is duidelik dat die redelik goeie gesindheid van Fischer tot sy uiterste geneem is. As hulle ten volle ingelig was, sou die owerheid waarskynlik nooit die intensiteit van die geweld teen die Boesmans in die westelike Kareeberge, soos uitgemeet deur Nel en sy Baster-kommandogangers, goedgekeur het nie. In Desember 1821 het Nel sy hand selfs by die goedgesinde Fischer oorspeel toe hy oënskynlik ‘n onaanvaarbare gewelddadige kommando in die Kareeberge georganiseer het. Landdros Fischer het Nel lelik geroskam omdat daar, te oordeel aan sy verslag van die kommando, heel duidelik geen daadwerklike poging aangewend is om eers vrede te probeer sluit nie.¹⁸ Dit was bloot ‘n kwessie van tyd voordat die gety van stille goedkeuring onder landdros Fischer deur die nuwe landdros van Tulbagh omgekeer sou word.

Trappes se weiering om die algemene kommando en die groot hoeveelheid ammunisie waarvoor Nel en Louw aansoek gedoen het goed te keur, was die eerste aanduiding dat die nuwe landdros nie so ondersteunend teenoor die boeregemeenskap as sy voorganger sou wees nie. Hy was duidelik van mening dat baie van die probleme met die Boesmans deur die veeboere self veroorsaak is. In hierdie opsig het hy feitlik woordeliks die argumente van Stockenström herhaal. Vir die wederstrewige inwoners van die noordwestelike distrikte was hierdie sentimente, om dit sagkens te stel, onaanvaarbaar.¹⁹ In teenstelling met die breë veeboergemeenskap, wie se haatspraak teenoor die Boesmans dikwels groot agterdog en teenstand in regeringskringe gewek het, was Jacobus Nel egter slim genoeg om te besef dat meer bereik sou word deur ten minste voor te gee dat daar gepoog word om regeringsvoorskrifte na te kom.

In hierdie stadium was dit streng regeringsbeleid dat kommando’s slegs onder uiterste toestande toelaatbaar was. Selfs dan moes daar eers daadwerklik gepoog word om vrede te sluit alvorens geweld goedgekeur sou word. Opvallend is dat alle korrespondensie aan die nuwe landdros ‘n definitiewe patroon aanneem wat deurgaans inpas by amptelike regeringsbeleid. Feitlik deurgaans word die landdros in kennis gestel dat na ‘n rooftog of moord waarna die booswigte agternagesit is en daar vrugteloos gepoog is met “mooi spreken en beloftes” om die vrede te bewaar, die kommando aangeval is deur die Boesmans en daar uit noodweer ‘n aantal van die

¹⁷ Ibid., Trappes-Luitenant- kolonel Bird, Tulbagh, 5-3-1822; 17-4-1822.

¹⁸ KAB, CO 2635, Letters from Tulbagh, Nel-Fischer, Desember 1821.

¹⁹ KAB, CO 2643, Letters from Tulbagh, Trappes-veldkornette, 4-4-1822; Trappes-Jacobus Nel, Tulbagh, 4-4-1822; CO 2651, Letters from Worcester, Trappes-goewerneur, 23-12-1823.

”opperste kwaaddoeners” gedood is. Dit blyk dat wanneer hierdie prosedure in die verslag aan die landdros noukeurig gevolg is, en veral as bewys kon word dat gesteelde goedere in die besit van die aanvallers gevind is, die kommando streng volgens die wet opgetree het. Dan het daar feitlik nooit ’n haan na die bloedvergieting gekraai nie. Op sy beste het die goewerneur die geweld betreur, die landdros en veldkornette geprys dat die ware diewe aan die pen gery het en alle betrokkenes gemaan om te alle tye toe te sien dat kommando’s nie soos vroeër in ’n bloedbad van onskuldige mense ontaard nie.

Met meesterlike diplomاسie het Jacobus Nel dus nie alleen regeringsvoorskrifte grootliks omseil nie, maar selfs daarin geslaag om die goeie guns van Trappes te wen. Uiteindelik het hy by die landdros van Tulbagh selfs die reputasie van vredemaker gelykstaande aan dié van Floris Visser van vroeër verwerf. In die praktyk het dit daarop neergekom dat Nel na sy bevordering tot veldkommandant in beheer geplaas is van die ammunisietoevoer na die Roggeveld. Hy kon feitlik na goeddunke manskappe opkommandeer om rowers agterna te sit of om vredesonderhandelinge te sluit.²⁰ Weens die groot afstand tussen die landdros en die Kareebergstreek was Trappes uitgeweer aan die ”goeie karakter” van Jacobus Nel. Daar was weinig moontlikheid om sy vertroueling te kontroleer, anders as om Nel se amptelike verslae van kommando-aktiwiteite voortdurend onder die vergrootglas te plaas.

Talle aanduidings bestaan dat die skuiwergate in die wetgewing en gebrekkige direkte owerheidsbeheer in die daaropvolgende jare sonder skroom in die Roggeveld en Hantam uitgebuit is. Die Boesmans in die westelike Kareeberge oorkant die Sakrivier is kennelik op hierdie tydstep op groot skaal uitgewis. Hoe groter die jakkalsdraaie, hoe meer water was dit op die meul van ’n gemeenskap wat hom al hoe minder aan die beperkings van ’n onwillige owerheid gesteur het. Kort na die aanstelling van Nel as veldkommandant is die gedugte Floris Bossiman byvoorbeeld tot oorgawe gedwing. Nel het ene Flip Wittebooy in sy plek as kaptein en Jacob Moses as korporaal aangestel. Vier gewere is ook by die groep gevind, wat Nel onmiddellik gekonfiskeer het. In sy verslag aan Trappes het Nel dit luidkeels voorgehou as bewys daarvan dat daar daadwerklik teen die boosdoeners opgetree moes word. Met groot omhaal van woorde het Nel teenoor Trappes laat blyk dat die wankelende vrede wat met die “opperste kwaatdoeners” gesluit is, ook geen maklike taak was nie. Die kommando het met ”lewensgevaar, goede belofte en mooy spreek” daarin geslaag om die “opperste schelmen” tot ander insigte te bring.²¹

Dit sou nie heeltemal onvanpas wees om te beweer dat Nel se “mooy spreek” meer gerig was op die landdros as die vyande in die Kareeberge nie. Gegewe Jacobus Nel se latere militêre reputasie, wat vir ten minste ’n paar geslagte onder die inwoners van die Kareebergstreek voortgeleef het,²² is daar geen enkele aanduiding dat hy meer vergewensgesind teenoor die Boesmans as enige ander lid van die veeboerbevolking was nie. Daarbenewens is dit ook duidelik dat hy nie juis die amptelike beleid teenoor die Boesmans uitermate ter wille wou wees nie. Selfs in sy verslag aan Trappes oor sy vredesonderhandelinge met Floris Bossiman se volgelinge glip

²⁰ KAB, CO 2643, Letters from Tulbagh, Trappes-velkommandant Jacobus Nel, 4-4-1822; J.A. Nel-Trappes, Roggeveld, 10-9-1822; Trappes-Jacobus Nel, Tulbagh, 28-9-1822.

²¹ Ibid., Veldkommandant Jacobus Nel-Trappes, Roggeveld, 4-11-1822.

²² VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 25 von J.H. Lutz vom 27-9-1856 bis 30-11-1856, ”Verslag van de byeenkomst gehouden op Amandelboom, den 10 November 1856.”

'n kragdadige streep deur wat aantoon dat ook hy van mening was dat ten minste 'n mate van geweld nodig was om die Boesmans in bedwang te hou. Nel het Trappes byvoorbeeld versoek om die nuut-aangestelde Wittebooy van 'n rottang te voorsien, "want ik meen dat zulkie meer vrees heeft voor die rottang als voor den perzoon." Gelukkig vir hom het Trappes die versoek verkeerd verstaan. In sy verslag aan die goewerneur het hy die hoop uitgespreek dat Nel se versoek vir 'n "captains staff" vir die nuutaangestelde Wittebooy goedgekeur sou word!²³

In die aanliggende Nuweveld-distrik was die droogte van die 1820's en die gepaardgaande Boesmanaanvalle vanuit die oostelike gedeeltes van die Kareeberge weens 'n aantal redes 'n baie groter beproewing vir die inwoners van hierdie streek as wat dit vir die Roggeveld en Hantam-distrikte was. Die Nuweveld was in die eerste plek meer blootgestel aan Boesmanaanvalle aangesien die meeste Basters wat die voorste verdedigingslinie gevorm het, grootliks aan die buitewyke van die Hantam en Roggeveld gekonsentreer was. Daarbenewens het die Nuweveld onder die nuut-gestigste Beaufort-Wes geressorteer wat aanvanklik onder Graaff-Reinet geval het. Weens die oordrewe fokus op die Oosgrens het die inwoners van die Nuweveld weinig simpatie vir hul probleme op Graaff-Reinet ontvang. Waar Jacobus Nel aanvanklik die stilswyende ondersteuning en goedkeuring van landdros Fischer vir die optredes van die veeboergemeenskap in die Roggeveld teen die Boesmans geniet het, en later danksy vernuftige voetwerk draaie om Trappes kon loop, was die veldkornette van die Nuweveld uitgelewer aan die uifers streng gesag van Andries Stockenström op Graaff-Reinet.

Stockenström het hom nie so maklik soos Fischer en Trappes van standpunt laat verander nie en nog minder maklik om die bos laat lei. Hoewel adjunk-landdros Baird op Beaufort-Wes, net soos Fischer van Tulbagh, geneig was om redelik simpatiek te staan teenoor die lot van die veeboergemeenskap, was hy ondergeskik aan Stockenström op Graaff-Reinet. Stockenström was deurgaans agterdogtig oor elke klagte van die boere uit die Nuweveld. Vir hom was die kommando-stelsel 'n noodsaaklike euwel wat alleenlik onder uiterste omstandighede toelaatbaar was. Selfs dan moes dit onder uifers streng beheer plaasvind. Die voormalige skietlustige kommando's, wat met soveel bloedvergieting en die roof van kinders in Boesmangeledere gepaard gegaan het, was iets wat hy grondig verafsku het. Daarom het hy hom dit ten doel gestel om dit by elke moontlike geleentheid aan bande te lê. Daarbenewens was hy oortuig daarvan dat die meeste van hierdie kommando's nooit werklik noodsaaklik was nie. Die meeste daarvan het volgens hom dood-eenvoudig voortgespruit uit 'n ongeregverdigde wraaksug van die veeboergemeenskap teenoor die Boesmans. Dikwels het kommando's ook sonder amptelike toestemming geskied. Wanneer toestemming tot bloedige geweld teenoor die Boesmans wel verkry is, was dit volgens Stockenström in die verlede dikwels gebaseer op die oordrewe en soms fiktiewe klagtes van die veeboergemeenskap. Sy streng voorskrifte aan alle veldkornette in die Nuweveld, dat kommando's teen die Boesmans slegs onder uiterste toestande toelaatbaar was, was die eerste aspek waarvoor Stockenström met adjunk-landdros Baird en alle veldkornette van die Nuweveld koppe gestamp het. Sy kriteria van "uiterste noodsaak" was heel duidelik anders as dié van Baird en die inwoners van die Nuweveld.²⁴

²³ KAB, CO 2643, Letters from Tulbagh, Trappes-goewerneur, 29-12-1822.

²⁴ BPP, No 124, p. 375, A. Stockenström-J. Baird, Graaff-Reynet, 7-2-1822.

'n Verdere kenmerk van Stockenström se administrasie van die Nuweveld was dat hy 'n definitiewe obsessie met die Oosgrenssituasie gehad het. Die grootskaalse grensoorloë het die skermutselings met die Boesmans in die noordwestelike grensdistrikte beide in omvang en intensiteit heeltemal oorskadu. Gevolglik het Stockenström dikwels kleinerend neergekyk op klagtes vanuit die Nuweveld oor die “gedugte en gevaarlike vyand” daar. By meer as een geleentheid het hy selfs teenoor Baird opgemerk dat die sogenaamde oorweldigende vyand in die Nuweveld niks minder nie as groepies half verhongerde kriminele was wat dikwels uit noodsaak tot 'n rowersbestaan gedwing is. Soveel te meer nog, het hy by geleentheid aangevoer, as gelet word op hoe gemaklik die kommando's met feitlik geen lewensverlies aan eie kant altyd die sogenaamde gedugte vyand verslaan het nie. Die trant van Stockenström se lang briewe aan Baird was sodanig dat dit duidelik blyk dat Stockenström van mening was dat die “oningeligte” en onervare adjunk-landdros Baird dikwels deur die inwoners van die Nuweveld om die bos gelei is. Vergeleke met die grootskaalse oorloë aan die Oosgrens, het Stockenström by implikasie teenoor Baird laat blyk, moes die adjunk-landdros met hom saamstem dat die probleme met die Boesmans in die Nuweveld bloot neergekom het op die eliminerings van enkele kriminele, eerder as 'n gevaarlike stryd.²⁵

Teen Februarie 1822 het die veiligheidsituasie in die Nuweveld, ten minste wat die inwoners en tot 'n mate adjunk-landdros Baird self betref het, egter sulke krisisaftmetings aangeneem dat dit selfs ingevolge die streng voorskrifte van uiterste noodsaak gekwalifiseer het vir grootskaalse kommando's teen die Boesmangroepe in die Kareeberge. Afgesien van die droogte en probleme met indringerboere in die distrik waarvan reeds vermeld is, is Baird letterlik oorval met klagtes van rooftogte. Talle berigte van moord en roof is van veldkornette D.S. Fourie, J. van der Westhuyzen en J. Burgers ontvang, wie se veldkornetskappe die verste aan die buitewyke van die distrik geleë was.²⁶ Fourie se wyk was byvoorbeeld binne trefafstand van kaptein Moses se groep, wat in die omgewing van Schietfontein gewoon het. Daarbenewens was daar ook 'n groot vyandige groep nog verder noord teen wie alreeds tydens die tyd van Floris Visser gewaarsku is en na wie siviele kommissaris Van Ryneveld in 1829 so vrugtelos sou gaan soek.²⁷ Burgers se veldkornetskap was verder wes naby die Sakrivier geleë, min of meer aangrensend aan die veldkornetskap van Jacobus Nel wat onder Tulbagh geressorteer het.²⁸

Op 30 Januarie 1822 het Burgers berig van 'n aanval op die plaas Ganzen Fontyn waartydens 'n Khoi- arbeider wreed vermoor is. Tydens dieselfde voorval is die huis van 'n veeboer, ene Mans, ook geplunder. Onmiddellik na die aanval het die rowers oor die Sakrivier die Kareeberge in gevlug. Provisionele veldkornet Grové, wat in die beste posisie was om die rowers agterna te sit, kon weens “innerlyke ambyen” nie perdry nie en aangesien Burgers self ook so pas van siekte

²⁵ BPP, No 131, p. 377, A. Stockenström-J. Baird, Graaff-Reynet, 14-2-1822; No 136, 7-3 1822.

²⁶ KAB, 1/BFW 9/46, Part 11, Letters Received Field Cornets, 1821-1822, J. Burgers-J. Baird, Nieuwveld, 1-2-1822; 9-8-1822; D.S. Fourie-J. Baird, Nieuwveld, 10-2-1822; J. van der Westhuyzen-J. Baird, Nieuwveld, 10-2-1822.

²⁷ KAB, CO 2715, Letters from Graaff-Reinet, Van Ryneveld-goewerneur, Slange Fonteyn, 1-11-1829; Klaare Fonteyn, 13-11-1829; 9-12-1829.

²⁸ KAB, 1/BFW 9/46, Part 11, Letters Received Field Cornets, 1821-1822, J. Burgers-J. Baird, Nieuwveld, 9-8-1822.

herstel het, het ook hy magteloos gestaan. Gevolglik het die rowers skotvry daarvan afgekom.²⁹ Drie dae later is berigte ontvang dat die Boesmans 50 perde gesteel het en al die beeste geroof het van die Basters wat aan die Sakrivier in die omgewing van Blyde Vooruitsig in die distrik Tulbagh gewoon het. Burgers was van mening dat die Boesmans op groot skaal besig was om nader aan die grens te beweeg. Hy het 'n dringende beroep op Baird gedoen om 'n groot kommando op die been te bring om die vyand teen te staan. Gerugte wat ongetwyfeld deur die Basters versprei is dat 'n groot verenigde vyand besig was om oorkant die grens saam te trek, het ook algehele paniek onder die ingesetenes van sy wyk laat losbars. Al die inwoners van sy wyk was genoodsaak om hul waens op te pak en in 'n beskermende laer saam te trek. Almal was dit eens, het Burgers gemaak, dat indien geen algemene kommando teen die Boesmans uitgestuur sou word nie hulle onverwyld die gebied sou verlaat.³⁰ Op 2 Februarie 1822 het Burgers van nog aanvalle berig en terselfdertyd gewaarsku dat hy nouliks sy mede-burgers meer kon betuel. Nogmaals het hy Baird versoek om 'n algemene kommando te gelas aangesien die Boesmans deur die hele distrik "woetend te keer gaan."³¹

Baird het Burgers tot kalmte gemaak en aangesê om niks te doen tot tyd en wyl hy toestemming van Stockenström verkry het vir 'n algemene kommando nie. In 'n brief aan Stockenström sou 'n gesamentlike mag van 150 gewapende man volgens hom voldoende wees om die gevreesde aanslag af te weer.³² Stockenström het die versoek van Baird, soos te verwagte, ten sterkste afgekeur. Hy het dit onomwonde gestel dat hy nie die amptelike beleid sou wysig wat groot kommando's verbied het nie. Hy het Baird dit op die hart gedruk dat algemene kommando's slegs toelaatbaar was onder toestande van absolute noodsaak. Volgens hom was die voorvalle in veldkornet Burgers se wyk bloot voorbeelde van klein groepies rowers, of selfs individuele kriminele, wat weens die droogte in hongersnood verval het en dus genoodsaak was om te steel ten einde aan die lewe te bly. Voorts het hy bygevoeg dat selfs al sou 'n mens veronderstel dat die voorvalle net soos gerugte van 'n groot vyandige groep oorkant die grens alles waar was, daar voorsiening gemaak moes word vir die gebruikelike oordrywing daarvan. Die kommando wat Baird voorgestel het, was na die mening van Stockenström groot genoeg om die hele Boesmanbevolking oorkant die grens uit te wis, veral as die veldtog deur 'n bloeddorstige leier misbruik sou word. 'n Algemene kommando sou slegs tot grootskaalse bloedvergieting en die uitwissing van die Boesmans aanleiding gee, of in die geval dat dit nie heeltemal bereik word nie, die hele situasie net vererger. Na 'n lang lesing oor die meriete van 'n meer humanitêre aanslag teenoor die Boesmans, het Stockenström bygevoeg dat geen waarborge bestaan het dat die opgesweepte inwoners hulle ooit aan enige geregtigheid teenoor die Boesmans sou hou nie. Stockenström het Baird opdrag gegee om streng instruksies aan die veldkornette deur te gee dat alle inwoners hul eiendom beter moes beskerm. Indien 'n rooftog desondanks steeds sou voorkom, moes slegs die

²⁹ BPP NO 5, Proclamations and orders relative to commandos and institutions, from 1796 to 1824, J. Burgers-Baird, Nieuweveld, 30-1-1822, No 123, pp. 374-375; KAB, 1 BFW 9/46, Part 11, Letters Received Field Cornets, 1821-1822, J. Burgers-J. Baird, 30-1-1822.

³⁰ *Ibid.*, J. Burgers-Baird, 1-2-1822; 2-2-1822., No 121-122, p. 374; KAB, 1/BFW 9/46, Part 11, Letters Received Field Cornets, 1821- 1822, J. Burgers-J. Baird, Nieuweveld, 1-2-1822.

³¹ KAB, 1/BFW 9/46, Part 11, Letters Received Field Cornets, 1821-1822, J. Burgers- J. Baird, Nieuweveld, 2-2-1822.

³² *Ibid.*, J. Baird-A. Stockenström, Beaufort, 4-2-1822. No 120, p. 374.

ware skuldiges gestraf word. Voorts moes sonder uitermatige geweld probeer word om die gesteelde goedere terug te kry.³³

Om verstaanbare redes was die reaksie van Stockenström heeltemal onbevredigend vir diegene wat byna daaglik onder rooftogte deurgeloopt het. Op 9 Februarie 1822 het Burgers nogmaals van aanvalle berig en hulpeloos gepleit: “edag vertouw ik en myne onderhoorige aan de vaaderlyke hulp van onzen offisier der Colonie, ook van zyn Exellentie den Goewerneer, war ob wy daaglyks wagten, wyl wy in groote gevaar en ongerustheid ons tans bevinden teegenstand te doen en de hydenen tog weeder in vrede mogten worden gebragt met een sterke kommando wyl it de aller uiterste nood veryst.”³⁴

Opvallend is dat Burgers die begrip “aller uiterste nood” in sy pleidooi gebruik. Dit was 'n redelik deursigtige poging om aan die vereistes van die regering vir 'n algemene kommando te probeer voldoen. Landdros Baird, wat in die spervuur van kritiek gestaan het, het moeite gehad om sy woedende onderdane in bedwang te hou, soveel te meer nog aangesien hy duidelik self van mening was dat Stockenström nie die ware situasie begryp het nie. Saam met nog berigte van moord en roof wat van veldkornette Van der Westhuyzen en D.S. Fourie ontvang is, het hy Stockenström dit aan die verstand probeer bring dat die Boesmans en talle drosters vanuit die kolonie in groot groepe van tussen 300 tot 500 in die Kareeberge saamgetrek was. Na berigte het hulle gereed gestaan om die Nuweveld binne te val.³⁵ Talle versoeke vir 'n algemene kommando en vir die voorsiening van ammunisie het onverpoos van die veldkornette in die buitewyke van die distrik by Baird ingestroom.³⁶ Die landdros het nogmaals al sy moeite gehad om die opgeswepte inwoners onder bedwang te hou en hulle daarvan te weerhou om op eie houtjie tot die aanval oor te gaan. Telkens het hy die betrokke veldkornette gemaan om rustig te bly en 'n defensiewe houding in te neem tot tyd en wyl Stockenström op hoogte van sake gebring is en sy toestemming vir 'n algemene kommando verkry is.³⁷ Stockenström het egter telkens voet by stuk gehou dat die situasie nie 'n grootskaalse kommando regverdig het nie, dat die boere self vir hul benarde posisie verantwoordelik was en dat die goewerneur sy opdragte in hierdie verband goedgekeur en ondersteun het.³⁸

In April 1822 is die erns van die situasie egter op die spits gedryf toe veldkornet P.D. Jacobs 'n groep rowers in die Kareeberge agtervolg het en in die omgewing van Baayersfontein (Beyersfontein) slaags geraak het met 'n sterk gewapende groep wat “braaf met gewears en giftige peilen” op die kommando losgetrek het. Volgens Jacobs het “menigvullige quaatdoeners daar by malkander verzamelt” en selfs “schiethuize of schansen” gemaak. Slegs 'n groot

³³ Ibid., A. Stockenström-J. Baird, Graaff-Reynet, 7-2-1822. No 124, p. 375.

³⁴ KAB, 1/BFW 9/46, Part 11, Letters Received Field Cornets, 1821-1822, J. Burgers-J. Baird, Nieuwveld, 9-2-1822.

³⁵ Ibid., J. Baird-A. Stockenström, Beaufort, 12-2-1822. No 127, p. 376; KAB, 1/BFW 9/46, Part 11, Letters Received Field Cornets, 1821-1822, D.S. Fourie-J. Baird, Nieuwveld, 10-2-1822.

³⁶ Ibid., J. van der Westhuyzen-Baird, Nieuwveld, 22-2-1822. No 128, p. 376.; D. S. Fourie - J. Baird, Nieuwveld, 10-2-1822. No 129, pp. 376-377.

³⁷ Ibid., J. Baird-K.S. Fourie, Beaufort, 11-2-1822, No 130, p. 377.

³⁸ Ibid., A. Stockenström-J. Baird, Graaff-Reinet, 14-2-1822, No 131, p. 377; A. Stockenström-luit kol Bird, Graaff-Reinet, 14-2-1822, No 132, p. 377; C. Bird-A. Stockenström, Koloniale kantoor, 28-2-1822, No 133, p. 378.

gesamentlike kommando sou volgens hom die vyand kon verslaan.³⁹ Voordat Baird se opdragte tot kalmte en Stockenström se weiering tot 'n algemene kommando die veldkornette egter kon bereik, het hulle breekpunt bereik. In 'n gesamentlike kommando, bestaande uit die burgers van Fourie, Van der Westhuyzen en Burgers, is daar sonder vooraf toestemming in die Kareeberge toegeslaan. Tydens hierdie operasie is die gehate kaptein Moses gedood. Talle gesteelde vee en ander artikels wat met individuele rooftogte, waaronder dié van Mans verbind kon word, is in die kraal gevind. Afgesien van kaptein Moses wat gesneuwel het, meld veldkornet Fourie in sy verslag aan Baird opvallend geen verdere ongevalle nie.⁴⁰ Toe inligting omtrent hierdie kommando uiteindelik by Stockenström uitkom, was dit net die feit dat die “ware” diewe gestraf is, soos onweerlegbaar bewys is deur die groot aantal gesteelde goedere wat in hul besit gevind is, die lae ongevallesyfer asook die feit dat pogings aangewend is om vredesonderhandelinge met die groep te sluit, wat Fourie en sy geesgenote die wraak van Stockenström laat vryspring het. Teen alle verwagtinge in het Stockenström die kommando, wat vir alle praktiese doeleindes 'n algemene kommando was en waarvoor hy telkens toestemming geweier het, dié keer goed-gekeur.⁴¹

Net soos Jacobus Nel van die Roggeveld en Hantam, het die Nuweveld-veldkornette spoedig agtergekom dat daar 'n relatief maklike manier was om die owerheid se volgehoue weiering tot grootskaalse kommando's te omseil en steeds min of meer dieselfde oogmerk ten opsigte van die Boesmans te behaal. Net soos in die geval van die inwoners van die Hantam en Roggeveld was die eiegeregtige optrede van die Nuwevelders spoedig nie bevorderlik vir die handhawing van respek vir die gesag van 'n verafgeleë owerheid nie. Weens die lang afstande, en die feit dat die landdros geen onafhanklike manier gehad het om sy onderdane te kontroleer nie, was dit onder die ontevrede inwoners spoedig duidelik dat selfs die uitgeslape Stockenström se blaf erger as sy byt was. Met eentonige reëlmaat het die inwoners vir algemene kommando's aansoek gedoen en is dit geweier. Nogtans is daarin geslaag om groot getalle Boesmans onder die voorwendsel van geregverdigde strafekspedisies uit te wis. Wanneer die regte prosedure in die verslae aan die adjunk-landdros gevolg is, het daar selde enige negatiewe repurkussies gevolg. Terselfdertyd is die allerbelangrike toegang tot ammunisie oopgehou.⁴²

Te oordeel aan die volgehoue kommando's wat gedurende 1822 in die Kareeberge uitgetrek het om gesteelde vee te herower of vermeende moordenaars te straf, was Stockenström duidelik óf heeltal uit pas met die ware toedrag van sake in die noordweste, óf het die veeboersektor op groot skaal daarin geslaag om die owerhede 'n rat voor die oë te draai. Dit blyk egter dat die hele streek inderdaad in 'n volskaalse oorlog gewikkel was en dat die owerheid nie altyd ten volle op hoogte was met die ware toedrag van sake nie. Die enigste verskil ten opsigte van die veiligheidsituasie in die Kareebergstreek, vergeleke met die Oosgrenssituasie, was dat dit sporadiese konflikte was waarop so gereageer moes word dat dit nie die argwaan van die owerhede ontlok het nie.

³⁹ KAB, 1/BFW 9/46, Part 11, Letters Received Field Cornets, 1821-1822, P. D. Jacobs-J. Baird, Slangfontein, 5-4-1822.

⁴⁰ BPP, D.S. Fourie-J. Baird, Nieuwveld, 1-3-1822, No 135, p. 378; KAB, 1/BFW 9/46, Part 11, Letters Received Field Cornets, 1821-1822, D.S. Fourie-J. Baird, Nieuwveld, 1-3-1822.

⁴¹ Ibid., A. Stockenström-J. Baird, Graaff-Reinet, 7-3-1822, No 136, p. 378; KAB, 1/BFW 9/46, Part 11, Letters Received Field Cornets, 1821-1822, “Lyst van goederen welke ik D. S. Fourie veldkornet gevonden heb van Moses in zyn kraal op den 25 February 1822.”

⁴² Ibid., Verskeie briewe, Sien No 137-146, pp. 379-381.

Vir die inwoners van die streek was dit nie die ideale situasie nie. Die hoofdoel, naamlik die finale verbreking van Boesmanweerstand wat veeboeruitbreiding oorkant die Sakrivier en Kareeberge moontlik sou maak, is nie so geredelik behaal soos dit andersins met volgehoue, grootskaalse kommando's sou wees nie. Die groot getalle Boesmans wat tydens die 1822-droogte en die daaropvolgende skermutselings uitgewis is, was vir die veeboergemeenskap 'n skrale troos. Die kleiner kommando's, wat meesal nog onder 'n waas van geheimhouding en toesmeerdery plaasgevind het, was in daardie stadium heel duidelik nie opgewasse genoeg om die Boesmans finaal te verslaan nie. Die Boesmangemeenskappe van die Kareeberge was steeds sterk genoeg om meer permanente indringing in die gebied redelik effektief teen te staan. Gevolglik het die gebrek aan uitbreiding spanning oor grond en plaasverdringing in die oorbevolkte blanke distrikte onverpoos laat voortduur. Die onsimpatieke houding van die owerheid in die persoon van mense soos Stockenström, het sake net verder vererger. Oor hierdie kwessie het gemoedere dikwels hoog geloop. Dit verbaas daarom nie dat heelwat onvergenoege veeboere later uit die Beaufort-Wes distrik by die Groot Trek aangesluit het nie.

'n Verdere nadelige gevolg van die volgehoue weiering om grootskaalse kommando's toe te laat wat die vyand ten ene male kon uitwis, was dat die lae intensiteit konflik vir etlike jare voortgeduur het. Met gereelde tussenposes het dit egter ernstig opgevlam en dikwels algehele paniek veroorsaak. Dit het op sy beurt weer 'n konstante gevoel van vrees en agterdog by die inwoners ingeboesem. Dikwels het dit op allerlei negatiewe maniere na die oppervlak gekom. Die mees voor-die-hand- liggende was dat die beleërde veeboergemeenskap toenemend 'n kleurbewustheid ontwikkel het. Mettertyd is 'n vyand gesien in elke gekleurde wat nie ten nouste met die blanke veeboere geassosieer het nie.⁴³ Dit, tesame met die emansipasiestryd vir Khoikhoi en slawe wat op hierdie tydstip 'n hoogtepunt genader het, het arbeidsverhoudinge tot 'n algehele laagtepunt laat tuimel. Belangriker nog was dat die blanke veeboere ontgogeld geraak het met kommandodiens wat in hulle oë mettertyd weinig voordele ingehou het. Soos reeds genoem, het kommando's vanuit die perspektief van die burgers beperkte suksesse gehad. Die voormalige voordeel dat dit 'n manier was om gedwonge arbeid te bekom, is deur sterk owerheidsbeheer feitlik onmoontlik gemaak. Kommandodiens het trouens in hierdie tyd doodgewoon gevaarlik geraak. Die vyand het enersyds toenemend self oor wapens begin beskik. Daarbenewens kon die geringste misstap tydens 'n kommando andersyds, ook kommandoede in groot probleme by 'n onsimpatieke regering laat beland. Die enigste voordeel van kommandodiens was dat dit 'n maklike toegang tot ammunisie gebied het. Om in hierdie voordeel te kon deel, was dit later nie meer noodsaaklik om persoonlik vir diens aan te meld nie. Daarvoor het Khoikhoi en Basterondergeskiktes gesorg wat deur boere in hul plek gestuur is. Al hoe meer boere het dus begin weier om op kommando te gaan en dikwels het die veldkornette groot moeite gehad om genoeg manne vir kommandodiens bymekaar te skraap.

Die gevolg van die grootskaalse kommandoweiering in blanke geledere was dat al hoe meer fokus weer eens geplaas is op mense soos die Bastergemeenskap, om hierdie dienste te verrig. Nogmaals was die groot getalle Basters, wat aan die Sakrivier aan die buitewyke van die blanke nedersetting gewoon het, in 'n onbenydenswaardige situasie vasgevang. As buffergemeenskap tussen die Boesmans en die gevestigde distrikte was die beëindiging van Boesmanweerstand in die Kareeberge vir hulle van nog groter belang. In die eerste plek omdat hulle kort-kort Boesman-

⁴³ KAB, 1/BFW 9/46, Part 11, Letters Received Field Cornets, 1821-1822, J. Burgers-J. Baird, Sacrivier, 20-9-1822.

aanvalle ten prooi geval het, maar ook omdat dit hul uitbreiding noordwaarts aan bande gelê het. Juis daarom het groot getalle Basters aan die Sakrivier as't ware die staande mag van iemand soos Jacobus Nel geword. So gereeld is teen die Boesmans uitgetrek, dat hulle volgens hom gewoon geraak het aan kommandodiens.

Dit is duidelik dat die Britse beleid van versoening en strenger beheer oor algemene kommando's, vanuit die perspektief van die regering ten opsigte van die beskerming van die Boesmans, die gewenste uitwerking gehad het. Strenger owerheidsbeheer en die feit dat die bendegroepe in die Kareeberge toenemend in besit van wapens begin kom het, was sekerlik die enkel grootste redes waarom die Boesmans nie gedurende die vroeë 1820's in die Kareebergstreek totaal uitgewis is nie. Hoe ongewild die idees van "filantropiese" regeringsamptenare soos Stockenström en landdros Trappes ook al was, en hoe erg hul opvattinge ook al gemoedere in die gensdistrikte aangeblaas het, is dit 'n doodgewone feit dat die veeboergemeenskap met hul handlangers sekerlik die hele Kareebergstreek sou "skoonmaak" as hulle die geringste kans en owerheidsteun daartoe sou kry.

Daarbenewens was die idee dat veeboerindringing in Boesmangebiede konflik ontlok het, ook geregverdig. Wanneer veeboere in die jaggebiede van die Boesmans ingetrek het, is groot druk op water en weiding geplaas. Onoordeelkundige jagtery het wild gestroop of verjaag en enige vorm van verzet is met brute geweld uit die pad gevee. Dit het op sy beurt die oorlewingsmoontlikhede van die Boesmans aan bande gelê en hulle in parasitiese gemeenskappe omvorm. Veral tydens droogtesiklusse was hierdie groepe dan genoodsaak om te roof ten einde te kon oorleef. Daar is meer as afdoende bewys dat daar in die noordweste op hierdie tydstep 'n direkte oorsaaklike verband was tussen droogtes en die toename in Boesmangeweld.⁴⁴ Veeboerindringing in die jaggebiede van jagters en versamelaars, ongeag van watter ras, was objektief gesien, doodgewoon dieselfde vorm van verdringing as die plaasverdringing uit naburige distrikte waarvoor die inwoners van veral die Nuweveld so gekla het. Daarteenoor kan die wreedhede van die veeboersektor teenoor die Boesmans deels verklaar word aan die hand van 'n argument wat dr. John Philip dikwels gevoer het. Volgens Ross het dr. Philip die vergrype van die veeboersektor nie toegeskryf aan 'n inherente boosheid van die veeboere as sodanig nie, maar veel eerder aan 'n gebrekkige regeringstelsel. Soveel skuiwergate het in die bestaande wetgewing bestaan, dat dit mettertyd doodgewone mense in wreedaards kon korrupteer.⁴⁵

'n Belangrike aspek in hierdie opsig was dat regeringsamptenare in die grensdistrikte gedurende die 1820's so behep was met interpersoonlike verhoudinge dat hulle dikwels totaal uit die oog verloor het dat die ware rede vir konflik meesal oor grond gehandel het. Strenger owerheidsbeheer oor die kommandobedrywighede van die veeboere het dus weliswaar, soos hierbo aange-toon is, die Boesmangemeenskappe in die Kareeberge tydelik van totale uitwissing gered. Andersyds het dit niks gedoen om die grondkewessies in blanke geledere aan te spreek nie. Die grondhervormings wat in 1813 'n omskakeling van die leningplaasstelsel na ewigdurende erfpag aangekondig het, was weliswaar 'n poging om blanke uitbreiding teen te werk. 'n Skuiwergat in hierdie wetgewing in die vorm van rekwesplase het egter die hele doelstelling daarvan ongedaan

⁴⁴ BPP, No. 6, p. 350, Reports and papers relating to depredations of an expedition against the Bushmen from 1817 to 1824 in the districts of Graaff-Reynet, Cradock, Beaufort, Worcester and Clanwilliam.

⁴⁵ A. Ross, *John Philip (1775-1851)*, pp. 77-80.

gemaak. Totdat die administrasie van die grensdistrikte vanaf omstreeks 1827 opgeskerp is en die leemtes ten opsigte van die toekenning van grond aangespreek is, het veeboere vir twee dekades lank hierdie leemtes uitgebuit en nuwe grond beset asof dit leningsplase was. Die meer gesogte areas met volop water en weiding is meesal wel in ewigdurende erfpag uitgegee. In sommige distrikte soos die Nuweveld, was die oorgrote meerderheid plase wat beskikbaar was egter op sy beste marginale grond. Soms het die koste aan die opmeting daarvan dikwels die waarde van die grond heeltemal oorskry. Toe Andries Stockenström in 1818 hierdie argument by die owerhede geopper het en aanbeveel het dat bestaande regulasies soos landmeterskoste in sommige distrikte gewysig word sodat die armer klasse dit kon bekostig om toegang tot grond te kry, is dit egter botweg van die hand gewys.⁴⁶ Die uiteindelijke afskaffing van die rekweplaa-stelsel, sonder dat 'n aanvaarbare alternatief in die plek daarvan gestel is, het dus die grondkewessies in die gevestigde distrikte net verder aangeblaas. Enersyds het dit die ontsetting van indringers makliker gemaak, maar glad nie die redes aangespreek waarom daar soveel indringerboere in byvoorbeeld die Nuweveld was nie. Nog minder is daar aan die hand gedoen waarheen hierdie mense moes uitwyk. Gevolglik het dit ontevredenheid en verset onder die inwoners aangewakker wat nie bevorderlik was vir die streek en al sy inwoners nie.

Seker die belangrikste gevolg van die wyfelagtige Britse beleid ten opsigte van die Noordgrens en veral die feit dat die veeboersektor baie duidelik allerlei skuiwergate in bestaande wetgewing gevind het om belangrike maatreëls soos die inperking op kommando's tot 'n mate te omseil, was dat 'n sekere graad van wetteloosheid in die noordwestelike grensdistrikte ontwikkel het. Mettertyd het dit feitlik na alle vlakke van die samelewing uitgekring. Die mees voor-die-hand-liggende voorbeelde hiervan kom ongetwyfeld voor in die verswakking van arbeidsverhoudinge in die noordwestelike grensdistrikte, asook die feit dat veldkornette toenemend hul gesag begin verloor het. In die argiewe van die Beaufort-Wes distrik alleen is daar tientalle bewyse dat veeboere van die Nuweveld en Roggeveld hulle in die loop van die 1820's byvoorbeeld al hoe minder aan enige vorm van gesag gesteur het. In die wandel het hulle hulle van feitlik niemand meer laat voorsê nie. Male sonder tal het veldkornette teenoor die landdros op Beaufort-Wes gekla dat hul onderdane nie hul gesag erken het nie, geweier het om hul opgawes in te dien, geen dienskontrakte met arbeiders aangegaan het nie, of geen gehoor aan opdragte wou gee nie. Voorts het talle klagtes oor mishandeling van arbeiders, waaronder 'n groot aantal ernstige aanrandings getel het, ook gereeld by die landdros op Beaufort-Wes ingestroom. By geleentheid het die Khoikhoi arbeider van ene Charl Esterhuizen byvoorbeeld teenoor veldkornet Fourie gekla dat gemelde Esterhuizen sy kinders so erg met 'n sambok toegetakel het dat hulle na die drag slae "so bont als een wilt paard" daar uitgesien het.⁴⁷

Al die voorafgaande voorbeelde is eintlik tipiese karaktertrekke van 'n geslote grenssituasie en is waarskynlik nie uniek aan die noordwestelike grensdistrikte nie. Belangrik is egter dat, ondanks groter owerheidsbeheer en selfs meer ernstige wetgewing met betrekking tot die beskerming van die Boesmans, wat van owerheidskant op die oog af redelik waterdig voorgekom het, uiteindelik feitlik na willekeur oortree is. Hierdie tendens het daartoe aanleiding gegee dat die Boesmanweerstand vanuit die Kareeberge deur 'n kombinasie van brute geweld en die uitwerking van die

⁴⁶ KAB, 1/BFW 9/30, Letters Received Landdrost Graaff-Reinet-1821, A. Stockenström-C. Bird, Kaapstad, 18-5-1818; C. Bird-A. Stockenström, Kaapstad, 1-6-1818.

⁴⁷ KAB, 1/BFW 9/45, No 253, Letters received field cornets, Klagstaat, D. S. Fourie, Nuweveld, 15-6-1821.

knellende droogte van 1822, grootliks geknak is. Uit hierdie negatiewe ontwikkeling vir die Boesmans is egter positiewe vordering gemaak met een van die belangrikste voorvereistes vir 'n meer permanente bestaan vir die Bastergemeenskappe in die Kareeberge. Namate die Boesmans al hoe meer uitgewis is, het hul voormalige jaggebiede die ideale tuiste vir die verdronge Bastergemeenskap geword. Sodoende is hul eerste belangrike voorvereiste vir 'n onafhanklike bestaan grootliks danksy die wetteloosheid van die gebied verwesenlik.

Ten opsigte van hul tweede voorvereiste vir onafhanklikheid het die toenemende wetteloosheid en die onvermoë van die regering om daadwerklik en beslissend op te tree, indirek vir die Bastergemeenskap wat hulle net buite die koloniale grense gevestig het, 'n belangrike positiewe impak gehad. Die regering se onvermoë om veeboermigrasies oorkant die grens te keer en veral die verskillende regulasies wat van toepassing was op blankes en Basters wat die grensskeidings oortree het was in hierdie verband byvoorbeeld 'n belangrike faktor. Dit het onder meer indirek daartoe aanleiding gegee dat die status van die Bastergemeenskappe buite die grens gedurende die tweede helfte van die 1820's van twyfelagtige bondgenote, wie se aansien in die oë van die oorgrote meerderheid blankes weens hul migrasies uit die gevestigde distrikte 'n ernstige knou gekry het, omgeswaai het tot dié van volwaardige en dodelike meelopers. Om hierdie ontwikkeling ten volle te snap, is dit noodsaaklik om veeboermigrasies oor die grens en die owerheid se reaksie daarop in meer diepte te ondersoek.

Net soos die veeboersektor dikwels die streng regulasies ten opsigte van kommando's en arbeidsverhoudinge omseil het, is die regulasies wat migrasies oor die grens verbied het, ook oortree. Reeds sedert die eerste grensvasstelling van die Noordgrens in 1798 het veeboere, op plekke waar Boesmanweerstand dit toegelaat het, dikwels hul veetroppe oor die grens laat wei. Volgens die verklaarde beleid van die regering was dit egter onwettig om oor die grense te trek. Soveel te meer in die Kareebergstreek in die noordwestelike distrikte nadat hierdie gebied, ingevolge die Britse versoeningsbeleid tot 'n reservaat vir die eksklusiewe gebruik van die Boesmans verklaar is. Die veeboergemeenskap het hulle in die reël egter min aan grensvasstellings gesteur. Hulle was dikwels onkundig oor presies waar die grense geloop het, maar meesal was hierdie migrasies tydens droogtes noodsaaklik om na beter weiding te soek.⁴⁸ Die situasie is egter ook dikwels sonder huiwering klakkeloos uitgebuut. Volgens sommige veldkornette het talle boere byvoorbeeld onder die skyn van droogte oor die grense getrek, bloot om hul eie plase te spaar.⁴⁹ Nadat die grens vir die noordwestelike distrikte omstreeks 1810 gesluit is, het baie veeboere van die Hantam, Roggeveld en die Nuweveld gereeld tydens droogtes, met of sonder die goedkeuring of medewete van die owerheid en met roekelose minagting vir hulle eie veiligheid, die gereg of die gesag van die veldkornette, hul vee oorkant die grense laat wei. Dit was net die verbete Khoisan-weerstand, die volgehoue Britse beleid van versoening en groter beheer oor hul blanke onderdane gedurende die 1820's, wat in hierdie stadium verhoed het dat die Kareebergstreek beset is.

Die gebrek aan bewegingsruimte het egter mettertyd, soos reeds aangetoon is, grondkweesies en plaasverdringing in sommige distrikte soos die Nuweveld onhoudbaar gemaak. Teen die 1820's het 'n toenemende stroom trekboere, gedwing deur droogtes, plaasverdringing en die feit dat die

⁴⁸ KAB, 1/BFW 9/46, Part 11, Letters Received Field Cornets, 1821-1822, J. Burgers -J. Baird, Nieuwveld, 11-4- 1822.

⁴⁹ Ibid., J. Burgers-J. Baird, Nieuwveld, 16-3-1822.

owerhede steeds die Kareeberge as 'n reservaat vir die Boesmans beskerm het, selfs in 'n flankbeweging om die gevaarlike Kareeberge tot aan die Oranje - en selfs nog verder noord - getrek. Hoewel die meeste van hierdie migrasies tydelik van aard was, het talle mettertyd 'n feitlik permanente swerwersbestaan aan die Oranje gevolg. Dit was juis een van die aanleidende oorsake waarom die grensaanpassings van 1825 oos van die Kareeberge tot aan die Oranje uitgebrei is. Spoedig het ook hierdie nuwe grensvasstelling nie meer die tydelike veeboermigrasies gekeer nie. So vroeg as 1829 het verskeie veeboere alreeds hierdie nuwe grensvasstelling begin oortree. Nie alleen vanuit die noordwestelike grensdistrikte nie, maar ook vanuit Graaff-Reinet het talle veeboere, waarvan sommige heel duidelik groot veebesitters was, tot groot ontsteltenis van die goewerneur aansoek gedoen vir sekere stukke "waste land" aan die walle van die laer Rietrivier oorkant die Oranje.⁵⁰

Voordat die grens in 1825 om die oostelike gedeelte van die Kareeberge tot aan die Oranje uitgebrei is, was die onwettige veeboermigrasies oor die grens vanuit die Hantam, Roggeveld en Nuweveld vir die owerheid 'n groot bron van kommer. Veeboere wat oorkant die Sakrivier getrek het, het immers die beskermde gebied van die Boesmans betree. Hier het hulle volgens talle waarnemers groot druk op die oorlewingsbronne van die Boesmans geplaas. Andersyds het hulle gevaar geloop om deur Boesmanaanvalle uitgewis te word. Insgelyks het diegene wat om die Kareeberge tot in die omgewing van die Oranje getrek het, dikwels op die gebiede van die Griekwas oortree. Soms het hulle in onwettige bondgenootskappe met die Griekwa op kommando teen die Boesmans gegaan. Ook hierdie groepe het gevaar geloop om vasgevang te word in die onderlinge geskille tussen ander groepe aan die Benede-Oranje. Teen 1829 het die grootskaalse migrasies van veeboere uit die Hantam, Roggeveld en Nuweveld byvoorbeeld soveel druk op die Griekwas begin plaas, dat verhoudinge met Adam Kok ernstig begin verswak het. In 'n poging om blanke indringing in sy gebied te keer, het Kok voordurend by die Kaapse owerhede oor hierdie indringers gekla. Toe hierdie klagtes op sigself nie die regering voldoende aangespoor het om veeboermigrasies uit die noordwestelike grensdistrikte te keer nie, het hy al hoe meer die "filantropiese beheptheid" van die owerheid teenoor inboorlinggroepe soos die Boesmans, probeer uitbuit. Daar is toenemend aanklagte teen van hierdie indringers gemaak, dat hulle op groot skaal die Boesmans in die omgewing uitgewis het.⁵¹ In Mei 1830 het Andries Stockenström byvoorbeeld berigte van Kok ontvang dat 'n aantal boere van die Hantam-en Roggeveld-distrikte, wat in sy gebied met hul vee getrek het, van sy burgers aangehits het om twee Boesmankrake aan te val. Die ammunisie vir die aanval is glo deur hierdie boere voorsien. Tydens die aanval, waartydens 'n groot aantal vroue en kinders wreedaardig uitgewis is, het van die boere afkomstig uit die Hantam na bewering selfs die gewere uit die hande van die Griekwas gegryp en self verder verwoesting gesaai.⁵²

Wanneer klagtes van betreding, onwettige jagekspedisies of onwettige aktiwiteite buite die grens deur sommige van hierdie onafhanklike inboorlinge soos die Griekwas by die landdroste aangemeld is, is die skuldiges altyd daarop gewys dat dit onwettig was om oor die grens te trek. Telkens

⁵⁰ KAB, CO 2715, Letters from Graaff-Reinet, Van Ryneveld-Rev Mellville, 19-4-1829.

⁵¹ Ibid., Adam Kok-Van Ryneveld, 6-2-1829; Van Ryneveld-Bell, 19-2-1829; 12-3-1829; 9-4-1829; Van Ryneveld-Adam Kok, 20-2-1829; Van Ryneveld-veldkornette, 20-2-1829.

⁵² KAB, CO 2722, Letters from Graaff-Reinet, Stockenström-Van Ryneveld, 15-5-1830. Vir 'n lang verslag van Van Ryneveld se ondersoek na hierdie aangeleentheid sien: CO 2722, Van Ryneveld-Stockenström (ongedateer).

is die veldkornette aangesê om toe te sien dat niemand oor die grens trek nie. Elke keer is die veldkornette beveel om hul mense opdrag te gee om weer terug te trek.⁵³ In 1829 het siviële kommissaris Van Ryneveld byvoorbeeld in geen onduidelike terme sy misnoë uitgespreek oor die trekgewoontes van die boere: “het Bosjesmans land daar onze ingeseetenen thans gestadig door trekken en zich daar zij grazing vinden en met hun vee neder zetten kan voor de ongelukkige natie niets anders dan schadelijk zijn - hun wild daar zij anders van zouden kunnen leven werd verdreven en dood geschoten en de gevolgen kunnen niets anders dan gevaarlijk zijn.”⁵⁴

Die veldkornette het meesal lang, emosionele verskonings aangebied oor waarom dit noodsaaklik was om die wet so te oortree. Die meeste het tereg aangevoer dat die rigiede grensinstellings lynreg gebots het met die klimaatgesteldheid van die streek. As 'n veeboer in die droogte-geteisterde noordweste gedwing sou word om tydens droogtes op sy plaas te bly, het die meeste deurgaans aangevoer, sou al hul vee sekerlik van hongersvrek met slegte gevolge vir die ekonomie.⁵⁵ In November 1830 het nie minder nie as 36 boere uit die noordwestelike grensdistrikte, wat tydelik in die omgewing van die Griekwas rondgeswerf het en weens die “ongeregverdigde” verdagmakery teen hulle deur die owerheid gedwing is om terug te trek, in 'n gesamentlike versoekskrif aan die regering dit onomwonde en in ietwat weerbarstige taal gestel dat hulle weens die klimaatgesteldheid van die streek noodsaak was om oorkant die grens na uitkoms te soek: “we received our dwellings under laws which are in some respects contrary to the nature of the country.” So ontstoke was hierdie groep vir die onbegrip van die owerhede, dat hulle dit reguit gestel het dat dit hulle burgerlike regte was om oor die grens te trek wanneer die natuur dit noodsaak het.⁵⁶ Die trant van hul versoekskrif was sodanig, dat siviële kommissaris Van Ryneveld in 'n voetnoot aan Stockenström selfs verskoning aangebied het vir hul taalgebruik wat op die oog af die indruk kon wek dat die groep in rebellie teen die owerheid was.⁵⁷

Selfs vir die redelik onsimpatieke Britse administrasie het baie van hierdie argumente sin gemaak. Oor jare heen was daar baie voorbeelde om dit te staaf. Vleisvoorsiening aan die Kaapse markte is byvoorbeeld tydens droogtes erg ontwrig. Wanneer droogtes toegeslaan het, is dit ook spoedig opgevolg deur dosyne aansoeke om kwytskelding van belastinge.⁵⁸ Selfs die redelik onsimpatieke landdros Trappes het in 1826, na 'n inspeksiereis deur die buitewyke van sy distrik, teenoor die goewerneur opgemerk dat dit absoluut noodsaaklik was vir veeboere om soms oor die grense te kon trek. Die toenemende bevolkingsaanwas en gereelde droogtes in die Hantam, Roggeveld en Nuweveld sou volgens hom groot veevrektes tot gevolg hê as die boere nie gedurende droë

⁵³ KAB, CO 2715, Letters from Graaff-Reinet, Van Ryneveld-Bell, 19-2-1829; 12-3-1829; Van Ryneveld-veldkornette, 20-2-1829; 3-4-1829.

⁵⁴ Ibid., Van Ryneveld-veldkornette, 20-2-1829.

⁵⁵ KAB, 1/BFW 9/46, Part 1, Letters Field Cornets, J. Burgers-J. Baird, Nieuwveld, 8-1-1821; 23-6-1821; J. van der Westhuysen-J. Baird, Rietvontein, 13-11-1821; 1/BFW 9/47, Letters Received Field Cornets, 1824, J. van der Westhuysen -W.W. Harding, 7-2-1827; CO 2559, Letters From Graaff-Reinet, Landdros van Tulbagh-goewerneur, Tulbagh, 25-4-1807.

⁵⁶ KAB, CO 2722, Letters from Graaff-Reinet, Van Ryneveld-goewerneur, 7-10-1830, “Memorial to the land fathers as I call them, the governor Cole, A. Stockenström and Van Ryneveld.”

⁵⁷ Ibid., Van Ryneveld-Stockenström, 4-11-1830.

⁵⁸ KAB, CO 2679, Letters from Worcester, S.W. van der Merwe, Jacobus Nel en Jan Abraham Nel-goewerneur, 15-2-1826; CO 2707, Letters from Worcester, Louw-Van Ryneveld, 21-2-1828; Trappes-Bell, 21-2-1828.

seisoene toegelaat sou word om tydelik buite die grense te beweeg nie. Verstommend het hy selfs voorgestel dat 'n stelsel van weilisensies ingestel moes word wat trekboere sou toelaat om in die beskermde Sakriviergebied te wei.⁵⁹ Insgelyks het siviele kommissaris Van Ryneveld in 1829, te midde van 'n ernstige droogte en gepaardgaande springkaanplae, sonder huiwering vir die veeboere van Graaff-Reinet en Beaufort-Wes in die bres getree toe talle agterstallig geraak het met hul opgawes en die ouditeur-generaal daarop aangedring het om die betrokke persone te vervolg. Van Ryneveld het aangevoer dat dit die hele veeboersektor van hierdie distrikte sou ruïneer as daar onder die heersende toestande voortgegaan sou word met die vervolgings.⁶⁰ Hoofsaaklik weens die klimaatsgesteldheid van die streek en die ekonomiese impak van droogtes op die ekonomie, het die owerhede die tydelike trekbewegings van veeboere oor die grense dus mettertyd meesal oogluikend toegelaat.

Dit is opvallend dat die owerheid op aandrang van die veldkornette egter 'n heel ander beleid teenoor Basters gevolg het wat op dieselfde wyse met hul veetroppe oor die grense getrek het. Toe groot getalle Basters, net soos hul blanke eweknieë gedurende die 1822-droogte en daarna oor die amptelike grense begin uitwyk het, is hierdie migrasies aanvanklik met groot agterdog in blanke geleedere bejeën.⁶¹ Veral veldkornet Burgers van die Nuweveld was byvoorbeeld baie besorg dat sommige Basters op Beaufort-Wes passe verkry het onder die voorwendsel dat hulle na die Worcester-distrik wou verhuis, maar dan oor die Sakrivier die Kareeberge ingetrek het. Baie van hulle het al langs die Sakrivier tot aan die Oranje getrek om hulle by die Griekwas aan te sluit. Andere het net oorkant die grens rondgeswerf wat vir die veiligheid van die gevestigde distrikte niks goeds ingehou het nie.⁶² Burgers was veral besorg oor 'n Baster in sy wyk, ene Gerrit Nielsen, wat onder valse voorwendsels en om verdagte redes sy wyk verlaat het. Hy het deur die wyk van D.S. Fourie tot oorkant die grens in die Kareeberge getrek. Veldkornet Burgers het Nielsen daarvan beskuldig dat hy met die Grootrivierbasters “kontak” wou maak - waarskynlik 'n bedekte toespeeling op die hoogs onwettige handel in vuurwapens en ammunisie wat op daardie stadium ernstige afmetings begin aanneem het. Die aanklag was vir landdros Baird ernstig genoeg om Fourie opdrag te gee om Nielsen te agtervolg en te probeer uitvind wat aan die gang was. Fourie het Nielsen tien uur te perd noord van sy wyk ingehaal, waar hy hom in die geselskap van die burgers Dawid en Jan de Koker bevind het. Die De Kokers het al vir 'n tyd lank met hul vee in die Kareeberge rondgetrek. Toe die agterdogtige Fourie op die groep afkom, was die De Kokers egter gou om te verklaar dat hulle op daarde stadium aan die “intrek” was. Behalwe vir 'n wa wat aan Nielsen behoort het en wat Fourie dadelik in beslag geneem het, kon hy niks anders, selfs geen vee, by Nielsen vind nie. Dit bly 'n raaisel hoe Nielsen daarin geslaag het om met 'n wa sonder trekvee tot so diep in die Kareeberge te vorder en wat sy verhouding met die De Kokers was. Aangesien die De Kokers onderweg was terug na die Nuweveld, het Fourie hulle opdrag gegee om die gekonfiskeerde wa by hom te besorg.⁶³ Nielsen het later ten sterkste ontken dat hy

⁵⁹ KAB, CO 2679, Letters from Worcester, Trappes Journal, Februarie 1826.

⁶⁰ KAB, CO 2715, Letters from Graaff-Reinet, Van Ryneveld-goewerneur, 19-10-1829.

⁶¹ Vir verskeie briewe oor agterdog teenoor Bastergemeenskap, sien oa: KAB, 1/BFW 9/45, No 252, Letters Received Field Cornets, 1819-1820, D.S. Fourie-J. Baird, Nieuwveld, 26-6-1819; 18-7-1819; J. Burgers-J. Baird, Nieuwveld, 6 -7-1819; 1/BFW 9/45, No 253, D.S. Fourie- J. Baird, Nieuwveld, 12-4-1822; J. Burgers-J. Baird, Nieuwveld, 8-12-1822.

⁶² KAB, 1/BFW 9/47, Letters Received Field Cornets-1823, J. Burgers-J. Baird, Nieuwveld, 10-4-1823; 23-9-1823; 25-10-1823.

⁶³ KAB, 1/BFW 9/47, Letters Received Field Cornets-1823, D. S. Fourie- J. Baird, Nieuwveld, 9-10-1823; 18-10-1823.

met die “Grootrivierbasters” kontak wou maak. Dit is insiggewend dat hy veldkornet Burgers self daarvan beskuldig dat sy swaer met die goedkeuring en medewete van die veldkornet, dikwels in die omgewing van die Griekwas te vinde was.⁶⁴

Te oordeel aan die groot aantal klagtes oor onwettige handel wat Burgers by landdroos Baird aanhangig gemaak het, blyk dit dat ‘n groot aantal Basters in sy wyk inderdaad by onwettige handel betrokke was. Soos vroeër reeds opgemerk, was dit juis een van die belangrike redes waarom sommige koloniale Basters oor die grens getrek het. Talle is dan ook dikwels, tot misnoë van die regering, met groot hoeveelhede wapens en ammunisie betrap. Weens die toenemende konflikte tussen die Griekwas en Koranas aan die Oranje, was daar ‘n uiters winsgewende mark vir wapens en ammunisie. In September 1830 is byvoorbeeld ‘n aantal Basters onderweg na die Griekwas met nie minder as 13 sakke kruit, ‘n groot hoeveelheid lood en 8 nuwe gewere in hulle besit betrap.⁶⁵ Die feit dat Nielsen veldkornet Burgers self en sy swaer ook by hierdie bedrywighede geïmpliseer het, is ‘n verdere aanduiding dat die onwettige wapenhandel moontlik vir meer as net die Basters ‘n winsgewende byverdienste was.

Verder weswaarts in die Hantamdistrik, waar groot getalle Basters aan die Sakrivier gewoon het, was probleme met die onwettige wapenhandel skynbaar nog erger. In ‘n brief aan die landdroos van Clanwilliam het die inwoners van hierdie distrik gekla dat hulle veiligheid weens die grootskaalse wapenhandel met die Griekwas ernstig bedreig is. Aanklagtes is gemaak dat die “Grootriviers basters” deur “rondloper handelaars” byna daagliks van wapens en ammunisie voorsien is. Die wapenhandel was nie alleen onwettig nie, maar die rondlopers van Grootrivier het Khoisan-werkers en slawe na die Oranje weggerokkel. Baie inwoners het gekla dat dit “een samenrotting zoude kunnen veroorzaken waardoor die grinsbewoners den een of andere dag zoude kunnen worden verontrustig.” Ten einde die handel aan bande te lê, het hulle voorgestel dat ‘n jaarlikse kermis gehou word waarvoor ‘n groter mate van beheer uitgeoefen kon word.⁶⁶ Die handelspos wat by Slingerfontein in navolging van hierdie versoek ingestel is, het voorspelbaar niks positiefs gedoen om die onwettige handel aan bande te lê nie.⁶⁷ Daarvoor was dit net te winsgewend, veral toe die onrus in die Benede-Oranje teen 1824 baie ernstig begin raak het. Al hoe meer “mantatees” het byvoorbeeld weens die Mfecane suidwaarts tot aan die grense begin beweeg. Terselfdertyd het die Koranna-Griekwa-skermutselings teen 1829 ook ‘n bedreiging vir die gevestigde distrikte verder suid begin word.⁶⁸ Die vrees het bestaan dat die onwettige wapenhandel na hierdie groepe uitgebrei kon word, of dat selfs ‘n onverwagse aanval op die

⁶⁴ Ibid., W.J. van Rensburg-J. Baird, 17-10-1823.

⁶⁵ KAB, CO 2722, Letters from Graaff-Reinet, Van Ryneveld-goewerneur, 23-9-1830.

⁶⁶ KAB, CO 2643, Letters from Tulbagh, Deputy Landdrost Walter Synnod -C. Bird, 5-9-1822; Memorial inhabitants of Hantam to Landdrost and Heemraden of Clanwilliam, Hantam, 20-9-1822; Trappes-C. Bird, Tulbagh, 28-10-1822; W.E. Synnod en Pieter van Aarde-Trappes, 18-10-1822.

⁶⁷ Oor onwettige handel sien oa: KAB, 1/BFW 9/47, Letters Received Field Cornets -1823, J. Burgers-J. Baird, Nieuwveld, 28-10-1823; 28-9-1823; 1/BFW 9/47, Letters Received Field Cornets -1824, D.S. Fourie-J. Baird, Nieuwveld, 16-10-1824.

⁶⁸ Vir meer oor die Griekwa-Koranna-konflikte en die invloed van onwettige wapenhandel daarop vanuit o.a. die Hantam sien: KAB, CO 2715, Letters from Graaff-Reinet, Van Ryneveld-Bell, 6-5-1829.

grensdistrikte gedoen kon word.⁶⁹ Toe die bekende “gedoopte Baster” Jan Koopman, byvoorbeeld deur Dirk van Schalkwyk daarvan beskuldig is dat hy ‘n geweer by die Xhosa-kaptein Danster (vermoedelik in die omgewing van Schietfontein) vir jong osse geruil het, het Andries Stockenström veldkornet Fourie opdrag gegee om die grense te patroleer en ‘n oog oor die Basters te hou. Om hierdie opdragte te kon uitvoer, het Fourie om versterkings aansoek gedoen veral aangesien ‘n klomp Basters, vermoedelik van die Grootrivier, drie skofte van sy woning bespeur is. Fourie het ook die “voorsigtigheid” gebruik om die vriendelikgesinde Boesman-kapteins in sy omgewing opdrag te gee om hom dadelik in kennis te stel van enige verdagte bewegings in die omgewing. In geval van ‘n onverwagse aanval op sy distrik, het hy landdros Baird ook versoek om hom so spoedig moontlik van kruit en lood te voorsien.⁷⁰

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat Basters wat buite die koloniale grense beweeg het, hetsy tydelik of permanent, in die oë van die koloniale gemeenskap meesal die status van onafhanklike inboorlinge verwerf het sodra hulle die grense oorgesteek het. Hierdie groepe was buite die grense heel duidelik feitlik nie meer onderworpe aan koloniale beheer of beskerming nie. Die negatiewe gevolg hiervan vir die Bastergemeenskap was dat diegene wat hulle net oorkant die grens gevestig het, weens die onsekerhede van die grenssituasie groot agterdog in blanke geledere gewek het. Hulle aansien het in hierdie geledere dus ernstig gedaal. Vir die blanke veeboersektor is die gevare wat hierdie groepe moontlik vir die gevestigde distrikte kon inhou gedurende die 1820's baie duidelik tuisgebring toe die owerheid, ten spyte van sterk bewese aanklagte van onwettige bedrywighede, herhaaldelik daarin gefaal het om effektief teen hierdie groepe op te tree. Afgesien van onsuksesvolle pogings om druk uit te oefen op Anderson, die sendeling onder die Griekwas, om Bastermigrasies vanuit die kolonie te ontmoedig deur nuwe aankomelinge terug te stuur, is niks daadwerkliks ooit verder van owerheidskant gedoen nie. Die positiewe sy vir die Bastergemeenskap aan die neiging in owerheidskringe om hulle buite die koloniale grense nie meer as burgers te beskou nie, was dat dit hulle vrygemaak het van koloniale inmenging in hul pogings om ‘n onafhanklike bestaan vir hulself in die Kareeberge uit te kerf. Jammer genoeg is dit egter aanvanklik oorskadu deur die ontevredenheid onder hul blanke bure teenoor die regering oor wat hulle gesien het as misplaaste pogings om die “inboorlinge” ten koste van hul eie burgers te beskerm.

Vir die blanke veeboere was die houding van die regering teenoor Basters wat die kolonie verlaat het soortgelyk aan die onaanvaarbare beskerming van die Boesmans. Gevolglik het dit die bestaande negatiewe persepsies teenoor die regering onder blanke grensbewoners versterk. Die dubbele standaard is vir die blanke veeboergemeenskappe op geen beter wyse tuisgebring, as wanneer hulle tydens tydelike migrasies buite die amptelike grense deur Boesmans aangeval is nie. Dan het hulle hulle tevergeefs op koloniale beskerming beroep. Wanneer kommando's versoek is om die Boesmans aan te val wat veeboere buite die grense beroof het, blyk dit dat die owerheid minder simpatiek gesind was en het die wet sy volle gang geneem. Meesal is hierdie boere dan met vervolging gedreig indien hulle nie onmiddellik gehoor gegee het aan instruksies om “inwaarts” te beweeg nie. Toe grootskaalse veeboermigrasies oor die grens in 1829 weens droogte nogmaals ‘n vlag Boesmanaanvalle tot gevolg gehad het, het siviele kommissaris Van Ryneveld byvoorbeeld die veldkornette behoortlik die leviete voorgelees: ”Hoe zeer de nood-

⁶⁹ Oor Koranna- en Mantatees-bedreiging sien oa: KAB, 1/BFW 9/48, Veldkornets Brieven-1825, D.S. Fourie-J. Baird, Nieuwveld, 16-8-1827; 13-9-1827; 13-10-1827; 8-10-1827; 29-11-1827; 15-12-1827; J.J. Jansen van Rensburg-J. Baird, Nieuwveld, 22-11-1827.

⁷⁰ KAB, 1/BFW 9/47, Letters Received Field Cornets -1824, D.S. Fourie-J. Baird, Nieuwveld, 16-10-1824.

zaaklikheid onze menschen ook mogten dwingen met hun vhee over de grenzen te trekken is en blijft dit immers altoos eene onwettige daad en ofschoon men tot dusverre deze overtreeding van den wet oogluikend heeft gepasseerd moet de ingeseetenen niet veronderstellen dat zy de bescherming van het goewernement daar toe hebben.”⁷¹

Dit was juis hierdie gewoonte van veeboere om oorkant die grens te trek, wat Andries Stockenström in besonder so die harnas in gejaag het. Die meeste van hierdie boere het volgens hom op die gebiede van die inboorlinge oortree, water en weiding opgebruik, met onoordeelkundige jagtery die wild van die gebiede gestroop en, les bes, enige teenstand met brute geweld uit die pad gevee. Objektief gesien, was Stockenström korrek, want die tydelike migrasies oorkant die grens, hetsy uit noodsaak of andersins, was doodgewoon dieselfde as die plaasverdringing uit naburige distrikte waaroor die inwoners van veral die Nuweveld so gekla het. Die belangrike aspek was egter dat die owerheid telkens geweier het om boere buite die grens te beskerm, of betrokke te raak by onderlinge wrywing tussen verskillende inboorlinggroepe. Telkens het die landdroste in die buitelandse distrikte laat weet dat migrasies oor die grense 'n oortreding was en geen Britse beskerming teen die inboorlinge daar geniet het nie. Die rede was dat die owerheid hom nie met die sake van hierdie onafhanklike groepe wou bemoei nie. So streng is daar by hierdie beleid gehou dat berigte van moord en roof van diegene wat na aan die limiete gewoon het, mettertyd met groot agterdog van owerheidskant bejeën is. Vir die regering was dit moeilik om te kontroleer of die misdade binne koloniale gebied, of daarbuite plaasgevind het. Namate hierdie besorgdheid van die regering rugbaar geword het, is dit opvallend dat diegene wat vanaf die buitewyke gekla het oor die Boesmans, feitlik nooit meer nagelaat het nie om pertinent in hul briewe aan te toon dat die misdade “deze kant” van die grens plaasgevind het nie. Hierdie neiging was 'n redelik deursigtige, indien nie desperate poging, om beskerming af te dwing van 'n onsimpatieke regering wat in hul oë meer geneig was om hul eie onderdane by die geringste misstap te vervolg. Daarteenoor het die inboorlinge oorkant die grens onder geen gesag gestaan nie.

4.3 Die ontstaan van gekleurde en swart buffergemeenskappe in die Kareeberge as veiligheidsmaatreël vir die Clanwilliam- en Beaufort-Wes distrikte

Die weiering van die regering om beskerming te verleen aan boere oorkant die grens, het die reeds bestaande persepsies in veeboergemeenskappe versterk dat die inboorlinge oorkant die grense ongestoord kon maak en breek soos hulle wou. Die Britse owerheid het feitlik nooit ingemeng in die sake van hierdie groepe nie. Daarbenewens is jarelange ontevredenheid oor die onsuksesvolle stryd om toestemming tot algemene kommando's te verkry en die gebrek aan bewegingsruimte in 1824 verder verdiep. Die Britse regering het die Noordgrens tot aan die Oranje uitgebrei, maar die hele Kareebergstreek steeds buite gelaat. Enige hoop dat die talle rowerbendes van die streek onder owerheidsbeheer sou kom, dat daadwerklike pogings aangewend sou word om die plundery van die Boesmans te stop en gebiedsuitbreiding oorkant die Sakrivier moontlik te maak, is daarmee veryd. In die oë van die veeboergemeenskap het die sterk filantropies-geïnspireerde owerheid steeds meer regte en beskerming aan die inboorlinge toegeken. Daarteenoor is die regte van die blankes steeds meer ingekort. Die veiligheidsituasie het ook bykans daagliks verswak en toegang tot grond het al hoe minder geword.

Vir jare is daar oor hierdie onverskilligheid en gevoelloosheid gekla voordat die besef in die 1820's posgevat het dat die neiging in regeringskringe om onderlinge konflik tussen inboorling-

⁷¹ KAB, CO 2715, Letters from Graaff-Reinet, Van Ryneveld-veldkornette, 20-2-1829.

groepe buite die grens as buite die morele verpligtinge van die regering te beskou, tot voordeel van die veeboergemeenskap aangewend kon word. Betroubare gekleurde bondgenote buite die amptelike grense, wat onafhanklik kon opereer, was die ideale strategie om die beperkings ten opsigte van kommando's van 'n onsimpatieke regering te omseil. Dit het die moontlikheid ingehou dat die vyande van die veeboere in die grensgebiede uiteindelik sonder owerheids-inmenging uitgewis kon word. Die Griekwas het byvoorbeeld dikwels met die medewerking van trekboere in hul omgewing verwoesting onder die Boesmans gesaai sonder dat die Britse regering ooit iets daadwerkliks daaromtrent gedoen het. Wanneer trekboere egter in hierdie aanvalle geïmpliseer is, het die owerheid gepoog om slegs hul eie onderdane te vervolg, terwyl die Griekwas as onafhanklike groep as buite die Britse reg beskou is. Voorspelbaar het trekboere wat in die omgewing van die Griekwas beweeg het en daar van aanvalle teen die Boesmans beskuldig is, in 'n poging om vervolging vry te spring, voortdurend die beskuldigende vinger na die Griekwas gewys.⁷²

Soortgelyke bondgenootskappe was nodig in die Kareebergstreek om die noordwestelike grensdistrikte vir eens en vir altyd te beveilig. Spoedig is met nuwe oë gekyk na die Sakrivierbasters en selfs enkele Xhosa-splintergroepe binne die Nuweveld as 'n moontlike buffergemeenskap net oorkant die grens. Hierdie "onafhanklike inboorlinge" was buite die wetlike beperkings van die regering en sou 'n belangrike rol kon speel om die bende-groepe in die Kareeberge onder bedwang te kry. By beide gemeenskappe was daar ook nie juis enige voorliefde vir 'n Boesman nie. Al wat die Basters en Xhosa-groepe nodig gehad het, was wapens en ammunisie.

Teen die tweede helfte van die 1820's het die idee van gekleurde buffergemeenskappe hom tydens nog 'n knellende droogte voorgedoen. Die groot groepe Basters en Xhosa wat alreeds vir geruime tyd grootliks aan die buitewyke van die Hantam, Roggeveld en Nuweveld gewoon het, was uitstekend geposisioneer vir "onafhanklike kommando's" teen die Boesmans, soveel te meer op 'n tydstip toe die Britse owerhede die administrasie van al die grensdistrikte verstewig en wets-toepassing ook meer effektief gemaak het. Die verstewiging van owerheidsbeheer in die grensdistrikte wat teen die einde van die 1820's merkbaar gevoel is onder die blanke inwoners van die noordweste, het in die praktyk neergekom op maatreëls wat toenemend die skuiwergate in die bestaande wetgewing begin toestop het. Ver al ten opsigte van grondtoekenning, arbeids-verhoudinge en inperkinge op die kommandostelsel is die grensbewoners swaar getref. Dit het al moeiliker geraak om eiegeregtige optredes weg te steek en die lang arm van owerheidsbeheer te ontwyk.

Die inskerping van owerheidsbeheer in die grensdistrikte het vir die inwoners van die noordwestelike grensdistrikte saamgeval met die uitbreek van nog 'n verwoestende droogte wat die hele Kareebergstreek in 'n hernieuende vlag van Boesmangeweld gedompel het. Teen 1829 het die droogtetoestande en die intensiteit van die gepaardgaande Boesmanaanvalle krisis-afmetings aangeneem. Vir al die grensdistrikte was dit 'n tydperk van uiterste beproewing wat 'n hele reeks langtermyngevolge vir alle betrokkenes tot gevolg gehad het.

Reeds in 1827 het die eerste klagtes van droogte vanuit die Nuweveld by landdros Harding op Beaufort-Wes begin instroom. Op 7 Februarie 1827 het veldkornet Van der Westhuizen byvoor-

⁷² KAB, CO 2722, Letters from Graaff-Reinet, Stockenström-Van Ryneveld, 15-5-1830; Van Ryneveld-Stockenström (ongedateerd)

beeld laat weet dat hy weens die knellende droogte verplig was om elders 'n uitkoms te gaan soek.⁷³ Een na die ander het feitlik al die ander veldkornette by die landdros gekla dat hulle weens die swak weiding en grootskaalse veevrektes genoodsaak was om weg te trek.⁷⁴ Asof die droogte nie al genoeg was nie, het 'n nuwe vlaag van indringers uit die aanliggende distrikte dit terselfdertyd vir die boere van die Nuweveld nog moeiliker gemaak. Veldkornet Fourie het telkens gekla dat hulle voortdurend las gehad het van boere uit die Roggeveld wat toenemend op die rekwesplase van die Nuweveld kom plak het. In 'n brief aan landdros Harding het hy gekla dat die inwoners van sy wyk te midde van die ernstige droogte voortdurend moes kompeteer met hierdie indringers om hul vee aan die lewe te probeer hou. Fourie het gewaarsku dat die inwoners van sy wyk uiteindelik genoodsaak sou wees om oor die grens te trek, omdat hul plase so deur die nuwe intrekkeurs verniel word dat hulle dit nie meer kon uithou nie. Volgens hom het talle swerwerboere van die Roggeveld na willekeur alles vertrap en verniel waarna hulle weer teruggetrek het na hul eie plase.⁷⁵

Dit blyk dat veldkornet Fourie se wyk inderdaad besonder gewild was by indringerboere. In Maart 1827 het hy byvoorbeeld teenoor landdros Harding gekla dat, afgesien van enkele families vanuit die Nuweveld self, daar nie minder nie as twee-en-twintig ander gesinne van die Roggeveld in sy wyk ingetrek het.⁷⁶ Weens die toenemende droogtetoestande is groot druk op die oorblywende water en weiding van sy wyk geplaas. Die onvermoë van Fourie om van hierdie intrekkeurs ontslae te raak, het gevolglik tot groot onmin in sy wyk aanleiding gegee. By geleentheid het van sy ontstoke onderdane selfs hul woede op hom uitgehaal. Toe Fourie weens "goevernements dienst" vir enkele dae uithuisig was en nie dadelik aandag kon gee aan die klagte van die burger Nicolaas van der Westhuizen oor indringers op sy plaas nie, het die onvergenoegde Van der Westhuizen met 2 715 skape uitdagend op Fourie se grond gaan plak. By sy terugkeer het die hoogs verontwaardigde Fourie byna gestik van woede oor die vrypostigheid van sy ondergeskikte. Hy het die skape dadelik gekonfiskeer, waarop die vrou van Van der Westhuizen hom behoorlik toegetakel het. Volgens haar het Fourie geen vinger verroer om van die indringers op hul plaas ontslae te raak nie en daarom was hulle genoodsaak om op Fourie se grond te gaan plak.⁷⁷ Ook veldkornet Van der Westhuizen het op hierdie tydstip groot las gehad van ongewenste intrekkeurs in sy wyk.⁷⁸ Teen Julie 1828 het daar weens die droogte en onder druk van indringers al soveel burgers uit die wyk van veldkornet Fourie uitgetrek, dat slegs die provisionele veldkornet en drie ander burgers nog oor was.⁷⁹

⁷³ KAB, 1/BFW 9/50, Field Cornets Letters, 1827, J. van der Westhuizen-Landdrost Harding, Nieuwveld, 7-2-1827.

⁷⁴ Ibid., A.G. du Toit-W.W. Harding, Nieuwveld, 21-4-1827, J. van der Westhuizen-W.W. Harding, Nieuwveld, 7-5-1827; J.A. Nel-W.W. Harding, Gamca, 27-7-1827; D.S. Fourie-W.W. Harding, Nieuwveld, 16-8-1827; 31-8-1827.

⁷⁵ Ibid., D.S. Fourie-W.W. Harding, 20-1-1827; 15-5-1827.

⁷⁶ Ibid., D.S. Fourie-W.W. Harding, Nieuwveld, 31-3-1827.

⁷⁷ Ibid., D. S. Fourie-W. W. Harding, Nieuwveld, 7-6-1827.

⁷⁸ Ibid., J. van der Westhuizen-W.W. Harding, Nieuwveld, 18-1-1827.

⁷⁹ E. Anderson, *The Zak River and Kareebergen: A frontier zone...*, p. 61.

In die meer westelike distrikte was die droogte nog veel erger. Reeds in 1826, toe landdros Trappes van Worcester die noordelike veldkornetskappe van sy distrik besoek het, was hy bekommerd dat die droogte in hierdie distrikte ernstige afmetings begin aanneem het. Soos reeds vermeld, het hy selfs teenoor die goewerneur opgemerk dat groot veevrektes verwag kon word as die veeboere nie toegelaat sou word om hul vee in die Sakriviergebied te laat wei nie.⁸⁰ Waarskynlik in navolging van sy simpatieke houding het die veldkornette van die Onder-Roggeveld in Februarie 1826 berig dat hulle onder een van die ergste droogtes in menseheugenis gebuk gegaan het. Baie boere het alreeds hul plase verlaat en op die grense van die distrik rondgeswerf. As die droogte veel langer sou voortduur, het hulle aangevoer, sou hulle noodgedwonge nog dieper in “Bosjesmans land” moes intrek, eerder as om na hul plase terug te keer. In 'n emosionele pleidooi het hulle die regering versoek om hulle nie vir die stap te verkwalik nie. Dit was volgens hulle die enigste manier om onder die heersende omstandighede hul vee aan die lewe te hou. As die droogte veel langer sou aanhou, het hulle gekla, sou weinig boere enige vee oorhou. Niemand sou ook in staat wees om hul opgaaf te betaal nie. Daar is by voorbaat al aansoek gedoen om die helfte van hul belasting af te skryf. Om die landdros se moontlike vrese omtrent 'n grootskaalse veeboerindringing in die gebied van die Boesmans teen te werk, het die veldkornette onderneem dat hulle die vrede met die Boesmans te alle tye sou bewaar.⁸¹

Afgesien van enkele reënbuie in die Nuweveld in 1826 wat tydelike verligting in die gebied gebring het, het die droogte in die oorblywende distrikte onverpoos voortgeduur. In die Hantam en Roggeveld het die droogte in die loop van 1828-1830 werklik krisisafmetings aangeneem. Een na die ander het die veldkornette uit hierdie distrikte gekla van grootskaalse veevrektes en dat hulle geen vooruitsig meer gehad het om iets aan die lewe te hou nie. Uit die Hantam het veldkornet Louw in 1828 teenoor Van Ryneveld, die magistraat op Clanwilliam, gekla dat veeboerdery hul enigste inkomste was. Weens die swak kondisie van hul oorblywende veestapels kon hulle egter geen vee meer verkoop nie.⁸² Feitlik niemand kon hul opgawes betaal nie en 'n stortvloed van aansoeke om uitstel of kwytskelding van belastings het by die owerheid ingestroom. In 1828 was die regering genoodsaak om oor die hele lengte van die Noordgrens heen uitstel te verleen vir die indien van opgawes.⁸³

Vir die Bastergemeenskap, wat in die loop van die vroeë 1820's die gevestigde distrikte verlaat het en hulle oorkant die Sakrivier gevestig het in die hoop om daar 'n nuwe bestaan te probeer voer, was die uitbreek van droogte en die gepaardgaande nuwe vlaag Boesmangeweld teen 1829 van kardinale belang. Die wraak van die Kareebergboesmans was in die eerste plek primêr gerig op hierdie gemeenskap wat op 'n meer permanente basis fisies hulle jaggebiede binnegedring en waterbronne in die gebied beset het. Tweedens is die onafhanklike militêre onmag van die Basters teen die Boesmans as belangrike voorvereiste tot 'n onafhanklike bestaan in die Kareeberge onder die heersende omstandighede, op die spits gedryf. Die verbrokkeling van verhoudinge tussen die Basters en hul blanke bure weens hul grootskaalse migrasies uit die gevestigde distrikte, die agterdog wat daar teenoor die Bastergemeenskap in sy geheel ontstaan het, maar veral die verlies

⁸⁰ KAB, CO 2679, Letters from Worcester, Trappes Journal, Februarie 1826.

⁸¹ Ibid., S.W. van der Merwe (veldkornet), Jacobus Nel (veldkommandant) en Jan Abraham Nel-goewerneur, 15-2-1826.

⁸² KAB, CO 2707, Letters from Worcester, Louw-van Ryneveld, 21-2-1828.

⁸³ Ibid., Louw-van Ryneveld, 21-2-1828; Trappes-Bell, Februarie 1828; 5-8-1828.

aan wapens en ammunisie wat voorheen via kommandodiens relatief maklik bekom is, het hierdie gemeenskap heeltemal weerloos gelaat teen die aanslae van die Boesmans. Soveel te meer toe sekere Koranagroepe toenemend hul vernietigende invloed in die streek begin laat geld het.

Namate die droogte en Boesmangeweld teen 1827 toegeneem het, was dit net 'n kwessie van tyd voordat die hele Kareebergbastergemeenskap uitgewis sou word as hulle nie militêre steun vanuit die kolonie sou ontvang nie. Soos reeds aangetoon is, is hierdie gemeenskappe wat buite die amptelike grense beweeg het egter van owerheidskant as "onafhanklike inboorlinge" buite die morele verpligtinge van die regering beskou. Geen beskerming kon dus vanuit hierdie oord verwag word nie. Hoewel landdros Trappes van Worcester na sy inspeksiereis van die noordelike distrikte in 1826 teenoor die regering aangevoer het dat die groot getalle Basters aan die buitewyke van die distrik "might be made useful members of society were they properly treated and a further proportion of ground allocated to them," het daar niks van hierdie voorstel gekom nie. Al wat die regering in navolging van hierdie voorstel gedoen het, was om Hermanus Maasdorp as "veldkornet" oor die sogenaamde Zakrivierbasters aan te stel.⁸⁴

Die enigste werklike uitweg vir die Bastergemeenskap, wat in hierdie stadium weens die aanslae van die Boesmans waarskynlik in hul ergste oorlewingskrisis ooit gedompel was, was om voortdurend die ernstige gevolge vir die beangste veldkornette van die aanliggende distrikte uit te wys indien hulle as die voorste linie in die verdediging van die Hantam, Roggeveld en Nuweveld heeltemal deur die Boesmans oorrampel sou word. Gevolglik is 'n stortvloed berigte oor roof, moord en doodslag buite die grense voortdurend by die veldkornette van die gevestigde distrikte aanhangig gemaak. Daarbenewens is daar ook vanuit die geleedere van die Basters gereeld groot gewag gemaak van groot groepe gewapende vyande oorkant die grense wat gereed gestaan het om die gevestigde distrikte heeltemal te oorrampel. Hoewel talle van hierdie moordverhale, net soos die berigte oor groot groepe vyande oorkant die grens afkomstig was van 'n desperate gemeenskap en ongetwyfeld vir effek waarskynlik dikwels oordrewe was, of soms selfs grootliks in die verbeelding van die Basters kon bestaan het, het dit uiteindelik vir die Bastergemeenskap die gewenste uitwerking gehad. Algehele paniek het na aanleiding van sommige berigte wat van die Basters ontvang is in die aanliggende distrikte losgebars. Dit, tesame met al hoe meer gerugte oor groot groepe gewapende bendes oorkant die Sakrivier, het op sy beurt tot gevolg gehad dat die Bastergemeenskap as moontlike bondgenote teen die Kareebergboesmans gestalte gekry het.

Teen 1828 het die Basters feitlik daaglik soveel berigte van roof en moord by die onderskeie veldkornette aanhangig gemaak dat die vrees ontstaan het dat die rowerbendes op groot skaal die gevestigde distrikte kon binnedring. Die Baster, Jan Koopman, het byvoorbeeld teenoor veldkornet Louw van die Hantam gekla dat die Boesmans dikwels onder die voorwendsel van vredesonderhandelinge by hulle besoek afgelê het, maar telkens bloot die geleentheid misbruik het om later meer suksesvol toe te slaan. Weens die droogte het die kondisie van die perde so verswak dat die rowers nie agternagesit kon word nie. Gevolglik, het Koopman teenoor die veldkornet gekla, is die hele Bastergemeenskap gereeld aangeval en beroof sonder dat hulle in staat was om enige behoorlike weerstand te bied of die rowers te agtervolg en te straf.⁸⁵ Teen die

⁸⁴ KAB, CO 2679, Letters from Worcester, Trappes Journal, Februarie 1826.

⁸⁵ KAB, CO 2707, Letters from Worcester, Louw-Trappes, 9-3-1828.

einde van 1828 het 'n nuwe, en in baie opsigte veel meer gedugte vyand, in die vorm van talle gewapende bendes ook nog hul moorddadige invloed in die streek begin laat geld. Moord en roof het skrikwekkende afmetings begin aanneem. Feitlik al die grensdistrikte was in algehele paniek gedompel.⁸⁶ Gedurende September 1828 en weer in November is die Sakrivierbasters byvoorbeeld deur gewapende Koranabendes aangeval en 'n gevoelige slag toegedien. Toe 'n blanke boer, ene Loewies Nel, wat weens die droogte in die omgewing van die Kareeberge na uitkoms gesoek het, op dieselfde tydstip wreedaardig vermoor is, het die besef by die grensbewoners ingedring dat 'n uiters gedugte vyand die geleedere van die Boesmans begin versterk het.⁸⁷

In navolging van die opspraakwekkende moord op Loewies Nel, het die Basters gereeld met skrikwekkende verhale oor die nuwe vyand by die veldkornette van die Hantam, Roggeveld en Nuweveld opgedaag. In Oktober 1828 het veldkornet Van der Merwe van die Onder-Roggeveld teenoor siviele kommissaris Truter van Worcester gekla dat berigte van die Sakrivierbasters ontvang is van “vele ongebondenheeden” wat plaasvind op die grens. Luidens berigte het die moordenaars van Nel by 'n groep Koranas en Basters van ongeveer 53 man aangesluit wat 'n aanval op die Sakrivierbasters geloods het. Twee agtereenvolgende aanvalle is egter suksesvol afgeweer, 'n onbekende aantal van die aanvallers is gedood en 11 gewere gekonfiskeer. Die Koranas was uiteindelik genoodsaak om op die vlug te slaan. Weens die swak kondisie van die perde kon die Sakrivierbasters die vyand slegs vir 'n kort entjie agtervolg. Uiters ontstellend vir die inwoners van die Onder-Roggeveld en Agter-Hantam was dat die vluggende Koranas teenoor hul agtervolgers laat blyk het dat Afrikaner gereed gestaan het om die Roggeveld met 'n kommando in te val en dat hy nie eens 'n kind sou spaar nie.⁸⁸

In reaksie op die onrusbarende dreigement van die Koranas het die inwoners van hierdie distrikte in 'n versoekskrif teenoor siviele kommissaris Truter gekla dat hulle voortdurend aangeval is met “murderous weapons” en hul vee voortdurend geroof is, sonder dat hulle enige mag gehad het om teen die aanvallers te kon optree. Die meerderheid inwoners was totaal onkundig oor die voorskrifte van die wet, of watter regulasies by sodanige aanvalle gegeld het. In die versoekskrif is daarop aangedring dat die regering onverwyld nuwe regulasies moes opstel. Dit moes uitgebreid bekend gemaak word, sodat die inwoners van die grensdistrikte kon weet hoe om op te tree in die geval van voortgesette rooftogte.⁸⁹ Wat die inwoners eintlik meer as enigiets anders van die regering verwag het, was dat toestemming verleen moes word vir algemene kommando's om die vyand finaal te kon uitwis. Daarbenewens het al hoe meer stemme begin opgaan dat die regering daadwerklik moes optree teen “wandering Hottentots without hopes, who, having no

⁸⁶ Ibid., Landdros-Koloniale Sekretaris, Oktober 1828; November 1828; CO 2716, Letters from Worcester, Redelinghuys-Sir Lowry Cole, Februarie 1829.

⁸⁷ Ibid., Koetzee-P. Truter, Oktober 1828; CO 2716, Letters from Worcester, Redelinghuys-Siviele Kommissaris, Februarie 1829.

⁸⁸ Ibid., Veldkornet van der Merwe (Onder-Roggeveld)-Siviele Kommissaris Truter van Worcester, 16-10-1828.

⁸⁹ Ibid., Memorial by Field Cornet van der Merwe and other inhabitants of Onder-Roggeveld and Agter-Hantam to Civil Commissioner R. Truter, Worcester, 25-11-1828.

apparent means of living, form themselves into gangs from which nothing but the most dangerous effects on the peace and tranquility on the district borders (can be expected)."⁹⁰

Voorspelbaar is geen versoeke tot algemene kommando's van owerheidskant toegestaan nie. Die gedagte van 'n terugkeer na die onaanvaarbare passtelsel, pas nadat dit afgestel is, was op hierdie tydstep ook heeltemal ondenkbaar. Afgesien daarvan dat die regering oënskynlik 'n beloning aangebied het vir die inhegtenisneming van die moordenaars van Loewies Nel - 'n redelik deursigtige poging wat daarop gemik was om die grensbewoners ietwat te paai is niks daadwerkliks van owerheidskant gedoen om die situasie aan die noordwestelike grensdistrikte enigszins te verbeter nie. Ten spyte van herhaaldelike versoeke vir 'n algemene kommando en die voorsiening van voldoende ammunisie, is dit telkens geweier. Gevolglik moes die beleërde veeboergemeenskap tevrede wees met kleiner kommando's wat gereeld uit die Hantam-distrik teen die vyand moes optrek. Na die oordeel van die wraaksugtige grensgemeenskap het hierdie halfhartige pogings nooit werklik die gewenste resultate gelever nie. Onder hierdie omstandighede het wetteloosheid onder die blanke grensbewoners steeds toegeneem en sodoende die weg gebaan vir die ontstaan van 'n onheilige alliansie met die Bastergemeenskap.

In die loop van 1829 het 'n hele aantal gebeure, wat kort op mekaar gevolg het, die aansien van die Kareebergbasters as militêre bondgenote 'n aansienlike hupstoot gegee. Die eerste was dat die Basters daarin geslaag het om die moordenaars van Loewies Nel, ene Kattaka, Barend Brommer en Ruyter Callie, te dood. Dit blyk dat die moordenaars deel was van 'n groep Koranas wat die Baster Gerrit Blok, van die plaas De Kruis aan die Sakrivier, aangeval het. Volgens veldkornet Redelinghuys was die groep Koranas onderweg om 'n aanval op die kolonie te loods. Onder aanvoering van Blok is die aanval egter afgeweer en tydens die daaropvolgende "slagting", volgens die veldkornet, is onder andere die moordenaars van Nel gedood.⁹¹ Die feit dat die Basters daarin geslaag het om die skuldiges van die opspraakwekkende Nel-moorde aan die pen te laat ry en daarbenewens ook 'n Korana-aanval op die gevestigde distrikte afgeweer het, het hulle aansien as bondgenote in die stryd teen die rowerbendes van die Kareeberge onder die inwoners van die blanke grensdistrikte dramaties laat styg. Dit is opvallend dat veldkommandant Redelinghuys na hierdie voorval voortdurend die lot van die Bastergemeenskap onder die aandag van die owerhede gebring het. Hy het herhaaldelik daarvoor begin pleit dat hy van voldoende ammunisie voorsien moes word om ook hierdie gemeenskap te kon beskerm.

Klaarblyklik het die suksesse van die Basters teen die Boesmans die gekombineerde Boesman-Korana-groepe se wraakaanvalle op die Bastergemeenskap en aanliggende blanke boere tot nuwe hoogtes aangeblaas. Te midde van verslegtende droogtetoestande en grootskaalse veevrektes, wat op sigself al demoraliserend was, het die algemene veiligheidsituasie in die noordwestelike grensdistrikte gedurende die eerste ses maande van 1829 met rasse skrede agteruitgegaan. Al hoe meer aanvalle en rooftogte op blanke veeboere is by die veldkornette aangemeld. Op sigself was dit al 'n seker aanduiding dat die rowers die oorhand begin kry het en al hoe dieper in die

⁹⁰ KAB, CO 2719, Letters from Worcester, Veldkommandant Redelinghuys -Sir Lowry Cole, 9-3-1829.

⁹¹ Ibid., Veldkommandant Redelinghuys-Sir Lowry Cole, 9-3-1829.

gevestigde distrikte begin indring het.⁹² Uiteraard het die Bastergemeenskap, wat in die spervuur van hierdie aanvalle gestaan het, die swaarste daaronder gely. In Junie het provisionele veldkornet Hellnasdorp aan veldkommandant Redelinghuys berig dat die Boesmans 51 beeste van die Basters Piet Schalkwyk en Gerrit Rooyfontein gesteel het. Tydens die aanval is die dogter van Piet Schalkwyk gewond en 'n ander Baster, ene Willem Kapok, vermoor. Slegs 'n klein kommando manskappe kon die rowers agtervolg, want die ander manskappe kon dit nie waag om hul veeposte onbewaak te laat nie. Hellnasdorp het vererg by veldkommandant Redelinghuys daarop aangedring dat toestemming vir 'n algemene kommando en voldoende ammunisie van die regering verkry word om die Bastergemeenskap te kon beskerm. Onder die heersende omstandighede en veral weens die gebrek aan ammunisie, het hy geskryf, kon hul niks teen die rowers uitrig nie. Hy het sarkasties bygevoeg dat die regering nouliks kon verwag dat hulle die aanvalle met hul kaal hande moes afweer.⁹³

Die toename in geweld en veral die feit dat die Bastergemeenskap toenemend daaronder gely het, was vir veldkommandant Redelinghuys uiters verontrustend. Dit is duidelik dat hy 'n al hoe hegte verhouding met die Basters ontwikkel het en hom geroepe gevoel het om hulle ten minste te probeer beskerm. Tot watter mate hierdie hegte verhouding uit innerlike oortuiging ontstaan het, is egter debatteerbaar. In hierdie stadium was dit vir die hele Hantam- en Roggeveld-distrikte duidelik dat die Basters 'n uiters belangrike verdedigingslinie gevorm het. Voorts was dit ook duidelik dat dit uiters nadelig vir die gevestigde distrikte sou wees as die Bastergemeenskap in sy geheel deur die rowerbendes van die Kareeberge oorrampel sou word. Daarbenewens het al hoe meer blankes geweier om op kommando te gaan, sodat veldkommandant Redelinghuys teen die einde van 1829 feitlik uitsluitlik op die Bastergemeenskap aangewese was om die getal weerbare manne te versterk. In feitlik al sy korrespondensie met siviele kommissaris Truter het hy voortdurend oor die laksheid van sy manskappe gekla. Al hoe meer het geweier om op kommando te gaan, of hulle enigsins aan sy instruksies gesteur.⁹⁴

Die grootliks simbiotiese verhouding tussen die Kareebergbasters en die aanliggende blanke distrikte het veldkommandant Redelinghuys dus genoodsaak om die Bastergemeenskap te hulp te snel by feitlik elke geleentheid wat hulle aangeval is. 'n Belangrike struikelblok was egter 'n ernstige gebrek aan ammunisie, wat die kleiner opvolgoperasies teen die Boesmans nie so doeltreffend gemaak het nie. Dit is duidelik dat die regering steeds agterdogtig was oor kommandobedrywighede aan die Noordgrens. Daarom is doelbewus toestemming tot algemene kommando's geweier en is selfs gepoog om die ammunisietoever na die gebied aan bande te lê. Dit mag selfs moontlik wees dat die regering in hierdie stadium nie daadwerklik wou optree nie omdat die meeste aanvalle op die Bastergemeenskap gerig was. As 'n onafhanklike groep buite die grens het hulle ook buite die aktiewe beskerming van die regering geval. Die kwesbaarheid en beperkte militêre slaankrag van die kleiner kommando's weens die houding van die owerheid

⁹² KAB, CO 2716, Letters from Worcester, J.A. van der Merwe-Veldkommandant J.A. Redelinghuys, Agter-Hantam, 28-5-1829; 30-5-1829; 10-6-1829; Veldkommandant J.A. Redelinghuys-Siviele Kommissaris J.A. Truter, Agter-Hantam, 1-6-1829; CO 2715, Letters from Graaff-Reinet, P.D. Jacobs-Klerk van het Vrede, 7-7-1829; Veldkornet Janse van Rensburg-D.S. Fourie, 24-6-1829; Janse van Rensburg-P.D. Jacobs, 2-7-1829.

⁹³ KAB, CO 2716, Letters from Worcester, Provisionele veldkornet Hellnasdorp-Veldkommandant J.A. Redelinghuys, Renosterrivier, 10-6-1829.

⁹⁴ Ibid., Veldkommandant J.A. Redelinghuys-Siviele Kommissaris Truter, Agter-Hantam, 1-6-1829; Welbedagt, 10-6-1829; 22-7-1829; Hantam, 12-8-1829.

enersyds en die knellende droogte andersyds, is nietemin tydens die skermutselings met die Boesmans in navolging van veldkornet Hellnasdorp se rapporte oor aanvalle op die Basters bewys. Redelinghuys se pogings om die gesteelde vee van die Basters te probeer herower, het byvoorbeeld toe hulle in die omgewing van Jaagpan, oos van die Sakrivier met die vyand slaags geraak het, weens die tekort aan ammunisie en swak kondisie van hul perde ernstig skipbreuk gely. Hoewel talle bewyse gevind is dat die ware diewe agtervolg is en enkeles selfs gedood is, moes die kommando's uiteindelik onverrichter sake terugdraai.⁹⁵ Veldkornet P.D. Jacobs, wat vanuit die Nuweveld ook teen die vyand uitgetrek het, moes weens dieselfde redes terugtrek. Gevolglik het die rowers skotvry daarvan afgekom. Dit het volgens Redelinghuys niks goeds vir die algemene veiligheid van die grensdistrikte ingehou nie. Male sonder tal het Redelinghuys hierna teenoor die siviele kommissaris gekla dat wanneer rooftogte ongestraf gebly het, dit die indruk van swakheid geskep het en steeds meer rooftogte uitgelok het.⁹⁶

In die oë van die grensbewoners was die primêre rede vir die onaanvaarbare geweld dat hulle geen aktiewe ondersteuning van die regering ontvang het nie. In die Hantam-distrik het ontevredeheid hieroor heel duidelik hand oor hand toegeneem. Provisionele veldkornet Hellnasdorp se sarkastiese opmerking dat hulle nouliks die vyand met kaal hande kon aanpak, was maar een voorbeeld van 'n intense frustrasie wat na aan kookpunt was. Kommandoweiering was 'n verdere aanduiding dat die oorgrote meerderheid grensbewoners toenemend ontgogeld geraak het met gebrekkige owerheidsondersteuning wat die kleiner kommando's kennelik oneffektief gemaak het. Die gevolg hiervan was dat dit 'n weerstand teen enige vorm van gesag aangewakker het wat by tye dikwels aan anargie gegrens het. Veldkommandant Redelinghuys het nietemin hard probeer om hierdie neiging om te keer. Hy het herhaaldelik gepoog om kommando-ontduikers te vervolg en die owerhede met 'n stortvloed van versoeke vir 'n algemene kommando en die voorsiening van voldoende ammunisie gebombardeer. Die meeste van hierdie versoeke het hy probeer motiveer deur op die vooropgestelde simpatieke ingesteldheid van die regering ten opsigte van die gekleurde gemeenskappe te sinspeel. Redelinghuys het byvoorbeeld aangevoer dat die meeste van sy manskappe wat so onverpoos aan die kant van die blankes geveg het en daarom beskerming verdien het, "arme Basters" was wat geen onafhanklike toegang tot ammunisie gehad het nie. Hy het dit betreur dat sy voorganger, Jacobus Nel, altyd groot hoeveelhede ammunisie gekry het ter beskerming van hierdie groep, maar dat hy verstoek was daarvan.⁹⁷ Toe dit blyk dat die regering nie so maklik oorgehaal sou word met die verdoë wat hy namens die Basters gerig het nie, het Redelinghuys voorts deurgaans moeiteloos aangevoer dat groot groepe gewapende bendes in die Kareeberge saamgetrek was. Indien daar nie daadwerklik teenoor hulle opgetree sou word nie, het hy herhaaldelik aangevoer, het hulle gereed gestaan om beide die Bastergemeenskap en al die gevestigde distrikte aan te val en heeltemal te ruïneer.⁹⁸

⁹⁵ Ibid., Veldkommandant J.A. Redelinghuys-Siviele Kommissaris Truter, Hantam, 12-8-1829.

⁹⁶ Ibid., Veldkommandant J.A. Redelinghuys-Siviele Kommissaris Truter, Agter- Hantam, 1-6-1829; 14 -7-1829; CO 2723, Letters from Worcester, Agter-Hantam, 28-2-1830.

⁹⁷ KAB, CO2723, Letters from Worcester, Veldkommandant J.A. Redelinghuys-Siviele Kommissaris Truter, Agter- Hantam, 28-2-1830.

⁹⁸ KAB, CO2716, Letters from Worcester, Veldkommandant J.A. Redelinghuys-Siviele Kommissaris Truter, 14-7-1829; 22-7-1829.

Afgesien van ‘n klein hoeveelheid ammunisie wat in 1830 vir selfverdediging aan die Kareebergbasters toegeken is,⁹⁹ het veldkommandant Redelinghuys geen vordering gemaak om die owerheid van die meriete van al sy klagtes en voorstelle oor hoe die situasie beredder kon word, te oortuig nie. Trouens, in Augustus 1829 het Richard Fryer in ‘n brief aan siviele kommissaris Truter ‘n bitsige aanval op die veeboere en die kommandostelsel gedoen. Vir baie onvergenoegdes in hierdie gemeenskappe was dit die laaste strooi. Fryer het die rede vir die grootskaalse geweld in die Kareebergstreek vierkantig voor die deur van die onaanvaarbare kommandostelsel en veral die wrede toepassing daarvan deur grensbewoners gelê. Volgens hom sou die uiteinde van die voortgesette kommandostelsel bloot tot gevolg hê dat die inboorlinge van die streek mettertyd uitgeroei sou word. In die proses sou talle grensbewoners ook gedood of geruïneer word. Die herstel van wet en orde in die grensdistrikte, wat in die verlede ná grootskaalse kommandobedrywighede gevolg het en dikwels in veeboergeledere toegeskryf is aan die afskrikwaarde van die kommando’s as sodanig, was volgens Fryer nie meer van toepassing nie. Kommando’s was in die verlede ‘n waardevolle afskrikmiddel slegs wanneer die ware diewe gestraf is en terwyl hulle nog ‘n alternatiewe onafhanklike bestaan as jagters en versamelaars kon voortsit. Die veeboerindringing in die jaggebiede van die Boesmans en grootskaalse plundertogte op die wild van die streek deur die koloniste het egter volgens hom die bestaansmoontlikhede van die Boesmans heeltemal vernietig. Gevolglik het hulle in hongersnood verval wat hulle veral tydens droogtesiklusse, genoodsaak het om te steel ten einde aan die lewe te bly. Teen hierdie agtergrond het Fryer aangevoer dat die grensbewoners in ‘n sekere sin die probleme met die Boesmans oor hulself gebring het. Hy het gewaarsku dat diegene wat steeds van mening was dat die oplossing van die probleem in die totale uitwissing van die groep gelê het, net hulself geflous het.

Die voortdurende konflik met die Boesmans is voorts volgens Fryer veroorsaak deur die “onvermydelike noodsaak” vir die veeboersektor om tydens droogtes met hul veetroppe oor die grens te trek: “This is a necessity which is much to be deplored, but should on no account be resorted to when even tolerable pasture can be found in the colony; for where human beings are to be the victims everything should be avoided that can have any tendency to a breach of the peace or to an indiscriminate slaughter. The system now pursued is one in which I can not acquiece, that any farmer in quality of fieldcommandant or fieldcornet residing upon the border liable to the incursions of the savages should have an unlimited power of collecting the inhabitants to form a commando - he may be as well disposed as he will, his interest is too much conceived in crushing these miserable wretches to investigate whether the application for a commando rest upon just grounds or not, whether the depradations have been committed within or beyond the limits.”¹⁰⁰

Uit die betoog van Fryer is dit duidelik dat die regering steeds behep was met ‘n inkorting van kommandobedrywighede. Slegs kleiner strafekspedisies, wat net van toepassing was op misdade wat binne die koloniale grense gepleeg is, was toelaatbaar. Sy voorstel, dat die oplossing van die probleem gelê het in pogings om die Boesmans te “beskaaf”, was soortgelyk aan die voorstelle van Andries Stockenström. In die grensdistrikte is hierdie denkwyse sonder enige twyfel met minagting van die hand gewys. Niks minder as die totale uitwissing van die vyand sou die

⁹⁹ KAB, CO 2723, Letters from Worcester, Siviele kommissaris Truter-goewerneur, 3-3-1830.

¹⁰⁰ KAB, CO 2716, Letters from Worcester, Richard Fryer-Siviele Kommissaris Truter, Groot Toorn, Agter-Hantam, 22-8-1829.

grensbewoners tevrede stel nie. Voorts was dit duidelik dat al Redelinghuys se verhoë by die owerheid namens die Basters grootliks op dowe ore geval het. Dit was duidelik dat hulle vir hulle verdediging in der waarheid op hulself aangewese was. In die Hantam-distrik, waar wet en orde grootliks ineengestort het, het die opvatting heel duidelik ontstaan dat die vernietiging van die vyand nie meer gelê het in amptelike, goedgekeurde regeringskommando's nie, maar in eie (hoewel onwettige) optredes. As dit die denkrigting onder blanke veeboere was, dan soveel te meer onder die Bastergemeenskap. Hulle het kennelik onder geen koloniale beheer of beskerming meer gestaan nie. Daarbenewens was hulle die meeste blootgestel aan die Boesmanaanvalle. Terwyl koloniale burgers nog tegnies onder koloniale beheer gestaan het en, hoe gering ook al, altyd die gevaar geloop het om vir ongemagtigde optredes vervolgt te word, het die Bastergemeenskap hierdie hindernis effektief te bowe gekom deur hulle grootliks buite die amptelike grense te vestig. In die daaropvolgende jare is die Basters op onwettige wyse vanuit die kolonie met soveel wapens en ammunisie voorsien dat die Basters hulself later met die aankoms van die Rynse sendelinge op Amandelboom heeltemal tereg as die "skoonmakers" van die Kareeberge beskou het.¹⁰¹

Aangesien hierdie bondgenootskap met die Bastergemeenskap in die Kareeberge onwettig en vervolgbaar was, word daar in die kontemporêre dokumente van die Hantam- en Roggeveld-distrikte tevergeefs gesoek na voorbeelde om hierdie belangrike aanklag te staaf. 'n Drastiese toename in aanklagtes teen veeboere oor moord op Boesmans is egter 'n seker aanduiding dat die grensbewoners toenemend die reg in eie hande begin neem het. Dit is ook duidelik dat 'n onbeheerste aanslag van die Bastergemeenskap op die Boesmans van die Kareeberge stelselmatig daarin begin slaag het om hul weerstand te verbreek. Hoewel die Basters sporadies steeds aanvalle ten prooi geval het, was die aanslag teen die Boesmans in hierdie geweste sodanig dat die fokus onder die Boesmans vir hul wraakaanvalle van die Hantam na die Nuweveld verskuif het. Reeds teen Februarie 1830 het veldkommandant Redelinghuys selfvoldaan aan Truter berig dat die Boesmanaanvalle in die noordelike gedeeltes van die Hantam dramaties afgeneem het. In die oostelike gedeelte van die distrik in die rigting van die Beaufort-Wes-distrik, daarenteen, het 'n mens volgens hom feitlik daagliks van niks anders as rooftogte en moord verneem nie.¹⁰²

Vir die burgers van die Nuweveld was die toename in geweld in hulle streek 'n groot beproewing. Soos reeds aangetoon is, is hulle grootliks weerloos gelaat teen aanslae vanuit die Kareeberge. In teenstelling tot die Hantam- en Roggeveld-distrikte, vir wie die Kareebergbastergemeenskap as buffersone gedien het, het die Nuweveld oor geen sodanige gemeenskap aan sy buitewyke beskik nie. Daarbenewens was die Nuwevelders vir etlike jare onderworpe aan die streng gesag van "onsimpatieke" regeringsamptenare soos Andries Stockenström. Sy progressiewe idees oor die Noordgrenssituasie kon slegs met die grootste moeite omseil word. Aangevuur deur ernstige droogtetoestande en 'n toename in geweld in 1829, is daar baie aanduiding dat ook hierdie distrik, net soos die Hantamstreek, toenemend die reg ten opsigte van hul eie veiligheid in eie

¹⁰¹ KAB,A113-1861, Correspondence on the subject of the Trekvelde near the Zakrivier, Memorial of J.H. Lutz and F.W. Beinecke....

¹⁰² KAB, CO 2723, Letters from Worcester, Veldkommandant J.A. Redelinghuys-Siviele Kommissaris Truter, Agter-Hantam, 28-2-1830.

hande begin neem het.¹⁰³ Spoedig het die owerhede hul hande vol gehad om die omgemagtigde optredes van die inwoners van die Nuweveld aan bande te lê.¹⁰⁴ Toe veldkornet J.J. Janse van Rensburg en talle ander inwoners van die Nuweveld byvoorbeeld in 1829 van grootskaalse moord op die Boesmans aan die buitewyke van die distrik beskuldig is, het die magistraat van Beaufort-Wes, J.J. Meintjies, dit selfs nodig geag om die gebied persoonlik te besoek om die lyke te besigtig.

Hoewel die besoek van Meintjies daarop gemik was om getuienis in te win vir die moontlike vervolging van die veldkornette en sodoende die gesag van die owerheid in die gebied te herbevestig, het dit uiteindelik presies die teenoorgestelde resultaat gehad. By sy aankoms in die Nuweveld was hy stomgeslaan deur die grootskaalse verwoesting, roof en moord waaraan die inwoners van die distrik vanuit die Kareeberge blootgestel was. Ten aanskoue van verlate plase wat weens gereelde rooftogte en droogte ontruim is, asook die gevoel van algehele onveiligheid en onsekerheid wat onder die inwoners van die Nuweveld geheers het, het Meintjies groot simpatie met die lot van hierdie gemeenskap ontwikkel.¹⁰⁵ By sy terugkeer op Beaufort-Wes het hy, ten spyte van siviele kommissaris Van Ryneveld se waarskuwing dat hy nie alles wat hy uit die veeboergeledere te hore gekry het vir soetkoek moes opeet nie, onderneem om 'n groter mate van ondersteuning vir die veeboere te probeer bewerkstellig.¹⁰⁶ In 'n brief aan die goewerneur het hy dit onomwonde gestel dat hy sy plig sou versuim as hy sou nalaat "to bring to His Excellency's knowledge the dangerous state in which the inhabitants of the Nuweveld find themselves situated."¹⁰⁷

Ten spyte van Meintjies se meer positiewe ingesteldheid, en waarskynlik in navolging van die Hantam- en Roggeveld-distrikte wat effektief daarin geslaag het om 'n dienswillige en uiters effektiewe buffergemeenskap tussen hulleself en die vyande in die Kareeberge te vestig, het 'n soortgelyke gedagtegang onder die Nuwevelders begin posvat. Die moontlikheid om iets soortgelyks te vermag, het gelê in 'n aantal kleiner Xhosa-splintergroepe wat vir etlike jare alreeds aan die buitewyke van die Nuweveld-distrik gewoon het. Hoewel geen dramatiese probleme in die verlede met hierdie groepe ondervind is nie, is hulle sentimente en lojaliteit gedurende krisistye soos tydens Oosgrensoorloë altyd deur die agterdogtige veeboergemeenskap bevraagteken. Teen 1829 en daarna is sporadies egter ander klagtes oor hierdie groepe by die magistraat op Beaufort-Wes aanhangig gemaak. Die meeste hiervan het daarvoor gehandel dat die verspreide groepies Xhosa na die oordeel van sommige veldkornette nie altyd oor voldoende "lewensmiddele" beskik het om 'n onafhanklike bestaan te kon maak nie. Of dit 'n geregverdigde aanklag teen die Xhosa-groepe was, is te betwyfel, want toe hul later op Schietfontein hervestig

¹⁰³ Vir toename in geweld in die Nuweveld-distrik gedurende 1829 sien oa: KAB, CO 2715, Letters from Graaff-Reinet, Van Ryneveld-Bell, 15-7-1829; Van Ryneveld-J. Meintjies, 16-7-1829; P.D. Jacobs-J. Meintjies, 30-7-1829; P.D. Jacobs-Van Ryneveld, 30-7-1829; Andries Ludeke-P.D. Jacobs, 30-7-1829.

¹⁰⁴ Vir meer oor die agteruitgang van wet en orde onder burgers van die Nuweveld sien oa: KAB, CO 2722, Letters from Graaff-Reinet, Van Ryneveld-A. Stockenström, 26-8-1830; Veldkornet P. van der Walt-Van Ryneveld en Stockenström, 15-8-1830; Van Ryneveld-veldkornet P. van der Walt, 23-8-1830; Van Ryneveld-goewerneur, 9-9-1830, 23-9-1830, 6-10-1830; Van Ryneveld-veldkornet G. Joubert, 4-9-1830.

¹⁰⁵ KAB, CO 2715, Letters from Graaff-Reinet, J. Meintjies-goewerneur, 11-8-1829.

¹⁰⁶ Ibid., Siviele Kommissaris van Ryneveld-J.J. Meintjies, 13-8-1829.

¹⁰⁷ Ibid., J.J. Meintjies-goewerneur, 11-8-1829.

is, het hulle oor aansienlike troppe vee beskik. 'n Meer aanvaarbare verduideliking vir die klagtes was dat hulle, net soos talle rondswerwende Khoi, grootliks geweier het om by boere in diens te tree. In die hoop dat die regering effektiewe stappe sou doen om hierdie groepe in die arbeidsmark in te dwing, is verdagmakery op groot skaal teen hierdie groepe gedoen. Vir sommige inwoners was dit nietemin ondenkbaar dat dié mense met so min vee en in 'n gebied waar wild al grootliks uitgeroei was, kon oorleef sonder om soms te moes steel. Gevolglik is hulle voortdurend van veediefstal verdink, terwyl die meer ernstige moontlikheid dat hulle met die talle vyande oorkant die grens gemene saak kon maak, ook deurgaans 'n wesenlike gevaar was.

Hoewel sommige van hierdie Xhosa-groepe ongetwyfeld soms skuldig was aan veediefstal, is 'n verdere verklaring vir die agterdog wat in blanke geledere teen hulle begin oplaai het, dat hulle grond beset het waarop die blanke veeboersektor begerige oë gewerp het. Soos reeds voorheen aangetoon is, was die Nuweveld gewikkel in 'n grootskaalse kompetisie vir grond. Dit is deur droogtes en plaasverdringing uit naburige distrikte dikwels tot krisisafmetings gedryf. Ten spyte van herhaalde klagtes oor die Xhosa en ander potensiële vyande in hul midde, is niks daadwerkliks ooit van regeringskant gedoen nie. In die oë van sommige veeboere het hierdie groepe waardevolle grond in die distrik beset en onderbenut. In 1828 is die situasie van hierdie Xhosa-groepe op die spits gedryf met die uitvaardiging van Ordonnansie 49. Ingevolge hierdie wetgewing kon die Xhosa alleenlik binne die kolonie bly woon as hulle oor passe beskik het. Dit was slegs bekombaar vir diegene wat by koloniste in diens was. Ingevolge Ordonnansie 49 het die moontlikheid dus bestaan om hierdie groepe effektief op te breek. Dit sou nie onredelik wees om te vermoed dat talle veeboere reikhalsend daarna uitgesien het om hul grond in die hande te kry nie.

Tydens 'n besoek aan die grensdistrikte deur siviele kommissaris Van Ryneveld in 1829 om belasting in te vorder, het hy egter effektief 'n stokkie voor hierdie moontlikheid gestee. Hy het bepaal dat die Xhosa-groepe van die Nuweveld weens hul jarelange goeie gedrag, van die bepalings van Ordonnansie 49 uitgesluit moes word.¹⁰⁸ Dit was egter net 'n kwessie van tyd voordat hierdie groepe die eiegeregtige optrede van 'n gefrustreerde grensgemeenskap onder leiding van veldkornet P.D. Jacobs ten prooi sou val. Spoedig sou hulle nie alleen hul wankelrige besitreg op grond binne die Nuweveld verloor nie, maar sou hulle ook buite die grens op Schietfontein hervestig word. Daar het hulle in die oë van die beleërde veeboergemeenskap voortaan, net soos die Bastergemeenskap verder weswaarts, 'n meer sinvolle rol as buffergemeenskap in die verdediging van die Nuweveld vertolk.

Die aanloop tot hierdie volksverskuiwing, wat die nukleus gevorm het van die Xhosa-gemeenskap op Schietfontein onder wie die Rynse sendelinge in 1847 sou begin werk, het gekom toe die veiligheidsituasie in die Nuweveld vanaf 1828 drasties verswak het.¹⁰⁹ Toe al hoe meer veeboere in die Nuweveld Boesmanaanslae vanuit die Kareeberge ten prooi begin val het en daar selfs sprake daarvan was dat 'n gesamentlike mag van ongeveer 400 Boesmans gereed gestaan het om die hele distrik te oorrompel, was siviele kommissaris Van Ryneveld uiteindelik genoodsaak om

¹⁰⁸ E. Anderson, *Kareeberg frontier zone...*, p. 64

¹⁰⁹ Vir talle briewe oor die agteruitgang in die veiligheidsituasie in die Nuweveld sien: KAB, 1/BFW 9/50, Field Cornets Letters, 1827...; 1/BFW 9/51, Letters Received - Field Cornets and Justices of the peace, 1830-1846; CO 2715, Letters from Graaff-Reinet.

op te tree.¹¹⁰ Op sy versoek het die regering verstommend genoeg 'n grootskaalse kommando goedgekeur en 'n groot hoeveelheid ammunisie vir die operasie bewillig. Selfs Andries Stockenström het, nadat die goewerneur sy raad omtrent die situasie gevra het, ingestem dat 'n algemene kommando onder die heersende omstandighede die enigste uitweg was.¹¹¹ In 'n waarskynlike poging om veldkornet Jacobs met meer aansien en mag onder sy wederstrewige onderdane te beklee, is hy tot die rang van provisionele veldkommandant bevorder. Om voorts seker te maak dat die groot kommando nie, soos in die verlede dikwels gebeur het, weer in 'n grootskaalse slagting verander nie, het Van Ryneveld daarop aangedring om die kommando te vergesel.¹¹²

Of die teenwoordigheid van die siviele kommissaris 'n demper geplaas het op die entoesiasme vir die kommando en of die inwoners werklik so bevrees was soos hulle voorgegee het, naamlik, dat hul plase gestroop sou word as hul op kommando sou gaan, is moeilik te bepaal. Ten spyte van sy nuut-verworwe gesag het veldkommandant Jacobs nietemin groot moeite gehad om genoeg manskappe vir die kommando bymekaar te skraap. Uiteindelik moes hy tevrede wees met 'n gesamentlik mag bestaande uit 117 burgers, 22 Khoikhoi en 2 swartes. In November 1829 het die kommando in die rigting van die Kareeberge opgetrek op soek na die vyand wat na berig is kort-kort gedreig het om die hele Nuweveld te oorweldig. Vir siviele kommissaris Van Ryneveld was hierdie kommando 'n openbaring. Dit het duidelik 'n nuwe perspektief op die lewe van 'n grensgemeenskap gebied wat voortdurend deur droogtes en Boesmanaanvalle geteister is.¹¹³

As die groot vyandige groep Boesmans ooit werklik bestaan het, dan het hulle waarskynlik voorkennis van die naderende gevaar verkry en genoeg tyd gehad om die kommando effektief te ontwyk. Afgesien van twee verlate grotte en 'n enkele skermutseling met 'n klein groepie Boesmans, was daar geen teken van die eintlike teiken van die kommando nie. Tevergeefs is daar te midde van die ernstige droogte en swak toestand van die perde deur die onherbergsame Kareeberge getrek op soek na die vyand. Die immer ontwykende vyand het nietemin daarin geslaag om een na die ander waterbron te vergiftig. Later het van die kommandogangers weens die gebrek aan water duiselig geraak. Toe die kommando uiteindelik onder die heersende droogtetoestande genoodsaak was om onverrigter sake terug te keer, het die uitwerking van die droogte op die kommandogangers 'n groter indruk op Van Ryneveld gemaak as die Boesmangevaar waarvoor daar voortdurend gekla is.¹¹⁴

Onderweg terug van die onsuksesvolle kommando in die omgewing van Schietfontein, het veldkommandant Jacobs egter 'n voorstel aan Van Ryneveld gemaak wat ten beste illustreer dat die gedagtegang in blanke geledere in hul stryd teen die Boesmans van die Kareeberge in daardie stadium gefokus het op die vorming van buffergemeenskappe buite die grens. Moontlik was

¹¹⁰ KAB, CO 2715, Letters from Graaff-Reinet, Siviele Kommissaris Van Ryneveld-goewerneur, 13-8-1829; 17-9-1829.

¹¹¹ Ibid., Fred Dickenson-Van Ryneveld, 25-9-1829.

¹¹² KAB, G/R 8/19, Letters from Colonial Office, September 1829; CO 2715, Letters from Graaff-Reinet, Van Ryneveld-Provisie Veldkornet P.D. Jacobs, Nuweveld, 13-8-1829; Van Ryneveld-Dickenson, Private sekretaris van goewerneur, 17-9-1829; 1-10-1829; Van Ryneveld-P.D. Jacobs, 22-9-1829.

¹¹³ Vir Van Ryneveld se verslae oor die kommando sien: KAB, CO 2715, Letters from Graaff-Reinet, Van Ryneveld-goewerneur, Slange Fonteyn, 1-9-1829; 5-11-1829; Klaare Fonteyn, 13-11-1829; 9-12-1829.

¹¹⁴ Ibid., Siviele Kommissaris Van Ryneveld-goewerneur, 5-11-1829; 13-11-1829; 9-12-1829.

Jacobs se voorstel geskoei op die uiters suksesvolle voorbeeld van die Hantam- en Roggeveld-distrikte wat in die westelike Kareeberge tot hul eie voordeel 'n ietwat onheilige, maar uiters effektiewe bondgenootskap met die Bastergemeenskap buite die grens aangegaan het.

Toe die kommando by Schietfontein vertoef het, het veldkommandant Jacobs sy plan bekend gemaak. Ingevolge sy voorstel sou nie alleen 'n buffergemeenskap soortgelyk aan die Basters in die westelike Kareeberge buite die grens verwesenlik kon word nie, maar terselfdertyd sou die kwessie van Xhosa-besetting van grond binne die Nuweveld ook opgelos word: "(Jacobs) suggested the expediency of collecting the Caffers who reside in the Colony and to give said place to them as a permanent residency with a view that as the Kaffers being then placed between the Bushmen and the Colonists they might be a check upon the conduct of the former and ultimately put a stop to their depra-dations upon the colony."¹¹⁵

Van Ryneveld het Jacobs se voorstel sonder meer afgekeur. Hy het aangetoon dat slegs die goewerneur so 'n drastiese plan kon goedkeur. Gegewe die agterdog waarmee die veeboere voortdurend in owerheidskringe bejeën is, is dit nouliks vreemd dat Van Ryneveld 'n voorstel afgekeur het wat, indien die implementering daarvan deur die wettelose inwoners van die Nuweveld misbruik sou word, moontlik tot die grootskaalse uitwissing van die Boesmans in die oostelike Kareeberge aanleiding kon gee. Jacobs het hom egter nie deur die siviele kommissaris se weiering van stryk laat bring nie. By sy tuiskoms ná die mislukte kommando, het hy doodgewoon voortgegaan om sy plan te implementeer asof dit binnekort deur die regering goedgekeur sou word. In die wete dat die regering waarskynlik nooit sy plan sou goedkeur nie, het veldkommandant Jacobs geen gras onder sy voete laat groei met die hervestiging van die Nuweveld-Xhosa op Schietfontein, Rhenosterpoort en Harmsfontein in die Kareeberge nie. Toe Meintjies die verskuiwing bevraagteken het, het Jacobs doodeenvoudig geantwoord dat hy bloot die bevel van siviele kommissaris Van Ryneveld gehoorsaam het! Eers nadat die Xhosa-gemeenskappe suksesvol en oënskynlik tevrede hervestig is, het die nuus van die ongemagtigde verskuiwing teen Maart 1830 by Van Ryneveld op Graaff-Reinet uitgekóm. Só ontsteld was hy oor hierdie verwickelinge dat hy in Julie persoonlik Schietfontein besoek het om hom van die situasie te vergewis.

Met sy aankoms op Schietfontein het alreeds 'n paar maande verloop sedert die verskuiwing. Dit het dit al op sigself moeilik gemaak om die vestiging van die Xhosa op Schietfontein weer om te keer. Daarbenewens was die ongeveer 30 families wat op Schietfontein gevestig is tydens die besoek van Van Ryneveld heel duidelik tevrede met die skuif en kennelik in hul noppies met hul nuwe tuiste. Gevolglik is Van Ryneveld se ontevredenheid oor veldkommandant Jacobs se ongemagtigde optrede ietwat getemper. Uiteindelik was hy selfs tevrede met die skuif, veral nadat Jacobs hom daarvan oortuig het dat die besluit om die Xhosa-groepe te hervestig op die lang termyn die beste sou wees. Jacobs het aangevoer dat daar nie meer bestaansmoontlikhede vir so 'n Xhosa-groep met soveel vee in die Nuweveld was nie. Binnekort, het hy aangevoer, sou hulle in elk geval weens die skaarste aan grond in die distrik oor die grens gedruk word. Dit sou hulle in ieder geval in konflik met die Boesmans bring. 'n Gedwonge migrasie, het hy by implikasie aangevoer, sou verhoudinge met inwoners van die Nuweveld net vertroebel met moontlike slegte gevolge vir die veiligheid van die distrik as hulle met die reeds gedugte vyande in die Kareeberge

¹¹⁵ KAB, 1BFW 9/35, Letters from Civil Commissioner of Graaff-Reinet to Magistrate of Beaufort, Van Ryneveld-J. Meintjies, 4-3-1830.

gemene saak sou maak. Deur amptelik grond aan hulle toe te ken, was dit tog moontlik om te veel bloedvergiëting te voorkom terwyl die Xhosa steeds bondgenote van die koloniste teen die Boesmans gebly het.¹¹⁶ Toe Van Ryneveld die goewerneur in kennis gestel het dat hy tevrede was met die verskuiwing, het Sir Lowry Cole in Augustus 1830 sy formele goedkeuring aan die verskuiwing gegee.¹¹⁷ Sodoende het die Xhosa amptelike erkenning vir die besitreg op hul nuwe tuiste verkry - 'n dokument wat eerwaarde Lutz later as waardeloos sou afskryf.¹¹⁸ Die feit dat die gebied in daardie stadium buite die grense van die kolonie was en dus streng gesproke buite die jurisdiksie van die regering geval het, is onder die heersende omstandighede gerieflikheids-halwe geïgnoreer.

Die ontstaan van die Schietfontein-gemeenskap, onder wie die Rynse sendinggenootskap in 1847 hul sendigbedrywighede in die Kareeberge uitgebrei het, het dus op 'n redelik onortodokse manier geskied. Die feit dat die inisiatief vir hierdie skuif vanuit veeboergeledere self geïnisieer en geïmplementeer is, asook die feit dat dit lynreg met amptelike owerheidsbeleid gebots het, is seker die belangrikste voorbeeld van hoe die inwoners van die noordwestelike grensdistrikte teen 1830 die reg in eie hande begin neem het. Die motiewe vir die skuif was redelik deursigtig en Van Ryneveld het dit tydens sy besoek op Schietfontein teenoor veldkommandant Jacobs duidelik gemaak dat die Schietfontein-Xhosa onder geen omstandighede as 'n onafhanklike mag teen die Boesmans aangewend mog word nie.¹¹⁹ Ten spyte van Jacobs se onderneming in hierdie verband is dit presies wat in die daaropvolgende jare gebeur het.

Dit is duidelik dat die Xhosa hul gebiede in die Nuweveld vrywillig verlaat het in ruil vir die Schietfontein-gebied. Daarbenewens het Jacobs, sonder die medewete of goedkeuring van die owerhede, ook sekere beloftes aan hulle gemaak. Die Schietfontein-Xhosa het immers later by meer as een geleentheid laat blyk dat hul aanspraak op Schietfontein en die omliggende fonteine deur die inwoners van die Nuweveld erken sou word in ruil daarvoor dat hulle die Boesman-gemeenskappe in die omgewing sou uitroei. Ongetwyfeld is die wapens en ammunisie wat daarvoor benodig is vanuit die Nuweveld op dieselfde wyse voorsien as wat die Basters in die westelike Kareeberge vanuit die Hantam en Roggeveld voorsien is. Vanuit die perspektief van die Xhosa is die hervestiging dus verwelkom. Enersyds het dit immers die druk op hul veeboerbestaan in die oorwegend blanke distrikte verlig. Aan die ander kant het dit ook die moontlikheid van toegang tot wapens en ammunisie gebied, waarvan hulle tot in daardie stadium in die Nuweveld ten strengste uitgesluit was. Net soos die Bastergroepe verder weswaarts, het dit selfs moontlikhede gebied om by die winsgewende sluikhandel betrokke te raak. Ongetwyfeld het die grootskaalse handelsbedrywighede van die Schietfontein-Xhosa, waarmee eerwaarde Alheit later soveel probleme gehad het, op hierdie tydstip sy beslag onder hierdie gemeenskap gekry.

¹¹⁶ KAB, CO 2722, Letters from Graaff-Reinet, Van Ryneveld-goewerneur, 17-7-1830; 1 BFW 9/35, Letters from Civil Commissioner of Graaff-Reinet to Magistrate of Beaufort, Van Ryneveld-J. Meintjies, 4-3-1830; E. Anderson, *Kareeberge*..., p. 68.

¹¹⁷ E. Anderson, *Kareeberge*..., p. 68.

¹¹⁸ VEM, Jahresbericht der Rheinische Missionsgesellschaft, Fünftehnter Jahresbericht der Rheinische Missionsgesellschaft, 1-9-1844, pp. 19-21.

¹¹⁹ KAB, CO 2722, Letters from Graaff-Reinet, Van Ryneveld-goewerneur, 17-7-1830.

Belangriker nog is dat die Schietfontein-Xhosa na hul vestiging buite die grens ten opsigte van die verwagtinge wat daar in blanke kringe aan hulle gestel is, nie teleurgestel het nie. Daar is tientalle bewyse dat beide die Baster- en Xhosa-groepe spoedig na hul vestiging oorkant die grens, met die ondersteuning van die aanliggende blanke distrikte, 'n absolute verskrikking vir die Boesmangroepe van die Kareeberge geword het. Oor 'n wye front is die rowerbendes van die streek meëdoenloos aangeval en feitlik voor die voet uitgewis. Spoedig was die Kareebergbasters en Schietfontein-Xhosa as buffergemeenskappe vir die noordwestelike grensdistrikte van onskatbare waarde. Hoewel sporadiese rooftogte steeds in die daaropvolgende jare voorgekom het, was dit niks vergeleke met vroeër nie.

So verbete en wreedaardig het die Kareebergbasters en veral die Schietfontein-Xhosa op die Boesmans toegesak, dat toe van die Nuweveldboere in 1835 arbeiders probeer werf het onder die sogenaamde "mak Boesmans" wat die aanslae teen hulle oorleef het, geneen uit pure vrees vir hierdie gemeenskappe dit verby die Basters of die Schietfontein-Xhosa wou waag nie.¹²⁰ Selfs die sendelinge was later oortuig daarvan dat ten minste die Xhosa op Schietfontein doelbewus met owerheidsteun in die gebied gevestig is met die spesifieke doel om die Boesmans van die Kareeberge uit te roei. Volgens hulle is hierdie taak meesal op die wreedaardigste manier denkaar uitgevoer. By geleentheid het eerwaarde Alheit berig dat wanneer die Xhosa die Boesmans aangeval het, hulle dit verkies het om hulle te perd in te jaag en met klippe dood te kap eerder as om hul kosbare ammunisie op hulle te vermors!¹²¹ Net so berig eerwaarde Beinecke dat die oorblywende Boesmangroepe van die Kareeberge weens die jarelange vervolging deur die Basters 'n heilige ontsag vir hulle ontwikkel het. As 'n Boesman in die hande van die Basters beland het, was dit al erg genoeg, het hy geskryf, maar dit was egter nog niks vergeleke met die ontsaglike vrees wat hulle vir die Xhosa gehad het nie. Oor die jare het die Boesmans volgens Beinecke al geleer dat 'n aanval of rooftog op die Schietfontein-Xhosa altyd vir hulle niks minder as 'n wreedaardige wraakaanval van dood en verwoesting beteken het nie. Aangesien die Xhosa so behendig was met die skild het die Boesmans se pyle geen indruk gemaak nie en is die Xhosa ook selde indien ooit raakgeskiet. So oorweldigend was die aanslae van die Xhosa op die Boesmans dat laasgenoemde volgens Beinecke selfs uit hul pad gegaan het om seker te maak dat hulle nie eens per abuis die vee van die Xhosa steel nie. Wie dit nog gewaag het, het dit feitlik verseker nie oorleef as hulle in Xhosa-hande beland het nie: "dan slaan hy dood wat hy vind - man, vrou en kind." Aangesien die Xhosa so behendig was met die uitdelging van die Boesmans in hul omgewing, het die gedagte selfs by die Basters opgekom om die Schietfontein-Xhosa te probeer oorreed om dieselfde aanslag op die Boesmangroepe in die westelike Kareeberge te loods. Hulle het insiggewend geantwoord dat hulle dit alleenlik sou doen "as hulle die opdrag van die regering sou kry, want dan sou hulle gehoorsaam luister."¹²²

In die bondgenootskappe wat tussen verskillende groepe aan die Noordgrens ontstaan het, was egter niks eerbaar of permanent nie. Soos uit die voorafgaande twee hoofstukke duidelik blyk, het die aansien en bestaansreg van gekleurde bondgenote binne of buite die grensdistrikte oor dekades heen afgehang van die mate waarin die oorwegend blanke distrikte deur Boesman-

¹²⁰ KAB, I BFW 9/51, Letters Received Field Cornets and Justices of the peace, 1830-1846, Veldkornet S.J. Esterhuisen-J.J. Meintjies, 15-8-1835.

¹²¹ VEM, B/C I 20, Alheit, Tagebuch No 11, Schietfontein, 27-7-1848.

¹²² VEM, B/C I 23, Beinecke, Band I 1845 - 1853, Beinecke, Amandelboom vom 14-8-1848 bis 30-11-1848.

weerstand vanuit die Kareeberge bedreig is. Hoe feller die aanslag teen die veeboergemeenskap was, hoe hefter was die verhouding. Wanneer die gevaar egter afgeneem het, of sekere gebiede in die Kareebergstreek enigsins vir veeboerindringing beveilig is, het kompetisie vir grond weer opgevlam. Dan was die kans op sy beste dat hierdie bondgenootskappe weer uitmekaar kon val. Die ondergang van die Boesmanweerstand in die Kareebergstreek, wat na 1829 vir die volgende vyftien jaar tot en met die aankoms van die Rynse sendelinge in die streek so effektief deur die Kareebergbasters en Schietfontein-Xhosa bewerkstellig is, het vir hulle terselfdertyd 'n laaste bondgenootskap met die omliggende blanke distrikte beteken.

HOOFSTUK 5

DIE AMANDELBOOM-GRONDKWESSIE: ONTWIKKELING VAN GRONDGESKILTE OP AMANDELBOOM NA DIE VESTIGING VAN DIE SENDELINGE

Met die aankoms van die sendelinge in die streek in 1845 was die laaste bondgenootskap tussen die Bastergemeenskap en hul blanke bure, wat in die 1820's uit die wetteloosheid van die grenssituasie ontstaan het, vir etlike jare alreeds uitgedien. Oor jare heen is daar meesal in onwettige bondgenootskap met die aanliggende blanke distrikte so meedoënloos op die Boesmans van die Kareeberge jag gemaak, dat die eens gedugte vyand van die veeboersektor teen 1845 feitlik totaal uitgewis was. Met die drastiese afname in die Boesmanweerstand vanuit die Kareeberge ná 1830 het die waarde van die Kareebergbasters as buffergemeenskap vir die aanliggende blanke distrikte stelselmatig verdwyn. Daarmee saam het hul status as bondgenote van die koloniale gemeenskap ook dienooreenkomstig afgeneem. Vanuit die oorvol aanliggende distrikte is toenemend begerige oë gewerp op die hele Kareebergstreek wat die Bastergemeenskap na hul mening met jarelange getroue kommandodiens vir hulself verower het. Spoedig was die toekoms vir die Basters, selfs as 'n gemeenskap buite die amptelike grense van die kolonie, ernstig in gedrang. Vir die Bastergemeenskap, net soos vir die sendelinge in hul midde, het dit 'n tydvak van onderlinge stryd met hul blanke bure en onsekerheid oor die toekoms van die Amandelboomsending ingelui. Die invloed hiervan het vanuit die staanspoor heelwat wyer uitgekring as die bloot geestelike dimensie van die Kareebegsending - iets waarop die Amandelboomsendinge swak voorbereid was.

5.1 Blanke trekboermigrasies bedreig die Amandelboombasters en die sending

Die eerste tekens van die ingewikkelde grondkwessie waarmee die Amandelboomsendinge vir die volle duur van hul verblyf in die Kareeberge sou worstel, het binne enkele dae na hul aankoms op Amandelboom alreeds tot hulle deurgedring. Afgesien daarvan dat die heersende droogtetoestande by hul aankoms, en die sigbare tekortkominge van Amandelboom as permanente sendingstasie groot vertwyfeling oor die werkbaarheid van die hele onderneming sterk op die voorgrond geskuif het, was daar met die intrapslag tekens dat die Bastergemeenskap sterk onder druk gestaan het van hul blanke bure. Die fontein op Amandelboom is nie alleen gereeld deur die omliggende blanke boere besoek nie, maar die enigste stuk saailand in die omgewing van die fontein is byvoorbeeld tot nadeel van die Basters deur 'n boer van die Roggeveld bewerk. Dat hierdie "indringers" die enigste oorlewingsbron so "bemagtigen" het, was iets wat Beinecke van die begin af dwars in die krop gestee het. Vertroulik merk hy in sy dagboek op dat hierdie besoeke moontlik op die lange duur probleme vir die sending kon inhou. As hulle permanent op Amandelboom sou aanbly, het hy teenoor die direksie in Duitsland gewaarsku, sou die Britse regering iets daadwerklik moes doen om hul blanke onderdane uit die gebied te weer. Die saailand, net soos die fontein self, sou immers dan vir die onderhoud van die sendinggemeenskap benodig word. In elk geval, het hy ietwat bevooroordeeld geredeneer, was die onoordeelkundige indringery van hierdie boere met hul enorme troppe vee die eintlike rede waarom alles in die onmiddellike omgewing van die fontein so vertrap was. Ongetwyfeld verwoord Beinecke ook die idees van die Basters wat hulle by hul aankoms op Amandelboom ontmoet het as hy verklaar dat die blanke veeboere uit die aanliggende distrikte eintlik iets in gemeen gehad het met die trekboeke wat jaarliks die gebied in hul duisende besoek het. Wanneer dit in die gebied gereën het, skryf hy, het byvoorbeeld honderde blanke trekboere, net soos die trekboeke, op die gebied toegesak. Sodra alle weiding kaal gevreet was en die hele gebied vertrap was, het beide boere en trekboeke dan ook weer min of meer saam weggetrek: " 'n Sekere aanduiding dat die gebied

huidiglik daar jammerlik uitsien,” skryf hy, “is die feit dat daar op die oomblik geen enkele boer of trekbok in die omgewing te sien is nie.”¹

In dieselfde trant het eerwaarde Lutz ook opgemerk dat die grootste probleem met die stigting van die sendingstasie ongetwyfeld die gebrek aan ‘n eie, onafhanklike grondgebied vir die Basters was. Hy het dit in die vooruitsig gestel dat dit op die lange duur dalk nog erg striemend op die uitbreiding van die sendingideaal in die streek sou inwerk.² Hoe erg dit die sendingsaak nog sou belemmer, sou die sendelinge later uitvind toe onsekerheid oor die grondkwessie herhaaldelik hul bouplanne op Amandelboom in die wiele gery het. Na sy eerste besoek aan Grootfontein, kort na hul aankoms op Amandelboom waartydens hy talle gesprekke met Basters in die buiteveld gevoer het oor die probleme van die streek, het eerwaarde Lutz spoedig besef dat die grondkwessie een van die probleme was wat die heel eerste aangespreek sou moes word. Vir ‘n gemeenskap wat oor soveel vee beskik het, was dit dringend noodsaaklik dat hulle oor ‘n eie grondgebied moes beskik. As die Basters steeds hul veeboerbestaan in die gebied wou voortsit, was dit noodsaaklik dat die Britse regering hul aanspraak op die Kareeberge moes erken en die soewereiniteit van die Bastergemeenskap daarop moes beskerm. Met soveel vee kon die Bastergemeenskap met niks minder oor die weg kom as die eksklusiewe reg op die hele gebied vanaf die Hantam in die weste tot Schietfontein in die ooste en vanaf die Sakrivier in die suide tot aan die Oranje in die noorde. Hoewel eerwaarde Lutz toegegee het dat dit ‘n enorme stuk grond was, was dit niemandsland buite die koloniale grense. Volgens hom was daar dus eintlik geen probleem nie. Al wat die regering moes doen, was om die soewereiniteit van die Basters in hierdie gebied te erken deur die oorwegend blanke veeboere van die aanliggende distrikte toegang tot die gebied te weier. As afdwingbare maatreëls voorts ingestel sou word om die seisoenale indringing van blanke veeboere in die gebied te verhoed, sou dit bestendigheid onder die Kareebergbastergemeenskap in die hand werk. Dit was op sy beurt die belangrikste voorvereiste vir ‘n suksesvolle sendingstasie.³

In sy verslae aan Duitsland was eerwaarde Lutz beslis dat dié onaanvaarbare situasie vir die Basters, en daarmee saam die sending, nie langer so kon voortduur nie. Met geen amptelike erkenning in die gebied nie het die Basters jaarliks al hoe meer blanke indringing in die Kareeberge ten prooi geval. Telkens as dit in die gebied gereën het, het honderde veeboere uit die aanliggende Hantam, Roggeveld en Nuweveld sonder enige owerheidstoestemming en ongevraag op die gebied toegesak. Volgens eerwaarde Lutz het hulle dan gemaak en gebreek net soos hulle wou. Die aankoms van hierdie indringers met hul enorme troppe vee was vir die Basters geen welkome gesig nie. Gewoonlik het die indringers tot groot nadeel van die Bastergemeenskap in daardie gebiede waar dit gereën het ingetrek en in ‘n ommesientjie alle weiding in die gebied kaal gevreet of vertrap. Sonder inagneming van die regte of behoeftes van die Bastergemeenskap, was waterbronne ook spoedig uitgeput en die gesaaides van die Basters in die omgewing van die fonteine afgevreet. Wat nog ná so ‘n stormloop aan gesaaides in die omgewing van die fonteine oorgebly het, moes dikwels weens die gebrek aan water verdroog. Verbeterings aan die watervoorsiening, wat met groot moeite en onkoste deur die Basters by die fonteine aangebring is, is meermale vertrap of na willekeur verander. Jaarliks het dit al hoe meer die oorlewings-

¹ VEM, B/C I 23, Beinecke, 12-12-1845.

² VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 8,9,10 von J.H. Lutz, vom November 1845 bis September 1847, Lutz-Väter, Amandelboom, 19-12-1845; VEM, A/a 4, Lit D, Protokollbuch der Rheinische Missions Gesellschaft, 1845-1850, “Brief von Lutz”; VEM, A/c 9, Lit D, Copier Buch, 1848-1856, Deputation-Lutz, Elberfeld/Barmen, 15-12-1847.

³ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 8,9,10 von J.H. Lutz vom November 1845 bis September 1847, Lutz-Väter, 19-12-1845.

moontlikhede van die Bastergemeenskap in die Kareeberge aan bande gelê. Sonder regeringsbeskerming het die Basters totaal magteloos gestaan teenoor hierdie indringers wat hul invloed in die streek meesal op weerbarstige wyse laat geld het. In die verlede, skryf eerwaarde Lutz, moes die Basters hulle maar nog altyd gedwee alles van die magtige boere laat welgeval. In werklikheid, het hy teenoor die direksie aangevoer, was die gereelde indringing in die gebied van die Basters die eintlike rede waarom die Bastergemeenskap genoodsaak was om 'n swerwersbestaan te voer.⁴

5.2 Sendelinge se opvattinge oor die oplossing van die Amandelboomgrondkwessie

Die sendelinge se opmerkings oor die grondkwessie, en veral hoe dit opgelos moes word, verklap in die eerste plek hul vooroordeel ten gunste van hul gekoesterde gemeente. Afgesien daarvan dat die sendelinge openlik en sonder skroom vir die belange van die Basters opgekom het, was 'n verdere rede vir hul bevooroordeelde houding die feit dat die meeste van die sendelinge se idees geskoei was op inligting wat hulle slegs uit die Bastergemeenskap verkry het. Hierdie sentimente was natuurlik te verwagte en is dus verskoonbaar. Eerwaarde Beinecke se opmerking dat die indringer blanke boere vanuit die gevestigde distrikte eintlik verantwoordelik was vir die kaalgetrapte vlaktes rondom Amandelboom is seker die beste voorbeeld daarvan dat die sendelinge die stories van die Bastergemeenskap aanvanklik redelik onkrities aanvaar het. Die Bastergemeenskap wat alleen oor 60 000 stuks kleinvee beskik het, kon hulle egter nouliks daarvan verontskuldig het dat hulle nie 'n ewe groot aandeel gehad het aan die agteruitgang van die veld in die omgewing van Amandelboom nie.⁵ Die bevooroordeelde sendelinge het nietemin nie hierdie belangrike argument in oorweging geneem nie.

Al wat eerwaarde Lutz kon raaksien, was dat die aanliggende blankes die hele Bastergemeenskap oënskynlik voortdurend aan die trek gehou het. Die gedwonge mobiliteit van die Basters sou dit op sy beurt byna onmoontlik maak om so 'n gemeenskap in 'n gevestigde sendinggemeenskap te verander. Net die Britse regering kon die "arme Basters" uit hul verknorsing red en terselfdertyd indirek die toekoms van die Kareebergensing beveilig. Juis daarom het eerwaarde Lutz, ná oorlegpleging met Beinecke, besluit om so spoedig moontlik na Kaapstad te reis om die hele Kareeberggrondkwessie persoonlik met die goewerneur te probeer uitklaar. Die plan was om twee of drie van die "ondentlikste" Basters, wat goed vertrouwd was met die omgewing en sy probleme, saam te neem. Weens die knellende droogte wat met hulle aankoms in die gebied geheers het, was die toestand van die trekdiers egter so swak dat die planne nie onmiddellik kon realiseer nie.⁶

Die uitlatings van die sendelinge openbaar aan die ander kant ook, soos vroeër alreeds aangetoon is, hul onbegrip vir die dinamiek van 'n veeboerbestaan in daardie spesifieke omgewing. Eerwaarde Lutz se oortuiging dat die seisoenale indringing van veeboere uit die aanliggende distrikte die eintlike rede was waarom die Bastergemeenskap 'n nomadiese bestaan gevoer het, was nie korrek nie. Uit die voorafgaande hoofstukke is dit immers duidelik dat dit vir alle veeboere van die noordwestelike grensdistrikte uiters noodsaaklik was om gedurende sekere tye van die jaar, en veral tydens droogtesiklusse, met hul veetroppe na beter weiding of water te kon

⁴ Ibid., 19-12-1845.

⁵ Vir meer oor die getalle vee waaroor die Basters beskik het, sien: KAB, CO 550, Memorandum for His Excellency the Governor, 1846; KAB, A.113-'61, Correspondence on the subject of the Trekvelde....., Memorial of J.H. Lutz and F.W. Beinecke, missionaries of the Rhenish Missionary Society, stationed at Amandelboom, near Zak River, on behalf of the Bastards.

⁶ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 8,9,10 von J.H. Lutz vom November 1845 bis September 1847, Lutz-Väter, 19-12-1845.

trek. Oorskryding van grense was dus nie altyd en noodwendig daarop gemik om die gesag van die owerheid uit te tart, een of ander irrasionele trekklus te bevredig, of 'n bepaalde gemeenskap doelbewus te benadeel nie. Seisoenale trekbewegings was meesal gedwonge migrasies en doodgewoon pogings om aan die tydelike beperkinge van die natuur in 'n bepaalde gebied en op 'n sekere tydstip te ontsnap.

Die sendelinge se persepsie van vasgestelde grense wat as 'n skeidslyn nie oortree mog word nie, was dus 'n wanopvatting. Hierdie onbegrip vir die lewenswyse in die streek is ongetwyfeld veroorsaak deur die Kommissie van Ondersoek wat in 1843 die gebied besoek het. In hulle aanbeveling aan die direksie was hulle duidelik van mening dat enige onmin tussen die inwoners van die Kareeberge en hul blanke bure deur vasgestelde grense verhoed kon word. Daar is ook neergesien op die nomadiese karakter van die inwoners van die streek wat hulle as 'n sinnelose rondtrekkery en die eintlike bron van alle kwaad beskou het. Uiteraard het die direksie in Duitsland hierdie persepsies klakkeloos aanvaar omdat hulle geen eerstehandse kennis van die gebied gehad het nie. Daarom was die voor-die-hand-liggende oplossing van die probleem vir hulle dat die regering doodgewoon die grense moes vasstel. Voorts moes daar eenvoudig maatreëls ingestel word om oorskrydings van die grens te verhoed deur, onder andere, die rondtrekkery aan bande te lê. Hierdie eenvoudige oplossing het hulle aan beide die regering en hul sendelinge voorgelê.⁷ Die eindelose gesukkel om grense vasgestel te kry en om die nomadiese karakter van die inwoners te verander, was dus verspilde energie omdat die klem verkeerd gelê het.

Dieselfde probleem het ook bestaan ten opsigte van die ooglopende rassekonflik oor water en weiding. Wanneer omgewingsfaktore groot konsentrasies mense in 'n bepaalde gebied tot gevolg gehad het wat almal om die dieselfde bronne meegeding het, volg dit ook as vanselfsprekend dat onderlinge twis en konflik dikwels voorgekom het. Onderlinge geskille oor toegang tot water en weiding was egter 'n uitstaande kenmerk van die hele veeboersektor aan die Noordgrens. Meesal het hierdie konflikte oor alle klas- en rassegrense heen gesny. Dieselfde konflikte wat tussen blank en Baster om die fonteine van die Kareebergstreek voorgekom het, en wat die sendelinge geneig het om as 'n rassekonflik te interpreteer, het hom byvoorbeeld ook in die gevestigde distrikte onder blankes afgespeel. In menige familietwis of onmin met die bure het kompetisie vir water en weiding sentraal gestaan. Soos reeds aangetoon, het selfs van die veldkornette in die Nuweveld magteloos gestaan teenoor indringers op hul leningplase.⁸ Insgelyks was onderlinge stryd binne die Bastergemeenskap oor water en weiding ook 'n uitstaande kenmerk van hierdie gemeenskap. Soos die blankes op die gebied van die Basters oortree het, het hulle op hulle beurt ook dikwels op die gebiede van die Griekwa-en Korana-gemeenskappe verder noord, die Schietfontein-Xhosa in die ooste en veral op die jagvelde van die Boesmans oortree.⁹

In die grenssituasie kon daar nie altyd met enige mate van sekerheid en volgens vaste beginsels tussen reg en geregtigheid en eerbaar-oneerbaarheid onderskei word nie. Daarom het die Rynse sendelinge se bykans oordrewe sin vir ordelikheid en wetsgehoorsaamheid lynreg gebots met die dikwels onverklaarbare irrasionele grensbewoners. Die sendelinge, vir wie die grense van 'n orde-

⁷ VEM, A/c 8, Lit C, Copier Buch, 1843-1847, Deputation-Maitland, Elberfeld/Barmen, 16-8-1844; VEM, A/c 9, Lit D, Copier Buch, 1848-1856, Deputation-Lutz, Elberfeld/Barmen, 15-12-1847.

⁸ Sien hoofstuk 3 pp.116-118.

⁹ Sien VEM, B/C I 20, Alheit, vir hoeveelheid Basters in Schietfontein-gebied.; VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch 30-5-1844 bis Dec 1844, 17-3-1844.

like samelewing meer duidelik afgebaken was, het dikwels moeite gehad om sin te maak uit die wanordelike Noordgrens en sy halsstarrige inwoners. Eerwaarde Lutz was byvoorbeeld kennelik geskok dat koloniale onderdane wetlik vasgestelde grense na willekeur kon oorskry sonder om die geringste vrees te toon dat hulle moontlik by die owerheid in die moeilikheid kon kom oor hul “onwettige” dade. Ewe onaanvaarbaar was dat die owerheid, aan die ander kant, siende blind hierdie onwettige migrasies van hul onderdane toegelaat het en oënskynlik nooit ‘n vinger verroer het om dit te stop nie. Enersyds het hy dit aan ‘n onaanvaarbare wetteloosheid toegeskryf waaraan slegs streng en doelgerigte owerheidsoptrede ‘n verandering kon bring.¹⁰ In ‘n sekere sin sou die stigting van ‘n sendingstasie in hierdie verband alreeds ‘n belangrike stap in die regte rigting wees. Male sonder tal is eerwaarde Lutz deur die direksie aangesê om toe te sien dat sy kudde ‘n ordelike en wetsgehoorsame beeld na buite moes dra. By wyse van voorbeeld, het hulle aangevoer, sou die kwaad onder die blankes in goedgesindheid teenoor die Basters kon verander.¹¹ Aan die ander kant was die owerheid se greep op die administrasie van die Noordgrens vir die wetsgehoorsame sendelinge egter ook so lamsakkig en dikwels so skokkend onkundig dat daar nouliks iets goeds vanuit daardie oord verwag kon word. Alreeds voor hul vertrek na Amandelboom was die sendelinge byvoorbeeld stomgeslaan toe hulle tydens ‘n welwillendheidsbesoek aan die goewerneur tot hul verbasing agtergekom het dat selfs die goewerneur nie eens die vaagste benul gehad het waar die Kareeberge geleë was nie.¹²

5.3 Kwesbaarheid van die Bastergemeenskap teenoor drukgroepe in die aanliggende blanke distrikte

‘n Verdere uitstaande kenmerk van die Bastergemeenskap van die Kareeberge, wat vanuit die staanspoor vir die sendelinge totaal onaanvaarbaar was, was dat die gemeenskap selfs as ‘n onafhanklike groep, nie altyd in staat was om hulself te handhaaf teenoor sommige invloedryke drukgroepe vanuit die aanliggende distrikte nie. Die gediensige Basters is volgens eerwaarde Lutz nooit na behore vir hul dienswilligheid teenoor die aanliggende blankes vergoed nie. Veel eerder is hulle met weerbarstige brutaliteit na willekeur om elke hoek en draai benadeel.¹³

Wat die sendeling nie ten volle besef het nie, was dat hierdie situasie ‘n lang en ingewikkelde voorgeskiedenis gehad het. Terwyl die Boesmans nog vir alle veeboere in die onmiddellike omgewing van die Kareeberge ‘n wesenlike gevaar ingehou het, was die Kareebergbasters genoodsaak om verdedigingsooreenkomste met hul sterker blanke bure aan te gaan. Mettertyd het hulle heeltemal verstrik geraak in die militêre vereistes van die aanliggende distrikte. Hoewel die Bastergemeenskap as buffergemeenskap teen die Boesmans vir die aanliggende distrikte ‘n uiters waardevolle rol beklee het, is dit terselfdertyd ook gekenmerk deur ‘n definitiewe ondergeskiktheid teenoor diegene wat die allerbelangrike onwettige wapens en ammunisie beheer het. Wie in onsekere tye genoodsaak was om vanuit ‘n posisie van kwesbaarheid onwettige bondgenootskappe met ‘n veel sterker vennoot aan te gaan, het terselfdertyd die gevaar geloop om uiteindelik die grille van die sterker vennoot ten prooi te val. Dit was presies wat geleidelik oor jare heen met die Kareebergbasters gebeur het toe hulle tydens die onsekere 1820's genoodsaak was om vir hul eie voortbestaan in die Kareeberge in vennootskap met hul veel sterker blanke bure te gaan. Met

¹⁰ VEM, B/C I 19, Lutz, Lutz-Deputation, Kaapstad, 16-9-1846.

¹¹ VEM, A/c 9, Lit D, Copier Buch, 1848-1856, Deputation-Lutz, Elberfeld/Barmen, 15-12-1847;

¹² Ibid., Lutz-Väter, Amandelboom, 19-12-1845.

¹³ Ibid., Lutz-Väter, Amandelboom, ongedateerd, vermoedelik 1846; Lutz-Herr Inspector, Amandelboom 29-6-1847; Tagebuch No 9 vom 7 April bis 21 July 1846, “11 Mai 1846”; Tagebuch No 12 vom 17-7-1847 bis 11-11-1847, “Br Beineckes unerwartete reisen nach Brakrivier”, “Zweck dieser Reise”, “Br Beineckes zurückkunft und resultat seiner reise.”

die aankoms van die sendelinge in die streek het die situasie vir die Basters al sodanig versleg, dat hulle na willekeur deur die veldkornette van die aanliggende distrikte gebruik en veral misbruik is. Hoe eiegeregtig daar dikwels teenoor die Bastergemeenskap opgetree is en hoe magteloos hulle dikwels teenoor hul magtiger bure gestaan het, is vir die sendelinge op geen beter wyse geïllustreer as met die uitbreek van die Sewende Oosgrensoorlog in 1847 nie.

Hoewel die Basters as 'n gemeenskap buite die amptelike grense van die kolonie geen Britse onderdane was nie, en meesal ook so deur die owerhede behandel is, is die bordjies tydens tye van bedreiging gewoonlik ten koste van die Basters verhang. Telkens wanneer 'n Oosgrensoorlog uitbreek het en die onwillige blanke burgers van die grensdistrikte vir kommandodiens opgeroep is, is die oproepinstruksies elke keer ook wederregtelik op die Bastergemeenskap buite die amptelike grense van toepassing gemaak. Dan het die onderskeie veldkornette op die Bastergemeenskap toegesak en hulle vir kommandodiens opgekommandeer asof hulle Britse onderdane was. Wie dit gewaag het om te weier, is dikwels mishandel of gebrandmerk as behorende tot die geledere van die vyand.

Toevallig was eerwaarde Lutz onderweg na Beaufort-Wes toe die aanloop tot die uitbreek van die Sewende Grensoorlog so 'n wending geneem het dat 'n volskaalse oorlog onafwendbaar was. 'n Algemene oproepinstruksie tot kommandodiens is tot ontsteltenis van al die inwoners van die noordwestelike grensdistrikte uitgevaardig. Hierdie verpligtinge teenoor 'n verafgeleë probleem, waarmee die inwoners van die Nuweveld, Roggeveld en die Hantam nie altyd kon identifiseer nie, het groot ontevredenheid onder die inwoners van die Noordgrens-distrikte veroorsaak. By elke huishouding in die Nuweveld waar eerwaarde Lutz onderweg na Beaufort-Wes aangedoen het, was die gemoedere vol oor die buitensporige opofferinge wat vir die oorlogspoging gemaak moes word. Soveel te meer nog omdat die regering bra onverskillig gestaan het teenoor volgehoue waarskuwings dat die Xhosa in die Kareeberge moontlik met hul volksgenote in die ooste kon simpatiseer en op 'n swak verdedigde gebied kon toeslaan sodra alle weerbare mans op kommando vertrek. By sy aankoms op Beaufort-Wes was daar so 'n beroering onder die inwoners oor die voorgename kommando's en wie almal onder die verpligtinge gestaan het, dat eerwaarde Lutz noodgedwonge sy besoek moes kortknip en hom weer huiswaarts gehaas het. Eerwaarde Lutz het naamlik 'n soortgelyke paniek onder sy kudde voorsien - iets wat hy ten alle koste wou vermy. Onderweg terug na Amandelboom het so 'n ontsteltenis onder die inwoners van die buitedistrikte geheers dat tot groot teleurstelling van die sendeling "die koppe en harte van die mense heeltemal ongeskik was vir die aanhoor van die Woord."¹⁴

Eerwaarde Lutz se haastige terugkeer na Amandelboom as voorsorgmaatreël om enige moontlike paniek onder sy kudde te verhoed, was inderdaad geregverdig. Binne twee uur na sy aankoms op Amandelboom het 'n weerbarstige afgesant van 'n veldkornet uit die Hantam opgedaag om alle Britse onderdane, insluitende die sendelinge, vir kommandodiens op te kommandeer - dit terwyl die oproepinstruksies alle sendelinge en ander amptenare van die kerk uitdruklik uitgesluit het. Vir die eerste keer het die sendelinge dit waaroor die Basters nog altyd gekla het eerstehands ervaar. Die hovaardige wyse waarop die afgesant sy verordening oorgedra het, het Lutz glad nie aangestaan nie. Hy het hom trouens gruwelik vererg vir die man wat hy as erg ongeskik voorgehou het: "Hierdie man," het hy verontwaardig aan Barmen berig, "het gedink dat hy ons vestiging hier en die hele sendingsaak met een pennestreek ongedaan kon maak. Almal op wie hy maar oë kon lê; of hulle siek of gesond, vermoënd of arm was, is vir kommandodiens opgekommandeer. Hy kon dit selfs nie nalaat om teenoor een van die Basters op te merk nie: "De armen Bastards - nu

¹⁴ Ibid., Tagebuch No 8 von J.H. Lutz vom 20-11-1845 bis 16-4--5-1846, "Rückreise."

zijn ze eenmal vast.” “Daarmee wou hy natuurlik te kenne gee dat nou dat ons onder die Basters gevestig was, hulle doppie behoorlik geklink was.”¹⁵ Ietwat leedvermakerig het eerwaarde Lutz voor die man gaan staan en hom vinger-onder-die-neus aangesê dat as ‘n mens onder al die gemeenskappe oorkant die Sakrivier wou hare kloof oor burgerskap, net hy en Beinecke nog enigsins as Britse onderdane gekwalifiseer het. As dit dan moet, het hy by implikasie teenoor die stomverdwaasde afgesant te kenne gegee, kon die naamlose veldkornet van die Hantam wat hom gestuur het net op twee manskappe vanaf Amandelboom reken! Nadat die man genoodsaak was om onverrigter sake en ietwat stert tussen die bene weer te vertrek, was dit nog nie die einde van die verhaal nie.

Die volgende dag het veldkornet Kruger, dié keer van die Nuweveld en onbewus daarvan dat daar alreeds vanuit die Hantam gepoog is om die Basters vir kommandodiens op te kommandeer, sy opwagting op Amandelboom gemaak om dieselfde te doen. Hoewel die veldkornet heelwat vriendeliker as sy voorganger was, het eerwaarde Lutz hom sitgemaak en net soos teenoor sy voorganger hom behoorlik die leviete voorgelees. Die feit dat die Basters op twee agtereenvolgende dae beide uit die Hantam en die Nuweveld vir kommandodiens opgekommandeer is, het hy ferm aangevoer, was ‘n sprekende voorbeeld van hoe onverskillig daar met die Bastergemeenskap omgegaan is. Veldkornet Kruger het dieselfde lesing as sy voorganger gekry, naamlik dat die Basters nie koloniale onderdane was nie en dat nóg hy nóg enige ander veldkornet van die Hantam of Nuweveld enige reg gehad het om die Basters vir kommandodiens op te kommandeer. Hoewel die veldkornet oënskyklik begrip gehad het vir eerwaarde Lutz se standpunt, het dit hom nietemin nie daarvan weerhou om onderweg huis toe die niksvermoedende Basters in die buiteveld van Amandelboom, wat nog nie op hoogte van sake gebring is nie, “in dubbele maat” op te kommandeer nie.

Ten spyte van eerwaarde Lutz se hardnekkige teenkanting dat sy onafhanklike gemeenskap nie vir kommandodiens gekwalifiseer het nie, is drie dae na die vertrek van veldkornet Kruger ‘n derde poging aangewend om die Basters van Amandelboom vir kommandodiens op te kommandeer. Siviele kommissaris Van Ryneveld van Clanwilliam, wat op ‘n rondreise in sy distrik was, het uit die Hantam per boodskapper laat weet dat Jan Jansen hom moes besoek sodat die kwessie omtrent die kommandoverpligtinge van die Kareebergbasters uitgeklaar kon word. By sy terugkeer het Jansen ‘n brief aan Lutz oorhandig wat die sendeling se heftige teenkanting teen die opkommandering van sy kudde ietwat getemper het. Van Ryneveld het eerwaarde Lutz beleefd versoek om Jansen behulpsaam te wees om so veel as moontlik manskappe onder die Basters te probeer werf. Van Ryneveld het aangetoon dat die konflik aan die Oosgrens ‘n gemeenskaplike gevaar vir almal ingehou het en het hom versoek om die Bastergemeenskap enigsins aan te spoor om die Britse regering behulpsaam te wees in die bestryding daarvan.

Nadat eerwaarde Lutz hierdie versoek deeglik oorweeg het, het hy uiteindelik tot die gevolgtrekking gekom dat uit die trant van Van Ryneveld se brief afgelei kon word dat hy die onafhanklike bestaan van die Bastergemeenskap buite die koloniale grense erken het. Die siviele kommissaris het onder andere ook erken dat die Kareebergbasters streng gesproke geen Britse onderdane was nie en daarom nie tot kommandodiens gedwing kon word nie. In sy antwoord aan Van Ryneveld en in sy gesprekke met die Basters oor wat hulle onder die heersende toestande te doen gestaan het, skryf eerwaarde Lutz, het hy derhalwe gepoog om so ver moontlik objektief en volgens vaste Christelike beginsels te handel. Ter antwoord het hy sonder doekies omdraai dit by Van Ryneveld ingevryf dat die Basters ‘n onafhanklike gemeenskap buite die grense van die

¹⁵ Ibid., ‘Kaffernkrieg und Folgen’

koloniale gemeenskap uitgemaak het. Oor jare heen, het hy geniepsig bygevoeg, het die Britse regering nog nooit ‘n vinger verroer om die Basters teen die indringende blanke boere of die voortdurende rooftogte van die Boesmans te probeer beskerm nie. Juis daarom kon nóg die onderskeie veldkornette van die aanliggende distrikte, nóg die siviele kommissaris regtens enige heerskappy oor hulle voer. Aan die ander kant, het hy egter dadelik bygevoeg, sou dit ook “mooi, prysenswaardig en passend” wees as die Basters onder die heersende toestande elkeen na sy eie vermoë, ‘n vrywillige bydrae aan die Britse regering sou maak.¹⁶

Eerwaarde Lutz se diplomاسie het inderdaad vrugte afgewerp, want volgens sy oordeel dat die regering by monde van siviele kommissaris Van Ryneveld tog wel die belange van die Bastergemeenskap op die hart gedra het, het ‘n hele aantal Basters uiteindelik vrywillig op kommandodiens na die Oosgrens vertrek. Dat hy ook daarin geslaag het om enige verdere onsmaklikhede rakende die oproep van die Amandelboombasters te verhoed, het kennelik ook nie ongemerk by die owerheid verbygegaan nie, hoewel dit geen direkte voordeel vir die gemeenskap opgelewer het nie. Tog was die hele petalje vir eerwaarde Lutz ‘n belangrike oorwinning. Die feit dat die Basters in die teenwoordigheid van die sendelinge nie meer so gemaklik soos in die verlede na willekeur gebruik en misbruik is nie, was vir eerwaarde Lutz ‘n belangrike stap vooruit. Wat hy meer as enigiets anders wou bewys, was dat as die Basters met die nodige respek behandel sou word en daar meer na hul belange en dié van die sending omgesien sou word, die gemeenskappe in die Kareeberge ongetwyfeld ook hulle kant as betroubare bure en bondgenote van die owerheid sou bring. In sy verslag aan die direksie verklaar hy egter dat hy vir die eerste keer sedert hul vestiging op Amandelboom werklik agtergekom het hoe moeilik dit was vir ‘n sendeling om in niemandsland te werk waar beide inboorlinge en intrekkers, gedoen het net soos hulle wou.¹⁷

Eerwaarde Lutz se versigtige diplomاسie was egter nie sonder bymotiewe nie. Ten spyte daarvan dat die vertrek van ‘n aansienlike aantal Basters vanaf Amandelboom die oorblywende inwoners aan moontlike Boesmanaanvalle blootgestel het, het dit terselfdertyd ook aansienlike verligting in menige huishouding gebring waar hongersnood weens die droogte begin heers het. Toe die kommandogangers aan die einde van die Sewende Grensoorlog, te midde van steeds verslegtende toestande triomfantelik en vol grootsprakige oorlogsverhale weer op Amandelboom hul opwagting gemaak het, het eerwaarde Lutz mismoedig in sy dagboek opgemerk dat die oorlog vir hulle eintlik heeltemal te vroeg opgehou het. Te midde van nog ‘n droogte was die sendeling bekommerd hoe al die terugkerendes van voedsel voorsien sou word. Terselfdertyd het hy ‘n skeptiese wenkbrou gelig oor die egtheid van sommige oorlogstories wat hy moes aanhoor.¹⁸

Van nog groter belang was die besef by eerwaarde Lutz dat sy onwrikbare en hardnekkige teenstand teen die kommandodiens vir die Basters dalk op die lang duur teenproduktief kon inwerk op die grondeise van sy gemeente in die Kareeberge. Die beklaenswaardige lot van die Basters kon alleenlik deur die regering opgelos word. Tot tyd en wyl die Basters se grondkwesties klinkklaar aangespreek en suksesvol opgelos was, sou dit onverstandig wees om in direkte konfrontasie met die owerheid te gaan. As die sendelinge aan die vooraand van eerwaarde Lutz se besoek aan Kaapstad onnodig met die regering oorhoops sou raak, kon dit tot gevolg hê dat die bestaande onsekerheid van die Basters, en daarmee saam die onsekerheid ten opsigte van die

¹⁶ Ibid., 13-5-1847.

¹⁷ Ibid., 13-5-1847.

¹⁸ Ibid., Tagebuch No 17 von J.H. Lutz vom 20-3-1851 bis 22-2-1852, “Wiederkehr der Mannschaft aus dem Kaffernkrieg.”

Kareebergssending se toekoms, onverpoos sou voortduur.¹⁹ Soos later sal blyk, het die sendelinge alreeds in hierdie stadium hande in die hare gesit met die probleem of hulle op Amandelboom 'n aanvang kon neem met die oprigting van permanente geboue en of die stasie na Grootfontein verskuif moes word. Selfs al sou hulle die sendingstasie na Grootfontein verskuif, het dit spoedig geblyk, sou hulle steeds nie met die oprigting van ordentlike en permanente geboue 'n aanvang kon neem alvorens die onsekere situasie van die Basters nie eers deur die regering uit die weg geruim is nie. As die Basters met hul vrywillige kommandodeelname 'n positiewe indruk op die regering sou maak, het die opportunistiese eerwaarde Lutz geredeneer, kon dit dalk 'n belangrike bres slaan vir die Kareeberggemeenskappe as hy terselfdertyd na Kaapstad sou reis om persoonlik die Kareebergssending se saak met die goewerneur te bespreek.²⁰

5.4 Eerste poging van die sendelinge om die grondkwessie aan te spreek

Eerwaarde Lutz se vertrek vanaf Amandelboom op 29 Julie 1846 kon seker nie op 'n slegter tyd gekom het nie. Weens die droogte was die kondisie van die trekkiers in die eerste plek swak en in die Hantamdistrik waardeur hulle moes reis, het dit nog net plek-plek gereën. As die reis direk na Wuppertal of Tulbagh geneem sou word, kon hy sy bestemming binne enkele dae bereik. Weens onvoorsiene omstandighede moes hy egter eers onderweg op Eben Ezer ook aandoen. Met hul koms na die Kareeberge moes hulle, weens die aanvanklike onsekere aard van die onderneming asook die droogte, noodgedwonge 'n hele klomp goedere op Eben Ezer agterlaat. Sedert hul vestiging op Amandelboom het dit gou geblyk dat van die agtergelate goedere onontbeerlik was en daarom moes dit onderweg na Kaapstad eers opgelaaai word. Eerwaarde Lutz se afwesigheid op Amandelboom, wat etlike weke kon duur, het ook 'n ekstra werkslading vir die agterblywende Beinecke beteken. In die praktyk het dit daarop neergekom dat eerwaarde Beinecke van soggens vroeg tot saans laat feitlik voltyds besig sou wees om die gereelde kerkdienste, Bybelstudie, katkisasie en onderwys daaglik ingepas te kry. Soveel vordering is egter in die eerste aantal maande na hul aankoms op Amandelboom met die geestelike bearbeiding van die gemeente gemaak, dat 'n onderbreking nie bekostig kon word nie. Na deeglike beraadslaging was beide sendelinge dit eens dat die onsekerheid rondom die Amandelboomsending en die posisie van die Basters in die Kareeberge te groot was om dit langer uit te stel. So belangrik is dit geag dat 'n wyer konsultasie met so veel moontlik sendingkollegas op die ander stasies selfs die langer reisplanne regverdig het.²¹

Eerwaarde Lutz se reis na Kaapstad het minder dramaties verloop as wat aanvanklik gevrees is. Die eerste skof deur die Hantam was weens die droogte weliswaar moeilik. Dit is vererger deur die feit dat die verste uithoek van die distrik feitlik heeltemal verlate was. Totdat die reisigers die meer bewoonde gedeeltes van die Hantam moeisaam binnegedring het, het hulle slegs een gesin met hul vee in die veld teengekom. Op die plaas Ramskop in die Hantam het die reisigers by Abraham van Wyk egter genadiglik voldoende voer vir die uitgeputte trekkiers bekom. Op Oorlogskloof het Lutz selfs vir die eerste keer in maande weer die genoegdoening gehad om in die weelde van 'n verebed te slaap. Dit was lekker om weer na die maandelange vereensaming en wroeging op Amandelboom, met ander mense kennis te maak, hoewel gemoedere volgens eerwaarde Lutz oral vol was oor die Oosgrensoorlog. By die meeste boere onderweg, net soos onder sy sendingkollegas op Eben Ezer, Wuppertal, Tulbagh en tot selfs in die Kaap, is alle gesprekke spoedig na bymeekaarkom deur al die oorlogstories oorheers. Op die onderskeie Rynse sending-

¹⁹ Ibid., Tagebuch No 8 von J.H. Lutz vom 20-11-1845 bis 16-4-1846, Lutz-Deputation, Kaapstad, 16-9-1846.

²⁰ Ibid., "Grootfontein bekommt den Ehrenplatz."; Beilage zu Tagebuch No 9, Lutz-Väter, Kapstadt, 16-9-1846.

²¹ Ibid., Lutz-Deputation, Kapstadt, 16-9-1846; 17-9-1846.

stasies waar eerwaarde Lutz onderweg na Kaapstad aangedoen het, het hy nietemin vrugbare samesprekings met sy kollegas oor die Amandelboomkwessie gevoer. Almal was dit met hom eens dat die bestaande onsekerheid nie langer kon voortduur nie en dat dit die aangewese tyd was om die saak onverwyld met die owerheid ten ene male op te klaar. Die superintendent van die Rynse genootskap aan die Kaap, eerwaarde Zahn van Tulbagh, was van meet af aan van mening dat die sendelinge eers in die Kareeberge moes vestig en meer ingeburger moes wees alvorens die grondkwessie by wyse van 'n versoekskrif aan die regering voorgelê moes word. Volgens hom was dit ook die aangewese tyd om die kwessie met die owerheid op te haal en hy het eerwaarde Lutz se planne geesdriftig onderskryf.²²

In Kaapstad is die versigtig omskrewe versoekskrif opgestel, in Engels vertaal en in gespanne afwagting aan die regering oorhandig. Kortliks het hy namens die Basters by die regering aansoek gedoen dat die eiendomsreg van die Basters oor die trekvelde en waterbronne in die Kareeberge, wat in daardie stadium deur hulle beset is, amptelik erken moes word. Hierdie grondgebied het gestrek vanaf die suide waar dit met die Sakrivier aan die kolonie gegrens het tot aan die Hartebeesrivier in die noorde, waar dit volgens eerwaarde Lutz, gegrens het aan 'n gebied wat oorwegend deur die Boesmans bewoon is. In die weste het hy die Visrivier as grens voorgestel, terwyl die voorgenome gebied van die Basters ooswaarts tot aan Schietfontein sou strek wat deur die Xhosa bewoon is.

Die belangrikste argument wat ter staving van die versoek gevoer is, was dat 'n steeds groter wordende stroom blanke intrekkers in hierdie gebied die voormalige sorgvrye bestaan van die Basters ernstig aan bande gelê het. Volgens die sendelinge sou sendingwerk onder die Basters gevolglik nie gedy vir so lank as wat hulle nie oor 'n eie grondgebied beskik het waar hulle "hul God in vrede kon aanbid nie." Eerwaarde Lutz het sorgvuldig uiteengesit hoe dit gekom het dat hulle hul onder hierdie gemeenskap gevestig het. Groot klem is daarop gelê dat die Bastergemeenskap in sy geheel begerig was "to participate in the advantages of religious instruction and to be instructed in civilization." Weens die voortdurende indringing van blanke boere in die gebied is daar egter soveel onsekerheid in die gemeenskap gesaai dat die sendelinge nog nie daarin kon slaag om 'n permanente sendingstasie op te rig nie. Gevolglik is daar volgens die sendelinge tot op datum ook geen noemenswaardige vordering gemaak met die kerstening en beskawing van die Basters nie. Juis daarom, is aangevoer, moes die regering stappe doen om die bestaan van die Basters en die ontwikkeling van die sending te bevorder deur die gebied aan hulle toe te ken, "for habitation and for the purposes of culture."

In 'n poging om hul aansoek verder te versterk, het eerwaarde Lutz ook uitgebreide statistieke aangehaal omtrent die getal Basters in die omgewing, die getal vee wat hulle besit het, asook die uiters belangrike militêre rol wat hulle in die verlede tot voordeel van die gevestigde distrikte gespeel het: "It is known that the Bastards have hitherto been of use as a defence against the incursions of marauding tribes of Bushmen into the Colony, in the same manner as the Kaffirs stationed in the Eastern Karee Mountains. Should they now be obliged to leave the land which they have so long occupied, the Colony will be laid open to the attack of the Bushman just mentioned." Al eerwaarde Lutz se sendingkollegas in Kaapstad was behulpsaam met die opstel

²² Ibid., Tagebuch No 10 von J.H. Lutz vom July 1846 bis 20 Januar 1847. Sien: "Reise durch den Hantam nach Eben Ezer, Zusammentreffen mit den Brüdern auf Eben Ezer, Reise von da nach Wupperthal und Aufenthalt daselbst, Ankunft in Tulbagh, Steinthal und Stellenbosch, Aufenthalt in Capstadt."; VEM, C/c 11b, Protokollbuch der Stellenbosch Spezial und Generalkonferenz, 1834-1849, Protokoll von ausserordentlichen Konferenz gehalten zu Stellenbosch, 9-9-1846, pp. 120-122; Protokoll von ausserordentlichen Konferenz gehalten zu Leeuwenklip, 17-20 Februar 1847, pp. 138-149; Vir meer oor eerwaarde Zahn se idees omtrent die Amandelboomsending sien: VEM, B/C 1 19, Lutz, Tagebuch No 8 von J.H. Lutz, Zahn-Lutz, Tulbagh, 17-1-1845.

en vertaling van die versoekskrif. Almal was ook versigtig optimisties dat die versoek deur die regering gunstig oorweeg sou word.²³

‘n Eerste belangrike terugslag was dat die goewerneur weens die Oosgrensoorlog vir die afsienbare toekoms uitstедig was en dus nie persoonlik uitsluitel oor die versoekskrif sou kon gee nie. Daarbenewens sou dit na verwagting ook ten minste 14 dae duur voordat die siviele kommissarisse van Beaufort-Wes en Clanwilliam in die saak geraadpleeg kon word en terugvoering op die versoek verwag kon word. Eers nadat hulle opinie verkry is, sou staatssekretaris Montagu namens die goewerneur oor die meriete van die versoekskrif besluit.²⁴ Vir eerwaarde Lutz was die volgende paar weke om twee redes ‘n senutergende tydperk. Eerstens was dit uiters noodsaaklik vir die Kareebegsending dat die regering hul versoek moes goedkeur. Daarbenewens het Lutz ook in gespanne afwagting daarna uitgesien dat sy aanstaande bruid, wat deur die genootskap vir hom uitgekies is, in Kaapstad moes aankom. Oorstelp van vreugde dat sy hartewens om te trou uiteindelik vervul sou word, het die diep gelowige Lutz daagliks gebid dat die Amandelboomkwessie ook opgelos moes word.²⁵

Eerwaarde Lutz se besoek aan Kaapstad was wat die Amandelboomkwessie betref, egter ‘n ongekwalifiseerde mislukking. Die regering se reaksie op die versoekskrif het inderwaarheid die onsekere posisie van die sendelinge in die gebied vererger eerder as versag. Op die keper beskou, het die regering die hele probleem bloot ontduik deur aan te voer dat die gebied buite die koloniale grense was en dat dit dus nie onder die jurisdiksie van die Britse regering geval het nie. Hoewel hierdie reaksie die onafhanklike status van die Basters bevestig het, was die regering nie bereid om die eksklusiewe aanspraak van die Basters op die grondgebied te erken deur die seisoenale trekbewegings van die aanliggende blanke distrikte aan bande te lê nie.²⁶ Eerwaarde Lutz en sy sendingkollegas was diep teleurgesteld in die houding van die regering. ‘n Tweede poging is selfs aangewend om die owerheid tot ander insigte te probeer bring, maar tevergeefs. Eerwaarde Lutz is selfs aangeraai om nie die regering verder lastig te val terwyl die Oosgrensoorlog nog aan die gang was nie.²⁷

Die teleurstelling oor die onwrikbare houding van die regering is verder verdiep toe berig van Amandelboom ontvang is dat eerwaarde Beinecke, kort na die vertrek van Lutz, ernstig siek geraak het. Vir die hele tydperk wat eerwaarde Lutz in Kaapstad was (6 maande), kon Beinecke feitlik geen werk op Amandelboom verrig nie.²⁸ Die enigste ligpunt van die besoek aan Kaapstad vir eerwaarde Lutz was dat sy lang gekoesterde begeerte om te trou uiteindelik verwesenlik is,

²³ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 12 von J.H. Lutz vom 17-7-1847 bis 11-11-1847, "Memorandum für seine Excellence dem Gouverneur", Kaapstad, 26-10-1846; KAB, CO 550, Memorandum for His Excellency the Governor.

²⁴ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 9 von J.H. Lutz, Lutz-Deputation, Kaapstad, 16-9-1846.; VEM, C/c 3 2.389, Missionars Konferenzen im Kapland (General und Spezialkonferenzen) Protokollen 1834-1864, Protokoll der aussergewöhnliche konferenz gehalten zu Stellenbosch, 19-9-1846.

²⁵ Ibid., Lutz-Herr Inspector, Kaapstad, 17-9-1846; 27-10-1846; 19-12-1846; 20-12-1846.

²⁶ Ibid., Lutz-Väter, Kaapstad, 27-10-1846; Tagebuch No 12 von J.H. Lutz vom 17-7-1847 bis Nov 1847, "Reply to the revd. J.H. Lutz and F.W. Beinecke, Rhenish Missionaries."

²⁷ Ibid., Tagebuch No 10 von J.H. Lutz vom Julie 1846 bis 20-1-1847, "Monat September, October, November"; VEM, C/c 3 2.389, Missionars Konferenzen im Kapland (General und Spezialkonferenzen) Protokollen 1834-1864, Protokoll der ausserordentlichen Konferenz gehalten zu Löwenklip, 17-2-1847.

²⁸ Ibid., Tagebuch No 11 von J.H. Lutz vom Januar bis July 1847, "Ankunftsfeier auf Amandelboom"; VEM, B/C I Beinecke, Tagebuch No II von F.W. Beinecke vom 10-8-1846 bis 28-2-1847, 10-8-1846; 9-9-1846; 10-10-1846; 25-10-1846; 4-1-1847.

hoewel soos vroeër aangetoon is, sy eerste ontmoeting met sy bruid, Carolina Seringhaus, aanvanklik ook ietwat van 'n teleurstelling was toe sy met die eerste oogopslag nie dadelik in die smaak geval het nie.²⁹

By sy tuiskoms op Amandelboom het die slegte tyding oor die mislukte sending na Kaapstad soos 'n veldbrand onder die Bastergemeenskap versprei. So terneergedruk was die sendelinge dat hulle dit op hierdie stadium ernstig oorweeg het om die sending onder die Basters te staak en hulle eerder op Schietfontein onder die Xhosa te vestig.³⁰ Vir die eerste keer het die sendelinge besef dat die regering nie sonder meer die gebied wat deur die Basters beset is aan hulle sou toeken nie. Nog minder sou enige poging van owerheidskant aangewend word om die migrasies vanuit die gevestigde distrikte in die Kareebergstreek stop te sit. Die onsekere situasie van die Basters het die toekoms van Amandelboom inderdaad ernstig bedreig. Die sendelinge kon nouliks met die oprigting van permanente sendinggeboue 'n aanvang neem voordat al die onsekerhede omtrent die toekoms van die stasie nie eers uit die weg geruim was nie.³¹ Nogtans was eerwaarde Lutz se kollegas in die Kaap dit almal eens dat die Amandelboomsending nie gestaak moes word nie en dat hy voorlopig die werk daar moes voortsit. Dit sou egter wenslik wees, het hulle gemaan, dat daar nie te veel geld op die stasie bestee moes word nie - 'n voorstel wat die direksie later as 'n opdrag aan eerwaarde Lutz deurgegee het. Tot tyd en wyl die grondkwessie finaal opgelos was, was dit nietemin onseker of die Amandelboomsending dalk heeltmal gestaak sou word en of die sendelinge hulle dalk onder die Schietfontein-Xhosa sou moes gaan vestig.³²

Later het die direksie eerwaarde Lutz geprys vir sy poging om 'n vaste woongebied vir die Basters te probeer verkry. Eerwaarde Lutz wat duidelik verpletter was na sy mislukte sending na Kaapstad, is ook ietwat moed ingepreeta: "Ons hoop lieue broeder, dat die werk van die regverdige vreugde mag bring. Die Here sal julle nie aan krag laat ontbreek nie. Ons hoop dat die tyd nie te lank en te swaar sal wees vir julle voordat die besluit geneem sal word of julle in die Kareeberge sal kan aanbly nie."³³ Voorts het die direksie in 'n omskrywe aan al die sendelinge aan die Kaap opdrag gegee om die Amandelboomgrondkwessie so veel as moontlik by die Kaapse regering "lewendig" te hou.³⁴ Almal, behalwe die terneergedrukte Lutz, was egter hoopvol dat die oplossing vir die probleem binnekort sou kom.

5.5 Grensoorskrydings van die Beaufort-Wes-distrik en die invloed daarvan op die Amandelboombasters

Enige hoop dat 'n oplossing vir die Amandelboomgrondkwessie spoedig na die besoek van eerwaarde Lutz aan Kaapstad sou kom, is vrydel toe allerlei gerugte oor grondtoekenning in die buiteveld van Amandelboom aan boere van die aanliggende distrikte die rondte begin doen het. Volgens eerwaarde Lutz het gerugte alreeds 'n geruime tyd bestaan dat van die meer invloedryke blanke boere in die omgewing, net soos die sendelinge, na Kaapstad gereis het om verhoë vir die

²⁹ Ibid., Tagebuch No 9 von J.H. Lutz, Lutz-Herr Inspector, Kaapstad, 20-12-1848.

³⁰ Ibid., Tagebuch No 11 von J.H. Lutz vom 24-1-1847 bis 12-7-1847, "Ankunftsfeier auf Amandelboom."

³¹ VEM, B/C I, Beinecke 1846, Beinecke-Väter, Amandelboom, 11-9-1847.

³² VEM, C/c 11b, Protokollbuch der Stellenbosch Spezial und Generalkonferenz, 1834-1849, Protokoll von ausserordentlichen Konferenz gehalten zu Leeuwenklip, 17-20 Februar 1847.

³³ VEM, A/c 8, Lit C, Copier Buch, 1843-1847, Deputation-Lutz, Elberfeld, 27-7-1846; 8-2-1847.

³⁴ Ibid., Deputation-Stellenbosch Spezial Konferenz, Barmen, 3/2/1847.

toekenning van grond buite die grense aan die regering te rig.³⁵ Vir eerwaarde Lutz was dit ondenkbaar dat hierdie versoeke toegestaan sou word, want die gebiede waarvoor na berigte aansoek gedoen is, was die areas wat deur die Basters beset is. Daarom het hy al die gerugte aanvanklik as ongegrond afgemaak. Na sy oordeel was dit redelik onwaarskynlik dat die regering grondgebied aan individuele blanke boere sou toeken wat vir die oorlewing van die Basters nodig was. Ná sy terugkeer uit Kaapstad het talle Basters egter kort-kort op Amandelboom opgedaag met die nuus dat landmeters in die omgewing gewaar is. Die naïewe Lutz het al hierdie inligting afgemaak as kwaadwillige gerugte wat doelbewus deur die blanke boere versprei is en wat daarop gemik was om die Bastergemeenskap in die harnas te jaag.³⁶

Toe 'n landmeter in Oktober 1847 in die omgewing van Brakrivier, 15 tot 16 uur te perd vanaf Amandelboom in die rigting van Schietfontein bespeur is, het algehele paniek egter onder die Bastergemeenskap uitbreek. Na berigte was die opmeting op Brakrivier bloot die voorloper van veel ernstiger dinge wat binnekort nog sou gebeur. Van die blanke boere in die omgewing het laat blyk dat wanneer die landmeter op Brakrivier sy taak afgehandel het daar terselfdertyd 'n aanvang gemaak sou word met die opmeting van die gebiede om Leeufontein (Leeukrans)³⁷, Meestersklip en talle ander fonteine in die omgewing van Grootfontein. Die honderde Basters wat in hierdie omgewing gewoon het, was bevrees dat indien die berigte korrek was, hulle binnekort uit die gebied verdryf sou word. Soveel beroering het in die hele gemeenskap uitbreek dat eerwaarde Beinecke dadelik afgevaardig is om na die gebied te reis en te probeer uitvind wat aan die gang was. Eerwaarde Lutz het Beinecke aangesê om te probeer uitvind of die opmeting inderdaad aan die gang was, of dit in opdrag van die regering geskied het en of die owerheid hom opdrag gegee het om gebiede buite die amptelike grense op te meet. Voorts moes hy ook probeer vasstel of die sendelinge se idee van waar die grense presies geloop het korrek was en indien nodig, hoe dit verander moes word. Na Beinecke se vertrek het 'n gespanne afwagting op Amandelboom geheers.³⁸

By sy terugkeer twee dae later het eerwaarde Beinecke dit bevestig dat 'n landmeter van die Paarl, ene De Villiers, inderdaad op Brakrivier by die boer Kootjie Krieger (sic) met opmetings besig was. Die landmeter het egter die sendeling die versekering gegee dat sy regeringsopdragte slegs tot koloniale gebied beperk was. Vir die sendelinge was dit 'n groot verligting, want na hul eie oordeel was Grootfontein self asook die talle ander fonteine in die onmiddellike omgewing van Grootfontein waarvan die Bastergemeenskap so afhanklik was, ver buite die koloniale grense. Toe eerwaarde Beinecke hierdie argument teenoor die landmeter genoem het, kon hy egter slegs bevestig dat Grootfontein buite die grens geval het. Ten spyte daarvan dat die landmeter die nutste kaarte tot sy beskikking gehad het, kon selfs hy nie heeltemal vasstel of die allerbelangrike waterbronne in die omgewing van Grootfontein, soos Leeukrans, Groot en Klein Meestersklip en Bangsfontein, binne of buite die koloniale grense geval het nie. Afgesien van die onsekerheid oor laasgenoemde fonteine, het selfs 'n gedeelte van Paardekloofberg ook volgens hom moontlik

³⁵ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 12 von J.H. Lutz vom 17-7-1847 bis 11-11-1847, "Br Beineckes unerwartene reisen nach Brakrivier."

³⁶ Ibid., Tagebuch No 10 von J.H. Lutz vom July 1846 bis 20-1-1847, Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 29-6-1847.

³⁷ Ibid., Tagebuch No 12 von J.H. Lutz vom 17-7-1847 bis Nov 1847, "Br Beineckes unerwartene reisen nach Brakrivier- Nächste Veranlassung."

³⁸ Ibid., Tagebuch No 12 von J.H. Lutz vom 17-7-1847 bis 11-11-1847, "Br Beineckes unerwartete reisen nach Brakrivier", "Zweck dieser Reise."

binne koloniale gebied geval.³⁹ Selfs nadat die landmeter later Amandelboom besoek het en sy kaart daar deeglik bestudeer is, kon steeds geen eenstemmigheid verkry word of van die fontein waarop die Basters aanspraak gemaak het moontlik tog binne koloniale gebied geval het nie. Volgens die kaart het Brakrivier buite die grense geval, maar volgens die landmeter se regeringsopdragte was dit binne die kolonie. Dit was duidelik dat die landmeter nie sy regeringsopdragte met sy kaart kon versoen nie.

Die ware rede vir die verwarring, wat kennelik vir beide die landmeter en die sendelinge verstoek gebly het, was dat sy regeringsopdragte in die eerste plek nie van die regering gekom het nie en dat die gebiede wat hy opgedra was om op te meet, inderdaad ver buite die koloniale grense geleë was. By nadere ondersoek blyk dit dat die inisiatief vir die opmetings op Brakrivier van siviele kommissaris Meintjies van Beaufort-Wes gekom het, wat in 1845 die belangrike reg van die regering verkry het om op eie houtjie opmetings in sy distrik te magtig.⁴⁰ Dit blyk dat hierdie nuwe magte van die siviele kommissaris sy houding teenoor die grondaansprake en aansoeke vir nuwe grond van die veeboere van sy distrik en veral die gekleurde gemeenskappe net buite die grense, drasties laat verander het. Sonder die medewete of goedkeuring van die regering het Meintjies sy nuutverworwe magte aangewend en die opmetings op Brakrivier gemagtig ten spyte daarvan dat hy self in 1839 die gebied as grond van die Schietfontein-Xhosa beskou het.⁴¹ Hierdie optrede van hom was kennelik in stryd met amptelike regeringsbeleid, want enkele maande tevore voordat hy met die nuwe magte bekleed is, het die regering ook blanke aansoeke vir die Schietfontein- en Rhenosterpoortareas wat deur die Xhosa bewoon is, geweier.⁴²

Erger nog was dat hierdie opmetings groot konsternasie onder die Schietfontein-Xhosa veroorsaak het en byna op 'n gewapende skermutseling uitgeloop het. Toe die Schietfontein-Xhosa agtergekom het dat landmeters onder begeleiding van talle blanke veeboere in hul weidingsgebied ingedring het en daar met opmetings begin het, het 'n aantal van hulle daarheen gehaas en op 'n verduideliking aangedring. By hul aankoms op Brakrivier het 'n woordewisseling spoedig tussen die Schietfontein-Xhosa en die blanke boere van die Nuweveld wat die landmeter vergesel het, uitgebreek. Toe die boere later met gewere op die Xhosa-afvaardiging begin lostrek het, was hulle genoodsaak om op die vlug te slaan. Die volgende dag het 'n groter groep Schietfontein-Xhosa, dié keer geklee in oorlogsdrag en tot die tande gewapen met assegaaië en gewere, weer by die landmeter en sy gevolg probeer uitvind waarom hulle weidingsgebied opgemeet word. Hierdie keer is 'n skermutseling afgeweer, maar die Xhosa moes uiteindelik onverrichter sake na Schietfontein terugkeer. Tot ontsteltenis van die landmeter en sy gevolg, het die Xhosa smalend by hul vertrek die hoop uitgespreek dat hulle geesgenote aan die Oosgrens binnekort lank en verbete sou veg. Toe die Oosgrensoorlog later uitgebreek het en oproepinstruksies vir kommando-diens in die Nuweveld uitgevaardig is, het die veldkornet van die wyk aangrensend aan Schietfontein selfs die insident aangehaal as verskoning waarom sy manskappe nie op kommando kon gaan nie.⁴³

³⁹ Ibid., "Br Beineckes zurückkunft und resultat seiner reise."

⁴⁰ KAB, 4/BFW 1/1/1/1, Minute Book of Divisional Council, 7-10-1857; G7-'59, Auret's Report, Appendices C, C2, C3; E. Anderson, *A history of the Xhosa of the northern Cape 1795-1879*, pp. 60-61.

⁴¹ E. Anderson, *A history of...*, p. 61.

⁴² KAB, 1/BFW 9/3, Letters received from Colonial Office, Secretary-Civil Commissioner, Cape Town, 12-11-1845.

⁴³ KAB, CO 2832, Letters received from Beaufort-West, S.J. Esterhuizen-Siviele Kommissaris Meintjies, 25-7-1846., E. Anderson, *A history of...*, pp. 66-67.

Die amper ernstige nadraai van die Brakrivier-opmetings het waarskynlik plaasgevind nadat eerwaarde Beinecke weer onderweg terug was na Amandelboom, want die sendelinge vermeld niks daarvan in hul dagboeke nie. Hoewel die sendelinge by implikasie teenoor die direksie in Duitsland laat blyk het dat die nuwe onsekerheid wat deur die landmeter gesaai is 'n vergissing was, het dit nietemin verdere vertwyfeling in die gemoed van die sendelinge oor die toekoms van die Kareebergensing gesaai.⁴⁴ Alle planne om die sendingstasie vanaf Amandelboom na die beter geskikte Grootfontein te verskuif, asook die keurig uitgewerkte bouplanne vir die sendinggeboue daar, is daarmee in die war gestuur. As die fontein in die omgewing van Grootfontein vir die Bastergemeenskap verlore sou gaan, het eerwaarde Lutz geredeneer, sou hulle outomaties ook Grootfontein self verloor. Die fontein op Grootfontein was beslis nie sterk genoeg om so 'n groot gemeenskap en hul duisende stuks vee onafhanklik te onderhou nie. Onder die heersende toestande sou dit dan veel beter wees om eerder op Amandelboom te bly tot tyd en wyl meer sekerheid oor die toekoms verkry kon word.⁴⁵

As die onsekerheid vir die sendelinge onhoudbaar was, dan was dit veel erger onder die Bastergemeenskap self. In 'n sekere sin het die nuwe onsekerheid geloofwaardigheid verleen aan die talle gerugte oor toekomstige grondtoekenning in die streek. Telkens wanneer 'n nuwe gerug die rondte gedoen het, het dit spanning binne die gemeenskap tot breekpunt gedryf. In die daaropvolgende maande is die lewe van die sendelinge kort-kort vergal met al die onbevestigde berigte oor grondtoekenning aan blankes, in of naby die gebied van die Basters. Van die Basters het selfs redelik desperate pogings aangewend om sommige van die onontbeerlike fonteine aan te koop. Namate al meer van hierdie pogings in die omgewing voorgekom het, het selfs die sendelinge dit oorweeg om van die gebiede wat "te koop" aangebied is, in die naam van die genootskap te bekom. In 1847 het eerwaarde Lutz byvoorbeeld toestemming by die direksie gevra om die plaas Bokwater, aangrensend tot Amandelboom, aan te koop.⁴⁶ Die direksie het in beginsel nie beswaar teen hierdie transaksie gehad nie, aangesien die sendelinge hulle oortuig het dat dit die enigste manier was om die boere van dié gebied te weerhou. Terselfdertyd, het eerwaarde Lutz aangevoer, sou dit hulle posisie op Amandelboom ook versterk as hulle daarin sou slaag om Bokwater aan te koop. Na rype beraad het die direksie egter uiteindelik daarteen gestem omdat gevoel is dat die genootskap dit in daardie stadium nie regtig kon bekostig nie.⁴⁷

Al hierdie pogings was egter tekenend van 'n gemeenskap wat toenemend in 'n hoek gedryf was. Toe die hele situasie in die loop van 1847 vir die sendelinge heeltemal onhoudbaar geword het, het Beinecke hierdie keer na Kaapstad vertrek in 'n verdere poging om die situasie van die Amandelboomsending by die regering te probeer opklaar.⁴⁸ Na sy vertrek het eerwaarde Lutz in algehele mismoodigheid verval. As die regering nie die gebied aan die Basters sou toeken nie, het hy gevrees, sou die hele Amandelboomsending sekerlik misluk. Hierdie vooruitsigte was vir hom

⁴⁴ VEM, A/a 4, Lit D, Protokollbuch der Rheinische Missions Gesellschaft, Ausserordentliche Sitzung der Deputation, Januar 1850; VEM, A/c 9, Lit D, Copier Buch, 1848-1856, Deputation-Lutz, Elberfeld/Barmen, 20-12-1849.

⁴⁵ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 12 von J.H. Lutz vom 17-7-1847 bis 11-11-1847, "Br Beineckes zurükkunft und resultat seiner Reise"; Lutz-Väter, Amandelboom, 16-8-1847; 11-10-1847; VEM, A/c 9, Lit D, Copier Buch, 1848-1856, Deputation-Lutz, Elberfeld/Barmen, 8-3-1853.

⁴⁶ Ibid., Tagebuch No 12 von J.H. Lutz vom 17-7-1847 bis 11-11-1847, Lutz-Deputation, 11-10-1847.

⁴⁷ VEM, A/a 4, Lit D, Protokollbuch der Rheinische Missions Gesellschaft, 1845-1850, "October 1848", p. 323.

⁴⁸ VEM, B/C I 23, Beinecke, Tagebuch No II von F.W. Beinecke vom 10-8-1846 bis 28-2-1847, Sien: "Beineckes Reisebericht - Reise zur Generalkonferenz nach Wupperthal, Tulbagh, Steinthal; Reise von Saron nach Capstadt"; B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 13 von J.H. Lutz vom 15-11-1847 bis 3-12-1849, "Beinecke nach Kapstadt und zurükk."

‘n bitter pil, want in daardie stadium het die Bastergemeenskap so pas besluit om die Amandelboomsending onafhanklik van enige fondse uit Duitsland te onderhou. Hierdie belangrike mylpaal vir die sendelinge was egter onderhewig daaraan dat die Bastergemeenskap hulle weivelde sou behou. “Wat die toekoms inhou,” skryf eerwaarde Lutz, “weet nóg hulle nóg ons. As hulle hul weivelde behou, sal hulle ongetwyfeld hulle woord gestand kan doen, maar as hulle die gebied verloor, sal dit die ondergang van die bestaande sending onder hulle beteken. In so ‘n geval, wag ons op u instruksies of ons dan op Wuppertal, of miskien Schietfontein, ‘n heencome moet vind.”⁴⁹

5.6 Uitbreiding van die Kaapse Noordgrens en die gevolge daarvan vir die Amandelboomsending

Op 17 Desember 1847 het die onsekerheid van die Kareebergbasters en die sendelinge oor hul toekoms op Amandelboom ‘n verdere wending geneem toe die Kaapse noordgrens tot aan die suidelike oewer van die Oranjerivier uitgebrei is.⁵⁰ Die grensuitbreiding was vir die Kareebegsending ‘n groot en beslissende slag. Die feit dat die Bastergemeenskap opeens weer Britse onderdane was, het ‘n nuwe dimensie aan die Amandelboomgrondkwessie gegee. Die sendelinge se argument, dat die regering maklik die Kareebegstreek aan die Basters kon toeken omdat dit buite die koloniale grense geval het, het sodoende onmiddellik verval. Terselfdertyd het dit wettiglik die weg gebaan vir inwoners van die aanliggende distrikte om in groot getalle die gebiede wat deur die Basters beset is op ‘n meer permanente basis binne te dring. Meer as ooit tevore het groot onsekerheid ontstaan of die Britse regering die grondgebied wat deur die Bastergemeenskap beset is, aan hulle sou toeken. As dit nie gedoen sou word nie, was die hele Kareebegsending gedoem.

Onmiddellik ná die grensuitbreiding het groot paniek gevolglik nogmaals in die Amandelboomgemeente losgebars en momentum verleen aan ‘n nuwe vlag wilde gerugte oor grondtoekennings in die gebied. Vanuit die omliggende distrikte is gereeld onbevestigde berigte ontvang dat dit net ‘n kwessie van tyd was voordat die gebied van die Basters opgemeet en verkoop sou word. Ongetwyfeld was diegene wat nog altyd vyandiggesind was teenoor die sending in die Kareebeg agter sommige van die gerugte.⁵¹ Vir die sendelinge was dit egter uiters moeilik om oor die egtheid van sommige berigte te beslis omdat niks ooit van owerheidskant gedoen is om sekere gerugte te ontken of amptelik te bekragtig nie. Die rede hiervoor was dat die grensuitbreiding baie ongewild was by die Britse regering. Miskien was dit ook die rede waarom die Kaapse owerheid bloedweinig aandag gewy het aan die administrasie van die nuutverworwe gebied. Dit blyk dat die oorheersende motief vir hierdie grensuitbreiding was om die ryk kopervelde van Klein Namakwaland binne die grense van die kolonie te laat val. Die grense van die ander bestaande distrikte, wat aan die Kareebegsending gegrens het, naamlik Clanwilliam, Worcester en Beaufort-Wes, is sodoende klakkeloos tot aan die Oranje uitgebrei sonder inagneming van die behoorlike administrasie van die gebied. Belangrike kwessies, soos grondtoekenning en die toepassing van wet en orde in die streek, sou vir etlike jare na die grensuitbreiding feitlik geen owerheidsaandag geniet nie. So laks was die Kaapse owerheid in die administrasie van die nuut-verworwe grondgebied van die Britse regering, dat goewerneur Wodehouse so laat as 1868 erken het dat die

⁴⁹ Ibid, Tagebuch No 12 von J.H. Lutz vom 17-7-1847 bis 11-11-1847, Lutz-Deputation, 11-10-1847.

⁵⁰ BPP 969-July 1848, Correspondence with the Governor of the Cape of Good Hope, No. 6, Enclosure 1, Proclamation by H.G.W. Smith, 17-12-1847, p. 22; VEM, A/c 9, Lit D, Copier Buch, 1848-1856, Deputation-Alheit, Des 1849.

⁵¹ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 13 von J.H. Lutz vom 15-11-1847 bis 3-12-1849, "Hiobspost."

beheer van die gebied bloot teoreties was.⁵²

Die uitbreiding van die Kaapse Noordgrens was nietemin vir die Amandelboomsendinge ‘n gevaarlike wending wat met die grootste omsigtigheid en diplomاسie hanteer moes word. Weens al die gerugte van moontlike grondtoekennings in die Kareeberge aan blankes, maar ook in ‘n poging om die goeie guns van die regering te probeer wen, het die sendinge besluit om nogmaals ‘n versoekskrif namens die Bastergemeenskap aan die regering te rig. Dié keer sou Beinecke na Kaapstad reis om die versoekskrif by die regering in te lewer en terselfdertyd probeer om die Amandelboomkwessie persoonlik met die goewerneur uit te klaar.⁵³ So belangrik was dit in hierdie stadium om die goeie guns van die regering te wen dat die sendinge ter aanhef van die versoekskrif selfs ietwat vals verklaar: “that your Memorialists also rejoice that they, by extending the former frontiers to the Orange River by Government, now may congratulate themselves of being under the protection of Government.”⁵⁴ Hierna het die sendinge ‘n lang lys voorstelle gedoen oor hoe die regering hul nuut-verworwe onderdane van hulp kon wees. Feitlik al die argumente wat eerwaarde Lutz by sy eerste versoekskrif aan die regering aangevoer het, is herhaal.

Kortliks het die sendinge daarop aangedring dat noudat hulle Britse onderdane was, dit die verpligting van die owerheid was om na die welsyn van die verstote Kareebergbasters om te sien. Daarom het hulle die eksklusiewe besitreg oor nie minder nie as 25 fonteine en nog 9 waterkolke van die regering versoek.⁵⁵ Groot klem is ook daarop gelê dat die Basters bykans daaglik deur “vreemdelinge” van hierdie belangrike oorlewingsbronne verdryf is en dat daar voortdurend gerugte die rondte gedoen het dat die gebiede binnekort opgemeet en verkoop sou word.

Die regering het, soos te verwagte, weer die versoek van die sendinge geweier op grond daarvan dat die hele Kareebergstreek vir beide die Basters en hul blanke bure gedurende die somermaande ewe onontbeerlik was. Die regering het bloot onderneem om siviele kommissaris Van Ryneveld van die Clanwilliam-distrik opdrag te gee om toe te sien dat almal op ordelike wyse toegang tot die weidingsgebiede in die Kareeberge sou verkry. Die enigste positiewe reaksie vir die sendinge in die reaksie van die regering, was dat die goewerneur dit duidelik gestel het dat die gebied nie in die afsienbare toekoms opgemeet en verkoop sou word nie.⁵⁶ Siviele kommissaris Van Ryneveld is van ‘n lang lys instruksies voorsien wat ongehinderde toegang vir beide blank en Baster in die gebied moes verseker.⁵⁷ Nogmaals het die Kareebergbasters dus ‘n bloutjie by die regering geloop. Van die beloofde regeringsbeskerming in die Kareeberge het ten minste wat die Basters betref, ook niks tereggekome nie. Allerlei wilde gerugte oor grondopmetings het steeds kort-kort die rondte gedoen en groot ontevredenheid en onsekerheid op Amandelboom veroorsaak.

⁵² M. Broodryk, *Die Kaapse Noordgrensoorloë 1868-1879*, p. 16.

⁵³ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 13 von J.H. Lutz vom 15-11-1847 bis 3-12-1849, “Beinecke nach Capstadt und zurück”; “Glückliche Zurückkunft Br Beineckes von Capstadt”; Ibid., B/C I 23, Beinecke, “Beineckes Reisebericht vom 10-11-1848 bis 30-3-1849.”

⁵⁴ KAB, 1 BFW 9/4, Letters Received from Colonial Office, “Memorial of the undersigned bastards in the Kareebergen to His Excellency, Sir Harry Smith, Governor and commander in chief of the Cape of Good Hope.”

⁵⁵ Vir ‘n lys van fonteine waarvoor aansoek gedoen is, sien: KAB, 1 BFW 9/4, Letters received from the Colonial Office, 1848-1851, “Specification of the fountains and adjoining land for which application is made in the Memorial of J.H. Lutz and F.W. Beinecke on behalf of the Bastards.”

⁵⁶ KAB, 1 BFW 9/4, Letters received from the Colonial Office, 1848-1851, “Reply to the Memorial of the Revd. Messrs Lutz and Beinecke”, Montagu-siviele kommissaris Van Ryneveld, Kaapstad, ongedateerd.

⁵⁷ Ibid., “Regelementen voor het grazen van Vhee in de Agter - of Trekvelden, vastgesteld door Zijne Exellensie den Goewerneur by brief gedateerd 12-12-1848.”

5.7 Die geskiedenis van grondhervormings in die Beaufort-Wes-distrik en die impak daarvan op die Amandelboomsending

Belangriker nog was dat die grensuitbreiding die Kareebergssending verstrik het in twee belangrike kwessies wat vir etlike jare alreeds in die gevestigde blanke distrikte geheers het en waarop die Amandelboomsendinge swak voorbereid was. Die eerste was 'n ingewikkelde stelsel van grondtoekenning in die aanliggende Beaufort-Wes-distrik wat oor jare heen kort-kort aangepas is en kort voor die aankoms van die sendinge op Amandelboom in 1843 nogmaals 'n belangrike klemverskuiwing ondergaan het. Om hierdie belangrike kwessie ten volle te begryp, is dit noodsaaklik om kortliks in te gaan op die ontwikkeling van die Britse grondbeleid tot en met die uitbreiding van die Kaapse Noordgrens tot aan die Oranje.

Met die Britse bewindsoorname aan die Kaap is die ou leningplaasstelsel vir 'n aantal jare onveranderd voortgesit. Hierdie stelsel is nog van die VOC-tydperk geërf en het 'n hele aantal ernstige tekortkominge gehad. Die leningplaasstelsel was 'n maklike vorm van grondtoekenning wat aanvanklik goed ingepas het by die tydelike aard van die Britse besetting van die Kaap. Tot tyd en wyl die permanente besit van die Kaap uitgesorteer was, was die Britse regering huiwerig om by drastiese hervormings wat 'n groter mate van owerheidsbestuur en belegging genoodsaak het, betrokke te raak.⁵⁸ Ingevolge die leningplaasstelsel is grond, soos die naam aandui, in gebruiksreg vir 'n tydperk van drie, ses of twaalf maande op 'n keer teen 'n vasgestelde huur aan individuele aansoekers toegeken.

Die leningplaasstelsel het aan allerlei gebreke mank gegaan, maar veral twee daarvan was van besondere toepassing op die verafgeleë gebiede van die Noordgrens. Weens die aard van die omgewing en die feit dat die verste uithoeke van die Hantam, Roggeveld en Nuweveld ver buite administratiewe beheer was, het min veeboere van hierdie distrikte in die eerste plek ooit moeite gedoen om amptelik om leningplase aansoek te doen. Waar aansoeke wel gedoen is, was die hoofdoelstelling daarvan meesal om eksklusiewe beheer oor 'n spesifieke fontein of ander waterbron te verkry. Soos reeds voorheen aangetoon, het sommige dikwels vir 'n klein gedeelte om een of twee waterbronne aansoek gedoen wat alle ander weiding tussenin weens die gebrek aan water vir ander boere ontoeganklik gemaak het.⁵⁹ Die oorgrote meerderheid veeboere het ook meesal 'n seisoenale swerwersbestaan gevoer en hul status was dus meer dié van plakkers op kroongrond, eerder as amptelike grondbesitters.⁶⁰ 'n Tweede belangrike faktor was dat die lukrake wyse waarop leningplase toegeken is, groot gedeeltes onuitgegewe kroongrond tussen toegekende plase tot gevolg gehad het.⁶¹ Op hierdie gebiede het talle veeboere van alle rasse en klasse veral tydens die oop grenssituasie vir etlike jare 'n heenkome gesoek. Namate die gevestigde distrikte egter digter bevolk geraak het, het kompetisie oor toegang tot hierdie gebiede en gepaardgaande onderlinge konflikte, dienooreenkomstig toegeneem.⁶² Soos in hoofstukke drie en vier aangetoon is, het konflikte oor toegang tot grond later sodanig toegeneem dat die regering tot aksie genoodsaak was.

⁵⁸ R. Elphick and H. Giliomee (eds.), *The shaping of South African Society, 1652-1840*, pp. 328-334.

⁵⁹ KAB, 1/BFW 9/46, Letters received from Fieldcornets-1823, D.S. Fourie-Baird, Nieuweveld, 10-5-1823; 9-10-1823; 6-11-1823.

⁶⁰ L.C. Duly, *British Land Policy at the Cape, 1795-1844*, pp. 13-19.

⁶¹ Vir die lukrake wyse waarop selfs landmeters grond uitgemeet het, sien: J. C. Visagie, *Grensverskuiwings en belangrike plase in die Stellenbosse distrik*, pp. 14-15.

⁶² E. Anderson, *A History of*, pp. 50-55.

Goewerneur Cradock, wat dikwels strydig met sy amptelike opdragte opgetree het, het in 1813 ook grondhervormings aangekondig wat teenstrydig was met die amptelike Britse grondbeleid. Cradock was daarvan oortuig dat die Kaap uiteindelik 'n permanente Britse besitting sou word en gevolglik het hy voortydig aangekondig dat die leningplaasstelsel deur 'n stelsel van ewigdurende erfpag vervang sou word. Die nuwe stelsel wat 'n groter mate van permanente grondbesit ingehou het, so is van owerheidskant gehoop, sou in die eerste plek vir die veeboersektor aantrekliker wees en sodoende hul geneigdheid om voortdurend te trek aan bande lê. Ingevolge die erfpagstelsel het grond steeds aan die staat behoort, maar individuele plase moes formeel opgemeet word waarna titelaktes uitgereik is. Dit was 'n belangrike verbetering op die ou leningplaasstelsel, want vir die eerste keer kon plase verkoop of testamentêr bemaak word. 'n Verdere belangrike verbetering op die ou leningplaasstelsel was dat die jaarlikse huurgeld op erfpagplase nie meer 'n vasgestelde bedrag was nie, maar bepaal is volgens die waarde van die grond. Voorts is boere gedwing om na die nuwe stelsel oor te slaan deur te bepaal dat geen nuwe grond aan leningplaseienaars toegeken sou word alvorens hulle nie hul huidige leningplase in ewigdurende erfpag verander het nie.⁶³

Al die goeie bedoelinge van Cradock se grondhervormings is egter ongedaan gemaak toe die administrasie van die nuwe stelsel in 'n burokratiese gesloer vasgeval het. Aansoekers vir titelaktes op hul bestaande leningplase moes dikwels vir jare wag voordat hul plase opgemeet was en hulle aktes toegeken is.⁶⁴ In die Beaufort-Wes-distrik, waaronder die Nuweveld geval het, kon die dienste van 'n landmeter eers in 1835 bekom word. Vóór hierdie datum kon geen titelaktes toegestaan word nie. 'n Belangrike nadeel vir die veeboersektor van hierdie distrikte was dat terwyl die gesloer met die omskakeling voortgeduur het, individuele boere volgens wet geen toegang tot nuwe grond kon kry nie. Om die hele kwessie van toegang tot nuwe grond op te los is die informele rekweplaa-stelsel ontwerp. Ingevolge hierdie stelsel is die reg van die individu op 'n bepaalde stuk kroongrond erken en is hy toegelaat om die grond waarom hy aansoek gedoen het, te beset asof dit alreeds in erfpag toegeken was. Hierdie informele reëling het egter soveel leemtes gehad dat dit spoedig aan talle veeboere 'n handige skuiwergat gebied het om die hele grondhervorming van die regering heeltemal te systap.⁶⁵

Die onvermoë van die regering om die oorskakeling van die leningplaasstelsel na ewigdurende erfpag te bespoedig, het talle negatiewe gevolge gehad. Op die lange duur het dit in wese geen werklike verbetering op die leningplaasstelsel tot gevolg gehad nie. Individuele boere het die rekweplaa-stelsel na willekeur misbruik om te keer dat hulle op 'n bepaalde plaas vasgepen kon word. Die meeste van hierdie plase het ook nie noodwendig in erfpagplase verander nie. Die rekweplaa-stelsel was, naas die leningplaasstelsel, uiters gewild in veeboergeledere ten spyte daarvan dat dit nie noodwendig individuele eiendomsreg gewaarborg het nie. Min veeboere het gevolglik die moeite en veral onkoste aangegaan om hul rekweplase in erfpagplase te verander. In 1824 was daar byvoorbeeld in die Graaff-Reinet distrik nie minder nie as 1 000 geregistreerde rekweplase, maar geen enkele erfpagplaas nie.⁶⁶ Die meeste veeboere het meesal nog voordat hul plase opgemeet kon word, alreeds die plaas verkoop en doodgewoon vir nuwe grond aansoek gedoen. Selfs diegene wat nog nooit voorheen oor 'n leningplaas beskik het nie, het om rekweplase

⁶³ L.C. Duly, *British Land Policy at the Cape, 1795-1844*, pp. 44-49.

⁶⁴ *Ibid.*, p. 73; J.C. Visagie, *Grensverskuiwings van en belangrike plase in die Stellenbosse distrik*, pp. 13-14.

⁶⁵ *Ibid.*, pp. 73, 77-78.

⁶⁶ R. Elphick en H. Giliomee (eds), *The shaping of South African Society, 1652-1840*, p. 501.

aansoek gedoen en dikwels hul regte op die gebied summier verkoop.⁶⁷ Erger nog was dat sommige selfs vir gebiede buite die grense aansoek gedoen en verkoop het sonder dat hierdie onwettige transaksies ooit deur die owerheid opgemerk is.⁶⁸

‘n Verdere belangrike aspek omtrent die ingewikkelde en dikwels verwarrende grondbeleid van die Britse administrasie, was dat dit nie ‘n einde gebring het aan groot stukke onuitgegewe kroongrond tussen uitgegewe leningplase of rekwesplase nie. Konflikte oor toegang tot hierdie gebiede het dus onverpoos voortgeduur. Om dit tot ‘n mate te beheer, is sommige stukke kroongebied binne die gevestigde distrikte tot gemeenskaplike weidingsgebied geproklameer. Toegang tot hierdie gebiede is beheer deur ‘n stelsel van weilisensies wat in opdrag van die onderskeie magistrate (ná 1829 siviele kommissarisse) deur die onderskeie veldkornette uitgereik is.⁶⁹ Alle ander kroongrond waarvoor geen aansoeke vir erfpagplase hangende was nie en nie tot gemeenskaplike weidingsgebied verklaar is nie, is as onuitgegewe kroongronde beskou. Teen die 1820's was hierdie gebiede die enigste uitweg vir diegene wat nie oor die nodige middele beskik het om aansoek te doen om grond nie, of nie vir die weilisensies op gemeenskaplike grond kon betaal nie. Seker die belangrikste gevolg van die weifelagtige grondbeleid van die regering was dat dit aanleiding gegee het tot ‘n hele reeks verwarrende vorms van grondbesit: leningplase, erfpagplase, rekwesplase, geproklameerde gemeenskaplike weidingsgebied waar toegang deur middel van lisensies beheer is en onuitgegewe kroongrond waarop plakkers na willekeur toegesak het.⁷⁰

Nadat die Kaap in 1816 in permanente Britse besit gekom het, het ‘n groter mate van verantwoordelike bestuur en effektiwer administrasie selfs in die verafgeleë buitelandse distrikte mettertyd begin posvat. Gedurende die 1820's het spanning en ontevredenheid in die grensdistrikte teen die Britse regering toenemend begin oplaai en mettertyd die owerheid genoodsaak om meer aandag te gee aan talle dringende kwessies in daardie distrikte. Die grondbeleid was ‘n area wat dringende aandag geverg het. Cradock se grondhervormingsplanne het om talle redes nie gewerk nie. In die praktyk het dit dikwels presies die teenoorgestelde uitwerking gehad as dit wat aanvanklik met die grondhervorming beplan is. Groot verwarring en ontevredenheid het byvoorbeeld in die buitelandse distrikte bestaan oor al die verskillende gedaantes waaronder kroongrond dikwels beset is. In wese het dit daartoe bygedra dat onderlinge konflikte oor grond nog meer aangeblaas is. Afsien van die administratiewe onvermoë om die oorskakeling van leningplase na ewigduurende erfpag glad te laat verloop, het die talle skuiwergate in die wetgewing die owerheid ook baie geld in verlore huurgelde gekos. In 1821 is hierdie kwessies deur ‘n kommissie van ondersoek aangespreek, wat indringende hervormings voorgestel het. Ten einde groter owerheidsbeheer oor die toekenning van grond te verkry en die hele oorskakelingsproses van leningplase na ewigduurende erfpag te bespoedig, is op aanbeveling van die kommissie afdelingsrade ingestel en ‘n landmeter-generaal aangestel. Na die aanstelling van Charles Mitchell as landmeter-generaal in 1828, is aansienlik vordering gemaak met ‘n bespoediging van die grondhervormingsplanne.⁷¹

Die verbetering in plaaslike bestuur was in geen geringe mate daarop gemik om die talle klagtes oor grondtoekenning in die buitelandse distrikte, wat talle aangevoer het as ‘n rede om die kolonie te

⁶⁷ L.C. Duly, *British land policy at the Cape*, pp. 77-78.

⁶⁸ E. Anderson, *A history of the Xhosa of the Northern Cape, 1795-1879*, p. 52.

⁶⁹ *Ibid.* p. 52.

⁷⁰ *Ibid.*, p. 53.

⁷¹ KAB, GH 19/1 Commission of Enquiry re Land Matters, 1821-1826; L.C. Duly, *British Land Policy...*, pp. 100; 128-129.

verlaat, te probeer oplos. Aan die vooraand van die Groot Trek is daar al soveel vordering gemaak om die agterstand in die opmeting van erfpagplase uit die weg te ruim dat dit van owerheidskant nie meer voldoende rede was vir individuele gegriefde boere om by die Groot Trek aan te sluit nie. Nogtans het talle boere uit die grensdistrikte van veral Beaufort-Wes hulle by die Groot Trek aangesluit en die grondbeleid van die regering en probleme met die Pramborg- en Schietfontein-Xhosa aangegee as een van die belangrikste redes vir hul besluit.⁷² Hoewel nou dikwels aangevoer word dat die groter mate van owerheidsbeheer in die grensdistrikte, eerder as die gebrek daaraan, die ware rede was vir die ontevredenheid van diegene wat die kolonie verlaat het, het die owerheid onverpoos voortgegaan om veral grondhervormings te bespoedig.⁷³ Teen 1838 kon leningplase al bloot op versoek tot erfpagplase omskep word en in 1839 is die verkryging van addisionele grond, wat nog altyd onderhewig gestel is daaraan dat leningplase eers in erfpagplase omgesit moes word, ook afgestel.⁷⁴

'n Uiteers belangrike aanpassing aan die regering se grondbeleid wat vir die Kareebergse sendelinge later 'n besondere gevaar sou inhou, is in 1843 aan die vooraand van die Rynse sendelinge se vestiging in die Kareeberge aangekondig. Ten spyte van sterk teenkating vanuit sommige oorde binne die regering, het die owerheid op 7 September in die staatskoerant aangekondig dat alle kroongrond voortaan met 'n reserweprys van twee sjielings per akker in erfpag per openbare veiling verkoop sou word. Die nuwe wetgewing het dit ten doel gestel om al die verskillende vorms waarvolgens kroongrond tot in daardie stadium beset is, ten gunste van 'n eenvormige grondtoekenningsbeleid uit te faseer. Net soos tevore moes alle voornemende kopers skriftelik aansoek doen om 'n bepaalde gebied. 'n Redelik akkurate omskrywing van die presiese ligging, asook die onderskeie grense van die voorgenome plaas, moes die aansoek vergesel. Sodra die landmeter-generaal die aansoek goedgekeur het, moes die plaas op koste van die voornemende koper opgemeet word, waarna dit per openbare vendusie te koop aangebied is. As die bod tydens die vendusie aan 'n koper anders as die oorspronklike aansoeker toegestaan sou word, kon die aansoeker die opmetingskoste van die grond van die regering verhaal. Aan die ander kant sou die oorspronklike aansoeker die landmeterkoste verloor as die plaas te koop aangebied sou word, maar dit om watter rede ook al glad nie tydens die vendusie verkoop sou word nie. In uitsonderlike gevalle kon grond eers te koop aangebied word en daarna opgemeet word. Sodanige plase moes dan eers vir twee maande lank in die staatskoerant geadverteer word voordat dit opgeveil kon word. Suksesvolle kopers moes tien persent van die koopsom onmiddellik betaal en die res was betaalbaar binne een maand na die verkoping.⁷⁵

Vir die inwoners van die gevestigde distrikte het die nuwe wetgewing talle ernstige implikasies gehad. Die mees voor-die-hand-liggende was dat grond in hierdie distrikte baie duur en uiteers skaars geraak het. Vir talle boere was die insetprys op grond wat in hierdie geweste op sy beste as marginaal beskou kon word, buitensporig hoog. Voorts was dit ook nie altyd binne die vermoë van die oorgrote meerderheid veeboere om krediet te bekom nie. Gevolglik het die nuwe wetgewing kompetisie om grond aangewakker wat die minder vermoënde sektor van die

⁷² E. Anderson, *A history of...*, p. 44; KAB, 1/BFW 9/1, Letters received from Colonial Office, 1818, 1820-1835, Bell-siviele kommissaris van Beaufort-Wes, Kaapstad, 8-2-1837; 1/BFW 9/51/53, Field Cornets and Justices of the Peace, 1831-1848, P.E. Kruger-Meintjies, Julie 1838; De Wit-veldkornet De Klerk, Driefontein, 30-8-1830.

⁷³ R. Elphick and H. Giliomee (eds.), *The shaping...*, p. 504.

⁷⁴ L.C. Duly, *British Land Policy*, pp. 100;128-129.

⁷⁵ *Ibid.*, pp. 160, 169; E. Anderson, *A history of...*, pp. 54-55.

samelewing uiters nadelig getref het. Al hoe meer arm veeboere is geleidelik oor die grense van die kolonie gedruk waar hulle, net soos die Bastergemeenskap, 'n swerwersbestaan gevoer het. Vir die Bastergemeenskap in die Kareeberge was hierdie steeds toenemende stroom nuwe intrekkers geen welkome gesig nie. Dit verklaar waarom blanke indringing in die Kareeberge met die aankoms van die sendelinge so hoog op die agenda van die Basters was. Selfs vir diegene wat gelukkig genoeg was om plase in die gevestigde distrikte te bekom, was dit soos vroeër aangetoon is, uiters noodsaaklik om gedurende sekere tye van die jaar of tydens droogtesiklusse alternatiewe weiding te kon bekom. Dit was veral van toepassing op die groot vleisprodusente van die Hantam en omgewing wat jaarliks in groot getalle hul plase verlaat het en tydelik die Sakriviergebied binnegetrek het.⁷⁶ Die nadelige uitwerking van die nuwe wetgewing is dus vir hierdie boere ietwat getemper, want hulle kon seisoenaal uitwyk na gemeenskaplike trekvelde buite die grense wat nie onderhewig was aan die koloniale grondbeleid nie.

Dit is bykans ondenkbaar dat die sendelinge by hul aankoms op Amandelboom onbewus was van die stelsel waarvolgens grond in die gevestigde distrikte bekom kon word en watter invloed dit onder die ingesetenes van hierdie distrikte gehad het. Onder die blanke inwoners van veral die Nuweveld was daar immers groot ontevredenheid oor die buitensporige hoë opmetingskoste en die onrealistiese insetprys op grond wat nie deurgaans 'n gevestigde boerdery kon onderhou nie. Dit is onwaarskynlik dat eerwaarde Lutz tydens sy reise na Beaufort-Wes, waartydens hy gereeld by van die boerewonings in die Nuweveld onderweg aangedoen het, nie deeglik op hoogte gebring is van al die griewe oor grondbesetting in hierdie distrik nie. Tog word daar nêrens in sy dagboek enige melding daarvan gemaak nie.

Die mees voor-die-hand-liggende verklaring hiervoor was dat die sendelinge deurgaans die argument aangevoer het dat hulle buite die koloniale grense gewoon het, dat geen koloniale wetgewing op hulle van toepassing was nie en hulle daarom nie gemoeid wou raak met die probleme van die aanliggende distrikte nie. Dikwels het die sendelinge ook ietwat neergesien op die erns van hierdie probleme, omdat hulle nie so oortuig was van die noodsaaklikheid van die voortdurende rondtrekkery nie. In elk geval was daar geen aanduiding met hul vestiging op Amandelboom dat die grense ooit verskuif sou word en hulle met soortgelyke probleme gekonfronteer sou word nie. Daarbenewens het die heil van die Kareebergbasters nie in individuele nie, maar in gemeenskaplike grondbesit gelê. Terwyl die sendingstasie buite die grense van die kolonie was, het hulle geen gevaar geloop om die grondbeleid van die regering ten prooi te val nie. Daarom kon hulle die moontlikheid daarvan met oorgawe ignoreer. Daarbenewens het die oprigting van die Kareebergsending self soveel aandag en energie van die sendelinge geverg en soveel probleme van sy eie opgelewer, dat die probleme van hul blanke bure die sendelinge eintlik min kon skeel.

Wat eerwaarde Lutz nie besef het nie, was dat grondkweesies in die aanliggende distrikte baie maklik kon uitkring tot in die gebiede wat deur die Basters buite die grense beset is. Daarvan was die opmetings op Brakrivier, wat soveel oproer onder die Basters veroorsaak het, tog 'n sprekende voorbeeld. Soveel te meer nog as in aanmerking geneem word dat grensskeidings vir diegene wat weens die tekort aan grond in 'n hoek gedryf is, 'n redelik vae en onwerklike begrip was. In die reël het die meeste boere hulle in elk geval nooit aan enige grensskeidings gesteur nie, maar in die wandel was die meeste ook heeltemal onkundig oor presies waar die grense geloop het. Terwyl

⁷⁶ KAB, G7-'59, Report of an inquiry as to the claims of certain natives residing at the missionary institutions of Amandelboom and Schietfontein in the division of Beaufort, to the lands on which they are located, Annexure B, Sien getuënis van Joachim Elias Petrus Nel, Johannes Benjamin Wiese en Christoffel Lombaard.

die sendelinge die indringing van blankes in hul gebied as 'n kwaadwillige oorskryding van die grens afgemaak het, moet daar tog in aanmerking geneem word dat sommige uit onkunde aansoek gedoen het vir grond wat oorkant die grense was. Soos hierbo aangetoon is, kon selfs die landmeter wat op Brakrivier opmetings gedoen het, nie bo alle redelike twyfel vasstel of sekere gebiede, wat die sendelinge heeltemal oortuig van was dat dit buite die grens geval het, wel binne of buite die kolonie geval het nie.

'n Uiteensprekende belangrike oordeelsfout van die sendelinge was dus dat hulle nooit enige oorweging daaraan geskenk het dat grondhervormingsplanne in die aanliggende distrikte ooit op hulle van toepassing gemaak sou word nie. Eers toe die Kaapse Noordgrens in 1848 tot aan die Oranje verskuif is, het hulle as't ware wakker geskrik met die besef dat die toekoms van die Kareeberg-sending uit verskeie oorde werklik bedreig word. Selfs toe was hulle steeds verkeerdelik van mening dat die werklike bedreiging vir die sendingstasie gekom het van die seisoenale migrasies van blanke boere uit veral die Hantam- en Roggeveld-distrikte.⁷⁷ Hoewel hierdie migrasies die bestaansmoontlikhede van die Bastergemeenskap by tye ernstig aan bande gelê het in die sin dat dit groot druk geplaas het op die water en weiding van die streek, was dit doodgewone seisoenale migrasies. Die meeste van hierdie intrekkers was vleisprodusente vir wie dit belangriker was om gedurende sekere seisoene van die jaar, of tydens droogtesiklusse, toegang tot gemeenskaplike weiding te verkry eerder as om individuele plase in eiendomsreg te besit. In reaksie op die sendelinge se versoek dat die hele Kareebestreek vir die eksklusiewe gebruik van die Basters gereserveer word, het al hierdie boere dus by herhaling kopsig gemaak teen hierdie voorstel. Terselfdertyd het hulle ook enige gedagte dat die beperkte aantal waterbronne in die streek in individuele eiendomsreg opgemeet sou word, sterk teengestaan. Deurgaans is aangevoer dat die niemandsland in die Kareeberge vir hulle voortbestaan as vleisprodusente onontbeerlik was. Onder die vleisprodusente van die Hantam en Roggeveld was die oorwoë mening dus dat die gebiede oorkant die Sakrivier as gemeenskaplike trekveld beskou moes word en dat die regering die reg van almal om toegang daartoe te verkry, moes beskerm.⁷⁸

Die idee van gemeenskaplike trekvelde het egter in die eerste plek ingedruis teen die grondhervormings van 1843. Ingevolge hierdie wetgewing moes alle kroongrond opgemeet en in individuele eiendomsreg verkoop word. In die praktyk het dit beteken dat die nuwe grondgebied, wat na die grensuitbreiding van 1848 tot die kolonie gevoeg is, opgemeet en verkoop kon word. Hierdie moontlikheid het nie alleen ernstige implikasies vir die sendelinge en hul Bastervolgelinge van die Kareeberge ingehou nie, maar terselfdertyd ook die voortbestaan van die blanke veeboere van die Hantam en Roggeveld bedreig. Belangriker nog was dat die motivering vir al die aanpassings in die regering se grondbeleid, wat na 1843 uiteindelik uitgeloop het op die opmeting en verkoop van kroongrond, opvallend vanuit die oostelike distrikte gekom het.

Die primêre dryfkrag agter hierdie veranderinge was geleë in die grootskaalse omskakeling van vleisproduksie na wolboerdery in die oostelike distrikte wat teen die middel van die 19de eeu in volle swang begin kom het. Die twee verskillende sektore van die veeboerbedryf het verskillende behoeftes gehad. Vir vleisprodusente was 'n groter mate van mobiliteit belangrik om aan die beperkings van die omgewing aan die Noordgrens te kon ontsnap. Die grondbeleid van die regering, wat in wese daarop gerig was om die trekgewoontes van veeboere aan bande te lê, het dus direk ingedruis teen die realiteite van 'n veeboerbestaan in daardie stadium. Daarteenoor het

⁷⁷ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 12 von J.H. Lutz vom 17-7-1847 bis 11-11-1847, Lutz-Deputation, Amandelboom, 11-10-1847; Ibid., "Gefahr der Mission unter den Bastards"; Tagebuch No 14... vom 5-12-1849 bis 22-4-1850, "Feindschaft der Benachbarten Bauern"

⁷⁸ Sien getuienis van individuele boere in: KAB, G 7-'59, Report of an inquiry as to the claims of...., Annexure B.

wolboerdery 'n meer gevestigde lewenstyl vereis. Daarom was dit vir die opkomende wolbedryf in die oostelike distrikte soos Graaff-Reinet en Beaufort-Wes, in teenstelling tot die oorwegend vleisprodusente van die Hantam en Roggeveld, belangriker om grondgebied in individuele eiendomsreg te bekom. Dit verklaar waarom die eerste gerugte van individuele opmetings van individuele plase oorkant die grense, wat soveel paniek onder die sendelinge en hul volgelinge gesaai het, vanuit die oostelike gedeelte van die Kareeberge gekom het.

5.8 Die invloed van die opkomende wolbedryf in die Beaufort-Wes-distrik op die Amandelboomsending

Hierdie konflikte tussen die twee verskillende sektore van die veeboerbedryf, wat hom in die aanliggende distrikte afgespeel het en uiteindelik die ondergang van die Kareebergssending sou bewerkstellig, het heeltemal by die sendelinge verbygegaan. Uit die dagboek van eerwaarde Lutz is dit duidelik dat hy die gevaar vir die voortbestaan van die Bastergemeenskap hoofsaaklik gesien het in die tydelike migrasies vanuit die Hantam, terwyl die werklike gevaar gelê het in die invloed van die sogenaamde “wolmanne” van die oostelike distrikte. Om die impak hiervan te verstaan, is dit noodsaaklik om in meer besonderhede in te gaan op die ontwikkeling van die wolbedryf in die noordwestelike grensdistrikte. In die besonder is dit belangrik om te let op watter invloed die invloedryke wolprodusente van die Beaufort-Wes-distrik op die regering se grondbeleid uitgeoefen het en die gevare wat dit vir die ander gemeenskappe in die Kareebergstreek ingehou het.

Die alombekende uitdrukking dat die ekonomiese impak van internasionale markte op die Suid-Afrikaanse binneland nie op ossewaens aangery is nie, maar eerder op die rug van merinoskape sy verskyning gemaak het, is veral van toepassing op die noordwestelike grensdistrikte.⁷⁹ Alreeds in 1805 is die eerste pogings van owerheidskant gedoen om wolskape in die noordwestelike grensdistrikte in te voer. In opdrag van die regering het die Kommissie van Veeveelt en Landbou in die gebied rondgetrek en vrugteloos probeer om die veeboergemeenskap te oorreed om na wolboerdery oor te slaan. Die goedbedoelde pogings van die regering om die veeboere van die noordwestelike distrikte van die voortreflikheid van die wolskaap te oortuig, het heeltemal gestrand op die algemene verknogtheid aan die geharde vetstertskaap. Oor geslagte heen het hierdie uiters voortreflike en aanpasbare skaapsoort homself onteenseglik in hierdie geweste bewys. Terselfdertyd het dit ook voortreflik voldoen aan 'n hele rits bestaansbehoefte van die veeboerpioniere. Hierdie skaapsoort was nie alleen belangrik vir sy vleisproduksie nie, maar vir die geïsoleerde trekboergemeenskappe was die skape veral waardevol vanweë die veelvuldige gebruik van hul stertvet. Van die mees basiese daaglikse behoeftes soos seep en kerse is uit die stertvet vervaardig, terwyl dit terselfdertyd ook as die enigste plaasvervanger vir botter, olie en ghries aangewend kon word. Hoewel die gemengde hare en wol van hierdie skape geen handelswaarde besit het nie, is ander noodsaaklike gebruiksartikels soos velkomberse en selfs klere uit die velle vervaardig. Ten spyte daarvan dat die kommissie groot moeite gedoen het om die inwoners van die noordwestelike distrikte van die voortreflikheid van die woldraende skaaprasse, soos die Spaanse merino te oortuig, het die meeste veeboere openlik skepties gestaan teenoor die “braaf lelijk dier.”⁸⁰ 'n Aantal veeboere van die noordwestelike grensdistrikte het nietemin tog later van die Spaanse merinoramme, wat deur die regering gratis of teen uiters gunstige pryse verskaf is, huiwerig op die proef gestel. So is daar 'n aanvang gemaak met die wolteelt in hierdie distrikte.

⁷⁹ R. Elphick en H. Giliomee (eds.), *The shaping of South Africa.....*, p. 405.

⁸⁰ G.M. Theal, *Belangrijke historische dokumenten over Zuid-Afrika, Deel III*, “Notule of dagverhaal der reis en verrichtingen van President en geëmmiteerde leden uit die Commissie van Veeveelt en Landbou in die beide Roggevelden, den Hantam ens.”

Die werklike deurbraak in die vestiging van die wolbedryf aan die Kaap sou egter nie van owerheidskant kom nie, maar wel van die 1820-Britse Setlaars. In hul voortvarende inisiatief het die Britse Setlaars onomkeerbare momentum aan die opkoms van die wolteelt gegee. Onkundig oor plaaslike toestande, maar meer op die hoogte van die behoeftes van die internasionale markte, was die Britse Setlaars in 'n sekere sin meer ondernemend as hul plaaslike geesgenote.⁸¹ Nadat die wolbedryf aan die Oosgrens goed gevestig is, het dit in die daaropvolgende jare soos 'n veldbrand weswaarts in die Graaff-Reinet en Beaufort-Wes-distrikte versprei.

Teen die 1830's het die opkomende wolteelt alreeds sy invloed in die Beaufort-Wes-distrik laat geld, hoewel die oorgrote meerderheid vleisprodusente van hierdie distrik nog vasgeskop het teen die verandering. Vir so lank as wat die produkte van die inheemse vetsterskape beter pryse behaal het as wol, het vleisprodusente skepties gestaan teenoor die waarde van die woldraende skaapsoorte.⁸² Vanaf 1832 tot 1834 het die aantal wolskape in die Beaufort-Wes-distrik nietemin van 3 000 tot 10 000 aangegroei. In 1835 het van die mees vooraanstaande veeboere in die Beaufort-Wes-distrik, soos die Kinnears en Dirk de Wit, na wolteelt begin oorslaan.⁸³ Hoewel 'n aantal plaaslike faktore vir 'n aantal jare die ontwikkeling van die wolbedryf gestrem het, het die bedryf teen die 1840's nuwe momentum verkry. Hoofsaaklik weens 'n ekonomiese insinking in die Kaapse ekonomie aan die einde van die 1830's, en 'n gelyktydige toename in die aanvraag na wol in Brittanje, het plaaslike produsente al hoe meer waarde begin heg aan die wolteelt. Namate die aanvraag vir wol op die buitelandse markte steeds toegeneem het, is daar plaaslik toenemend oorgeslaan na die uiters winsgewende wolbedryf. Groot winste is behaal en kapitaalkragtige wolhandelaars en produsente het op daardie gebiede toegesak wat geskik was vir die bedryf en waar grond nog relatief vryelik bekombaar was.⁸⁴

Een van die distrikte wat gedurende die 1840's 'n toeloop van wolprodusente en invloedryke handelaars beleef het, was die Beaufort-Wes-distrik. In reaksie op die suksesse wat in die Beaufort-Wes-distrik deur die Beaufort Grazing Company met die wolteelt behaal is, het die alombekende J.C. Molteno hom byvoorbeeld in 1840 op Beaufort-Wes gevestig.⁸⁵ Spoedig het dit op Beaufort-Wes gewemel van invloedryke persoonlikhede en welvarende besighede wat deurgaans aan die winsgewende wolteelt gekoppel kon word. Die hele ontwikkeling van die dorp het gestaan in die teken van die welvaart wat uit die wolbedryf verdien is.

Toe eerwaarde Lutz in 1846 sy eerste besoek aan Beaufort-Wes gebring het, kon hy nie uitgekyk raak aan die mooi dorp met sy breë strate en deftige huise wat agter pragtige koeldebome versteek gestaan het nie. Vergesel van ds Fraser het eerwaarde Lutz deur die dorp gewandel en na die maande lange geswoeg onder primitiewe toestande op Amandelboom oopmond gestaar na al die welvaart en ordelikheid van Beaufort-Wes. Die bedrywige mark, die hospitaal, mooi fontein en selfs die gevangenis, het 'n groot indruk op Lutz gemaak. Hoewel hy dit nie spesifiek noem nie, het hy ongetwyfeld ook besoek afgelê by van die winkels van vooraanstaande handelaars soos

⁸¹ H.B. Thom, *Die geskiedenis van die skaapboerdery in Suid-Afrika*, pp. 293, 304-308.; A.C.M. Webb, *The agricultural development of the 1820 settlement down to 1846*, Chapter 5; pp. 116-137.

⁸² H.B. Thom, *Die geskiedenis van skaapboerdery in Suid-Afrika*, p. 175.; P. Wickens, Pastoral proficiency in nineteenth century South Africa and Australia, *S. A. Journal of Economic History*, Volume 2, Part 1, 1987, pp. 41-42.

⁸³ E. Anderson, *History of the...*, p. 48.

⁸⁴ R. Elphick and H. Giliomee (eds), *The shaping of South Africa*, pp. 254-256.; P. Wickens, Pastoral proficiency in nineteenth century South Africa and Australia, *S.A. Journal of Economic History*, Volume 1, Part 1, 1987, pp. 43-47.

⁸⁵ P.A. Molteno, *Life and times*, pp. 10-13.

Henry Rose, James Cowan, John Harris en Thomas Watson. Al hierdie manne was nie alleen uiters suksesvolle handelaars nie, maar ook invloedryke woltelers en eienaars van talle groot plase om die dorp. Volgens eerwaarde Lutz was die inwoners van Beaufort-Wes en omstreke, vergeleke met dié van Clanwilliam-distrik en die Hantam, nietemin deurgaans sigbaar meer welvarend, vriendeliker en selfs veel meer beskaafd. Die sendeling het weliswaar afkeurend neergekyk op die sigbare rykdom, maar ds Fraser het hom gou reggehelp dat daar onder die rykes van die dorp darem ook 'n hele aantal vromes was. Wat hom weliswaar van Beaufort-Wes gepla het, was dat alles net Engels was. As die wetlike en kommersiële sentrum van die Beaufort-Wes-distrik, het die dorp 'n uitgesproke Britse karakter gehad. Dit was op sy beurt toe te skryf aan die groot getal Engelse handelaars wat aan die voorpunt van die wolbedryf in die distrik gestaan het. Eerwaarde Lutz skryf dan ook ietwat ergerlik dat in elke huis waar hy gekom het hy niks anders as Engels gehoor het nie. Vir die sendeling, wat in sy eie woorde “ver agter” was met Engels, was kommunikasie op Beaufort-Wes, met sy deftige inwoners en belangrike regeringsamptenare, duidelik 'n probleem.⁸⁶

Wat eerwaarde Lutz na sy besoek aan Beaufort-Wes nie vermeld nie, was dat die invloedryke wolhandelaars en produsente van die dorp, onder aanvoering van siviele kommissaris J.J. Meintjies, feitlik alle aspekte van die Beaufort-Wes-distrik oorheers het. Soos later in meer besonderhede aangetoon sal word, het Meintjies by tye openlik die belange van die welsektor bevorder al was dit dikwels heeltemal teenstrydig met die behoeftes van die vleisprodusente. Toe die Amandelboom-sendinggemeente later onder die Beaufort-Wes-distrik ingedeel is, het Meintjies by geleentheid teenoor 'n afvaardiging Basters van die sendingstasie duidelik laat blyk dat hy 'n grondige afkeur van hul nomadiese lewenswyse gehad het. Hy het dit onomwonde in die vooruitsig gestel dat die hele Kareebergstreek uiteindelik opgemeet sou word wat uiteraard die weg vir die meer invloedryke wolprodusente sou baan. Hierdie onsimpatieke houding en uitspraak van Meintjies het volgens eerwaarde Lutz nogal “warmes Blut” onder sy gemeente tot gevolg gehad.⁸⁷

Teen die 1840's was dit alreeds duidelik dat die wolbedryf baie meer winsgewend was as vleisproduksie en dat die belange van laasgenoemde sektor voortaan toenemend tweede viool sou speel. Met Meintjies openlik aan die kant van die wolprodusente en 'n owerheid wat altyd ekonomiese eiebelang vooropgestel het, het daar 'n moeilike tyd op vleisprodusente gewag. Om die winsgewende momentum van die wolteelt aan die gang te hou, was dit noodsaaklik dat hierdie sektor voldoende toegang tot grond moes verkry om die moontlike nadelige uitwerking van droogtes op die jong bedryf teen te werk. Die kapitaalkragtige wolprodusente het spoedig groot gedeeltes grond om Beaufort-Wes opgekoop en ook beheer begin verkry oor groot stukke onuitgegewe kroongrond. Hoe meer grond onder beheer van die welsektor gekom het, hoe meer druk is op vleisprodusente geplaas om na die buitewyke van die distrik te beweeg. Telkens wanneer die wolprodusente in die nek van veral die armer sektor van die Beaufort-Wes-distrik geblaas het, was hulle genoodsaak om verder te trek na gebiede waar onderlinge kompetisie vir die skaars oorlewingsmiddele van die streek al hoe erger geraak het.⁸⁸

⁸⁶ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 8 von J.H. Lutz vom 20-11-1845 bis 16-4-1846, “Ankunft in Beaufort”; VEM, C/c 11 b, Protokollbuch der Stellenbosch Spezial und General konferenz, 1834-1849, Protokoll van Stellenbosch Spezial Konferenz gehalten in Stellenbosch, 14-18 Januar 1846.

⁸⁷ Ibid., Tagebuch No 14 von J.H. Lutz vom 5-12-1849 bis 22-4-1850, “Zurückkunft der drei Abgesandter von Beaufort- Resultat ihrer Sendung.”

⁸⁸ KAB, CO 2839, Letters received from Beaufort West, Siviele kommissaris-Sekretaris, Beaufort-Wes, 31-7-1847; Ibid., CO 2832, Auction roll of Crown Lands let for 12 months; E. Anderson, *A history of ...*, pp. 49-50.

So invloedryk was die opkomende wolprodusente van die Beaufort-Wes-distrik dat hulle binne enkele jare na hul aankoms in die gebied siviele kommissaris Meintjies alreeds heeltemal aan hulle kant gehad het. Dit het die weg gebaan om ook spoedig belangrike druk uit te oefen op daardie aspekte van regeringsbeleid wat met hulle belange gebots het, of dit nie aktief bevorder het nie. Aanvanklik het sekere aspekte van die 1844-grondhervormings byvoorbeeld nie die wolteelt bevorder nie. Ingevolge hierdie wetgewing moes alle kroongronde opgemeet en verkoop word. In die noordwestelike grensdistrikte was hierdie wetgewing onprakties, want slegs in daardie gebiede waar water volop was kon dit 'n meer gevestigde bestaan regverdig. Teen die 1840's was die meeste van hierdie gebiede egter alreeds opgeraap. Die oorblywende onuitgegewe kroongronde het selde oor enige noemenswaardige waterbronne beskik en was daarom ook feitlik deurgaans slegs geskik as bykomstige weiding - 'n belangrike vereiste vir alle sektore van die veeteelt in hierdie gebied. Feitlik niemand was egter bereid om hierdie gebiede ten duurste aan te koop soos die wet bepaal het nie. Vir die wolboere, net soos vir vleisprodusente, was dit veel aantrekliker om hierdie gebiede te huur. Daarom was die 1844-grondhervormings, wat hierdie moontlikheid uitgesluit het, onder alle veeboere van die distrik uiters ongewild. Een na die ander het veral die nomadiese vleisprodusente beswaar daarteen gemaak, maar tevergeefs.⁸⁹

Die wolsektor, vir wie 'n meer gevestigde lewenstyl belangrik was, maar vir wie dit aan die ander kant ook ewe belangrik was om toegang tot alternatiewe weiding te hê, het egter uiteindelik die knoop deurgehaak om die 1844-wetgewing gewysig te kry. In 1845 het die regering bepaal dat alle onuitgegewe kroongronde in die Beaufort-Wes-distrik wat nie verkoop kon word nie per openbare vendusie vir 'n maksimum van een jaar op 'n keer te huur opgeveel kon word. Die volgende jaar is die huurtydperk, ook op aandrang van die wolboere, tot sewe jaar verleng. Voornemende huurders moes aansoeke by die siviele kommissaris indien wat die presiese ligging en grense van die plaas aangedui het, waarna die plaas per openbare vendusie te huur aangebied is.⁹⁰

Die nuwe reëlings ten opsigte van die toekenning van kroongronde in die Beaufort-Wes-distrik het 'n uiters nadelige effek op die oorwegend vleisproduserende sektor gehad. Al hoe meer veeboere, wat nie oor die nodige kapitaal beskik het om plase aan te koop, of met die invloedryke wolboere kon meeding om die huur van kroongronde nie, is stelselmatig van hul weidingsgebiede afgedruk. Baie van hierdie boere het nietemin pogings aangewend om grond aan te koop, maar die oorgrote meerderheid was onsuksesvol. Gereeld kon grond waarom aansoek gedoen is nie verkoop word nie en is hierdie gebiede gevolglik as huurveld deur die wolboere opgeraap. Die redes waarom plase waarvoor aansoek gedoen is nie tydens die openbare vendusies verkoop is nie, het gewissel van intimidasie van die oorspronklike aansoeker tot die onvermoë van die meeste om die relatief hoë insetprys te bekostig.⁹¹ Toe Meintjies teen 1849 toegelaat is om openbare vendusies vir kroongronde af te gelas en aansoeke vir plase privaat te oorweeg ten einde die probleem met intimidasie aan bande te lê, het dit steeds nie die lot van die vleisprodusente verlig nie.⁹² In daardie stadium was alle kredietfasiliteite van die distrik alreeds in die hande van die kapitaalkragtige wolsektor wat toegang tot grond vir die armer sektor van die samelewing effektief

⁸⁹ E. Anderson, *A history of...*, pp. 59-60.

⁹⁰ KAB, 1 BFW 9/3, Letters received from Colonial Office, 1818-1858, Memorial from 42 Boers, 1844; CO 2832, Letters received from Beaufort West, Auction roll of Crown Lands let for twelve months, 1846.

⁹¹ KAB, CO 2883, Letters received from Beaufort West, C. Alheit-Sekretaris, 8-3-1852; Sekretaris-Luitenant-Goewerneur, 15-4-1852.

⁹² KAB, 1/BFW 9/4, Letters received from Colonial Office, 1818-1858, Copy of Memorial from Bastards to Sir Harry Smith, 1848; KAB, CCP 8/1/45, Government Gazette, 15-6-1849.

geblokkeer het deur willens en wetens nie krediet aan hierdie sektor te oorweeg nie. Dit was veral die geval na 1854 toe die Beaufort Bank, wie se direksie uitsluitlik uit invloedryke wolprodusente, soos Pritchard, J.G. Luttig, William Kinnear en J.G. Devenish bestaan het, dit toenemend moeilik gemaak het vir vleisprodusente om krediet te bekom.⁹³

Al hierdie verwickelinge het talle veeboere van die Beaufort-Wes-distrik in 'n oorlewingskrisis gedompel en groot ontevredenheid teenoor die owerheid tot gevolg gehad. Siviele kommissaris Meintjies is letterlik gebombardeer met 'n stortvloed van klagtes uit die geleedere van veral die vleisprodusente dat hulle voortbestaan weens die gebrek aan grond bedreig is. As alternatief tot die oplossing van hul probleem het hierdie desperate groep hulle visier voorspelbaar gerig op die grondgebiede oorkant die grens wat deur die Xhosa en Bastergroepe beset is. In Augustus 1847 het veldkornet De Klerk van Brakfontein in die oostelike gedeelte van die Beaufort-Wes-distrik byvoorbeeld 'n dringende versoek tot siviele kommissaris Meintjies gerig dat die Xhosa in die omgewing van die Pramberge verwyder moes word. Sy aansoek verklap nie alleen die algemene agterdog teen hierdie moontlike vyand in hul midde op 'n tydstip toe die Sewende Grensoorlog uitgebreek het nie, maar ook die geweldige nood tot toegang tot nuwe grond vir 'n redelik desperate veeboergemeenskap. In sy aansoek het hy insiggewend aangevoer dat die oorspronklike rede waarom hierdie groepe aanvanklik daar toegelaat is, ondertussen heeltemal verval het: "I may add that the cause that led to their being located there, no longer exists, viz. the fear of attacks on the part of the Colonists from Bushmen."⁹⁴

Soveel van hierdie boere was teen die 1840's al teen die noordelike grense van die distrik saamgebondel dat al hoe meer berigte van konflik tussen hierdie groepe en die gekleurde gemeenskappe oorkant die grens die rondte begin doen het. Veral in die meer oostelike gedeeltes van die Beaufort-Wes-distrik het al hoe meer onmin tussen die Pramberge-Xhosa en blanke veeboere begin voorkom. Die tweede helfte van die 1840's is byvoorbeeld gekenmerk deur 'n drastiese toename in konflik tussen die Pramberge- en Schietfontein-Xhosa aan die een kant en die steeds groter wordende stroom veeboere wat deur die wolprodusente van agter aangedryf is. Die Xhosa het blanke indringing in hul gebied teengestaan deur op groot skaal die vee van die blanke indringers te steel. Daarteenoor het die veeboere uit weerwraak voortdurend gepoog om Xhosa-vee te skut. Selfs nadat die dorp Victoria (die huidige Victoria-Wes) in 1844 gestig is, kon dit nie die toenemende konflikte keer nie.⁹⁵

In die heersende omstandighede was siviele kommissaris Meintjies in 'n uiters moeilike posisie. Sy openlike ondersteuning van die wolprodusente het meesal tot nadeel van die vleisproduserende veeboersektor gestrek en groot ontevredenheid onder hulle veroorsaak. Aan die ander kant het Meintjies 'n lang pad met die veeboere geloop waartydens hy oor die jare tog 'n sterk emosionele band met hulle ontwikkel het. Op 'n tydstip toe hierdie gemeenskappe bykans konstant deur Boesmanaanvalle bedreig is en die nodige ondersteuning vir hul besondere situasie vanaf Graaff-Reinet nie altyd daar was nie, het Meintjies byvoorbeeld dikwels vir hulle in die bres getree. Onder druk van diegene wat die druk op grondtoekenning in die Beaufort-Wes-distrik ten prooi

⁹³ E. Anderson, *A history of*, pp. 61-62; P.A. Molteno, *Life and Times*, pp. 52-53; W.G.H. en S. Viviers, *Hooyvlakte*, pp. 65-66.

⁹⁴ KAB, 1/BFW 9/52, Letters received from Field Cornets and Justices of the Peace, 1847-1860, Veldkornet de Klerk-Siviele Kommissaris Meintjies, Braak Fontein, 18-8-1847.

⁹⁵ *Ibid.*, Sien talle briewe in hierdie band oor konflik en skermutselings tussen blanke veeboere en Xhosa-groepe aan die Pramberge en Schietfontein, oa: De Klerk-Meintjies, Braak Fontein, 18-8-1847; C. de Klerk-Meintjies, Victoria, 14-8-1847; S.J. Jacobs -Meintjies, Houdenbek, 11-3-1848; A. S. Karstens-Meintjies, Spuytpoort, 17-6-1851; Cowan-Meintjies, Victoria, 19-6-1851; A. S. Karstens-Meintjies, Jas Fonteyn, 19-6-1851; J.J. Kotze-Meintjies, Spuytpoort, 12-6-1851, 14-6-1851 ens.

geval het, het hy gedurende die 1840's dus toenemend pogings aangewend om die grondeise van hierdie groep te probeer bevredig. Hierdie proses het niks goeds vir die gekleurde gemeenskappe oorkant die grens van die Beaufort-Wes-distrik ingehou nie. Die enigste manier waarop Meintjies immers die grondeise van blanke boere in sy distrik enigsins kon bevredig, was om inbreuk te maak op die gebiede van die Basters en Xhosa-groepe in die Kareebergstreek.

Die opmetings op Brakrivier wat soveel ontsteltenis onder die Amandelboombasters en die Schietfontein-Xhosa veroorsaak het, was teen hierdie agtergrond kennelik 'n deursigtige poging van Meintjies om die ontevrede slagoffers van die wolprodusente in die Beaufort-Wes-distrik ietwat te paai. Aangesien Meintjies by herhaling die Brakrivier-gebied as grondgebied van die Schietfontein-Xhosa beskou het, is dit bykans onmoontlik dat hy in die waan kon verkeer het dat die gebied moontlik binne koloniale grense geval het. Daarbenewens het hierdie opmetings heel duidelik sonder owerheidsgoedkeuring en op sy persoonlike aandrang geskied nog voordat die grens in 1848 verskuif is. Die Brakrivier-episode het ook opvallend kort gevolg op die verkryging van Meintjies se nuut verworwe magte in 1845 om opmetings in sy distrik te kon magtig sonder dat owerheidsgoedkeuring eers vooraf daarvoor verkry moes word. Les bes het Meintjies, nadat die grens in 1848 tot aan die Oranje verskuif is, groot grondgebied laat opmeet wat hy vroeër as die gebiede van die Xhosa beskou het.⁹⁶ Hierdie opmetings was juis een van die ernstigste probleme waarmee eerwaarde Alheit te kampe gehad het, nadat hy hom in 1847 onder die Schietfontein-Xhosa gevestig het. By geleentheid het Meintjies, selfs na onderhandelinge met Alheit en die Schietfontein-gemeenskap oor die veiligheid van hul grondbesetting, so op sy woord teruggegaan dat eerwaarde Alheit dit as verraad bestempel het.⁹⁷

5.9 Stelsel van grondbesit in die Clanwilliam- distrik en die impak daarvan op die Amandelboomsending

Die probleme van die Beaufort-Wes-distrik, wat ernstige implikasies vir die Schietfontein-Xhosa en die Kareebergbasters ingehou het, was vir die Amandelboomsendinge aanvanklik 'n verafgeleë en onwesentlike probleem. Uit die dagboeke van eerwaarde Lutz en Beinecke is daar geen enkele aanduiding dat hulle die werklike gevaar vanuit die Beaufort-Wes-distrik begryp het, of hulle hoegenaamd daaraan gesteur het nie. Soos vroeër opgemerk, het eerwaarde Lutz die werklike bedreiging vir die Amandelboomsendingstasie in die seisoenale migrasies van blanke boere uit die Clanwilliam-distrik gesien. Juis daarom het hy al sy pogings om die bestaansreg van die Basters in die Kareeberge te beveilig in hierdie rigting gekanaliseer. Selfs nadat die grens in 1848 verskuif is en die Kareebegsending sodoende binne koloniale grense geval het, was die sendinge, ten minste nie-amptelik, van mening dat hulle onder die Clanwilliam-distrik geval het. Die oplossing vir hul probleme het dus wat eerwaarde Lutz betref het by siviele kommissaris Van Ryneveld op Clanwilliam gelê, eerder as by Meintjies van die Beaufort-Wes-distrik.

Insgelyks is ten minste die meer westelike gedeeltes van die Kareeberge, waarop die sendinge namens die Basters op aanspraak gemaak het en waarheen blanke veeboere van die Hantam na die grensuitbreiding gereeld gedurende die somermaande met hul vee uitgewyk het, ook deur hierdie boere as 'n verlengstuk van die Clanwilliam-distrik beskou.⁹⁸ Hierdie sameloop van omstandig-

⁹⁶ E. Anderson, *A history of...*, p. 61.

⁹⁷ KAB, 1 BFW 9/57, Letters received from clergymen, missionaries and Church officials, 1819-1876, C. Alheit-Meintjies, 8-8-1853; 1 BFW 9/13, Clerk of the Peace: Miscellaneous Letters Received, Landmeter-generaal-Meintjies, 22-11-1853.

⁹⁸ KAB, A 113-'61, Correspondence on the subject of the Trekvelde near the Zak River, Siviele Kommissaris J van Ryneveld-Goewerneur, Clanwilliam, 25-3-1848; W. P. Burger en 52 ander-Van Ryneveld, Hantam, 14-3-1848.

hede het ten minste gemaak dat die ondergang van die Kareebergbasters as 'n gemeenskap ietwat langer uitgestel is as wat die geval sou gewees het indien hulle onmiddellik na die grensuitbreiding onder die Beaufort-Wes-distrik sou geval het.

In teenstelling tot die Beaufort-Wes-distrik, waar die opkoms van die wolteelt groot omwentelings in die toekenning van grond tot gevolg gehad het, was die oorgrote meerderheid veeboere in die Clanwilliam-distrik tydens die grensuitbreiding steeds vleisprodusente. Soos reeds vroeër opgemerk, het vleisprodusente 'n groter mate van mobiliteit benodig om hul kuddes teen die aanslae van droogtes te beveilig. Daarom het hulle groot waarde geheg aan die Kareebergstreek as gemeenskaplike weidingsgebied waarheen almal in tye van nood kon uitwyk. Om dieselfde rede was die regering se poging in 1844 om 'n eenvormige grondbeleid daar te stel deur alle kroongronde op te meet en te verkoop, in hierdie distrik uiters ongewild. Volgens die boere sou dit tot nadeel van die hele veeboergemeenskap strek as die fonteine van die Kareeberge in privaatbesit opgemeet sou word. Toe die Amandelboomsendinge in die loop van 1848 nogmaals 'n poging aangewend het om die sogenaamde trekvelde slegs vir die gebruik van die Basters te reserveer, het dit voorspelbaar 'n vloedgolf van protes onder die blanke inwoners van die Clanwilliam-distrik tot gevolg gehad.⁹⁹

Hoewel die 1844-wetgewing uiters belangrike grondhervormings te weeg gebring het, was die toepassing daarvan nie heeltemal rigied nie. Die buigsaaamheid in die wetgewing was egter nie te danke aan 'n simpatieke owerheid wat die belange van sy onderdane op die hart gedra het nie, maar eerder aan die teenoorgestelde. Weens die halfhartige betrokkenheid van die Kaapse regering by die noordgrensdistrikte is die meer praktiese probleme wat deur hierdie wetgewing veroorsaak is aan die siviele kommissarisse van die onderskeie distrikte oorgelaat om op te los. Soos vroeër aangetoon, het die opkomende woltelers van die Beaufort-Wes-distrik byvoorbeeld 'n belangrike klousule van hierdie wetgewing omseil toe hulle dit reggekry het om kroongrond, wat veronderstel was om verkoop te word, te huur gekry het. Dieselfde proses het hom in die Clanwilliam-distrik afgespeel waar veeboere, weliswaar om ietwat ander redes, daarop aangedring het dat sekere klousules van die 1844-wetgewing nie in hierdie distrik toegepas kon word nie. In die besonder is beswaar gemaak teen die afskaffing van 'n stelsel van weilisensies vir gemeenskaplike trekvelde ingevolge waarvan hierdie boere vroeër toegang tot onuitgegewe kroongrond verkry het.

'n Belangrike ontwikkeling in die Clanwilliam-distrik ná 1848, toe die grens tot aan die Oranje uitgebrei is, was dat die owerheid weer teruggeval het op die stelsel van weilisensies en gemeenskaplike trekvelde in hierdie distrik wat streng gesproke deur die 1844-grondhervormings afgeskaf is. Danksy die politieke druk van die woltelers in Beaufort-Wes, het hierdie reëling nie in die aanliggende Beaufort-Wes-distrik gegeld nie. Die belangrikste rede vir die herinstelling van gemeenskaplike trekvelde in die Clanwilliam-distrik was ongetwyfeld die stroom versoekskrifte wat uit die Hantam en Roggeveld ontvang is waarin deurgaans 'n oortuigende saak uitgemaak is oor die noodsaaklikheid van gemeenskaplike weidingsgebiede vir die veeboere van hierdie streek. Die Amandelboomsendinge se pogings om die Kareebergstreek, wat deur die gevestigde distrikte informeel as gemeenskaplike weiding beskou is, vir die eksklusiewe gebruik van die Bastergemeenskap te reserveer, het die hele kwessie van gemeenskaplike trekvelde ook op die spits gedryf. Na eerwaarde Lutz se mislukte sending na Kaapstad in 1846, en weer in 1848, om die Kareeberggrondkwessie tot voordeel van die Bastergemeenskap te probeer oplos, het die

⁹⁹ Ibid., L.F. Esselen-Montagu, Worcester, 10-4-1848, Memorial of J.H. Lutz and F.W. Beinecke, missionaries of the Rhenish Missionary Society, stationed at Amandelboom, near Zak River, on behalf of the Bastards; Van Ryneveld-Landmeter-generaal, Clanwilliam, 10-7-1848; J.E.O. Nel-J. van Ryneveld, Bloemfontein, 6-6-1848; W.P. Burger-J. van Ryneveld, Hantam, 20-6-1848.

Hantamboere ondertussen geen steen onaangeroer gelaat om die regering van die noodsaaklikheid van gemeenskaplike trekvelde te oortuig nie.¹⁰⁰ Hierdie proses het jammer genoeg ook terselfdertyd tot groot wrewel jeens die sendelinge en hul gemeente aanleiding gegee. Dit het onderlinge verhoudinge tussen blanke boere en Basters in die Amandelboomomgewing tot 'n algehele laagtepunt laat tuimel.¹⁰¹

Hoewel die herlewing van die idee van gemeenskaplike trekvelde hoofsaaklik toegeskryf kon word aan die volgehoue druk van blanke boere van die Clanwilliam-distrik, het talle ander faktore ook meegewerk om hierdie besluit te vergemaklik. In hierdie verband het die feit dat die Amandelboomsendinge namens hul gemeente aansoek gedoen het dat die gebied in gemeenskaplike besit aan die Basters toegeken moes word, in 'n sekere sin die noodsaaklikheid van gemeenskaplike grondgebied as sodanig by die owerheid herbevestig. Die enigste verskil was dat die sendelinge die gebied vir die eksklusiewe gebruik van die Basters wou reserveer, terwyl die blankes van die Hantam dit vir die gemeenskaplike gebruik van almal wou hê. In wese het dit wat die owerheid betref, 'n maklike oplossing tot die probleem gebied. As die hele gebied waarop die Basters aanspraak gemaak het tot gemeenskaplike trekveld verklaar word, sou dit in die eerste plek in die weidingsbehoefte van beide gemeenskappe voorsien. Daarbenewens sou dit ook moontlik onderlinge wrywing in die gebied, waaroor die sendelinge so gekla het, hokslaan as toegang tot die gebied deur 'n stelsel van weilisensies beheer sou word.¹⁰²

'n Minder opvallende aspek wat waarskynlik ook 'n bydrae tot die herinstelling van gemeenskaplike trekvelde in die Clanwilliam-distrik aanleiding gegee het, was dat die heersende denke in regeringskringe, meer spesifiek dié van siviele kommissaris J. van Ryneveld, ten opsigte van grondtoekenning aan gekleurdes in elk geval beperk was tot gemeenskaplike eerder as individuele grondbesit.¹⁰³ Hierdie denkrigting het 'n lang ontwikkelingsgang gehad.

Gedurende die eerste aantal dekades van die 19 de eeu is gemeenskaplike grondbesit of reservate waarop 'n oorwegend bestaans ekonomie bedryf is, feitlik deurgaans as die mees geskikte vorm van grondbesit vir gekleurdes beskou. Soos reeds vroeër aangetoon, was dit 'n gedagtegang wat sy oorsprong by die reisiger John Barrow gehad het. In die loop van die 19 de eeu het die idee van gemeenskaplike grondgebied of reservate as 'n oplossing vir die talle ernstige grenskonflikte kortkort na vore gekom. Kolonel Collins wat in 1809 in opdrag van goewerneur Caledon in die grensdistrikte ondersoek gedoen het na moontlike oplossings vir die grenskonflikte, was byvoorbeeld vas oortuig daarvan dat die enigste werkbare oplossing gelê het in territoriale skeiding en die stigting van beskermde reservate vir die onderskeie inheemse groepe.¹⁰⁴ Dieselfde beleid is ook deur goewerneurs Cradock en Lord Charles Somerset voorgehou as die enigste oplossing vir die geweld in die grensdistrikte. Hoewel hierdie denkrigtings gedurende die 1820's onder skoot gekom het in filantropiese kringe, was selfs van die meer uitgesproke filantropie aan die Kaap soos

¹⁰⁰ Sien: KAB, A 113 -'61, Correspondence on the subject of the Trekvelde near the Zak River.

¹⁰¹ Ibid., Veldkornet J.E.O. Nel-J. van Ryneveld, Bloemfontein, 6-6-1848; Veldkornet W.P. Burger-J. van Ryneveld, Hantam, 20-6-1848; VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 13 von J.H. Lutz vom 15-11-1847 bis 3-12-1849, verskeie inskrywings.

¹⁰² Ibid., Report of Assistant Surveyor-General on memorial of missionaries, 24-7-1848; Colonial Secretary-Civil Commissioner, Clanwilliam, relative to the rate of charges for grazing licences on the trekvelde, 12-12-1848.

¹⁰³ Ibid., J. van Ryneveld-goewerneur, Clanwilliam, 10-7-1848.

¹⁰⁴ Vir Collins se reisverslag sien: BBP No 4, "Extract from Journal of a Tour to the North Eastern Boundary, the Orange River, and the Storm Mountains, by Colonel Collins, in 1809", pp. 328-333; "Supplement to the relations of a Journey into the Country of the Bosjesmans and Caffre people", pp. 333-345.

dr. John Phillip en Andries Stöckenstrom, dikwels van mening dat die heil van inheemse groepe in gemeenskaplike grondbesit binne beskermde reservate gelê het.¹⁰⁵

Die Kommissie van Onderzoek wat in 1821 onder andere hierdie aspek van grondbesit aan die Kaap ondersoek het, het ook sterk aanbeveel dat grondtoekenning aan gekleurdes net in gemeenskaplike besit of reservate toegeken moes word. In die daaropvolgende jare het hierdie gedagtegang in regeringskringe, op enkele uitsonderings na, bykans onverpoos voortgeduur. Die stigting van die Katrivier-nedersetting vir Khoikhoi was byvoorbeeld in direkte navolging van die aanbevelings van hierdie Kommissie.¹⁰⁶ Teen die 1840's was dit kennelik steeds die opvatting teenoor die Kareebergbasters en Schietfontein-Xhosa, veral onder die talle blanke boere van die aanliggende distrikte. Selfs die sendelinge het die toekoms van die Kareebergbasters slegs in gemeenskaplike grondbesit gesien, hoewel die motivering vir hulle oortuiging deur hul eie belange daarby geslyp is.¹⁰⁷ In der waarheid het feitlik alle sendelinge, ook van ander sendinggenootskappe, feitlik sonder uitsondering altyd gemeenskaplike grondbesit vir hul kuddes by die regering gepropageer.¹⁰⁸

Andersyds is die opvatting van gemeenskaplike grondbesit vir gekleurdes ook gestimuleer deur die tradisionele gebruike van hierdie gemeenskappe. Onder die Khoikhoi, Xhosa en tot 'n mindere mate die Bastergemeenskappe aan die Noordgrens, was gemeenskaplike grondbesit wat deur 'n hoofman vir die hele gemeenskap in trust gehou is, in feitlik al hierdie gemeenskappe die norm. Die Kareebergbasters het weliswaar nie oor 'n amptelike leier of hoofman beskik nie, maar dit was iets wat die sendelinge in die vooruitsig gestel het. In hul eerste versoekskrif aan die regering het eerwaarde Lutz verduidelik, dat indien die regering die grondgebied van die Basters aan hulle sou toeken, dit hulle begeerte was om 'n soortgelyke regeringstelsel as die Griekwas op die been te bring.¹⁰⁹

Dit kan nie buite rekening gelaat word nie dat die opvatting ook in regeringskringe bestaan het dat gekleurdes nie bevoeg of opgewasse genoeg geag is om grond in individuele eiendomsreg te besit nie. Dikwels was die opvatting in regeringskringe dat die meeste van hierdie gekleurde gemeenskappe arme sukkelaars was wat nie alleen voortdurend 'n moontlike veiligheidsrisiko vir die kolonie ingehou het nie, maar wat ook terselfdertyd geen direkte bydrae tot die algemene ekonomie van die kolonie gelewer het nie. Hierdie persepsies ten opsigte van die Kareebergbasters is sonder twyfel geskep deur 'n volgehoue stroom klagtes van blanke boere wat in die trekvelde met die Basters oorhoops geraak het en dikwels vir eie gewin oordrewe voorstellings van hierdie gemeenskappe teenoor die owerheid gemaak het. Dikwels het die onkundige regeringsamptenare van hierdie stories vir soetkoek opgeëet omdat hulle bykans sonder uitsondering geen eerstehandse kennis van die streek gehad het nie. Daarbenewens het die regering in die geval van die noordwestelike grensdistrikte ook nie juis 'n buitengewone aktiewe rol in die administrasie van daardie distrikte gespeel nie.

¹⁰⁵ BPP, No 8, Papers relative to the Measures taken for fixing the Boundaries of the Colony of the Cape of Good Hope upon the Eastern and Northern Frontiers, A. Stockenstrom - His Majesty's Commission of Inquiry, Graaff-Reinet, 9-8-1826.

¹⁰⁶ Vir die ontwikkeling van die Katriviermedersetting, sien: J.C. Visagie, Die Katriviermedersetting, 1829-1839, Hoofstukke I en II.

¹⁰⁷ KAB, CO 550, Memorandum for His Excellency the Governor, 1846.

¹⁰⁸ BPP, No13, Correspondence of Commissioners of Inquiry with the Rev. Mr. Hallbeck of Genadendal, relative to the effect of Hottentot Institutions in enhancing the value of Landed Property in their neighbourhood from command of Free Labour, H.P. Hallbeck-John Gregory, Secretary to His Majesty's Commissioners, Genadendal, 12-5-1825.

¹⁰⁹ KAB, CO 550, Memorandum for His Excellency the Governor, 1846.

Twee voorbeelde van gruwelik verdraaide feite wat moontlik die reeds bestaande negatiewe persepsies van die goewerneur ten opsigte van die Kareebergbasters kon beïnvloed het, is ingesluit in die korrespondensie wat vir sy inligting versamel is toe hy die tweede versoekskrif van die sendelinge in oorweging geneem het. In 1848 het veldkornet J.E.O. Nel van die Hantam byvoorbeeld teenoor siviele kommissaris Van Ryneveld gekla dat die landstreek waarvoor die sendelinge namens die Basters aansoek gedoen het hopeloos te groot was en onmoontlik deur hulle benodig is, want “the majority of the individuals who are now pupils at the missionary institution at the Zak River have scarcely any cattle and most of them lead an idle life.”¹¹⁰ Net so het die hoogs verontwaardigde veldkornet W.P. Burger, ook van die Hantam, gekla dat: “The extent of land for which the missionary applies for his community is about twenty hours on horseback in length, and in breadth from south to north more than twenty-nine hours, which extent the community of Amandelboom can never occupy as a pasturage, because grass is not required for man, but for sheep and goats, and with these they are but scantily provided. It would be a great hardship for us if we were deprived of the trekveld in order that it may be given to roving Bastards, who never pay a farthing to Government in the shape of taxes.”¹¹¹

Afgesien van belastings wat die Bastergemeenskap voor 1848 nie betaal het nie omdat hulle buite die grense van die kolonie gewoon het, was beide uitlatings van die veldkornette growwe wanvoorstelling van die Kareebergbasters wat aan die onverantwoordelike gegrens het. Daar is meer as afdoende bewyse dat die Bastergemeenskap van die Kareeberge oor etlike duisende stuks vee beskik het en dat hulle in veebesit nie veel agteruit hoef te gestaan het vir hulle blanke bure nie.¹¹² ‘n Mens kan jou op die oog af ook nie indink dat die uitlatings van die veldkornette enige noemenswaardige skade vir die Bastergemeenskap in die oë van die regering kon berokken het nie. Eerwaarde Lutz se versoekskrif, waarin hy ‘n breedvoerige uiteensetting gegee het van die totale veebesit van die Basters, was immers ingesluit in dieselfde versameling korrespondensie wat ter inligting vir die goewerneur opgestel is. Hierin verklaar eerwaarde Lutz dat die totale Basterbevolking in die Kareeberge uit 1000 siele bestaan het, wat 156 Basterfamilies en 17 Boesmanfamilies uitgemaak het. Die hele gemeenskap, verklaar hy, was heeltemal afhanklik van hulle beeste en skape “of which the average number of one proprietor amounts to about 600 sheep, 25 cattle, and 3 horses.”¹¹³ As die Boesmanfamilies buite rekening gelaat word omdat die meeste van hulle arbeiders was en geen vee besit het nie, dan bring ‘n eenvoudige berekening die totale veebesit van die Basters op 93 600 skape en bokke, 3 900 beeste en 468 perde te staan. In 1853 het eerwaarde Zahn tydens sy inspeksiereis in die Kareeberge die kleinveebesit van die Basters heelwat laer geskat omdat duisende stuks vee gedurende die droogte gevrek het. Desondanks het hulle volgens hom toe nog steeds oor 60 000 stuks kleinvee, 2 000 beeste en 600 perde beskik. Seker die grootste fout wat eerwaarde Lutz dus vir die hele tydperk wat hy op Amandelboom gewerk het ooit kon gemaak het, was om die berekening van die totale veebesit van die Bastergemeenskap aan ‘n regeringsamptenaar oor te laat. Eers as die motivering van die regering vir die herinstelling van gelisensieerde trekvelde bestudeer word, val dit op dat die goewerneur die gemiddelde veebesit **per familie**, soos deur eerwaarde Lutz in sy versoekskrif aangehaal is, vir

¹¹⁰ KAB, A.113-’61, Correspondence on the subject of the Trekvelde..., J.E.O. Nel-J. van Ryneveld, Bloemfontein, 6-6-1848.

¹¹¹ Ibid., W.P. Burger-J. van Ryneveld, Hantam, 20-6-1848.

¹¹² Ibid., Memorial of J.H. Lutz and F.W. Beinecke, missionaries of the Rhenish Missionary Society, stationed at Amandelboom, near Zak River, on behalf of the Bastards.

¹¹³ Ibid.

die totale veebesit van die gemeenskap aangesien het!¹¹⁴

Sonder dat eerwaarde Lutz dit ooit besef het, het hierdie fout wat in die kantoor van die landmeter-generaal gemaak is meer as enigiets anders veroorsaak dat bestaande negatiewe persepsies oor die boerderyvermoë van die Basters by die regering versterk is en die grondaspirasies van die Basters sodoende gefaal het. Teen hierdie agtergrond het die verdraaide voorstellings van die twee veldkornette die Kareebergbasters ook onberekenbare skade berokken, soveel te meer omdat 'n uiters belangrike versoekskrif vanaf die Hantam, waarin 'n oortuigende saak uitgemaak is vir gemeenskaplike weidingsgebiede en wat deur nie minder as 53 boere onderteken is nie, terselfdertyd ook die Bastergemeenskap as 'n handjievool swerwende sukkelaars voorgestel het.¹¹⁵ Danksy die fout wat in die kantoor van die landmeter-generaal gemaak is, was die goewerneur heel duidelik net soos die twee veldkornette heeltemal uit die veld geslaan oor waarom 'n gemeenskap wat slegs oor 'n handjievool vee beskik het, die eksklusiewe regte op nie minder as 20 000 vierkante myl wou verkry nie. Gegewe al die ander uiters oortuigende redes van die groot veebesitters van die Hantam oor waarom hulle so afhanklik was van die trekvelde, het dit doodgewoon geen sin gemaak om die hele gebied tot nadeel van hierdie uiters belangrike vleisprodusente van die Hantam aan 'n aantal Basters "met feitlik geen vee", toe te ken nie.

Die enigste voordeel vir die Basters wat van regeringskant gekom het, was dat daar tog 'n filantropiese beskermingsgevoel vir die "verarmde" Kareebergbasters ontstaan het. Toe siviele kommissaris Van Ryneveld voorgestel het dat weilisensies teen 'n eenvormige tarief van 5 sjielings per jaar aan alle gebruikers van die Agterveld uitgereik moes word, het die regering gevoel dat die koste darem te hoog was vir die verarmde Bastergemeenskap. Die landmeter-generaal was van mening dat dit onregverdig teenoor die arm Bastergemeenskap sou wees om te vermag dat iemand wat net oor een pakos en twintig tot dertig slagskape beskik het, dieselfde tarief moes betaal as die ryk boere van die Hantam wat oor duisende stuks vee beskik het. Juis daarom het hy by die goewerneur aanbeveel dat die lisensies teen 'n nominale bedrag van 6 pennies per elke 100 stuks vee uitgereik moes word. Net om sy eie wanvoorstelling omtrent die Basters in sy verslag aan die goewerneur finaal te bevestig, het hy ten slotte bygevoeg: "I may mention that the necessity for some such method of taxation is the more certain, as, with the exception of one or two, none of the people called Bastards in that neighbourhood are possessors of more stock than is required for their own consumption."¹¹⁶

Toe die Amandelboomsendinge in 1848 nogmaals by monde van eerwaarde Esselen in Kaapstad hoopvol by die regering aansoek gedoen het om die hele westelike Kareebergstreek, insluitende al die belangrikste fonteine van die gebied tot reservaat vir die Kareebergbasters te verklaar, het hulle min besef dat hul lot deur die fout van 'n regeringsamptenaar beslis sou word. Met al die bogenoemde inligting tot sy beskikking het die goewerneur tot aksie oorgegaan en die hele gebied tot algemene trekveld verklaar.¹¹⁷ Vir eerwaarde Lutz was hierdie besluit 'n gevoelige slag, want voortaan sou dit bykans onmoontlik wees om dit weer ongedaan te maak. Moedeloos

¹¹⁴ Ibid., Rapport van waarnemende assistent Landmeter-Generaal, G. Montagu-sekretaris J. Montagu, Kantoor van die Landmeter-Generaal, 24-7-1848.

¹¹⁵ Ibid., W.P. Burger en 52 ander-siviele kommissaris Van Ryneveld, Hantam, 14-3-1848.

¹¹⁶ Ibid., Report of Assistant Surveyor-General on memorial of missionaries, 24-7-1848.

¹¹⁷ Ibid., Rev. Messrs. Lutz and Beinecke (sic) to His Excellency the Governor, praying that the trekvelde may be reserved for the use of the Bastards, 10-4-1848; Colonial Secretary-Civil Commissioner, Clanwilliam, relative to the rate of charges for grazing licences on the trekvelde, 12-12-1848.

skryf hy aan die direksie in Duitsland dat die sending onder die Basters nou meer as ooit tevore in gevaar gestaan het om heeltemal te misluk. “Menslik gesproke”, berig hy, “is die vraag nou hoe lank ons dit nog in hierdie geweste en op ons stasie sal kan uithou.”¹¹⁸

Eerwaarde Lutz was kennelik verpletter dat die goewerneur nie sy weg oop gesien het om selfs een enkele fontein in die gebied in permanente besitreg aan die Basters toe te staan nie. Daarbenewens het die instelling van ‘n stelsel van weilisensies in die gebied hom ook erg ontstel. Ingevolge die nuwe reëling moes alle gebruikers van die “Agterveld”, soos die streek in die wandel bekend gestaan het, by die siviele kommissaris op Clanwilliam of Beaufort-Wes weilisensies verkry ten einde seisoenaal of permanent in die Kareeberge te kon trek. Weilisensies vir die Agterveld is uitgereik teen ‘n jaarlikse koste van ses pennies vir elke tien perde of osse en elke honderd skape of bokke. Houers van sodanige lisensies het vrye en onbepaalde toegang tot alle waterbronne en weiding van die streek geniet. Die veldkornette van die onderskeie grensdistrikte, wie se onderdane gereeld van die Kareebergtrekvelde gebruik gemaak het, is opdrag gegee om toe te sien dat alle voornemende trekkers na die gebied hulle streng by die bepalings van die nuwe wet sou hou. Alle trekkers in die gebied moes op aanvraag hul lisensie aan ‘n veldkornet kon toon. Die onderskeie veldkornette is ook opdrag gegee om ‘n behoorlike rekord te hou van uitgereikte lisensies en wie op aanvraag hul lisensies kon toon. Enige persoon met vee wat in die gebied sonder ‘n weidingslisensie betrap word, sou van betreding aangekla word. ‘n Boete gelykstaande aan die lisensie wat in die eerste plek uitgeneem moes word, plus administratiewe koste, was dan van toepassing. Die veldkornette van die onderskeie grensdistrikte is voorts ook opdrag gegee om die bepalings van die nuwe maatreëls so deeglik en wyd moontlik onder die ingesetenes van hul onderskeie wyke bekend te stel.¹¹⁹

Die verlies van die Kareebergstreek as die eksklusiewe gebied van die Amandelboombasters was vir eerwaarde Lutz so ‘n verpletterende slag dat hy in sy mismoedigheid slegs die ergste scenario, naamlik die gewisse ondergang van die Amandelboomsending, gevrees het. Die sendelinge het inderdaad rede tot kommer gehad, want die weilisensies as sodanig sou nie die onderlinge konflikte oor toegang tot sekere weiding en water enigsins beheer of verlig nie. Trouens, die intense veldtog van die sendelinge aan die een kant om die gebied vir die Basters te reserveer, en die volgehoue pogings van blanke boere aan die ander kant om dit tot algemene trekveld geproklameer te kry, het net momentum verleen aan ‘n bittere wrewel jeens mekaar. Voortaan het konflikte in die buiteveld van Amandelboom tussen die onderskeie strydende partye net toegeneem en die politiek van die watrgat het hoe langer, hoe meer ingewikkeld geraak.

Alreeds met die aankondiging van die nuwe proklamasie het eerwaarde Lutz nie alleen hierdie belangrike gevolge vir sy volgelinge voorsien nie, maar selfs aangevoer dat dit in die toekoms vir die sendelinge op Amandelboom self ook moontlik groot probleme ingehou het. Met ‘n weidingslisensie in die hand, het hy ietwat swartgallig aangevoer, sou dit die wederstrewige inwoners van die streek nie alleen teenoor mekaar nie, maar ook teenoor die sending heeltemal brutaal kon maak. Niks het byvoorbeeld ‘n blanke boer in besit van ‘n weidingslisensie, of enige gemeentelid met ‘n grief teen die sending, verhoed om doelbewus op Amandelboom sy wa reg voor die deur van die sendingwoning of die kerk te kom trek nie. So ‘n brutale vent, waarvan daar volop in die omgewing was, kon dan sonder in ag neming van die behoeftes van die breër gemeenskap en die

¹¹⁸ VEM, B/C 119, Lutz, Tagebuch No 12 von J.H. Lutz vom 17-7-1847 bis 11-11-1847, Lutz-Herr Inspector, Amandelboom 26/31-8-1849, “Gefahr der Mission unter den Bastards.”

¹¹⁹ KAB, A. 113-‘61, Correspondence on the subject of the Trekvelde..., Colonial Secretary-Civil Commissioner, Clanwilliam, relative to the rate of charges for grazing licences on the trekvelde, 12-12-1848.

sending maak en breek soos hy wou; sy groot veetroppe kon die sendingtuine na willekeur vertrap en opvreet, of die water wat vir die onderhoud van die sending benodig is, opgebruik. As die sendelinge dit sou waag om so 'n persoon teen te gaan, het eerwaarde Lutz gevrees, sou sodanige persoon maklik "gevoelloos" en "spottend" kon aanvoer dat hy, as lisensiehouer, onbepaalde toegang tot enige waterbron in die streek gehad het. Eerwaarde Lutz se kort ondervinding van die twisgierige aard van die inwoners van die streek, het hom selfs in 'n brief aan die direksie in staat gestel om in sy geestesoog al by voorbaat die antwoord van so 'n hipotetiese indringer teenoor hom in direkte dialoog weer te gee: "Ek kan my wa trek waar ek wil en my vee laat wei waar ek lus het - ook in julle tuine - en ek wil nog sien wie van julle my kan keer!"¹²⁰

Gelukkig het niemand dit ooit gewaag om die sendelinge se gesag op Amandelboom so openlik uit te tart nie. Kort na die proklamasie van die Kareeberge as gemeenskaplike trekveld en die instelling van weilisensies, het 'n veel ernstiger probleem egter kop uitgesteek wat eindelose probleme vir die sendelinge veroorsaak het. Dit het ook opnuut die hele sending in gevaar gebring. Die oorsaak vir die nuwe spanning in die streek was geleë in die feit dat twee verskillende stelsels in die onderskeie Clanwilliam- en Beaufort-Wes-distrikte ten opsigte van toegang tot onuitgegewe kroongrond gegeld het en dat geen klinkklare skeiding tussen die twee distrikte bestaan het nie.

Soos voorheen aangetoon, is in die Beaufort-Wes-distrik op aandrang van die woldsektor toegang tot onuitgegewe kroongrond verkry deur dit van die staat te huur. Daarteenoor is sodanige gebiede in die Clanwilliam-distrik tot algemene trekvelde verklaar waar toegang deur middel van weilisensies beheer is. 'n Groot probleem het ontstaan toe die grense van die onderskeie distrikte na die grensuitbreiding van 1848 in die nuwe gebied nie presies bepaal is nie. Gevolglik het groot verwarring tussen die siviele kommissarisse van Clanwilliam en Beaufort-Wes ontstaan oor waar die onderskeie stelsels in die nuwe gebied van toepassing was en waar nie. Vir jare aaneen was daar kort-kort onenigheid tussen die Beaufort-Wes en Clanwilliam-distrikte oor presies waar die grensskeiding tussen die twee distrikte geloop het.¹²¹

Die probleem het vir die Amandelboomsendelinge vir die eerste keer op die voorgrond getree toe talle Basters in besit van weilisensies in die oostelike Kareeberge met blankes van die Beaufort-Wes-distrik oor weiding en water oorhoops geraak het. Toe 'n groot aantal Basters soos hulle gewoon was in die rigting van Schietfontein op kroongrond ingetrek het, is hulle tot groot ontsteltenis van die sendelinge deur 'n aantal blanke boere van die Beaufort-Wes-distrik uit die gebied weggejaag. Hierdie boere het aangevoer dat hulle die kroongrond in pag gehad het en dat die vee van die Basters geskut sou word indien hulle weer in die gebied sou oortree. Dit het soveel ontevredenheid oor hierdie aangeleentheid onder die Basters veroorsaak dat eerwaarde Lutz by siviele kommissaris Meintjies van Beaufort-Wes om 'n verduideliking gevra het.

Vir die sendelinge was dit onverklaarbaar dat grondgebied wat die Basters in die verlede gereeld as gemeenskaplike weiding benut het en ingevolge proklamasie na 1848 gemeenskaplike trekveld onder die lisensiestelsel was, nou oënskynlik onder onbekende omstandighede in die hande van individuele blanke boere van die Beaufort-Wes-distrik beland het. Eers toe Meintjies op eerwaar-

¹²⁰ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 12 von J.H. Lutz vom 17-7-1847 bis 11-11-1847, Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 26/31-8-1849, "Gefahr der Mission unter den Bastards"

¹²¹ KAB, 1BFW 9/3, Letters received from the Colonial Office, 1848-1851, Siviele kommissaris van Clanwilliam-goewerneur, Clanwilliam, 4-3-1847; Montagu-Magistraat van Beaufort-Wes, Kaapstad, 16-1-1849; Montagu-siviele kommissaris van Beaufort-Wes, Kaapstad, 30-4-1849; 14-2-1850 ens.

de Lutz se navraag reageer het, het dit met skok tot die sendeling deurgeding dat die grondbeleid van die Beaufort-Wes-distrik drasties verskil het van die “Feld Regulation” van die Agterveld wat hulle van die siviele kommissaris van Clanwilliam ontvang het. Vir die eerste keer het eerwaarde Lutz tot sy stomme verbasing agtergekom dat kroongronde, insluitende die uiters skaars waterbronne daarop, in die Beaufort-Wes-distrik vir een jaar aan individuele boere verpag is, terwyl sodanige gebiede in die Clanwilliam-distrik as gemeenskaplike trekveld onderworpe aan die weidingslisensies beskou is.¹²²

Die Amandelboomsendinge was kennelik verbysterd oor die nuwe verwickelinge en die gevare wat dit vir die Bastergemeenskap ingehou het. Die gebiede van waar die Basters verdryf is, het gevaarlik naby aan die Grootfontein-omgewing met sy aantal fonteine gelê wat vir die oorlewing van die Bastergemeenskap so belangrik was. Op daardie tydstip het die sendelinge dit nog steeds oorweeg om die Amandelboomsending na die meer geskikte Grootfontein te verskuif. Hierdie planne is ernstig deur die nuwe verwickelinge in die war gestuur. As die boere van die Beaufort-Wes-distrik beheer oor van die fonteine in die omgewing van Grootfontein sou verkry, sou dit terselfdertyd die einde van diegene wat in die gebied gewoon het, beteken het. Terwyl die sendelinge in die verlede die moontlikheid dat blankes in beheer van hierdie gebiede kon kom as redelik gering afgeskryf het, het dit ewe skielik ‘n werklikheid geword. Soveel te meer omdat grondtoekenning in die Beaufort-Wes-distrik op so ‘n wyse gedoen is dat dit tot nadeel van ‘n gemeenskap sou wees wie se voortbestaan van gemeenskaplike grondbesit afgehang het. Die feit dat die Basters algehele toegang tot ‘n voormalige belangrike weidingsgebied geweier kon word, was ‘n nuwe verwickeling waarop die sendelinge en hul volgelinge swak voorbereid was.

Wat hierdie “Übelstand” (onhoudbare situasie) volgens eerwaarde Lutz verder onuithoudbaar gemaak het, was die feit dat hy uit siviele kommissaris Meintjies se antwoord aan hom kon aflei dat groot meningsverskil met die aanliggende Clanwilliam-distrik geheers het oor waar die grense met die Beaufort-Wes-distrik geloop het. Volgens eerwaarde Lutz het elkeen van die onderskeie siviele kommissarisse van Clanwilliam en Beaufort-Wes sy eie idee gehad oor watter gedeelte van die Amandelboomtrekvelde onder sy distrik geval het. Vir eerwaarde Lutz was dit ‘n onhoudbare situasie. Elke keer as daar ‘n probleem opgeduik het waarvoor uitsluitel gegee moes word, skryf hy, het niemand ooit geweet of dit op Beaufort-Wes of op Clanwilliam beslis sou word nie. As daar op Beaufort-Wes navraag gedoen is, is die sendeling dikwels na Clanwilliam verwys, waar hy telkens weer na Beaufort-Wes terugverwys is. In ‘n sekere sin het die Kareebergbasters nou toenemend die slagoffers van ‘n ongedefinieerde grenskeiding en gebrekkige owerheidsbeheer geword. In die oostelike Kareeberge is hulle ingevolge die grondbeleid van die Beaufort-Wes-distrik toenemend van sekere weiding afgedruk, terwyl hulle bestaansmoontlikhede in die weste weens die steeds toenemende stroom intrekkers uit die Clanwilliam-distrik op gemeenskaplike trekvelde, al hoe meer aan bande gelê is.

Vir die Amandelboombasters was daar trouens spoedig geen sin daarin om die weidingslisensies uit te neem nie. In die buiteveld van Amandelboom het ‘n weidingslisensie hoegenaamd nie beteken dat dit toegang tot water en weiding gewaarborg het nie. Weens die vae grenskeidings tussen die Beaufort-Wes en Clanwilliam-distrikte is talle Basters dikwels met hul lisensies in die hand van sekere fonteine verdryf wat volgens hulle in gemeenskaplike trekvelde geleë was. Die groot onsekerheid oor die grenskeiding tussen die twee distrikte het ook die onderlinge twis en

¹²² VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 12 von J.H. Lutz vom 17-7-1847 bis 11-11-1847, Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 26/31-8-1849, “Gefähr der Mission unter den Bastards.”; KAB, 1/BFW 9/3, Letters received from the Colonial Office 1848-1851, “Reglementen voor het grazen van Vhee in de Agter- of Trekvelde...”

konflik tussen die strydende partye tot nuwe hoogtes aangeblaas. As die siviele kommissarisse dikwels nie eens uitsluitel kon gee oor watter gedeeltes gemeenskaplike trekvelde was en watter in individuele besit gehuur kon word nie, is dit denkbaar dat die meesal onkundige en nog swakker ingeligte individuele boere van die onderskeie strydende partye dikwels hierdie onsekerheid tot eie voordeel probeer uitbuit het. Dit het tot menige skermutselings om 'n fontein aanleiding gegee waarin die Basters na die oordeel van die sendelinge, in die reël altyd die slegste daarvan afgekom het.

Vir die Amandelboomsendelinge is die hele situasie vererger deur die gelyktydige afname in die aansien van sendelinge in die algemeen en sendingstasies in die besonder. Volgens eerwaarde Lutz het “verdagmakery”¹²³ en selfs “laster” teenoor sendelinge teen 'n verstommende tempo in die Kaapkolonie toegeneem. Feitlik oral is daar geen goeie woord meer oor sendingaktiwiteite gehoor nie. “As ek my nie vergis nie,” skryf hy, “is daar sekere beroeringe in die Kaap wat daarop dui dat sendelinge binnekort elders heen uitgewerk gaan word. Intussen werk ons maar terwyl dit nog dag is, want die nag is nie meer ver nie.”¹²³

¹²³ Ibid.

HOOFSTUK 6

DIE AMANDELBOOM-GRONDKWESSIE: GRENSWOELINGE EN DIE ONDERGANG VAN DIE AMANDELBOOMSENDING

Die periode 1850-1860 kan tereg as 'n dekade van stryd vir die Amandelboomsending beskou word. Die toenemende grondkwessie en gepaardgaande verslegtende rasseverhoudinge op Amandelboom het gedurende hierdie tydperk werklik krisisafmetings aangeneem. Die sendelinge wat teen hulle sin steeds dieper in die geskille betrokke geraak het, het elke denkbare poging aangewend om hulle uit die politieke dilemma los te wikkell en die voortbestaan van die Kareebergensing te probeer red. Die volksverhuisingsplanne wat teen die laat 1840's aangekondig is, was 'n poging van die sendelinge om elders aan die ongewenste struwelinge te probeer ontsnap en hulle verder ongestoord in hulle geestelike taak te stort. Die mislukking van hierdie planne het die Kareebergensing egter finaal in die politieke arena geslinger van waar die Rynse sendelinge en hulle kudde nie maklik van sou ontsnap nie.

In hierdie hoofstuk word aangevoer dat die Kareebergensing uiteindelik weens talle faktore in die aanliggende distrikte misluk het. Ekonomiese vooruitgang, kompetisie om grondgebied en ingewikkelde politieke faktore in die Beaufort-Wes, Roggeveld- en die Hantam-distrikte het tot in die Kareeberge uitgekring. Die aanvanklike onbenullige struwelinge tussen blanke veeboere en die Basters oor water en weiding het mettertyd so akuut geraak dat dit die aandag van die owerheid na die gebied gedwing het. Sodoende het die onderlinge twis 'n politieke probleem geword wat terselfdertyd ook 'n rassekleur verkry het. Gedurende die 1850's het onderlinge verhoudinge sodanig versleg dat die regering genoodsaak was om meer aktief in te gryp. Die Parlementêre Komitee van Ondersoek en die Auret Kommissie van Ondersoek wat hieruit voortgespruit het, het vir beide die arm, blanke veeboere en die Bastergemeenskap op Amandelboom uiteindelik niks goeds ingehou nie. Beide groepe het stelselmatig die greep op hulle grondgebied verloor. Vir die Bastergemeenskap is sake vererger deur droogtes en die vooropgestelde negatiewe persepsies omtrent hulle boerderyvermoëns in regeringskringe. Hoe sterk die sendelinge ook al probeer walgooi het, het die dyk uiteindelik gebars en moes hulle hulpeloos toekyk hoe hulle ideaal vir die streek voor hulle oë verkrummel.

6.1 Eerwaarde Alheit en die Kareeberg-grondgeskil

Met die vestiging van eerwaarde Alheit op Schietfontein in 1847 het dit die onsekerheid omtrent die toekoms van die Amandelboomsending vir eerwaarde Lutz en Beinecke vir 'n tyd lank meer draaglik gemaak. Vir die Amandelboomsendinge was dit kennelik 'n verligting dat hulle weer 'n geesgenoot in die onmiddellike omgewing gehad het. Daarbenewens was Alheit 'n energieke en ambisieuse jong man met 'n deursettingsvermoë wat dikwels aan hardkoppigheid gegrens het. Miskien het hy sy onuitputbare volharding in dit waarin hy geglo het by eerwaarde G.A. Zahn van Tulbagh geleer, by wie hy na sy aankoms aan die Kaap in 1842 'n proeftydperk van vyf jaar moes ondergaan. Kort voordat hy na Schietfontein vertrek het, is hy met die dogter van die alombekende ds. Arrie Vos van Tulbagh getroud.¹

Eerwaarde Alheit was om meer as een rede 'n belangrike toevoeging tot die sendingkorps van die

¹ VEM, B/C I 20, 6 Bündel Briefe und Tagebücher von C. W. Alheit (1817-1882), Alheit-Deputation, Stellenbosch, 4-10-1847 - "Verheiratung, Ordination, Stationierung in den Kareebbergen, Hochzeit den 14 September". Vir meer oor die geskiedenis van die Schietfontein-Xhosa sien: VEM, Neunzehnter Jahresbericht der RMG vom Sept 1847 bis dahin 1848, p. 38; E. Anderson, *A History of.....*

Kareeberge. Terwyl die Amandelboomsendinge geneig was om te dikwels en te maklik in mismoenigheid te verval wanneer die wêreld vir hulle te klein geword het, was Alheit baie meer energiek en inspirerend. Hy was selfs voortvarend genoeg om van die moeilikste regerings-amptenare van die Beaufort-Wes-distrik te konfronteer. Eerwaarde Alheit was ook Engels beter magtig as die Amandelboomsendinge, sodat hy spoedig die segsman geword het wanneer daar oor die een of ander saak met die regering onderhandel moes word. Voorheen moes eerwaarde Lutz telkens na Kaapstad reis wanneer belangrike versoekskrifte in Engels aan die regering voorgelê moes word. Spoedig het eerwaarde Alheit so dikwels ook namens die Kareeberg-sendinge die woord gedoen in sake rakende die Kareeberge, dat hy onteenseglik kort na sy aankoms in die streek 'n belangrike en leidende rol in die geskiedenis van die streek gespeel het.

Hoewel eerwaarde Alheit, net soos die Amandelboomsendinge, met 'n dolle vaart weggespring het om 'n kerk en skool op Schietfontein van die grond af te kry, het hy hom ook spoedig teen allerlei probleme begin vasloop. Trouens, met die intrapslag was dit alreeds duidelik dat die komplikasies in die streek baie meer ingewikkeld was as wat hy voorsien het. Tot sy skok het hy spoedig agtergekom dat al sy sendinge-ideale vir die Schietfontein-Xhosa deeglik verstrengel was met die grondkwesties in die Beaufort-Wes-distrik. Van die meer voorspelbare probleme waarmee eerwaarde Alheit van meet af aan opgesaal was, het gesentreer om die tradisionele "swerwersbestaan" van sy kudde. Dit het hulle oor 'n wye gebied versprei wat dit moeilik gemaak het om die gemeenskap te konsolideer. Ewe voorspelbaar het sekere aspekte van die tradisionele Xhosa-kultuur, soos byvoorbeeld die lobôla-stelsel en veral poligamie, ook nie die sendinge aangestaan nie.² In die algemeen het die lewenswyse van die Schietfontein-Xhosa eerwaarde Alheit uitgesproke dwars in die krop gestee. Drankmisbruik in hierdie gemeenskap was skrikwekkend hoog en die gewoonte onder veral die Xhosa-mans om heeltemal nakend rond te loop, het die sendinge met absolute weersin vervul. Erger nog was die "Sondagsontheiliging" wat algemeen voorgekom het.³ Daarbenewens was die gesagstruktuur onder die Schietfontein-Xhosa ook swak met geen enkele persoon wat werklike samebindende gesag in die gemeenskap kon uitoefen nie. As regeringsaangestelde opperhoof was Jan Kaffer se gesag op sy beste twyfelagtig.⁴ Kort na die vestiging van die sendinge op Schietfontein het die hele gemeenskap selfs in twee vyandige kampe geskeur. Les bes het die onwettige handel in vee, vuurwapens en ammunisie gefloreer en die sendinge oneindig kopseer besorg.⁵

Al hierdie probleme het eerwaarde Alheit vanuit die staanspoor met ongekende ywer en

² Vir meer oor hoe poligamie en "heidense huwelike" probleme vir die sendinge veroorsaak het, sien: VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 16 von J.H. Lutz vom Sept 1850 bis 5-3-1851, "Protocoll eines ausserordentlichen Conferenz der Kareeberg Brüder", Amandelboom, 19-6-1851; VEM, C/c 8 a Bd 1, 1829-1851, Präsesakten Korrespondenz, Registranten de offizielle bestimmungen der Deputation dem gewissen Brüder in Afrika zugegangen sind, Des 1849-Febr 1850.

³ VEM, Neunzehnter Jahresbericht der RMG von Sept 1847 bis dahin 1848, p. 38. Op Schietfontein was die sendingeinvloed aanvanklik uitsluitlik daarop gerig om drankmisbruik te bestry en die Xhosa te dwing om ten minste op die stasie self meer welvoeglik gekleed te gaan. 'n Groot deurbraak vir eerwaarde Alheit was toe hy sy volgelinge so ver kon bring om die Sabbat te heilig. "Die veranderinge wat te weeg gebring is," skryf eerwaarde Alheit aan die direksie, "sien 'n mens in die heiliging van Sondae. Vroeër was dié geseënde dag dieselfde as alle ander dae. As daar nou egter op Sondag 'n handelaar opdaag, bly sy wa net so alleen staan en slegs 'n paar wat nog uit onkunde optree, sal sy wa besoek. Die Kaffers is ook dol op jag. Sodra 'n springbok hom in hierdie geweste begeef, is alles in rep en roer. Nou het dit al 'n paar keer gebeur dat groot troppe springbokke op Sondae hier verbytrek. Dit is 'n groot versoeking vir die Kaffers en baie swaar vir hulle om dan vroom en stil te bly sit. Tot my groot vreugde kan ek sê dat daar nou Sondae geen skoot gehoor word nie. Wee egter die arme springbok wat dit waag om teen Maandagmôre nog hier rond te hang. Dan is die "gekraak" van geweerstekote iets vreesliks en die Kaffers is almal goeie skut."'

⁴ VEM, B/C I 23, Beinecke, "Oktober 1857-Februarie 1858", Beinecke-Herr Inspector, "Ankunft und Arbeit auf Schietfontein."

⁵ VEM, B/C I 20, 6 Bündel Briefe und Tagebücher von C.W. Alheit (1817-1882), Tagebuch No 11, Schietfontein, 27-7-1848, "Schwierigkeiten der Mission, Mistrauen der Kaffern, Sittlichkeit, Branntwein, Sontagsheiligung, Kleidung, Trägheit"; Alheit-Deputation, Schietfontein, 17-7-1848, "Von den Kaffern wenig Unterstützung zu erwarten, Polygamie."

volharding aangepak. Dit was 'n opdraande stryd wat baie geduld en deursettingsvermoë geverg het. Die mees knellende vraagstuk, wat die lewe vir eerwaarde Alheit van meet af aan versuur het, was egter die steeds toenemende druk vanuit die aanliggende Beaufort-Wes-distrik op die grondgebied van die Schietfontein-Xhosa. Om hierdie kwessie tot voordeel van sy gemeente op te los, sou geen maklike taak wees nie. Soos uit die voorafgaande hoofstukke duidelik blyk, het die aanloop tot die probleem 'n lang en ingewikkelde ontwikkelingsgang gehad. Dit sou veel meer as net 'n energieke sendeling verg om sekere gevestigde opvattinge in die Beaufort-Wes-distrik omver te kon gooi. Teen die einde van die 1840's het die grondkwessies in die Kareebergstreek sodanig versleg, dat dit selfs vir die sendelinge duidelik was dat dit net 'n kwessie van tyd was voordat ernstige besluite oor die voortbestaan van die Kareeborgsending geneem sou moes word.⁶

Binne enkele maande na sy vestiging op Schietfontein het eerwaarde Alheit vir die eerste keer die moontlikheid geopper om al die verskillende Xhosa-splintergroepe te konsolideer en 'n meer geskikte nuwe tuiste vir die hele gemeenskap verder noord te soek.⁷ Miskien is die saadjie van wegtrek as moontlike oplossing tot die grondkwessies van die Kareeberge indirek deur eerwaarde Lutz by hom geplant. Voor Alheit se vertrek na Schietfontein het eerwaarde Lutz naamlik in 'n lang brief aan eerwaarde Zahn volledig verslag gedoen oor die kompleksiteit van die voorgenome Schietfonteinsending. In dié verslag was hy uitgesproke skepties omtrent die permanensie van die Schietfontein-Xhosa se grondbesit. Volgens hom was die dokument wat hulle besitreg op die gebied gewaarborg het niks meer as 'n waardelose sertifikaat nie. Ingevolge hierdie dokument is die grond voorwaardelik aan hulle toegeken. Dit het volgens hom beteken dat die siviele kommissaris te enige tyd die grondgebied kon verklein of selfs heeltemal terugneem. Hierdie proses was alreeds aan die gang, want die Schietfontein-Xhosa het bykans daaglik toenemend las gehad van indringerboere op hulle grondgebied. Volgens eerwaarde Lutz was die probleem in daardie stadium alreeds net so erg as op Amandelboom.⁸

Die jong Alheit-egpaar het onderweg na Schietfontein ook 'n paar dae by die Amandelboomsendelinge oorgestaan.⁹ Ongetwyfeld het eerwaarde Lutz, wat in daardie stadium heeltemal moedeloos was oor hulle toekoms in die Kareebergstreek, eerwaarde Alheit verder ingelig oor die kompleksiteit van die probleem. Die Alheit-egpaar se verblyf op Amandelboom het ongeveer saamgeval met die konsternasie wat deur die Brakrivier-grondopmetings veroorsaak is. Daarbenewens het 'n vlag van onbevestigde berigte onder die Basters van Amandelboom die rondte gedoen dat siviele kommissaris Meintjies nog meer opmetings in die rigting van Schietfontein gemagtig het.¹⁰ Die Amandelboomsendelinge het ook hul ontnugtering teenoor Alheit uitgespreek oor die vae grensskeidings tussen die verskillende distrikte en die uiters nadelige invloed wat dit op die Bastergemeenskap gehad het. So swartgallig was eerwaarde Lutz

⁶ VEM, A/a 4 Lit D, Protokollbuch der Rheinische Missions Gesellschaft, 1845-1850, Ausserordentliche Sitzung der Deputation, Januar 1850.

⁷ VEM, B/CI 19, Lutz, Tagebuch No 14 von J.H. Lutz vom 5-12-1849 bis 22-4-1850, Lutz-Herr Inspektor, Amandelboom, 31-1-1850; VEM, A/c 9, Lit D, Copier Buch, 1848-1856, Deputation-Alheit, Elberfeld/Barmen, 14-2-1848; Des 1849.

⁸ VEM, C/c 3 2.389, Missionars Konferenzen im Kapland (General und Spezialkonferenzen) Protokollen, 1834-1864, Auszug aus Bruder Lutzens Brief an Bruder Zahn, Amandelboom, 14-7-1847.

⁹ VEM, B/CI 19, Lutz, Tagebuch No 14 von J.H. Lutz vom 5-12-1849 bis 22-4-1850, Frau Alheit-Deputation, Amandelboom, 22-12-1847, "Giebt Nachricht von ihre Reise nach Amandelboom, Dort is sie bei Lutz geblieben"; Ibid., Tagebuch No 13 von J.H. Lutz vom 15 Nov bis 3-12-1849, "Alheit nach den Kareeborgen nach Schietfontein."

¹⁰ Ibid., Tagebuch No 13 von J.H. Lutz vom 15-11-1847 bis 3-12-1849, "Messungen-Gefahren für den Bastards von Grootfontein und Amandelboom; "Hiobspost."

oor die feit dat hulle in sy woorde, die “speelbal” tussen die siviele kommissaris van Beaufort-Wes, Clanwilliam en die boere geword het, dat hy op die punt gestaan het om hele Amandelboomsending af te gelas. Dit was slegs ‘n uitdruklike opdrag van die direksie dat die gemeenskap nie in hul uur van nood in die steek gelaat moes word nie wat hom nog enigins aan die gang gehou het.¹¹

Die opsie om weg te trek, is voorafgegaan en op die spits gedryf toe ‘n nuwe vlaag gerugte oor verpagtings in die omgewing van Amandelboom teen Desember 1849 soos ‘n veldbrand onder die Amandelboomgemeenskap versprei het.¹² Tydens ‘n besoek aan eerwaarde Alheit op Schietfontein het eerwaarde Lutz toevallig daarvan te hore gekom dat groot gedeeltes van die sogenaamde Amandelboomtrekvelde op 17 Desember 1849 op Beaufort-Wes verpag sou word. Sy eerste reaksie was om dit as net nog ‘n kwaadwillige gerug af te maak. Amandelboom en omstreke het immers nog “amptelik” onder die Clanwilliam-distrik geval. In hierdie distrik was daar nog geen sprake van verpagtings nie en het die stelsel van weilisensies nog gegeld. Die gerug is egter vanuit sendelinggeledere gerugsteun. Daarom kon dit nie soos in die verlede doodgevoorn geïgnoreer word nie. Eerwaardes Leipoldt en Fisser van Wuppertal het tydens ‘n besoek aan Clanwilliam die “nuwe” distrikskaarte onder oë gekry. Volgens hierdie kaarte was die gebiede wat verpag sou word inderdaad binne die Amandelboom-trekvelde. Die twee sendelinge het dit goed gedink om hierdie “nie amptelike” inligting inderhaas na hul Kareebergkollegas deur te gee, voordat dit in die blanke distrikte algemeen rugbaar sou word. Op hierdie wyse kon die Kareebegsendelinge voorbereid wees op die stormloop wat ongetwyfeld sou volg as dit onder die blanke ingesetenes van die aanliggende distrikte bekend sou word dat groot gedeeltes van die gesogte Amandelboom-trekvelde verpag sou word.¹³

Begryplikerwys het hierdie inligting ‘n vloedgolf van verontwaardiging onder die Basters en ‘n nuwe tydvak van intense onsekerheid vir die sendelinge ontlok. Dit het eerwaarde Lutz heeltemal te bowe gegaan dat die regering hoegenaamd so iets sou kon toelaat. Die “skandalige” wyse waarop daar na die grensuitbreiding met die belange van die Basters omgegaan is, het dit andersyds ook nie heeltemal onmoontlik gemaak dat die verpagtings, wat tot die gewisse ondergang van die Amandelboomgemeente sou lei, tog wel sou gebeur nie. “Alles is vrywel moontlik”, skryf eerwaarde Lutz, “veral omdat ons alle guns en genade by die regering verloor het en uiteindelik geen geregtigheid nie, maar willekeur en geen liefde nie, maar geldgierigheid regeer.”¹⁴ Na rype beraad is daar besluit om ten minste Amandelboom self by die verpagting te probeer bekom sodat die sending self nog ‘n kans gestaan het om te oorleef. Inderhaas is sewentig pond onder die Basters bymekaar geskraap en drie afgesante na Beaufort-Wes gestuur. Die verpagting van die Amandelboomtrekvelde sou op 17 Desember 1849 plaasvind. Na die vertrek van die afvaardiging het daar nogmaals ‘n gespanne afwagting en bedruktheid op Amandelboom geheers, soveel te meer omdat feitlik almal daarvan oortuig was dat dit net ‘n kwessie van tyd was voordat die hele Kareebegsending sou misluk. Op die dag van die verpagting skryf eerwaarde Lutz mismoedig, maar terselfdertyd vol geloof in sy dagboek: “Wat sal die Christuskind tog vir ons bring? Met ons gebede en deur die groot barmhartigheid van God durf ons al by voorbaat sê:

¹¹ Ibid., Tagebuch No 14 von J.H. Lutz vom 5-12-1849 bis 22-4-1850, “Beabsichtigte Verpachtung des Feldes von Amandelboom.”

¹² Ibid., Tagebuch No 13 von J.H. Lutz vom 15-11-1847 bis 3-12-1849, “Hiobspost.”

¹³ Ibid., Tagebuch No 14 von J.H. Lutz vom 5-12-1849 bis 22-4-1850, “5 Dec 1849.”

¹⁴ Ibid., “5 Dec 1849.”

die Christuskindjie bring dalk vir ons iets goeds en beter as wat ons verwag het.”¹⁵

Die uitslag van die voorgenome verpagting was inderdaad baie beter as wat die swartgallige Lutz verwag het. Aan die ander kant was dit egter nog lank nie so voordelig as wat hulle dit uiteindelik uitgemaak het nie. Die Amandelboom-afvaardiging wat op Beaufort-Wes by ds Fraser tuisgegaan het, is besonder vriendelik deur siviele kommissaris Meintjies ontvang. Nadat Meintjies die pleidooi van die Amandelboombasters aangehoor het, het hy onverwags ‘n voorstel gedoen wat die toekoms van die Amandelboomsending vir ten minste nog een jaar sou waarborg. Ingevolge hierdie voorstel kon die Basters vir een jaar lank vrye gebruiksreg op die Amandelboomgebied geniet. Eers na ‘n jaar sou die gebied moontlik weer vir verpagting in aanmerking kom.

Die afvaardiging was buite hulself van vreugde oor die onverwagte meevaller en het hulle huis toe gehaas om die goeie tyding oor te dra. Die vreugde was soveel te meer omdat die afvaardiging in ieder geval bevrees was dat die bedrag wat hulle bymekaargeraap het vir die verpagting van Amandelboom eintlik hopeloos te min sou wees.¹⁶ Van die omliggende blanke boere van die Hantam het juis al telkemale teenoor die sendelinge te kenne gegee dat hulle so begerig was om Amandelboom te kon bekom, “dat hulle die broeke daarvoor sou uittrek.”¹⁷

Onder die blanke boere van veral die Beaufort-Wes-distrik het die verpagting en veral Meintjies se “weldaad” teenoor die Kareebergbasters, ‘n ongekende vlag woede ontketen. Toe van die Nuweveldse boere dit te hore gekom het dat die Basters vir ‘n volle jaar lank sonder betaling verbruiksreg in die gebied verkry het, het hulle soos een man saamgestaan en geweier om enige paggelde vir weidingsreg in die nuwe gebied te betaal. So het daar van die hele verpagtingstorie eintlik heeltemal niks tereggekome nie. Die uiteinde van die saak was dat beide die Basters en hul blanke mededingers vir die volgende jaar vrye gebruiksreg in die oostelike gedeelte van die Kareeberge geniet het.¹⁸

Wat die sendelinge as ‘n onbaatsugtige weldaad van siviele kommissaris Meintjies beskou het, het egter ‘n angel in die stert gehad. In werklikheid is die verpagting van die Amandelboomtrekvelde bloot vir ‘n jaar uitgestel. Siviele kommissaris Meintjies het dit trouens baie duidelik teenoor die afvaardiging gestel dat hulle “nomadiese lewensstyl” hom glad nie aangestaan het nie. Hy het dit onomwonde in die vooruitsig gestel dat die hele gebied binnekort opgemeet en verpag sou word. Die drie afgesante van Amandelboom is trouens deur Meintjies aangeraai om by voorbaat “rekweste” uit te neem op daardie gebiede wat na die jaar grasie, verpag sou word. Op sy voorstel is rekweste op 16 verskillende fonteine in die omgewing van Amandelboom geregistreer. Die leier van die afvaardiging, Adriaan van Wyk, het byvoorbeeld by dié geleentheid sy rekwes op die plaas Grootfontein geregistreer. Op aandrang van ds. Fraser het nog 40 Basters van Amandelboom na die tuiskoms van die afvaardiging hulle na Beaufort-Wes gehaas om hul rekweste te laat registreer. Vir elke rekwes moes 15 sjielings betaal word. Ten opsigte van Amandelboom self is besluit om die rekwes in die naam van die Rynse Sendinggenootskap te laat registreer.¹⁹ Later sou dit blyk dat hierdie besluit problematies was omdat die regering volgens

¹⁵ Ibid., “17 Dec 1849, Montag Abend.”

¹⁶ Ibid., “Zurückkunft der drei Abgesandter von Beaufort, Resultat ihrer Sendung.”

¹⁷ Ibid., “22 Jan, Feindschaft der Benachbarten Bauern.”

¹⁸ Ibid.

¹⁹ Ibid., “Zurückkunft der drei Abgesandter von Beaufort - Resultat ihrer Sendung.”

eerwaarde Lutz nie meer so geneë was om enige grondgebied in die naam van 'n sendinggenootskap te registreer nie. Om die probleem te omseil, het eerwaarde Lutz besluit om die rekwe vir Amandelboom in sy naam te laat registreer en dit later weer as geskenk aan die genootskap af te staan.

'n Uiters negatiewe aspek rakende die mislukte verpagtingspoging was dat dit onderlinge verhoudinge tussen die verskillende groepe in die Kareeberge tot 'n nuwe laagtepunt laat tuimel het. Die feit dat die Basters daarin kon slaag om nie minder nie as 56 rekweste in die gebied te registreer sonder dat die blanke boere van die gevestigde distrikte vooraf kennis daarvan gedra het, was iets wat hulle blind van woede gemaak het. "As die boere reeds vroeër kwaad vir ons was", skryf eerwaarde Lutz, "dan is hulle dit nou nog veel meer. Ons het nou reg rondom ons almal tot vyand."²⁰ Dit blyk dat die grootste vyandigheid van die Hantam gekom het. Vir die groot veebesitters van hierdie distrik was dit gebiedend noodsaaklik dat geen fonteine in die Agterveld in die hande van individuele pagters moes beland nie. Soveel onmin het op hierdie stadium in die buiteveld tussen die Basters en blanke veeboere oor hierdie aspek voorgekom, dat die sendelinge se dagboeke feitlik oorheers word deur inskrywings oor die toenemende versleggende onderlinge verhoudinge.²¹

Dit was op hierdie tydstop dat die opsie om uit die gebied weg te trek vir die Kareebergsendelinge vir die eerste keer werklik ernstig op die voorgrond getree het. Eerwaarde Alheit het die leiding in die hervestigingsplanne geneem, waarskynlik om die volgende redes: Eerstens, omdat die Schietfontein-Xhosa en veral die Xhosa-gemeenskap op die Pramberge in hierdie stadium die grootste gevaar geloop het op blanke verdringing. Tweedens, omdat selfs gewapende skermutselings al hoe meer tussen die strydende partye in die omgewing van die Pramberge begin voorkom het. In 'n brief aan eerwaarde Lutz berig Alheit dat die moontlikheid om iewers verder noord na 'n meer geskikte plek vir sy versplinterde kudde te soek, die enigste werklike oplossing vir die verdringingsprobleem was. Op 20 Januarie 1850 sou hy met 15 gemeentede op 'n verkenningsstog na die Oranje vertrek en Lutz se voorbidding op die planne versoek. "As die Here Sy seëning op die planne gee", skryf hy, "dan verlaat ons hierdie gebied in vrede; so nie, dan sit ons maar doodstil hier totdat ons weggejaag word."²²

Op 23 Februarie het eerwaarde Alheit vol planne van sy verkenningsstog van die Oranje teruggekeer. In 'n brief aan die direksie blyk dit dat die Amandelboomsendelinge, net soos eerwaarde Alheit, toenemend die oplossing van hul grondprobleme in die verlating van die Kareeberge gesien het. Trouens, dit blyk dat eerwaarde Lutz en Beinecke in gespanne afwagting op Amandelboom op die uitslag van Alheit se verkenningsstog gesit en wag het voordat hulle enige definitiewe planne vir die hervestiging van die Basters sou begin maak. Vir eerwaarde Alheit was die drie weke lange verkenning aan die Benede-Oranje so suksesvol dat hy daarin ook ietwat van 'n geestelike openbaring gesien het: "Toe die getroue Heer aan die einde van verlede jaar gesien het dat ons harte terneergedruk was en ons blik op donker wolke wil verminder, het Hy 'n genadige ster van hoop oor die horison van sy arbeidskruis laat opkom", skryf hy opgewonde.²³ Die uitslag van die verkenningsstog het soveel moontlikhede ingehou, dat dit nie

²⁰ Ibid., "22 Januar, Feindschaft der Benachbarten Bauern."

²¹ Verskeie inskrywings. Sien oa: Tagebuch No 14 von J.H. Lutz vom 5-12-1849 bis 22-4-1850 en Tagebuch No 15..., vom 21-4-1850 bis 3-9-1850.

²² Ibid., Tagebuch No 14 von J.H. Lutz vom 5-12-1849 bis 22-4-1850, "22 Januar, Feindschaft der Benachbarten Bauern."

²³ Ibid., "Resultat der Reise Br Alheits nach Oranjefluss."

alleen die Amandelboomsendinge met nuwe moed vervul het nie, maar wat die Beaufort-Wes-distrik in sy geheel betref, selfs twee van die mees knellende probleme van die streek met een slag sou kon oplos.²⁴

In die eerste plek sou 'n grootskaalse volksverskuiwing van die Xhosa nie alleen die grondprobleme, waaroor toenemend botsings voorgekom het, oplos nie, maar dit was terselfdertyd die ideale geleentheid om al die Xhosa-splintergroepe aan die Noordgrens op een plek te konsolideer. Indien 'n geskikte plek vir so 'n hervestiging verkry kon word, sou dit al die Xhosa van die Pramberge, Schietfontein en Prieska onder die mantel van die Rynse Sendinggenootskap verenig.²⁵ Uiteraard sou dit 'n mate van beheer oor die groep te weeg kon bring. Dit sou maar alte welkom wees omdat die Pramberggroep na blanke oordeel te veel met hul geesgenote aan die Oosgrens geassosieer het.²⁶ Voorts was dit ook die hoop dat indien die Xhosa in 'n meer waterryke streek hervestig kon word waar intensiewe landbou moontlik sou wees, dit hulle uiteindelik minder afhanklik sou maak van ekstensiewe veeboerdery. Dit sou op sy beurt die alewige trek agter water en weiding uitkakel.

Uiteraard was die sending se geesdrif oor hierdie vooruitsig nie sonder bymotiewe nie. Eerwaarde Alheit, meer as enigiemand anders, was vasbeslote om sy gemeente in 'n gevestigde, klein Christelike gemeenskap te verander. In hierdie stadium het eerwaarde Alheit, net soos sy geesgenote op Amandelboom, nog die effens naïewe plan gehandhaaf dat dit iewers aan die Noordgrens tog moontlik sou wees om die rondswerwende veeboere in meer gevestigde landbouers te verander. Hoewel eerwaarde Alheit en sy afvaardiging uiters vriendelik ontvang is deur sommige gemeenskappe aan die Benede-Oranje, soos die Koranas en die Griekwa, was sy planne om die Xhosa-gemeenskappe te hervestig doodgewoon 'n onuitvoerbare hersenskim.²⁷

In wese het eerwaarde Alheit 'n strook land van ongeveer 42 km aan die suidelike oewer van die Oranje geïdentifiseer waar, deur middel van 'n ingewikkelde kanaalstelsel, die moontlikheid van 'n gevestigde gemeenskap bestaan het. Die huidige Prieska, wat oor die sterkste fontein beskik het, sou as middelpunt van die gemeenskap dien. Hoewel die omliggende dele relatief droog was, het die talle rivierlope en klowe weiding vir 'n aansienlike aantal vee gebied. As 'n kanaal ongeveer 15km van Prysskiet uit die Oranje gemaak kon word, het dit groot potensiaal vir intensiewe akkerbou en 'n gevestigde gemeenskap ingehou.²⁸

Eerwaarde Alheit se hervestigingsplanne het groot opgewondenheid in beide regeringskringe en sendinggeledere veroorsaak.²⁹ Hoewel die hervestiging van die Xhosa-groepe eintlik niks met die Bastergemeenskap op Amandelboom te make gehad het in die sin dat hulle nie daarby ingesluit

²⁴ KAB, 1/BFW 9/4, Letters received from the Colonial Office, Memorial of C Alheit, 22-2-1850; CO 2883, Copy of a Memorial from the Colonial Office, 7-9-1850.

²⁵ E. Anderson, *History of...*, pp. 78-79.

²⁶ Vir meer oor botsings tussen die Pramberg-Xhosa en hul blanke bure asook die paniek wat hierdie verwickeling in die Victoria-distrik veroorsaak het, sien: *Berichte der RMG*, No 5, Barmen, 8-3-1852, pp. 68-72.

²⁷ KAB, 1/BFW 9/57, Letters received from Clergymen, Missionaries and Church Officials 1819-1876, Alheit-Meintjies, 8-2-1850.

²⁸ KAB, 1/BFW 9/4, Letters received from Colonial Office, Memorial of C. Alheit, 22-2-1850.

²⁹ VEM, C/e 1c 2.483, Zur Geschichte der Kapmission: Erste Korrespondenz Einzel Schriftstücke, 1831-1870, c/f 12.1, 1.485, Korrespondenz mit dem Colonial Office, Cape Town 1839-1905, Montagu-Alheit, Kaapstad, 15-10-1850; VEM, A/a 4, Lit D, Protokollbuch der Rheinische Missions Gesellschaft, 1845-1850, Sitzung der Deputation, Novbr 1851, März 1852; VEM, C/c 8 a, Bd 1, 1829-1851, Präsesakten Korrespondenz, Deputation-Kareeberg Brüder, Barmen, 10-2-1851; E. Anderson, *History of ...*, pp. 78-87.

was nie, het dit tog aan die mismoedige Amandelboomsendinge die vooruitsigte gebied om 'n soortgelyke oplossing vir hul eie probleme te probeer vind. In 'n brief aan die direksie skryf eerwaarde Lutz dat eerwaarde Alheit van mening was dat 'n soortgelyke opsie in elk geval ook binne die afsienbare toekoms noodwendig hulle voorland sou wees. Aangesien die direksie eerwaarde Lutz so pas beveel het om nie die Bastergemeenskap in die steek te laat nie, skryf hy, was hy veral verheug oor die idee om elders nader aan die Oranje 'n heencome vir die Bastergemeenskap te probeer vind. Hierdie moontlike vooruisig het hulle met nuwe inspirasie vervul.³⁰ Soveel te meer aangesien die vyandskap teenoor die sending byna daaglik toegeneem het. Op 31 Januarie 1850 het eerwaarde Lutz byvoorbeeld aan die direksie geskryf dat die feit dat die Amandelboombasters registrasies op 56 fonteine bekom het nog voordat die blanke boere van die moontlikheid daarvan te hore gekom het, hulle so woedend gemaak het dat die Hantam se boere uit pure woede die hele Bastergemeenskap, insluitende die sendelinge, met "huid en haar kon opvreet."³¹

Of die Basters inderdaad die gebiede wat hulle as rekweste geregistreer het uiteindelik wel sou bekom, was egter nog geen uitgemaakte saak nie. Die agterdogtige eerwaarde Lutz was van mening dat daar nog heelwat "intrigenen" by die saak kon gebeur. Hy was nietemin verheug daaroor dat hy ten minste Amandelboom self in sy naam kon laat registreer. As die opmetings sou voortgaan, het hy hoopvol aangevoer, sou nie alleen die fontein self nie, maar ook 3000 morg aangrensend tot die besittings van die Rynse Sendinggenootskap gevoeg word. Dit alles sou die genootskap self slegs twintig pond uit die sak jaag wat eintlik net die opmetingskoste gedek het. "Das war ein Spottgeld", het hy selfvoldaan aangevoer.³² Tog was daar nog baie onsekerhede rondom die aangeleentheid: "Ons wag nou in gespanne afwagting op die dinge wat kom. As die Engelse regering so laag sou daal om so 'n grond-huis-dorp-diefstal te begaan en ons van skool, huis, tuin en alles wat ons bereik het sonder meer sou wegjaag, sonder om enige verdere voorsorg vir ons te tref, moet 'n mens dan nie die godskreierende sonde aan die hele wêreld bekendmaak nie of selfs 'n versoekskrif direk aan die koningin self rig nie?"³³

Die steeds toenemende betrokkenheid van siviele kommissaris Meintjies by die aangeleentheid op Amandelboom, al die verpagtingstories in die Amandelboomtrekvelde en sendingpogings om elders 'n heencome vir die verdronge Xhosa- en Bastergemeenskappe te verkry, was bloot wanhopige reaksie op wat besig was om in die Beaufort-Wes-distrik te gebeur. Die magtige wolksektor het steeds meer verarmde vleisprodusente in die rigting van die Xhosa- en Bastergebiede gedruk. Die probleme wat as gevolg daarvan ontstaan het, het siviele kommissaris Meintjies terselfdertyd al hoe meer in 'n hoek gedryf. Die ongedefinieerde grensskeiding tussen die Clanwilliam- en Beaufort-Wes-distrikte het aan Meintjies die geleentheid gebied om siende blind op die gebied van die Basters te oortree ten spyte daarvan dat die grootste gedeelte van die Amandelboom-trekvelde onder die Clanwilliam-distrik geval het. In 'n sekere sin het siviele kommissaris Meintjies, in 'n poging om sy eie ontevrede onderdane ietwat te paai, sy hand as't ware oorspeel. Dit het ten minste twee uiters belangrike gevolge gehad.

³⁰ VEM, B/C 19, Lutz, Tagebuch No 14 von J.H. Lutz, vom 5-12-1849 bis 22-4-1850, Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 31-1-1850; VEM, A/a 4, Lit D, Protokollbuch der Rheinische Missions Gesellschaft, 1845-1850, Sitzung der Deputation, 13-1-1851, "Stationen Schietfontein und Amandelboom nach den Grossfluss verlegt."

³¹ Ibid., Tagebuch No 14 von J.H. Lutz, vom 5-12-1849 bis 22-4-1850, Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 31-1-1850, sien bylae tot brief.

³² Ibid., Lutz-Deputation, Amandelboom, 31-1-1850.

³³ Ibid.

In die eerste plek het die moontlike verpagting van sekere fonteine in die omgewing van Amandelboom, wat streng gesproke onder die lisensiestelsel van Clanwilliam geval het, groot onmin in blanke geledere van die Hantam veroorsaak. Die blote feit dat die Bastergemeenskap geregistreerde rekweste op hierdie allerbelangrike fonteine verkry het en die moontlikheid, hoe gering ook al, dat dit in individuele besit kon val na Meintjies se jaar van “grasie”, het die hele Hantamgemeenskap die harnas in gejaag. Hulle het hul woede in die eerste plek voorspelbaar op die Bastergemeenskap uitgehaal. Ongetwyfeld het van die Basters van hul twyfelagtige geregistreerde rekweste gebruik gemaak om van die veeboere uit die Hantam-distrik met weilisensies van die allerbelangrike waterbronne weg te hou. Uiteraard het dit konflikte tot nuwe hoogtes aangeblaas. Vir eerwaarde Lutz was die ontstellende toename in hierdie voorvalle ‘n groot bron van kommer. Volgens hom het feitlik geen veldkornet van die Clanwilliam-distrik enige steen onaangeroer gelaat om die voorgenome opmeting van die Agterveld met alle mag en krag teen te staan nie. Feitlik deurgaans is daar aangevoer dat algehele bankrotskap hul voorland sou wees as hulle nie meer toegang tot die gebied sou kon verkry nie. Almal was dit eens dat die hele gebied steeds vrye veld moes bly. Die boere van die Hantam was trouens só ontsteld, dat hulle die hele ongelukkige verloop van sake voor die deur van siviele kommissaris Van Ryneveld van Clanwilliam, die “lamsakkige” regering, maar veral die verraderlike sendelinge gelê het: “Wat ons grond aan betref is alles op die oomblik hier in rep en roer”, het eerwaarde Lutz op hierdie tydstep aan die direksie geskryf. “Die grondkwessie is alreeds ‘n groot twisappel. Ons baklei egter met niemand nie. Ons bekyk die bakleiery maar net so rustig en vra liever die Here vir ‘n oplossing. In elk geval het die Basters vir hierdie jaar ten volle vrye gebruik van die grondgebied wat hulle gewoonlik gebruik.”³⁴

Soveel ontevredenheid het in die Clanwilliam-distrik geheers oor die moontlike verpagting van weidingsgebied in die Amandelboom-agterveld, dat die konstante stroom protesbewegings vanuit die Hantam uiteindelik die regering tot ‘n halfhartige poging gedwing het om in die saak in te gryp. In April 1850 het eerwaarde Lutz ‘n brief van siviele kommissaris Van Ryneveld van Clanwilliam ontvang waarin dit duidelik blyk dat al die protes teen die verpagting van sekere gebiede in die Agterveld die aandag van die goewerneur begin geniet het. Volgens inligting wat van Van Ryneveld ontvang is, het dit duidelik geblyk dat die goewerneur steeds die hele Agterveld as gemeenskaplike weidingsgebied wou behou. Die lisensiestelsel sou ook steeds van toepassing bly. Skynbaar is soveel teenstrydige berigte egter oor verpagting in die streek by die regering aangemeld, dat die goewerneur opdrag gegee het om so spoedig moontlik van die ware toedrag van sake op hoogte gebring te word. Elkeen van die veldkornette in die grensdistrikte is daarom opdrag gegee om ‘n volledige lys saam te stel van al hulle ingesetenes wat ‘n “swerwersbestaan” gevoer het, of gereeld met hul vee na die Agterveld getrek het. Ook eerwaarde Lutz moes ‘n volledige lys inlewer van die aantal familiehoofde wat tot die instituut behoort het en die tydperk wat hulle alreeds in die gebied woonagtig was. Voorts moes die presiese aantal veebesit van die hele Amandelboomgemeente bepaal word. Eerwaarde Lutz is ook opdrag gegee om ‘n lys te verskaf van al die fonteine, waterkolke en ander water wat tot die Agterveld behoort het. Veral van belang was of van hierdie waterbronne verpag was, al dan nie. Ten opsigte van die fonteine wat nog nie verpag was nie, was dit van die uiterste belang dat die inligting so noukeurig moontlik moes wees.³⁵

Toe eerwaarde Lutz sy opdragte ontvang het, het hy dadelik ingesien dat die regeringsinmenging

³⁴ Ibid.

³⁵ Ibid., Lutz-Deputation, Amandelboom, 23-4-1850.

in die Agterveld tot 'n groot mate 'n reaksie was op die feit dat siviele kommissaris Meintjies sy hand begin oorspeel het met die opmeting van gronde in die Amandelboom- en Schietfontein-omgewings. Van hierdie gebiede het immers streng gesproke onder die Clanwilliam-distrik geressorteer. Juis daarom het hy daarop aangedring dat die regering ook 'n lys moes bekom van alle fonteine wat deur die siviele kommissaris van Beaufort-Wes verpag is, in watter velde en aan wie dit verpag is. Eerwaarde Lutz het bitsig aangevoer dat dit juis die growwe grenskendings van die Beaufort-Wes-distrik was, wat tot dusver gemaak het dat hulle steeds met ontoereikende sendingfasiliteite oor die weg moes kom. Hy het bygevoeg dat 'n behoorlike kerk dringend noodsaaklik was. Selfs 'n eenvoudige kamertjie, waar hy in stilte sy werk kon doen, was al broodnodig. Weens al die onsekerhede moes alle planne vir ordentlike sendinggeboue op Amandelboom tot op datum egter steeds agterweë gebly het.³⁶

Die statistieke wat in opdrag van die regering deur die onderskeie veldkornette ingedien is, skets die ware verhaal van hoe erg blanke indringing uit die aanliggende distrikte vir die Basters moes gewees het. Afgesien van hul eie veebesit wat op 60 000 stuks kleinvee alleen geskat is, het nog etlike duisende blankes van die omliggende streke jaarliks die gebied ingetrek. Uit die wyk van veldkornet Bergh (Rhenosterrivier) alleen het jaarliks nie minder nie as 31 families die Kareeberge ingetrek. Die totale veebesit van hierdie groep was 32 000 skape en bokke, asook 700 perde en beeste. Die meeste van hierdie intrekkers het saam met die Basters in die omgewing van die belangrikste fonteine rondgetrek. As in aanmerking geneem word dat talle inwoners van ander wyke ook jaarliks in die Kareeberge ingetrek het, skets dit nie alleen 'n beeld van die groot-skaalse verdringing van die Basters nie, maar ook die geweldige druk wat op die omgewing geplaas is.³⁷ Veral ten opsigte van laasgenoemde het eerwaarde Beinecke al in 1846 opgemerk dat dit volgens sommige Basters wou voorkom asof die veld jaarliks al hoe meer agteruit gegaan het, kompleet "asof dit tot 'n einde neig."³⁸

Regeringsinmenging in die grondgeskille van die Kareeberge het weliswaar nie hierdie probleme opgelos nie. Nietemin is vordering gemaak om siviele kommissaris Meintjies se ongemagtigde oorskryding van sy ongedefinieerde distriksgrense aan bande te lê. Die werklike resultaat hiervan was dat blanke veeboeruitbreiding in die Beaufort-Wes-distrik nog méér aan bande gelê is.³⁹ Dit het op sy beurt weer die fokus op indringing in tradisionele Xhosa-gebied op die spits gedryf. Veral die Pramberg Xhosa-gemeenskap, asook die Schietfontein-Xhosa, het op hierdie tydstip groot probleme met 'n toenemende aantal blanke indringers uit die Beaufort-Wes-distrik ondervind. Toe hierdie probleme saamgeval het met eerwaarde Alheit se voorstelle van hoe 'n hervestigingsplan die meeste van hierdie probleme kon oplos, het sy opgewondenheid oor die voorstel ook na die regering begin oorspoel. Alheit se voorstel, dat die voorgenome grondgebied aan die Oranje vir die Schietfontein- en Pramberg-gebied verruil kon word, het dit ongetwyfeld vanuit die perspektief van die regering 'n uiters aantreklike oplossing vir die probleem gemaak.

³⁶ Ibid.

³⁷ KAB, 1/BFW 9/52, Letters received from field cornets and Justices of the peace 1847-1860, W.J.A. Bergh-siviele kommissaris Beaufort-Wes, Rhenosterrivier, 22-5-1850. Die gebied waar hierdie mense getrek het, het die volgende fonteine bevat: Rygersgat, Kafferskraal, Walkraal, Banksfontyn, Leeukrans, Klyne en Grootte Meestersklip, Grootfontein, De Dam, Paardenkloof, Coega, Kapaterskuyl, Broeklosfontyn of Broekrosfontyn, Goraas, Schuinshoogte, Elandsfontyn, Van Reenensplaas, Blauwcyfer, Oorlogskloof, Moordenaarsfontyn, Witfontyn, Koffiewater, Koppiesfontyn, Nobelsfontyn, Kromkuil, Palmietsfontyn, Beerkraal, Biesiespoort en Spuytfontein.

³⁸ VEM, B/C I 23, Beinecke, Beinecke-Deputation, Amandelboom, 26-7-1846.

³⁹ Vir talle verwysings na ontevredenheid onder boere oor grond en Xhosa-groepe, sien oa: KAB, 1/BFW 9/52, Letters received from field cornets and Justices of the peace, P.G. Poggenpoel-Meintjies, Houdembek, 16-8-853; 21-11-1853; A.S. Karstens-Meintjies, Victoria, 5-7-1855; 11-7-1855 ens.

Hoewel eerwaarde Alheit so 'n "ruiltransaksie" verkies het, was hy selfs bereid dat die gemeenskap vir die opmetingskoste van die nuwe gebied sou betaal en het hy hulle ook tot 'n aansienlike jaarlikse huurgeld verbind. As die regering egter daarop sou aandring dat die 1844-wetgewing, ingevolge waarvan onuitgegewe kroongrond aangekoop moes word, van toepassing sou wees, dan sou die insetprys van twee sjielings per akker buite bereik vir die Xhosa-gemeenskap gewees het. In sodanige geval sou die Rynse genootskap dit oorweeg om die grondgebied self aan te koop.⁴⁰

Nadat eerwaarde Alheit persoonlik sy voorstel aan die regering voorgelê het, was die goewerneur, sir Harry Smith, kennelik tevrede met die sendeling se voorstel van 'n ruiltransaksie. Weens sekere voorbehoude van die regering is die hele plan egter onderhewig gestel aan meer inligting. Die presiese grootte van die voorgestelde reservaat moes eerstens vasgestel word. Voorts moes vasgestel word of die gebied alreeds bevolk was en indien wel, of van hierdie mense hervestig sou moes word. Voorts het die goewerneur ook meer inligting verlang oor die regeringstruktuur en administrasie van die voorgestelde gemeenskap.⁴¹ Volgens eerwaarde Alheit was die goewerneur se kommer geen onoorkombare probleem nie. Trouens, die statistieke wat hy aangehaal het van hoeveel vee vanaf Schietfontein en die Pramberge alleen na die nuwe reservaat verskuif sou word, was 'n sekere aanduiding dat indien die plan sou realiseer, dit aansienlike verligting sou bring vir die vasgekeerde vleisprodusente van die Beaufort-Wes- distrik. Alheit het beraam dat in totaal ongeveer 900 siele met 50 000 skape en bokke en 5 000 beeste vanaf die Pramberge en Schietfontein alleen verskuif sou word.⁴² Ongetwyfeld het van die boere in die Nuweveld wat met die groot troppe vee van die Xhosa om die beperkte bronne van die streek moes kompeteer, reikhalssend daarna uitgesien dat die vertrek van soveel vee vir hulle aansienlike verligting en selfs nuwe moontlikhede sou kon bied.

Siviele kommissaris Meintjies, aan wie die taak opgedra is om die hele plan en die uitvoerbaarheid daarvan te ondersoek, het egter om verskeie redes gesloer met sy opdragte.⁴³ Teen laat 1852 het die saak nog feitlik geen aandag van sy kantoor geniet nie. Tydens hierdie vertraging het 'n algemene gevoel van wrewel teenoor die Xhosa in blanke geledere byna daaglik toegeneem. Die oorwegende rede hiervoor was dat die Pramberge-Xhosa sterk met hul geesgenote aan die Oosgrens geïdentifiseer het. Dit het gemoedere in blanke geledere teen hulle dikwels tot breekpunt gedryf.⁴⁴ Gedurende 1852 het die wantroue in blanke geledere teenoor die Xhosa 'n algehele hoogtepunt bereik toe allerlei gerugte oor die Xhosa-profeet, Mlanjeni, in die gebied die rondte begin doen het.⁴⁵ Weens Meintjies se onvermoë om die plan te implementeer, het die

⁴⁰ KAB, 1 BFW 9/4, Letters received from Colonial Office, 1818-1858, Memorial of C. Alheit, 22-2-1850; 1/ BFW 9/57, Letters received from Clergymen, Missionaries and Church Officials, 1819-1876.

⁴¹ Ibid., Montagu-Meintjies, 12-9-1850.

⁴² KAB, CO 2883, Memorial of C. Alheit, Schietfontein, 19-10-1852.

⁴³ KAB, 1/BFW 9/4, Letters received from the Colonial Office, 1848-1851, Montagu-Meintjies, 12-9-1850; 9-6-1851; VEM, A/a 4, Lit D, Protokollbuch der Rheinische Missions Gesellschaft, 1845-1850, Sitzung der Deputation, Juni 1851.

⁴⁴ KAB, 1/BFW 9/4, Letters received from the Colonial Office, 1848-1851, Montagu-Meintjies, 10-7-1851; 17-7-1851; 21-7-1851; 4-8-1851; VEM, Berichte der RMG, No 5, Barmen, 8-3-1852, pp.68-72.

⁴⁵ Vanaf 1852 het talle gerugte oor Mlanjeni en sy buitengewone magte soos 'n veldbrand onder die gekleurdes in die noord-westelike grensdistrikte versprei. Dit het onrus onder feitlik al die Xhosa-inwoners van die streek aangewakker en vir eerwaarde Alheit eindlose probleme veroorsaak. Benewens van sy meer bekende profesieë dat die koloniale magte se ammunisie in water sou verander, het 'n hele aantal ander fabelagtige verhale oor Mlanjeni die rondte begin doen. Eerwaarde Alheit berig bv: "Dit het 'n groot gejubel onder die kaffers veroorsaak dat 'n mens nou sonder enige moeite ryk kan raak. Daar word vertel dat Mlanjeni vier of ses koeie het. As hy honger word, word een van die koeie op die grond gegooi, 'n stuk vleis daaruit gesny en dan word die koei weer losgelaat. Die volgende dag word diesselfde met 'n tweede koei gedoen. En so gaan dit agtermekaar met elk van sy vier of ses beeste. Teen die tyd dat die eerste koei weer aan die beurt kom, het die uitgesnyde

gedagte mettertyd in blanke geledere ontstaan dat die hervestigingsplanne bloot tydelike verligting sou bring. Al hoe meer stemme het begin opgaan dat die Xhosa geheel en al uit die kolonie verdryf moes word - 'n denkrioting wat ongetwyfeld in die Clanwilliam-distrik ook ten opsigte van die Basters geheers het.

Nadat Meintjies in Februarie 1852 uiteindelik die gebied geïnspekteer het, is die verkope van die Schietfontein- en Pramberg-gronde in die staatskoerant geadverteer. Alles het daarop gedui dat die hervestigingsplan uiteindelik sou realiseer. 'n Belangrike struikelblok wat as't ware die hele projek gekelder het, was toe die regering ewe skielik besef het dat die beoogde nuwe hervestiging van die Xhosa-groepe op nie minder nie as 14 350 vierkante kilometer grond geskoei was. Die verkope van die Schietfontein- en Pramberg-gronde is sodoende voorlopig gekanselleer tot tyd en wyl die gebied tot 'n meer realistiese grootte verklein is.⁴⁶

Hoewel Alheit ingestem het tot die verkleining van die voorgestelde reservaat, het hierdie proses talle praktiese probleme opgelewer. Die voorgestelde gemeenskap sou groter bewegingsvryheid moes verkry ten einde die nadelige uitwerking van droogtes teen te werk. Die moontlikheid het selfs bestaan dat daar gereeld in Griekwa-gebied ingetrek sou moes word om voldoende weiding te kon verkry. Dit het sake uiteraard bemoeilik, soveel te meer omdat die vroeëre vriendskapsbande tussen die Kaapse regering en die Griekwas na die dood van Andries Waterboer verval het. Die regering was nie begerig om 'n soortgelyke verdrag met sy jonger opvolger aan te gaan nie. Hierdie houding van die regering het 'n groot gevaar vir die volksverhuising van die Xhosa ingehou. As die vriendskapsbande met die Griekwa nie gehandhaaf kon word nie, sou dit die hele streek destabiliseer as die Griekwa met die nuwe intrekkers in konflik sou kom.

Al hierdie verwickelinge was vir eerwaarde Zahn problematies. As lid van die Kommissie van Ondersoek in 1843, was eerwaarde Zahn so beïndruk met die Kareeberge as sendingveld, dat hy nooit werklik heeltemal oortuig kon word van die meriete van die volksverhuising nie. Een van die hoofdoelstellings van sy inspeksiereis na die Kareeberge in 1853 was dus om hierdie saak meer indringend te ondersoek. Op Schietfontein het tot sy ontseltnis groot tweedrag geheers oor die kwessie of die gemeenskap moes verhuis, al dan nie. In die algemeen was die Xhosa gretig om te verhuis, maar 'n groot aantal Basters wat ook onder die Schietfontein-gemeente geresorteer het, was hewig gekant teen die volksverhuising. Hulle wou eerder op Schietfontein bly. Om meer klarigheid oor die saak te verkry, het Zahn eerwaarde Lutz saamgenooi om die voorgestelde gebied te besoek en eerstehands kennis omtrent die gebied in te win. Die rede waarom eerwaarde Lutz moes saamgaan, was waarskynlik omdat daar gereeld in sendingkringe indirek daarop gesinspeel is dat die Amandelboombasters binne die afsienbare toekoms ook genoodsaak sou wees om elders 'n heenkome te vind.⁴⁷

gedeelte al weer teruggegroeï en dan herhaal die proses homself weer. Nou dit was nou vir jou water op die meul van die Kaffers by Grootrivier! Dat die nuwe eksperiment met hulle beeste nie so lekker wou werk nie, was vir hulle glad nie so vreemd nie. Die mislukkings is daaraan toegeskryf dat hulle nie almal met oorgawe in die profesie geglo het nie. Dit het nietemin 'n herlewing van al die ou gebruike tot gevolg gehad - Westerse klere word weggegooi, boeke, insluitende die Bybel waaruit hulle hier op Schietfontein begin leer het, is verbrand, en die ou heidense danse het weer herleef. Kortom, van die Here Jesus wou hulle niks meer weet nie." VEM, Berichte der RMG, No 19, Barmen, 20-9-1852, "Wie es mit unseren Kaffern steht." (geen p. verwysing); Ibid., 1852, No 13, 28-6-1852, pp. 206-208.

⁴⁶ KAB 1/BFW 9/5, Letters received from the Colonial Office, 1852-1855, Montagu-Meintjies, 27-3-1852.

⁴⁷ Vir 'n volledige verslag van eerwaarde Zahn reis se sien: VEM, C/c 8 b, B2, Präsesakten Korrespondenz, 1852-1857, Deputation-Wallman, 30-11-1854, "Reise von Bruder Zahn nach den Cederbergen, Kareebergen und Prieska am Oranje fluss in Main und Juni 1853"; VEM, C/c 8 a, Bd 1, 1829-1851, Präsesakten Korrespondenz, Deputation-Kareeberg Brüder, Barmen, 10-2-1851; VEM, A/c 9, Lit D, Copier Buch, 1848-1856, Deputation-Stellenbosch Spezial Konferenz, Elberfeld/Barmen, 10-2-1851.

By hulle tuiskoms na die ondersoek aan die Oranje was eerwaarde Lutz minder swartgallig oor die voorgestelde nuwe sendinggebied as sy kollega. Eerwaarde Zahn was na sy besoek aan die voorgenome nuwe tuiste vir die Schietfontein-Xhosa uitgesproke gekant teen die idee. Sonder doekies omdraai het hy tydens 'n vergadering met die Schietfontein-gemeente verklaar: "Die dood en niks anders as die dood het ek daar gevind." Met die superintendent van die Rynse Sendinggenootskap aan die Kaap uiteindelik openlik gekant teen die idee van 'n volksverhuising, het eerwaarde Alheit se ambisieuse planne, wat moontlik nog na Amandelboom kon uitkring, dus weinig kans gestaan om van die grond af te kom.⁴⁸ Voorts is die hele projek ook verder vertraag toe die nuut-aangestelde goewerneur, Cathcart, in 1852 ook eers op hoogte van sake gebring moes word. Een na die ander struikelblok het met gereelde tussenposes die hervestiging verongeluk. Uiteindelik het die droogte in 1853 dit min of meer 'n finale nekslag toegedien.

Intussen is sake ook vanuit 'n ander oord verder gekompliseer. Op 1 Julie 1853 het die Kaapkolonie se grondwet in werking getree waardeur Brittanje verteenwoordigende regering aan die kolonie toegeken het. Die aangeleentheid met betrekking tot die Xhosa-gebied by Schietfontein en die Pramberge het 'n politieke kleur gekry toe die kwessie van blanke indringing in Xhosa-gebied deel geword het van die eerste parlementêre verkiesingstryd wat in 1854 sou plaasvind.⁴⁹ Meintjies se skoonseun, James Christie, wat teen die gewilde en invloedryke sakeman en boer van Beaufort-Wes, J.C. Molteno⁵⁰, in die verkiesing te staan gekom het, se gewildheid by die kieserskorps het 'n aansienlike hupstoot gekry toe siviele kommissaris Meintjies feitlik openlik toenemende blanke indringing op Xhosa-gebiede begin toelaat het. Volgens Anderson het Meintjies in die aanloop tot die verkiesing uit sy pad gegaan om die stemme van die armer veeboersektor vir sy skoonseun te probeer werf. 'n Seker manier om dit te bereik, was om siende blind te wees vir hul oortredings op die gebiede van die Schietfontein- en Pramberg-Xhosa. Juis daarom het hy die opmetings op Karelsgraf, Moordenaarsgat en Kareekloof gemagtig. Dit was alles in navolging van die Brakrivieropmetings wat in 1849 soveel onmin veroorsaak het. Insgelyks het Meintjies ook al hoe meer begin toegee aan die grondeise van die groot kommersiële boere - 'n proses wat bykans sonder uitsondering teen die belange van Alheit se gemeente ingedruis het. Hoewel die Schietfontein-Xhosa alreeds vir etlike jare eksklusiewe verbruiksreg op die gebied geniet het, het siviele kommissaris Meintjies onder druk van talle belangegroepes in die Beaufort-Wes-distrik, mettertyd soveel blanke indringing in die gebied toegelaat dat die situasie uiteindelik net so erg was as op Amandelboom. Talle veeboere het teen 1853 sonder skroom op Xhosa-gebiede oortree, wat dikwels tot groot onmin aanleiding gegee het.⁵¹

Eerwaarde Alheit se hervestigingsplanne vir die Schietfontein- en Pramberg-Xhosa het uiteindelik so ingewikkeld geraak dat dit tot mislukking gedoem was. Op die lange duur het al die ingewikkelde onderhandelinge wat oor jare onsuksesvol voortgesleep het, op niks uitgeloop nie. Uiteindelik het die hervestigingsplan nooit van die grond af gekom nie. Hierdie mislukking was nie alleen vir eerwaarde Alheit 'n gevoelige slag nie, maar in werklikheid het dit ook die

⁴⁸ VEM, BC 123, Beinecke, Beinecke-Väter, Amandelboom, 1-5-1851, "Angelegenheiten von Alheits Kaffern"; VEM, Berichte der RMG, No 3, 1854, "Inspektionsreise nach Wupperthal, Amandelboom und Schietfontein von superintendent Zahn", pp. 36-41; "Von den Karebergen, Wie man dort Land sucht und keins fundet - von Lutz", pp. 136-140.

⁴⁹ J.L. Mc Craiken, *The Cape Parliament, 1854-1910*, p. 17.

⁵⁰ *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, II, pp. 494-497 (J. C. Molteno).

⁵¹ E. Anderson, *History of...*, pp. 85-87.

Amandelboomsendeling diepgaande beïnvloed.⁵² Terwyl die uitgerekte onderhandelinge van eerwaarde Alheit nog aan die gang was, het eerwaarde Lutz heimlik gehoop dat indien die Xhosa suksesvol hervestig kon word, ‘n soortgelyke oplossing uiteindelik dalk vir hul eie probleem ook moontlik sou wees. Toe die mislukking daarvan uiteindelik saamgeval het met die uitbreek van een van die ergste droogtes in menseheugenis (1851-1853), het die Amandelboomsendeling in wanhoop teruggeval.⁵³ Eerwaarde Hardeland, wat op hierdie tyd in die Kareeberge besoek afgelê het, was geskok oor die sigbare mismooheid wat onder die sendeling geheers het. In ‘n brief aan eerwaarde Zahn het hy geskryf dat dit op Schietfontein en Amandelboom sleg gegaan het. So swartgallig was die sendeling oor die gebeure in hulle streek dat dit volgens hom selfs wou voorkom asof hulle “die lus vir hulle roeping verloor het.”⁵⁴

Die enigste reaksie wat eerwaarde Alheit uiteindelik nog uit siviele kommissaris Meintjies ten opsigte van die volksverhuisingsplanne kon kry, was dat die nuut-verkose verteenwoordigende regering binnekort uitsluitel sou verleen oor die hele kwessie van grondbesit, naamlik wie daarvoor in aanmerking sou kom en in watter vorm dit toegeken sou word. Tot tyd en wyl dit gebeur het, het die oostelike gedeeltes van die Kareeberge, net soos die gebiede van die Basters in die weste, grootliks gemeenskaplike trekvelde geword waar onderlinge twis en stryd tussen die kompeterende groepe ‘n alledaagse verskynsel was.⁵⁵

Voordat die nuutverkose verteenwoordigende regering in September 1854 belangrike nuwe grondhervormings aangekondig het, het die Amandelboomsendeling gebuk gegaan onder uiterste onsekerheid oor hul grondbesetting. Dit is vererger deur droogtes en siektes wat terselfdertyd verwoesting onder mens en dier begin saai het. Al die onsekerhede oor die toekoms van die stasie en die moeilike tye wat die gemeente beleef het, het selfs ‘n geestelike agteruitgang op die sendingstasie tot gevolg gehad. Drankmisbruik het in die onsekere tye hand oor hand toegeneem en die sendeling ‘n groot kopseer besorg.⁵⁶ Die ergste was die uitbreek van ‘n hele reeks natuurlike plaes wat die effek van die droogte vererger het. Waar dit plek-plek gereën het, het enorme swerms sprinkane die geringste groenigheid in ‘n ommesientjie opgevrete. Dit wat nog oorgebly het, is verder deur “miljoene” springbokke heeltemal kaal getrap. ‘n Buitengewone siekte, naamlik bloedsiekte, wat oënskynlik van die Oranje na dié gebiede oorgewaaier het en verwoesting onder mens en dier veroorsaak het, het die gemeenskap verder in ellende gedompel. Daarbenewens het ‘n galkoors-epidemie ook onder die inwoners van Amandelboom uitgebreek. In Februarie 1852 het eerwaarde Lutz mismooedig aan die direksie geskryf dat hy so gereeld uitgeroep is na siekes dat hy gedurende die afgelope vyf maande feitlik elke nag in sy klere geslaap het.⁵⁷ Weens die droogte was gewone produkte soos melk, vet, volstruiseiers, heuning en koring feitlik onbekombaar. Dit het die hele gemeenskap tot op die randjie van hongersnood gedryf. “In dié dae lê daar voor ons net ‘n “grausige” woestyn, ‘n huilende wildernis, siektebeelde

⁵² VEM, B/C 119, Lutz, Tagebuch No 16 von J.H. Lutz vom Sept 1850 bis 5-3-1851, “Unser Aufenthalt auf Schietfontein”; VEM, A/a 4, Lit D, Protokollbuch der Rheinische Missions Gesellschaft, 1845-1850, Sitzung der Deputation, Nov 1851, “Nachrichten aus Afrika.”

⁵³ Ibid., Tagebuch No 16 von J.H. Lutz vom Sept 1850 bis 5-3-1851, “12 Des 1850, Reise nach Schietfontein”; Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, Julie 1851; VEM, A/c 9, Lit D, Copier Buch, 1848-1856, Deputation-Lutz, Elberfeld/Barmen, 8-3-1853.

⁵⁴ VEM, C/c 8 a Bd 1, 1829-1851, Präsesakten Korrespondenz, Hardeland-Zahn, 5-6-1851.

⁵⁵ VEM, B/C 123, Beinecke, Beinecke-Väter, Amandelboom, 1-5-1851; 14-8-1851, “Trauriger Zustand der Stationen Amandelboom und Schietfontein.”

⁵⁶ VEM, B/C 119, Lutz, Tagebuch No 15 von J.H. Lutz vom 21 April bis 3-9-1850, “Der Brandweins-Götze in den Karreebergen.”

⁵⁷ VEM, Berichte der RMG, No 25, 13-12-1852, “Hunger und theure zeit auf Amandelboom.”

van alle soorte en velerlei kwaad - dit alles as gevolg van die tweejarige droogte.”⁵⁸

Teen Januarie 1851 het ten minste 100 beeste alreeds in die Amandelboom-omgewing weens die droogte of siekte gevrek. Nog groter verliese onder kleinvee is aangemeld. Erger was dat die handjievool Boesmans wat nog in die Kareeberge oorgebly het, weer begin roof het. By slegs een rooftog is nie minder nie as 40 perde van die Basters geroof.⁵⁹ In Julie 1851 het eerwaarde Lutz aan die direksie berig dat hy hulle geen goeie nuus omtrent Amandelboom kon meedeel nie: “dit is droewige tye, want hierdie jaar het daar donkere dae oor ons gekom. In bykans alle opsigte sien dit werklik “trüblich” om ons heen,” het hy mismoedig vervolgt.⁶⁰ Feitlik al die inwoners van Amandelboom moes weens die droogte wegtrek. Slegs een kwart van die normale getal leerlinge het nog in die skool oorgebly. In menseheugenis het daar volgens hom ook nog nie soveel veevrektes in die gebied voorgekom nie. Tussen 600 en 800 beeste, wat een kwart van die totale grootveebesit uitgemaak het, het alreeds van hongersnood en dors gevrek. In daardie stadium het die meeste Basters alreeds die grootste gedeelte van hul grootveestapel verloor. Selfs onder die kleinvee wat beter aangepas was by die spesifieke omgewing het dit nie veel beter gegaan nie. Een van die meer vooraanstaande Basters het teen Julie 1851 alreeds 2 500 skape en bokke verloor. So erg was die droogte in die streek dat geen slagtersknegte die gebied vir die voorafgaande 6 tot 8 maande besoek het nie. Gevolglik was geld skaars om van die noodsaaklikste lewensmiddele elders aan te koop.⁶¹

Terwyl die Kareeberge deur die geweldige droogte geteister is en alles in die omgewing van die fontein deur sprinkane kaal gestroop is, of deur trekbokke en verhongerde veestapels vertrap is, het die Basters eintlik relatief min las gehad van blanke verdringing. Die enkele, wat net soos die Basters te midde van die droogte ‘n sukkel-swerwersbestaan gevoer het in ‘n poging om hul maer diere aan die lewe te hou, het weens die samebindende krag van die droogte in sommige opsigte ten nouste met die Bastergemeenskap as’t ware saamgesmelt. Op enkele uitsonderings na, wanneer gemoedere hoog geloop het oor die beperkte waterbronne, was dit in hierdie tye amper asof onderlinge verhoudinge ietwat verbeter het. Van die Basters, wie se veebesit feitlik totaal uitgevrek het, het selfs in die aanliggende distrikte by blanke boere in diens getree. Die meeste het geen lone ontvang nie, want hulle het dit verkies om eerder noodsaaklike produkte soos koring en aanteelvee as betaling te ontvang.

In hierdie tye van nood en siekte het eerwaarde Beinecke se homeopatiëse geneesmiddels ook grootliks daartoe bygedra dat verhoudinge met sommige van hul blanke bure verbeter het. So gesog was die mediese dienste van eerwaarde Beinecke, dat mense van heinde en verre gekom het om genesing in sy preparate te soek. Vir elke denkbare kwaal het hy meesal raad of geneesmiddels gehad. Die enigste siekte wat skynbaar redelik algemeen voorgekom het en waarvoor Beinecke geen oplossing gehad het nie, was wat die Basters “de kwade ziekte” of “vuilziekte” genoem het. Selfs uit die aanliggende blanke distrikte waar gemoedere teen die sendelinge dikwels hoog geloop het, het talle by Beinecke vir al hul kwale kom raad soek. “Te midde van

⁵⁸ VEM, B/C 119, Lutz, Tagebuch No 15 von J.H. Lutz vom 21 April bis 3-9-1850, “Die Busschmänner rühren sich wieder”; VEM, B/C 123, Beinecke, Beinecke-Väter, Amandelboom, 17-9-1851; VEM, Berichte der RMG, No 25, 13-12-1852, pp. 385-393, “Geistlicher stand der Gemeinde.”

⁵⁹ Ibid., Tagebuch No 15 von J.H. Lutz vom 21 April bis 3-9-1850, Lutz-Deputation, Amandelboom, Januarie 1851; Tagebuch No 16 von J.H. Lutz vom Sept 1850 bis März 1851, Lutz-Herr Inspector Wallman, Amandelboom, 16-12-1851.

⁶⁰ Ibid., Tagebuch No 16 von J.H. Lutz vom Sept 1850 bis 5-3-1851, Lutz-Herr Inspector Wallman, Amandelboom, Julie 1851.

⁶¹ Ibid.

die knellende droogte,” skryf eerwaarde Lutz, “was dit nogal eienaardig dat drie van ons ergste vyande in blanke geledere een na die ander siek moes word en uiteindelik genoodsaak was om op Amandelboom te kom raad vra.” By eerwaarde Beinecke het hulle genesing gevind wat hul gesindheid teenoor die sending volgens eerwaarde Lutz, “ten minste in uiterlike vertoon,” laat verander het. “Net soos talle voor hulle,” skryf eerwaarde Lutz selfvoldaan, “praat hulle nou heeltemal anders van Amandelboom as gister en eergister.”⁶² In reaksie hierop het die direksie aan eerwaarde Lutz laat weet dat hy by hierdie mense tog duidelik die boodskap moes tuisbring dat dit nie Beinecke se pille en druppels was wat die genesing veroorsaak het nie, maar die Here. As die boere sonder hierdie boodskap weer van Amandelboom vertrek, het hulle gewaarsku, sal die “genesing” van korte duur wees. Dan kon die goeie guns van die mense weer net so in vyandigheid omslaan.⁶³

6.2 Toename in blanke verdringing en intensifikasie van grondgeskille

Die probleem het egter gekom toe dit weer in die gebied begin reën het en die grootskaalse verdringing weer in volle swang begin kom het. Namate eerwaarde Alheit se hervestigingsplanne hoe langer, hoe meer misluk het, het selfs die Amandelboomsendinge opnuut in al hoe dieper mismoedigheid verval toe dit blyk dat die hervestiging van die Xhosa uiteindelik al hoe minder van ‘n werklikheid sou word. Die direksie van die genootskap, daarenteen, wat weens die trae posverbindings nog slegs van die aanvanklike optimistiese planne van eerwaarde Alheit bewus was, het gevolglik die Amandelboomsendinge opdrag gegee om ‘n soortgelyke oplossing vir die Basters te probeer vind. Vir eerwaarde Lutz het hierdie opdrag van die direksie seker op die onmoontlikste tyd gekom. In die eerste plek was die opsie om weg te trek nooit juis gewild onder die Basters nie. Volgens hulle het dit geen oplossing vir hul probleem gebied nie. Die vooruitsig om die Kareeberge te verlaat waar hulle al soveel jare gewoon het, was vir die grootse gedeelte van die gemeente heeltemal onaanvaarbaar,⁶⁴ soveel te meer nog op ‘n tydstip toe hulle vee weens die droogte by die duisende omgekome het. “Nêrens was daar in elk geval enige moontlikheid vir die Bastergemeenskap om heen weg te trek nie,” het eerwaarde Lutz geskryf, “en onder die huidige droogtetoestande kan so ‘n opsie nie eens oorweeg word nie.”⁶⁵ Hoewel eerwaarde Lutz in Julie 1853 wel ‘n inspeksiereis met superintendent Zahn na die Oranje onderneem het, was die hervestigingsplanne in daardie stadium alreeds tot mislukking gedoem. Daarvoor het siviele kommissaris Meintjies, wat nooit heeltemal van die meriete van die saak oortuig kon word nie, gesorg.⁶⁶

Toe die droogte in die loop van 1852 plek-plek effens verbreek is, het die probleem van blanke verdringing vanuit die Clanwilliam-distrik dus weer opnuut begin.⁶⁷ Die verpagtingstories vanuit die Beaufort-Wes-distrik het voorspelbaar ook weer kop uitgesteek. Op hierdie tydstip het die Amandelboomgemeente op aandrang van eerwaarde Lutz en Beinecke ernstige pogings begin

⁶² Ibid., Tagebuch No 17 von J.H. Lutz vom 20-3-1851 bis 28-2-1852, Lutz-Herr Inspector Wallman, Amandelboom, 30-6-1852.

⁶³ VEM, A/c 9, Lit D, Copier Buch, 1848-1856, Deputation-Lutz, Elberfeld/Barmen, 8-3-1853.

⁶⁴ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 16 von J.H. Lutz vom Sept 1850 bis 5-3-1851, “Unser Aufenthalt auf Schietfontein”; VEM, A/a 5, Lit E, Protokollbuch der Rheinische Missions Gesellschaft, 1850-1855, Sitzung der Deputation, Juni 1851.

⁶⁵ Ibid., Tagebuch No 16 von J.H. Lutz vom Sept 1850 bis 5-3-1851, Lutz-Herr Inspector Wallman, Amandelboom, Julie 1851; “Unser Aufenthalt auf Schietfontein.”

⁶⁶ Ibid., Tagebuch No 18 von J.H. Lutz vom Februar 1852 bis August 1853, Lutz-Deputation, Amandelboom, 5-7-1853, “Besuch des Superintendent Zahn, Reise mit Ihm nach Schietfontein und nach dem Grossfluss.”

⁶⁷ Ibid., Tagebuch No 17 von J.H. Lutz vom 20-3-1851 bis 22-2-1852, “Unser Häusliches Leben.”

aanwend om Amandelboom self aan te koop. Die idee was dat die gelde wat eerwaarde Beinecke met sy “mediese praktyk” verdien het vir hierdie doel aangewend sou word.⁶⁸ Teen April 1853 het eerwaarde Beinecke se praktyk al meer as 300 pond sterling vir hierdie doel geïen.⁶⁹ Hierdie verwickelinge was egter wanhoopspogings wat uit onsekerheid ontstaan het. Niemand het nog geweet, of kon dit voorspel hoe die nuut verkose Wetgewende Vergadering ten opsigte van die grondkwessie sou reageer nie. Groot onsekerheid het op hierdie tydstip hoogty gevier: “Ons is opnuut met ons Basters op wag en hoop aangewese,” het eerwaarde Lutz aan die direksie geskryf.⁷⁰

Asof die droogtetoestande nie genoeg was nie, het ‘n goed georkestreerde veldtog vanuit die Hantam-distrik teen die Amandelboomsending weer die fokus op die konflikte tussen boer en Baster in die Amandelboomtrekvelde geplaas. Die blanke veeboere van die Hantam sou die Basters nie ligtelik vergewe vir die “onderduimse” wyse waarop hulle rekweste op van die belangrikste fonteine in die Kareeberge ontvang het nie. Dié keer was hulle ook vasbeslote dat die regering aktief iets aan die saak moes doen. Toe van die Basters in die loop van 1853 te midde van die knellende droogte blanke intrekkers van hierdie fonteine probeer weghou het, het die Hantam-veeboere se woede geen perke meer geken nie. ‘n Lang petisie, wat ‘n rits aanklagte teen die Basters en die sending bevat het en deur die hele blanke gemeenskap van die Hantam onderteken is, is aan die regering voorgelê. Ongelukkig kon die oorspronklike petisie nie gevind word nie, maar aangesien eerwaarde Lutz in sy reaksie al die aanklagte teen die sending punts-gewys beantwoord, is dit maklik om die inhoud van die oorspronklike petisie uit eerwaarde Lutz se brief af te lei.

In hul aanval op die Amandelboomsendinge het die boere van die Hantam aangevoer dat die “Amandelboom-trekvelde” jare gelede reeds aan hulle toegeken is. Sir Harry Smith het toe ‘n belofte aan hulle gedoen dat hulle die gebied gratis kon bewei. Reeds sedert “vervloë tye”, is aangevoer, is daar al van hierdie reg gebruik gemaak om tydens die somermaande na die Karee-berge te trek. Tydens die verhoor van die Auret-Kommissie van Ondersoek in 1856 sou van hierdie boere aanvoer dat hul seisoenale trekgewoonte al vir langer as 80 jaar bestaan het. Aangesien die Basters onder aanvoering van die sendelinge hulle nou van hierdie uiters noodsaaklike water en weiding probeer weghou het, het hulle die legitimiteit van die Amandelboomsending bevraagteken. Die sendingstasie was volgens hulle in die middel van die trekvelde wat vroeër deur die regering aan hulle toegeken is, geleë. Soveel opposisie is van die sendingstasie ontvang dat die indruk gewek is dat die Amandelboomsendinge en hul volgelinge hulself as die enigste regmatige eienaars van die hele landstreek voorgedoen het. Voorts is daar ook gekla dat die Basters saailande en tuine by die fonteine aangelê het. Dit het soveel water verbruik dat daar nie genoeg drinkwater vir hul vee was nie. Daarbenewens het die Basters gereeld, selfs met geweld, die veetroppe van die boere by die fonteine weggehou sodat hulle groot verliese gely het.

Van die aanklagte in die petisie was so oortuigend dat dit die regering gedwing het om ‘n ondersoek na die situasie te gelas. Via siviele kommissaris Meintjies is eerwaarde Lutz aangesê

⁶⁸ Ibid., Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 1-4-1853, “Plan Amandelboom anzukaufen”; “Beineckes Praxis”; VEM, A/c 9, Lit D, Copier Buch, 1848-1856, Deputation-Lutz, Elberfeld/Barmen, 8-3-1853.

⁶⁹ VEM, A/a 4 Lit D, Protokollbuch der Rheinische Missions Gesellschaft, 1845-1850, Sitzung der Deputation, 7-4-1853.

⁷⁰ VEM, B/C 119, Lutz, Tagebuch No 18 von J.H. Lutz vom Februar 1852 bis August 1853, Lutz-Deputation, Amandelboom, 26-9-1853.

om op die aanklagte teen hulle te reageer. Hy moes 'n volledige beskrywing gee van sy gemeente - hoeveel vee hulle besit het, hoeveel tuine by die fontein deur die Basters bewerk is en hoeveel grond deur die gemeenskap beset is. Toe eerwaarde Lutz hierdie kennisgewing ontvang, was die andersins lankmoedige sendeling woedend. Die meeste inligting wat deur die regering verlang is, is immers in daardie stadium al by herhaling aan hulle verskaf. Nadat eerwaarde Lutz sommige van die aanklagtes teen hulle met van sy gemeentede bespreek het, het hy inderhaas na Schietfontein vertrek sodat eerwaarde Alheit sy reaksie in Engels kon vertaal.⁷¹

So wrewelig was die sendeling teenoor die Hantamboere en die regering, dat sy reaksie op niks minder as 'n bitsige aanval op beide neergekom het nie. Volgens eerwaarde Lutz was al die aanklagte teen die sending en die Bastergemeenskap in sy geheel so ongegrond en so vol ongerymdhede, dat dit hom kennelik heeltomal verbysterd gelaat het. Die eerste aanklag, dat die sendelinge en hul volgelinge onwettig beslag gelê het op Amandelboom en omstreke, het die grootste wrewel van die sendeling ontlok. Die argument dat die blanke boere reeds sedert "vervloë tye" verbruiksreg op die Amandelboom-trekvelde van die regering verkry het, het hy heftig teengestaan. Talle feite het volgens hom hierdie aanname weerspreek. Die belangrikste, het eerwaarde Lutz aangevoer, was dat die regering in reaksie op hul eerste versoekskrif in 1846 om die gebied aan die Basters toe te ken, tóé van mening was dat die versoek nie toegestaan kon word nie omdat die gebied buite die koloniale grense geval het: "If then only seven years ago, it was not in the power of the Governor to dispose of the country in question, on what authority rest memorialists their grant of this same country since "immemorial times", het hy bitsig gevra.⁷²

Eerwaarde Lutz het die regering daaraan herinner dat toe hulle hulle in 1845 op Amandelboom gevestig het, geen Britse of inheemse gesag in die streek gegeld het nie. Die enigste rede waarom hulle daar gevestig het, was omdat die Bastergemeenskap begerig was om godsdiensoonderrig te ontvang. Om aan hierdie begeerte van die Basters te kon voldoen, wat met die volle goedkeuring van die regering geskied het⁷³, het dit ook as vanselfsprekend gevolg dat 'n sendingstasie opgerig moes word wat toeganklik vir die hele gemeenskap moes wees. Daarom het die aanklag dat die sendelinge onregmatig en onwettig beslag gelê het op die hele gebied hom met weersin vervul: "It is to be lamented that persons who call themselves Christians, could find fault when the natives availed themselves of the opportunity which Christian kindness afforded them. I cannot suppose to the honour of a liberal, and what is more, a Christian government that it should deprive people of such privileges, which they were anxious to procure and actually enjoyed years before government found it expedient to extend the boundaries of the colony."⁷⁴

Eerwaarde Lutz het nie die feit dat sir Harry Smith vroeër vrye verbruiksreg op "trekvelde" aan die boere van die Hantam toegestaan het, betwis nie. Insgelyks het hy dit ook nie teengestaan dat Amandelboom ten tye van sy skrywe in die middel van die trekvelde geleë was nie. Wat hy wel ten sterkste betwis het, was die Hantamboere se opvatting van waar die grense van die trekvelde geloop het wat Sir Harry Smith aan hulle toegeken het. Ten tye van die regering se toekenning van trekvelde aan die boere van die Hantam was Amandelboom nie volgens hom enigsins deel

⁷¹ Ibid., Tagebuch No 19 von J.H. Lutz vom Sept 1853 bis April 1854, 7-10-1853; 12-10-1853.

⁷² KAB, 1/BFW 9/57, Letters received from Clergymen, Missionaries and Church Officials, 1819-1876, Lutz-Meintjies, Schietfontein, 15-10-1853.

⁷³ KAB, 1/BFW 9/3, Letters received from the Colonial Office, 1843-1847, Montagu-Meintjies, Kaapstad, 8-9-1845.

⁷⁴ KAB, 1/BFW 9/57, Letters received from Clergymen, Missionaries and Church Officials, 1819-1876, Lutz-Meintjies, Schietfontein, 15-10-1853.

van hierdie trekvelde nie. In daardie stadium was die trekvelde vir die Clanwilliam-distrik beperk tot binne die kolonie met die Sakrivier as grens. Die feit dat die veeboere van die Hantam-distrik gereeld hierdie grens oorskry het en in die Kareeberge hul vee laat wei het, was wat eerwaarde Lutz betref het, doodgewoon 'n onwettige oorskryding van die grens. Wat meer was, was dat sir Harry Smith dieselfde reg op vrye verbruiksreg aan die Basters buite die grens, dit wil sê noord van die Sakrivier, gegee het.⁷⁵ Die feit dat Amandelboom nou midde-in die "trekvelde" geleë was, kon volgens eerwaarde Lutz dus nie aan die sendelinge toegeskryf word nie. Hierdie probleem is deur die regering geskep wat onwettige grensoorskrydings ongestraf gelaat het. Die probleem is ook vererger toe die Kaapse Noordgrens tot aan die Oranje verskuif is. Die grensverskuiwing was iets wat die sendelinge ten tye van hul aankoms op Amandelboom in 1845 nie kon voorsien het nie.

Ten opsigte van die aanklagte dat die Basters by al die fonteine tuine aangelê het, het eerwaarde Lutz dit as 'n verdraaiing van die werklikheid afgemaak. Volgens hom het die boere trouens in hierdie verband "die voorbeeld gestel." Talle boere van die Hantam-distrik het self saailande by van die fonteine bewerk. Selfs ten tye van die versoekskrif het talle boere van die Hantam steeds tuine by van die fonteine bewerk. Slegs tien fonteine kon volgens eerwaarde Lutz uitgesonder word wat eksklusief deur die Basters bewerk is. Insgelyks kon eerwaarde Lutz "after a most stringent investigation" slegs vier gevalle sedert 1845 vind waar die Basters met geweld blankes van die fonteine weerhou het. Daarteenoor het eerwaarde Lutz ergerlik aangevoer: "Memorialists have forgotten to mention the unceremonious conduct of many farmers towards the coloured people when they came in contact with them."⁷⁶

Ten opsigte van die algemene inligting omtrent die sending wat eerwaarde Lutz op versoek van die regering moes indien, het hy feitlik woordeliks al die inligting wat hy tot vervelens toe al by elke versoekskrif aan die regering verstrek het, nogmaals herhaal. Die gebied wat deur die Basters beset is, het in die ooste tot aan Groot Paardekloof gestrek, terwyl die Rhenosterrivier min of meer die westelike grens uitgemaak het. Die afstand tussen hierdie oostelike en westelike grense was 12 uur te perd van mekaar af geleë. Die Sakrivier is steeds as die suidelike grens van die gemeenskap gesien, terwyl die noordelike grens tot aan Hartogskloof gegrens het. Die afstand tussen hierdie twee grense was 4 tot 6 uur te perd, hoewel dit plek-plek baie verder was. Die hele landstreek het afgesien van 'n aantal klein fonteine en waterpoele, 25 standhoudende fonteine bevat. Om die totale gebied wat intensief bewerk is te bepaal, was volgens eerwaarde Lutz redelik moeilik. Op Amandelboom self het die tuinery wat uit die fontein natgelei is twee morg beslaan. As die Sakrivier sy walle oorstrom het, kon daarna egter groot hoeveelhede koring op die saailande verbou word. Afgesien van Amandelboom self is daar ook op Grootfontein en Groot Paardekloof onderskeidelik tot twee mud saad gesaai. By die res van die fonteine was die moontlikhede vir saailande beperk tot 'n paar emmers saad.

Die aantal Basters wat tot die Amandelboomgemeente behoort het, het in totaal uit 1017 siele bestaan, wat 177 families verteenwoordig het. Toe die sendelinge hulle in 1845 op Amandelboom gevestig het, het slegs 97 families in die Kareeberge 'n nomadiese bestaan gevoer. Die totale veebesit van die gemeenskap was ongeveer 60 000 skape en bokke, 2 000 beeste en 600 perde. Die waarde van al die geboue op Amandelboom, beide privaatwonings en sendinggeboue, het in

⁷⁵ KAB, 1/BFW 9/4, Letters received from the Colonial Office, 1848-1851, Memorial of the undersigned Bastards in the Kareebergen to his Excellency Sir Harry Smith, 1848; Reply to the memorial of the rev Lutz and Beinecke.

⁷⁶ KAB, 1/BFW 9/57, Letters received from Clergymen, Missionaries and Church Officials, 1819-1867, Lutz-Meintjies, Schietfontein, 15-10-1853.

totaal min of meer op 2 000 pond sterling te staan gekom.

Ten slotte het eerwaarde Lutz sy brief aan die regering afgesluit met 'n bitter aanval op beide die boere wat die versoekskrif onderteken het en tot 'n mindere mate ook die regering self: "It is evident that their complaints are not only groundless, but proceeding from motives of prejudice.... against every temporal or intellectual improvements of the natives, which I sincerely trust will never be countenanced by a British Government, in whose eyes all subjects have equal rights."⁷⁷

6.3 Regeringsoptrede in die Amandelboomgrondgeskil

Eerwaarde Lutz se grimmige aanval het nie vir die Basters enige noemenswaardige positiewe gevolge gehad nie. Hy het nietemin selfvoldaan aan die direksie geskryf dat sy reaksie op die petisie ten minste die monde van hul vyande vir 'n tyd lank ietwat gesnoer het.⁷⁸ Die Väter het vertroostend gereageer deur eerwaarde Lutz daarop te wys dat dit belangriker was wat die Here van hulle gedink het, eerder as die vriendelike of kwade oë van die boere wat hulle op daardie tydstip aangekyk of aangegluur het.⁷⁹ Afgesien daarvan dat dit die aandag van die owerheid op die gebied gevestig het, het dit andersyds ook nie juis dramatiese positiewe gevolge vir die boere van die Hantam gehad nie. Die rede hiervoor was dat beide die Basters en die Hantamboere se belange in 1853 nogmaals vanuit Beaufort-Wes bepaal is. Die nuutverkose Kaapse parlement van 1854, met J.C. Molteno en dr James Christie as die verteenwoordigers van Beaufort-Wes, het spoedig hul invloed ten opsigte van die grondkwessies in, en aanliggend tot, die Beaufort-Wes-distrik laat geld. Die nuwe regering het aan talle verarmde vleisprodusente nuwe hoop gegee om grond te bekom. Dossyne versoeke vir onuitgegewe kroongrond is gevolglik vanuit hierdie sektor tot siviele kommissaris Meintjies op Beaufort-Wes gerig. In reaksie hierop en as deel van 'n poging om die uitgee van miljoene morge grond wat na die grensuitbreiding tot die kolonie gevoeg is op 'n meer gestruktureerde en ordelike wyse te laat geskied, is 'n Parlementêre Komitee van Ondersoek aangestel. Die idee was dat hierdie komitee met voorstelle voor die dag moes kom oor watter aanpassings, indien enige, aan die grondbeleid van die noordwestelike distrikte gedoen moes word.⁸⁰

Die aanleidende oorsaak vir die totstandkoming van die komitee was in werklikheid die teenstrydige stroom van protes uit die Beaufort-Wes en Clanwilliam-distrikte onderskeidelik, oor hoe die grondprobleme van die noordwestelike grensdistrikte opgelos moes word. In die Beaufort-Wes-distrik was die wolprodusente van die distrik van mening dat onuitgegewe kroongronde in die distrik opgemeet en verkoop of verhuur moes word. Daarteenoor het die armer sektor van die distrik hul toekoms in weilisensies of langtermyn-huurkontrakte gesien. Aan die ander kant was die Clanwilliam-distrik heeltemal gekant teen enige opmetings in die nuwe gebied. Hulle het hul daarvoor beywer dat die hele gebied gemeenskaplike trekvelde moes bly wat toegang vir almal gewaarborg het.

Die uitslag van die parlementêre komitee se ondersoek wat in September 1854 gepubliseer is, het verreikende gevolge vir alle inwoners van die noordwestelike grensdistrikte gehad. Breedweg gesien, het die komitee aanbeveel dat kroongronde nie langer in ewigdurende erfpag verkoop

⁷⁷ Ibid.,

⁷⁸ VEM, B/C 1 19, Lutz, Tagebuch No 19 von J.H. Lutz vom Sept 1853 bis April 1854, 12-10-1853.

⁷⁹ VEM, A/c 9, Lit D, Copier Buch, 1848-1856, Deputation-Lutz, Elberfeld/Barmen, 8-3-1853.

⁸⁰ E. Anderson, *A history of...*, pp. 102-103.

moes word nie, maar teen 'n jaarlikse huurgeld verpag moes word. Hierdie aspek het dus die uiters belangrike 1844-wetgewing ten opsigte van uitgegewe kroongrond drasties omvergegooi. Hoewel hierdie voorstel kennelik daarop gemik was om ook na die belange van die armer veeboersektor om te sien, sou die kapitaalkragtige wolprodusente van Beaufort-Wes uiteindelik baie meer baat daarby vind.

Twee uiters belangrike aanbevelings wat onder artikels 8 en 9 van die verslag geressorteer het, sou in werklikheid die lewe van die inwoners van die noordwestelike grensdistrikte die meeste verander. In beide opsigte is daar met hierdie afdelings gepoog om al die onderlinge twiste oor toegang tot gemeenskaplike weiding aan te spreek. Ingevolge artikel 8 moes alle kroongrond tussen uitgegewe plase teen 'n redelike prys by óf die een óf die ander aangrensende uitgegewe grond gevoeg word.⁸¹ Hierdie reëling was daarop gemik om 'n ou truuk in veeboergeledere uit te skakel. Soos voorheen reeds aangetoon is, het sommige boere slegs aansoek gedoen vir twee waterbronne na aan mekaar. Toegang tot hierdie waterbronne is dan aan andere geweier. Met geen toegang tot water nie, het al die grond tussen die twee waterbronne sodoende outomaties vir indringers verlore gegaan. Op hierdie manier is indringers dikwels van onuitgegewe kroongrond "verdryf" terwyl andere, afhange van hoe sterk hul greep op die waterbron was, onbeperkte en gratis gebruik van die onuitgegewe gebied geniet het. Die nuwe wetgewing sou hierdie onreg uitwis. Aan die ander kant was die wetgewing meer daarop gerig om verlore inkomste vir die regering te in as om die belange van die armer boer te probeer beskerm.

Die belangrikste aspek van die parlementêre komitee se aanbevelings wat die Amandelboom-sendingstasie direk en ingrypend sou beïnvloed, was vervat in Klousule 9 van die verslag. Hierdie klousule was spesifiek gerig op die grondbeleid ten opsigte van die Agterveld, dit wil sê die gebied wat met die grensuitbreiding in 1848 tot aan die Oranje by die kolonie gevoeg is. Dit het daarvoor voorsiening gemaak dat diegene wat alreeds voor die uitbreiding van die grens in die gebied woonagtig was, in aanmerking moes kom vir 'n spesiale reëling. Dit is voorgestel dat hierdie gebiede "should be granted to these occupants in lots of "reasonable extend," subject to a moderate quitrent, and without purchase price, beyond the costs of inspection, survey and title deeds."⁸²

'n Ernstige probleem met die aanbevelings van die komitee was dat dit die konsep van individuele grondbesit afgedwing het op 'n groep mense in 'n omgewing waar kollektiewe grondbesit die norm behoort te gewees het. Klousule 9 het nietemin voorsiening gemaak vir die regte van sommige inheemse groepe wat alreeds etlike dekades in die omgewing woonagtig was. 'n Uiter belangrike aspek van die parlementêre komitee se verslag was dat dit nie dadelik in wetgewing verander is nie, maar eers aan die afdelingsraad van Beaufort-Wes oorgelaat is om, tot tyd en wyl dit in wetgewing vervat kon word, dit vir 'n tydperk op die proef te stel. Die afdelingsraad van Beaufort-Wes wat kort na die parlementêre verkiesing in die lewe geroep is, het dus sodoende 'n uiters belangrike funksie ten opsigte van die verdeling van grond in die nuwe gebied aangrensend tot die Beaufort-Wes-distrik, verkry. Die gevaar vir die Amandelboom-sending in hierdie reëling was dat, soos vroeër aangetoon is, die grense tussen die verskillende distrikte nie definitief vasgestel was nie.⁸³ 'n Groot moontlikheid het dus bestaan dat die

⁸¹ Ibid., p. 103.

⁸² E. Anderson, *A history of...*, p. 103.

⁸³ KAB, 1/BFW 9/52, Letters received from Field Cornets and Justices of the Peace, 1847-1860, W.J.A. Bergh--Siviele Kommissaris, Jasfontyn, 6-2-1858; 26-3-1858; 5-4-1858.

grondhonger boere en selfs die afdelingsraad van Beaufort-Wes hierdie onsekerheid tot nadeel van die Bastergemeenskap kon uitbuit.

Hierdie moontlikheid was nie so vergesog nie. Soos uit die navorsing van Anderson blyk, was die afdelingsraad van Beaufort-Wes gelaai met invloedryke wolprodusente wat hulle nuwe magte sonder skroom tot voordeel van die wolprodusente aangewend het. Deur middel van 'n slim manipulasie van die voorstelle van die parlementêre komitee het die Beaufort-Wes-afdelingsraad byvoorbeeld spoedig die Pramberg-Xhosa opgebreek. Die meeste van hierdie groep was genoodsaak om hulle op Schietfontein te vestig. Terselfdertyd het die afdelingsraad egter daarvoor gesorg dat die grondaansprake waarvoor die Schietfontein-Xhosa ingevolge Artikel 9 geregtig op was, nie vergroot is om voorsiening te maak vir die toevoeging van die Pramberg-groep nie.⁸⁴

Van nog groter belang was dat die Amandelboomgebied in 1855 amptelik tot die Beaufort-Wes-distrik gevoeg is. Opeens was die lot van die Bastergemeenskap aan siviele kommissaris Meintjies uitgelewer. Dit was 'n kwade dag vir die Bastergemeenskap, want Meintjies het al by herhaling bewys dat hy nie besonder goedgesind was teenoor die "nomadiese groepe" nie.⁸⁵ Toe Amandelboom en omstreke by Beaufort-Wes ingedeel is, het dit nogmaals 'n nuwe dimensie aan die grondkwessie gegee. Nie alleen vir die Basters het die nuwe verwickelinge groot gevaar ingehou nie, maar ook vir daardie groepe blankes wat gereeld seisoenaal vanuit die Hantam die Kareeberge ingetrek het. Die moontlikheid dat van die belangrike fonteine in die Kareeberge in individuele hande kon beland, was toe meer as ooit 'n wesenlike gevaar. Aangesien die meeste wolboere van die Beaufort-Wes-distrik onder aanvoering van siviele kommissaris Meintjies ten gunste daarvan was dat grond in individuele eiendomsreg opgemeet moes word, het dit onmiddellik verdeeldheid tussen die twee distrikte begin saai. 'n Eindelose briefwisseling is tussen die siviele kommissaris van Beaufort-Wes en Clanwilliam oor die grense tussen die twee distrikte ontketen.⁸⁶ Selfs binne die Bastergemeenskap het verdeeldheid ontstaan toe die moontlikheid van individuele besit ingevolge Artikel 9 van die parlementêre komitee se voorstel vir sommige Basters, wat al jare lank by 'n bepaalde fontein gewoon het, al hoe meer aantreklik geraak het.

Die Beaufort-Wes-afdelingsraad het hul nuut-verworwe magte nietemin met geesdrif aangepak. Dikwels is daar toegelaat dat soveel op die grondgebied van die Xhosa en Basters oortree is, dat dit die onsekere toekoms van die Kareebergsendelinge hoe langer, hoe meer onuithoudbaar gemaak het. Dit is opvallend in die geskrifte van die Amandelboomsendinge op hierdie tydstip hoe oningelig hulle enersyds was oor die ware toedrag van sake. Andersyds het hulle die situasie doodeenvoudig geïgnoreer en al hul energie in hul werk gestort. In elke brief aan die direksie het die Amandelboomsendinge hulself as't ware moed ingespraat deur op goddelike uitkoms te hoop. Elke onverwagte bekering of vooruitgang in die geestelike lewe van die gemeente is voortdurend in lang verslae aangehaal om aan te toon dat hul inspirasie in die tye van onsekerheid

⁸⁴ KAB, 1/BFW 9/5, Letters received from the Colonial Office, 1852-1855, Goewerneur-Meintjies, 24-7-1855; E. Anderson, *A history of...*, pp. 104-107.

⁸⁵ VEM, B/C 1 19, Lutz, Tagebuch No 14 von J.H. Lutz vom 5-12-1849 bis 22-4-1850, "Zurückkunft der drei Abgesandter von Beaufort, Resultat ihrer Sendung"

⁸⁶ KAB, 1/BFW 9/4, Letters received from the Colonial Office, 1848-1851, Van Ryneveld-goewerneur, Clanwilliam, 4-3-1847; Goewerneur-Siviele Kommissaris Beaufort-Wes, 30-4-1849; 14-2-1850.

nie van 'n regering sou kom nie, maar veel eerder uit die stille krag wat hulle in God geput het.⁸⁷

'n Uiters belangrike verwickeling nadat die parlementêre kommissie se verslag aan die einde van 1856 deur die parlement aanvaar is, was dat dit die magte van die afdelingsrade ten opsigte van grondtoekennings aansienlik ingekort het. In 'n sekere sin was hierdie verwickeling vir die Kareebergsendelinge 'n nuwe bron van hoop. Alles het daarop gedui dat hulle grondbesetting en dié van hul volgelinge ingevolge Artikel 9 beveilig sou kon word, soveel te meer toe Artikel 9 in 1856 tot voordeel van die Basters aangepas is. Ingevolge die nuwe wetgewing is die hele nuwe gebied tot vrye kroongrond verklaar tot tyd en wyl alle aansprake op hierdie grondgebied deeglik deur die regering ondersoek is. 'n Belangrike verwickeling wat die hoop van die Kareebergsendelinge egter ietwat getemper het, was dat die afdelingsraad van Beaufort-Wes hulle oënskynlik min aan die inperking van hulle magte gesteur het. Dit blyk dat die raad doodgewoon voortgegaan het asof die oorspronklike magte wat hulle vir 'n proeftydperk geniet het steeds van toepassing was. Hoewel die afdelingsraad van Beaufort-Wes volgens Anderson by geleentheid deur die sentrale regering aangespreek is oor hul houding, blyk dit dat dit in effek nie juis enige positiewe resultate in die praktyk opgelewer het nie. Dit is ook nie onredelik om te beweer dat die afdelingsraad van Beaufort-Wes doelbewus die Kareebergsendelinge wou opbreek nie. Die proses was belangrik - beide om die grond hoofsaaklik vir die meer winsgewende woldsektor te kon bekom, asook om terselfdertyd 'n groter bron van goedkoop arbeid vir die meer intensiewe woldsektor te skep.

Volgens Anderson is hierdie tendens aangehelp deur die feit dat die sentrale regering, hoofsaaklik weens 'n beleid van besuiniging, steeds weinig belangstelling in die Noordgrens getoon het. Wanneer verpligtinge ten opsigte van die Noordgrens wel nagekom is, het die parlementêre verteenwoordigers van die distrik, soos Molteno, Christie en Meintjies normaalweg die besluite geneem. Hierdie persone was almal sonder uitsondering groot voorstanders van die woldbedryf.⁸⁸ Hoewel niks positiefs vanuit die perspektief van die sendelinge van hierdie openlike voorstanders van die woldbedryf verwag kon word nie, sou hulle nietemin nie so maklik verby Artikel 9 kon kom wat grondbesetting vir diegene wat voor 1848 in die gebied woonagtig was, gewaarborg het nie. Gevolglik het die sendelinge en hul volgelinge verbete vasgeklou aan die laaste sprankie hoop wat hul voortgesette bedrywighede in die streek steeds moontlik kon maak.

Op hierdie stadium is die Amandelboomsendelinge egter in 'n ernstige penarie geplaas. Ná tien jaar diens onder die Basters het die sendelinge dit al aanvaar dat die omgewing 'n belangrike determinant was in die nomadiese lewenstyl van hul kudde. Insgelyks het hulle dit ook aanvaar dat die heil van die Bastergemeenskap in gemeenskaplike eerder as individuele grondbesit gelê het. Alle kerklike bedrywighede van die sendelinge op Amandelboom was daarom onderhewig daaraan hoe suksesvol die grondeise van die Bastergemeenskap kollektief opgelos kon word. Die sending self het dus alleenlik 'n toekoms in die gebied gehad as die gemeenskap in sy geheel in die gebied kon aanbly - 'n uiters belangrike aspek wat nie deur Artikel 9 gewaarborg was nie. Sodra van die belangrikste fonteine in die Kareeberge in individuele besit sou val, wat die res van die gemeenskap van hierdie water kon weghou, sou die hele sending gewis tot niet gewees het.

Aan die ander kant het die sendelinge self ook 'n groot behoefte gehad om standvastigheid op

⁸⁷ Talle dagboekinskrywings. Sien oa: VEM, B/CI 19, Lutz, Tagebuch No 19 von Sept 1853 bis April 1854, "Gebetserhörung"; "Das gesegnete Krankenbett"; "Das Christfest" ens.

⁸⁸ E. Anderson, *A history of...*, pp. 106,108-110.

Amandelboom te verkry wat weer die grootste kans onder Artikel 9 gestaan het. Tot op daardie stadium moes die sendelinge noodgedwonge weens al die onsekerhede rondom die grondkwessie steeds met onvoldoende en tydelike sendinggeboue klaarkom. Die tydelike aard van baie van hierdie strukture het oor etlike jare die lewe van die sendelinge vergal. Male sonder tal het eerwaarde Lutz teenoor die direksie gekla dat hulle weens die onsekerheid oor die grondkwessies nooit werklik iets permanent kon beplan nie.

Die dilemma van die sendelinge was dus waar om die klem van hul eie belange te plaas sonder om in die proses dié van hul gemeente te benadeel. Dit het daarop neergekom dat ondersteuning van die Artikel 9-oplossing hul eie belange sou dien in dié sin dat dit hulle besitreg op Amandelboom sou verseker. Ten opsigte van die breër gemeenskap kon die allerbelangrike waterbronne, wat deur die bank in gemeenskaplike gebruik was, egter moontlik aan enkelinge toegeken word wat die gemeenskaplike Bastergemeenskap en dus indirek die sending self, sou kon opbreek. Om sake nog meer te kompliseer, sou 'n ongekwalifiseerde ondersteuning van die idee van gemeenskaplike weiding geen waarborg op Amandelboom self bied nie. Les bes sou dit ook nie die probleem van seisoenale indringers uit die aanliggende distrikte, wat soveel druk op die gemeenskap geplaas het, oplos nie.

Om hierdie probleem te probeer oorkom, het die sendelinge hulle begin beywer om ten minste vir Amandelboom self in die naam van die Rynse Sendinggenootskap 'n sogenaamde "ticket of occupation" te probeer bekom. Eerwaarde Alheit, wat in daardie stadium alreeds 'n gesoute onderhandelaar met die regeringsamptenare van Beaufort-Wes was, is deur eerwaarde Lutz versoek om so 'n versoek aan die regering voor te lê. Om die aansoek te staaf, is al die ou klagtes van die sendelinge en die Bastergemeenskap herhaal. In sy versoekskrif het eerwaarde Lutz aangevoer dat die sending op Amandelboom ernstig in die wiele gery is deur oortreders vanuit die aanliggende distrikte wat dikwels groot skade aan die noodsaaklike waterbronne en weiding van die gebied aangerig het. Omdat die sendelinge geen permanente besitreg op Amandelboom gehad het nie, kon hulle nie hierdie indringers uit die gebied weer of selfs hul vee laat skut nie. Eerwaarde Lutz het aangevoer dat die enigste oplossing tot die probleem daarin geleë was dat die regering onverwyld 'n "ticket of occupation" aan die Amandelboom-sendingstasie moes toestaan.

Tot almal se stomme verbasing het die regering op 21 Februarie 1856 in 'n brief aan eerwaarde Zahn, superintendent van die Rynse Sendinggenootskap, eerwaarde Lutz se versoek toegestaan. Die siviele kommissaris van Beaufort-Wes is opdrag gegee om die versoek prakties te implementeer: "the field cornet of the ward will be instructed by you that it is intended to grant those Bastards of Amandelboom and Kareebergen who resided at these places in 1848, all the land which they then bona fide and beneficially occupied, and that he is, in conjunction with the Resident Missionary, to draw up a description of the land in such a way as will enable the Surveyor General to prepare a temporary ticket of occupation."⁸⁹

Die gunstige reaksie van die regering was vir eerwaarde Lutz 'n belangrike stap vooruit. Uiteindelik het dit gelyk asof die regering die grondprobleme van die Basters ernstig opgeneem het en iets daadwerkliks daaromtrent sou doen. 'n Landmeter, wat in opdrag van die regering die Amandelboomgebied sou kom opmeet, was glo al onder weg.⁹⁰ Op die oog af wou dit selfs voor-

⁸⁹ KAB, 1/BFW 9/6, Letters received from Colonial Office, 1856-1858, Koloniale Sekretaris Rawson-Siviele Kommissaris van Beaufort-Wes, Kaapstad, 21-2-1856.

⁹⁰ VEM, B/C 119, Lutz, Korrespondensie van Lutz-Vermoedelik van dagboek No 20, Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 1-4-1856; KAB, 1/BFW 9/57, Letters received from Clergymen, Missionaries and Church Officials, 1819-1876, Lutz-J.B. Auret, Amandelboom, 10-4-1856.

kom asof die regering ewe skielik baie simpatiek teenoor die Amandelboomsending gestaan het. Die bespiegeling in sendingkringe of die regering die Amandelboomsending meer simpatiek gesind was, het 'n verdere positiewe hupstoot gekry toe die sendelinge in Junie 1856 onverwags 20 pond sterling van die regering ten behoeve van die skool op Amandelboom ontvang het. Eerwaarde Lutz was oorstelp van vreugde. Die gunstige wending in die gesindheid van die regering was volgens hom te danke aan die volgehoue pogings van eerwaardes Zahn en Esselen om voorspraak vir die Amandelboomsending by die regering te doen. Dit het ook op die juiste oomblik gekom, want die grondkwessie was vir die afgelope aantal maande al voortdurend op die voorgrond. Ongelukkig moes die landmeter wat deur die regering gestuur is om die gebied op te meet, na berigte in die Onder-Roggeveld onverrigtersake terugdraai. Die onverwagte wending was volgens eerwaarde Lutz toe te skryf aan die "Hintertreibung von Seite der Bauern", asook die feit dat perdesiekte in die gebied uitbreek het en die landmeter alreeds twee perde verloor het.⁹¹

Soos verwag kon word, het die nuus van die "ticket of occupation" vir Amandelboom soos 'n veldbrand onder die aanliggende blanke distrikte versprei. Dit het groot ontevredenheid teenoor die Basters en die regering veroorsaak. Veldkornet Bergh het byvoorbeeld in April 1856 teenoor Meintjies gekla dat die inwoners van sy wyk ook al vir vyftien jaar by van die fonteine in die Kareeberge gewoon het. Daarom het hulle volgens hom presies dieselfde aanspraak as die Basters daarop gehad.⁹² Soveel onmin en ontsteltenis is in die Hantam en Onder-Roggeveld veroorsaak, dat hordes boere uit hierdie distrikte volgens eerwaarde Lutz doelbewus op die Amandelboom-trekvelde toegesak het. Die weiding en water van die Bastergemeenskap is op 'n groter skaal as ooit tevore beset. Eerwaarde Lutz het mismoenig aan die direksie geskryf dat hulle al soos die Israeliete gevoel het wat voor Faraos moes vlug. Hy het al sy moeite gehad om sy volgelinge kalm te hou. Hy het voortdurend sy gemeente gemaan dat die Here uitkoms sou bied wanneer dit Hom behaag het. Dit was egter moeilik om sommige van sy volgelinge in bedwang te hou, veral omdat die boere "wie die Klitten zusammen hangen" en kennelik daarop uit was om die hele Bastergemeenskap sistematies uitmekaar te dryf: "Die vooruitsig vir ons mense is hierdie jaar duister en hulle sal maar tevrede moet wees as hulle net kop bo water kan hou. Net so mooi soos die veld was, is dit nou weens die talle troppe skape heeltemal verwoes, kaal gevreet en vertrap. Hierdie grondkwessie is nou die middelpunt van bespreking onder die boere. Nou kan u sien hoe die skoene ons in hierdie tye druk."⁹³

Die regering se besluit om 'n "ticket of occupation" aan die Amandelboombasters toe te ken, het nie alleen groot ontevredenheid in die Hantam en Onder-Roggeveld tot gevolg gehad nie, maar dit het ook 'n algehele herrie onder lede van Beaufort-Wes se afdelingsraad veroorsaak. Die raad was openlik gekant teen die stelsel van "tickets of occupation." Volgens hulle was die rede vir die bereidheid van die regering om 'n "ticket of occupation" aan Amandelboom toe te ken, gebaseer op onkunde en 'n onbegrip vir die werklike probleme van die streek. In 'n sekere sin was hulle interpretasie korrek, want individuele beheer oor die fonteine in die Kareeberge of selfs alleenreg vir die Basters oor 'n gedeelte van die streek was heeltemal teenstrydig met die natuur van die streek wat 'n groter mate van mobiliteit vereis het. Aan die ander kant was die afdelingsraad heeltemal ten gunste daarvan dat die hele gebied opgemeet en verkoop moes

⁹¹ Ibid., Korrespondensie van Lutz - vermoedelik dagboek No 20, Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 25-6-1856.

⁹² KAB, 1/BFW 9/52, Letters received from Field Cornets and Justices of the Peace, 1847-1860, Berg-Meintjies/ Auret, Jasfonteyn, 12-4-1856.

⁹³ VEM, B/C I 19, Lutz, Korrespondensie van Lutz - vermoedelik dagboek No 20, Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 25-6-1856.

word.⁹⁴ Die enigste interpretasie wat aan hierdie teenstrydige idee gegee kan word, was dat die afdelingsraad van Beaufort-Wes gekant was teen gemeenskaplike grondbesit omdat hulle die grond vir die uitbreiding van die wolbedryf in die hande wou kry.

Die afdelingsraad van Beaufort-Wes het die sentrale regering se positiewe ingesteldheid rakende die kwessie van “tickets of occupation” nie so gelate aanvaar nie. Hulle het prontuit aangevoer dat die raad in beheer van die toekenning van grond in die nuwe gebied wou bly. Toe dit blyk dat die opmetings op Amandelboom inderdaad ‘n werklikheid sou word, het Beaufort-Wes se afdelingsraad by die sentrale regering daarop aangedring dat daar streng volgens die 1856-grondhervormingswet gehou moes word. Ingevolge die aanpassings aan Artikel 9 moes alle aansprake op grond eers deur die regering ondersoek word, alvorens daar besluit kon word hoe ‘n regverdige verdeling gemaak kon word.⁹⁵

Hoewel Anderson aanvoer dat hierdie skuif van die afdelingsraad ‘n doelbewuste poging was om hul sin ten opsigte van grondverdeling te verkry, was die Amandelboom-grondeise so ingewikkeld dat ‘n onpartydige verhoor in elk geval noodsaaklik sou wees.⁹⁶ Elkeen van die onderskeie fonteine in die streek het ‘n hele aantal teenstrydige aanspraakmakers gehad. Die rede hiervoor was redelik voor-die-hand-liggend. Aangesien die hele gemeenskap nomadiese veeboere was, het talle Basters vir lang tydperke by sommige fonteine of op kort afstande daarvan met hul vee getrek. Diegene wat gereeld vir langer periodes by ‘n bepaalde fontein gewoon het, het eenvoudige klipwoningen opgerig en dikwels redelik arbeidsintensiewe verbeterings in die watertoever gemaak. Toe individuele besitreg op van die fonteine ingevolge Artikel 9 van die 1856-grondhervormings ter sprake gekom het, het feitlik elkeen wat vir lang tydperke by ‘n spesifieke fontein gewoon het of daar verbeterings aangebring het, aanspraak daarop gemaak. Toe gerugte van moontlike individuele eiendomsreg op sommige fonteine in die Kareeberge die rondte begin doen het, het dit gevolglik in ‘n ommesientjie onenigheid en verdeeldheid onder die Basters begin saai.

Een so ‘n voorbeeld was Adriaan van Wyk van Grootfontein. Aanvanklik het hy by herhaling by die sendelinge daarop aangedring dat ‘n skool op Grootfontein gestig moes word. Die sendelinge het groot moeite gedoen om die nodige toestemming vir hierdie stap by die superintendent, eerwaarde Zahn, te bekom. Die goedkeuring van hierdie plan in 1853 het egter saamgeval met die instelling van verteenwoordigende bestuur aan die Kaap en die gepaardgaande onsekerheid oor hoe die regering in die toekoms ten opsigte van grondeise sou reageer. Hierdie onsekerheid was vrugbare grond vir die ontstaan van allerlei wilde gerugte wat Adriaan van Wyk uiteindelik twee keer laat nadink het oor die wenslikheid van sy voorstel dat ‘n skool op Grootfontein gestig moes word. As die nuwe politieke bestel, soos gerugte dit wou hê, byvoorbeeld moontlike individuele eiendomsreg op sekere fonteine in die Kareeberge sou waarborg, sou Adriaan van Wyk se individuele aanspraak op Grootfontein tot voordeel van die sendinggenootskap se skool in gedrang kon kom. Tot groot ontsteltenis van die sendelinge het Van Wyk ‘n onverwagte ommekeer gemaak en sy aanvanklike idee van ‘n skool op Grootfontein uiteindelik daadwerklik begin teenstaan. Die sendelinge het by geleentheid spesiaal na Grootfontein gereis om die saak persoonlik met hom uit te klaar. Adriaan van Wyk het egter voet by stuk gehou dat hy die enigste regmatige aanspraakmaker op Grootfontein was en dat hy dit nie ten gunste van die sending of

⁹⁴ KAB, 4/BFW 1/1/1/1, Minute Book of the Divisional Council, 28-5-1856.

⁹⁵ Ibid., 28-5-1856; 15-10-1856.

⁹⁶ E. Anderson, *A history of...*, p. 111.

enigiemand anders sou prysgee nie. Eerwaarde Lutz het hom selfs drie dae “dinktyd” gegee om van standpunt te verander, maar tevergeefs. By feitlik al die ander fonteine het onenigheid oor wie die regmatige aanspraakmaker op die bepaalde fontein was, groot verdeeldheid in die Bastergemeenskap begin saai.⁹⁷ Alles het daarop gedui dat dit ‘n uiters moeilike taak sou wees om die verskillende eise objektief uit te klaar, soveel te meer omdat die hele Clanwilliam-distrik steeds daarop aangedring het dat die hele gebied gemeenskaplike trekvelde moes bly.

Aanvanklik het dit egter geblyk dat die regering al die gemor rondom die toekenning van grond aan die Amandelboomsending nie heeltemal ernstig opgeneem het nie. Eienaardig genoeg het die regering die opmetings op Amandelboom as ‘n “private” aangeleentheid beskou. Toe eerwaarde Zahn in Oktober 1856 die regering versoek het dat die landmeter op Beaufort-Wes, J.B. Auret, die Amandelboomgebied moes opmeet, het die regering dit aanvanklik geweier. In ‘n brief aan die siviele kommissaris van Beaufort-Wes het die regering dit duidelik gestel dat dit onaanvaarbaar was om ‘n staatsamptenaar uit sy werk te hou en hom met die opmeting van Amandelboom en aanliggende gebiede te bemoei: “I have to remark also that it is very objectionable to allow officers of the Civil Service to leave his legitimate duties for the purpose of undertaking others, and that the only circumstances which could justify an exception would be a difficulty in procuring some other competent person to perform the work. I have therefore to request that you will state whether such a difficulty exists in this matter.”⁹⁸

Drie weke later het die regering omgespring en dié keer die aanstelling van Auret egter goedgekeur. Die siviele kommissaris van Beaufort-Wes is opdrag gegee dat hy na Amandelboom moes vertrek, “as it appears that the duty which Mr Auret’s services are sought is now of a peculiar character.”⁹⁹ Dit is duidelik dat die regering, weliswaar teësinnig, onder druk van die Beaufort-Wes-afdelingsraad geswig het. Die goewerneur het dit egter duidelik gestel dat die toegewing ‘n uitsondering was wat ‘n gevaarlike presedent kon skep. Voortaan sou staatsamptenare nie weer toegelaat word om op hierdie wyse verlof te verkry om hulle met “privaat aangeleenthede” te bemoei nie.¹⁰⁰

Die toegeneentheid van die regering teenoor die Amandelboomsending waarin eerwaarde Lutz hom so verkneukel het, was teen hierdie agtergrond kennelik ‘n wanopvatting. Die sendelinge het verkeerdelik die afleiding gemaak dat die regering se goedkeuring om grond aan die sending toe te staan, ‘n groter toegeneentheid en begrip van die owerheid beteken het. Die werklikheid was dat die regering nie so betrokke was by die Amandelboomkwessie as wat die sendelinge gehoop het nie en die sendingstasie doodgewoon as ‘n “private” aangeleentheid beskou het. Die toekoms van die sending was dus inderdaad in die hande van die amptenaar op Beaufort-Wes. Eerwaarde Zahn sou ook nooit besef hoe sy voorstel dat Auret die opmetings op Amandelboom moes doen, uiteindelik die Amandelboomsending met die belange van die afdelingsraad op Beaufort-Wes sou verstrik nie.

⁹⁷ VEM, Berichte der RMG, No 3, 1854 vom September 1853 bis dahin April 1854, “Amandelboom-von Lutz”; VEM, B/C I 23, Beinecke, Beinecke-Herr Inspector, Amandelboom, 25-11-1856.

⁹⁸ KAB, 1/BFW 9/6, Letters received from the Colonial Office, 1856-1858, Koloniale sekretaris-Siviele Kommissaris Beaufort-Wes, Kaapstad, 2-10-1856.

⁹⁹ Ibid., Koloniale sekretaris-Siviele Kommissaris Beaufort-Wes, Kaapstad, 23-10-1856.

¹⁰⁰ Ibid.

6.4 Die Auret-Kommissie van Onderzoek, 1856

Landmeter Auret se taak om die netelige kwessie van die Amandelboom-grondkwessie te probeer oplos, sou geen maklike taak wees nie. Die “onpartydigheid” van hierdie aanstelling het egter duidelik in gedrang gekom toe sy inspeksie met die belange van die afdelingsraad van Beaufort-Wes verstrengel geraak het. Op 27 Oktober 1856 is eerwaarde Lutz in kennis gestel dat landmeter Auret op 8 November op Amandelboom sou opdaag om ‘n openbare verhoor oor die Amandelboom-grondeise te begin. Voorlopig is 8 en 9 November opsy gesit om al die verskillende eise aan te hoor, terwyl ‘n inspeksie op 10 November van die stasie self gedoen sou word. Terselfdertyd is al die aangrensende distrikte wat enige belang by die openbare verhoor gehad het, aangesê om op 10 November op Amandelboom bymekaar te kom. Toe Auret op Amandelboom opdaag, was hy vergesel van Twaits, eweneens ‘n landmeter van Beaufort-Wes en ‘n uiters invloedryke individu op die afdelingsraad van Beaufort-Wes. Twaits het geen voorliefde vir die Basters gekoester nie. Tydens ‘n raadsitting op 15 Oktober 1857 was Twaits byvoorbeeld openlik gekant daarteen dat ‘n “ticket of occupation” aan Amandelboom toegeken moes word. Dit was duidelik dat dié onbeplande besoeker die belange van die afdelingsraad van Beaufort-Wes by die vergadering verteenwoordig het. Dat Twaits Auret vergesel het, maak die onpartydigheid van die Auret-kommissie ook baie verdag.¹⁰¹

Op die dag van die vergadering het mense van heinde en verre op Amandelboom toegesak. Afgesien van die hele Bastergemeenskap wat teenwoordig was, het ‘n groot aantal boere uit die aanliggende distrikte wat gereeld van die Agterveld gebruik gemaak het, ook na Amandelboom opgetrek. Volgens eerwaarde Lutz was die vergadering op Amandelboom die grootste en “bontste” versameling mense wat nog ooit daar saamgetrek was.¹⁰² Uit die omliggende blanke distrikte het ten minste 100 veeboere, feitlik almal uit die Hantam, opgedaag. Sommige van hierdie boere het die vergadering so belangrik geag dat van hulle tot so ver as 120 myl moes reis om dit te kon bywoon. Die blanke afvaardiging het bestaan uit veldkornette Nel, Wiese en Nieuwoud wat met ‘n aantal volgelingen die Clanwilliam-distrik verteenwoordig het. Die Worcester-distrik is verteenwoordig deur veldkornet Tromp, terwyl veldkornette Berg en Riekert die Beaufort-Wes-distrik verteenwoordig het. ‘n Lid van die afdelingsraad van Clanwilliam, Christoffel Lombaard, het ook die vergadering bygewoon.¹⁰³ Die Basters is nie-amptelik deur die sendelinge verteenwoordig. Eerwaarde Lutz het dit van die begin af egter duidelik gemaak dat die sendelinge onpartydig in die saak wou bly. Daarom wou hulle nie ‘n direkte rol in die same-sprekings speel nie.¹⁰⁴

Toe die allerbelangrike vergadering ‘n aanvang moes neem, was die primitiewe kerk- en skoolgebou so “opgepropt” vol dat sommige buite moes staan.¹⁰⁵ Auret het die vergadering begin deur breedvoerig die regeringsopdragte aan hom aan die vergadering te verduidelik. Hy het dit benadruk dat hy in die eerste plek gekom het om inligting vir die regering oor die grondprobleme

¹⁰¹ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 25 von J.H. Lutz vom 27-9-1856 bis 30-11-1856, “Zukunft eines Landmesser”, 27-10-1856; “Ankunft zweier Landmesser”, 8-11-1856; KAB, 4/BFW 1/1/1/1, Divisional Council Minute Book, 1856-1859, 15-10-1856; VEM, B/C I 23, Beinecke, Beinecke-Herr Inspector, Amandelboom, 25-11-1856.

¹⁰² Ibid., Tagebuch No 25 von J.H. Lutz vom 27-11-1856 bis 30-11-1856, “10 November 1856.”

¹⁰³ KAB, G 7-59, Report of an inquiry as to the claims of certain natives residing at the missionary institutions of Amandelboom and Schietfontein in the division of Beaufort, to the lands on which they are located, p. 3.

¹⁰⁴ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 25 von J.H. Lutz vom 27-9-1856 bis 30-11-1856, “Noch einige Nachbemerkingen über dieses Tages Geschichte.”

¹⁰⁵ Ibid., “Verslag van de byeenkomst gehouden op Amandelboom, den 10 November 1856.”

in te win. Tweedens het hy dit ook beklemtoon dat die doel van sy besoek nie was om finale uitsluitel oor die huidige besetting van die gebied deur enige bepaalde groep te gee nie. ‘n Belangrike maatstaf waarvolgens die individuele aansprake op ‘n bepaalde fontein of gebied beoordeel sou word, is egter deur die regering bepaal. Ingevolge hierdie voorskrif moes die individuele aanspraakmakers in die openbaar kon bewys dat hulle sedert 1847 onafgebroke en sonder enige tussenposes by die bepaalde fontein gewoon het waarvoor aansoek gedoen is.¹⁰⁶

Hierdie vereiste was in ‘n sekere sin uiters onredelik, soveel te meer aangesien Auret tydens die aanhoor van die verskillende aanspraakmakers, streng volgens sy voorskrifte gehou het. Die regering se voorskrif dat alleen daardie individue wat sedert 1847 **onafgebroke** by ‘n bepaalde fontein woonagtig was aanspraak kon maak op daardie fontein, verklap in ‘n sekere sin die onkunde van die owerhede oor die belangrikheid van omgewingsdeterminante in die streek. Dit was feitlik onmoontlik vir individuele Basters om aan die amptelike vereistes te voldoen, aangesien die fonteine feitlik deur die bank in gemeenskaplike gebruik was. Vir lang tydperke is sommige van die meer standhoudende fonteine bykans permanent deur groot getalle Basters en blanke intrekkers bewoon. Dit het dit op sigself al moeilik gemaak om te bepaal wie van hierdie mense die grootste reg op aanspraak van die spesifieke fontein gehad het. In hierdie opsig het veldkornet Nel van die Onder-Roggeveld later ergerlik opgemerk: “Had men voor acht jaren geweten, wat het wonen by de vaste waters in de trekvelden nu zou betekenen, dan zouden zich gewis tientallen van menschen aldaar te woon hebben neergezet.”¹⁰⁷

Daarbenewens het droogtes dikwels selfs diegene wat redelik permanent in die omgewing van ‘n bepaalde fontein gewoon het, genoop om soms tydelik elders ‘n heenkome te probeer vind. Sodra daar selfs tydelik van so ‘n fontein weggetrek is, het die aanspraakmakers volgens die letter van die wet, alle regte op daardie fontein verloor. Uiteraard het die meeste Basters tydens droogtes rondgeswerf sodat hulle as aanspraakmakers vir die onderskeie fonteine waarvoor aansoek gedoen is feitlik geen kans gestaan het om aan die vereistes te voldoen nie, soveel te meer as Auret die letter van die wet sou toepas. Spoedig het van die Basters besef dat hulle onmoontlik aan die vereistes vir individuele aanspraak voldoen het. Die meeste het gevolglik vrywillig hul eise onttrek.

Uiteindelik het slegs 17 fonteine oorgebly waarop Auret aansprake aangehoor het. Van al die aansprake van die Basters het slegs 4 fonteine, te wete Grootfontein (Adriaan van Wyk), Groot Meestersklip (Adriaan Brill), Groot Paardekloof (Frans Maasdorp) en Kareekap (Titus Titus) min of meer aan die vereistes voldoen. Wat die aansprake op hierdie fonteine deur die onderskeie Basters versterk het, was dat hulle kon aantoon dat hulle oor jare heen verbeterings by die onderskeie fonteine aangebring het. Baie het klipwonings gebou, saailande in die omgewing van die fonteine gemaak en verbeterings daaraan aangebring wat die watertoevoer vermeerder het. Wat die aansprake op Kareekap en Groot Paardekloof nog meer versterk het, is dat van die blankes uit die aanliggende distrikte die aansprake van Titus Titus en Frans Maasdorp op hierdie twee fonteine ondersteun het.¹⁰⁸

¹⁰⁶ G. 7-‘59, Report of an inquiry....., pp. 3-4, KAB, I BFW 9/57, Letters received from Clergymen, Missionaries and Church Officials, 1819-1876, Bell-Auret, 8-3-1856.

¹⁰⁷ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 25 von J.H. Lutz vom 27-9-1856 bis 30-11-1856, “Verslag van de byeenkomst gehouden op Amandelboom, den 10 November 1856.”

¹⁰⁸ G. 7-‘59, Report of an inquiry....., p.4, pp. 7-9.

Van die vier fonteine waarop Auret individuele regte erken het, blyk dit dat Groot Paardekloof eintlik die enigste was wat aan al die vereistes van die wet voldoen het.¹⁰⁹ Frans Maasdorp was ten tye van die sendelinge se aankoms alreeds drie jaar daar woonagtig en het die plaas sedertdien onafgebroke bewoon. Tydens die groot droogte van die 1850's was hy weliswaar genoodsaak om sommige van sy vee in die sorg van familieledes en arbeiders te plaas om met die ander elders 'n heenkome te soek. Gedurende hierdie tyd het Maasdorp self egter met 'n aantal slagskape steeds op Groot Paardekloof agtergebly. Maasdorp het drie wonings op Groot Paardekloof gebou, naamlik 'n kliphuis van 12 by 8 voet, 'n woonhuis van 9 by 20 voet en 'n rondawel.¹¹⁰

Afgesien van die wonings het die Maasdorps ook twee leivore aangelê, een daarvan 300 jaart lank en met leiklip uitgeplavei. In die tuin wat uit die fontein natgelei kon word, het nie minder nie as 100 perskebome en 130 vyebome gepryk. Die groot aantal vrugtebome was ongetwyfeld in navolging van 'n voorstel van eerwaarde Lutz dat bydraes tot die sending nie altyd noodwendig in die vorm van harde kontant hoef te gewees het nie. Soos reeds vroeër aangetoon is, het die sendeling by geleentheid sy gemeente die voorbeeld voorgehou van sendingvriende in Duitsland wat 'n gedeelte van hul oes aan die sending afgestaan het. Sommiges het selfs vrugtebome aangeplant waarvan die opbrengs uitsluitlik vir die sending bedoel was.¹¹¹ Frans Maasdorp was een van dié by wie die vrugteboom-idee inslag gevind het. In 1853 het eerwaarde Lutz aan die direksie berig dat Frans Maasdorp al 100 riksdalders met die opbrengs van sy sendingperskeboom verdien het en dit aan die sending oorbetaal het. "Sedert die perskeboom tot "sendingboom" verklaar is", het hy selfvoldaan geskryf, "het die boom volgens Maasdorp hom nog elke jaar "dood gedra" aan al die vrugte."¹¹² Voorts het Maasdorp jaarliks van 8 tot 30 mud koring op Groot Paardekloof gewen. Ten tye van die verhoor op Amandelboom het hy ten spyte van die droogte wat ongetwyfeld ook hierdie vooruitstrewende boer gevoelige verliese toegedien het, nog oor 1 800 skape en bokke, 12 perde en 26 beeste beskik.¹¹³ Uiteindelik het die regering wel die plaas aan Maasdorp toegeken, waar hy tot die 1870's gewoon het. Die plaas is uiteindelik aan 'n Louw verkoop, in wie se familiebesit dit tot op hede steeds gebly het.¹¹⁴

Na die aanhoor van die Basters se eise op van die fonteine het die blanke afgevaardigdes van die Clanwilliam-distrik (Hantam), Worcester (Onder-Roggeveld) en Beaufort-Wes (Nuweveld) geleentheid gehad om beswaar te maak teen die aansoeke van die Basters. Onmiddellik het dit die onderliggende spanning tussen die verskillende groepe na die oppervlak gebring. By tye het gemoedere hoog geloop. Breedweg het die verskillende opvattinge in die Beaufort-Wes en Clanwilliam-distrikte oor die grondkwessie groot onmin onder die aanwesiges gesaai.

Veldkornet Joachem Nel van die Onder-Roggeveld was die eerste aan die woord. Vanuit die staanspoor het hy enige gedagte dat die Agterveld aan een spesifieke groep soos die Basters

¹⁰⁹ Ibid., Sien getuienis van Frans Maasdorp, Annexure A, pp. 8-9.

¹¹⁰ Die rondawel is 'n interessante verwysing omdat dit na alle waarskynlikheid 'n korbeelhuis was wat algemeen in die Kareebergstreek voorkom. Oor die herkoms van hierdie boustyl en deur wie dit opgerig is, is tot dusver nog nie duidelikheid verkry nie. Opvallend is dat daar geen beskrywing van hierdie unieke geboue in die geskrifte van die sendelinge gevind word nie. Eerwaarde Lutz het slegs by een geleentheid laat blyk dat daar 'n kliprondawel op die plaas Grootfontein was.

¹¹¹ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 8 von J.H. Lutz vom 20-11-845 bis 16-4-1846.

¹¹² Ibid., Tagebuch No 17 von J.H. Lutz vom 20-3-1851 bis 22-2-1852, Lutz-Inspector Wallman, Amandelboom, 1-4-1853.

¹¹³ G.7-'59, Report of an inquiry..., Sien getuienis van Frans Maasdorp, Annexure A, pp. 8-9.

¹¹⁴ Oorspronklike titelakte in besit van mnr J. Louw, Groot Paardekloof, Williston.

toegeken word, asook enige sprake dat die gebied in individuele plase opgemeet word, heftig teengestaan. Veldkornet Nel was duidelik van mening dat al die fonteine waarop die Basters aanspraak gemaak het, vir die inwoners van sy wyk en die Basters ewe onontbeerlik was. Hy het aangevoer dat die Onder-Roggeveld gereeld deur langdurige droogtes geteister is wat dit noodsaak het dat die meeste boere van sy wyk dan in die Kareeberge moes kon intrek. Meesal is daar gedurende die somermaande, wat die reënseisoen vir die Kareeberge is, na die gebied getrek. Gedurende die wintermaande het die veeboere na hul plase in die Onder-Roggeveld teruggetrek. In sy veldkornetskap was daar 58 plase waarvan die meeste veeboere noodsaak was om gedurende die somermaande na die Kareeberge te trek. Nel self het alreeds vir die afgelope dertien jaar seisoenaal tussen sy grond in die Onder-Roggeveld en die Kareeberge migreer. Volgens hom was hierdie jaarlikse migrasies vir ten minste veertig jaar lank al die gebruik. Baie verarmde boere van sy wyk wat nie oor grond beskik het nie, het egter net soos die Basters min of meer permanent in die Kareeberge rondgetrek. Nel het dit duidelik gestel dat die hele gebied tot gemeenskaplike trekveld verklaar moes word waar toegang, soos vroeër, deur lisensies beheer moes word. Voorts was hy hewig gekant daarteen dat Groot Paardekloof in individuele besit moes val. Dit was volgens hom die sterkste fontein in die hele Kareebergstreek. Daarom was dit onontbeerlik vir die veeboere van sy wyk. So belangrik was hierdie fontein dat inwoners van sy wyk ten minste 120 myl moes trek om by die fontein uit te kom.¹¹⁵

Veldkornet Nel se argumente is deur veldkornette Wiese en Nieuwoudt van die Hantam en Onder-Bokkeveld beaam. Veldkornet Wiese het verklaar dat ten minste 100 boere uit die Hantam jaarliks gedurende die somermaande vir 'n tyd na die Kareeberge verhuis het. Volgens hom was al hierdie boere dit eens dat hulle heeltemal geruïneer sou word as hulle toegang tot die gebied afgesny sou word. Die afgevaardigde van die Clanwilliam-afdelingsraad, Christoffel Lombaard, wat ook in die Hantam woonagtig was, het al die vorige veldkornette se menings heeltemal ondersteun. Voorts het hy die vergadering daaraan herinner dat in reaksie op 'n versoekskrif wat deur veldkornet Nieuwoudt in 1850 opgestel is en deur al die inwoners van die Roggeveld, Hantam en Bokkeveld onderteken is, die regering by monde van die toenmalige goewerneur, sir Harry Smith, 'n belofte aan hierdie distrikte gedoen het dat die trekvelde steeds vrye toegangsgebied sou bly.¹¹⁶

Al die voorafgaande argumente is deur die verteenwoordigers van die Beaufort-Wes-distrik, met die uitsondering van een, hewig teengestaan. Veldkornet Willem Berg van die Agter-Nuweveld het die hele stelsel van gemeenskaplike trekvelde en veral die stelsel van weilisensies as onprakties afgemaak. Volgens hom het die hele gebied oor groot potensiaal vir groot plase beskik. Daarom moes die hele gebied opgemeet word en aan die hoogste bod, ongeag "swart of wit", verkoop word. Tot tyd en wyl die gebied opgemeet kon word, moes die hele area vrye gebied verklaar word sonder die lisensiestelsel. Die stelsel van weilisensies was volgens hom 'n euwel wat sterk teengestaan moes word. Weilisensies het alleenlik daartoe aanleiding gegee dat die hele streek onoordeelkundig bewei is en elke lisensiehouer voortdurend gestaan het op sy regte wat hy ingevolge die lisensie verkry het. Gevolglik was dit net 'n bron van konflik wat liewer vermy moes word.

Volgens veldkornet Berg was die hele streek in sy wyk geleë. Hy was goed vertrouwd met die omgewing omdat hy alreeds vir die afgelope dertig jaar elke jaar in die gebied getrek het.

¹¹⁵ G. 7-59, Report of an inquiry..., Sien getuienis van J.E.P. Nel, Annexure B, pp. 10-11.

¹¹⁶ Ibid., Sien getuienis van Wiese, Nieuwoud en Lombaard, Annexure B, p. 11.

Insiggewend het die veldkornet aangevoer dat die meeste inwoners van sy wyk nie grond van hul eie gehad het nie en eintlik in die Kareeberge woonagtig was. Hierdie opmerking van veldkornet Berg is belangrik omdat dit onteenseglik bewys hoe al hoe meer vleisprodusente van die Beaufort-Wes-distrik deur die opkomende wolbedryf na die buitewyke van die distrik uitgedruk is. Dit blyk dat Berg die belange van hierdie sektor van die Beaufort-Wes-distrik op die hart gedra het en dit wou probeer beskerm. Groot plase kon in die gebied uitgemeet word wat dit moontlik sou maak vir hierdie mense om grond te bekom. Al die inwoners van sy wyk, het veldkornet Berg verklaar, was ten gunste daarvan dat die hele gebied in individuele plase opgemeet en verkoop moes word. Indien die regering egter nie sou toestem tot die opmeting van die Kareeberge nie, moes die hele gebied onveranderd as gemeenskaplike trekvelde bly.

Veldkornet Berg is ondersteun deur veldkornet Johannes Tromp wat die Worcester-distrik verteenwoordig het. Volgens Tromp het ongeveer twee honderd veeboere van sy wyk gereeld in die Kareeberge rondgetrek. Hy was egter van mening dat die gebied opgemeet en per openbare vendusie aan die hoogste bieder verkoop moes word. Heeltemal teenstrydig met hierdie idee het hy egter die aanspraak van Frans Maasdorp op Groot Paardekloof ondersteun omdat hy persoonlik goed vertrouwd was met die plaas en die Maasdorp-familie.¹¹⁷

Veldkornet Johan Riekert van die Nuweveld was die enigste verteenwoordiger van die Beaufort-Wes-distrik wat die opmeting en verkoop van grond in die Kareeberge heftig teengestaan het. Volgens hom was die enigste werklike oplossing dat die gebied steeds as vrye trekvelde met die lisensiestelsel behoue moes bly. Profeties het hy voorspel dat indien enige van die noodsaaklike fonteine in privaatbesit sou beland, dit net tot voordeel van die meer gegoede deel van die samelewing sou strek. Hy het aangevoer dat die armer klasse, beide blank en nie-blank, dan verseker uit die gebied verdryf sou word.¹¹⁸

Op hierdie stadium blyk dit dat die vergadering vuurwarm geword het en gemoedere by tye hoog geloop het. Agterna sou dit blyk dat hoe meer daar gestry is oor die kwessie of die Kareeberge opgemeet moes word of nie, hoe meer ontsteld die Bastergemeenskap geword het. Selfs vir die grootste teenstanders van die Amandelboomsending was dit egter duidelik dat die Bastergemeenskap in sy geheel regmatige grondeise gehad het. Die meeste boere was dit ook eens dat hulle op die een of ander wyse geakkommodeer moes word. Die probleem was egter hoe dit gedoen moes word sonder dat dit die belange van die blanke gemeenskap sou benadeel. Dit is duidelik dat die meeste blankes tydens die vergadering daarop gehoop het dat die Basters op 'n klein stukkie grond om die sendingstasie as't ware in 'n reservaat geplaas sou word. Op 'n stadium het 'n boer wat in die wyk van veldkornet Berg woonagtig was voorgestel dat 20 000 morg grond aan die Amandelboombasters toegeken moes word. Gegewe die omgewing en veral die aantal vee wat die Bastergemeenskap besit het, was die voorstel heeltemal ontoereikend. Tog het die vergadering soos een man die voorstel van 20 000 morg grond aan die Bastergemeenskap afgeskiet as synde heeltemal te groot.¹¹⁹ Almal was dit eens dat grond aan die sendingstasie toegeken moes word, maar hulle was kennelik nie bereid om soveel grond af te staan dat die Bastergemeenskap steeds 'n onafhanklike bestaan kon voer nie.¹²⁰

¹¹⁷ Ibid., Sien getuienis van Berg en Tromp.

¹¹⁸ Ibid., Sien getuienis van Riekert.

¹¹⁹ Ibid., Sien getuienis van Smit, pp. 11-12.

¹²⁰ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 25 von J.H. Lutz vom 27-9-1856 bis 30-11-1856, "Verslag van de byeenkomst gehouden op Amandelboom, den 10 November 1856."

Toe Hans van Wyk namens die Bastergemeenskap die vergadering toegesprek het, kon 'n mens uit sy betoog aflei hoe hy die wrewel van die hele Bastergemeenskap verwoord het. Sy argument dat daar voldoende trekvelde in die Hantam en Roggeveld was en die seisoenale indringing van blanke boere uit hierdie distrikte in die Kareeberg eintlik onnodig was, het ongetwyfeld sommige by die vergadering witwarm van woede gehad. Geniepsig het Van Wyk bygevoeg dat die indringers in die Kareeberge oor eie plase in die Hantam en Roggeveld beskik het. Daarteenoor het die Basters oor geen plase van hul eie beskik nie. Waarskynlik uit dure ondervinding van die misbruik wat daar in die verlede van die lisensiestelsel in die gebied gemaak is, het hy ook hierdie stelsel aangeval. Volgens hom was 'n belangrike nadeel van die lisensiestelsel dat geen verbeterings by die onderskeie fonteine gedoen is nie, doodeenvoudig omdat niemand eienaarskap gehad het nie. Van Wyk het weliswaar die versigtigheid aan die dag gelê om nie al die verhale van hoe die Basters met lisensies van fonteine in die oostelike Kareeberge weggehou is, tydens die vergadering op te haal nie. Hy het nietemin ergerlik aangevoer dat as die regering nie die gebied aan die Basters sou toeken nie, dit net so wel dan opgemeet en verkoop kon word. Ten slotte het hy die vergadering daaraan herinner dat: "In former years, we suffered much from the Bushmen, and were the bulwark of the country. This was before it was annexed to the colony. The country has since been clear of Bushmen, with the exception of three or four thefts having occurred..... When I said we were the bulwark of the country, I alluded to our fathers and the burghers of the last generation jointly."¹²¹

6..5 Die Auret-verslag en die implikasies daarvan

In sy verslag aan die regering blyk dit duidelik dat Auret heeltemal verstrik geraak het in die uiteenlopende standpunte van die onderskeie belangegroepes. Auret het 'n kort uiteensetting gegee waarom slegs vier fonteine vir individuele besit deur die Basters gekwalifiseer het. Daarop het 'n lang verduideliking gevolg oor die redes waarom die verskillende blanke groeperinge toegang tot die gebied wou hê. Die belangrikste argument was dat die gebied duidelik noodsaaklik was vir die veeboere van die Hantam, Roggeveld en die Beaufort-Wes-distrik. Daarbenewens het die inwoners van hierdie distrikte al vir soveel jare seisoenaal na die gebied getrek dat: "it is therefore but natural that there should be a strong feeling on the part of the farmers against any of the grounds in the Kareebergen being at all alienated, whether to farmers or Bastards, as being in their opinion an invasion of a sort of prescriptive right which the public has by long usage acquired over these grounds."¹²²

Auret het heel onpartydig verduidelik waarom die Clanwilliam-distrik ten gunste van 'n gemeenskaplike trekveld was, terwyl die Beaufort-Wes-distrik, daarenteen, die gebied opgemeet en opgeveil wou sien. Tog het hy in sy finale verslag aan die regering subtiel die indruk gewek dat die meerderheid inwoners van die noordwestelike grensdistrikte ten gunste van individuele opmetings was. Veral toe hy aangevoer het dat die Basters in die algemeen ook ten gunste van die opmetings was, het dit stukrag aan sy argument gegee.

Vir 'n tweede keer in die geskiedenis van Amandelboom het 'n regeringsamptenaar sekere feite omtrent die Amandelboombasters verkeerd vertolk en sodoende die verkeerde indruk in regeringskringe gewek. Die Bastergemeenskap was in die algemeen glad nie ten gunste daarvan dat die gebied vir individuele besit opgemeet moes word nie. Soos vroeër al by herhaling aangetoon is, het dit telke male wanneer daar van opmetings en verpagting in die Kareeberge sprake was,

¹²¹ G. 7-'59, Report of an inquiry....., Sien getuienis van Hans van Wyk, Annexure B, p. 12.

¹²² Ibid., p. 4.

groot konsternasie onder die Bastergemeenskap tot gevolg gehad. In 1858 het die Bastergemeenskap byvoorbeeld sterk beswaar gemaak by Devenish, die magistraat op Beaufort-Wes, toe sogenaamde “naampagters” die Basters van sekere belangrike fonteine in die omgewing begin verdryf het. In daardie stadium het die indringers alreeds Klein Stoeifontein, Rietbrak, Schuinshoogte, Gorraas, Tygerfontein, Scherpejoensdrif en Rodevallei ingeneem. Die Basters is van al hierdie fonteine verdryf. Die Basters wou vererg van die magistraat weet of hierdie “naampagters” hulle bakens kon plaas waar hulle wou. Die handelswyse van hierdie mense het groot ellende in die gemeenskap veroorsaak en “wij waren genootzaakt als wij buiten kwestie wilden blijven met schade en verliest van groot en klijn vee deze plaatsen te verlaten.”¹²³

Auret se argument dat die Basters die opmeting van die gebied ondersteun het, was heel duidelik ‘n verkeerde afleiding wat gebaseer was op die toespraak van Hans van Wyk. As die toespraak van Van Wyk in sy geheel egter deeglik bestudeer word, blyk dit duidelik dat die kern van sy betoog, en veral die gesindheid waarin dit gedoen is, nie heeltemal korrek deur Auret geïnterpreteer is nie. Van Wyk se argument was dat die Bastergemeenskap om talle redes as die enigste regmatige eienaars van die streek beskou kon word. Dit was immers die afleiding wat ook deur veldkornet Nel uit Van Wyk se toespraak gemaak is. So gebelg was veldkornet Nel dat hy ‘n lang brief aan die *Volksblad* geskryf het waarin hy sonder doekies omdraai sy woede uitgespreek het oor die “gesnoef” van die Baster, Hans van Wyk. Hy het sonder aarseling die idee verwerp dat die Basters die hele Kareeberge “skoongemaak” het van die Boesmans en daarom die enigste regmatige aanspraakmakers op die gebied was.¹²⁴ Hans van Wyk se opmerking, dat indien die regering nie die gebiede aan hulle sou toeken nie, dit net so wel opgemeet moes word, was dus binne die konteks van sy toespraak ‘n sarkastiese opmerking. Hierdie fyner nuanse in Van Wyk se toespraak het heeltemal by Auret verbygegaan. Hy het die uitspraak gevolglik vertolk as synde dat die hele gemeenskap ten gunste van individuele opmetings was. ‘n Verdere aspek wat hierdie argument ondersteun, is die feit dat die Basters na die vergadering waartydens daar hoe langer, hoe meer op opmetings gefokus is, briesend was. Eerwaarde Lutz het byvoorbeeld na die vergadering geskryf “dat veral die Bastergemeenskap rede tot dankbaarheid gehad het omdat Auret veel meer as sy plig gedoen het. In plaas daarvan dat hulle enige dankbaarheid getoon het, was hulle eerder aan die mor en kla. Dit het nog selde gebeur dat sulke belangrike vreemdelinge so ‘n kil afskeid van ons dorpsbewoners te beurt geval het.”¹²⁵

Voorts kan daar met redelike sekerheid ‘n paar verdere afleidings uit die verslag van Auret gemaak word. Die eerste is dat feitlik al die blanke verteenwoordigers by die vergadering, insluitende Auret en Twaits, baie subtile ondersteuners was van die idee dat die Basters in ‘n reservaat, met Amandelboom as middelpunt, geplaas moes word. Die probleem met hierdie idee was dat niemand hom wou uitlaat oor hoeveel grond so ‘n reservaat moes beslaan nie. Hierdie netelige kwessie het Auret aan die regering oorgelaat om oor te besluit. Die regering se voorskrif aan Auret dat drie- of vierduisend morgen om die sendingstasie self vir die eksklusiewe gebruik van die Basters uitgemeet moes word, het egter die onkunde van die regering oor die intensiteit van die probleem weerspieël. Auret het kennelik hierdie opvatting in regeringskringe aangespreek deur dit in sy verslag duidelik te stel dat die grond wat die regering bereid was om aan die sending toe te staan, heeltemal onvoldoende was. Gegewe die groot veebesit van die Basters, het hy aangevoer, was selfs tien maal die voorgeskrewe grootte vir Amandelboom steeds heeltemal

¹²³ KAB, 1 BFW 9/62, Letters received from Private Individuals, 1834-1858, Memorie aan J.G. Devenish, Kriberge (sic), 23-7-1858.

¹²⁴ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 25 von J.H. Lutz vom 27-9-1856 bis 30-11-1856, “Verslag van de byeenkomst...”

¹²⁵ Ibid., “Noch einige Nachbemerkingen über dieses Tages Geschichte.”

ontoereikend. Aan die ander kant het hy dadelik bygevoeg: “but then the Government, I apprehend, could not be expected to make provision on so vast a scale, particularly when the fact of such large numbers proves the ability of some of the owners to purchase a sufficiency of pasturage for their stock from the Government.”¹²⁶

Hierdie opmerking van Auret was in ‘n sekere sin heeltemal korrek. As veebesit as maatstaf vir die vermoëns van die Basters geneem sou word, dan was daar inderdaad baie Basters wat by magte was om in die ope mark die aankoop van individuele plase te kon bekostig. Tog is dit ‘n riskante aanname, omdat daar nou algemeen aanvaar word dat die groot veebesit van die hele veeboersektor gedurende die 19de eeu in die algemeen nie noodwendig hulle kapitale vermoëns weerspieël het nie, soveel te meer vir die Bastergemeenskap wat geen toegang tot kredietfasiliteite gehad het nie. Die enigste bron van krediet op hierdie stadium was die Beaufort Bank wat, soos Anderson aangevoer het, hul kredietfasiliteite tot aansoekers uit die wolsektor beperk het.¹²⁷

‘n Tweede afleiding wat uit die Auret-Kommissie van Ondersoek se verslag gemaak kan word, was hoe skokkend onkundig die owerheid omtrent die Kareebergbasters in die algemeen was. Dit is byna ondenkbaar dat die regering, ten spyte van al die inligting en statistieke omtrent die Amandelboomsending wat eerwaarde Lutz by herhaling verskaf het, steeds so ‘n vertekende beeld van die sending en die Bastergemeenskap gehad het. Die onkunde van die regering omtrent die Kareeberggemeenskappe word op geen beter manier geïllustreer as wanneer die opdragte wat hulle aan Auret gegee het ten opsigte van die grondtoekenning aan die sendingstasie self bestudeer word. Ten spyte daarvan dat eerwaarde Lutz al tot vervelens statistieke en ander inligting oor die Amandelboomsending aan die regering verskaf het, was die owerheid byvoorbeeld steeds van mening dat hy en Beinecke twee sendingstasies opgerig het - een op Amandelboom en nog een op “Kareeberge”! Gevolglik het die regering Auret opdrag gegee om drie- of vierduisend morg aan elkeen van die stasies toe te ken. Eers toe Auret op Amandelboom opdaag, het hy ontdek dat daar in werklikheid net een stasie onder die Basters was en dat “Kareeberge” doodgewoon ‘n kollektiewe begrip was vir die weidingsgebied of trekvelde van die Basters en trekboere uit die aanliggende distrikte.¹²⁸

Opeens het dit ook ‘n nuwe dimensie verleen aan die vier fonteine waarop Auret alreeds individuele eiendomsreg erken het. Indien individuele “tickets of occupation” aan die eienaars van die vier fonteine gegee sou word, sou dit tot geen voordeel van die sending as sodanig wees nie. Inteendeel, dit sou gewis tot nadeel van die sendingstasie strek. Die vier goedgekeurde aanspraakmakers op die fonteine kon in beginsel hierdie belangrike oorlewingsbronne geheel en al vir openbare toegang sluit. Dit sou uiteraard vir die hele Bastergemeenskap, asook die seisoenale besoekers uit die aanliggende distrikte, uiters nadelig wees. Op daardie stadium is al hierdie fonteine steeds deur die hele gemeenskap, insluitende sommige boere uit die Onder-Roggeveld, gemeenskaplik gebruik. Soos voorheen aangetoon is, was dit juis die dilemma waarmee die sendelinge geworstel het. Dit was ook die rede waarom eerwaarde Lutz uiteindelik verkies het om ‘n neutrale posisie tydens die openbare vergadering in te neem.

Auret het die probleem met die Amandelboomgemeente bespreek en aangedui dat individuele “tickets of occupation” op die vier fonteine só nadelig op die hele gemeenskap kon inwerk, dat

¹²⁶ G 7-‘59, Report of an inquiry..., pp. 6-7.

¹²⁷ E. Anderson, *A History of...*, pp. 104-105.

¹²⁸ G7-‘59, Report of an inquiry..., p. 6.

dit in werklikheid die bestaan van almal in die streek in die gedrang kon bring. Na rype beraad het Auret aan die vier wettige aanspraakmakers van die betrokke fontein verduidelik dat, na sy mening, individuele eiendomsreg voorlopig nie aan hulle toegeken moes word nie. In ruil daarvoor sou hulle nie hul goedgekeurde aansprake op die betrokke fontein verloor nie. Auret het beloof dat dit gewis in aanmerking geneem sou word indien die gebied in individuele plase opgemeet sou word. Toe al die betrokkenes tot hierdie voorstel ingestem het, kon Auret voortgaan om die grond wat volgens voorskrifte aan die sendingstasie toegeken moes word, uit te meet. Aangesien die regering opdrag gegee het dat aan elk van die onderskeie sendingstasies drie tot vier duisend morg toegeken moes word, het Auret dit goed geag om die grond wat vir “Kareeberge” geormerk was by dié van Amandelboom te voeg. Sodoende is agt duisend morg aan Amandelboom toegeken.¹²⁹

Hoewel die sendelinge met die Auret-onderzoek meer permanensie op Amandelboom gewaarborg was, was die res van die Bastergemeenskap woedend oor die uitslag van sy ondersoek. Auret se idees oor die besetting van die Amandelboom-trekvelde het trouens geen enkele voordeel vir die Bastergemeenskap ingehou nie. Al die aansprake op fontein in die buiteveld is as’t ware “verloor” ten gunste van die 8 000 morg grond wat aan die sendingstasie self toegeken is. Die toekenning aan Amandelboom self was alreeds hopeloos te klein as die gemeenskap hul veeboerbestaan op dieselfde skaal as voorheen wou voortsit. Daarbenewens was dit tydens die vergadering duidelik dat dit net ‘n kwessie van tyd was voordat groot gedeeltes van die trekvelde opgemeet en verkoop of verhuur sou word. Geen wonder dus dat die gemeenskap self nie juis met die gebruikelike gasvryheid van hul belangrike besoekers afskeid geneem het nie.

In die daaropvolgende maande ná die besoek van Auret was dit vir die Basters duidelik dat die gebied waarop hulle vir so lank alreeds vrye gebruiksreg geniet het, voortaan voor betaal sou moes word. Hierdie idee het die hele gemeenskap kennelik dwars in die krop gestee. Daarbenewens het dit volgens eerwaarde Lutz ook in ‘n sekere sin negatief op die sendingstasie as sodanig ingewerk. Talle gemeentelide moes byvoorbeeld voortaan alle moontlike geld spaar in geval hulle in die toekoms huurgeld sou moes betaal of genoodsaak sou wees om ten duurste individuele plase aan te koop. Die negatiewe impak van hierdie verwickelinge het die sending aan die lyf gevoel omdat die finansiële bydraes van die gemeente in hierdie onsekere tye drasties afgeneem het.¹³⁰

Die houding van die Basters tydens Auret se besoek was iets wat eerwaarde Lutz nogal gepla het. Volgens hom het dit ‘n uiters negatiewe beeld van die Bastergemeenskap na buite gedra. Soveel te meer nog omdat die sendelinge vooraf besluit het om hul gemeente so positief moontlik aan hul belangrike gaste voor te hou. Onder leiding van die sendelingsvroue is daar byvoorbeeld behoorlik gebak en gebrou om al die besoekers iets te ete te kon gee.¹³¹ Saans het eerwaarde Lutz en Beinecke so mildelik van hul pyptabak aangebied dat hul skrapse voorraad, tot ergernis van Beinecke, by die vertrek van hul gaste heeltemal uitgeput was.¹³² Tog was dit klein opofferings, is daar geredeneer, wat die gemeente dalk goed te staan sou kom. Auret was dan ook uiteindelik

¹²⁹ Ibid., pp. 6-7; VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 25 von J.H. Lutz vom 27-9-1856 bis 30-11-1856, “Noch einige Nachbemerungen...”; KAB, 1/BFW 9/7, Letters received from the Colonial Office, 1859-1860, Rawson-Siviele Kommissaris Beaufort-Wes, Kaapstad, 9-9-1859.

¹³⁰ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 26 von J.H. Lutz vom 30-11-1856 bis 30-9-1857, “25 Desember 1856.”

¹³¹ Ibid., Tagebuch No 25 von J.H. Lutz vom 27-9-1856 bis 30-11-1856, “Noch einige Nachbemerungen.”

¹³² VEM, B/C I 23, Beinecke, Beinecke-Herr Inspector, Amandelboom, 13-12-1856.

baie beïndruk met die sendingstasie en het in sy verslag aan die regering dit in 'n baie positiewe lig gestel. Selfs die boere het volgens eerwaarde Lutz heeltemal teen alle verwagtinge in, vriendeliker en meer toegeeflik voorgekom as wat aanvanklik verwag is. Hy was kennelik baie in sy skik dat die boere in die algemeen die noodsaaklikheid van die sendingstasie ingesien het en feitlik almal daarmee eensgesind was dat 'n stuk grond aan die stasie toegeken moes word. Weens al hierdie faktore was die gedrag van sy gemeente dus skokkend onvanpas. Daarom het hy ook nie geaarsel om hulle te kritiseer nie: "Ons gemeente het hom origens in 'n vyandiger lig vertoon as tevore, en was veral ná die vergadering ontevrede. Wie weet wat van Amandelboom sou geword het as ook maar elk van ons mense sy eie plekkie gekry het. Dit het by tye gelyk asof alles in egoïsme wou opgaan en 'n paar wat hulle tog so graag vir leiers van die ander wou laat aansien, het as ons mees verbete teenstanders ontpop."¹³³

6.5 Agteruitgang en verval op Amandelboom

In die daaropvolgende jare ná die Auret-Kommissie van Ondersoek het dit met die Amandelboomsending feitlik jaarliks al hoe meer die kreeftegang gegaan. Alreeds in November 1856 het eerwaarde Lutz bekommerd teenoor die direksie opgemerk dat dinge in die gemeente nie na wense was nie. "Daar heers geen goeie gees in die gemeente nie," het hy gekla. "Daar is 'n ongemaklike geestelike somberheid, asof onheil in die stilte aan die broei is. Die opmeting van ons dorp het nie so 'n goeie effek op ons mense gehad soos verwag is nie."¹³⁴ Enkele weke later het eerwaarde Lutz weer eens die kommerwekkende agteruitgang op Amandelboom opgehaal. Dié keer het hy ietwat bitter en meer pertinent sy vinger op die probleem gelê. In die gemeente het 'n groot valsheid na vore gekom asof daar 'n bose gees onder hulle ingetrek het. In die algemeen "is daar 'n kilheid, 'n loute, 'n wêreldse gees en 'n opgeblasenheid onder die gemeente, wat alles uiters betreurenswaardig is."¹³⁵

Die enigste werklike ligpunt vir die sendelinge in hierdie tyd was die voltooiing van die nuwe kerk in 1857 waarvan die fundamente alreeds in 1855 gelê is.¹³⁶ Ironies genoeg het die voltooiing van die nuwe kerk saamgeval met die drastiese agteruitgang van die Amandelboomsending. In feitlik alle opsigte het dit met die Amandelboomgemeente hoe langer, hoe slegter gegaan. Afgesien daarvan dat die regering in navolging van die Auret-kommissie groter permanensie aan die sendingstasie as sodanig gegee het, het niks ten goede van die Bastergemeenskap in sy geheel verbeter nie. Net soos vroeër het die jaarlikse migrasie van blanke boere uit die Hantam en Onder-Roggeveld groot druk op die oorlewingsmoontlikhede van die Bastergemeenskap geplaas.¹³⁷ Onderlinge verhoudinge tussen die Basters en die blanke intrekkers in die gebied het ook bykans daagliks versleg.¹³⁸ Teen September 1858 het selfs eerwaarde Lutz, wat nog ten tye van die Auret-kommissie sy gemeente so gekapittel het oor hul negatiewe houding teenoor die regering

¹³³ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 25 von J.H. Lutz vom 27-9-1856 bis 30-11-1856, "Noch einige Nachbemerungen.."

¹³⁴ Ibid., Tagebuch No 26 von J.H. Lutz vom 30-11-1856 bis 30-9-1857, "Erndte Aussichten."

¹³⁵ Ibid., "Gemeinde."

¹³⁶ Vir meer inligting oor die bou van die nuwe kerk sien: VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 26 von J.H. Lutz vom 30-11-1856 bis Sept 1857, "Februar-Baumaterial", "Kirchenbau", "Bauschwierigkeiten"; Tagebuch No 27 von J.H. Lutz vom 14-10-1857 bis 17-1-1858, "Bau und Einweihung der Kirche"

¹³⁷ KAB, I/BFW 9/62, Letters received from Private Individuals, 1834-1858, Versoekskrif aan Meintjies, Amandelboom, 22-12-1858.

¹³⁸ KAB, I/BFW 9/52, Letters received from Field Cornets and Justices of the Peace, 1847-1860. Talle verwysings na aanrandings op Basters en mishandeling van arbeiders. Sien oa: Martinus Jansens-Devenish, Amandelboom, 4-5-1858; 4-6-1858; W.J.A. Bergh-Devenish, Jasfontein, 27-7-1858.

in die algemeen, onomwonde aan die direksie verklaar dat hy die “Engelse politiek” vir geen sent meer vertrou het nie.¹³⁹ Op daardie stadium het die Amandelboomsending nog steeds nie hul grondbriewe van die regering ontvang nie. Dit het die andersins goedgelewige Lutz ietwat agterdochtig begin maak.¹⁴⁰ Daarbenewens het eerwaarde Lutz toenemend en in baie meer pessimistiese trant teenoor die Väter begin kla dat dit volgens hom feitlik daagliks al hoe duideliker geword het dat hulle aanstons dieselfde paadjie as Schietfontein sou loop. Die grootskaalse grondopmetings in die Beaufort-Wes-distrik, wat al nader in die rigting van Schietfontein beweeg het en ooglopend deur die owerheid goedgekeur is, het eerwaarde Lutz redelik wanhopig vir die toekoms van die hele Kareebergensing gestem. Die feit dat Auret by die regering aanbeveel het dat die Amandelboom-trekvelde tot kroongrond verklaar moes word en onder die administrasie van die Beaufort-Wes se afdelingsraad geplaas word, het sake ook nie vergemaklik nie. Die raad het hom heel voorspelbaar daarvoor beywer dat die Amandelboom-trekvelde opgemeet en verhuur moes word. In 1859 is eerwaarde Lutz se ergste vrees bewaarheid toe die afdelingsraad die opmeting van die Amandelboom-trekvelde aangekondig het.¹⁴¹

Hierdie stap was vir die Bastergemeenskap ‘n groot en beslissende slag. Namate die nuus in die gebied versprei het, is ‘n stroom van protes op Beaufort-Wes aangemeld. Feitlik deur die bank is daar beswaar gemaak dat die Basters moontlik van die belangrikste fonteine in die Kareeberge sou verloor. Die meeste Basters het ook aangevoer dat hulle dit nie kon bekostig om met die blankes om grond mee te ding nie.¹⁴² Hierdie argument was natuurlik waar vir ‘n groot gedeelte van die Bastergemeenskap. Talle kon dit inderdaad nie bekostig om grond te huur of te koop nie. Andersyds was dit ook ‘n bitter pil vir baie om ewe skielik huurgeld te moes betaal op grondgebied wat hulle al vir so lank gratis bewoon het. Soveel te meer nog omdat die meeste Basters steeds heeltemal oortuig daarvan was dat hulle, met getroue diens aan die regering en baie bloed, eintlik die gebied regmatig vir hulself verower het. Soos soveel kere in die verlede het die natuur egter die laaste sê gehad oor die lot van die Amandelboomgemeente.

Gelyktydig met die aankondiging dat die Amandelboom-trekvelde opgemeet sou word, het ‘n droogte omstreeks 1858 uitgebreek wat die lot van die Kareebergbasters verseël het.¹⁴³ Duisende stuks vee het in hierdie droogte omgekom. Selfs diegene wat moontlik nog ‘n kans gestaan het om grond te kon bekom, is ook in armoede gedompel. Hoewel die stasiebewoners self nog genoeg kos gehad het om te kon oorleef, het dit op hierdie tydstip in die buiteveld van Amandelboom beroerd gegaan. Tot sy skok het eerwaarde Lutz van Hendrik Jansen, die eerste veldkornet onder die Basters,¹⁴⁴ van die ware toedrag van sake in die buiteveld van Amandelboom verneem. Jansen moes in opdrag van die regering ‘n opname van die aantal veevrektes in sy wyk maak. Die statistieke omtrent veeverliese van slegs veertig familiehoofde wat hy in daardie stadium

¹³⁹ VEM, B/C 119, Lutz, Tagebuch No 28 von J.H. Lutz vom 1-1-1858 bis 12-8-1858, Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 3-9-1858.

¹⁴⁰ Titelaktes vir Amandelboom is eers in 1860 ontvang. VEM, B/C 119, 1 Pakket Lutz, 1859-1867, Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 8-12-1860.

¹⁴¹ KAB, CO 2973, Letters received from Beaufort-West, Minutes of meeting at Amandelboom, 5-8-1859; L. von Rhoden, *Missions Gesellschaft*, pp. 144-145.

¹⁴² KAB, 1/BFW 9/52, Letters received from Field Cornets and Justices of the Peace, 1847-1860, Rieker-Devenish, Amandelboom, 6-9-1858; Jansen-Devenish, Amandelboom, 30-9-1858; 16-10-1858; 12-11-1858; VEM, B/C 119, Lutz, 1 Pakket Lutz, 1859-1867, “Jahresbericht an die verehrte Gesellschaft von 1864, Amandelboom, 14-1-1865”; “Pacht-System”, “Geld-Armut.”

¹⁴³ Ibid., Talle verwysings na droogte en veevrektes. Sien oa: W.J.A. Bergh-Devenish, *Jasfontein*, 24-6-1859.

¹⁴⁴ KAB, 1/BFW 9/6, Letters received from the Colonial Office, Goewerneur-Siviele Kommissaris Beaufort-Wes, 25-1-1857; 1/BFW 9/52, Letters received from Field Cornets and Justices of the Peace, 1847-1860, Hendrik Jansen-Meintjies, Amandelboom, 2-3-1857.

reeds bekom het, was skokkend. Van hierdie mense het in 1859 alreeds 79 perde, 332 beeste en nie minder nie as 19 917 stuks kleinvee van die droogte gevrek. Die totale verlies vir hierdie families is op 8 808 pond sterling bereken. Alles het daarop gedui dat die veevrektes onder die uitstaande 50 families net so erg sou wees.¹⁴⁵ Bykans daagliks het die sendelinge hartroerende verhale aangehoor van individue in die buiteveld van Amandelboom wie se groot veetroppe feitlik totaal uitgewis is. Gedurende die eerste vyf maande van 1858 het ene Abraham Merika byvoorbeeld alreeds 1 000 skape en bokke verloor, terwyl die verliese van Piet van Wyk 'n ongelooflike 2 300 getel het.¹⁴⁶

Teen 1862 was die droogte steeds nie gebreek nie en het algehele hongersnood in die gebied geheers. Byna daagliks is die sendelinge oorval deur mense wat dikwels vir dae aaneen steeds niks te ete gehad het nie. Lewensmiddele soos koring, meel en rys was bykans onbekombaar. Wanneer dit nog beskikbaar was, was dit volgens eerwaarde Lutz "fabelagtig" duur. Selfs die sendelinge het soggens, middag en saans slegs maer vleis te ete gehad. Die sendelingsvrou het later selfs van die koolblare, wat onder normale omstandighede nie gebruik sou word nie, gekook om van die verhongerde gemeentelede van 'n maaltyd te voorsien.¹⁴⁷ Nog later het die situasie sodanig versleg dat die sendelinge genoodsaak was om op eie koste 100 skape aan te koop om die verhongerdes op Amandelboom aan die lewe te probeer hou. Daagliks is drie tot vier van hierdie skape geslag en in groot potte gekook wat die inwoners van Amandelboom ten minste van een maaltyd per dag voorsien het.¹⁴⁸

Toe die aankondiging gedoen is dat die Amandelboom-trekvelde verpag sou word, het van die Basters nog gehoop dat grond bekom kon word deur onderling in byvoorbeeld familie-groepe geld bymekaar te maak vir die aankoop of huur van 'n bepaalde plaas. Hierdie hoop is egter deur die droogte veryd. "Nou het die Here al die tienduizende ponde weggeneem waarmee beide blank en nie-blank gehoop het om grond mee te koop," het eerwaarde Lutz in Junie 1859 aan die direksie berig.¹⁴⁹ Sommige Basters het tog daarin geslaag om grond te bekom deur onderling geld bymekaar te skraap om vir die verpagting te betaal.¹⁵⁰ Andere het net soos van ouds in die stryd teen die Boesmans, met van hul meer kapitaalkragtige blanke bure onderling transaksies aangegaan. 'n Uitstaande kenmerk van al hierdie transaksies was dat dit heelwat ruimte gelaat het vir onderlinge twis wat meermale plaasgevind het. Die blankes het hul Baster-geesgenote kennelik as niks meer as arbeiders beskou nie. Talle aanrandings op Basters is ook deur Jansen by die owerheid aanhangig gemaak.¹⁵¹ Daarteenoor is die Basters op hierdie stadium in blanke geleedere

¹⁴⁵ Na 1859 het eerwaarde Lutz nie meer gereeld sy dagboek bygehou nie. Al sy korrespondensie na hierdie datum is in een bundel in die argief opgeneem met die verwysing B/C I 19, 1 Pakket Lutz 1859-1867 Sien: Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 25-6-1859, "Grösse Dürre", "Grosse Verlusste an Vieh"; VEM B/C/ I 23, Beinecke 1858-1864, Beinecke-Herr Inspector Dr Faber, Amandelboom, 12-10-1858.

¹⁴⁶ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 28 von J.H. Lutz vom 1-1-1858 bis 12-8-1858, "Folge der Dürre."

¹⁴⁷ Ibid., 1 Pakket Lutz, 1859-1867, Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 4-8-1862, "Grosse Dürre und Hungersnoth."

¹⁴⁸ Ibid., "Dürre."

¹⁴⁹ Ibid., Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 25-6-1859.

¹⁵⁰ In 1858 is aansoek gedoen vir: Klein Meestersklip (Hendrik Richard en Petrus Jacobs), Banksfontein (Jan Plessie), Groot Meestersklip (Adriaan Bril senior), Blaauwzijver (Cornelis van Wyk senior) en Arbeidsvonteyn (Klaas Isaaks). Sien: KAB, 1/BFW 9/62, Letters received from Private Individuals, 1834-1858, James Ross-J.G. Devenisch, Amandelboom, 18-10-1858; 15-11-1858.

¹⁵¹ KAB, 1/BFW 9/52, Letters received from Field Cornets and Justices of the Peace, 1847-1860, Jansens-W. Kinnear, Vrederegter op Beaufort-Wes, 14-3-1857; 21-1-1859.

voortdurend van veediefstal beskuldig.¹⁵²

Net soos vroeër is vennootskappe met blanke bure vanuit 'n posisie van swakheid gedoen. Dit het die moontlikheid ingehou dat die swakker vennoot uiteindelik die sterkere ten prooi kon val. Een sodanige voorval word ter illustrasie in eerwaarde Lutz se dagboek aangehaal. Twee Basters en 'n blanke boer van die Nuweveld, ene De Wee, het onderling ooreengekom om gesamentlik vir 'n stuk grond, vermoedelik die huidige plaas Leeukrans, te bie. Die twee Bastergesinne, wie se vee alreeds vir etlike jare op die plaas gewei het, het egter bedroë daarvan afgekom toe hulle later ontdek het dat De Wee die plaas in sy naam gepag het en sy "huurders" nou buitensporige huurgelde gevra het. Toe die een Baster na drie maande eers agtergekom het dat hy bedrieg is, moes hy alreeds vir 240 stuks kleinvee en 8 osse, vier pond opdok. Die huurgeld vir die jaar sou op sestien pond te staan gekom het. Die ander Bastervennoot moes een sjieling per dag vir 'n handjievool vee betaal. Vir eerwaarde Lutz was hierdie geval 'n voorbeeld van hoe die Basters skandalig uitgebuit en bedrieg is, soveel te meer as in aanmerking geneem word dat De Wee die plaas vir slegs vier pond pag per jaar bekom het. "In elk geval", het eerwaarde Lutz ergerlik aangevoer, "kan 'n mens sien hoe 'n deel van die boere ons mense verneuk en watter gevolge weens die verpagtingstelsel in die toekoms verwag kan word. Dit is op die oomblik 'n geldoorlog hier; diegene wat die geld het, het die mag. Op verpagtingsdae kan hulle enige grond bekom en die ander moet maar net so gedweë toekyk."¹⁵³

Die negatiewe gevolge van die verpagtings om Amandelboom is vir eerwaarde Lutz vererger deur 'n hele aantal persoonlike terugslae wat as't ware relatief kort op mekaar gevolg het. Te midde van 'n sigbare agteruitgang op Amandelboom is eerwaarde Lutz se vrou, Carolina, onverwags op 21 Augustus 1859 oorlede.¹⁵⁴ Die dood van sy vrou was vir die sendeling 'n gevoelige slag, soveel te meer op 'n tydstip toe die situasie op Amandelboom drasties aan die versleg was en hy haar onderskraging baie nodig gehad het. Na die dood van Carolina is die Lutz-gesin ook vir goed opgebreek. Feitlik al hul kinders is na Kaapstad of na Duitsland gestuur. Eerwaarde Lutz sou trouens sy gesin nooit weer almal gelyktydig bymekaar sien nie.¹⁵⁵ In die maande ná die dood van sy vrou het dit kennelik moeilik gegaan met die sendeling. Eerwaarde Lutz het die dood van sy geliefde vrou en die gemis aan sy kinders moeilik verwerk. Dit alles is vererger toe sy werkslading ook toegeneem het nadat eerwaarde Beinecke in 1858 na Eben Ezer verplaas is.¹⁵⁶ Hoewel die genootskap hulp vir die verpletterde Lutz gestuur het, was die meeste daarvan van korte duur. Daarbenewens het al die verantwoordelikhede van die sendingstasie voortdurend net op sy skouers gerus.¹⁵⁷ In 1862 is die las van eerwaarde Lutz verlig toe die direksie vir hom 'n tweede

¹⁵² Ibid., W.J.A. Bergh-Kinnear, Jasfonteyn, 2-10-1857.

¹⁵³ VEM, B/C I 19, 1 Pakket Lutz, 1859-1867, Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 5-6-1865, "Unsere Aussichten für Amandelboom."

¹⁵⁴ Ibid., Lutz-Zahn, Amandelboom, 21-8-1859, "Tod seiner Frau"; Lutz-Deputation, Amandelboom, 16-10-1859, "Tod seiner lieben Frau"; KAB, 1/BFW 9/57, Letters received from Clergymen, Missionaries and Church Officials, Lutz-Devenisch, Amandelboom, 3-9-1859.

¹⁵⁵ S. Lutz, **Johann Heinrich Lutz van Thal in Switserland, 1812-1887**, pp. 53 -61; VEM, B/C I 19, 1 Pakket Lutz, 1859-1867, "Ansuche für unserer Knaben in's Kinderhaus", Babette Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 20-4-1864; 27-6-1864, "Bestimmung für Knaben Heinrich und Felix"

¹⁵⁶ VEM, B/C I 23, Beinecke, Beinecke-Herr Dr Faber, Amandelboom, 12-10-1858; Beinecke-Väter, Eben Ezer, 15-12-1858, "Versiedlung von Amandelboom nach Eben Ezer"; VEM, A/a 5, Lit E, Protokollbuch der Rheinische Missions Gesellschaft, 1850-1855, "Richtersveld Beinecke, April 1855"; "Beinecke nach Richtersveld, Juni 1855"; Sitzung der Deputation, 10-12-1855.

¹⁵⁷ Eerwaarde Beinecke is in Januarie 1859 deur Friedrich Hein opgevolg as onderwyser op Amandelboom. Sien: VEM, B/C I 71 (1844-1907) Súd-Afrika, Johan Fredrich Hein en die Sendinggemeente Richtersveld, Hein-Juffrenbruch, Amandelboom, 24-6-1859; VEM, B/C I 19, 1 Pakket Lutz, 1859-1867, Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 28-6-1859, "Fredrich Hein"; In 1861 is Hein opgevolg deur eerwaarde Sterrenberg wat saam met die Basters na De Tuin getrek het. Sien: VEM, B/C I 19, 1 Pakket Lutz, 1859-1867, Lutz-Herr Inspector,

vrou, Babette Kühn, uitgekies het. Op 27 Februarie 1862 is hulle in Kaapstad getroud.¹⁵⁸ In 1865 het sy twee oudste dogters, Carolina en Lydia, ook van Stellenbosch waar hulle skool gegaan het na Amandelboom teruggekeer. Vir 'n tyd lank het veral Carolina waardevolle werk in die skool op Amandelboom verrig.¹⁵⁹ Die Lutz-gesin sou egter nog twee terugslae beleef wat sy merk op die sendeling sou laat. In Desember 1863 is sy eersgebore seun by sy tweede vrou op die ouderdom van slegs drie maande oorlede,¹⁶⁰ gevolg deur die onverwagte en tragiese dood van sy oudste dogter Carolina in Junie 1865.¹⁶¹

Te midde van al die persoonlike ontberinge van eerwaarde Lutz het die Amandelboomgemeente in die daaropvolgende jare ná die Auret-kommissie en die verpagting van die Amandelboomtrekvelde op geestelike gebied drasties agteruitgegaan. In 1862 skryf eerwaarde Lutz dat die "wolf" reeds in 1859 onder die skape gekom het in die vorm van 'n handelaar van Beaufort-Wes wat hom op Amandelboom gevestig het. Aanvanklik het hy smidswerk op Amandelboom gedoen. Spoedig het hy volgens eerwaarde Lutz gesien dat handel en veral die drankhandel, baie meer winsgewend sou wees onder die Basters. Kort daarna is hy opgevolg deur 'n familielid, ene Ross, wat volgens eerwaarde Lutz 'n dronklap was wat goed kon Engels praat. Die twee het spoedig na hul vestiging op Amandelboom twis en tweedrag onder die gemeente gesaai.¹⁶² Nie alleen is daar tot ontsteltenis van die sendeling kwistig in drank handel gedryf nie, maar is daar ook mettertyd daarin geslaag om tweedrag onder die gemeente oor die sending as sodanig te saai. 'n Ontstellende ontwikkeling vir eerwaarde Lutz was dat die betrokke handelaar later so brutaal geword het dat hy selfs tydens kerkbyeenkomste "uitverkopings" aangebied het. Dit het nie alleen die aantal kerkgangers drasties laat daal nie, maar die invloed van hierdie gewetenlose handel was volgens eerwaarde Lutz ook duidelik te bespeur in die kollekte van die kerk.¹⁶³ Spoedig het die verderflike invloed van hierdie twee here die vertrouwe van die Basters in die sending begin ondergrawe. Terselfdertyd het dit volgens eerwaarde Lutz die sedelike verval van die gemeente aan die gang gesit.¹⁶⁴

In 1859 is 'n bestuurskomitee op Amandelboom gestig wat dit ten doel gehad het om alle burgerlike aangeleenthede op die dorp te reël.¹⁶⁵ Beide die handelaar en Ross het, volgens eerwaarde Lutz jammer genoeg, sleutelposisies op die raad verkry. Ross was die sekretaris van die bestuurs-

Amandelboom, 4-8-1862, "Sterrenberg nach Pella und zurück."

¹⁵⁸ S. Lutz, *Johan Heinrich Lutz*, pp. 64-65.

¹⁵⁹ VEM B/C I 19, 1 Pakket Lutz, 1859-1867, Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 5-6-1865, "Rückkehr der Töchter von Stellenbosch."

¹⁶⁰ *Ibid.*, Lutz-Väter, Amandelboom, 18-1-1864, "Geburt und Tod eines Kindes."

¹⁶¹ *Ibid.*, Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 10-7-1866, "Tod seiner ältesten Tochter"; S. Lutz, *Johan Heinrich Lutz*, p. 68.

¹⁶² KAB, 1/BFW 9/63, Letters received from Private Individuals, Ross-Devenish, Amandelboom, 15-5-1859.

¹⁶³ VEM, B/C I 19, Lutz, Tagebuch No 26 von J.H. Lutz vom 30-11-1856 bis 30-9-1857, "2 April 1856." Die handelaar na wie eerwaarde Lutz verwys het in der waarheid alreeds in 1856 op Amandelboom gevestig toe hy die huis van die koster teen Rds 715 aangekoop het. Tóé reeds het Lutz opgemerk dat dit wil voorkom of hulle in die toekomst nog groot teenstand van dié man kon verwag.

¹⁶⁴ *Ibid.*, 1 Pakket Lutz, 1859-1867, Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 3-1-1862.; KAB, 1/BFW 9/62, Letters from Private Individuals, 1834-1858, Memorie van P. Jacobs, H. Riekert, Janzens en Hans van Wyk-Devenish, Amandelboom, 4-10-1858.

¹⁶⁵ KAB 1/BFW 9/63, Letters received from Private Individuals, Jan Jansen en andere-J.G. Devenish, Amandelboom, 1-9-1859, "Bekendmaken", Ross-Devenish, Amandelboom, 6-9-1859; KAB, 1/BFW 9/7, Letters received from the Colonial Office, 1859-1860, Koloniale sekretaris-Siviele Kommissaris Beaufort-Wes, Kaapstad, 27-8-1860; CO 2973, "Minutes of the proceedings held at the Missionary Station and village of Amandelboom, 5-8-1859, in the mission school room of that place."

komitee.¹⁶⁶ “Terwyl die skoenmaker hom by sy lees gehou het,” het eerwaarde Lutz geskryf, “het dit nog taamlik goed gegaan. Spoedig wou die nuut-gestigte bestuurskomitee egter ook oor kerklike sake begin heers.”¹⁶⁷ Dit het groot onmin tussen die sendeling en ‘n gedeelte van die gemeente veroorsaak. Onder leiding van die twee ongunne karakters het daar byvoorbeeld groot onenigheid in die gemeente ontstaan oor die kwessie of die titelaktes van die sendinggeboue op Amandelboom in die naam van die Rynse Sendinggenootskap geregistreer sou word, of nie. Die bestuurskomitee het hul heftig daarteen verset dat die geboue in die naam van die genootskap geregistreer moes word.¹⁶⁸ Na ‘n lang stryd met die bestuurskomitee het eerwaarde Lutz uiteindelik tog geseëvier toe die Amandelboom-eiendom in die naam van die genootskap geregistreer is.¹⁶⁹

Onder hierdie omstandighede het agterdog teen die sending en veral teen die persoon van eerwaarde Lutz toegeneem. Die “vyande” van die sending het die tweespalt in die Amandelboom-gemeente uitgebuit om nog meer probleme te veroorsaak.¹⁷⁰ In hierdie stadium is eerwaarde Lutz selfs deur ‘n Bastervrou van naamskending aangekla. Daar is vermoed dat sommige blanke boere agter die skerms vir hierdie beskuldiging verantwoordelik was. Gerugte wou dit hê dat hulle die vrou aangehits het om eerwaarde Lutz voor die hof te daag. Nadat die saak in Februarie 1865 op Fraserburg aangehoor is, het die prokureur-generaal uiteindelik ‘n eienaardige uitspraak gegee. Enersyds is die sendeling onskuldig bevind, maar andersyds is dit aan die magistraat op Fraserburg oorgelaat om ‘n finale beslissing te vel. Vir die sendeling was dit om twee redes ‘n ontstellende ontwikkeling. In die eerste plek was die klaagster vir jare lank die huishoudster van die magistraat wat ‘n groot vraagteken vir eerwaarde Lutz agter sy onpartydigheid geplaas het. Erger nog was dat gerugte dit wou hê dat die magistraat die vader was van die klaagster se sesjarige kind.

In ‘n lang brief aan die direksie het eerwaarde Lutz se tweede vrou ‘n breedvoerige uiteensetting van die aanklag teen die sendeling en die verloop van die saak gegee. Uit hierdie verslag blyk dit duidelik dat die aanklagte teen die sendeling ongegrond was en dat daar inderdaad agter die skerms pogings aangewend is om die sendeling in die oë van die gemeente te diskrediteer.¹⁷¹ Uiteindelik het eerwaarde Lutz nie heeltemal ongeskonde uit die saak gekom nie, want hy moes vir sy eie hofonkoste betaal. In sy verslag aan die direksie het hy ietwat verward geskryf dat hy steeds nie mooi geweet het of hy nou eintlik onskuldig bevind is al dan nie, want die magistraat het geen besliste uitspraak gelewer nie. Verontwaardig dat hy vir sy eie hofonkoste moes betaal, het eerwaarde Lutz sarkasties aan die direksie geskryf dat hy die rekening van sy advokaat ingesluit het met die hoop dat dit as “Suid-Afrikaanse rariteit” in die sendingmuseum opgeneem sou word.¹⁷²

¹⁶⁶ KAB, 1/BFW 9/52, Letters received from Field Cornets and Justices of the Peace, 1847-1860, General meeting of erf holders of Amandelboom, 13-1-1860.

¹⁶⁷ VEM, B/C I 19, 1 Pakket Lutz, 1859-1867, Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 3-1-1862.

¹⁶⁸ Ibid., Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 3-1-1862; VEM, C/c 8b, B2, Präsesakten Korrespondenz, 1852-1857, Lutz-Deputation, “Rapport”, (ongedateerd).

¹⁶⁹ Ibid., Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 8-12-1860.

¹⁷⁰ Talle inskrywings. Sien oa: VEM, B/C I 19, 1 Pakket Lutz, 1859-1867, “Berichte über 1862”, “Wieder Herstellung der Gemeinde.”

¹⁷¹ Ibid., 1 Pakket Lutz, 1859-1867, Babette Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 26-12-1864, “Prozess mit einem Böse Weibe”; Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 24-2-1865, “Prozess Sache.”

¹⁷² Ibid., Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 5-6-1865, “Prozess-Angelegenheit.”

Teen 1863 het die tweespalt in die gemeente ook na die kerkraad begin deursuur, hoewel eerwaarde Lutz van mening was dat die onenigheid in die gemeente eintlik onder beheer was. Die ware rede vir al die agterdog en onsmaklikhede het hy toegeskryf aan 'n kwaadgesinde gees onder sommige kerkraadslede wat hul invloed oor die kerklike aangeleenthede wou uitbrei. Eerwaarde Lutz het al hierdie pogings heftig teengestaan, maar dit het moeite gekos om die meerderheid van die gemeente aan sy kant te kry.

Onder die heersende omstandighede spreek dit vanself dat die geestelike peil van die gemeente, soos gemeet aan die streng standaard van die sendeling, 'n ernstige knou gekry het. In 1863 het eerwaarde Lutz berig dat hierdie agteruitgang baie duidelik te bespeur was in die buitengewone aantal lidmate wat onder kerklike tug geplaas moes word. In dié jaar is nie minder nie as 24 gemeentelede amptelik "uitgesluit."¹⁷³ Volgens hom was daar 'n merkbare geestelike verval in die gemeente en 'n steeds toenemende louheid teenoor die kerk. Hierdie tendens het hy toegeskryf aan die skadelike invloede van buite. Dit het nie alleen steeds meer en meer die gemeente binnegedring nie, maar terselfdertyd ook al hoe meer "verderflik" geraak.¹⁷⁴ Die verpagting van die Amandelboom-trekvelde het ook verarming en gepaardgaande sosio-ekonomiese probleme in die gemeente in die hand gewerk. Insgelyks het droogtes wat kort op mekaar gevolg het ook sy tol onder die Bastergemeenskap geëis.¹⁷⁵

Al hierdie faktore het volgens eerwaarde Lutz ongetwyfeld baie bygedra tot die agteruitgang van die gemeente. Aan die ander kant het sommige Basters volgens hom doodgewoon versleg: "Dit maak my seer om dit so te moet stel," het hy terneergedruk aan die direksie geskryf, "maar ek sê dit nie sonder die hoop dat God die veelvuldige sondes en ellende nog sal stuit nie. Die brandewynduiwel en sy helpers het tydens die afgelope twee jaar die gemeente en die hele omgewing met 'n storm getref. 'n Groot gedeelte van die gemeente het hulle min of meer met die gesuip bevlek, terwyl nog andere hulle aan die ontug oorgegee het."¹⁷⁶ Veral in die buiteveld van Amandelboom was daar volgens die sendeling 'n groot groep berugte brandewyndrinkers. Hierdie mense is gereeld, tot ontsteltenis van die sendelinge, deur die brandewynsmouse besoek. Kort-kort is smouse met enorme troppe vee, wat hulle vir brandewyn onder dié Basters verruil het, in die omgewing van Amandelboom opgemerk. So gesog was die brandewyn onder die Bastergemeenskap, dat slinkse handelaars dikwels hulle halfleë vate weer met water gevul het en so die half besopenes met die flou mengsel om die bos gelei het. Eerwaarde Lutz het ergerlik aangevoer dat baie van die geld wat vroeër nog die kerk toegekome het op hierdie wyse in die sakke van die gewetenlose handelaars beland het. Soveel vee is op hierdie wyse van die Basters weggevoer dat dit volgens eerwaarde Lutz die hele omgewing stelselmatig verarm het.¹⁷⁷

Manmoedig het die sendeling tevergeefs die verval op Amandelboom probeer keer deur die afskaffersbond te laat herleef.¹⁷⁸ In die algemeen was die snelle agteruitgang van die Bastergemeenskap in beide kerk en skool op hierdie tydstep egter skokkend. "As 'n mens die getal

¹⁷³ Ibid., "Jahresbericht vom 1-1-1863 bis 31-12-1863 von der Rheinische Mission Station Amandelboom."

¹⁷⁴ Ibid., "Jahresbericht an die verehrte Gesellschaft am 1863, Amandelboom, 18-1-1864."

¹⁷⁵ Ibid., Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 18-6-1864, "Jahresbericht an die verehrte Gesellschaft am 1863."

¹⁷⁶ Ibid., Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 18-1-1864, "Ausserer Stand der Gemeinde."

¹⁷⁷ Ibid., "Ein Beispiel von Brandwein Kaufen und Verkaufen."

¹⁷⁸ Ibid., "Neuer Enthaltbarkeit-Verein."

ontroue en valse lidmate net op jou vingers kon aftel, dan sou 'n mens nog kon sê dat dit goed gaan met die gemeente. Die omgekeerde is egter nou hier van toepassing: die aantal kinders van God kan jy op die vingers aftel teenoor die oorweldigende massa wat in sonde verval het."¹⁷⁹ Danksy die toenemende aantal handelaars in die omgewing was die versoeking, volgens eerwaarde Lutz, net te groot vir die verswakte mense. Behalwe die drankewel wat deur die smouse veroorsaak is, het hulle ook ander "sondige giere" soos klereprag en 'n sondige navolging van die nuutste modes onder die Basters gevestig. Volgens eerwaarde Lutz moes die Here nog baie meer noodjare in die gebied bring voordat daar 'n verbetering sou intree. "Dit is nou eenmaal maar so," het hy geredeneer, "dat die gevalle mens, vir so lank hy kan, aan die laaste strooihalms van die sonde bly hang, eerder as aan die lewende God."¹⁸⁰

Teen 1865 het die geestelike verval van die Amandelboomgemeente sy hoogtepunt bereik. Terneergedruk het eerwaarde Lutz in sy jaarverslag aan die direksie geskryf dat as hulle glansende berigte van Amandelboom verwag het, hy dan liever moes uitskei met die skrywery. Die dorpie wat enkele jare nog 'n miernes van bedrywighede was, het in 'n spookdorp verander. Oral was daar leegstaande en vervalde huise. Die oorblywende handjievul gemeentede op Amandelboom het ook sonder uitsondering die armste gedeelte van die Bastergemeenskap uitgemaak. Die meeste van hulle moes noodgedwonge op Amandelboom bly omdat hulle dit eenvoudig nie kon bekostig om weg te trek nie. Slegs tien families was nog op Amandelboom woonagtig. Die eens bedrywige skool, waar soms meer as 200 leerlinge onderrig ontvang het, het nog net oor 'n skamele twaalf leerlinge beskik. Al hierdie ellende is volgens eerwaarde Lutz deur die verpagting van die Amandelboom-trekvelde en die skadelike invloed van gewetenlose handelaars te weeg gebring. Die vooruitsigte vir Amandelboom was kommerwekkend. Die meeste Basters was nie opgewasse teen die "geldoorlog" wat in die gebied geheers het nie.¹⁸¹ Hoe meer eerwaarde Lutz probeer het om vernuwings op die stasie in te voer en dit meer winsgewend en selfonderhoudend te maak, hoe meer het hierdie pogings misluk. Die sluiswerke in die Sakrivier was een sodanige voorbeeld. Hierdie ambisieuse plan, wat dit in die vooruitsig gestel het om groter koringoeste op die walle van die Sakrivier te verbou, het aanvanklik gemengde welslae beleef, maar uiteindelik ook heeltemal misluk.¹⁸²

6.6 Volksverhuising van die Amandelboombasters

Bykans onopgemerk het al hoe meer Amandelboombasters verder noord na die meer onherbergsame gedeeltes van die Benede-Oranje begin uitwyk. Jaarliks het eerwaarde Lutz steeds in sy verslae aan die direksie die aantal gemeentede op 1 000 gereken. Baie van hierdie mense het mettertyd al so ver weggetrek dat hulle selde of ooit meer op Amandelboom die kerk kon bywoon. Teen die vroeë 1860's het die grootste gedeelte van die Amandelboombasters alreeds in die omgewing van De Tuin aan die Oranje 'n swerwersbestaan gevoer.¹⁸³ Die meeste van

¹⁷⁹ Ibid., "Geistlicher Stand der Gemeinde; Kirche, Schule."

¹⁸⁰ Ibid.

¹⁸¹ Ibid., Lutz-Väter, Amandelboom, 14-1-1865, "Pacht-System", "Geld-Armuth"; Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 5-6-1865, "Hausstande", "Unsere Aussichten für Amandelboom"; 25-9-1856, "Dürre und Armut"; 10-7-1866, "Lebensskizze der Entslafen."

¹⁸² Ibid., Lutz-Väter, Amandelboom, 14-1-1865, "Sleusswerk"; 5-6-1865, "Sleusswerk"; 22-3-1867, "Aussaat und Erndt der Gemeinde"; "Sleusswerk"; Babette Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 20-4-1864; 27-6-1864; VEM, Sechs und Zwanzigster Jahresbericht der RMG von Sept 1854 bis dahin 1855, "Wie aus Nomaden Bauern werden" pp. 29-31.

¹⁸³ Ibid., 1 Pakket Lutz, 1859-1867, Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 25-6-1859; 5-6-1865; "Hausstande"; "Jahresbericht für 1865 von der Rh. Missions-Station Amandelboom in den Karreebergen-Kapkolonie-District Fraserburg. Allgemeine Bemerkungen, Speciale Bemerkungen"; "Jahresbericht an die verehrte Gesellschaft von 1864, Amandelboom, 14-1-1856, "Pacht-System"; "Einige Verhältnisse im Gemeindeleben."

hierdie mense was ten minste vier dagreise te perd van Amandelboom verwyderd sodat hulle nouliks meer as gemeentelede van die sendingstasie beskou kon word. Op De Tuin het eers eerwaarde Sterrenberg in 1864 en later eerwaarde Heidman in 1866, hulle oor hierdie versplinterde Bastergroepe begin ontferm.¹⁸⁴ Ironies genoeg het die hele geskiedenis van hoe die Basters van Amandelboom verdring is, hom spoedig na die vestiging van eerwaarde Heidmann op De Tuin herhaal. Dié keer sou dit net baie vinniger gebeur.

Die vestiging op De Tuin en omgewing is aanvanklik moontlik gemaak omdat die sendingstasie op kroongrond geleë was wat onder die Calvinia-distrik geval het. In teenstelling tot die Amandelboom-trekvelde, wat onder Beaufort-Wes geressorteer het en waar die besluit geneem is om dit te verpag, het die Calvinia-afdelingsraad teen die vroeë 1860's dit nog nie in die vooruitsig gestel dat hul trekvelde verpag sou word nie. Gevolglik het groot getalle Basters wat vanaf Amandelboom verdring is 'n nuwe tuiste op hierdie kroongronde probeer vind.¹⁸⁵ By eerwaarde Heidmann se aankoms op De Tuin in 1866 het die gemeente daar weens die steeds toenemende getal Amandelboombasters, wat bykans daaglik daar aangekom het, alreeds aansienlik aangegroei. Die gemeente het toe reeds meer as 100 katkisant gehad en 187 skoolkinders het daaglik godsdiensoerrig ontvang. Net soos op Amandelboom vroeër, was die Basters egter spoedig oorhoops met die blanke boere van die Hantam wat die gebied as noodsaaklike bykomstige weiding beskou het.¹⁸⁶ Alreeds in 1865 het eerwaarde Lutz bekommerd berig dat hy met groot wanhoop na die toekoms van Amandelboom, asook die nuut-gestigte De Tuin, gekyk het. Volgens gerugte sou die pagstelsel binne die afsienbare toekoms ook na De Tuin uitgebrei word. Indien dit sou gebeur, het hy besorg teenoor die direksie aangevoer, was die groot vraag wat dán met die Bastergemeenskap sou gebeur. Nêrens in die kolonie was daar immers meer 'n plek waarheen hierdie gemeenskap sou kon uitwyk nie.¹⁸⁷

Toe die eerste gerugte van verpagtings inderdaad in die omgewing van De Tuin begin loop het, en gedagtig aan wat op Amandelboom met die verpagting gebeur het, het eerwaarde Heidmann dadelik werk daarvan gemaak om 'n gebied vir die Basters te probeer bekom. In Februarie 1866 het hy namens die Basters persoonlik 'n versoek vir 300 000 morg weidingsgebied aan die afdelingsraad van Calvinia voorgelê. Eerwaarde Heidmann het egter net soos sy Bastervolgelinge min hoop gehad dat die versoek toegestaan sou word. Indien die Basters nie 'n eie grondgebied sou bekom nie, het hy bekommerd aan die direksie berig, het die meeste alreeds aangedui dat hulle dan genoodsaak sou wees om uit die kolonie te trek - "hoe swaar dit ook al mag wees om die land waar hulle grootgeword het, te verlaat."¹⁸⁸

Soos verwag, het die afdelingsraad van Calvinia die aansoek van die Basters afgekeur. Die raad het volgens eerwaarde Heidmann trouens ietwat verontwaardig aangedui dat so 'n "unverschämte" versoekskrif onder geen omstandighede eens aan die regering voorgelê sou word nie. Selfs by die magistraat, by wie Heidmann om raad en ondersteuning gevra het, het die sendeling

¹⁸⁴ VEM, B/C II 28, Friedrich Heidmann, Band 1, Heidmann-Väter, De Tuin, 10-6-1867; VEM, B/C I 19, 1 Pakket Lutz, 1859-1867, "Abreise Br Sterrenburg nach den Hinterveld."

¹⁸⁵ VEM, B/C I 19, 1 Pakket Lutz, 1859-1867, Lutz-Väter, Amandelboom, 14-1-1865, "Pacht-System"; Jahresbericht für 1865...., "Algemeine, Speciale Bemerkungen, Jahresbericht an die verehrte Gesellschaft von 1864, Amandelboom, 14-1-1865", "Pacht-System."

¹⁸⁶ VEM, B/C II 28, Friedrich Heidmann, Band 1, 1865-1889, Heidmann-Herr Inspector, Skietfontein, 26-2-1866.

¹⁸⁷ VEM, B/C I 19, 1 Pakket Lutz, 1859-1867, Lutz-Herr Inspector, Amandelboom, 5-6-1865.

¹⁸⁸ VEM, B/C II 28, Friedrich Heidmann, Band 1, 1865-1889, Heidmann-Herr Inspector, Skietfontein, 26-2-1866.

bedroë daarvan afgekom. “Die man slaap met die boere onder dieselfde kometers en het geen hart vir ons gekleurde mense nie,” het hy later ergerlik aan die direksie berig.¹⁸⁹ Die parlamentslid vir Calvinia, Boys, was nog die enigste wat ‘n mate van simpatie met die Basters gehad het. Verder as lippediens het dit egter nie gekom nie. Die versoekskrif wat Heidman namens die Basters aan die goewerneur wou voorlê en waarvoor Boys by die owerheid voorspraak sou doen, het nooit verder as Calvinia gevorder nie.¹⁹⁰ Herhaaldelik het eerwaarde Heidmann by die regering aansoek gedoen om ‘n geskikte landstreek aan die Basters toe te ken, maar telkens is dit weens hewige teenkanting vanuit blanke kringe op Calvinia geweier.¹⁹¹

Teen Maart 1868 was die situasie van die Amandelboombasters wat in die omgewing van De Tuin getrek het so betreuenswaardig, dat die gemeente genoodsaak was om finaal te besluit of daar nog vir hulle ‘n heenkome in die kolonie was. Tydens ‘n gemeenteberaad wat deur eerwaarde Heidmann belê is en wat ook deur eerwaarde Lutz bygewoon is, het die grootste gedeelte van die gemeente tentatief besluit om die kolonie te verlaat.¹⁹² Hierdie besluit het momentum gekry toe die afdelingsraad van Calvinia aangekondig het dat met ingang 1869 alle kroongrond in die distrik vir drie jaar lank voortaan aan weilisensies onderhewig sou wees. Die heffing wat op alle vee geplaas is, was egter so hoog dat die meeste Basters nie die weilisensies kon bekostig nie. Vir elke stuk grootvee moes twee sjielings en ses pennies en vir elke 25 kleinvee 5 sjielings opgedok word. Volgens eerwaarde Heidmann het die regering opsetlik die heffing so hoog gemaak om die inwoners van die Hantam, wat nog al die jare hardnekkig aan hul gemeenskaplike weivelde geklou het, te dwing om uiteindelik in te stem dat die gebied ook opgemeet en verkoop moes word. Volgens hom het die grondverkope in die Amandelboomomgewing groot somme geld gelewer waarop die “armoedige, half bankrot” kolonie heeltemal aangewese was. “Daarom spreek dit vanself dat ons gekleurde mense uit die kolonie verdring sal word; veral aangesien dit nog maar net enkeles is wat nog met die wit boere oor die weg gekom het. Amandelboom was ‘n sprekende voorbeeld van hoe dit gebeur. De Tuin sal ook, net soos in die geval van Amandelboom vroeër, opgebreek en verdring word.”¹⁹³

Ten opsigte van die hoeveelheid geld wat die grondverkope in die Amandelboomomgewing opgelewer het, was eerwaarde Heidmann in ‘n sekere sin korrek. Die verpagting van die Amandelboom-trekvelde alleen het inderdaad groot bedrae opgelewer. In 1865 is volgens eerwaarde Lutz meer as 1 500 pond sterling in die gebied aan paggelde gevorder. Namate die kompetisie vir grond toegeneem het, het dit ook die prys daarvan dienooreenkomstig verhoog. Vir die pessimistiese Lutz was dit duidelik dat “geldkrag” en die verderflike invloed van brandewyn in die toekoms pagpryse nog verder sou opjaag. In die voorafgaande jaar was dit volgens hom nog moontlik om sekere plekke teen 5 pond per jaar te bekom. Teen 1865 het die pryse vir dieselfde plase alreeds tot 45 pond gestyg, terwyl paggelde van tot 60 pond per jaar in ander gevalle nie meer so uitsonderlik was nie.

Vir die voortbestaan van Amandelboom was al hierdie verwickelinge rampspoedig. Die meeste Basters wat nie die paggelde kon bekostig nie, was genoodsaak om in die rigting van De Tuin

¹⁸⁹ Ibid., Heidmann-Herr Inspector, De Tuin, 17-4-1866.

¹⁹⁰ Ibid.

¹⁹¹ Ibid., Heidmann-Väter, De Tuin, 10-6-1867.

¹⁹² Ibid., Heidmann-Väter, De Tuin, 1868.

¹⁹³ Ibid., Heidmann-Väter, De Tuin, 3-3-1868.

weg te trek. Eerwaarde Lutz het ten opsigte van die toekoms van hierdie mense dieselfde sentimente as eerwaarde Heidmann gedeel. As die Calvinia-trekvelde waarop hierdie mense geplak het uiteindelik ook verpag sou word, sou dieselfde hartseerverhaal van die verdringing van die Basters op Amandelboom hom ook daar herhaal.¹⁹⁴ Oral in die Agterveld is daar tevergeefs na 'n geskikte tuiste vir die Basters gesoek. Wanneer daar nog 'n plekkie gevind is vir die gemeente het dieselfde faktor, naamlik 'n gebrek aan voldoende water, die plan gekelder. "Water! Water! dit is die grootste probleem in Afrika!", het eerwaarde Heidman mismoedig teenoor die direksie uitgeroep.¹⁹⁵

Terselfdertyd het 'n nuwe gevaar in die vorm van Korana-rowerbendes die besluit om uit die kolonie pad te gee, verdere momentum verskaf. Teen 1868 het goed gewapende bendes Koranas die kolonie begin binnedring en groot rooftogte op die Bastergemeenskappe geloods. Spoedig het die Basters op De Tuin byna daagliks die Korana-aanvalle ten prooi begin val. Hoe langer daar in die gebied vertoef is, hoe onveiliger het dit geraak en hoe meer is die gemeenskap weens die voortdurende aanvalle van die Koranas in armoede gedompel.¹⁹⁶ Alle klagtes op Calvinia en elke pleidooi aan die regering het op dowe ore geval.

Teen Junie 1868 was die grootste gedeelte van die Bastergemeenskap op De Tuin al feitlik geruïneer. Eerwaarde Heidmann het al sy moeite gehad om sommige gesinne wat heeltmaal bankrot geplunder was aan die lewe te hou.¹⁹⁷ Die Hartebeeste wat vanaf 'n eiland in die Oranje geopereer het, het byna daagliks algehele paniek onder die Bastergemeenskap gesaai. Veral toe die wreedaardige bendes laat weet het dat hulle voortaan nie alleen vee sou roof nie, maar ook almal voor die voet sou dood, het dit die situasie onhoudbaar gemaak. Besonder ontstellend was die gerug dat die Koranas die kinderveewagters in die veld sou afslag en rieme uit hul velle sou sny.¹⁹⁸ Terselfdertyd het 'n verwoestende droogte uitbreek wat verder dood onder die oorblywende kuddes van die Basters gesaai het.

Teen Junie 1868 het die situasie onhoudbaar geword. Die eerste groepe Basters het oor die Oranje in die rigting van Warmbad begin vlug. Eerwaarde Heidmann het voorlopig op De Tuin agtergebly om na die verswaktes en verhongertes wat nog nie kon trek nie, om te sien. Van die verhongerde kinders moes vetkerse eet om aan die lewe te bly. Uit vrees vir Korana-aanvalle is alle ligte en vure saans vroeg gedoof. Vir die res van die nag het almal in gespanne afwagting op die gevreesde Korana-aanvalle sit en wag. 'n Magtelose vrees en woede het onder die gemeenskap geheers en die gespanne atmosfeer het daagliks erger geraak. Volgens eerwaarde Heidman was die wraaksug van die Koranas teen diegene wat hulle uit hul velde verdring het, groot. Ten spyte daarvan dat die gemeenskap op De Tuin gevaar geloop het om heeltmaal deur die Koranas uitgewis te word, en die wraaksug onder die Basters teenoor hulle tot onredelike hoogtes aangeblaas is, het die meer objektiewe eerwaarde Heidmann steeds 'n mate van begrip vir die Korana se optredes gehad. In die verlede is hierdie mense so gewetenloos deur blank en nie-blank beroof dat dit, volgens hom, geen wonder was dat hulle so genadeloos weerwraak geneem

¹⁹⁴ VEM, B/C I 119, 1 Pakket Lutz, 1859-1867, Jahresbericht an die verehrte Gesellschaft von 1864, Amandelboom, 14-1-1865, "Pacht-System."

¹⁹⁵ VEM, B/C II 28, Friedrich Heidmann, Band I 1865-1889, Heidmann-Deputation, De Tuin, 3-3-1868.

¹⁹⁶ Ibid., Heidmann-Herr Inspektor, De Tuin, 27-4-1868; 22-6-1868; Warmbad, 5-4-1869.

¹⁹⁷ Ibid., Heidmann-Zahn, De Tuin, 22-6-1868.

¹⁹⁸ Ibid., Heidmann-Geschwister, De Tuin, 22-6-1868.

het nie.

Eerwaarde Heidmann het nietemin nog gehoop dat hulle op die eerste Sondag in Julie vir die laaste keer op De Tuin nagmaal sou kon hou. Eerwaarde Lutz sou dit ook bywoon om by hierdie geleentheid afskeid te neem van die gemeente met wie hy soveel lief en leed op Amandelboom gedeel het. Weens die toenemende versleggende veiligheidsituasie op De Tuin het daar egter niks van die voorgenome nagmaal gekom nie. Die hele gemeenskap van De Tuin moes trouens op die dag van die voorgenome nagmaal inderhaas op die vlug slaan. Berigte is ontvang van 'n naderende vyand wat die hele gemeenskap op De Tuin wou uitwis. Vroeg die Sondagoggend van 1 Julie 1868 moes eerwaarde Heidmann inderhaas alles in gereedheid kry om dadelik te vertrek. Alles wat op die volgepakte waens gelaai kon word en later weer benut kon word, is inderhaas bymekaar gekry. Selfs die slotte van die deure is inderhaas afgehaal, want wie weet, dit kon elders weer goed te pas kom. Aangesien die waens in die haas onoordeelkundig tot boordens toe gelaai was en die trekdiere in swak kondisie was, moes 'n groot hoeveelheid noodsaaklike goedere egter noodgedwonge agtergelaat word. Die kerkklok kon nie agterweë bly nie en daar is spesiaal plek daarvoor op die oorvol waens gemaak. "Toe ons die klok van sy stutte losbreek, het die vallende stene en kalkstukke dit weemoedig laat klaagtoon, kompleet asof dit geweet het dat dit vir 'n lang tyd sal moet swyg en nie binnekort weer met sy vrolike geklang die mense na die kerkdienste sou roep nie."¹⁹⁹ Na baie ontberinge het die voortvlugtendes 'n veilige deurgang gemaak en hulle op Rehoboth in die suide van Namibië gevestig. Onder leiding van eerwaarde Heidman het die ideale van die Rynse Sendinggenootskap vir die Bastergemeenskap hier tot sy volle glorie gedy.

¹⁹⁹ Ibid., Heidman-Väter, Warmbad, 5-4-1869.

SLOT

Na die vertrek van die meeste basters vanaf Amandelboom gedurende die 1860's het eerwaarde Lutz tot 1873 nog manmoedig probeer om die sendingstasie aan die gang te hou. Die glorietyd van die stasie was egter vir goed verby. Diegene wat nog daar agtergebly het, het onder die armstes getel. Vir hierdie mense het die opsie om weg te trek nooit werklik bestaan nie. Leegstaande, vervalde kliphuisies en verwaarloosde tuine was mettertyd die enigste stille getuies van die eens bedrywige sendingstasie. Gedurende die 1860's is die meeste erwe op Amandelboom aan die intrekkende blankes verkoop. Namate die sendingstasie in die daaropvolgende jare 'n meer blanke karakter ontwikkel het, het die meeste oorblywende inwoners as arbeiders by blanke boere in diens getree. Spoedig het Amandelboom nie meer aan die vereistes van 'n sendingstasie voldoen nie en het die direksie van die Rynse Sendinggenootskap besluit om dit te staak. In 1873 is Amandelboom na 'n lang, onverkwiklike twis tussen die genootskap en die oorblywende stasiebewoners aan die Gereformeerde Kerk afgestaan. Toe eerwaarde Lutz kort daarna na sy geboorteland, Switserland, vertrek het om daar af te tree, het die Duitse karakter van die dorpie en gemeenskap in die loop van die 20 ste eeu ook mettertyd begin wegkalwe.

Die eerste stap in hierdie rigting was toe Amandelboom in 1883 ter ere van 'n sekere sir Hampden Willis tot die onvanpaste Williston herdoop is. Ewe onvanpas was die onlangse besluit na die eerste demokratiese verkiesing van 1994 om die Duitse groetborde by die ingange tot die dorp, wat inwoners en besoekers aan Williston vir die grootste gedeelte van die 20ste eeu aan sy Duitse sendingverlede herinner het, met 'n Xhosa-groet te vervang. Baie Rynse kerktradisies van die sendinggemeente het vir 'n groot gedeelte van die 20 ste eeu nog oorleef, maar in die jongste verlede het dit ook begin verdwyn. In 1846 het eerwaarde Beinecke byvoorbeeld die gebruik ingestel dat die gemeente op bepaalde feesdae, soos Kersfees, teen die Singkop uitklim en hul lofliedere oor die vlaktes laat weerklink. Vir etlike dekades na die vertrek van die Rynse sendelinge het hierdie gebruik nog op Williston voortgeleef. Gedurende die 1970's het dit vermoedelik 'n politieke konnotasie verkry en het die gebruik mettertyd in onbruik verval. Op enkeles na het die oorspronklike Karoostyl-kliphuisies, waarvan baie nog uit die tyd van die sendelinge dateer, ook nie teen die aanslae van modernisasie staande gebly nie. Die twee belangrikste strate op die dorp wat na die sendelinge vernoem is (waarvan die een Reynecke in plaas van Beineckestraat heet) en die sendingkerk wat die sendelinge in 1857 ingewei het, is nog die enigste bakens wat hardnekkig aan die Duitse sendingverlede van die dorp vasklou. Vir iemand wat Williston vandag besoek en vertrou is met die inhoud van die dagboeke van die sendelinge asook die sosio-maatskaplike probleme waarteen hulle so verbete geveg het, is dit asof 'n tafereel van vroeër weer lewend word. Werkloosheid, armoede, drankmisbruik en ander maatskaplike euwels onder veral die bruin gemeenskap is skrikwekkend hoog. Net soos in die tyd van die sendelinge is dit nogmaals enkelinge en die kerk wat 'n manmoedige stryd voer om hierdie euwels te beveg.

Die Kareebergsendelinge het kennelik nie daarin geslaag om, soos byvoorbeeld hulle kollegas op Wuppertal in die Sederberge en in Namibië, 'n blywende stempel op dié gebied af te druk nie. As die geskiedenis van die Rynse Sendinggenootskap in Suid-Afrika beoordeel word, is dit telkens Wuppertal wat as suksesverhaal uitgesonder word. Wuppertal was immers een van die weinige Rynse sendinginisiatiewe waar die aanvanklik doelstelling van die Rynse genootskap van 'n selfonderhoudende, gevestigde Christelike gemeenskap gerealiseer is. Die Christelike etos wat die eerste Rynse sendelinge hier gevestig het, het deur die jare feitlik ongeskonde gebly. Baie van die Rynse kerktradisies en instellings van vroeër word in mindere of meerdere mate vandag steeds gehandhaaf. Vanuit 'n sendingperspektief was die Rynse invloed op Wuppertal dus blywend.

Insgelyks was die Rynse betrokkenheid onder die inheemse groepe in die suide van Namibië ook ingrypend, al kan die resultate van hulle betrokkenheid nie altyd as positief beskou word nie. In hierdie gebied het die sendelinge byvoorbeeld met wisselende mate van sukses hulle invloed veel wyer as die bloot geestelike funksie van sendingwerk laat geld. Onder die inheemse Nama-groepe het sendelinge soos Kudsens, Karl Hugo Hahn ensovoorts byvoorbeeld 'n invloed uitgeoefen wat dikwels bepalend was vir die sosio-ekonomiese en politieke ordening van hierdie gemeenskappe. Moderne historici kyk dikwels krities en selfs skepties na die werk van hierdie sendelinge. Die meningsverskille en debat wat dit soms onder historici ontlok, hou hierdie sending-inisiatiewe aktueel. Histories gesien, is dit in 'n sekere sin daarom ook veel belangriker as die minder bekende en oënskylik mislukte Kareebergssending.

Of die Amandelboomsending met die sukses van byvoorbeeld Wuppertal of ander stasies in Namibië vergelyk kan word, is egter 'n ope vraag. Net so is dit moeilik om te bepaal of die Amandelboomsending 'n mislukking was al dan nie. Selfs al sou dit as 'n mislukking afgeskryf word, raak dit nog moeiliker om te bepaal waar die blaam daarvoor gelê moet word. Met hierdie kwessies het eerwaarde Lutz selfs voor sy vertrek vanaf Amandelboom en vir jare daarna geworstel. Die eerste aanduidings van sy wroeging is trouens in sy dagboeke te bespeur. Na die vertrek van die oorgrote meerderheid basters vanaf Amandelboom het hy sy dagboek byvoorbeeld al hoe minder bygehou. Vir die tydperk ná 1860 het daar dikwels maande omgegaan waartydens hy geen inskrywings gedoen het nie. Hierdie gedeeltes van die dagboek is meesal ook oppervlakkig. Dikwels verklap dit 'n moedeloosheid by die sendeling omdat sy arbeid nie met 'n groter mate van tasbare sukses bekroon is nie. Na sy aftrede in Switserland het hy gereeld kerken sendingbyeenkomste toegesprek. By hierdie geleenthede het die vraag of die Amandelboomsending tevergeefs was, al dan nie, gereeld opgekom. Eerwaarde Lutz het telkens voorspelbaar aangevoer dat die geestelike invloed wat hy binne sy gemeente uitgeoefen het en die feit dat hulle die gebied geestelik toegerus verlaat het, tog die kroon op sy werk gespan het. Die blaam vir die ondergang van Amandelboom het hy jammer genoeg telkens op 'n verwerplike rassisme van die intrekkende blankes teenoor die Basters geplaas. Dit is verstaanbaar dat eerwaarde Lutz so kort na sy vertrek vanaf Amandelboom nie objektief afstand kon neem van die eindelose rassekonflikte tussen die Basters en intrekkende blanke boere waarmee hy vir etlike jare feitlik daaglik gekonfronteer is nie. Hierdie sentimente van eerwaarde Lutz is onveranderd in alle standaardwerke van die geskiedenis van die Rynse Sendinggenootskap opgeneem.

Soos telkens in hierdieproefskrif aangevoer is, moet die geskiedenis van die Amandelboomsending egter veel wyer as die geestelike dimensie van die sendelinge self en die oënskylik oorweldigende rassekonflik bestudeer word. Talle ander faktore, waarvan baie vir die sendelinge en hul volgelingen verborge gebly het, het in die geskiedenis van die Kareebergssending waarskynlik 'n nog belangriker rol gespeel as die oppervlakkige politiek van die watergat. Juis daarom is soveel aandag bestee aan faktore soos die aard van die Rynse Sendinggenootskap, die ingewikkelde voorgeskiedenis van die Bastergemeenskap self, asook die uiters belangrike omgewingsfaktore van die Kareebergstreek.

Die belangrikste rede vir die mislukking van die Amandelboomsending moet in die eerste plek by die aanvanklike doelstelling van die genootskap vir die Amandelboombasters en die aard van die genootskap self gesoek word. In hierdie verband is in hoofstuk twee uiteengesit dat die aanvanklike doelstelling van die genootskap om 'n gevestigde, selfonderhoudende gemeenskap op Amandelboom te vestig, onrealisties en onhaalbaar was. Die Rynse Sendinggenootskap was bykans obsessief met die Eurosentryse idee van selfonderhoudende klein dorpie waar die daaglikse lewe om die kerk en die bewerking van tuine moes sentreer. Die feit dat Wuppertal in

hierdie verband so suksesvol was, asook die verkeerde afleiding van die Kommissie van Onderzoek dat sodanige idee ook in die Kareebergstreek moontlik was, het hierdie persepsies van die uiters outokratiese direksie versterk.

Talle ander faktore in die Kareeberge self het ook verder momentum aan hierdie idee verleen. Een van die belangrikstes hiervan was die feit dat ten minste die Bastergemeenskap op Amandelboom, ekonomies vooruitstrewend was. Die aanname dat die Amandelboomsending gou op eie bene sou kon staan en nie 'n uitermatige groot ekonomiese las vir die genootskap sou wees nie, was 'n belangrike faktor vir die direksie in Duitsland. Daarbenewens het die Bastergemeenskap geen inheemse groep uitgemaak wie se politieke en sosiale struktuur eers deurbreek moes word nie. Op die oog af sou die Bastergemeenskap inderdaad 'n maklike sendingveld uitmaak. Die losse politieke en sosiale struktuur van die gemeenskap het byvoorbeeld nie, soos dikwels elders die geval was, ingewikkelde onderhandelinge met 'n hoofman en botsende politieke aspirasies tussen die sendelinge en hul gemeente geverg nie. Onder die Basters was die Christelike godsdiens en Europese kultuur immers alreeds sterk gevestig. Al wat moes gebeur, was om dit in die regte rigting te kanaliseer en 'n groter mate van struktuur daaraan te gee. Les bes is die sendingstasie ook op uitnodiging van die Bastergemeenskap gestig. In teenstelling met sommige van hulle kollegas, wat jare moes swoeg om 'n sendinginvloed onder hulle beoogde gemeentes te vestig, het die Kareebersendelinge in hierdie verband geen probleme ondervind nie.

Wat aanvanklik as 'n maklike sendingveld gesien is, het egter vanuit die staanspoor 'n hele rits probleme opgelewer. Sommige hiervan was so oorweldigend dat dit uiteindelik die hele sending in die Kareeberge sou verongeluk. Die feit dat die Kareebersendelinge nie daarin kon slaag om die Amandelboom Bastergemeenskap in 'n gevestigde kerkgemeenskap te omvorm nie was egter nie die grootste mislukking van die Kareebersending nie. Al wat moes gebeur, was vir die ter plaatse sendelinge en die genootskap in Duitsland om hulle by die behoeftes van die gemeenskap en die klimatologiese beperkings van die streek aan te pas. Dit het mettertyd wel gebeur, al het dit langer geduur as wat nodig was. Die enigste negatiewe gevolg van hierdie aanpassingsproses was dat dit vir 'n tyd lank 'n mate van spanning binne die Bastergemeenskap tot gevolg gehad het. Die grootste tekortkoming van die Kareebersendelinge was egter dat hulle geen ekonomiese alternatief aan die Bastergemeenskap kon bied toe dit kort na hul aankoms op Amandelboom geblyk het dat die tradisionele, nomadiese veeboerlewenstyl van hierdie mense daadwerklik bedreig is nie.

Gegewe die klimatologiese beperkings van die Kareebergstreek en die status van die Bastergemeenskap binne die breë koloniale samelewing, was nomadiese veeboerdery die enigste ekonomiese opsie vir hulle om in die gebied te kon bestaan. As 'n verdronge gemeenskap en vasgevang in 'n ekologiese randgebied, was dit op sigself al dikwels moeilik om net 'n bestaans-ekonomie uit veeboerdery te handhaaf. Die geringste terugslag, soos droogtes of beperkte toegang tot water en weiding, het enige sprake van surplusproduksie en handel gekelder. Vir die tydperk na die vestiging van die sendelinge in 1845 tot die vertrek van die meeste Basters vanaf Amandelboom in die 1860's, het die gebied ten minste drie verwoestende droogtesiklusse beleef. Die impak hiervan is vererger deur die gelyktydige afname in die drakrag van die streek wat aan ernstige oorbeweidning en oorbenuiting van waterbronne toegeskryf kan word. In die dagboeke van die sendelinge is daar gereeld opgemerk dat die groot troppe vee van die Basters en die neiging om in groot groepe om van die vernaamste fonteine saam te trek, feitlike elke jaar sy tol op die omgewing begin eis het.

Dit was egter nie in die aard, opleiding of doelstelling van die Kareebersendelinge om hulle

aktief met die ekonomiese aktiwiteite van hulle gemeente te bemoei nie. Die sendelinge het weliswaar met die aanlê van tuine en saailande aan die oewers van die Sakrivier gepoog om 'n alternatiewe of aanvullende bron van inkomste vir die gemeenskap daar te stel. Die oorheersende doelstelling met hierdie pogings was egter in die eerste plek om aan die voorgeskrewe opdragte van die direksie te voldoen. Namate dit geblyk het dat hierdie pogings nie die nomadiese karakter van die Bastergemeenskap sou omvorm nie en nog minder, ingevolge die opdragte van die direksie, daarin sou slaag om 'n gevestigde akkerbougemeenskap daar te stel, het die Kareebersendelinge en uiteindelik die direksie daarin berus. Die beperkte suksesse van hulle tuinmaak-inisiatiewe was op die ou end niks meer as 'n alternatiewe inkomste vir die stasie self nie. Verder het die Kareebersendelinge hulle nie met die meer ingewikkelde ekonomiese aktiwiteite van hulle gemeente bemoei nie. Geen poging is byvoorbeeld ooit aangewend om toegang tot water en weiding te reguleer, of natuurlike hulpbronne meer oordeelkundig te benut nie. Ter verdediging van die sendelinge, aan die ander kant, is daar ook nooit voor die versoeking geswig om toegang tot die natuurlike hulpbronne van die streek as 'n middel tot 'n doel aan te wend nie. Die enigste maatstaf in hierdie verband wat veral eerwaarde Lutz gereeld aangewend het, was om tye van teenspoed soos droogtes te gebruik om sy gemeente tot groter geestelike verdieping aan te por. In die algemeen het die Kareebersendelinge hulle egter streng gehou by hulle primêre rol as geestelike hoeders en 'n belangrike bron van geestelike onderskraging.

Die ondergang van die Kareeberg Bastergemeenskap het egter nie net by hulle eie onvermoë om in die gebied die mas op te kom, of in die onvermoë van die sendelinge gelê om hulle met die meer aardse lotgevalle van hulle gemeente te bemoei nie. Talle eksterne faktore het hier 'n rigtinggewende rol gespeel. Teen hierdie invloede het beide die sendelinge en die Bastergemeenskap meesal weens onmag of onkunde magteloos gestaan. In hierdie verband was die steeds groter wordende stroom blanke intrekkers in die gebied van die Basters sekerlik die belangrikste faktor. Afgesien van die voorvalle van twis en tweedrag wat dit in die kompetisie om beperkte bronne veroorsaak het, het dit in die eerste plek die alreeds bestaande druk op natuurlike hulpbronne vergroot. Die grootskaalse oorbenutting van water en weiding het uiteraard die effek van droogtesiklusse dubbel so erg gemaak. Die Bastergemeenskap wat in die Kareeberge vasgevang was en nie deur middel van seisoensmigrasies aan hierdie nadelige beperking kon ontsnap nie, is gevolglik ook in dubbele maat nadelig getref.

Hoewel die sendelinge en die Bastergemeenskap hierdie toedrag van sake as 'n doelbewuste en kwaadwillige poging van die blanke sektor beskou het om die Kareebergbasters te benadeel, behoort dit uit hierdie proefskrif duidelik wees dat die kwessie baie meer ingewikkeld was. Die primêre dryfkrag agter blanke migrasies na die Kareebergstreek het in die eerste plek gelê by die ekonomiese veranderinge wat teen die 1840's in die aangrensende distrikte plaasgevind het. Soos aangetoon is, het die opkoms van die wolteelt rewolusionêre veranderinge ten opsigte van toegang tot die beperkte produksiemiddele van die streek tot gevolg gehad. In hierdie opsig het die meer belangrike welsektor byvoorbeeld spoedig regeringsondersteuning ten koste van alle vleisprodusente, ongeag ras of klas, bewerkstellig. Die impak wat dit byvoorbeeld op grondtoekening gehad het, het vir sommige bewoners van die noordwestelike grensdistrikte 'n kettingreaksie van negatiewe gevolge aan die gang gesit. Die meeste hiervan het nie alleen hulle onmiddellike bestaansmoontlikhede bedreig nie, maar ook veel wyer as die gevestigde distrikte uitgekring. Daarbenewens is die impak daarvan, soos herhaaldelik aangetoon is, deur gereelde droogtes en die oorbenutting van bronne vererger.

Die belangrike punt is dat die intrekkende blanke veeboere in die gebied van die Basters, net soos die Bastergemeenskap self, in 'n oorlewingskrisis gedompel was. Hierdie oorlewingsstryd is in

blanke geleedere eerstens gekenmerk deur grootskaalse plaasverdringing van veral die armer sektor van die vleisteelt. Namate die wolteelt as belangrike handelsmiddel in die Kaapse ekonomie gevestig is, het die owerhede ook dienooreenkomstig al hoe meer onsimpatiek teenoor vleisprodusente begin staan. Veral ten opsigte van grondtoekenning het regeringsamptenare soos siviele kommissaris Meintjies van Beaufort-Wes byvoorbeeld mettertyd weinig gedoen om in die behoeftes van die veeboere te voldoen. Soos aangetoon is, is feitlik alle grondhervormings grootliks op aandrang en in belang van die wolksektor gedoen. Die gevolg hiervan was dat die kapitaalkragtige wolprodusente toenemend die ekonomiese opsies van veral nomadiese veeboere beperk het en hulle na die buitewyke van die distrikte uitgedruk het. Namate die wolprodusente in die gevestigde distrikte steeds meer in die nek van vleisprodusente geblaas het, was veral die armer gedeelte van hierdie sektor genoodsaak om na die buitewyke van die distrikte te beweeg. Dit was die enigste manier om aan die nadelige impak van kompetisie om water en weiding te probeer ontsnap. Hierdie tendens het op sy beurt tot gevolg gehad dat daar steeds meer druk op die gebiede van die Basters buite die grense geplaas is.

Ten tye van die aankoms van die sendelinge op Amandelboom was hierdie proses alreeds 'n aansienlike tyd aan die gang. Dit mag selfs wees dat dit die oorheersende en ietwat bedekte rede was waarom die Amandelboombasters so begerig was om sendelinge in hulle midde te bekom. As dit die bedoeling was dat die sendelinge 'n leidende rol in hierdie politieke probleem moes speel, dan het dit weens talle redes heeltemal misluk. Eerwaarde Lutz en Beinecke het in die eerste plek nie die fyner nuanses van die verdringingsprobleem, of nomadiese veeboerdery as sodanig, gesnap nie. Die woelinge in die Beaufort-Wes-distrik en die moontlike implikasies daarvan vir die Kareebergse sending het ook vir 'n aansienlike tyd heeltemal ongemerk by hulle verbygegaan. Die sendelinge het soveel gekonsentreer op rassewrywing tussen die botsende groepe, dat hulle heeltemal uit die oog verloor het dat die ware rede vir die konflik oor grond eerder as rassisme gegaan het. Daarbenewens het die sendelinge se gevestigde Christelike opvattinge van reg en geregtigheid nie altyd gestrook met die eiegeregtigheid en wetteloosheid van die inwoners van die Noordgrens nie. Juis daarom het die sendelinge telkens daar bedroë van afgekom wanneer hulle hulle op die medemenslikheid en eerlikheid van die botsende partye beroep het. Vir eerwaarde Lutz was dit selfs verbysterend dat die regering wat hom voortdurend op 'n Christelike karakter beroep het, dikwels so onchristelik kon optree. Teen hulle sin en opleiding het die sendelinge betrokke geraak by politieke woelinge wat vir hulle en die Bastergemeenskap as sodanig geen voordele ingehou het nie.

Dit is interessant om daarop te let hoe eerwaarde Lutz op die mislukking van politieke ingryping in die probleme van die Kareeberge reageer het. Terwyl sommige sendelinge van ander genootskappe geneig het om mettertyd 'n meer prominente politieke rol te speel en toenemend die rol as tussenganger tussen die regering en die sendinggemeente in te neem, het dit by hom presies die teenoorgestelde effek gehad. Hoe meer die voortbestaan van Amandelboom bedreig is en hoe minder die vooruitsigte was dat die regering die situasie tot voordeel van die Basters sou beredder, hoe meer het eerwaarde Lutz hom in die stille berusting van sy godsdienstige oortuigings teruggetrek. Hy was werklik daarvan oortuig dat dit op die lange duur die enigste werklike navolgenswaardige voorbeeld was wat hy aan sy verwarde gemeente kon voorhou. Hierdie neiging is belangrik, nie alleen omdat dit die sterk godsdienstige en a-politiese karakter van eerwaarde Lutz onderstreep nie, maar ook die a-politiese karakter van die Rynse sendinggenootskap in daardie stadium. Soos herhaaldelik aangetoon is, was die Kareebergse sendelinge nie opgelei of begerig om hulle met meer as net die geestelike bearbeiding van hulle gemeente te bemoei nie. Uit hoofstuk een behoort dit duidelik te wees dat die agtergrond van die Kareebergse sendelinge, hulle opleiding en die doelstelling van die Rynse Sendinggenootskap, met niks meer

as die verkondiging van die Evangelie te make gehad het nie. Dit bly 'n ope vraag of die Kareebersendinge hoegenaamd iets meer sou bereik het as hulle meer aktief by 'n politieke oplossing vir die probleme van die Kareebergstreek betrokke sou raak. Alle aanduidings is dat dit niks aan die lot van die Kareebergbasters sou verander het nie. Daarvoor was ander faktore net te bepalend en allesoorheersend.

Dit laat die vraag hoe die geskiedenis van die Amandelboombasters en die Rynse invloed daar beoordeel moet word. Oppervlakkig beskou was dit niks meer as 'n interessante greep uit ons geskiedenis waar mense van uiteenlopende afkoms, agtergrond en met botsende behoeftes en ideale, weens 'n ingewikkelde sameloop van omstandighede in 'n redelik ongenaakbare omgewing saamgegooi is. Die twee teenpole van menslike interaksie, naamlik samewerking en konflik, het mekaar vir etlike dekades hier afgewissel. Miskien was eerwaarde Lutz tog korrek dat die enigste werklike positiewe en blywende resultaat van hierdie interaksie ongetwyfeld die geestlike impak van die sending was.

BIBLIOGRAFIE

1. Literatuur

- Anderson, E., **A History of the Xhosa of the Northern Cape, 1795-1879**. Cape Town, 1985.
- Anderson, E., **The Zak River and Kareebergen: A Frontier zone on the northern borders of the Cape Colony, 1798-1830**. BA Hons.essay, University of Cape Town, 1981.
- Barraclough, G., **The origins of modern Germany**. Oxford, 1979.
- Barrow, J., **An Account of Travels into the Interior of Southern Africa, in the years 1797 and 1798**. 2 Vols, London, 1801-1804 (Reprint by Johnson Reprint Corporation, New York (etc), 1968.
- Beeck, Karl-Hermann, **Gründerzeit, Versuch einer Grenzbestimmung im Wuppertal**. Schriftenreihe des Vereins für Rheinische Kirchengeschichte, Köln, 1984.
- Bredenkamp, H. and R. Ross (eds.), **Missions and Christianity in South African History**. Witwatersrand University Press, 1995.
- Boucher, M. and N. Penn (eds.), **Britain at the Cape, 1795-1803**. Johannesburg, 1992 .
- Broodryk, M., **Die Kaapse Noordgrensoorloë 1868-1879**. Ongepubliseerde Doktorale proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Desember 1987.
- Burchell, W.J., **Travels in the Interior of Southern Africa**. 2 Vols, London, 1824 (Reprint by Batchworth Press, London, 1953).
- Cameron, T. and S.B. Spies (eds.), **An illustrated history of South Africa**. Johannesburg, 1986.
- Campbell, J., **Travels in South Africa undertaken at the request of the Missionary Society**. 3rd Edition, London, 1815.
- Carr, W., **A History of Germany 1815-1945**. Second edition, London, 1997.
- Comaroff, J. and J.L., **Of Revelation and Revolution: Christianity, Colonialism, and Consciousness in South Africa**. Chicago, 1991.
- Crais, C., **The making of the Colonial Order: White supremacy and black resistance in the Eastern Cape, 1770-1865**. Johannesburg, 1992.
- Dederling, T., **Southern Namibia c.1780-c.1840: Khoikhoi, missionaries and the advancing frontier**. Unpublished Ph.D. thesis, University of Cape Town, 1989.
- De Kiewiet, W., **A History of South Africa; Social and Economic**. Oxford, 1941.

De Kleine, A.(red.), **Gemeindeleben in Unterbarmen, Eine Selbsbefragung im Jahr der Kirchenjubiläen 1982.** Wuppertal-Barmen, 1982.

De Jongh, P.S., **Sendingwerk in die landdrosdistrikte Stellenbosch en Tulbagh (sedert 1822 Worcester) 1799-1830.** Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch, 1968.

Dubow, S., **Land, Labour and Merchant Capital: The experience of the Graaff-Reinet District in the pre-industrial economy of the Cape 1852-1872.** Centre for African Studies, University of Cape Town, 1982.

Du Plessis, J., **A History of Christian Missions in South Africa.** London, 1911.

Duly, L.C., **British Land Policy at the Cape, 1795-1844.** Durham, 1968.

Elphick, R. and R. Davenport, **Christianity in South Africa, a political, social and cultural history.** Cape Town, 1997.

Elphick, R. and H.B. Giliomee (eds.), **The shaping of South African society, 1652-1840.** Second edition, Cape Town, 1989.

Feesuitgawe-N.G. Sendingkerk Carnarvon, 1847-1972.

Fullbrook, M.(ed.), **German history since 1800.** London, 1997.

Giliomee, H.B., **Die Kaap tydens die Eerste Britse Bewind, 1795-1803.** Kaapstad, 1975.

Girardet, W., **Sechs Jahrzehnte Zeitgeschehen im Spiegel der Heimatzeitung, 1887-1945.** 3 Auflage, Wuppertal, 1959.

Heese, H.F., **Groep sonder grense.** Bellville, 1984 (Wes-Kaaplandse Instituut vir Historiese Navorsing, No.C5).

Herkenrath, P., **140 Jahre Geschichte der Vereinigt-Evangelischen Gemeinde Unterbarmen 1822-1962.** Barmen, 1963.

Hoefnagels, H., **Een eeuw sociale problematiek, De Nederlandse sosiale ontwikkeling van 1850-1940.** 2de druk, Roermond, 1966.

Illner, E., **Bürgerliche Organisierung in Elberfeld, 1775-1850.** Neustadt an der Aisch, 1982.

James, W.G. and M. Simons (eds), **The angry divide - Social and economic history of the Western Cape.** Cape Town, 1989.

Kallaway, P., **The Xhosa of the Kareebergien.** Paper presented at the University of London, Centre of International and Area Studies Conference, 1980.

Kotzé, D.A., **Amandelboom staan in bloei, N.G. Kerk Williston, 1878-1978.** 1978.

Lamar, H. and L. Thompson (eds.), **The Frontier in History: North America and Southern Africa compared.** New Haven, 1981.

Legassick, M., **The Griqua, the Sotho-Tswana and the Missionaries, 1780-1840: The politics of a frontier zone.** Doctoral thesis, University of California, Los Angeles, 1969.

Lichtenstein, H., **Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1805.** Vol II, Van Riebeeck Society Reprint, Cape Town, 1930.

Lovett, R., **The History of the London Missionary Society, 1795-1895.** Vol 1, London, 1899.

Lutz, S., **Johann Heinrich Lutz van Thal in Switzerland, 1812-1887.** Stellenbosch, 1997.

MacCrone, I.D., **Race attitudes in South Africa. Historical, Experimental and Psychological Studies.** Johannesburg, 1937.

Macmillan, W.M., **The Cape colour Question.** London, 1927.

Mc Craken, J.L., **The Cape Parliament, 1854-1910.** Oxford, 1967.

Marais, J.S., **The Cape coloured people 1652-1937.** London, Johannesburg, 1939.

Marks, S. and A. Atmore (eds.), **Economy and Society in pre-industrial South Africa.** London, 1980.

Menzel, G., **Die Rheinische Mission, Aus 150 Jahren Missionsgeschichte.** Wuppertal, 1978.

Molteno, P.A., **Life and times of Sir John Molteno.** London, 1900.

Neumark, S.D., **Economic influence on the South African Frontier 1652-1836.** California, 1957.

Newton-King, S., **The Enemy Within: The struggle for Ascendancy on the Cape Eastern Frontier 1760-1799.** Doctoral thesis, University of London, 1992.

Newton-King, S. and V.C. Malherbe, **The Khoikhoi Rebellion in the Eastern Cape, 1799-1803.** Cape Town, 1981.

Penn, N.G., **Pastoralists and Pastoralism in the Northern Cape Frontier Zone during the Eighteenth Century.** in M. Hall and A. B. Smith (eds.), **Prehistoric Pastoralism in Southern Africa: The S.A. Archaeological Society Goodwin Series.** Vol.5, June 1986, Cape Town, 1986.

Penn, N., **The Northern Cape frontier zone, 1799-1815.** Unpublished Doctoral thesis, University of Cape Town.

Pillay, G.J. and J.W. Hofmeyer (eds.), **Perspectives on Church History.** Bloemfontein, 1991.

Ross, A., **John Philip (1775-1851) Missions, Race and Politics in South Africa.** Great Britain, 1986.

Schoeman, K., **Die wêreld van die digter, 'n boek oor Sutherland en die Roggeveld ter ere van N.P. van Wyk Louw.** Kaapstad, 1986.

Schoeman, K., **Die moord op Hesje van der Merwe, 19 Oktober 1837.** Calvinia, 1995.

Skotnes, P.(ed.), **Miscast, Negotiating the Presence of the Bushmen.** Cape Town, 1996.

Smith, K., **The Changing Past: Trends in South African Historical Writing.** Johannesburg, 1988.

Steynberg, F.J., **Carnarvon, sy ontstaan en groei, 1839-1952.** Opgestel vir die Van Riebeeckfees, April 1952.

Strassberger, E., **The Rhenish Mission Society in South Africa, 1830-1950.** Cape Town, 1969.

Strauss, T., **War along the Orange: The Koranna and the Northern Border Wars of 1868-1889 and 1878-1879.** Cape Town, 1979.

Streak, M., **The Afrkaner as Viewed by the English, 1795-1854.** Cape Town, 1974.

Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek. II, Kaapstad, 1972.

Tempelhoff, J., **Die okkupasiestelsel in die distrik Soutpansberg, 1866-1899, in Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 60,** Staatsdrukker, Pretoria, 1997.

Theal, G.M., **Belangrijke historische dokumenten over Zuid Afrika.** Deel III, London, 1911.

Theal, G.M., **History of South Africa from 1795-1872.** Vols 5,6,7,10, Reprint by Struik, Cape Town, 1964.

Thom, H.B., **Die geskiedenis van die skaapboerdery in Suid-Afrika.** Amsterdam, 1936.

Transactions of the Missionary Society, Containing the Rev. Mr. Kicherer's narrative of his Mission to the Hottentots and Boshemen; with a general account of the South African Missions. Number I, Vol. II, London, 1804.

Visagie, J.C., **Grensverskuiwings en belangrike plase in die Stellenbosse distrik,** Ongepubliseerde referaat, Stellenbosch, n.d.

Visagie, J.C., **Die Katriviernedersetting, 1829-1839.** Ongepubliseerde D.Litt. et Phil., Unisa, 1978.

Viviers, W.G.H. en S., **Hooyvlakte, Die verhaal van Beaufort-Wes 1818-1968.** Kaapstad, 1969.

Van der Merwe, P.J., **Die noordwaartse beweging van die boere voor die Groot Trek (1770-1842).** Den Haag, 1937.

Van der Merwe, P.J., **Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657).** Kaapstad, 1938.

Van der Merwe, P.J., **Trek (Studies oor die mobiliteit van die pioniersbevolking aan die Kaap)**. Kaapstad, 1945.

Von Rohden, L., **Geschichte der Rheinischen Missions Gesellschaft**. Barmen, 1888.

Von Rohden, L., **Erzählungen aus der Mission**. Geschichte der Rheinischen Missions Gesellschaft, Aus den Quellen mitgeteilt von L. von Rohden-Inspector am Rheinischer Missionsseminar, Vol 7, Dritte Ausgabe, Barmen, 1888.

Wallmann, J.C., **Leiden und Freuden Rheinischer Missionare**. Halle, 1856.

Webb, A.C.M., **The agricultural development of the 1820 settlement down to 1846**. Unpublished M.A. thesis, Rhodes University, 1975.

2. Tydskrifartikels

Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis. 60, Staatsdrukker, Pretoria, 1997.

Becker, H.F. und B. Dietz, **Verstädterung, Gross-stadtfeindshaft und Kommunale Neugliederung: Die gründung der Industriegross-stadt Wuppertal; Zur sozialen Lage der heimgewerbetreibenden Textilarbeiter im "gesegneten Wuppertal."** In Becker und Dietz, **Neues Bergisches Jahrbuch, Beiträge und Materialien zur Lokal-und Regional geschichte des Bergischen Landes**, Band 2, Jahrgang 1985-86, Wuppertal, 1985.

Elbourne, E., **Concerning Missionaries: the case of Van der Kemp**. In **Journal of Southern African Studies**, Review Article, Vol.17, No.1, March 1991.

Lau, B., **Johanna Urieta Gertze and Emma Hahn: some thoughts on the silence of historical records, with reference to Carl Hugo Hahn**. In **Logos**, (Windhoek), Vol 6, 1986, No 2.

Marks, S., **Khoisan Resistance to the Dutch in the Seventeenth and Eighteenth Centuries**. In **Journal of African History**, xiii, 1972.

Pakendorf, G., **Africa Seminar, The intellectual origins of German missions in South Africa**. In **Centre for African Studies**, 20 April 1994.

Penn, N.G., **Pastoralists and Pastoralism in the Northern Cape Frontier Zone during the eighteenth century**. In M.Hall and A.B. Smith (eds.), **Prehistoric Pastoralism in South Africa. The S.A. Archaeological Society Goodwin Series**, Vol. 5, June 1986.

Penn, N.G., **Estienne Barbier: An Eighteenth Century Cape Bandit?** In **Social Dynamics**, Vol.14, 1, June 1988.

Saunders, C., **James Read: Towards a reassessment**. In **The Societies of Southern Africa in the 19th and 20th centuries**, Collected seminar papers, Vol 7, No 21.

Stuart, D., **The "wicked Christians and the children of the mist": Missionary and Khoi**

interactions at the Cape in the early nineteenth century. In **The societies of Southern Africa in the 19th and 20th centuries**, Vol 18, Collected seminar papers No 44.

3. Regeringspublikasies

3.1 Appendixes to the Votes and Proceedings of Parliament

CPP, A113-1861, Correspondence on the subject of the Trekvelden near the Zakrivier, Memorial of J.H. Lutz and F.W. Beinecke, missionaries of the Rhenish Missionary Society, stationed at Amandelboom, near Zak River, on behalf of the Bastards.

CPP, A 39-1863, Message from His Excellency the Governor with enclosures relative to affairs in the Northwestern districts of the Colony.

CPP, A 6-1868, Petition of certain inhabitants of the divisions of Clanwilliam, Calvinia and Namaqualand.

CCP 8/1/45, Government Gazette, 15-6-1849.

British Parliamentary Papers No 50 of 1835, Reports and papers on the affairs of the Cape Colony, The condition of native tribes and the Sixth Kaffir War, 1826-1836, Papers relative to the condition and treatment of the native inhabitants of Southern Africa, within the colony of the Cape of Good Hope, or beyond the frontier of that colony, Part I, Hottentots and Bosjesmen; Caffres; Griquas.

3.2 Annexures to the votes and proceedings of the House of Assembly

G7-'59, Report of an inquiry as to the claims of certain natives residing at the missionary institutions of Amandelboom and Schietfontein in the division of Beaufort to the lands on which they are located., Annexure B.

G7-'59, Auret's Report, Appendices C, C2,C3.

G30-1860, Copy of Correspondence with the Divisional Councils of Certain Divisions in which Trekvelden exist on the subject of the future disposal of those lands.

GH 19/1 Commission of Enquiry re Land Matters, 1821-1826.

4. Ongepubliseerde Argivale Bronne

4.1 Kaapse Staatsargiefbewaarplek, Kaapstad (KAB)

Colonial Office (CO)

CO 550, Memorandum for His Excellency the Governor, 1846

CO 2559, Letters received from Graaff-Reinet,1806
 CO 2715, Letters received from Graaff-Reinet,1829
 CO 2722, Letters received from Graaff-Reinet,1830

CO 2620, Letters received from Tulbagh,1819
 CO 2627, Letters received from Tulbagh,1820
 CO 2635, Letters received from Tulbagh,1821
 CO 2643, Letters received from Tulbagh,1822

CO 2651, Letters received from Worcester,1823
 CO 2679, Letters received from Worcester,1826
 CO 2707, Letters received from Worcester,1828
 CO 2716, Letters received from Worcester,1829
 CO 2719, Letters received from Worcester/Swellendam,1830
 CO 2723, Letters received from Worcester,1830

CO 2832, Letters received from Beaufort-West,1846
 CO 2839, Letters received from Beaufort-West,1847
 CO 2883, Letters received from Beaufort-West,1852
 CO 2973, Letters received from Beaufort-West,1859
 CO 8444, Letters received from Tulbagh and Worcester on lands,1817-1823

Beaufort-West (1/BFW)

1/BFW 9/1, Letters received from Colonial Office,1818, 1820-1835
 1/BFW 9/3, Letters received from Colonial Office,1818-1858
 1/BFW 9/4, Letters received from Colonial Office,1848-1851
 1/BFW 9/5, Letters received from Colonial Office,1852-1855
 1/BFW 9/6, Letters received from Colonial Office,1856-1858
 1/BFW 9/7, Letters received from Colonial Office,1859-1860

1/BFW 9/13, Clerk of the Peace: Miscellaneous Letters received from various officials,1819-1879
 1/BFW 9/29, Letters Received-Landdrost Graaff-Reinet,1818-1819
 1/BFW 9/30, Letters Received-Landdrost Graaff-Reinet,1821
 1/BFW 9/35, Letters from Civil Commissioner of Graaff-Reinet to Magistrate of Beaufort,1828-1832
 1/BFW 9/36, Letters received- Civil Commissioner and Resident Magistrate of Graaff-Reinet, 1832-1833
 1/BFW 9/38, Letters received- Civil Commissioner and Resident Magistrate of Graaff-Reinet, 1836-1839
 1/BFW 9/40, Letters received-Civil Commissioner and Resident Magistrates,1828-1855
 1/BFW 9/41, Letters received-Civil Commissioner and Resident Magistrates,1856-1859
 1/BFW 9/42, Letters received-Civil Commissioner and Resident Magistrates,1860-1864
 1/BFW 9/43, Letters received-Civil Commissioner and Resident Magistrates,1865-1870
 1/BFW 9/45, No 252 Letters Received Field Cornets,1819-1820
 1/BFW 9/45, No 253 Letters Received Fieldcornets,1823
 1/BFW 9/46, Part 1, Letters Received Field Cornets,1821-1822
 1/BFW 9/46, Part 11, Letters Received Field Cornets,1821-1822
 1/BFW 9/47, Letters Received Field Cornets,1823,1824

1/BFW 9/48, Veldkornets Brieven,1825
 1/BFW 9/49, Veldkornets Brieven,1826
 1/BFW 9/50, Field Cornets Letters,1827

1/BFW 9/51, Letters Received-Field Cornets and Justices of the peace,1830-1846
 1/BFW 9/51/53, Field Cornets and Justices of the Peace,1831-1848
 1/BFW 9/52, Letters received from Field Cornets and Justices of the Peace,1847-1860
 1/BFW 9/53, Letters received from Field Cornets and Justices of the Peace,1861-1882

1/BFW 9/57, Letters received from clergymen, missionaries and Church officials,1819-1876
 1/BFW 9/62, Letters received from Private Individuals,1834-1858
 1/BFW 9/63, Letters received from Private Individuals,1859-1864

4/BFW 1/1/1/1, Minute Book of Divisional Council,1856-1859

Graaff-Reinet (1/GR)

1/GR 8/9, Letters received from Colonial Office,1829

4.2. Argiefbewaarplek van die Vereenigte Evangelische Mission, Barmen, Duitsland (VEM)

Tagebücher

B/C I 20, Alheit, Christian Wilhelm(1817-1882), Missionar in Tulbagh, Schietfontein, Stellenbosch, Saron. Enthält: 6 Bündel Briefe und Tagebücher,1844-1881.

B/C I 23, Beinecke, Friedrich Wilhelm (1813-1877), Missionar in Amandelboom und Eben-Ezer. Enthält: 4 Bündel Briefe und Tagebücher,1845-1877.

B/C I 29, Dönges, Michael (1832-1917), Missionar in Tulbagh, Wuppertal, Amandelboom, Schietfontein und Concordia. Enthält: 3 Bände Briefe und Tagebücher, 1854-1917.

B/C II 2 B, Heidman, Friedrich Johann Christian(1834-1913), Missionar in de Tuin und Rehoboth. Enthält: 2 Bände Briefe und Berichte, auch von Frau Ida Heidmann, geb. Eich, aus De Tuin und Rehoboth,1855-1904.

B/C I 19, Lutz, Johann Heinrich(1812-1887), Missionar in Eben-Ezer und Amandelboom. Enthält: 8 Bündel Briefe und Tagebücher,1841-1874, Protokoll einer ausserordentlichen Conferenz der Kareeberger Brüder Lutz, Beinecke, Alheit,1851.

B/C I 31, Sterrenberg, Peter (1831-1892), Missionar in Wupperthal, Amandelboom, De Tuin und Schietfontein. Enthält: 4 Bündel Briefe und Berichte,1859-1892.

B/C I 71, Johan Frederich Hein en die sendinggemeente Richtersveld,1844-1907.

A/W 10.1,1.372, J.H. Schmelen, ein Bahnbrecher der Missionsarbeit in S.W. Afrika.

A/W 10.5,1.372, Auszüge aus Briefen von Missionar Weich,1820-1887.

A/W 10.6,1.372, Uit die dagboek van Eerwaarde P.D. Lückhoff,1829-1858.

A/W 10.8,1.372, Die Gemeinde Steinkopf, wie sie entstand und sich entwickelt hat.

A/W 10.10,1.372, Die Sendinggemeente Komaggas.

A/f, Lebensläufe der von der Rheinische Mission in den Jahren 1828-1881 ausgesandten Missionare (Kopien): Beinecke A/f 5; Lutz A/f 4; Zahn A/f 1; Alheit A/f 5.

Präsesargiv

A/a 3, Protokollbuch der Rheinische Missions Gesellschaft,1838-1845.

A/a 4, Lit D, Protokollbuch der Rheinische Missions Gesellschaft,1845-1850.

A/a 5, Lit E, Protokollbuch der Rheinische Missions Gesellschaft,1850-1855.

A/c 8, Lit C, Copier Buch, 1843-1847

A/c 9, Lit D, Copier Buch, 1848-1856

A/c10,Lit E, Copier Buch, 1857-1868

Kap-Archiv (1972 nach Barmen ins Archiv der VEM überführt)

Präsesakten Korrespondenz

C/c 8 a, Band I, 1829-1851, Antwortschreiben der Deputation an Stellenboscher Spezial-Konferenz, Protokollauszüge, Briefe der Missionsleitung an P.D. Lückhoff und G.A. Zahn (Superintendent), Briefe der Missionare an den Superintendents (später Präses), Briefe der Missionare untereinander. Hauptkorrespondenten der Missionare, Vollmacht für die Missionare,1840; "Die Zukunft unserer Mission in der Kolonie" von G.A. Zahn,1850.

C/c 8 b, Band 2, Schreiben der Deputation an Konferenz der Missionare, Briefe der Missionsleitung an G.A. Zahn (Superintendent), Briefe der Missionare an Zahn, Briefkonzepte Zahns an verschiedene Missionare etc,1852-1857.

C/c 8 c, Band 3, Briefe der Missionsleitung an den Leiter der Kapmission, Superintendent G.A. Zahn; Briefe und Circulare des Generalkassierers Carl Ritter, Stellenbosch; Korrespondenz der Afrika-Missionare mit G.A. Zahn und P.D. Lückhoff; Briefkonzepte Zahns; Missionare als Korrespondenten, Hahn, Leipoldt, Lutz, Terlinden, Sterrenberg, Alheit, Beinecke etc.,1858-1868.

C/c 8 d, Band 4, Mitteilungen der Missionare an den Superintendenten Zahn über ihre persönlichen Belange, über ihre Arbeit und über ihre Stellung zum Generalkassierer Ritter und dessen Befugnissen; Hauptkorrespondenten: Budler, Rath, Alheit, Sterrenberg, Lutz, Beinecke etc,1869-1870.

C/c 8 f, Band 6, Memorandum wg. Ritter, wg. Töchterpensionat, wg. Amandelboom etc, 1873-1881.

C/c 11, Protokolle der Missionarskonferenzen; Antworten der Deputation hierzu. Enthält auch "Erster Umriss einer Constitution des Äusseren Bestandes der Rheinischen Missions Gesellschaft in Südafrika",1831-1857.

C/c 11 b, Protokollbuch der Stellenboscher Spezial und Generalkonferenzen,1834-1849.

C/d4, Urkunden, Kaufverträge, Vollmachten, Anstellungsverträge, Gesetzestexte etc.,1837-1941.

C/e 1 c, Zur Geschichte der Kapmission: Erste Korrespondenz, Einzelschriftstücke, 1831-1870.

C/f 12.1, Korrespondenz mit dem Colonial Office und Union of South Africa, Cape Town, 1839-1905.

C/s 30.6, Rundschreiben der Missionsleitung an die Rheinische Missionare und an "de Leden van de Rynse Zending Gemeenten", 1848, 1852.

Feldakten aus Südafrika (Capkolonie)

C/b 11.3, 2.379, Band 3, Stellenbosch/Capkolonie/Südafrika. Briefe von Lückhoff, Knab, Esselen, Lutz etc., 1840-1844.

C/c 12.1, 2, 3, 2.381, Tulbagh, Steinthal, Ceres Road, Band 1, Briefe, Tagebücher, Gemeinschaftsschreiben von G.A. Zahn etc., 1830-1837; Band 2, Briefe und Tagebücher von G.A. Zahn, C.W. Alheit etc., 1838-1844.

C/c 3, 2.389, Missionars-Konferenzen im Kapland (General und Spezialkonferenzen) Protokolle. Protokolle der Spezialkonferenzen in Stellenbosch etc., 1834-1864; Protokolle der Generalkonferenzen in Wupperthal, 1841-1848; Protokolle der ausserordentlichen Brüderkonferenzen, 1838-1847.

C/d 3, 2.401, Vollmachten und Instructionen für Präses und Kassierer der Kapmission. Spezial-Instruction für den Superintendenten unserer Südafrikanischen Stationen, 1832.

C/e 1, 2.403, Zur Geschichte der Mission in Süd-Afrika: Frühe Briefe, Kartenskizzen. Anfrage betr. Die Bedingungen und Verhältnisse zur Begründung von Deutschen Missions-Stationen in Süd-Afrika, 1828; H.P. Halbeck, Genadenthal S.A. an von Wurmb: Auskunft über Arbeitsweise der Brüdermission und Verhalten bei Landkauf, 1829, 1831; Korrespondenz mit Read und Dr. Philip, London Missionary Society, 1829-1831; J. Watermeyer, Capstadt, an von Wurmb: Anteilnahme an Missionssache, 1829; Dr. Philip über von Wurmb, Wupperthal und die Rheinische Missionare, 1830; "Ein Wort an die freigelassenen Sklaven am Cap", aus Commercial Advertiser, 1834; Vortrag von H. Keetmanns über projekt Mission in den Kareebergen, 1843.

C/e 1 b-C/e 6, 2.404, Zur Geschichte der Mission in Süd-Afrika: Tabellen, Referate, Brosjüren, Aus der Geschichte der ersten Rheinischen Missionsgemeinde.

C/e 1b, Tabellarische Aufzeichnungen von allen Stationen, Personen und Ereignissen in Klein-Namaqualand, den Kareebergen und im Capland, 1829-1884.

C/e 2, "Aus der Geschichte der ersten Rheinische Missionsgemeinde (Tulbagh)."

C/e 3, Die Rheinische Mission im Kaplande, 1934.

C/e 4, "Aus der Geschichte von Wupperthal, zum 125-jähr. Bestehen, 1955."

C/e 6, "Die Gemeente te Steinkopf (Namakwaland)", von G. Meyer, 1927.

VEM, 1.372, Mappe 1, J.H. Schmelen, ein Bahnbrecher der Missionsarbeit in S.W. Afrika; Ibid., "Die Sendungsgemeente Kommagas", Übertragung aus A/W 101, 11, in Afrikaans.

VEM, Neue Allgemeine Missionszeitschrift 1928.

VEM, Monats Berichte der Rheinischen Missionsgesellschaft enthaltend Auszüge aus den Briefen und Tagebüchern ihrer Sendboten, No 4, April 1844 - No 5, Mei 1844.

VEM, Jahresberichte der Rheinische Missionsgesellschaft, Fünfzehnter Jahresbericht der Rheinische Missionsgesellschaft, 1-9-1842-1844.

VEM, Berichte, ZB 1/2, No 4, 26-1-1849, pp. 49-63; Ibid, ZB 1/2, 1852.

VEM, C/E 1C 2.483, Zur Geschichte der Kapmission, Die Tätigkeit der Rheinische Mission in der Kapkolonie; Die Deutsche Mission in Südafrika.

VEM, 2.403, Zur Geschichte der Mission in Süd Afrika: Frühe Briefe, Kartenskizzen. Vortrag von H. Keetman über projekt Mission in den Kareebergen, 1843.

C/c 8a Bd 1, 1829-1851, Spezial Konferenz in Stellenbosch, 23-7-1849

C/c 8b, B2, Präsesakten Korrespondenz, 1852-1857

C/c 11b, Protokollbuch der Stellenbosch Spezial und Generalkonferenz, 1834-1849

C/c/ 3 2.389, Missionars Konferenzen im Kapland (General und Spezialkonferenzen), Protokollen 1834-1846.

Berichte No 3, 1854

C/f, 2.485, Korrespondenz mit dem Colonial Office, 1839-1905, Philip-Missionary head-quarters, Cape Town, 22-8-1842.

C/e 1 2.403, Zur Geschichte der Mission in Süd-Afrika: Frühe Briefe, Kartenskizzen.

C/e1b-C/e Fnr 07/69 Kat 2.404, Zur Geschichte der Mission in Süd Afrika, Tabellen, Referate, Broschuren, "(c) Wupperthal feiert sein 125 Jähriges Jubiläum."

VEM, Neue Allgemeine Missionszeitschrift, 1928, Hundert Jahre Rheinische Mission

VEM, A/a 3, Protokollbuch der Rheinische Missions Gesellschaft, Rotulus

VEM, A/h 70, Reise abfertigungen und Reise-instruktionen der ersten ausreisenden Missionare, 1829-1844, Reise-instruction für Brüder Lutz, Hahn und Knudsen, No 73; Reise - instruktionen.....Rath, Scheppmann, Kolbe und Beinecke, No 93

VEM, A/h 71, Instructionen der ausreisenden Missionaren (1828-1870), Instruction für unser geliebte Brüder Theobald von Wurmb, Johann Leipold, Gustaf Zahn Daniel Lückhoff ihrer abreise zu ihrer Missions-laufbahn; Allgemeine Instruction für die Missionare der Rheinischen Missions Gesellschaft

VEM, Kleine Missionsfreund